UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 'N VOLKEKUNDIGE STUDIE VAN DIE EKONOMIESE LEWE EN POSISIE VAN DIE BAKGATLA BAGAMOSÊTLHA.

deur

HENDRIK JOHANN VAN ZYL, M.A.

Voorgelê as Gedeeltelike Nakoming van die
Vereistes vir die Graad van

DOKTOR IN DIE WYSBEGEERTE

in die

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte.

Universiteit van Pretoria.

Junie 1952.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE.

INLEIDING ........ i – vii

Sketskaart wat posisie van woongebied aantoon ........ vii.

## DEEL I.

## INTRODUKSIE TOT DIE STAM.

### HOOFSTUK I.

Bladsy.

GESKEIDKUNDIGE OORSIG EN ETNIESE VERBAND ........ 1

Groepering en Herkoms van die Stam ........ 1
Meer resente geskiedenis ........ 16
Hoofman Hendrik Makapan ........ 21

### HOOFSTUK II.

WOONGEBIED EN STAMORGANISASIE ........ 27

Woongebied ........ 27
Samestelling van bevolking ........ 37
Stamorganisasie en beheer ........ 40
Die Huisgesin ........ 42
Die Patrilinière familiegroep ........ 43
Die Wyk (Kgorwana) ........ 46
Die Afdeling (Kgoro) ........ 49
Die Stam en Stamhoof ........ 51
Huidige samestelling van organisasie ........ 52
Ouderdomsgroepe ........ 54
Wysigings t.o.v. woongebied en Stamorganisasie ........ 58
Huidige stelsel van indirekte regering ........ 63

## DEEL II.

## DIE EKONOMIESE LEWE IN VROEëRE TYE

### HOOFSTUK III.

DIE HUISGESIN AS SELFVERSORGENDE EKONOMIESE EENHEID ........ 70

Samestelling en verhoudings ........ 70
Die Huwelik ........ 72
Huwelik van die troonopvolger ........ 76
Posisie van die vrouens van 'n poligamis ........ 77
Werk en Verantwoordelikhede ........ 78
Versorging van die gesin ........ 86
Bevalling ........ 86
Kleding ........ 88
Voeding ........ 89
Mediese versorging ........ 93
Opvoeding ........ 94
Nalatenskap en versorging van Wese ........ 95
Opsomming ........ 97

### HOOFSTUK IV.

WOONWYSE EN HUISHOUDELIKE TOERUSTING ........ 99

Samestelling van 'n Kgatla-stat ........ 99
Keuse van bou-terrein ........ 101

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy.

Behandeling van terrein deur toordokter ........ 102
Bou van die stat ........ 103
Huishoudelike toerusting ........ 107

Meubels ........ 107
Kombuis- en kookgereedskap ........ 107
Eetgerei ........ 109
Maalgereedskap ........ 110
Beddegoed 111

Slotopmerking ........ 112

HOOFSTUK V.

99
DIE LANDBOUBEDRYF ........ 114

Inleiding ........ 114
Bougrond en lokaliteit van landerye ........ 118
Toekenning en opmeting van hoewes ........ 119
Behandeling van lande deur toordokter ........ 120
Gewasse wat verbou is ........ 121
Bewerking van die lande ........ 122
Die reënseremonie ........ 123
Voorbereiding van die saad en die land van die hoofstat ........ 124
Fees van die eerste vrugte ........ 125
Bekamping van plae ........ 126
Oes van die lande ........ 127
Berging en perservering ........ 129
Opsomming ........ 131

HOOFSTUK VI.

DIE PASTORALE BEDRYF ........ 132

Inleiding ........ 132
Veesoorte en eienaars ........ 135
Tipe Vee ........ 137
Kleure, horings en lofspreuke ........ 138
Merke ........ 140
Weiding ........ 141
Versorging van vee ........ 142
Veesiektes en behandeling ........ 143
Beesslag ........ 145
Behandeling van velle ........ 147
Opsomming ........ 147

HOOFSTUK VII.

SAMEVATTING, BESPREKING EN TIPERING VAN VROEëRE KGATLA EKONOMIESE STELSEL ........ 149

Aard van die Stelsel ........ 149
Stam en onderafdelings as ekonomiese eenhede ........ 151
Waaruit die Stelsel bestaan het ........ 154
Tegniek van produksie ........ 156
Dryfvere tot produksie ........ 157
Eiendomsbegrippe ........ 157
Stam-ekonomie van die Bantoe in die algemeen ........ 159
Gevolgtrekkinge ........ 165

DEEL III.

DIE HUIDIGE POSISIE.

HOOFSTUK VIII.

VERANDERING VAN LEWENSOMSTANDIGHEDE VAN DIE BANTOE IN SUID-AFRIKA. 'N GESKIEDKUNDIGE OORSIG ........ 167

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy.

Inleiding .......... 167
Koms van die Blanke en die Stryd om grond .......... 168
Samewerking tussen Blank en Bantoe .......... 170
Vermeerdering van die Bantoe .......... 171
Implikasies van die nuwe toestand .......... 172
Opkoms van Industrieë in Suid-Afrika .......... 172
Vraag na arbeid .......... 174
Verwelkoming van geleenthede deur Bantoe .......... 175
Tipe arbeiders in Blanke Stede .......... 175
Uitwerking op die BagaMosêtlha .......... 177
Bestaansmoontlikhede in woongebied .......... 178
Posisie van woongebied t.o.v. arbeidsveld .......... 181

HOOFSTUK IX.

STEDELIKE ARBEIDERS EN HUL VERDIENSTES .......... 183

Arbeiders en behoud van stamverband .......... 183
Huidige omvang van Kgatla-arbeid .......... 186
Redes waarom arbeiders uitgaan om te werk .......... 188
Tipe van werk .......... 190
Ouderdom en duur van werk .......... 192
Huwelikstaat van arbeiders .......... 193
Sosiale status en geletterdheid van arbeiders .......... 196
Verdienstes en aanwending daarvan .......... 199
Persoonlike behoeftes by die werk .......... 202
Besparing in die Bank .......... 205
Ander beleggings .......... 206
Ambisie van werkers .......... 208
Betekenis van Arbeiders vir die Stam .......... 209

HOOFSTUK X.

DIE HUIDIGE POSISIE VAN DIE HUISGESIN EN SY VERSORGING .......... 212

Inleiding .......... 212
Wese en verhoudings .......... 212
Die Huwelik .......... 214
Samestelling van die gesin .......... 217
Versorging van die gesin .......... 220

Bevalling e.a. tuisverpleging .......... 222
Kleding .......... 226
Voeding .......... 235
Ander onkostes .......... 241

Bronne van voorsiening .......... 243
Voorsiening uit kontantverdienstes .......... 243
Ambagte, handel en ander bedrywe .......... 247
Gevolgtrekkinge .......... 248

HOOFSTUK XI.

BEHUISING EN HUISHOUDELIKE TOERUSTING .......... 250

Inleiding .......... 250
Bouplan e.a. spesifikasies .......... 253
Oprigting van wonings .......... 255
Tipe en grootte van wonings .......... 257
Oprigtingskoste en geskatte waarde .......... 259
Ameublement - algemeen .......... 261
Hoeveelheid en Waarde van ameublement .......... 263
Kookgereedskap en eetgerei .......... 265
Hoeveelheid en Waarde .......... 267
Tuisgemaakte artikels in gebruik .......... 269
Nalatenskap t.o.v. woning en toebehore .......... 271
Opsomming .......... 272

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## HOOFSTUK XII.

Bladsy.

DIE LANDBOUBEDRYF ONDER HUIDIGE OMSTANDIGHEDE ........ 274

Inleiding ........ 274
Grondbesit en landbouhoewes ........ 276
Landbougereedskap ........ 280
Gewasse wat verbou word ........ 283
Grondbewerking en metode van verbouing ........ 284
Metode van oes en dors ........ 288
Opbrengste en berging ........ 289
Vrugtebome ........ 295
Nalatenskap t.o.v. landbouhoewe en toerusting ........ 296
Opsomming ........ 297

## HOOFSTUK XIII.

VEEBOERDERY ONDER HUIDIGE OMSTANDIGHEDE ........ 299

Inleiding ........ 299
Beeste, tipe, eienaars, kentekens ........ 300
Versorging en weiding ........ 307
Beessiektes en behandeling ........ 310
Beesslag ........ 311
Hoeveelheid beeste en kontantwaarde ........ 312
Melkproduksie ........ 313
Verliese ........ 315
Kontantinkomste van beesboerdery ........ 317
Skape ........ 319
Bokke ........ 321
Hoenders ........ 322
Varke ........ 326
Perde, muile en donkies ........ 329
Samevatting van alle vee en waarde ........ 329
Aantal vee-eenhede in Stamgebied ........ 331
Samevatting en gevolgtrekkinge ........ 334

## HOOFSTUK XIV.

OWERHEIDSDIENSTE ........ 337

Inleiding ........ 337
Staatsdepartemente betrokke in dienste ........ 339
Departement van Naturellesake ........ 339
  Administratiewe en vakkundige amptenare ........ 341
  Gesondheidsdienste ........ 342
  Watervoorsiening ........ 344
  Landboukundige voorligting ........ 345
  Reklamasiewerke ........ 347
Departement van poswese ........ 348
Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens ........ 348
Departement van Landbou ........ 349
Departement van Justisie ........ 349
Transvaalse Provinsiale Administrasie ........ 349
  Paaie ........ 349
  Opvoeding ........ 350
  Hospitaaldienste ........ 355
Skoolvoeding ........ 357
Samevatting en gevolgtrekkinge ........ 357

## HOOFSTUK XV.

GEVOLGTREKKINGE EN VOORGESTELDE SKEMA VIR EKONOMIESE ONTWIKKELING ........ 360

Veranderinge in die ekonomiese stelsel ........ 360

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy.

Opsomming van die huidige posisie ........ 367
Die stam op ander Kulturele terreine ........ 368
Opsomming van huidige bates ........ 372
Voorgestelde skema vir ontwikkeling ........ 375
Voorvereistes vir die skema ........ 376
Aard en fungering van die Skema ........ 382
Verdere toepassing van die skema ........ 385
Slotopmerking ........ 388

BIBLIOGRAFIE ........ 390

FOTO'S.

Resente hoofmanne van die BagaMosêtlha ........ 20
Verskillende tonele in die woongebied ........ 34
Behuising onder huidige omstandighede ........ 261
Boerdery in die Stamgebied ........ 298
Getuienis van ontwikkeling ........ 354

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## INLEIDING.

Daar word teenswoordig in politieke sowel as sosiale kringe veel gepraat en gespekuleer oor die ekonomiese posisie van die Bantoe in Suid-Afrika. Gevolgtrekkinge wat gemaak word is dikwels gebaseer op 'n algemene indruk wat waarnemers kry van die aangeleentheid. Opnames wat van tyd tot tyd gemaak is deur die owerheid, belanghebbende organisasies en indiwiduele persone het merendeels betrekking op sekere aspekte van d onderwerp of verskaf andersins slegs 'n algemene oorsig van die toestand. Ons dra egter geen kennis van 'n deurtastende studie waar alle aspekte va die ekonomiese lewe en posisie van die Suid-Afrikaanse Bantoe in die algo meen, of van 'n bepaalde stam, met insiggewende besonderhede, as 'n integrale deel van hul kultuur aandag geniet nie. Sover ons kon vasstel is pogings wat wel aangewend is om 'n totaalbegrip te verskaf, hoofsaaklik b skrywings in breë trekke wat vanweë hulle algemene aard nie 'n duidelike beeld van die posisie in besonderhede verskaf nie. Origens was die neigi dikwels om ekonomiese aangeleenthede rakende die Bantoe, afsonderlik en uit verband met die sosiaal-politiese struktuur in oënskou te neem met di gevolg dat die voorstellings enigsins onvolledig en eensydig was.

### Doel.

Ons het ons met hierdie studie ten doel gestel om 'n groot verskeidenheid gegewens t.o.v. die huidige ekonomiese lewe van 'n homogen Bantoe-stam t.w. die Bakgatla bagaMosêtlha, te versamel en dit aan te bie en te analiseer in samehang met die sosiaal-politiese struktuur van die stam, waarmee dit in noue verband staan. Die nodige aandag word ook gewy aan die ontwikkeling wat plaasgevind het en die vorm wat die huidige ekonomiese lewe aangeneem het. Die bedoeling is verder dat die gegewens van praktiese waarde moet wees en om dié rede geniet besonderhede oor al die verskillende faktore en bedrywighede wat betrekking het op die ekonomiese lewe van die stam aandag en word dit ook toegelig met die nodige statistiek.

### Metode van Aanbieding.

Ten einde vas te stel hoe die huidige ekonomiese lewe uit di

1. Vergelyk literatuur in hierdie verband soos opgesom in, Schapera, I. 1941. Select Bibliography of S. African Native Life and Problems. pp. 152 - 172.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vroeëre tradisionele stelsel ontwikkel het, was dit nodig om 'n oorsig te gee van die vroeëre stelsel vir sover betroubare gegewens daaroor ingewin kon word en die aanleidende oorsake vir veranderinge wat ingetree het aan te stip. Hieruit het ons dan ook probeer om vas te stel tot watter mate die stam onder die huidige veranderde omstandighede instaat is om sy onafhanklike bestaan van vroeër te handhaaf.

Die stof word in drie dele aangebied. Eerstens 'n introduksie tot die Bakgatla BagaMosêtlha waarin die geskiedenis en etniese verband van die stam sowel as die woongebied en stamorganisasie ter sprake kom. Ongeag die feit dat faktore wat veranderde lewensomstandighede tot gevolg gehad het eers later behandel word (hst. 8), word ter voltooiing van die introduksie ook aangetoon op welke wyse 'n stelsel van indirekte regering deur die blanke owerheid op die tradisionele stamorganisasie geanker is. (Vgl. aantekeninge in hierdie verband op p. 27). Die introduksie is derhalwe 'n afsonderlike beskrywing van toestande gegrond op studie en waarneming soos ons dit sonder inagneming van oorsaak en gevolg aangeteken het. Dit spreek ook vanself dat slegs die noodsaaklikste besonderhede in hierdie verband gegee kan word.

In die tweede gedeelte volg dan 'n uiteensetting van waaruit die stam se ekonomiese lewe in vroeëre tye, voor hul aanraking met die westerse beskawing, (vir sover dit nog vasgestel kon word) bestaan het. Die derde gedeelte bevat die swaartepunt van die studie nl. die huidige ekonomiese lewe en posisie. Met betrekking tot die vroeëre sowel as die huidige toestande het ons die huisgesin as sosiale en ekonomiese eenheid as uitgangspunt gebruik. Spesiale aandag word dan ook gewy aan die samestelling, die verskillende ekonomiese aktiwiteite en die versorging van hierdie eenheid. Behuising (insluitende huishoudelike toerusting), die landboubedryf en die pastorale bedryf is egter sulke vername aspekte van die ekonomiese stelsel dat afsonderlike hoofstukke daaraan gewy word. T.o.v. die huidige posisie word ook spesiale aandag gegee aan kontantverdienstes.

In die derde gedeelte word kontantverdienstes wat 'n nuwe bron van inkomste is eerste afgehandel en daarna word die aandag gewy aan die huidige vorm van die tradisionele bedrywe. Kontantverdienstes speel vandag so 'n belangrike rol in die lewe van die stam dat dit onmoontlik

© University of Pretoria    Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sou wees om die ander aspekte te behandel alvorens ons 'n duidelike bee van eg. het. Tot hoe 'n mate die kontantverdienstes die tradisionele b drywe in belangrikheid oortref word weerspieël in hoofstukke 9 tot 13 e waar die besonderhede opgesom is in hoofstuk 15. Ons het hier te doen 'n stam van arbeiders en in die meeste gevalle is dit hul kontantverdie stes wat vandag met die boerderybedryf aangevul word en nie anders om n Besonderhede omtrent die huisgesin en sy versorging, behuising en die boerderybedryf, trouens die hele hedendaagse lewenswyse van die stam moet telkens met die kontantverdienstes in verband gebring word en dit was dus wenslik om eers 'n uiteensetting van hierdie nuwe bron van voor siening te gee.

Hoewel die verskillende aspekte van die tema onder verskillende hoofde behandel word, is steeds getrag om die een by die ander te laat aansluit en om sodoende die samehang en organiese eenheid van die onderworp geen geweld aan te doen nie. Onderafdelings word nietemin op so 'n wyse aangebied dat enigiemand wat slegs in 'n bepaalde aspek belang het dit gerieflik kan naslaan.

Insameling van gegewens.

Die wyse waarop die informasie ingesamel is kan as volg saa gevat word :

1. Deur raadpleging van bestaande lektuur waarna telkens verwys wor
2. 'n Vraelys bevattende ongeveer 50 vrae is deur my persoonlik vol tooi t.o.v. 100 arbeiders (50 mans en 50 vroue) in Pretoria met betrekking tot hul verdienstes, die aanwending daarvan en ander besonderhede wat daarmee in verband staan. Die manlike werkers : gedurende etensure of na werksure by hul werk besoek. By elke werksplek kon ek dan ook verneem waar daar nog ander werkers te vinde was. Op vier geleenthede het ek in die aand besoek gebrin aan die munisipale biersaal waar ek met behulp van die Naturelle polisie 'n hele aantal arbeiders kon ondervra. Ook in die munisi pale manshostel het ek saans 'n aantal werkers aangetref. Met be hulp van die Kampongbestuurder het ek enkele werkers uit die sta by die Staalfabriek (Yskor) opgespoor. Vrouewerkers is hoofsaak

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lik in die stamgebied opgespoor waar hulle gedurende 'n kort onderbreking van hulle werk vertoef het. Enkeles is ook in die stad ondervra.

3. 'n Tweede vraelys bevattende nagenoeg 500 vrae is t.o.v. 'n 100 verteenwoordigende huisgesinne in die stamgebied voltooi. As skoolinspekteur in die gebied het ek die voorreg gehad om gebruik te maak van die hulp van 12 naturelleskoolhoofde en enkele uitgesoekte assistent-onderwysers vir die voltooiing van hierdie uitgebreide vraelys. As voorbeeld het ek in die teenwoordigheid van een of twee van hierdie helpers self 'n vraelys voltooi en hulle dan versoek om op dieselfde wyse aan te gaan. Die onderwysers geniet die vertroue van die informante en het daarin geslaag om selfs op baie persoonlike vrae antwoorde te verkry. Daar moet op gewys word dat die meeste van hierdie onderwysers benewens hulle professionele opleiding ook nog ten minste Junior Sertifikaat het. Vir hulle gerief is die vraelys in Engels opgestel hoewel die vrae heel omslagtig in Sekgatla gestel is.

Die voltooiing van hierdie vraelys het aanvanklik baie agterdog verwek. Die hoofman het egter waardevolle hulp verleen deur die doel van die navorsing aan die wykshoofde in die Kgotla (Stamraad) duidelik te maak en hulle te versoek om die agterdog in hul verskillende oorde uit te wis. Hierna was daar geen moeilikheid meer nie.

Die aantal huisgesinne en persone ten opsigte waarvan besonderhede aangeteken is, is nie gebaseer op 'n bepaalde persentasie van die totaal nie maar ons het getrag om die monster so te kies dat dit as verteenwoordigend van die stam as geheel beskou kan word en wel volgens die volgende beginsels:

(a) Daar is seker gemaak dat alle soorte groepe en klasse wat in die geheel voorkom in die monster verteenwoordig is volgens 'n beplande keuse.

(b) Die balans tussen die samestelling van die geheel en die monster is gehandhaaf.

(c) Daar is gelet op die noukeurigheid van die gegewens.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die aantal gesinseenhede waarvan besonderhede aangeteken is verteenwoordig ongeveer 6% van die totaal. T.o.v. stedelike werkers is besonderhede van 'n veel kleiner persentasie verkry. Weens die groot getal werkers in die ondersoek betrokke sou selfs 'n 10% verteenwoordiging die neem van 'n hele paar honderd rekords beteken het. So 'n onderneming het vir my prakties onuitvoerbaar geblyk. Dit is natuurlik tegelykertyd besef dat dit weinig sou baat om honderde rekords te neem en dan op blote geluk of toeval te vertrou dat die monster werklik verteenwoordigend en gebalanseerd sou wees. Gevolglik is oorwegend aandag geskenk aan die verteenwoordigheid van die monster en het ek minder waarde geheg aan die getal rekords wat geneem sou word. M.a.w. 'n poging is aangewend om 'n ware deursnee (cross section) van die groot geheel te verkry. Die basis hiervoor moes noodwendig algemene waarneming wees. Vir hierdie doel het ek nie alleen uit persoonlike kennis en waarneming geput nie, maar het ek ook ten volle gebruik gemaak van die kennis van andere.

Die gegewens is hoofsaaklik gebaseer op besonderhede wat proefpersone klaarblyklik met opregtheid en eerlikheid verskaf het en in baie gevalle kon hulle informasie (soos in die geval van ameublement, landbougereedskap ens.) deur waarneming nagegaan word. Alhoewel alle pogings aangewend is om absolute juiste en korrekte gegewens te kry is dit moontlik dat daar 'n geringe speling vir onjuisthede gelaat moet word. Ons is egter daarvan oortuig dat hierdie onjuisthede tot 'n minimum beperk is. Dit kan derhalwe op goeie gronde aangeneem word dat die statistieke wat gegee word werklike tendense aandui.

4. In verband met besonderhede oor vroeëre tye het die kaptein op verskillende kere 'n paar van die oudste manne na sy woning ontbied en my die geleentheid gegee om hulle in sy teenwoordigheid deeglik te ondervra. Die kaptein kon self ook heelwat informasie gee en het as ontwikkelde man die Segsmanne se antwoorde kontroleer. By hierdie samekomste was daar gewoonlik 'n hele aantal meer persone as wat ontbied is maar my mees betroubare informante was die volgende ou manne :

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Naam. | Ouderdom by benadering. | Mophatô.[1] |
|---|---|---|
| Klaas Mosêtlhê. | 80 jaar | Malôtô. |
| George Marungwe. | 80-90 jaar | Mareleba. |
| Andries Setshedi. | 80 jaar | Malôtô. |
| Philip Motswane. | 80 jaar | Malôtô. |
| Johannes Malebye. | 70 jaar | Matlakana. |
| Noag More | 70 jaar | Matlakana. |
| Petrus Phetêkê. | 80 jaar | Malôtô. |

Hierdie ou manne het mekaar se antwoorde ook kontroleer en daar was soms hewige diskussies oor wie reg was maar sonder uitsondering is eenstemmigheid uiteindelik bereik.

Ek het origens in die gunstige posisie verkeer dat ek as bekende en veral as inspekteur 'n groot mate van vertroue geniet het in die stamgebied. Hierby kon ek my ook met gemak behelp met die volkstaal en het dus nooit 'n tolk nodig gehad nie. Op my veelvuldige amptelike togte kruis en dwars deur die stamgebied het ek van alle moontlike geleenthede gebruik gemaak om huise te besoek, praatjies aan te knoop, dinge te ondersoek en sodoende 'n intieme kennis van die stam se lewenswyse op te doen.

Van die kaptein en sy raadslede het ek ook velerlei informasie wat nie by wyse van vraelys ingewin is nie verkry. So kon ek o.a. verneem in watter werkkringe die meeste stamlede staan, waar hulle nie te vinde is nie, tot watter mate werkers nog hulle stamverband behou het en hulle nog aan die stambeheer onderwerp sowel as ander gegewens wat van belang vir die studie was.

Spelling.

Vir die spelling van Sotho (Sekgatla of Setswana) - name en woorde het ek gebruik gemaak van die huidige Tswana ortografie met dien verstande dat waar 'n naam of woord uit bestaande werke aangehaal is, dit in dieselfde skryfwyse verskyn as waarin dit in die betrokke werk aangeteken is. Bantoe as 'n Snw. word met 'n hooflotter geskryf en waar dieselfde woord 'n byvoeglike funksie vervul, met 'n klein lettertjie. Dit geld ook vir Blanke. Die stam wat hier ter sprake is se volledige benaming is

1. Ouderdomsgroop. Vgl. p. 57.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Bakgatla bagaMosêtlha. In die wandel is hulle ook bekend as BagaMosêtlha en gerieflikheidshalwe word hierdie korter naam dikwels gebruik en met 'n hoofletter B geskryf. Taalkundig sou dit korrek wees om na die stamgebied te verwys as gaMosêtlha maar vir praktiese doeleindes word slegs Mosêtlha gebruik en dus word telkens na die stamgebied op hierdie wyse verwys.

Bedankings.

Aan die volgende instansies en persone wil ek my dank betuig:


Die Nasionale Navorsingsraad wat 'n toelae tot my beskikking gestel het vir die uitvoering van die ondersoek. Die kantoor van Sensus en Statistiek, die Kantoor van die Landmeter-Generaal, die personeel van die Nasionale Herbarium, die Afdeling Hospitaaldienste van die Traansvaalse Provinsiale Administrasie en die sekretaris, Aglemene Hospitaal, Pretoria, vir waardevolle informasie en hulp. Aan Mnre. Schnetler en Blanche van die Naturellekommissaris se kantoor te Hammanskraal my dank en waardering vir hulle geduldige en verdraagsame hulp. Met waardering word ook gewag gemaak van die uiters waardevolle hulp ontvang van Mnr. O.E. Burger van die Afeling Ekonomie en Marke, Pretoria. Sonder die simpatieke hulpvaardigheid van hoofman Hendrik Makapan sou my taak by die insameling van gegowens oneindig moeilik en haas onuitvoerbaar gewees het. Ten slotte wil ek ook my dank en waardering betuig aan my leermeester en promotor, Prof. dr. P.J. Coertze onder wie se bekwame leiding hierdie studie voltooi is en deur wie ek ook van menige dwaalspoor gered is.

---

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Voorstelling van die Woonbuurt van die Bakgatla bagaMosetlha en Omgewing




© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DEEL I.

# INTRODUKSIE TOT DIE STAM.

## HOOFSTUK I.

## GESKIEDKUNDIGE OORSIG EN ETNIESE VERBAND.

Daar is verskeie Bantoestamme wat bekend staan as Bakgatla en hulle word veral aangetref in Sentraal- en Wes-Transvaal sowel as in die Suid-oostelike gedeelte van die Bechuanalandse Protektoraat. Hierdie Kgatla-stamme was soos later sal blyk, oorspronklik een en dieselfde stam wat op verskillende geleenthede opgesplits het in kleiner groepe om afsonderlike onafhanklike stamme te vorm. Die mees algemeen bekende groepe is die volgende :-

(a) Die Bakgatla bagaMosêtlha van Makapanstat in die omgewing van Hammanskraal, distrik Pretoria.

(b) Die Bakgatla bagaMmakau van de Wildt, distrik Pretoria.

(c) Die Bakgatla bagaMotšha van Schildpadfontein distrik Pretoria.

(d) Die Bakgatla bagaKgafêla van Pilansberg, distrik Rustenburg en van Mochudi in die Bechuanalandse Protektoraat.

Hoewel die ander groepe begryplikerwys telkens in hierdie oorsig in gedrang kom, is dit in die eerste plek die Bakgatla bagaMosêtlha wat hier ter sprake is. Hierdie stam is om verskeie redes een van die belangrikste Kgatla-groepe en word in getalle slegs deur die Bakgatla bagaKgafêla oortref. Ter inleiding is die volgende paar besonderhede i.v.m. die huidige posisie van die Bakgatla bagaMosêtlha van belang :-

(a) Getalsterkte: Ongeveer 5,000 belasting betalers [1] d.w.s. 'n totale getalsterkte van nagenoeg 20,000.

(b) Taal : Sekgatla, soos dit genoem word en dit is 'n oostelike vorm van Setswana.

(c) Totem : Kgabo (die aap).

(d) Hoofman : Hendrik, alias Mathibe Makapan.

(e) Woongebied : Sien Sketskaart asook beskrywing in Hoofstuk 2.

---

1. Informasie uit die Kantoor van die Naturelle-kommissaris. Hammanskraal. Die aantal belastingbetalers word op gebruiklike wyse met 4 vermenigvuldig om by benadering die totale getalsterkte te bereken.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In breë trekke behoort alle Bakgatla en in besonder die Bakgatla bagaMosêtlha tot die Sotho-groep van Bantoestamme. Hoewel Sotho in die eerste plek gebruik word om sekere verwante Bantoetale wat fundamenteel dieselfde is aan te dui, kan dit net sowel as 'n samevattende term gebruik word om 'n groot en belangrike etniese groep aan te dui. Van die vernaamste volkekundige kenmerke van hierdie groep is totemisme, die beeskompleks, die ronde hut met kegelvormige dak en die gebruik dat mans hul niggies van moederskant tot vrou neem. Behalwe hierdie kenmerke is daar ook nog belangrike ooreenkomste in die materiële kultuur van hierdie groep van stamme.[1] Daar dien gelet te word op die feit dat daar ook ander nie-verwante Bantoestamme is wat ook een of meer van hierdie volkekundige kenmerke het.

Die stamme van die Sotho-groep is versprei oor 'n uitgestrekte gedeelte van Suidelike Afrika en bewoon veral die volgende gebiede : Basoetoland, die Vrystaat, Noord-Wes Kaapland en die Bechuanalandse Protektoraat. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die uitgestrektheid van die gebied wat hulle bewoon, dat die Sotho-stamme geografies sowel as etnies in drie hoofgroepe verdeel kan word nl. die Suid-Sotho (Basoetoland en die Vrystaat,) die Westelike Sotho (Bechuanaland, Wes- en Sentraal-Transvaal) en die Oostelike of Noordelike Sotho (Noord, Suid- en Oos-Transvaal).[2]

Die meeste van die Westelike Sothostamme is algemeen bekend as Batswana. Hoewel daar duidelik merkbare verskille is tussen die Batswana en Oostelike Sotho op die uiterste punte, bv. die Pedi in die ooste en die Bamangwato in die weste, is dit moeilik om 'n skeidslyn te trek waar die twee groepe mekaar ontmoet. Die oorgang is baie geleidelik en arbitrêr.

Soos reeds aangetoon is Setswana, Suid-Sotho en Noord-Sotho (Oostelike Sotho) baie nou verwante tale. So na aanmekaar verwant is hierdie tale dat persone uit die verskillende groepe sonder die minste inspanning en moeite mekaar kan verstaan. Vir praktiese doeleindes kan dan ook na die Bantoe behorende tot hierdie groepe verwys word as Basotho met Sesotho as taal.

---

1. Van Warmelo, N.J. 1937, A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa p. 96.

2. In die praktyk word gepraat van Noord-Sotho en selde van Oostelike-Sotho.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Suid- en Noord-Sothostamme aanvaar geredelik hierdie kollektiewe benaminge. Die Batswana doen dit tot 'n minder mate en verkies om spesifiek bekend te staan as Batswana. Dit moet egter slegs as 'n eienaardige soort trots beskou word en neem geensins die feit weg dat hulle fundamenteel Basotho is nie.

Hoewel die Bakgatla bagaMosêtlha die sentrale gedeelte van Transvaal bewoon en dus maklik die indruk kan skep dat hulle tot die Noord-Oostelike Sotho behoort, behoort hulle tot die Westelike groep, d.w.s. die Batswana. Om die herkoms van die onderhawige Kgatla histories te bepaal is dit dan ook noodsaaklik om die aandag verderaan slegs by die westelike Sotho-groep te bepaal.

Die Westelike Sotho-groep sluit al die verskillende Tswana-stamme in. Die mees opregte Tswana woon in die Bechuanalandse Protektoraat langs die grens van die Kalahari en bestaan uit die volgende afsonderlike stamme : Die Tlaping, die Tlharo en die Rolong. Die Rolong word weer verteenwoordig deur vier verskillende groepe nl. die Ratlou, Ratshidi, Seleka en Rapulane. Die grootste van hierdie groepe is die Rolong van Ratšhidi in die distrik Mafeking. Ander Tswana-stamme word verder noord in Bechuanaland aangetref nl. die Bakwêna van Molepolole, die Bangwaketse van Kanye, die Bamangwato van Serowe en 'n spruit van lg. die Batawana van die Ngami-meer. Behalwe ander kleiner en minder belangrike Tswana-groepe, is daar ook nog die Bahurutshe in die distrikte van Zeerust en Rustenburg.[1]

'n Ander Westelike Sotho-stam wat nie net etnies en taalkundig tot die Tswana behoort nie, maar ook geografies nêrens anders ingeskakel kan word nie is die Bakgatla bagaKgafêla van Mochudi en Pilansberg. Van Warmelo is onigsins onseker of hierdie Bakgatla tot die Tswana-groep behoort maar gee darem toe dat daar alle aanduidings van hulle Tswana-verwantskap is. Indien die Bahurutshe egter sonder twyfel Tswana is - en niemand betwis dit nie - is dit in die lig van oorleweringe 'n uitgemaakte saak dat die Bakgatla bagaKgafêla ook Tswana is. Hierdie stelling sal later in hierdie hoofstuk verder bevestig word.

---

1. Van Warmelo, N.J. 1937. A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa p. 96.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soos reeds gemeld bestaan daar vandag vier vername Kgatla-stamme (vgl. p.1) wat oorspronklik dieselfde stam was. Hul gemeenskaplike oorsprong word deur verskeie bestaande werke[1] sowel as deur oorleweringe onderskryf. Volgens dieselfde bronne het die oorspronklike Bakgatla van Lehurutshe, d.w.s. die woonstede van die Bahurutshe, weggetrek. Dit was, soos vandag ook nog, die omgewing van Zeerust en Groot Marico. Die herkoms van die Bakgatla word ook deur Ellenberger[2] teruggevoer na die Bahurutshe en word verder bevestig deur gegewens vervat in 'n rapport van die Transvaalse Departement van Naturellesake (1905).[3] Dit kan dus met 'n taamlike mate van sekerheid konstateer word dat die Bakgatla grootliks uit Bahurutshe bestaan of andersins tot so 'n mate deur die Bahurutshe oriënteer is as gevolg van saamwoon en aansluiting van klein groepies van lg. by die Bakgatla, dat die een beswaarlik van die ander te skei is.

Teen ongeveer 1823 is Lehurutshe ingeval deur die Batlôkwa van Mantatise en weer deur die Matebele van Mzilakazi in 1831.[4] Hierdie rampe het die Bahurutshe uitmekaar laat spat om in kleiner groepe op verskillende plekke weer tot verhaal te kom en dit is as gevolg van hierdie groepering dat prominensie verleen is aan klein eenhede van die Bahurutshe en leiers wat voorheen betreklik onbekend was. Dit is ook in hierdie verwarring - soos later sal blyk - dat ons op die spoor van die oorspronklike Bakgatla kom. Vir 'n geruime aantal jare was die Bahurutshe ontbind in kleiner groepe wat voortdurend skuiling moes vind teen die strooptogte van onverbiddelike vreemde vyande. Dit was eers toe die vrede jare later bestendig was deur die koms van die Blanke dat die groepe mekaar weer kon opsoek, hul samehorigheid sover moontlik kon herstel en die stam hom enigsins weer kon konsolideer.

---

1. (i) Van Warmelo, N.J. 1944. Ethnological Publications No. 17 p. 4.
   (ii) Schapera. I. 1940. Ditirafalô tsǎ Merafe ya Batswana pp. 153 - 155.
   (iii) Schapera. I. 1942. Short History of the Bakgatla bagaKgafêla of the Bechuanaland Protectorate. "School of African Studies." (New Series No. 3) July 1942.
2. Ellenberger, D.F. 1928. Histori ea Basotho p. 14.
3. Transvaal Native Affairs Department, 1905. A Short History of the Native Tribes of the Tvl. p. 27.
4. Stow, G.W. 1880. The Native Races of South Africa pp. 520 - 528.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Voor genoemde skermutselinge met die Batlôkwa word in die meeste bronne van informasie wat betrekking het op die geskiedenis van die Bahurutshe en in besonder van die Bakgatla, nie gepraat van 'n stam in Wes-Transvaal of Bechuanaland wat bekend was as die Bakgatla nie. Sover ons kan vasstel is dit net Ellenberger [1] wat van so 'n stam melding maak. Waar hy egter, soos ook ander skrywers, die ontstaan van verskillende jonger stamme geredelik aanstip, laat Ellenberger ons geheel in die duister wat betref die herkoms van die Bakgatla. In 'n ander werk [2] gaan hy selfs sover om te sê dat Mopedi, die stamvader van die Bapedi, van die Kgatla-stam geskei het in 1650 om elders op sy eie 'n gevolg op te bou. Dit is algemeen bekend dat die Bapedi in verband gebring word met die Bakgatla en dis moeilik om die juistheid van Ellenberger se stelling op oortuigende wyse te betwis maar dit sou meer aanneemlik wees as hy die voorgeskiedenis van die Bakgatla ook tot ons beskikking kon plaas. Besonderhede oor gebeurtenisse wat meer as 300 jaar gelede plaasgevind het sonder enige aantekeninge daaromtrent moet noodwendig onderhewig wees aan veel spekulasie. Soos later in hierdie hoofstuk sal blyk kom Ellenberger se informasie in hooftrekke tot 'n groot mate ooreen met dié uit ander bronne en ons kan met veiligheid aanvaar dat sy tydsberekening slegs hipoteties was en nie noodwendig ander oorwegings uit verband hoef te ruk nie.

Om die verwantskap tussen die Bahurutshe en die Bakgatla en selfs ook die Bakwêna, te beklemtoon, is dit wenslik om die verloop van gebeurtenisse wat uiteindelik lig werp op die plek van die Bakgatla, hier kortliks te skets.

As basis vir die bespreking wil ons gebruik maak van 'n kort geskiedkundige oorsig van die Bahurutshe deur Stow.[3] Hierdie bron van informasie mag miskien nie in alle opsigte betroubaar wees nie maar daar bestaan ook nie grondige rede om die gegewens oor hierdie besondere aspek van die Bantoegeskiedenis daarin vervat, in twyfel te trek nie. Dit bevat in sig-

1. Ellenberger, D.F. 1912. History of the Basuto p. 16.

2. Ellenberger, D.F. 1928. Histori ea Basotho p. 37 (Geen vertaling van die Engelse werk).

3. Stow, G.W. 1880. The Native Races of South Africa pp. 520 - 528.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



self buitendien geen afdoende bewys vir die gevolgtrekkings wat ons wil maak nie en daar is ook ander faktore en gegewens wat sal meewerk om die aanneemlikheid van die gevolgtrekkings te verhoog.

Om verder terug te gaan as die „begin" van die Bahurutshe sou 'n onbegonne taak wees. Hier kan slegs verwys word na hul Tswana oorsprong, soos bevestig deur Van Warmelo [1] en wel dat hulle stam uit die mees erkende Tswana groep, die Barolong.[2] Hieruit volg dat alle stamme wat uit die Bahurutshe spruit, ook van Tswana oorsprong is.

Masilo I word aangegee as die eerste hoofman van die Bahurutshe, Sy seun Malope het hom egter met 'n deel van die stam verlaat en elders gaan woon. Volgens tradisie moes Kwêna, Malope se tweedeseun sy grootvader Masilo I opvolg as hoofman van dié gedeelte van die stam wat by lg. agtergebly het.[3] Hierdie aanvangsgeskiedenis word ook deur Ellenberger [4] gestaaf. By die dood van Malope is sy gedeelte van die oorspronklike Hurutshe-stam weer verdeel onder sy drie seuns Mohurutshe, Ngwato en Ngwaketse. Aanvanklik het Ngwato en Ngwaketse met hulle onderskeie groepe volgelinge by Kwêna gaan aansluit. Hulle het egter tenspyte van die aansluiting hul eie identiteite as groepe behou en op 'n later stadium weer weggetrek om elders die grondleggers te word van die groot Tswana-stamme bekend as die Bamangwato en die Bangwaketse. Dit is waarskynlik as gevolg van hul betrekkinge met die Bakwêna dat hierdie twee stamme die ou stam-totem, die krokodil (Kwêna) behou het. Die Bahurutshe (volgelinge van Mohurutshe) wat van die begin af afsonderlik gaan woon het, het 'n nuwe totem, die bobbejaan (tšhwene) aangeneem. Daar dien gelet te word op die gemeenskaplike oorsprong van

---

1. Van Warmelo, N.J. 1937. A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa p. 96.

2. (i) Uit ongepubliseerde geskiedenis van die Hurutshe soos opgéstel deur wyle Eerw. Jensen van Linokana (Zeerust) in besit van die Staatsetnoloog, Pretoria.

   (ii) Ellenberger, D.F. 1912. History of the Basuto p. 15.

3. Hierdie tradisie is in meer resente tye deur die Bakgatla BagaMosêtlha gehandhaaf toe Nchaupe II, seun van Makapane sy grootvader, Nchaupe I moes opvolg.

4. Ellenberger, D.F. 1912. History of the Basuto p. 15.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Bakwêna en die Bahurutshe.

Hulle nuwe totem ten spyt is die Bahurutshe nog altyd deur die BaMangwato en die Bangwaketse met die meeste eerbied behandel en beskou as hul meerdere. Hierdie verhewe stand van die Bahurutshe word selfs vandag nog erken. Lestrade[1] skryf oor hulle : „They hold pride of place in the ritual inter-tribal life, as they must give to the other tribes, in order of their seniority, permission to hold the ceremony of eating the first fruits of the harvest." Die Bahurutshe staan algemeen bekend as 'n trotse stam. By geleentheid van 'n resente besoek aan die stamgebied het 'n lid van 'n ander stam teenoor die skrywer hiervan opgemerk: „Bahurutshe! Ba bo-lawa ke dihlôgô!"[2] - en daarmee hul hoogmoedigheid te kenne gegee.

Waar die Bahurutshe orals gewoon het gedurende die vroegste jare van hulle bestaan kan nie met sekerheid gesê word nie, maar dit wil voorkom of hulle vir 'n geruime tyd voor 1812 in die Mosega-kom in die omge-wing van die Groot Marico-rivier se oorsprong gewoon het. In die reeds ge-noemde werk van Stow word hul hoofstat Kurrechane of Cheunyane genoem. Op navraag ter plaatse kon die ou mense hulle nie die naam Kurrechane herinner nie maar kon die plek waar Cheunyane, die groot stat van die Bahurutshe vroeër was uitwys, en hoewel verlate, staan dit vandag nog as sodanig bekend. Na 'n veelbewoë bestaan, wat die lot van alle Suid-Afrikaanse Bantoestamme was voor die koms van die witman, bewoon die Bahurutshe vandag nog dieselfde gebied waar hulle reeds vir etlike eeue gewoon het.

In 1823 was Lekweleng (alias Itlhaseng) nog aan die hoof van die Bahurutshe by Cheunyane. Dat die Bahurutshe op hierdie tydstip oor 'n groot gebied in Noord-wes-Transvaal versprei was en dat hulle uit verskeie groepe bestaan het, elk met 'n eie hoofman (hoewel miskien onderhorig aan 'n opperhoof) behoef geen betoog nie. Dit was trouens deur geslagte en ge-slagte die geval met byna alle Bantoestamme. Lekweleng was egter bekend as die alom-erkende hoofman van die Bahurutshe en dit was gedurende sy tydvak

---

1. Lestrade, G.P. 1929. In. Duggin-Cronin Vol. II Sec. I. p. 18.
2. Tswana : „Die BaHurutshe! Hulle ly aan hulle hoofde."
(geswolle hoofde).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat die Batlôkwa van Mantatise die Bakwêna [1] op verwoestende wyse aangeval en geplunder het. Na hul suksesvolle strooptogte teen die Bakwêna het die Batlôkwa ook opgeruk teen die Bangwaketse maar met minder sukses. Om hierdie neerlaag te vergoed het hulle vervolgens die Hurutshe-gebied binnegeval. Cheunyane is met groot geweld oorrompel en in puin gelê. Baie van die bewoners het in die slag omgekom maar andere het in klein groepe na verskillende veiliger oorde gevlug. 'n Aantal jare na hierdie gebeurtenis was daar weer vrede en stilte in Lehurutshe en baie van die vlugtelinge het hulle weer in die omgewing van Cheunyane gaan vestig. In 1829 het sommige van die vlugtelinge hulle o.a. gaan vestig by Mosega (naby Zeerust) met ene Mokatla as hul hoofman. Waar Ellenberger die strooptogte van die Batlôkwa beskrywe maak hy ook melding van 'n Mokhatla wat na die verwoestinge 'n Hurutshe hoofman was.[2] Ook Schapera [3] verwys na 'n sekere Mokgatle, 'n afstammeling van Malope,[4] wat die stamvader was van die huidige Bakgatla.

Mokgatla (ons eie spelling) wat dus deur verskeie skrywers in verband gebring word met die Bahurutshe bring ons dan op die spoor van die Bakgatla na wie se oorsprong ons soek. Onder geen omstandighede kan aanvaar word dat die Bakgatla as volksgroep ontstaan het tydens die swaarbeproefde jare van die Bahurutshe toe 'n groep vlugtelinge van lg. stam hulle onderworp het aan die leiding en gesag van Mokgatla nie. Met die inval van Mzilikazi was die Bakgatla bagaMosêtlha al reeds in Sentraal-Transvaal woonagtig.[5] Dit kan egter met 'n groot mate van sekerheid aanvaar word dat daar lank voor die inval van die Batlôkwa in Lehurutshe reeds 'n groep Bahurutshe bestaan het wat 'n man met die naam van Mokgatla as hoofman gehad het. Hierdie groep was dan ook vermoedelik bekend as Bakgatla en die Mokgatla hier bo genoem, het heelwaarskynlik geheet na 'n voorvader wat die eerste hoofman van die

---

1. Vergelyk meergenoemde verwantskap met die Bahurutshe.

2. Ellenberger, D.F. 1912. The History of the Basuto p. 166.

3. Schapera, I. 1942. "Short History of the Bakgatla BagaKgafêla of the Bechuanaland Protectorate" School of African Studies. (New Series No. 3) July 1942. p. 1.

4. Vgl. gegewens in hierdie hoofstuk oor Malope as Stamvader van die Bahurutshe.

5. Meegedeel en dit is ook algemeen bekend.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groep was. Dit is baie onwaarskynlik dat die meergenoemde vlugtelinge sommer iemand uit die gepeupel sou kies na wie hulle hul sou wend om leiding en beskerming in tyd van nood. Mokgatla was ongetwyfeld 'n persoon wat bekend was vanweë 'n gesagsposisie wat hy reeds lank beklee het en ook van sy voorvaders geërf het.

Soos reeds aangetoon sou dit geen ongewone verskynsel wees om 'n groep Bahurutshe te vind met eie hoofman wat tog onderhorig is aan 'n opperhoof wat die hoogste gesag beklee nie. Selfs vandag is die Bahurutshe verdeel in verskillende betreklik outonome groepe, elk met 'n eie hoofman. So is daar die Bahurutshe van Motswedi onder hoofman Mangopê, dié van Manwane onder hoofman Gopane, dié van Dinokana onder Moilwa en verskeie ander groepe. By Koppieskraal in die distrik Zeerust is inderdaad 'n groep Bahurutshe onder hoofman Thêpê wat spesifiek bekend is as Bakgatla.[1]

Alhoewel daar dus min geskryf is of onthou word van Bakgatla onder die Bahurutshe voor ons kennismaking met Mokgatla teen ongeveer 1830, kan ons aanvaar dat daar wel so 'n groep bestaan het. Op 'n tydstip wat geheel onbekend is, maar vermoedelik goed 200 jaar gelede, het 'n groot gedeelte van hierdie Bakgatla Lehurutshe verlaat en volgens Van Warmelo al langs die Noordelike oewer van die Vaalrivier ooswaarts getrek en hulle uiteindelik in die sentrale gedeelte van Transvaal gaan vestig.[2] Interessant is dit ook om op te merk dat hierdie Bakgatla nie die bobbejaan (tšheweno), totem van die Bahurutshe, behou het nie maar 'n verwante dier, die aap (Kgabo) as totem aangeneem het.

Die volgende aanhaling uit die meergenoemde rapport van die Transvaalse Departement van Naturellesake (1905) beklemtoon ook nog verder die aanvaarde herkoms van die Bakgatla : „The Bakgatla appear to trace their history back to their Chief Malope and Mokgatla from whom they derived their name as a people,.......... As these names also appear in the genealogical tree of the Hurutshe Chiefs, and as the Bakgatla themselves look upon the Bahurutshe as the "Bakgatla ba bagolo", it may be safely assumed that the

1. Van Warmelo,N.J. 1937. A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa. pp. 58.
2. Van Warmelo, N.J. 1944. Ethnological Publications No. 17 pp. 4.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bakgatla are descended from the Bahurutshe."[1] Dat alle huidige Kgatla-stamme dus oorspronklike Bahurutshe was kan ons met 'n groot mate van sekerheid aanvaar.

Die Bakgatla wat in Lehurutshe agtergebly het, is blykbaar tot so 'n mate deur ander Hurutshe-groepe opgeneem dat hulle, waar hulle ook al vandag nog in daardie gebied aangetref word, nietig is in vergelyking met ander Kgatla-groepe wat vroeër die gebied verlaat het. Om dié rede sal alle verdere oorwegings slegs betrekking hê op die „trekkers."

Die Bakgatla se meer resente geskiedenis kan nou nagegaan word. In die lig van die voorafgaande strek hierdie geskiedenis vermoedelik oor 'n tydperk van ongeveer 200 jaar. Ons kan egter nie daarop aanspraak maak dat hierdie tydperk selfs by benadering juis is nie. Oor die lotgevalle van die Bakgatla gedurende dié tyd, die wyse waarop hulle uiteindelik in vier groepe verdeel is en hoe dit gekom het dat hierdie groepe sekere bepaalde gebiede bewoon, is daar heelwat meningsverskil. Ons voel dus genoodsaak om 'n paar van die menings aan te stip met die oog op 'n moontlike koördinasie daarvan.

Volgens Schapera[2] het die Bakgatla 'n draai gaan maak in die ooste van Transvaal in die landstreek van die Bapedi (Sekoekoeniland). Op hierdie tydstip was al die Bakgatla nog een stam en hulle het hulle iewers in Waterberg in die omgewing van die huidige Nylstroom of Warmbad gaan vestig by 'n plek bekend as Ntsane. Dis hier waar hulle opgesplits het. Die hoofman was toe Matšhego. By sy hoofvrou het Matšhego net een kind gehad; 'n dogter met die naam van Mosêtlhê. By die tweede vrou het hy 'n seun gehad met die naam van Kgafêlê. By die dood van Matšhego het moeilikheid ontstaan. Die meerderheid van die stam was bereid om die vrou Mosêtlhê as hoofman te aanvaar. Hiervoor egter, was Kgafêlê nie te vinde nie en het weggetrek met 'n groot aantal volgelinge wat van toe af bekend sou wees as die Bakgatla bagaKgafêla. Die wat agtergebly het was van toe af bekend as die Bakgatla bagaMosêtlha. Kgafêla het weswaarts getrek tot oor die Krokodilrivier (Odi) en hierdie rivier beskou as die grens tussen hom en Mosêtlhê.

1. Transvaal Native Affairs Department. 1905. A Short History of the Native Tribes of the Transvaal. p. 27.
2. Schapera, I. 1940. Ditirafalô tša Merafe ya Batswana. pp. 153 - 154.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Maar Kgafêla het ook nog twee eie broers gehad wat hom vergesel het nl. Kau en Motšha. In die omgewing van die Apiesrivier (vermoedelik in die omgewing van die huidige Pretoria) het Kau ook met 'n gevolg weggebreek en die Bakgatla bagaMmakau (vermoedelik genoem na sy moeder) gevorm. Motšha het saam met Kau weggebreek en 'n tydlank by hom gebly maar het later ook met 'n gevolg van Kau geskei en die Bakgatla BagaMotšha by Marapyane (Schildpadfontein) tot stand gebring.

Ellenberger[1] voer aan dat die Bakgatla uit die omgewing van Zeerust getrek het en hulle by Magaliesberg (Thaba ya Mogale) gaan vestig het. Hier sou die stamvader van die trekker-Bakgatla, Tabane met MaThulare, 'n vrou uit die koninklike huis van die Bafokeng getrou het. Uit hierdie huwelik is vyf seuns gebore wat later die aartsvaders geword het van vername stamme o.a. die Bapedi, die Batlôkwa en die Baphuting. Op die huidige groepe en verspreiding van die Bakgatla werp hy geen lig nie. Soos later sal blyk is die enkele besonderhede wat ons van Ellenberger kry egter nie sonder waarde nie.

Die Transvaalse Departement van Naturellesake se rapport van 1905[2] gee weer 'n ander uiteensetting wat, hoewel in die geheel verskillend is van dié van Ellenberger, tog sekere punte van ooreenkoms toon. Soos reeds gemeld noem hierdie rapport ook vir Mokgatla as die eerste bekende hoofman van die Bakgatla. Dit voer dan verder aan dat die stam vir onbekende redes in twee groepe verdeel het by die dood van Mokgatla. Hierdie twee groepe sou wees die Bakgatla bagaKgafêla van die Mochudi reservaat en die Bakgatla van die Transvaal wat later sou bekend staan as dié van Mmakau, Mosêtlha en Motšha. Die BagaKgafêla sou aanvanklik ooswaarts getrek het tot by Molokwane by die sameloop van die Apies- en Krokodilriviere. Later sou hulle na Pilansberg (Saulspoort) getrek het en na die koms van die Voortrekkers het sommige weggetrek na Mochudi. Die Bakgatla bagaMosêtlha is volgens die rapport afstammelinge van 'n groep wat ene Mogale as hoofman gehad het. Hierdie Mogale sou 'n broer wees van Tabane (vgl. Ellenberger) wat weer beskou word as 'n voorvader van Makau en Motšha wat op hulle beurt weer die

1. Ellenberger, D.F. 1928. Histori ea Basotho. p. 35.

2. Tvl. N.A.D. Report, 1905. A Short History of the Native Tribes of the Tvl. p. 28.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stigters was van die groepe wat vandag nog hulle name dra.

In 'n kort beskrywing van die BagaMosêtlha se geskiedenis voer Van Warmelo [1] op enigsins twyfelagtige wyse aan dat Mosetlhê en sy drie jonger broers, Kgafêla, Makau en Motsha uit Lehurutshe (Groot Marico) weggetrek het. Hierdie broers sou dan elk later 'n afsonderlike gevolg gehad het wat vandag die vier Kgatla-groepe verteenwoordig. Die vier broers sou ooswaarts getrek het en hulle gevestig het in die omgewing waar die BagaMosêtlha vandag nog woon. Die splitsing moes dan hier plaasgevind het. Volgens oorleweringe wat vandag nog by Makapanstat [2] as juis aanvaar word, het die ander Kgatla-groepe hul oorsprong by die BagaMosêtlha. Die feit dat ten minste die BagaKgafêla uit die BagaMosêtlha spruit word ook deur Schapera [3] onderskryf.

In 'n poging om die gegewens uit die voorafgaande vier bronne te koördineer, vind ons die volgende punte van ooreenkoms :-

1. Die Bakgatla stam uit die Bahurutshe wat weer van Tswana afkoms is.
2. Op die een of ander tydstip in hulle geskiedenis het hulle as 'n enkele groep vanaf Lehurutshe ooswaarts weggetrek.
3. Hulle het hulle aanvanklik gaan vestig op 'n plek iewers in 'n gebied wat strek van die Magaliesberge in die weste tot Waterberg in die Noord-Ooste.
4. Die vier Kgatla-groepe het in die ooste, d.w.s. in die gebied van hul nuwe tuiste tot stand gekom.
5. Ten minste drie uit die vier bronne dui daarop dat die verskillende Kgatla-groepe, relatief gesproke, ongeveer op dieselfde tydstip tot stand gekom het, d.w.s. die stigters van die vier stamme was broers, halwe broers of ten minste tydgenote.
6. Minder oortuigend dog heel aanneemlik, is die veronderstelling dat die Kgatla-stamme en veral die Bakgatla bagaMosêtlha, reeds vir minstens 150 jaar woon waar hulle vandag gevind word.

1. Van Warmelo, N.J. 1944. Ethnological Publications. No. 17 p. 4.
2. Die huidige hoofstat van die BagaMosêtlha.
3. Schapera, I. 1939. Married life in an African Tribe. p. 20.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



7. Die BagaMosêtlha is die oudste van die vier groepe.

Die voorafgaande besonderhede i.v.m. die herkoms van die Bakgatla in die algemeen en die BagaMosêtlha in die besonder, mag t.o.v. spesifieke gevolgtrekkinge onderhewig wees aan heelwat spekulasie. In sy geheel kan dit egter dien as 'n goeie agtergrond vir die etniese affiniteite en kennis van die stam waarmee ons ons voortaan in die besonder wil besig hou.

Noudat die plek van die BagaMosêtlha bepaal is, sal dit interessant wees om die geskiedenis wat slegs op hierdie stam betrekking het, kortliks na te gaan. Dit dien daarop gelet te word dat hierdie Bakgatla tans 'n geheel afsonderlike stam is met eie afgebakende woongebied en eie hoofman. Hul totem, die aap (Kgabo) word egter nog gedeel met ander Kgatla-stamme maar dit dui slegs op die noue etniese verwantskap met hierdie stamme en geensins op staatkundige samehorigheid nie. Genoemde verwantskap met die ander Kgatla-groepe word algemeen erken maar alle onderlinge betrekkinge is verbreek as gevolg van 'n jarelange skeiding. Dit is egter van belang om hier daarop te wys dat enige studie wat gemaak is van die primitiewe lewenswyses van die een Kgatla-groep, ook van toepassing is op ander groepe.

Onderstaande is twee genealogiese tabelle van hoofmanne van die BagaMosêtlha soos aangeteken in twee verskillende werke :-

| Tvl. N.A.D. Report 1905. | Ethnological Publications.[1] |
|---|---|
| 1. Mokgatla. | 1. - |
| 2. Legabo. | 2. - |
| 3. Pogopi. | 3. - |
| 4. Botlolo. | 4. Masiabaru. |
| 5. Mogale. | 5. Mohale. |
| 6. Phulane. | 6. Phulane. |
| 7. Mosêtlha. | 7. Mosêtlhê @ Tahane. |
| 8. Mushi. | 8. Mmuši. |
| 9. Mathibe. | 9. Setshedi. )<br>9(a) Malebe. ) |

1. Van Warmelo, N.J. 1944. Ethnological Publications. No. 17 p. 4.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Tvl. N.A.D. Report 1905. | Ethnological Publications. |
|---|---|
| 10. Šikwane. | 10. Šikwane. |
| 11. Tladi. | 11. - |
| 12. Mohapi. | 12. - |
| 13. Nchaupe. | 13. Nchaupe @ Tlhabane. |
| 14. Makapan. | 14. Makapan @ Mmankala.<br>14(a) Thipe. |
| 15. Solomon Makapan. | 15 Nchaupe II @ Solomon Makapan. |
| 16. Hendrik Makapan. | 16. Hendrik Makapan. |

Hendrik Makapan is in die tabelle ter voltooiing daarvan deur ons ingesluit.

Hierdie genealogiese tabelle stem nie volkome met mekaar ooreen nie maar het darem treffende punte van ooreenkoms. Na aanleiding van die volgende oorwegings ter ontleding van die tabelle wil ons trag om een aanvaarbare tabel saam te stel :-

1. Die N.A.D. rapport voer die ry van hoofmanne terug na Mokgatla wat ons op grond van sekere gegewens aanvaar het as die grondlegger van die Kgatla-stamme. Van Warmelo begin effens later.

2. Dit gebeur dikwels dat 'n hoofman bekend gaan onder twee name en dit kan dus moontlik wees dat twee name wat in die raamwerk pas dieselfde persoon aandui. Bv. dit is goed moontlik dat Botlolo en Mašiabaru een en dieselfde persoon was. So ook is Tabane en Tahane ongetwyfeld dieselfde naam, ook Mogale en Mohale.

3. Volgens die rapport (selfde verwysplaas) was Tabane en Mogale broers en was Tabane se twee seuns Modise en Setshedi die eerste hoofmanne van die Bakgatla bagaMmakau en bagaMotšha respektiewelik. Volgens Van Warmelo (selfde verwysplaas) was Mosêtlhê, Kgafêla, Makau en Motšha die vier seuns van Phulane en die stigters van die vier Kgatla groepe.

4. Volgens die rapport was Tabane se broer Mogale, die eerste hoofman van die Bakgatla bagaMosêtlha wat hul naam dus aan sy kleinseun Mosêtlha, ontleen. Dit is baie onwaarskynlik; 'n stam dra gewoonlik die naam van sy stigtershoofman.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5. In die een geval word Tabane aangegee as Mogale se broer en in die ander geval word vermoed dat dit die tweede naam was vir Mosêtlhê.

6. Terwyl Van Warmelo twyfel, is dit goed moontlik dat Tabane wel Mogale se broer was en dus nie meer in hierdie spesifieke genealogiese tabel tuishoort nie. Hy kan dus uitgeskakel word.

7. Volgens Van Warmelo [1] word geen besonderhede omtrent Setshedi as hoofman onthou nie maar wel van Malebe. Aangesien in die alternatiewe tabel geen Setshedi voorkom nie en aangesien Setshedi 'n bekende onderhoofnaam onder die BagaMosêtlha is, wil dit voorkom asof hierdie naam per abuis onder die name van hoofmanne ingesluip het. Dit kan ook wees dat hy slegs tydelik opgetree het as regent. As hoofman kan hy dus uitgeskakel word.

8. Aangesien Mushi en Šikwane in albei tabelle ooreenkom en Mathibe (volgens die een bron) of Malebe (volgens die ander bron) tussen hulle kom, kan aanvaar word dat Mathibe en Malebe dieselfde persoon was.

9. Tladi en Mohapi is bekende onderhoof-name onder die BagaMosêtlha. Ten spyte van die feit dat die rapport hulle as betreklik resente hoofmanne aandui, kan die huidige kaptein en ander informante hulle nie in herinnering roep as hoofmanne nie. Dit kan dus aanvaar word dat hier 'n fout (hoewel verklaarbaar) ingesluip het en hulle kan dus ook uit die ry verwyder word.

10. Tot by Phulane was daar slegs een Kgatla-stam want dit kon slegs vanaf die bewind van sy seun Mosêtlhê wees dat daar 'n stam bestaan het wat spesifiek as die Bakgatla bagaMosêtlha bekend sou wees. Van Warmelo se aantekening dat Mosêtlhê die oudste van Phulane se vier seuns was en dat sy ander drie broers (reeds genoem) die grondleggers van die ander Kgatla-groepe was, is dus baie aanneemlik. Dit word trouens ook onderskryf deur getuienis verkry van die huidige kaptein dat die ander Kgatla-groepe hulle oorsprong by Mosêtlha het. Die BagaMmakau en die BagaMotšha erken dat dit so is.

---

1. Van Warmelo, N.J. 1944. Ethnological Publications No. 17. p. 5.

© University of Pretoria    Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



11. Die bewering (hierbo genoem) dat Mogale se broer Tabane, 'n afsonderlike gevolg gehad het en dat sy seuns Modise en Setshedi die grondleggers van die BagaMmakau en BagaMotsha was, moet verwerp word. Tabane en Mogale sou tenminste eers elk 'n groep van hulle eie moes gehad het met eie benaminge en dit word nêrens gevind nie.

12. Van Warmelo noem ook die name van Lehabo, Pogopi en Botlhôlô as vroeëre hoofmanne hoewel hy hulle nie rangskik nie. Hierdie name verskyn ook in die tabel soos aangebied deur die meergenoemde rapport.

In die lig van bg. oorwegings en gevolgtrekkinge kan ons nou oorgaan tot die opstel van een genealogiese tabel van hoofmanne beginnende by Mogale, d.w.s. slegs twee tydvakke voor die totstandkoming van die Bakgatla bagaMosêtlha :-

1. Mogale.
2. Phulane.
3. Mosêtlhê of Mosêtlha.
4. Mushi.
5. Malebe @ Mathibe.
6. Šikwane.
7. Nchaupe I @ Tlhabane.
8. Makapane @ Mmankala.
9. Thipe. (As regent vir Nchaupe II - sien verderaan ) } broers.
10. Nchaupe II @ Solomon Makapan. )
11. Mathibe @ Hendrik Makapan.

Aangesien hierdie studie in hoofsaak nie gaan oor die geskiedenis van die onderhawige stam nie, is geen intensiewe veldwerk wat betrekking het op die geskiedenis, gedoen nie. Sekere navrae is wel gedoen waar meer toeligting nodig was vir bestaande publikasies oor die stam.

Die mees resente navorsing in hierdie verband is gedoen deur Van Warmelo[1] en gaan veral oor die spesifieke geskiedenis van die Bakgatla

---

1. Van Warmelo, N.J. 1944. Ethnological Publications. No. 17 pp. 5 - 11.

© University of Pretoria   Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bagaMosêtlha sedert hulle as onafhanklike groep van die groter Kgatla-groep ontstaan het. Na aanleiding van die informasie wat deur Van Warmelo versamel is en in genoemde werk saamgevat is, wil ons dan kortliks die lotgevalle van die Bakgatla bagaMosêtlha skets.

Ten spyte van die uiteenlopende menings kan met 'n taamlike mate van sekerheid aanvaar word dat die BagaMosêtlha ontstaan het ten tye van hul eertydse hoofman Mosêtlhê. Of die ander groepe gelyktydig of daarna ontstaan het, is vir ons nou nie meer van groot belang nie.

Volgens genoemde studie van Van Warmelo was Mogale en Phulane die laaste twee hoofmanne van die oorspronklike groter Kgatla-groep gedurende hulle verblyf in die omgewing van die huidige woonstede van die Baga-Mosêtlha. Mogale en Phulane is volgens oorleweringe albei hier dood maar niks omtrent hulle word nog onthou nie. Die verloop van gebeurtenisse kan verder beste aangestip word deur die tydvakke van die verskillende meer resente hoofmanne in oënskou te neem.

1. MOSÊTLHÊ se hoofstat was by Malebône, 'n heuwel sowat 8 of 10 myl wes van die huidige dorpie Warmbad. Hier het hy ook gesterwe. Hy het op een geleentheid teen die Ndebele van Mokôpane geveg omdat lg. probeer het om sy beeste te buit. Verder is min omtrent sy bewind bekend.

2. MMUSHI, Mosêtlhê se opvolger, het in dieselfde omgewing gebly. Niks kan uit sy tyd onthou word nie. Dit kan dus aanvaar word dat dit 'n taamlik prosaïese tydvak was want dit is merkwaardig hoedat enige opspraakwekkende gebeurtenis, veral oorloë, in die reël trou bewaar word in die volksoorleweringe en in verband gebring word met die hoofman van die tyd.

3. MALEBE @ MATHIBE het verhuis na Vaalboschbult (Khupong) naby die huidige Pienaarsrivier, d.w.s. nog geensins uit die omgewing van sy voorgangers nie. Malebe het twee seuns gehad by sy hoofvrou nl. Šikwane en Makanye.

4. ŠIKWANE het sy vader opgevolg maar niks word onthou uit sy tydperk nie. Wat wel van belang is, is dat hy die vader was van Nchaupe I (alias

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tlhabane) wat bekend staan as een van die mees legendariese hoofmanne van die Bakgatla bagaMosêtlha. Nchaupe se moeder was Mmanotsepa, 'n dogter uit die koninklike huis van die Bahwaduba (Ndebele), 'n buurstam. Sy was die eerste vrou van koninklike afkoms wat deur 'n Kaptein van die BagaMosêtlha tot vrou geneem is.

By Šikwane se dood was Nchaupe I nog te jonk om te regeer en Makanye (Šikwane se broer) het as regent opgetree. Volgens oorlewe-ringe was dit tydens die bewind van Makanye, wat nog steeds by Khupong gewoon het dat die Ndebele van Mzilikazi vir die eerste maal hul ver-skyning in Transvaal gemaak het. Kort daarna is ook verneem van die Voortrekkers wat in aantog was. Uit vrees het Makanye met nagenoeg die hele stam in 'n noord-westelike rigting,- dieselfde rigting wat Mzilikazi reeds ingeslaan het, - gevlug. Hulle het tot oorkant die Ngôtwane rivier gevlug en hier het die stam gesplits omdat daar nie eenstemmigheid bereik kon word oor waarheen verder gegaan moes word nie. Makanye het met 'n klein gevolg verder gegaan en hom vermoedelik in Ngamiland gaan vestig. Dit kan ook wees dat hy na die gebied van die Bamangwato of selfs na Barotseland gegaan het.

5. NCHAUPE I het na Makanye se vertrek die bestuur self oorgeneem en dus sy plek as hoofman van die grootste gedeelte van die stam (wat agtergebly het) ingeneem. Hy het teruggetrek in die rigting van die ou woongebied maar het ten noorde van die Waterberge gehou en uiteindelik die gebied van die Langa Ndebele van Mankôpane[1] bereik. Hier het die BagaMosêtlha hulle gevestig en in vrede saam met genoemde Ndebele gewoon totdat hulle na 'n geruime tyd teruggetrek het na hul ou woonstede suid van die Waterberge. Een afdeling, die Kgôrô van Khunwana het aanvanklik agtergebly maar het later weer gaan aansluit by hulle stamgenote.

Nchaupe I het hom by Mmamudu in die teenswoordige lokasie gaan vestig. Dit is 'n plek dig by die huidige kaptein se hoofkwartier. Nchaupe I het lank regeer en gedurende sy tyd het ook baie gebeur. Hy

---

1. In die omgewing van die huidige Potgietersrust.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het baie gereis en het afgeleë plekke besoek. Op sy versoek het die Hermannsburgse sending hul werk onder die BagaMosêtlha begin in 1867. Die eerste sendeling was Eerw. Chr. Backeberg.

Nchaupe het vermoedelik drie vroue gehad o.a. Mmantshôlê, dogter van Tshêkê van die koninklike Kgoro BagaSetshedi. Uit hierdie huis is Makapane,[1] Nchaupe I se opvolger gebore. 'n Dogter van hierdie huis, Ntshôlê, het later die vrou geword van Motsepe, die hoofman van die Bakgatla bagaMmakau. Hierdie vertroulike betrekkinge met susterstamme is 'n verskynsel wat sig op ander geleenthede ook openbaar het.

Gedurende Nchaupe I se bewind het die stam verspreid geraak dog nie hulle samehorigheid verloor nie. As gevolg van hul vrees vir die Boere en ook as gevolg van die skaarste aan water by Mosêtlha (want so was die hoofstat toe reeds bekend) het 'n groot gedeelte van die stam in 1874 weggetrek na Mabotse op die plaas Waterval 1316 sowat 25 myl ten noord-weste van Rooiberg. Hul sendingleraar, Eerw. Reichelmann en gesin, het hulle daarheen vergesel. Nchaupe het met 'n ander gedeelte van die stam by Mosêtlha agtergebly. Sy seun Makapane het egter saamgegaan met die emigrante en by Mabotse vir 6 jaar lank as hulle hoofman opgetree. Aan die einde van die 6 jaar is hy nog voor sy vader oorlede. Die emigrante kon dit as gevolg van malaria nie lank by Mabotse uithou nie en teen ca. 1880 ('n jaar na Makapane se dood) het hulle die plek verlaat en hulle gaan vestig by Ntshwahatsane op die plaas Klippoortjie 337 onmiddelik ten Noorde van Haakdoornlaagte 339.

6. MAKAPANE het dus gelyktydig met sy vader oor 'n gedeelte van die stam regeer. By sy dood was sy seun en opvolger Thipe nog te jonk om sy plek in te neem en Makapane se jonger broer, Mathibe het as regent opgetree. Teen ca. 1885 was Thipe oud genoeg vir die troon maar Mathibe wou nie daarvan afstand doen nie. Toe hy gedwing is om dit te doen

1. Die regte vorm van die naam is eintlik Mankôpane want hy is genoem na die Langa Ndebele hoofman. Die Volksmond het dit egter verander na Makapane en later na Makapan.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het hy met 'n gevolg weggetrek en hom op die plaas Noodshulp 329, onmiddelik ten suid-weste van Warmbad gaan vestig. Hierdie groep het egter teruggekom na die stam en woon tans by Ngobi (Vogelstruispan 740) onder die onderhoof Salatiel, (kleinseun van Mathibe).

Daar dien nog op gelet te word dat Makapane se hoofvrou Mmakuba was, die dogter van Tshêkô uit die Kgôrô van Khuramasunyeng van die stam self. Sy was dan ook die moeder van Thipe en Nchaupe II @ Solomon. Lg. sou later as tweede seun volgens stamgebruik sy grootvader, Nchaupe I opvolg omdat sy die vader die stam verlaat het.[1]

Makapane het ook nog 'n hele aantal ander vroue gehad o.a. Mmaserufo dogter van die hoofman Maubane van die Bakgatla bagaMotšha (Sic!) en Sibakiswane dogter van Mankôpane, hoofman van die Ndebele van Makôpane.

7. THIPE het vir nog 'n jaar na die skeiding met Mathibe, by Ntshwahatsane gebly en toe in 1886 teruggetrek na sy oorspronklike tuiste by die huidige lokasie. Nchaupe I is in 1884 oorlede, d.w.s. twee jaar voor Thipe se terugkoms. Aangesien sy broer Nchaupe II @ Solomon, en regmatige opvolger van Nchaupe I, toe nog minderjarig was, het Thipe opgetree as regent van die herenigde BagaMosêtlha. Hy is teen ongeveer 1893 oorlede. Hierna het sy weduwee (Hoofvrou) Ntebeng ageer as regent tot 1899.

8. NCHAUPE II. In Oktober 1899 het Nchaupe II @ Solomon @ Tlhabane, kleinseun van Nchaupe I en tweede seun van Makapane, hoofman geword. 'n Sekere seksie van die stam was nie tevrede met die opvolging nie en wou teenstrydig met die tradisie hê dat die opvolger uit die huis van Thipe moes kom. Genoemde tradisie het natuurlik selde in die gedrang gekom aangesien dit nie te dikwels nodig was om dit van krag te maak nie. Dit kon dus maklik in onbruik raak. In hierdie geval het die stam duidelik te kenne gegee dat hulle so 'n rare verskynsel nie meer wou erken nie. So erg was die gevoelens teen hierdie tradisie-

---


1. Vgl. hoe Kwena as tweede seun van Malope sy grootvader Masilo I opgevolg het as hoofman van die Bahurutshe. p. 6.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

# HOOFMANNE VAN DIE BAGAMOSĔTLHA



*Agter: Raadslede Moeng, Moditse, Tladi, Letlhanyego.*
*Voor: Hoofman Thipe, en vrou Mampei Makapan.*
*(Oorlede in 1893). (Tweede vrou).*



*Nchaupe II, alias Solomon.*
*(Oorlede in 1911).*



*Huidige hoofman, Hendrik Makapan.*
*(1927 — vandag).*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nele gebruik dat daar op 14 April 1904[1] na 'n lang maar vrugtelose vergadering burgeroorlog ontstaan het tussen die ondersteuners van Nchaupe II en dié van Ntebeng (Weduwee van Thipe). Ntebeng het die hulp van die blanke regering ingeroep, Nchaupe II was gearresteer maar na 'n ondersoek is hy tog deur die blanke owerheid as die wettige hoofman aangewys en ook as sulks erken. Dit was in Mei 1904. In Junie van dieselfde jaar was daar weer 'n uitbarsting en Ntebeng het na die naburige Hwaduba-stam gevlug. Op 24 Junie het die Bahwaduba 'n verrassingsaanval op Mosêtlha gemaak met die doel om Ntebeng as hoof van die stam te herstel. Op 25 Junie was daar weer 'n geveg en op 28 Junie het die BagaMosêtlha die Bahwaduba aangeval. Na nog verdere skermutselinge tussen hierdie twee stamme wat geduur het tot Augustus van dieselfde jaar, het 'n mag van 300 blankes hul opwagting gemaak in die gebied en 'n einde gemaak aan die vyandelikhede. Nchaupe II het toe in vrede regeer tot sy dood in 1911. Hy was 'n Christen en het net een vrou gehad nl. Perisila, dogter van Tšhimo van die Kgôrô van Tladi uit die stam self.

By die dood van Nchaupe II was sy seun Mathibe @ Hendrik Makapan[2] nog minderjarig en eg. se broer, Diratsahae het as regent opgetree tot Augustus 1927 toe Hendrik ingesweer is as Hoofman. Mathibe @ Hendrik, is vandag nog op 47-jarige leeftyd die hoofman.

9. HENDRIK MAKAPAN is ook 'n Christen[3] en het een vrou, Dikeledi, dogter van Ofentse Pilane hoofman van die Bakgatla bagaKgafêla van Pilansberg. Met hierdie huwelik het ons te doen met 'n derde geleentheid waarop Kgatla hoofmanne hulle tot ander verwante Kgatla-stamme gewend het by die keuse van 'n vrou.

---

1. Die besonderhede en datums wat in hierdie werk gegee word en betrekking het op die geskiedenis vanaf die koms van die Sendelinge in 1867, kan met vrymoedigheid as juis aanvaar word. Dit is aangeteken in die Kerkgeskiedenis van Mosêtlha en in „Hannoversche - Missiongeschichte" deur Georg Haccius, Hermanusburg 1914. Vriendelike hulp is van Eerw. F. Dehnke in hierdie verband ontvang.

2. Die naam Makapan word nog deur Hendrik gebruik as van en sal waarskynlik voortaan behou word as familienaam.

3. Was eers lid van die N.G. Kerk maar behoort nou aan die Anglikaanse Kerk.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hendrik Makapan het heelwat onderwys geniet. Nadat hy Sub. Std. B in die Kerkskool, Mosêtlha, geslaag het is hy na Kilnerton[1] waar hy die res van die laerskool-leerplan deurloop het en ook 'n driejarige onderwyserskursus gevolg het. Hy is dus 'n gekwalifiseerde Naturelleonderwyser. Hierna is hy vir 2 jaar na die Trafalgar Public Coloured School, Kaapstad, waar hy ook die Junior-sertifikaat verwerf het. Sy vrou het, nadat sy die Std. VI eksamen te Saulspoort (Pilansberg) geslaag het, 'n tweejarige opleiding in Huishoudkunde en Naaldwerk geniet. Die egpaar het reeds 5 kinders (4 seuns en 1 dogter). Die oudste seun heet Thipe.

Die ou lewensomstandighede het vir die Bakgatla bagaMosêtlha, net soos vir alle ander Suid-Bantoestamme geleidelik verbygegaan. Baie van die tradisionele stamgebruike word weliswaar nog gehandhaaf maar die onsekere en onbestendige bestaan van die verlede het plek gemaak vir bestendigheid en stabiliteit. Die tyd van oorloë en strooptogte, van volksverhuisings en swerftogte, van verbrokkeling en allerlei nasionale rampe is verby. 'n Nuwe tydvak wat nuwe omstandighede meegebring het, met nuwe beperkinge en bepalings, wat nuwe eise stel en die menslike vermoëns vir nuwe doeleindes wil benut, het ingetree. By die Bakgatla bagaMosêtlha het hierdie tydvak begin met die koms van die eerste sendelinge na hulle gebied. Van daardie tydstip af het die volksgeskiedenis 'n nuwe wending geneem en was dit bestemd om na verdere geslagte 'n ander inhoud te hê en geheel anders te lees as dié van die vorige tydperk.

Nchaupe I moes nog swerf met sy volgelinge en na lang omwandelinge vir 'n tydlank vertoef by Mankôpane van die Langa Ndebele (Makôpane). Asof dit teenstrydig sou wees met die Voorsienigheid se bestemming vir volkere, kon die Kgatla, ten spyte van hulle goeie betrekkinge met genoemde Ndebele, nie 'n integrale deel van hierdie stam word nie en het Nchaupe op geleë tyd teruggegaan na die landpale

1. Opleidingsinrigting vir Naturelle-onderwysers waaraan ook 'n laerskool verbonde is, naby Pretoria. Die inrigting staan onder beheer van die Metodiste kerk.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat Makanye (sy voorganger) volgens gewoonte by die geringste provokasie verlaat het. Reeds by hierdie hoofman (Nchaupe) was daar 'n begeerte om af te sien van die nomadiese neiginge van die Bantoestamme van sy tyd. Sy strewe was om 'n vaste en eie woongebied vir sy stam te verkry waarop hy op grond van jarelange okkupasie, met reg sou kon aanspraak maak as die nasionale eiendom van sy stam; 'n gebied wat, indien hy nie instaat was om dit te ontwikkel nie, dan ten minste beskerm sou word en behou sou word as erfenis vir die nageslag. Sy goeie bedoelinge ten spyt, moes Nchaupe I op hoë ouderdom vir oulaas nog beleef dat die samehorigheid van sy stam bedreig word deur die grootskaalse emigrasie na Mabotse onder leiding van sy eie seun Makapane. Die noodlot het dit egter so beskik dat daardie samehorigheid wat hy as kleinood wou bewaar, tog weer herstel is, al was dit ook na sy dood.

In resente jare nog het verdere verbrokkeling van die stam gedreig deurdat Mathibe nie die bestuur aan Thipe wou afstaan nie. Burgeroorlog het skaars 50 jaar gelede nog ontstaan as gevolg van Ntebeng se ambisies om die opvolging van Nchaupe II. Maar gedurende die afgelope vier of vyf dekades het daar vir goed 'n einde gekom aan die eertydse gevare vir die stam se solidariteit hoofsaaklik as gevolg van indirekte blanke bestuur.

Een van die eerste take van die blanke okkupeerders van Transvaal was om die grond af te baken en amptelike erkenning te verleen aan regmatige eienaars (vgl. hst. 8). Die onbewoonde gebiede wat voorheen algemeen erken was as niemandsland en deur enige groep of indiwidu ter enigertyd kon beset en aan homself toegeëien kon word, het nuwe status gekry. Sekere gebiede is erken as die eiendom van hul natuurlike eienaars, ander gebiede is aan persone of groepe toegesê, nog ander gebiede is gekoop en in besit geneem en wat oorgebly het is beskou as kroongronde en as sodanig beskerm tot tyd en wyl dit ook nodig sou wees om te voorsien in die behoeftes van die toenemende Blanke- sowel as Naturellebevolking. Daar het grense gekom wat elkeen moes erken en eerbiedig en verontagsaming van hierdie grense het

© University of Pretoria   Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ernstige optrede van owerheidsweë ontlok.

Ook die woongebiede van alle Naturellestamme is vasgestel. Elke stuk grond het sy geregistreerde eienaar gekry en voortaan sou dit nie meer moontlik wees om vrye teuels te gee aan die drang na nuwe tuistes nie. Die wette van die witman het die vryheid van Bantoevolksbewegings aan bande gelê. Die ou gebruik van ambisieuse jonger broers van troonopvolgers of regente vir laasgenoemdes, om met 'n klompie aanhangers weg te trek en elders 'n onafhanklike bestaan te gaan voer is grootliks uitgeskakel. Origens hou die blanke regering wag oor die opvolging van hoofmanne en dra sorg dat die persone wat volgens tradisionele stamgebruik die aangewese hoofmanne is, hul regmatige plekke inneem. Die plaaslike gesag oor hul onderdane is die hoofmanne geensins ontneem nie. Met hulle raadslede word die hoofmanne aanvaar as die erkende leiers van hul volk. Die Naturellegebiede vorm egter 'n integrale deel van die land waaroor die blanke regering direkte beheer uitoefen (vgl. hst. 2) en om dié rede moet hy ook indirekte leiding en hulp gee aan die Naturelle-hoofmanne. Die omstandighede en nuwe behoeftes wat met die blanke beskawing gekom het maak sodanige hulp en leiding des te meer noodsaaklik.

Samevattend het die bepalings van die blanke owerheid die volgende kardinale veranderinge vir alle Bantoestamme, en in die besonder vir die Bakgatla bagaMosêtlha meegebring: (Vgl. Deel III van die Studie) :-

(a) Die stamgebied is afgebaken en vaste grense is neergelê.

(b) Die vernaamste lewenswerk van 'n man, nl. om oorlog te voer en beeste te buit - en dit sluit ook in die beskerming van die stam teen aanvallers - is uitgeskakel en hy is dus daarvan onthef.

(c) Groot volksverhuisings van een woongebied na 'n ander, is deur die vasstelling van grense onmoontlik gemaak.

(d) Die kaptein in wie die hoogste plaaslike gesag verpersoonlik is, se posisie is gekonsolideer en word beskerm. Ook by die opvolging is onreëlmatighede en tweedrag wat kan ontstaan byna geheel

© University of Pretoria    Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitgeskakel.

(e) Terwyl die mans onthef is van hul vernaamste funksie moet nuwe werk vir hulle gevind word om te doen.

(f) 'n Groot gedeelte van die vrouens se tradisionele werk is by gebrek aan ander tydverdryf, deur die mans oorgeneem en laat daardeur ook die hande van die vroue leër as wat hulle was.

(g) Mans sowel as vroue moet nuwe verpligtinge en verantwoordelikhede kry om sodanige pligte as wat vir hulle oorgebly het aan te vul.

(h) 'n Nuwe ekonomiese stelsel is meegebring waarin sekere bepaalde middele (geld) 'n vername rol speel en dus op die een of ander manier bekom moet word.

(i) Almal moet anders as voorheen tot 'n sentrale fonds of fondse deur belastings en heffings bydra vir sekere nuwe gemeenskapsdienste soos onderwys, mediese behandeling, paaie, watervoorsiening e.d.m.

Die uitwerking wat hierdie veranderde omstandighede op die ekonomiese en sosiale lewe van die Bakgatla bagaMosêtlha gehad het, sal weerspieël word in die hoofstukke wat volg. Op hierdie stadium kan ter afsluiting van die stamgeskiedenis net kortliks aangestip word wat die reaksie was van Hendrik Makapan, die huidige hoofman.

Aangesien die landsowerheid sig ook bemoei met die algemene welvaart van die stamgebied, en deur indirekte bestuur die hoofman alle steun en bystand verleen, moreel sowel as materieël, is Hendrik Makapan instaat om veel meer te doen vir die vooruitgang en welsyn van die stam as sy voorgangers. Soos reeds aangetoon word hierdie steun van owerheidsweë aan alle hoofmanne verleen en diegene wat hoë ideale vir hulle stamme daarop nahou en dit ook met erns nastreef, kan met genoemde hulp hul name in goue letters skryf in die geskiedenis van die stam. Waar die hoofmanne van vroeër roem moes verwerf op die oorlogsveld en deur die omvang van die buit, is die huidige kapteins in 'n posisie om konstruktiewe werk te doen wat tot blywende voordeel van die stam kan wees. Van hierdie geleenthede maak sommige hoof-

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



manne tot 'n mindere en ander tot 'n meerdere mate gebruik. Die welvaart van 'n stam hang baie af van die ambisie en wellewendheid van sy hoofman. Hierdie eienskappe word weer grootliks bepaal deur die agtergrond, opvoeding en verligting van die hoofman.

As gevolg van sy inherente voortreflike eienskappe gerugsteun deur die betreklik onvankryke opvoeding wat hy gehad het, is Hendrik Makapan ongetwyfeld een van die mees vooruitstrewende Naturellehoofmanne in die land en 'n waardige erfgenaam van die geëerde grondleggers en bouers van die stam wat hy vandag lei. Sy opregte en onvermoeide strewe na die vooruitgang en opheffing van sy stam, sy weersin vir sosiale euwels, sy beywering vir die opvoeding ens. dui alles daarop dat dit hom aan bevoegdheid vir sy amp geensins ontbreek nie en dat hy inderdaad geen nominale hoof op wasneus is nie. Die eienskappe van die trotse en hooggeagte Bahurutshe waaruit hy spruit en dié van sy gewaardeerde meer resente voorvaders word duidelik in sy lewe en strewe weerspieël.[1] Sy voortreflikheid as hoofman moet veral toegeskryf word aan sy sterk persoonlikheid waarvan sy besliste, dog enigsins diplomatiese optrede miskien die vernaamste kenmerk is. Dikwels het hy al bewondering afgedwing vir sy goeie begrip van 'n situasie en die ferme dog verstandige houding wat hy kan inneem selfs onder die mees dilikate omstandighede. Geen „alwyse" lid van sy stam het al daarin geslaag om met naïwe revolusionêre idees 'n ongewenste gees in die stamgebied te laat posvat nie. Hy is verder daarvan bewus dat sy stam nog niks as vooruitgang beleef het nie en dat die toekoms nog groot moontlikhede inhou sonder dat vreemde leerstellinge juis veel sal kan bydra tot die bereiking daarvan. Hy slaag volkome daarin om die vrygestelde energie (sien terug) van sy stam in te span vir moderne opbouingswerk.

Waar die geskiedenis van vroeëre hoofmanne van die Bakgatla bagaMosêtlha hoofsaaklik bestaan het uit die en daardie oorlog of die en daardie volksverhuising sal die nageslag van opheffingswerk en vooruitgang leer uit die tyd van Hendrik Makapan.

---

1. Dit word vertel dat die Bahurutshe die eerste sendelinge van die Hermanusburgse sending in Natal gaan haal het met 'n ossewa en dat Nchaupe I hulle weer op sy beurt in Lehurutshe gaan nooi het om ook by Mosêtlha te kom werk.

© University of Pretoria   Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK II.

## WOONGEBIED EN STAMORGANISASIE.

Ter verdere introduksie tot die stam word die volgende besonderhede in hierdie hoofstuk bespreek :

(a) 'n Analise van die stamgebied.

(b) Die belangrikste sosiale groeperinge onder vroeëre omstandighede met verwysing na die vernaamste wysiginge wat dit ondergaan het en,

(c) Die wyse waarop die politieke stelsel daarop geanker is, vir sover as wat dit verband hou met die onderwerp.

Die huidige omstandighede in sover dit woongebied en stamorganisasie betref word dan ook hier afgehandel ter voorbereiding van Deel III van die studie waarin alleen op die ekonomiese aspek ingegaan word.

## I. WOONGEBIED.

Die hoofkwartier van die Bakgatla bagaMosêtlha is by Makapanstat (ook bekend as Mosêtlha) op die plaas Goedgewaagd 465 in die distrik van Pretoria. Dit is geleë 20 myl ten noord-weste van Hammanskraal en 45 myl van Pretoria . 'n Goedgemaakte provinsiale pad lei tot by die woonplek van die hoofman en gaan verder deur die stamgebied na Leeuwpoort.

Bygaande sketskaart toon die woongebied skematies aan. Die grense van verdeelde plase is nie akkuraat aangedui nie maar toon by benadering die gedeeltes wat deur die onderhawige stam besit en bewoon word.[1]

Dit is onseker hoe groot die gebied was wat die stam bewoon het by die koms van die Blankes maar volgens oorleweringe wil dit voorkom of hulle gekonsentreerd gewoon het op die gebied wat vandag bekend staan as die plaas Goedgewaagd 465. Die gebied wat ten minste sedert Unie (1910) bekend was as Makapan se lokasie bestaan egter uit genoemde Goedgewaagd 465 en verskeie ander aangrensende plase en wel uit die volgende :[2]

---

1. Besonderhede omtrent gedeeltes van plase verkry van die Naturellekommissaris, Hammanskraal, en grenslyne van die kantoor van die Landmeter-generaal, Pretoria.

2. Amptelike publikasie : Hersiene wette. 1913 - 1916, p. 346.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | |
|---|---|---|
| 1. | Goedgewaagd 465 (gedeelte) ........... | 3,750 morge. |
| 2. | Bles (gedeelte) ...................... | 2,090 morge. |
| 3. | Haakdoornfontein (gedeelte) .......... | 1,000 morge. |
| 4. | Boschbult ............................ | 2,286 morge. |
| 5. | Wildebeeskuil (gedeelte) ............. | 1,680 morge. |
| 6. | Rhenosterdrift (gedeelte) ............ | 922 morge. |
| | Totale oppervlakte : | 11,728 morge. |

Hoewel hierdie gebied vandag nog spesifiek as „Makapanslokasie" bekend staan het die benaming eintlik geen betekenis nie aangesien die woongebied soos die sketskaart aandui, gedurende later jare aansienlik uitgebrei het.

Onder die Naturelle Trust- en Grondwet No. 18 van 1936 [1] is 'n aantal plase ten suide, ten weste en ten noorde van die oorspronklike lokasie deur die landsowerheid as vrygestelde gebiede verklaar en dit kon gevolglik deur Naturelle gekoop word of as trustgebiede deur die Owerheid vir Naturelle-stamme aangekoop word. Soos ook in ander dele van die land waar grond vrygestel is om deur naturelle gekoop te word, vind ons in die omgewing van Mosêtlha vier tipes van Naturelle-grondeienaars nl.

1. Individuele kopers wat gewoonlik opgemete kleinhoewes van 5 - 10 morge koop soos by Winterveld. Daar is ook uitsonderlike gevalle waar 'n vermoënde Naturel 'n onverdeelde plaas of 'n aansienlike gedeelte daarvan alleen koop.

2. Gemengde Sindikate d.w.s. 'n groep Naturelle wat nie noodwendig enige onderlinge verwantskap het nie, wat gesamentlik 'n onverdeelde plaas koop. Elke lid van so 'n sindikaat kry dan kaart en transport vir 'n bepaalde onopgemete gedeelte van die plaas.

3. Homogene Sindikate bestaande uit lede van een en dieselfde stam. Dit is egter 'n private onderneming en het niks te doene met die stam as geheel nie. Lede van so 'n sindikaat behou egter hulle stamverwantskap en aanvaar die gesag van die Stamhoof.

---

1. Rogers, H. 1949. Native Administration in the Union of South Africa. (Revised 2nd Ed.) p. 148.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4. Die Stam as geheel. In hierdie geval neem die stamhoof die inisiatief vir die aankoop van grond. Die uitbreiding van die stamgronde word deur die hoofman met sy raadslede (Vgl. p. 54) bespreek en die bydrae wat van elke lid van die stam verwag sal word, word tentatief vasgestel. As die planne mooi agtermekaar is, word dit voor 'n stamvergadering gelê. Indien almal na deeglike oorweging en bespreking eens is, word by 'n volgende stamvergadering 'n stamresolusie in hierdie verband geneem in die teenwoordigheid van die Naturellekommissaris. Hierdie resolusie sal o.a. insluit 'n spesiale heffing op elke lid van die stam vir die doel waarvoor die geld benodig word. Die hoofman is verantwoordelik vir die insameling van die geld maar moet alle gelde wat hy ontvang by die Naturellekommissaris inbetaal. Lg. hou die geld in bewaring en is die kaptein behulpsaam by die deursit van die transaksie. Alle stamlede kom nie hulle verpligtinge onmiddelik na nie en gewoonlik word die grond aangekoop sodra daar genoeg fondse is om die vereiste deposito te betaal. Die verband word dan afbetaal al na gelang die gelde inkom.

Die heffing is in hierdie geval van toepassing op alle belastingbetalers behorende tot die stam afgesien van waar hulle hul mag bevind. Die feit dat 'n manlike lid van die stam elders werk en al sou hy die stamgrond nie benut nie, onthef hom geensins van sy plig in hierdie verband nie. Ook diegene wat as lede van 'n private sindikaat reeds self grondbesitters is, word nie vrygestel nie. Aangesien almal dan moet bydra is die grond stamgronde, dit is nasionale eiendom.

Van die bestaande geleenthede om meer grond te bekom het die Bakgatla bagaMosêtlha reeds ruim gebruik gemaak. Daar is weliswaar lede van die stam wat by gemengde sindikate aangesluit het of wat 'n eie kleinhoewe aangeskaf het maar sodanige gronde is nie van nasionale belang nie en ons wil die aandag slegs bepaal by gronde wat aangekoop is deur :

(a) Die stam as geheel (Stamgronde).

(b) Suiwer Kgatla-sindikate.

(c) Die Departement van Naturellesake in Trust vir die Stam (Trustgronde).

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alle gronde wat op bg. wyse bekom is en tot die oorspronklike woongebied gevoeg is, vorm saam die stamgebied maar is nie alles in die regte sin van die woord stamgronde nie. Dit is egter alles nasionale eiendom net soos die private gronde van enige blanke grondeienaar die nasionale eiendom van Suid-Afrika is. Die kaptein en sy raadslede oefen direkte beheer uit oor stamgronde (kroongronde) d.w.s. hulle bepaal die grootte van elkeen se land, die gedeeltes wat vir weiding afgesonder moet word, die woonbuurtes ens. Die Departement van Naturellesake oefen in oorleg met die hoofman dieselfde beheer uit oor trustgronde. Sindikate het altyd 'n leier en hy oefen in oorleg met sy medekopers beheer uit oor die grond wat aan die bepaalde sindikaat behoort. Dit gebeur dikwels dat daar onenigheid ontstaan onder lede van 'n sindikaat met betrekking tot die gebruik van hul grond en dan word die geskille na die stamhoof geneem om te besleg. Dit toon aan dat die hoofman dikwels soos enige landsowerheid ook 'n mate van beheer uitoefen oor die private eiendom van sy onderdane.

Die Bakgatla bagaMosêtlha is besonder ambisieus wat betref die uitbreiding van hul woongebied en die volgende besonderhede dui die omvang van die huidige stamgebied aan :-

(a) Suiwer Kgatla Sindikate [1]

1. Legkraal 188 (gedeelte) .................... 981 morge.
2. Transactie 939 .......................... 3,055 morge.
3. Van Heining 759 ......................... 4,022 morge.
4. Haakdoornkraal 768 ...................... 3,498 morge.
5. Kromkuil 122 (Gedeelte Privaat) ......... 100 morge.
6. Flinksdrift 119 (gedeelte) .............. 1,066 morge.
7. Leeukraal 414 (gedeelte) ................ 2,145 morge.

Totaal .............14,867 morge.

---

1. Besonderhede van die tipe plaas en die grootte in morge is verkry van die Naturellekommissaris Hammanskraal. Die tipe plase is deur die kaptein bevestig.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) Stamgronde (Stamplase).

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Goedgewaagd 465 (gedeelte) ................ | 2,790 morge. |
| 2. | Goedgewaagd 624 (gedeelte) ................ | 850 morge. |
| 3. | Boschbult 78 ............................. | 2,400 morge. |
| 4. | De Putten 797 ............................ | 3,524 morge. |
| 5. | Haakdoornbult 344 (gedeelte) .............. | 2,187 morge. |
| 6. | Haakdoornfontein 77 (gedeelte) ........... | 1,000 morge. |
| 7. | Buffelsdrift 131 (gedeelte) ............... | 2,431 morge. |
| 8. | Rhenosterdrift 375 (gedeelte) ............. | 922 morge. |
| 9. | Syferpan 612 ............................. | 898 morge. |
| 10. | Vogelstruispan 740 ........................ | 3,709 morge. |
| 11. | Welgelegen 757 ........................... | 1,990 morge. |
| 12. | Wildebeeskuil 8 (gedeelte)................. | 1,680 morge. |
| | Totaal : | 24,381 morge. |

(c) Trustgronde (vir die BagaMosêtlha).

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Goedgewaagd 465 (ander gedeelte) .......... | 960 morge. |
| 2. | Bles ..................................... | 2,090 morge. |
| 3. | Slagboom 1190 ............................ | 2,107 morge. |
| | Totaal : | 5,157 morge. |

Samevattend is die totale grootte van die stamgebied dus soos volg :

| | | | |
|---|---|---|---|
| (i) | Suiwer Kgatla sindikate ............. | 14,867 morge | d.i. 33½%. |
| (ii) | Stamgronde ......................... | 24,381 morge | d.i. 55%. |
| (iii) | Trustgronde ........................ | 5,157 morge | d.i. 11½%. |
| | Totaal : | 44,405 morge. | |

Die huidige markwaarde van die stamgebied kan gestel word op £8 per morg.[1] D.w.s. die totale waarde van die gebied kan gestel word op £355,240, en mag as gevolg van die steeds stygende pryse van gronde binne een of twee dekades nagenoeg 'n halfmiljoen pond werd wees.

Daar dien op gelet te word dat blanke eienaars van vrygestelde plase in die omgewing op hierdie stadium nog nie verplig is om hul gronde

---

1. Mnr. M.J. Engelbrecht, die huidige eienaar van die restante gedeelte van die vrygestelde plaas Leeukraal, is in 1950 deur die Departement van Naturellesake £8 per morg aangebied vir genoemde plaas. Hy het geweier om te verkoop.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te verkoop as hul verkies om dit langer te hou nie. Meeste van die aangrensende vrygestelde plase sou reeds tot die stamgebied toegevoeg gewees het indien die eienaars te vinde was om te verkoop want die stam sowel as die Naturelletrustfonds is gereed om te koop.[1] Aangesien uitbreiding van die stamgebied egter nog nie dringend noodsaaklik is nie, het die regering nog nie tot onteiening oorgegaan nie. Op geleë tyd sal die gronde egter onteien word en dit is goed moontlik dat die stamgebied vergroot kan word tot nagenoeg 100,000 morge.

Fisiese Kenmerke van Stamgebied:

Die stamgebied van die Bakgatla bagaMosêtlha is tipiese Transvaalse middelveld. Die noordelike en westelike gedeeltes is nog dig bebos terwyl die bosse in die sentrale gedeelte, d.w.s. die ouere gedeelte, tot 'n groot mate uitgeroei is, vermoedelik vir gebruik as brandhout en by die bou van hutte.[2] Die gebied is betreklik gelyk sonder enige heuwels of noemenswaardige bulte. Daar is feitlik geen waterskeiding nie en die enigste wat in hierdie verband genoem kan word is geleidelike hellings in die rigting van die riviere. Die Pienaarsrivier loop van Oos na Wes (en later Noord) deur die gebied. Die Apies- en Platriviere wat in die Pienaarsrivier uitmond gaan ook deur 'n gedeelte van die stamgebied (sien kaart). Hierdie riviere is nie een standhoudend nie maar kom gedurende die somermaande dikwels af en as gevolg hiervan is daar (droogtejare uitgesluit) altyd kuile wat dwarsdeur die jaar water het en wat voorsien in suiping vir die vee. Die Apiesrivier het bowendien gedurende die somermaande altyd 'n stroompie water wat dan ook die Pienaarsrivier voed. Van genoemde drie riviere is die Apiesrivier vir die gebied die voordeligste. Hoewel die water in die rivierbeddings en op sommige plekke ook langs die oewers vlak is, is daar in die hele gebied geen standhoudende fonteine nie. Behalwe die riviere is die enigste ander watervoorsiening boorgate of putte. (Sien Hst. 14).

1. Informasie van die Hoofkantoor, Departement van Naturellesake en van Hoofman Hendrik Makapan.

2. Vroeër was houtpale gebruik by die konstruksie van mure. Hierdie metode van bou het egter in onbruik geraak. (Vgl. hoofstukke 5 en 10).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vleie wat veral baie waardevol is as weiding word aan die oewers van die Apiesrivier gevind. Die buitewyke van hierdie vleie word ook vir landboudoeleindes benut.

Bodemgesteldheid en Plantegroei:

Die grond is orals diep en wissel van 'n sanderige leem tot baie vrugbare rooi en swart turf. Die sanderige gedeeltes is bietjie suur en hoewel dit in goeie weiding voorsien gedurende die somermaande is dit as sodanig nie van veel waarde in die winter nie. Dit is egter koel en word met sukses benut as saailande veral as die reënval die jaar nie te goed is nie. Die turfgedeeltes is die mees waardevolle grond in die gebied. Dit is die beste bougrond hoewel die gesaaides hier gou kwyn as die reën buitegewoon lank wegbly. Die buffelsgras (Pennisetum sphacelatum) wat in hierdie tipe grond groei word beskou as die allerbeste vir weiding.

Nagenoeg elke morg grond in die stamgebied is beboubaar. As gevolg van die gelyk vlaktes waaruit die gebied bestaan en as gevolg van die bosse en struike wat orals aangetref word het erosie ook nog geen noemenswaardige afmetings aangeneem nie. Erosie word slegs aangetref op sommige plekke naby die rivieroewers waar die helling na die rivier in skuinste toeneem. Die riviere en die omgewing leen sigself nie vir die bou van groot damme en ambisieuse besproeiingskemas nie. Waterbewaring op 'n aansienlike skaal is egter wel moontlik. Die gebied is op vee- en droëlandboerdery aangewese.

In die tans nog beboste gedeeltes word 'n groot verskeidenheid wilde bome aangetref o.a. maroela (Sclerocarya Caffra), boekenhout (Rapanea melanophleos), wilde sering (Burkea africana), die witgatboom of mohlopi (Boscia albitrunea), Wag-'n-bietjie - (Acacia Caffra) ens. Benewens bg. is daar ook verskillende soorte doringbome wat veral in die turfgedeeltes groei. Die mees algemene doringbome (wat dikwels ook digte bosse is, is die soetdoring (Acacia karroo), die sekeldoring (Dichrostachus Glommerata), die blouhaak of haakdoring (Acacia detinens) en die haak-en-steek (Acacia heteracantha of Acacia litakunenses).[1] Die haak-en-steek word aangetref in

1. Alle wetenskaplike name van gewasse is verkry van die Nasionale Herbaruim, Pretoria. Waar daar twyfel bestaan het is die gewas ook hier identifiseer.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die vorm van 'n groot doringboom (mosu) of as 'n struik (moswana). Dit is gewoonlik wanneer hierdie doringboom afgekap word dat hy 'n nuttelose en enigsins gevaarlike struik vorm; gevaarlik in dié sin dat dit vervuil en waardevolle veld geheel kan inneem. Dit is trouens wat reeds gebeur het in die ou sentrale gedeelte van die stamgebied. Hier word groot gedeeltes (nagenoeg 400 morge) aangetref wat totaal waardeloos is as gevolg van genoemde doringstruik.


Die haak-en-steek struik groei so dig teen mekaar dat mens en dier beswaarlik daartussen kan beweeg. Origens put dit die grond uit sodat daar ook geen gras groei nie. Hierdie struik moet beskou word as 'n ramp wat die gebied getref het. Aangesien dit 'n diep en gevestigde wortelstelsel het is dit nie maklik uit te roei nie. As die vernietiging daarvan met mening aangepak word kan dit wel met sukses gedoen word. Dit wil egter voorkom asof die stam nog nie besef op watter geweldadige wyse die produktiwiteit van die beste gedeeltes van hul grond bedreig word nie. As die haak-en-steek in toom gehou word en aangehelp word om 'n boom te word kan dit in teenstelling met die struik 'n groot bate vir die gebied word aangesien dit 'n peul dra wat uitstekende veevoer is. Op sommige stamplase word die blouhaak (Mokgwaripa) aangetref wat ook 'n peul dra wat gretiglik deur die vee gevreet word en om dié rede van onskatbare waarde is.

Dekgras (Hyparrhenia hirta) word oral aangetref maar aangesien weiding nie behoorlik beheer word nie, word dit meesal deur die vee kort gehou en is daar selde geleentheid om te sny. Die vernaamste ander grassoorte wat goed is vir weiding is hoofsaaklik die volgende : Namêlê (Eriochloa fouchei S.), Bogoma (Setaria verticillata Beauv.), Kgolane (Chloris virgata Sw.), Tswainyana (Eragrostis Chloromelas Steud.), Mfetlwane (Digitaria eriantha Steud.), tlurungwa (Dichanthium annulatum Stapf.), Sefudufudu (Cymbopogon excavatus). Daar is ook nog talle ander soorte gras wat tot 'n mindere of 'n meerdere mate bydra tot die weiding.


In die sentrale gedeelte is haas geen wilde vrugte meer nie terwyl in die nuwere gedeeltes nog 'n taamlike verskeidenheid aangetref word

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

# TONELE IN WOONGEBIED




*Buffelsgras.*



*Bosveld.*



*Veld ingeneem deur haak-en-steek.*



*Pienaarsrivier, Mei 1951.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



o.a. die Kruisbessie (Moretlhwa - Grewia Occidentalis). Suurpruime (Matshidi - Ximenia Caffra), moepels (mebupudu - Mimusops Zeyheri), klappers (marutlhwa - Strychnos pungens) noem-noem (morobe - Carissa arduina) en nog enkele ander soorte. Enkele eetbare wortels en knolle word ook aangetref. Die wilde vrugte maak egter geen noemenswaardige deel uit van die nasionale diëet nie en dien slegs as snoeperye vir die veewagters en ander jong kinders (vgl. hoofstukke 3 en 9).

Klimaat en Reënval.

Daar is natuurlik geen spesifieke syfers t.o.v. temperatuur en reënval beskikbaar wat betrekking het op die gebied nie maar terwyl dit in die omgewing van Pretoria geleë is, is gegewens vir Pretoria ook naasteby van toepassing op Mosêtlha. In breë trekke is dit dus 'n Transvaalse middelveld-klimaat met warm somers, gematigde winters en somerreënval. Die volgende syfers verskaf 'n nadere omskrywing van die klimaat: [1]

Hoogte bo seespieël (Pienaarsrivier) ............ 3,584 vt.
Gemid. reënval oor 33 jaar (Pretoria) ........... 28.28 dm. p.j.
Gemid. Maksimum Temp. oor 15 jaar (Pretoria)..... 77.8° F.
Gemid. Minimum Temp. oor 15 jaar (Pretoria) ..... 51.0 °F.
Gemid. Temperatuur vir Warmste Maand (Januarie).. 100.8° F.
Gemid. Temp. vir Koudste Maand (Junie)........... 24.8 °F.

Daar dien gelet te word op die feit dat Pretoria 4,350 vt. bo seespieël geleë is terwyl die hoogte van Pienaarsrivier (10 myl van Mosêtlha en in dieselfde laagte) 3,584 vt. is. Dit kan dus aanvaar word dat die temperature hier bo genoem effens hoër sal wees by Mosêtlha as by Pretoria. Daar kan egter nie veel verskil in die reënval wees nie.

Verspreiding van Bevolking Oor Stamgebied:

Die meerderheid van die stam (2,550 belastingbetalers) woon in die gebied wat amptelik bekend staan as „Makapanslokasie". [2] Die hoofkwartier van die kaptein is dan ook in hierdie gedeelte geleë en wel op die

1. The South and East African Yearbook and Guide. 1949. pp. 732 en 131.
2. Sien aan begin van hierdie hoofstuk.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plaas Goedgewaagd 465. Op sommige plase is daar 'n lokale gemeenskap wat betreklik gekonsentreerd woon dog geensins opmekaar nie. Die rede waarom lokale gemeenskappe op een bepaalde plek konsentreer en nie oor die plaas wat hul bewoon versprei is nie, kan gedeeltelik teruggevoer word na 'n ou Tswana-gebruik waarvolgens nie alleen klein gemeenskappe saamgewoon het nie maar die hele stam in een groot sentrale stat gewoon het.[1] Daar is ook ander voor die handliggende redes vir die saamwoon in bepaalde statte of dorpies. As 'n gemeenskap oor die plaas sou versprei sou dit tot gevolg hê dat vee- en voetpaaie kruis en dwars getrap word en dit sou skadelik wees vir die weiding. Origens hou die BagaMosêtlha nie van isolasie nie en verkies die geselligheid van 'n gemeenskap bo eensame afsondering.

Selfs in die lokasie-gebied hier bo genoem, is sekere vasgestelde woonbuurtes waar gemeenskappe saamwoon en word ook geen onbeplande verspreiding oor die hele gebied aangetref nie. Die woonbuurtes is nie afgebaken nie maar die bewoners konsentreer op spontane wyse binne sekere onomskrewe grense. Soos later sal blyk het afsonderlike lokale gemeenskappe vroeër bestaan uit huishoudings behorende tot bepaalde familie-groepe. As gevolg van veranderde omstandighede en veral as gevolg van die feit dat die hele stam nie meer soos vroeër op een plek woon nie en elkeen gaan woon waar dit vir hom die voordeligste is, is die enigste verwantskap waarop 'n gemeenskap as geheel vandag kan aanspraak maak, hulle stamverwantskap. Dat in dieselfde gemeenskap tog nog baie gesinne is wat tot dieselfde familie-groep behoort ly natuurlik nie aan te twyfel nie. Die leiding en kontrole by elke gemeenskap kom later in hierdie hoofstuk ter sprake; op hierdie stadium kan net genoem word dat die hoofman by elke sentrum 'n verteenwoordiger het deur wie hy sy gesag kan handhaaf.

Hoewel die verskillende plase vir amptelike doeleindes hul gewone name behou, het die gemeenskappe ander Kgatla-benaminge wat deur die stam onder alle omstandighede waar die blanke owerheid nie belang het nie, gebruik word. In enkele gevalle heet die plaaslike gemeenskap na die een of ander wyks- of distrikshoof maar in die meeste gevalle is die naam eenvoudig 'n benaming wat om 'n bepaalde rede van toepassing is op die besondere

1. Language, F.J. 1943. Stamregering by die Tlhaping. p. 3.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



streek.

Die volgende is die vernaamste gemeenskappe en by benadering die aantal belastingbetalers wat by elk aangetref word :-

| Plaas. | Naam van Gemeenskap. | Aantal Belastingbetalers. |
|---|---|---|
| 1. Goedgewaagd 465 | Mosêtlha. | 2,550.[1] |
| 2. Boschbult. | Tladi. | |
| 3. Bles. | Mapetlwane. | |
| 4. Haakdoornfontein (Ged). | Legaaneng. | |
| 5. Wildebeeskuil (Ged.) | Dikebu. | |
| 6. Rhenosterdrift (Ged.) | Tshutelong. | |
| 7. Goedgewaagd 624. | Mosêtlha. | 75. |
| 8. Leeukraal (Ged.) | Tladi. | 240. |
| 9. Haakdoornbult. | Kgomo-Kgomo. | 600. |
| 10. Buffelsdrift (Ged.) | Kgomo-Kgomo. | |
| 11. Buffelsdrift (Ged.) | Kontant. | |
| 12. Legkraal. | Matlwaela. | 141. |
| 13. Haakdoornkraal. | Bolla-Ntlokwê. | 180. |
| 14. Van Heining. | Mmukubyane. | 150. |
| 15. Vogelstruispan. | Ngobi. | 400. |
| 16. De Putten. | Mookani. | 62. |
| 17. Transactie. | Transactie. | 194. |
| 18. Slagboom. | Slagboom. | 45. |
| 19. Welgelegen. | - | 33. |
| 20. Flinksdrift. | Tshutelong. | 180. |
| 21. Bultfontein (Gem. Sindikaat).(Nie by stamgrond gereken). | Fafung. | (Kgatla)+ 240. |
| | Totaal: | 5,090. |

Vir praktiese doeleindes kan die aantal belastingbetalers gestel word op 5,000.

Samestelling van Bevolking:

Hoewel daar verskeie vreemde elemente onder die BagaMosêtlha aangetref word is dit slegs klein groepies en die oorgrote meerderheid be-

1. Die oudste stamgebied met die digste bevolking. Plase 1 - 6 „ Lokasie".

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



staan uit rasegte Bakgatla. Vreemde groepe wat hulle metterwoon in die stamgebied kom vestig het is sodanig assimileer dat hulle op enkele uitsonderinge na geheel-en-al hul identiteit verloor het en vir alle praktiese doeleindes as Bakgatla poseer. Sommige intrekkers kom van verwante stamme (Sotho) terwyl ander geensins aan die Kgatla verwant is nie bv. Nguni elemente. By ondersoek het geblyk dat die volgende vreemde groepe as integrale deel van die stam in die stamgebied aangetref word.

1. Langa Ndebele van Makôpane, afkomstig uit die omgewing van Potgietersrust. Hul teenwoordigheid is in die lig van die Kgatla-geskiedenis maklik te verklaar. In hul vroeëre omswerwelinge het die BagaMosêtlha vir 'n geruime tyd in die landstreek van die Langa Ndebele vertoef en ook die beskerming van hierdie stam geniet.[1] Daar bestaan dus 'n jarelange vriendskapsband tussen hierdie twee stamme en dit is maklik te begryp dat 'n klompie van die genoemde Ndebele hul in die gebied van hul nasionale vriende sou gaan vestig en dat hulle ook op gulhartige wyse verwelkom sou word. Van al die vreemde groepe in die Stamgebied van die BagaMosêtlha is die Ndebele groep die vernaamste en ook die grootste. Daar bestaan inderdaad 'n hele wyk (Kgorwana), hoewel sonder geografiese betekenis, wat in die Ndebele-groep saamgevat is nl. dié van Khunwana (Kgorwana ya Khunwana). Die totem van hierdie spesifieke groep is die olifant (tlou) maar net soos hulle hul onderwerp het aan die gesag van hul nuwe hoofman en hul vereenselwig het met die taal en gebruike van die stam waarvan hulle deel geword het, het hulle ook hulle oorspronklike totem laat vaar en dié van die BagaMosêtlha, die aap (Kgabo) aangeneem. Hul beskou hulself geensins meer as Ndebele nie en die kinders is skaars bewus van hul vreemde afkoms.

2. Die Bahwaduba van Tladi is 'n klein groepie wat van die buurstam, die Bahwaduba van Mothibestat na die BagaMosêtlha oorgekom het. Hul totem is die bees (Kgomo) maar terwille van die eenheid van die stam waarvan hul deel geword het, het hul dit laat vaar en ook die aap as

---

1. Sien geskiedkundige oorsig in Hoofstuk I. p. 18

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



totem aangeneem. Soos die Langa Ndebele praat hulle almal Sekgatla en is hul nie te onderskei van rasegte Bakgatla nie. Die Bahwaduba behoort tot verskillende Kgatla afdelings (dikgôrô) en maak geen spesiale groep uit nie.

3. Bakwêna van Moletsi. Slegs 'n paar gesinne het in die gryse verlede uit die noorde na Mosêtlha gekom. Die ouer geslag is nog bewus van hul herkoms maar die jongmense en die kinders dra daar weinig kennis van.[1] Hierdie Bakwêna het die krokodil as totem gehad maar het nou ook die aap aanvaar. Die Bakwêna en die Bakgatla stam, soos reeds aangedui, albei uit die Bahurutshe en is dus verwante stamme.

4. Bahurutshe. 'n Klein aantal afkomstig uit die omgewing van Zeerust het by die stam aangesluit en die „Wyk" van Malope (Kgôrwana ya Malope) bestaan hoofsaaklik uit hulle. Hul totem was oorspronklik die bobbejaan (tshwene) maar dié het hul laat vaar vir die aap (Kgabo).

5. Batlhaku. Enkele gesinne van hierdie stam afkomstig van Mabieskraal, distrik Rustenburg, het ook by die BagaMosêtlha kom aansluit. Hoewel hul natuurlike totem die olifant (tlou) is, het hul dit soos die ander intrekkers laat vaar. Die Batlhaku is ook 'n verwante stam en is geredelik geassimileer.

6. Shangaan. 'n Aansienlike aantal van hierdie groep bevind hulle by die BagaMosêtlha. Hulle word ook saamgevat in die Kgorwana ya Khosa. Hoewel die Bashangaan almal Sekgatla praat handhaaf hulle hul taal tot 'n sekere mate en in die familiekring word meerendeels Tsonga gebesig. Hoewel hul nie geredelik assimileer kan word nie kan tog aangeneem word dat ook hierdie element binne nog 'n paar dekades geheel hul identiteit sal verloor.

7. Zulus. Daar is slegs twee Zulu gesinne in die stamgebied en hul lewenswyse is nog van so 'n aard dat hul hoofsaaklik as Zulus deurgaan en dit wil voorkom asof hul 'n halsstarrige poging aanwend om hul

---

1. Dit het geblyk by ondervraging van betrokke kinders by die skool.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nasionale identiteit te behou.

Hoewel daar in die omgang verwys word na bg. groepe as die Ba-bina-Kgomo (Bahwaduba), die Ba-bina-tlou (Ndebele), die Ba-bina-tšhwene (Bahurutshe) ens., is dit verbode dat hulle hulself amptelik so mag noem. Vir alle amptelike doeleindes is hulle Ba-bina-Kgabo d.w.s. volslae Bakgatla.

Volgens informasie verkry van die kaptein het daar gedurende die afgelope 24 jaar van sy bewind ongeveer 10 gesinne weggetrek uit die stamgebied. Dit is so 'n geringe aantal dat van geen verbrokkeling van die stam gepraat kan word nie. Dit wil voorkom of die BagaMosêtlha diep onder die indruk gekom het van die onherbergsaamheid van die buitewêreld en dat hul eie stamgebied die enigste plek is waar hulle tuis voel en ware gemoedsrus kan smaak. Hierdie stelling is herhaaldelik onderskryf deur talle werkers in die stede wat in dié verband ondervra is.

Volgens die kaptein se ongeskrewe rekords kom vestig sowat 5 gesinne hulle jaarliks in die stamgebied. Voornemende immigrante moet die steun van 'n wykshoof verkry deur wie hul by die hoofstat toestemming vir verblyf kan kry. Elkeen wat om woonplek aansoek doen se saak word deeglik bespreek deur die kaptein en sy raadslede en as geen beswaar gevind kan word nie, word hy toegelaat om as onderdaan in die stamgebied te kom woon. Sodanige intrekkers betaal 'n bees (of £5) aan die kaptein by hul toetrede. Ongewenste persone word vergunning beslis geweier en dit moet geensins aangeneem word dat die gewone reëlings om na die stamgebied te immigreer blote formaliteite is nie - die keuring word ernstig opgeneem. Tot dusver het die hoofman nog nie oorgegaan tot die weiering van aansoeke op grond van dreigende oorbevolking nie. Dit is onseker of hierdie gevaar ingesien word.

## II. STAMORGANISASIE EN BEHEER:[1]

Soos steeds in hierdie studie sal blyk het die BagaMosêtlha soos alle ander Suid-Bantoestamme gedurende die afgelope eeu of langer,

1. Ons sluit ten dele aan by 'n beskrywing t.o.v. die BagaKgafêla deur Schapera in "A Handbook on Tswana Law and Custom" pp. 87 - 103.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op elke gebied tot 'n mindere of meerdere mate 'n proses van akkulturasie ondergaan. Dit is die verskynsel as groepe mense met verskillende kulture voortdurend met mekaar in aanraking kom en veranderinge in die oorspronklike kulturele patroon van een of beide groepe tot gevolg het.[1] Die treffende ooreenkoms tussen die kultuur van die BagaMosêtlha en ander stamme van die Sothogroep is egter ten gevolge van die gemeenskaplike herkoms van hierdie stamme. Akkulturasie sou intree as die stam in aanraking kom met 'n vreemde volk en 'n vreemde kultuur. As gevolg van sy aanraking met die Europeaan het daar dan ook talryke veranderinge in die kultuur van die stam gekom. Aangesien die europese kultuur die sterkere en die mees ontwikkelde was kan verwag word dat dit 'n baie duidelike stempel op die stam afgedruk het. Dit is veral merkbaar op maatskaplik, ekonomies en godsdienstige gebied, en word in Deel III van die studie volledig behandel.

Waar die Bantoestamme egter slegs deur indirekte bestuur deur die blanke owerheid beheer is en daardeur die konvensionele stambestuur grootliks ongestoord gelaat is, is tekens van akkulturasie op staatkundige gebied minder radikaal. Dit geld ook vir die stamorganisasie van die Baga-Mosêtlha. Dat daar wel ook op hierdie gebied veranderinge ingetree het, as gevolg van veranderde omstandighede is te begryp. Fundamenteel bly die vroeëre organisasie en instellings wat daarmee in verband staan egter onveranderd. Ten einde die ware volkskarakter van die stam te skilder wil ons hier 'n kort uiteensetting gee van waaruit die stamorganisasie vroeër bestaan het en hoe dit fungeer het. In breë trekke sal dit dan ook 'n duidelike beeld wees van wat dit vandag hoofsaaklik nog is. Op geleë tyd sal ons trag om die veranderinge wat ingetree het aan te dui en die prentjie voltooi met 'n uiteensetting van hoe 'n stelsel van indirekte regering by die tradisionele stamorganisasie aangepas is.

Die stam is saamgestel uit sekere eenhede waartoe bepaalde groepe persone behoort en op hierdie eenhede is die stamorganisasie gebaseer. Elke eenheid het 'n spesiale funksie om te vervul in die bestuur van die

---

1. Herskovits, M.J. 1938. Acculturation. p. 10.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stam en by die BagaMosêtlha vind ons die volgende eenhede, van die kleinste tot die grootste :

(a) Die Huisgesin (lapa) - 'n nie-administratiewe eenheid.

(b) Die Patriliniêre familie-groep (Lešika) ook nie-administratief.

(c) Die Wyk (Kgôrwana) bestaande uit twee of meer familie-groepe (Mašika) - die eerste administratiewe eenheid.

(d) Die Afdeling (Kgôrô) bestaande uit een of meer wyke - die grootste administratiewe eenheid behalwe die Stam.

(e) Die Stam wat verpersoonlik word deur die Stamhoof (Kgosi).

(f) Ouderdomsgroep (Mophato) - 'n Konstitisionele eenheid op sigself.

(a) Die Huisgesin (lapa):[1] In die samestelling van die stam is die huisgesin die mees duidelik omskrewe eenheid. Dit is 'n groep wat bestaan uit 'n man, sy vrou en afhanklike kinders. Hier word ook nog dikwels ander bloedverwante of onverwante afhanklikes aangetref wat onafskeidbaar aan 'n huishouding verbonde is. In die geval van 'n poligamis het elke vrou haar eie afsonderlike huishouding met die nodige ingeslote (deur 'n ringmuur) huisvesting vir haar en haar kinders. Waar daar net een vrou is, is daar natuurlik ook net een huishouding. Elke vrou het ook haar eie land, die opbrengs waarvan bedoel is om te voorsien in haar huishouding se besondere behoeftes. In die kraal is daar sekere beeste wat, hoewel uiteindelik die eiendom van haar man, toegesê is aan haar huishouding en vir praktiese doeleindes beskou word as hare. Sy het die reg op die melk van die koeie en van die man sal verwag word om eers met haar te beraadslaag voor een van „haar" beeste geslag of verhandel word. Hierdie reëling geld nie in die geval van kleinvee nie. (Vgl. hst.6 ).

Die vrouens van 'n poligamis het nie gelyke status nie. Indien een van sy vrouens die dogter is van sy Malome (oom van moederskant) is sy die hoofvrou, sonie, is die vrou wat hy eerste getrou het die hoofvrou. Die kinders van die hoofvrou beklee ook almal hoër status as die kinders van die ondergeskikte vrouens. Die man is die hoof van

1. Die samestelling en ander besonderhede i.v.m. die huisgesin as eenheid word hier slegs kortliks weergegee. Veel meer besonderhede is vervat in Hoofstuk 3 (Deel II) en in Hoofstuk 10 (Deel III).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die huisgesin, hy tree op as leier by alle rituele gebruike, by handhaaf gesag en goeie verhoudings tussen die verskillende lede van die gesin en besleg gewone huishoudelike geskille.

Die huisgesin vorm 'n belangrike eenheid in die stamorganisasie. Die stam is patriliniêr en daarom gaan jong getroudes hul aanleg in die onmiddelike nabyheid van dié van die man se ouers maak. Dit is slegs by wyse van uitsondering dat 'n man toegelaat word of beveel word om sy eie woonplek elders aan te lê. Dit gebeur slegs as hy nie in vrede kan lewe met sy bure nie of as hy hulle van towery verdink. Onder sulke omstandighede gaan vestig hy hom by sy familie aan moederskant. 'n Man wat hom by sy vrou se mense gaan vestig word allerweë met minagting bejeën en van hom word dan gesê „dat hy deur sy vrou getrou is". Indien daar dus genoeg ruimte is vir 'n aanleg vlak teenaan 'n man se ouerhuis sal hy sy eie aanleg daar maak. Indien nie, sal hy deur die wykshoof 'n ander geskikte naby-geleë bouplek aangewys word. Vir die eerste aantal jare van hul getroude lewe gaan 'n jong paartjie by die jongman se ouers inwoon. 'n Aparte hut (vandag kamer) word vir hulle ingerig. Die doel van hierdie verblyf is hoofsaaklik om die jong vrou volle geleentheid te gee om intiem kennis te maak met haar man se mense; onder die leiding van haar skoonmoeder leer sy dan ook om haar pligte as huisvrou met bekwaamheid na te kom. Die tydperk vir hierdie verblyf is nie vasgestel nie en duur gewoonlik tot die jong getroudes twee of meer kinders het. Soms word dit ook van hulle verwag om plek te maak vir 'n jonger broer wat miskien ook wil trou en volgens gebruik vir die eerste jare met sy bruid by sy ouers moet inwoon.

By die bou van 'n nuwe woning en die bewerking van die grond was daar vroeër goedomskrewe gebruike en rituele verpligtinge wat nagekom moes word. Besonderhede in hierdie verband is hier nie ter sprake nie en word in hoofstukke 4 en 5 behandel.

(b) Die Patriliniêre familiegroep (Lešika). - Dit is 'n groep mense wat binne die stam 'n sosiale eenheid vorm op grond van hulle gemeenskaplike afkoms van 'n bepaalde stamvader en die draer van 'n gemeenskaplike

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



naam, oorgegee in die vaderlike lyn (patriliniêr). Dit is dus 'n patriliniêre unilaterale verwantegroep. Net soos in die geval van die huisgesin is hierdie verwantskapsgroep 'n sosiale eenheid waaroor die sentrale stamregering geen direkte beheer uitoefen nie. Dit is nietemin 'n samegestelde groep waaroor plaaslike beheer uitgeoefen word en wat in die raamwerk van die breër staatkundige beheer pas. Om dié rede kan dit ook beskou word as 'n staatkundige eenheid, hoewel klein en van min algemene belang. Almal behorende tot die groep is onderworpe aan die leiding en beheer van hulle leier (mogolwane). Hierdie mogolwane beklee sy posisie as gevolg van geboortereg, as senior manlike lid van die groep of omdat hy die stigter van die groep is. Hy word nie deur die hoofman benoem nie en het ook geen amptelike status of gesag t.o.v. die lede van sy lešika nie. Sy posisie is uitsluitlik 'n huishoudelike aangeleentheid.

Die mogolwane word met agting behandel deur die ander lede van sy familiegroep. Hy is tot 'n groot mate verantwoordelik vir hulle gedrag; dit word van hulle verwag om hom te raadpleeg by alle gewigtige ondernemings soos bv. as iemand wil trou, iemand anders wil aankla vir gedane onreg e.d.m. Dit word ook van hom verwag dat hy lede van sy Lešika behulpsaam sal wees as hulle in moeilikhede betrokke is bv. deur te help om hul saak in die stamhowe te bepleit, te help met boetes as iemand dit self nie kan bybring nie ens. Hoewel die Mogolwane, soos reeds aangetoon geen amptelike status het nie, word dit tog van hom verwag om as raadgewer van die wykshoof (sien verderaan) op te tree. Sy vernaamste funksie is egter om die leiding te neem by vergaderinge en samesprekings van die lešika d.w.s. by die phutêgô ya bana ba mpa - „Vergadering van die kinders van (een) maag", puô ya lapa - „Samespreking van die huisgesin", of die phutegô ya bana ba motho - „vergadering van die kinders van (een) mens". Tot hierdie vergadering behoort alle volwasse mans van die groep; soms word vroue ook ingesluit. Die ouer mans het meer invloed en gesag as ander hoewel dit moontlik is vir een van die jongeres om 'n reputasie as wyse raadgewer te verwerf. Die vergaderinge word

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die familie-kgotla (gewoonlik onder 'n sentrale skudu-boom) of soms by die woning van die mogolwane gehou. Samekomste word gereël wanneer die leier dit nodig ag of op versoek van een van die lede.

Die vernaamste funksie van die familie-raad is om huweliks-aangeleenthede te bespreek, reëlings te tref vir feeste, boedels te beredder, die lot van weduwees te bespreek en aandag te skenk aan alle sake wat die groep as geheel raak. Die Raad help ook hul leier om geskille wat binne die groep ontstaan te besleg. Dit word as onwens-lik beskou dat buitestaanders hulle met die huishoudelike sake van die groep sal bemoei. Die leier het die reg (hoewel nie van die hoofman verkry nie) om lede van sy groep tot lyfstraf te vonnis vir minder ernstige oortredings. As die oortreding egter van 'n ernstige aard is of as hy nie daarin slaag om 'n oplossing te vind nie, moet die saak na die wykshoof gaan. Enige lid van die groep mag dan ook by die wykshoof klagte indien oor die optrede of beslissing van die mogolwane. Lg. se judisiële magte is beperk tot nietige oor-tredings van 'n siviele aard bv. as die een die ander uitskel, oneer aandoen of ander geringe oorsake van onderlinge twis in die lešika. Hierdie gesag beklee hy ook nie amptelik nie; dit is gesag waaraan die familie-betrekkinge hulle vrywilliglik onderwerp.

Wanneer buitestaanders, d.w.s. persone behorende tot 'n ander lešika betrokke is in 'n saak (twis, diefstal, owerspel, naamskending ens), dan word die saak eers deur 'n gesamentlike vergadering van die twee bespreek by die Kgotla van die verweerder se groep. By sulke samekomste word dikwels 'n oplossing gevind maar as daarin nie ge-slaag word nie, word die saak na die wykshoof verwys.

Die mogolwane besit geen reg om sy besluite op enigiemand af te dwing nie. Hy moet dissipline handhaaf deur die agting wat sy onderhoriges vir hom het of deur hulle by die wykshoof aan te kla. Hy is uitsluitlik 'n arbitrator met morele gesag en sy vernaamste funksie is om versoening te bewerkstellig en nie om die wet tot sy reg te laat kom nie. In sy pogings om hierdie doel te bereik, doen hy 'n beroep op die gevoelens van sy familie-betrekkinge; die letter van die wet speel 'n minder belangrike rol. Die Mogolwane word deur

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy oudste seun as leier van die groep opgevolg; ingeval daar nie 'n seun is nie neem die volgende man in die ry van senioriteit (bepaal deur ouderdom) die plek in as leier.

(c) Die Wyk (Kgôrwana). (Die eerste Administratiewe eenheid).

'n Wyk kan beskryf word as 'n administratiewe eenheid bestaande uit twee of meer patriliniêre familiegroepe (mašika) - soos hier bo beskrywe - wat in dieselfde omgewing saamwoon en hulle onderwerp aan die gesag en leierskap van 'n wykshoof (Mokgômana). So 'n wyk staan by die Tswana bekend as lekgotla[1] en by die BagaMosêtlha as Kgôrwana (d.w.s. klein Kgôrô). Die Kgôrwana kan saamgestel wees uit verskillende Masika wat deur die huwelik aanmekaar verwant is maar dit is nie noodwendig die geval nie. Die pos van wykshoof word merendeels beklee deur die leier van die vernaamste Lešika en dit is gewoonlik 'n groep wat van vaderskant verwant is aan die stamhoof, m.a.w. 'n gedeelte van die stamhoof se lešika wat verbonde is aan die bepaalde wyk. Indien daar nie sulke koninklike verwante is nie is dit gewoonlik die leier van die oudste lešika wat die pos van wykshoof beklee. Die stamhoof deel ons mee dat hy vandag, waar nodig, self 'n wykshoof uit sy eie lešika benoem; dit is egter net in die geval van nuwe gemeenskappe wat tot stand kom en waar daar geen erkende leidende element is nie.

Die amp van wykshoof word in die reël deur die oudste seun van die Mokgômana geërf. As die opvolger by die dood van sy vader minderjarig is, tree sy senior oom van vaderskant op as regent tot die opvolger oud genoeg is om beheer te aanvaar. 'n Nuwe wykshoof word dan ook formeel deur genoemde senior oom in die plaaslike kgotla (wyksraad) voorgestel aan sy onderhoriges. 'n Afvaardiging bestaande uit die meergenoemde oom en enige twee raadslede uit die wyk sal die nuwe Mokgômana op 'n geskikte geleentheid aan die stamhoof gaan voorstel. Toegang tot die stamhoof word verkry deur die Afdelingshoof (Kgosana)

---

1. Schapera, I. (Geen datum) Mekgwa le Melao ya Batswana. p. 105.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waaronder die bepaalde wyk ressorteer. Dit geskied op heel informele wyse en met die woorde, „Re tlile go bega Mokgônana wa gago, so". (Ons het jou wykshoof kom voorstel, hier is hy) is die voorstelling feitlik afgehandel. Die stamhoof wat op hierdie stadium alreeds ingelig en die voorstelling te wagte was, sal kennis neem van die nuwe Mokgônana deur slegs te sê: „Re a mmôna, re itumetse, go lokile" (Ons sien hom, ons is tevrede, dit is goed). Nou dat die stamhoof die nuwe wykshoof ken sal hy hom op sy beurt weer by die eersvolgende vergadering van die Stamraad (Lekgotla la Mošate) bestaande uit alle wyks- en afdelingshoofde, voorstel. Soos reeds aangetoon bemoei die stamhoof hom nie met die opvolging van wykshoofde nie. As daar egter onenigheid bestaan oor die opvolging van 'n wykshoof moet die stamhoof intree en die moeilikheid oplos deur die regte opvolger aan te wys; hy mag ook op versoek van die wyk as geheel en na deeglike ondersoek, 'n ongewenste wykshoof van sy amp onthef en die volgende persoon in die lyn van senioriteit benoem.

Die wykshoof of Mokgônana is die verteenwoordiger van die stamhoof in sy wyk. Alle vertoë en klagtes moet deur hom na die stamhoof gaan. Hy moet toesien dat sy mense die wet handhaaf en opdragte van die hoofman uitvoer. Hy moet die gebruiklike bydraes invorder en dit by die hoofman besorg. Die wykshoof het amptelike reg om sake wat hoofde van familie-groepe nie kan besleg nie, te ondersoek en om geringe boetes (een bok) op te lê en ander vorms van straf uit te deel. Alle ernstige sake moet egter direk na die stamhoof geneem word nadat die wykshoof 'n voorlopige ondersoek gehou het om die feite te versamel.[1] 'n Veroordeelde mag ook na die stamhoof apelleer teen die uitspraak van 'n wykshoof. Volgens Language[2] besit die wykshoof onder die Tlaping blykbaar geen jurisdiksie om hofsake op formele wyse te verhoor en strawwe op te lê nie. Dit is wel die geval by die BagaMosêtlha. Dit

---

1. Na regte moet die wykshoof eers 'n saak na die Afdelingshoof neem (sien later) voor dit na die stamhoof gaan. In die praktyk word hierdie reël egter nie stiptelik nagekom nie aangesien die wykshoof meesal die Afdelingshoof se hulp inroep by die eerste verhoor of besonderhede omtrent die saak met hom bespreek.

2. Language, F.J. 1943. Stamregering by die Tlaping p. 13 Afd. (i).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word egter geredelik toegegee dat die wykshoof selde 'n saak van enigsins gewigtige aard alleen en sonder die Afdelingshoof se bystand sal verhoor.

Dit word van die wykshoof verwag dat hy aan elke getroude man in sy wyk woon- en bougrond sal aanwys en origens sy onderhoriges hulp en bystand sal verleen veral in die vorm van raad en advies wanneer hul in die moeilikheid verkeer of die een of ander persoonlike probleem het om op te los. Alle vreemdelinge wat na die stamgebied wil immigreer moet aan 'n wykshoof rapporteer en deur hom van die Stamhoof toestemming verkry om hom in 'n bepaalde wyk te gaan vestig; so ook wanneer iemand die wyk wil verlaat. Vroeër, voor die koms van die Christelike leer, moes die wykshoof ook 'n spesiale medisyne hou (sepheko sa Motse) waarmee hy die gesondheid en algemene welvaart van sy onderhoriges moes verseker.

Die Wykshoof mag die beste gedeelte van sy wyk bewoon en het die eerste keuse t.o.v. weiveld en bougrond. Hy is die leier van sy ouderdomsgroep (Mophato) en sy broers, seuns en dogters is, wanneer getalle dit regverdig, ook die leiers van hulle onderskeie ouderdomsgroepe. Uit hoofde van sy amp geniet die wykshoof algemene agting dwarsdeur die hele stam. Hy kan van sy onderhoriges eis om sekere amptelike take soos die bou van die Kgotla (vergaderplek van die Wyksraad), die maak van paaie en die uitvoering van vonnisse te verrig; hy mag egter nie van hulle eis om sy eie private werk te doen nie. Uit eie beweging gee die onderhoriges van 'n wykshoof hom soms persente maar dit is nie verpligtend nie.

Wykshoofde is die erkende raadgewers van die afdelingshoofde sowel as die stamhoof. Al die wykshoofde saam met die afdelingshoofde vorm tesame die Stamraad (Lekgotla la Mošate) wat deur die stamhoof geraadpleeg moet word alvorens hy sake van kardinale belang na die stam as geheel neem. Hierdie Raad het ook die reg om die hoofman aan te praat as sy gedrag onbevredigend is. Om dié rede word hulle soms genoem die voogde (badisi) van die stam. Die wykshoofde moet in noue kontak met die stamhoof leef en die vergaderings van die Stamraad so

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gereeld moontlik bywoon.

By die uitvoering van sy pligte binne sy wyk word die wykshoof bygestaan deur 'n groep informele raadgewers. Hierdie raadgewers bestaan gewoonlik uit sy eie senior manlike familie-betrekkinge sowel as die oudste manne in sy wyk en leiers van familie-groepe (Mašika) soos reeds beskryf. Die raadgewers vorm sy Raad of lekgotla en is bekend as bagakolodi (geheue-verfrissers) bathusi (helpers) of slegs banna ba lekgotla (manne van die Raad). Hierdie manne word nie benoem as raadgewers nie maar word slegs as sodanig erken as gevolg van hul afkoms, posisie (as bagolwane), ouderdom en ondervinding. Hulle vergader saam met die wykshoof om verskillende sake rakende die wyk te bespreek. Die raadgewers het ook die reg om die wykshoof te berispe vir wangedrag en indien hy na herhaaldelike teregwysinge nie daarop ag gee nie kan hulle hom by die stamhoof aankla en dit mag tot gevolg hê dat hy deur iemand anders vervang word.

Op advies van sy raadgewers of op versoek van die stamhoof sal die wykshoof soms al die manlike lede van sy wyk bymekaar roep om sake van algemene belang te bespreek of om besluite of tentatiewe besluite van die Stamraad bekend te maak of te oorweeg. By so 'n geleentheid word alle volwasse mans verwag om teenwoordig te wees en mag berispe word indien hulle afwesig is. Die rede vir die samekoms word bekend gemaak waarna 'n algemene bespreking volg. Aan die einde van die bespreking sal die wykshoof 'n repliek lewer waarin hy die gevoelens van die meerderheid opsom en gevolgtrekkinge maak wat dan as die „besluite" van die vergadering aanvaar word en indien nodig aan die stamhoof oorgedra word.

(d) Die Afdeling (Kgôrô).

By die BagaMosêtlha word 'n aantal wyke (dikgôrwana) saam gegroepeer om 'n Afdeling (Kgôrô) te vorm. 'n Kgôrô kan ook net uit een wyk bestaan. Die wyke van elke afdeling is gegradeer volgens senioriteit. Hierdie senioriteit word bepaal deur die tydperk waaroor die wyk reeds bestaan en deur verwantskap aan die koningshuis van die leidende fami-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lie-groep (lešika). Die wykshoof van die senior of vernaamste wyk wat gewoonlik 'n familie-betrekking van die stamhoof is, word beskou as die hoofman (Kgosana)[1] van die Afdeling. Wyke mag in getal toeneem omdat nuwe wyke van tyd tot tyd gestig word; daar bestaan egter net vier Afdelings en geen nuwe afdelings word saamgestel nie. Nuwe wyke word by die bestaande afdelings ingedeel. Die Afdelings is dus vaste instellings waarvan die leierskap so oud is soos die stam self en word deur die oudste seun van die hoofvrou van sy vader geërf. In die praktyk is dit dus nie meer nodig om te bepaal watter wykshoof sal optree as Afdelingshoof nie.

Die Afdelingshoof is verantwoordelik vir die vrede, welsyn en dissipline in al die wyke wat onder hom ressorteer. Hy is verantwoordelik vir die bewerking van die letsweta (land van die hoofman) wat aan hom toevertrou is. Hy het die reg om amptelike pligte aan enige persoon of wyk in sy Afdeling op te dra. As hoof van 'n Afdeling het hy ook veel meer politieke invloed oor die stam as 'n wykshoof. Hy word deur die stamhoof geraadpleeg i.v.n. sake rakende die administrasie van die hele stam en is trouens byna voortdurend in aanraking met die stamhoof. Wanneer nodig mag hy al die mans van sy Afdeling bymekaar roep om sake van algemene belang te bespreek.

Streng gesproke mag geen vertoë of klagte die stamhoof bereik behalwe deur die Afdelingshoof nie en behoort die stamhoof ook geen direkte betrekkinge met die wykshoofde te hê nie; sy opdragte wat nie in die Stamraad bekend gemaak word nie moet via die Afdelingshoof na die wykshoof gaan. Aangesien die wykshoofde egter steeds in noue samewerking met die afdelingshoof optree, gaan sake rakende die wyk, dikwels direk na die hoofman sonder dat afsonderlike formele aandag deur die afdelingshoof daaraan gegee is. Die Afdelingshoof het nietemin ook sy eie Lekgotla bestaande uit die wykshoofde in sy Afdeling sowel as ander vertroude raadgewers wat hy self kies en hy het die reg om sake komende uit die verskillende wyke te verhoor of om apelle aan te hoor en beslissings te vel. Soos die wykshoof, werk die afdelingshoof weer ten nouste saam met die stamhoof en tree by selde onafhanklik van lg. op.

1. Word in die wandel dikwels ook Mokgômana genoem.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Stamhoof self behoort aan 'n Afdeling (Kgôrô ya Mošate) waarvan hy ook die hoof is en hierdie Afdeling het die meeste gesag in die stam; dit is die regerende Afdeling. Die wykshoofde van hierdie Afdeling tel ook onder sy vernaamste raadgewers. Die stamhoof behou egter voeling met ander Afdelings wat verseker word deur die feit dat die Stamraad (Lekgotla la Mošate) sy vernaamste „Raad van Advies" is en soos reeds aangetoon het alle Afdelings - en wykshoofde hierop sitting.

(e) Die Stam en die Stamhoof (Kgosi).

Soos uit die voorafgaande uiteensetting blyk is Wyke (dikgôr-wana) en Afdelings (dikgôrô) administratiewe eenhede wat slegs gedeeltes van die stam raak. Die hoofde van hierdie eenhede beklee dan ook 'n posisie van gesag oor sodanige persone as wat onder hulle besondere eenhede ressorteer. Die grootste, en trouens allesomvattende administratiewe eenheid, is die stam as geheel en aan die hoof van hierdie eenheid staan die stamhoof. In breë trekke is die funksie wat hy vervul t.o.v. die hele stam dieselfde as wat die wyks- en afdelingshoofde vervul t.o.v. hul onderskeie eenhede. Die Stamhoof verpersoonlik die sentrale regering van die stam en hy besit soewereine mag. Sake van plaaslike belang word deligeer aan onderhorige bekleërs van gesag maar die regering berus by die kaptein. Hy is voorsitter van die Stamraad (lekgotla la Mošate) en in medewerking met hierdie Raad besleg hy geskille wat onderhoofde nie kan besleg nie en word wette gemaak en besluite geneem waaraan uitvoering gegee moet word en wat moet strek tot algemene heil van die stam. In tyd van oorlog is hy ook die aanvoerder van sy krygsmagte.

Die Stamhoof vervul ook 'n vername ekonomiese funksie. Hy bestuur en reël die produksie van die stam. Hy organiseer gesamentlike jagtogte (Matsolo) op wild en vir die uitroeiing van ongediertes (vgl. hst. 3). Hy gee opdrag vir die magiese behandeling van die landerye, reël die reënseremonie, die medisinale behandeling van die saad, stel die saai-seisoen oop en gee toestemming vir die gebruik van die eerste vrugte. (Vgl. hst. 5). Die stamhoof reguleer ook die weiding van die vee en gee toestemming vir die beweiding van afgeoeste lande (Vgl. hst. 6).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Teenoor die stam het die hoofman sekere verpligtinge. Hy moet vrygewig wees teenoor sy onderdane, op liberale wyse onthaal, noodlydendes tegemoet kom en optree as die beskermer van weduwees en wese sowel as ander onbeholpenes (liggaamlik ongeskiktes, blindes ens.) wat verwaarloos word. Om hierdie verpligtinge na te kom ontvang hy bydraes van sy onderdane in die vorm van graan, vee en arbeid. (Vgl. hst. 7 vir verdere besonderhede).

Samevattend kom dit daarop neer dat die stamhoof die sentrale figuur is waarom die stamlewe draai en deur wie die doen en late van die stam grootliks bepaal word. Hy is die opperste regeerder en regter, die maker en die bewaarder van die wet, die opperbevelhebber in tyd van oorlog, die organiseerder van die stam se produksie en tree ook op as die godsdienstige leier van sy onderdane by hul godsdiens van voorvaderaanbidding (gееste van die afgestorwenis). Hy beklee 'n hoë en geëerde status, niemand kan hom in rykdom oortref nie en hy word steeds met die meeste agting bejeën deur die hele stam. Hy het ook volle beheer oor die stam se verhoudings met ander stamme. Van sy ondergeskikte hoofmanne ontvang hy hulp en bystand in die vorm van raad en daad maar sy mees intieme adviseurs is die jonger broers van sy vader (borangwane) en ander manlike familiebetrekkinge van vaderskant.

Die Stamorganisasie soos dit vandag ingestel is.

Hoewel die funksie en wese van die voorgenoemde sosiale eenhede veranderinge ondergaan het waarna ons later verwys, is die stamorganisasie vandag nog gebaseer op dieselfde eenhede as vroeër. Alvorens ons by die samestelling en funksie van ouderdomsgroepe kom wat 'n aparte aspek van die stamorganisasie verteenwoordig, ag ons dit gerade om aansluitend by die voorafgaande uiteensetting van die verskillende sosiale en administratiewe eenhede besonderhede ten opsigte daarvan aan te dui soos dit vandag voorkom.

I. Aan die hoof van die stam staan die stamhoof (Kgosi) Hendrik Makapan.

II. Onmiddelik onder die hoofman is 'n onderhoof bekend as Motseta wa Kgosi (verteenwoordiger van die hoofman). Die motseta is 'n oom (van vaderskant) van die hoofman. Alle vertoës aan die hoofman komende van

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



afdelingshoofde moet deur die Motseta gaan. Hy reël o.a. onderhoude met die hoofman en ontbied ook raadslede na samesprekings met die hoofman. Die huidige Motseta is Isaac Malebye van die Kgôrô ya Mošate (Afdeling van die hoofstat).

III. Vir administratiewe doeleindes is die stam verdeel in die volgende Afdelings (dikgôrô) en wyke (dikgôrwana) onder beheer van die Afdelings- en wykshoofde wat aangedui word :-

1. Kgôro ya Mosate onder Isaac Malebye (namens die Stamhoof).

Onder hierdie afdeling ressorteer die volgende wyke of dikgôrwana :[1]

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | Kgôrwana ya Batseta | onder | Johannes Mosaka.[2] |
| (b) | Kgôrwana ya Tshwana | onder | Filemon Tshwana. |
| (c) | Kgôrwana ya Motshwane | onder | Lekarapa Motshwane. |
| (d) | Kgôrwana ya Malope | onder | Maropane Moeng. |
| (e) | Kgôrwana ya Matšhirima | onder | Motshele Morekure. |
| (f) | Kgôrwana ya Khunwana | onder | Simon Khunwana. |
| (g) | Kgôrwana ya Madibo | onder | Abel Mushi |
| (h) | Kgôrwana ya Mothibe | onder | Jacob Monkwe. |
| (i) | Kgôrwana ya Marathôle | onder | William Manne. |

2. Kgôrô ya Masunyeng onder Simon Setshedi.

Hieronder ressorteer die volgende dikgôrwana :

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | Kgôrwana ya Moswaana | onder | Lucas Ramoenyane. |
| (b) | Kgôrwana ya Molêma | onder | Hanatius Ramorapedi. |

3. Kgôrô ya Mmakwa onder Doris Marêmê.

(Geen wyksindelings).

4. Kgôrô ya Mmamarama onder Modikwe Khope.

Hieronder ressorteer die volgende dikgôrwana:

---

1. Die wyke van Matšhirima (e) en Khunwana (f) verteenwoordig Ndebele van Langa en die van Malope (d) is Bahurutshe. Hulle is egter totaal ingeburger by die BagaMosêtlha en het geen eie identiteit nie.

2. Die Batseta neem 'n belangrike plek in en tree deur hul leiër op as bemiddelaars tussen die ander onderhoofde en die kaptein.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(a) Kgôrwana ya Pitši onder Amon Pitsi.

(b) Kgôrwana ya BaTlhaku onder Pinas Moabi.

(c) Kgôrwana ya Khoka onder Samuel Tladi.

Alle nuwe intrekkers wat by die stam kom aansluit word by die een of ander van hierdie groepe ingedeel en gewoonlik by die groep deur wie se bemiddeling 'n immigrant toegelaat word om hom in die stamgebied te vestig.

IV. Patriliniêre Familie-groepe (Mašika): Daar is talryke[2] maar hulle het geen konstitisionele status nie aangesien die lešika as sodanig nie verteenwoordiging in die Stamraad het nie.

V. Lekgotla la Mošate (Raad van die hoofman of Stamraad):

Hierdie Raad bestaan uit alle wyks- en afdelingshoofde. As die Raad dus voltallig is, sal dit volgens die voorafgaande uiteensetting bestaan uit,

(a) Die stamhoof (Voorsitter).

(b) Die Motseta. (Verteenwoordiger van die Stamhoof).

(c) Vier Afdelingshoofde.

(d) Veertien wykshoofde. - Totaal : 19 lede.

Vir die gebruik van die Raad is 'n raadsaal by die hoofstat gebou maar dié word as sodanig nooit gebruik nie; die Raad verkies om te vergader in die ou tradisionele Kgotla (wat bestaan uit 'n gras-afdak omring deur 'n takheining. (Sien foto's van raadsaal en Kgotla).

(f) Ouderdomsgroepe of Stamregimente (Mephato).

Behalwe die gesinseenhede, familie-groepe en die groter administratiewe eenhede van wyke en Afdelings as instellings vir beheer wat tot dusver in breë trekke aangestip is, vorm die indeling van mans en vrouens in ouderdomsgroepe of regimente 'n baie belangrike deel van die stamorganisasie. Hierdie groepe word met tussenposes van 4 - 5 jaar saamgestel en wel wanneer daar voldoende jong seuns of dogters[1] is wat, deurdat hulle die vereiste ouderdom van ongeveer 16 - 20 jaar bereik

1. Samestellings van groepe van verskillende geslagte vind onafhanklik van mekaar plaas.

2. Bv. BagaSetshedi, BagaTladi, BagaModisa, BagaThibedi ens.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het, kwalifiseer vir regimentering. Die amptelike samestelling van 'n regiment gaan gepaard met 'n inisiasie-skool wat gewoonlik drie maande duur en wat deur al die lede van die ouderdomsgroep moet deurloop word. Die inisiasie-skool vir jongens word genoem Bogwêra en dié vir meidjies Bojale. Soos by alle ander Bantoestamme waar hierdie gebruik gevind word is die vernaamste funksie van die skool om die jong mense vertroud te maak met die stamgeskiedenis en gebruike, sekere vaardighede veral by die jag, aan te leer en hulle enigsins gehard te maak deur hulle allerlei ontberinge te laat beleef. Besnydenis in die geval van die seuns vorm ook 'n baie belangrike deel van die inisiasie. Verdere besonderhede i.v.m. die inisiasie as sodanig is hier nie van belang nie.

Elke volwasse persoon in die stam moet aan 'n ouderdomsgroep behoort en om dié rede bestaan elke groep uit stamlede van dieselfde geslag en van min of meer dieselfde ouderdom. By die inisiasie ontvang 'n groep 'n naam waaraan die lede geken word totdat die groep as geheel uitgesterf het. Elke groep het 'n leier uit die koninklike familie wat ook tot die groep behoort. Onder die geledere van so 'n ouderdomsregiment heers daar 'n gees van samehorigheid en onderlinge trou wat selfs dié van 'n familie, wyk of afdeling oortref. Aangesien 'n ouderdomsgroep saamgestel word uit persone behorende tot verskillende dele van die stam, is dit 'n vername faktor in die verkryging van eenheid in die stam as geheel. Die indeling in familiegroepe, wyke en afdelings is baie bevorderlik vir verdeeldheid en sou wesenlike gevaar vir die solidariteit van die stam inhou indien daar nie ouderdomsgroepe was om dit te verhoed nie. Die waarde van regimente as konsoliderende faktor en as bewaarders van die stameenheid kan dus moeilik oorskat word.

Die aantal persone wat tot 'n mophato behoort is nie vasgestel nie. Dit hang daarvan af hoeveel daar toevallig is wat op 'n spesifieke tyd gegroepeer moet word. Volgens informasie waaroor ons beskik het die aantal in die verlede van 50 tot 100 en veel meer gewissel. Elke regiment het sy eie bevelvoerder, wat soos reeds gemeld, 'n lid is van die koninklike lešika wat toevallig in 'n bepaalde groep val. In-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dien daar meer as een persoon van koninklike afkoms in 'n groep is, word die eerste in die orde van opvolging aanvaar as die leier. Indien hy sterf word hy deur die volgende opgevolg.

Die pligte van die regimentsleier (Kgosana ya Mophato) is om dissipline binne sy regiment te handhaaf en opdragte van die stamhoof uit te voer. Verskillende take word in tyd van oorlog aan verskillende regimente opgedra; ook in vredestyd is daar werk om te doen bv. bouwerk, die skoonmaak van lande, ens. en in hierdie werk los die regimente mekaar af soos opgedra deur die stamhoof. Die stamhoof self behoort ook aan 'n regiment maar ageer nie as hoof daarvan nie. Hierdie plek word gevul deur die manspersoon naaste aan die troon.

Gewoonlik word werk aan slegs een regiment op 'n keer opgedra. Indien daar egter 'n groot taak te verrig is mag die stamhoof twee of meer regimente gelyktydig laat werk. Waar die werk weer van 'n geringe aard is mag dit ook aan 'n gedeelte van 'n regiment opgedra word. Dit was altyd as 'n eer beskou om deur die stamhoof opgeroep te word om te werk want sodanige werk was beskou as synde van persoonlike belang vir elkeen sowel as van belang vir die stam as geheel.

In hooftrekke kom die samestelling, beheer en funksie van vroue-regimente ooreen met dié van mans en besonderhede in hierdie verband sou oorbodig wees. Dit is egter van belang om daarop te let dat regimentering van vroue plaasvind kort nadat daar 'n samestelling van 'n ouderdomsgroep vir mans was. Die vroue-regiment (Mophatô) dra dan dieselfde naam as die mansgroep wat kort tevore saamgestel is om aan te dui dat die twee regimente tydgenote is. Daar is egter meer vroue-regimente as mephato vir mans en dit word toegeskryf aan die feit dat telkens as 'n nuwe kaptein ingesweer word, die geleentheid opgevolg moet word deur die samestelling van 'n vroue-regiment aangesien dit vir die nuwe kaptein voorspoed en geluk sal bring. Om dieselfde rede moet 'n vroue-regiment eerste saamgestel word nadat die stam van die een woonplek na 'n ander verhuis het. Dit is ook die gebruik by die Bakgatla bagaKgafêla.[1]

---

1. Schapera, I. 1938. A Handbook of Tswana Law and Custom pp. 104-117.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mephato van die BagaMosêtlha:

Van Warmelo[1] gee die name aan van 'n reeks ouderdomsgroepe wat vanaf ongeveer 1851 saamgestel is. My informante bevestig hierdie name maar is nie instaat om die name van enige vroeëre règimente in herinnering te roep nie. Vanaf die regiment bekend as Mapulana (1906) is geen nuwe name vir regimente gebruik nie en die groepe wat ná hierdie groep saamgestel is (op gewysigde wyse) kry weer die bestaande reeks name beginnende by Masonya. Dit word beweer dat hierdie reeks name vir vorige Mephato ook herhaal is en dat daar dus nooit enige ander benaminge bestaan het nie. Dit is heel moontlik die geval maar daar is nie afdoende bewys voor nie. Dit skyn asof nuwe regimente elke 5-6 jaar saamgestel is, die juiste datum (jaar) moet noodwendig onderhewig wees aan spekulasie. Die lys van Mephato wat hier volg en die jare van samestelling is die beste wat ons kon rekonstrueer. Die groepe waartoe die stamhoofde van die onderhawige tydperk behoort het, word ook aangedui:

| | Mophato. | Jaar (by benadering). | Stamhoof. |
|---|---|---|---|
| 1. | Masonya. | 1851. | Makapane. |
| 2. | Madima. | 1857. | |
| 3. | Mafatlha. | 1862. | |
| 4. | Makata. | 1868. | |
| 5. | Mathamaga. | 1873. | |
| 6. | Makoba. | 1879. | |
| 7. | Mareleba. | 1884. | Thipe. |
| 8. | Malôtô. | 1890. | |
| 9. | Matlakala. | 1895. | Ntšhaupe II. |
| 10. | Matladi. | 1901. | |
| 11. | Mapulana. | 1906. | |
| 1. | Masonya. | 1912. | |
| 2. | Madima. | 1917. | |
| 3. | Mafatlha. | 1923. | Hendrik Makapan. |

Thipe is die laaste stamhoof wat na die inisiasie-skool gegaan

1. Van Warmelo, N.J. 1944. Ethnological Publications No. 17. p. 9.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het vir regimentering. Hoewel regimente na sy tyd ook gereeld saamgestel is, is die metode waarop samestelling plaasgevind het, aansienlik gewysig soos verderaan sal blyk.

Wysigings t.o.v. Woongebied en Stamorganisasie.

Na byna 'n eeu van kontak met die Blanke beskawing en nadat die stam vir byna net soveel jare as onderdane van 'n westerse regering bestaan het kan verwag word dat die stamorganisasie vandag nie in elke opsig nog sal wees soos wat dit voor die koms van die witman was nie. As gevolg van 'n indirekte regeringstelsel wat vanaf die vroegste tye deur die Blanke owerheid op die stam toegepas is, is die tradisionele organisasie egter grootliks beskerm en het dit tot vandag toe nog nie geheel-en-al van gedaante verander nie. By die vasstelling van wysiginge wat ingetree het sal blyk dat hierdie instelling in breë trekke en fundamenteel, vandag weinig verskil van wat dit vroeër was. Uit besonderhede wat reeds gegee is t.o.v. die huidige indeling van wyke, afdelings, die bestaan en samestelling van die Stamraad (Lekgotla la Mošate) en die stamhoof nog aan die hoof van die stam, kan ons aflei dat die raamwerk van die stamorganisasie onveranderd gebly het. Daar het wel ondergeskikte veranderinge ingetree en hierdie veranderinge sal ons beste kan waarneem as ons die huidige posisie weer onder die verskillende hoofde in oënskou neem.

1. Die Woongebied. (Vgl. p. 27).

(a) Waar die BagaMosêtlha vroeër enigsins nomadies was en soms by die geringste provokasie hulle woonstede verlaat en elders gaan woon het, is hulle tans verplig om binne die grense van hulle amptelike woongebied te bly en ook om die woongrense van ander persone of stamme te eerbiedig.

(b) Die stamgebied het die wettige eiendom van die stam geword en mag deur geen vyand bedreig word nie; dit word deur die landswette beskerm.

(c) Daar is geen geleentheid om met geweld enige imperialistiese neigings te bevredig nie. Alle ander gebiede het geregistreerde eienaars wat ook die beskerming van die landswette geniet.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(d) Uitbreiding van die stamgebied kan alleen geskied deur addisionele gronde wettiglik aan te koop.

(e) Waar die woongebied voorheen slegs tot diens van die bevolking was en dit benut was sonder inagneming van die noodsaaklikheid om dit te verbeter en te beskerm teen agteruitgang, word tans op progressiewe wyse getrag om die produktiwiteit van die grond te verhoog deur beheer van weiding, bestryding van erosie,[1] waterbewaring en bemesting.

(f) Die woongebied is aansienlik uitgebrei en die bevolking woon meer verspreid as wat voorheen die geval was.

2. Die Huisgesin. (Vgl. p. 42).

Die huisgesin as eenheid binne die groter stamorganisasie is nog verantwoordelik vir die beheer wat dit vroeër uitgeoefen het. Die samestelling daarvan berus egter vandag slegs op monogamiese huwelike aangesien poligamie onder die BagaMosêtlha glad nie meer voorkom nie.[2] Die mate van beheer wat uitgeoefen word het ook aansienlik verminder aangesien nagenoeg 70% van die vaders en 20% van die moeders in blanke gebiede werk en dus nie altyd tuis is om hul vroeëre funksie te vervul nie.[3]

3. Die Patriliniêre familie-groep: (Vgl. p. 43).

Die samehorigheid van hierdie familie-groep bestaan nog. Gesinne behorende tot 'n groep woon egter nie meer noodwendig bymekaar nie. Individuele belange het tot gevolg gehad dat gesinne van dieselfde groep oor die hele stamgebied en selfs ook buite die stamgebied aangetref word. Die eenheidsband word egter met trots gehandhaaf en die Mogolwane of leier speel nog 'n vername rol waar raad en leiding nodig is t.o.v. familie-sake al woon die lede van die groep ver uitmekaar. Groot moeite word dikwels gedoen deur lede van 'n Lešika om bymekaar te kom ten einde 'n gewigtige saak van huishoudelike aard te bespreek.

4. Die Stamwyk (Kgôrwana). Vgl. p. 46.

Die stamwyk bestaan nog as administratiewe eenheid in die

---

1. Tans nog hoofsaaklik deur 'n verbod op die uitroeiing van bosse.

2. Vgl. bevindinge en statistiek Hoofstuk 9 p.
3. Vgl. Hoofstuk 8 p.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stamorganisasie. Die wykshoof erf sy posisie van sy vader en behartig die belange van sy onderhoriges op dieselfde wyse as voorheen. Almal behorende tot dieselfde wyk woon egter nie meer noodwendig bymekaar nie hoewel dit grootliks nog die geval is. Die stamwyk ressorteer nog onder 'n Afdeling (Kgôrô) en vertoë tot die hoofman moet nog deur die Afdelingshoof gaan. Vroeër was vergaderings van die Stamraad nie met gereelde tussenposes gehou nie maar slegs wanneer daar spesiale rede was om een te belê. Vandag word die vergaderings gereeld elke Maandag gehou en aangesien die wykshoofde hierdie vergaderings moet bywoon het hulle tans meer en ook gereelde administratiewe pligte.

5. Die Afdeling (Kgôrô), vgl. p. 49.

(a) Die samestelling en funksie van hierdie eenheid is nog onveranderd behalwe dat die funksie van die Afdelingshoof feitlik onafskeidbaar verbonde is aan dié van die stamhoof. Eg. neem byna sonder uitsondering sake uit die verskillende wyke direk na die Stamraad. Hy verhoor in die reël nie meer Afdelingsake nie alhoewel sodanige sake eers by hom aanhangig gemaak word.

(b) Persone behorende tot een en dieselfde Afdeling woon beslis nie meer in dieselfde streek of buurt nie. Hulle mag verspreid wees oor die hele stamgebied.

(c) Kinders behoort aan die afdeling waaraan hul vader behoort afgesien van die plek waar hulle gebore word.

6. Ouderdomsgroepe (Mephato) vgl. p. 54.

(a) Waar regimentering vroeër plaasgevind het by geleentheid van 'n inisiasie-skool wat gepaard gegaan het met besnydenis vind dit vandag plaas sonder hierdie gebruike.

(b) Elke 5-6 jaar word alle jong manne (al sou hulle hul ook in blanke stede bevind) wat die regte ouderdom vir regimentering bereik het, deur die stamhoof opgeroep en moet hulle op 'n bepaalde dag by die hoofstat vergader. Sonder veel seremonie word 'n stuk werk deur die hoofman en sy raadslede aan hulle opgedra om te verrig.[1] Dit is

1. Van Warmelo, N.J. 1944. Ethnological Publications No. 17. p. 10.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewoonlik werk wat vroeër ook deur mans gedoen is bv. die maak van 'n takkraal, die bou van hutte, die skoonmaak van landerye ens. As die werk afgehandel is sal die regiment kortliks onderrig ontvang oor sekere fundamentele wette en gebruike van die stam, hulle verpligtinge teenoor die stamhoof sowel as teenoor die stam as geheel en die onderlinge verhouding wat hulle as lede van die mophato teenoor mekaar moet openbaar. Hierna word die regiment beskou as amptelik saamgestel en ontvang hy ook sy naam.

(c) Die inisiasie-skool is as gevolg van die invloed van die sendelinge afgeskaf. [1] Hiermee het ook die besnydenis-gebruik verval.

(d) Die laaste regimentering het plaasgevind in 1946. Die regiment wat toe saamgestel is, is genoem Matshetshele.[2] Die volgende regimentering moet binne afsienbare tyd plaasvind en die mophato wat staan gevorm te word sal die Mathamaga heet.

(e) Die funksie van die mophato is nog dieselfde as vroeër behalwe dat die werk wat verrig moet word begryplikerwys nie meer oorlogvoering insluit nie. Daar word ook slegs sporadiese oproepe op regimente gemaak.

(f) Aangesien lede van 'n regiment soms moeilik bekombaar is as gevolg van afwesigheid uit die stamgebied, is die stamhoof genoodsaak om vir amptelike werk gebruik te maak van 'n groep manne wat saamgestel is uit verskillende mephatô.

(g) Omdat die landsadministrasie sig verantwoordelik hou vir sekere werke in die stamgebied word regimente soms deur die owerheid gehuur vir die maak van paaie, damme ens. Die vergoeding wat op dié wyse verdien word is elke indiwiduele lid se persoonlike inkomste en gaan nie na die stamkas of hoofman nie.

## 7. Die Posisie van die Stamhoof (vgl. p. 51).

Die hoofman van die BagaMosêtlha beklee min of meer dieselfde posisie as alle ander Bantoehoofmanne in die Unie van Suid-Afrika. Hierdie

---

1. Van Warmelo, N.J. 1944. Ethnological Publications. No. 17 p. 10.

2. Matshetshele vervang die benaming Mahata in die reeks benaminge van die Mephato. Die Mathamaga kry weer hul naam ooreenkomstig die bestaande reeks.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



posisie word bepaal deur die landsowerheid en het betrekking op alle stamhoofde. Hoewel die hoofman nog tot 'n groot mate 'n administratiewe en judisiële funksie het, het hy lank nie meer die soewereine mag wat hy voorheen gehad het nie. Hunter [1] druk die Bantoehoofman se huidige posisie as volg uit : „besides being recognised as having general administrative control over their tribes, chiefs only have a shadow of their former power." Hierdie stelling is vir sover dit die Kgatla betref miskien 'n bietjie oordrewe aangesien die hoofman tog nog heelwat mag het en in werklikheid deur die landsowerheid gehelp word om kontrole oor sy stam uit te oefen. Die stamhoof is nietemin baie van sy vroeëre magte ontneem en dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat hierdie magte nie meer nodig is nie.

Onder die belangrikste funksies wat die hoofman vroeër gehad het en vandag nie meer besit nie, kan die volgende genoem word: [2]

(a) Die stamhoof het nie meer beheer oor sy stam se verhoudings met ander stamme nie en hy besit ook nie meer soewereine mag t.o.v. sy eie stam nie.

(b) As gevolg van die feit dat oorlogvoering onder blanke beheer uitgeskakel is, is die hoofman nie meer die opperbevelhebber van sy leër nie.

(c) Indiwiduele onafhanklikheid het tot gevolg dat sy onderdane nie meer na hom opsien as hul enigste beskermer in tyd van nood nie. Trouens, die stamhoof gevoel hom dikwels afhanklik van die landsowerheid.

(d) Met die opkoms van die Christelike leer het sy posisie as „hoë priester" en godsdienstige leier van sy stam verdwyn.

(e) Die feit dat hy van die Naturellekommissaris bevele moet neem verminder die agting wat sy onderdane vir hom het.

(f) Die kerk oefen onafhanklike gesag uit en verbied sy lede om bevele van die hoofman uit te voer as dit teenstrydig is met die kerkleer.

---

1. Hunter, Monica. 1936. London.Reaction to Conquest. p. 427.

2. Hunter, Monica. 1936. Loc cit, en het betrekking op alle Bantoehoofmanne in die Unie van Suid-Afrika.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(g) Ook in die skool en op ekonomiese gebied het die hoofman konkurrente wat hy vroeër nie gehad het nie. Hy word nie meer erken as die alwyse nie en dit is vir elkeen moontlik om hom te oortref in rykdom.

Tenspyte van die feit dat die stamhoof in bg. gevalle 'n ondergeskikte posisie moet inneem, het hy tog nog 'n status wat hom onteenseglik bo sy onderdane verhef. Sy stam word, soos meermale aangetoon, slegs op indirekte wyse deur die blanke regering beheer en geensins deur 'n burokratiese owerheid wat bestaande instellinge verontagsaam nie. Sekere magte wat hy gehad het, het hy behou en in sekere instansies is nuwe magte wat betrekking het op veranderde omstandighede tot sy gesag toegevoeg. Bowendien kan met 'n taamlike mate van vrymoedigheid konstateer word dat die gesag van hoofmanne in die algemeen en van die stamhoof van die BagaMosêtlha in die besonder, sal uitgebrei word na gelang hulle in bekwaamheid en verantwoordelikheidsin toeneem. (Vgl. Wet op Bantoe-owerhede, 1951). In die geval van 'n verligte en koersvaste hoofman soos Hendrik Makapan sal dit selfs op die huidige tydstip moontlik wees om die volle verantwoordelikheid van sy stam aan hom op te dra met dien verstande dat hy die nodige opgeleide administratiewe en tegniese personeel het om die verskillende gespesialiseerde tipes van werk wat in enige georganiseerde staat aangetref word, te verrig.

Die huidige Stelsel van Indirekte Regering.

Hoewel die BagaMosêtlha 'n homogene bevolkingsgroep uitmaak met 'n bepaalde woongebied en eie stamorganisasie moet hulle tog beskou word as 'n integrale deel van die Unie van Suid-Afrika se bevolking. Hulle kan nie onafhanklik van die res van die bevolking bestaan nie en is dus ook onderworpe aan die regering van die landsowerheid. Benewens hulle eie wette en gebruike wat van hulle verwag word om te handhaaf moet hulle ook die landswette gehoorsaam en sekere verpligtinge teenoor die Owerheid nakom. Ten einde die beheer oor die stam te vergemaklik en die tradisionele instellings van die stam sover moontlik te bewaar, maak die owerheid gebruik van 'n stelsel van indirekte regering waarin die stamorganisasie (soos uiteengesit), die stamhoof en sy onderhoofde 'n baie belangrike rol speel. Hierdie

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stelsel van regering verskaf algemene tevredenheid in die stamgebied en dra ook daartoe by dat die leiers van die stam geleentheid kry om hul vernuf as leiers en regeerders te beoefen en sodoende 'n mate van verantwoordelikheid t.o.v. die stam se algemene welsyn te dra.

Die Funksionering van die Stelsel.

(a) Die Opperhoof (Supreme Chief): Voor die stigting van Unie (1910) was die Goewerneurs van Natal, Vrystaat en Transvaal benoem as die „ opperhoof" (Supreme Chief) van die Bantoestamme in hierdie provinsies. Hierdie erkenning van die goewerneur as opperhoof is na die totstandkoming van Unie gehandhaaf t.o.v. genoemde provinsies. Die posisie van die Goewerneur-Generaal in hierdie verband is vasgelê in die Naturelle Administrasie-Wet No. 38 van 1927, seksie een (soos gewysig deur Wet No. 9 van 1929) en lees o.a. soos volg: „ The Governor-General shall be the Supreme Chief of all Natives in the Provinces of Natal, Transvaal and the Orange Free State....."[1]

Die benoeming van 'n opperhoof is in sigself al 'n bewys dat die posisie van Naturelle-hoofmanne, hoewel ondergeskik aan die opperhoof, erken is en dat sekere administratiewe en geregtelike magte oor hulle onderdane aan hulle toevertrou is. Daar dien op gelet te word dat genoemde magte van die Goewerneur-Generaal nie betrekking het op Naturelle van die Kaap Provinsie nie. Dit is as gevolg van die feit dat die goewerneur van hierdie provinsie vóór Unie ook nie die posisie van opperhoof oor die Naturelle ingeneem het nie. Die beleid was immers om stamkontrole geheel-en-al af te breek en om die Naturelle soos gewone burgers onder beheer van 'n sentrale landsregering te plaas.[2]

Een van die vernaamste magte wat deur die Naturelle-Administrasiewet van 1927 aan die Goewerneur-Generaal as opperhoof toegesê is, is die reg om by wyse van proklamasie wette te maak vir Naturelle-gebiede. Die beginsel van wetgewing deur proklamasie het reeds vir baie jare ook in die Kaap Provinsie bestaan want die ou Kaapse Parlement het deur middel van wetgewing sy goewerneur bemagtig om spoed-

1. Rogers, H. 1949. Native Administration in the Union of South Africa (Revised Sec. Edition). p. 18.
2. Rogers, H. 1949. Loc cit. p. 5 en 18.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eisende wette uit te vaardig t.o.v. die Transkeigebiede. Die steeds veranderende omstandighede wat die uitvaart van primitiewe volkere na die westerse beskawing noodwendig tot gevolg moes hê het 'n sisteem van rekbare wetgewing noodsaaklik gemaak. Dit het van pas gekom wanneer voorsiening gemaak moes word in die geval van dringende behoeftes, by die noodsaaklikheid vir die erkenning of wysiging van Naturellewette en gebruike en by wetgewing in belang van indiwiduele stamme in hul onderskeie gebiede.

Om hierdie rede het die Unie-Parlement besluit om die Goewerneur-Generaal die magtiging te gee om by wyse van proklamasie wette te maak, te herroep of te wysig waar dit betrekking het op Naturellegebiede in die hele Unie. Hierdie magte is egter onderworpe aan enkele voorwaardes waarvan die volgende die vernaamste is :

(i) Dat proklamasies in die Staatskoerant moet publiseer word ten minste een maand voor dit in werking tree.

(ii) Dat proklamasies voor die parlement gelê sal word en dat hierdie liggaam die reg sal hê om enige proklamasie te herroep of te wysig by wyse van 'n resolusie deur beide huise.

(iii) Dat die Naturellesake-Kommissie enige meningsverskil wat hulle mag hê t.o.v. 'n proklamasie onder die aandag van die parlement sal bring.[1]

Op die volle besonderhede i.v.m. die magte wat aan die Goewerneur-Generaal gegee is en vervat is in die Naturelle-Administrasiewet van 1927, kan hier nie ingegaan word nie. Dit is egter van belang om die volgende magte kortliks aan te stip:-

(i) Volgens seksie 27 (soos gewysig) van die wet mag die Goewerneur-Generaal regulasies uitvaardig wat van toepassing is op sekere areas of sekere klasse van persone met betrekking tot die besit van gevaarlike wapens, die vertoon van ongewensde films, die verbod op vergaderings e.d.m.

(ii) Volgens seksie 28 van die wet mag die Goewerneur-Generaal streke verklaar waar die dra van passe verpligtend is.

---

1. Rogers, H. 1949. Native Administration in the Union of South Africa (Revised 2nd Ed.) pp. 20 - 21.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(iii) Volgens seksie 30 van die wet mag die Goewerneur-Generaal regulasies uitvaardig met betrekking tot enige dorp waar nie slegs Naturelle woon nie en voorskryf in watter area die plaaslike bestuur gesag mag uitoefen oor die Naturellebewoners.

(iv) Seksie 29 van die wet bemagtig die Goewerneur-Generaal om enige ongewensde persoon uit 'n Naturelle gebied te laat verwyder.

(v) Seksie 31 van die wet bemagtig die Goewerneur-Generaal om onder sekere voorwaardes aan sekere Naturelle vrystelling van die die paswet te verleen.[1]

Die Departement van Naturellesake met die minister aan die hoof staan in diens van die „ opperhoof". Die plaaslike verteenwoordiger van die Departement is die Naturellekommissaris wie se funksie in hoofsaak daarop neerkom dat hy in die area wat onder hom ressorteer kontrole moet uitoefen en toesig hou oor die Naturelle terwille van hulle persoonlike en algemene welvaart. Dit word ook van hom verwag om toe te sien dat die wette en bepalinge van die „ opperhoof" tot hul reg kom. Hieraan kan hy óf direk uitvoering gee óf indirek deur gebruik te maak van die stamhoof en sy stamorganisasie.

Die Naturellekommissaris onder wie die BagaMosêtlha ressorteer is gestasioneer te Hammanskraal (25 myl noord van Pretoria) en terwille van die persoonlike kleur is wat volg 'n uiteensetting van die wyse waarop die landswet wat van algemene toepassing op Bantoestamme is, ook op die BagaMosêtlha toegepas word.

I. Funksie van die Naturellekommissaris te Hammanskraal:[2]

(a) Hy sal namens die „ opperhoof" beheer uitoefen oor die stam vir hulle algemene en indiwiduele welsyn.

(b) Om kriminele sake wat binne die magte van sy jurisdiksie val te verhoor en te besleg.

(c) Hy sal toesien dat aan alle wette en regulasies wat van toepassing is op Naturelle in die algemeen en op die BagaMosêtlha in die besonder,

---

1. Rogers, H. 1949. Native Administration in the Union of South Africa. (2nd Rev. Ed.) pp. 21 - 23.
2. Rogers p. 9 en bevestig deur Kantoor van die Nat. Kom. te Hammanskraal.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitvoering gegee word.

(d) Hy sal eenmaal per kwartaal vergadering hou met die hoofman en sy raadslede (indien nodig met die Stam) om hulle in te lig omtrent nuwe wette en regulasies en om vertoë van hulle kant aan te hoor.

(e) Hy sal homself op hoogte hou met alle politieke, sosiale, ekonomiese en ander invloede onder die stam en hulle ook behulpsaam wees t.o.v. hulle sosiale en ekonomiese welvaart.

(f) Hy is verantwoordelik vir die invordering van belastings betaalbaar deur die stam.

(g) Hy sal 'n jaarlikse verslag by die Hoof-Naturellekommissaris te Pietersburg indien bevattende besonderhede oor die algemene toestand en vooruitgang van die stam.

(h) Hy sal as belangstellende en simpatieke raadgewer van die stam optree.

II. Posisie en Funksie van Hendrik Makapan as Stamhoof:[1]

(a) Algemeen:

(i) Hy moet beheer uitoefen oor sy onderhoriges en op regverdige wyse aan hulle woon- en bougrond toesê.

(ii) Hy sal optree as die opperste voog van minderjariges en wese.

(iii) Hy is verantwoordelik vir die vreedsame administrasie van die stam en sal enige toestand van oproerigheid of ander belangrike sake aan die Naturellekommissaris rapporteer.

(iv) Hy sal al die nodige agting en respek van die stam geniet wat hom volgens Naturelle-gebruik toekom.

(v) Hy moet toesien dat alle wettige bevele deur die kommissaris aan hom opgedra uitgevoer word en sal behulpsaam wees met sekere administratiewe werk, bv. die insameling van belastings, opsporing van misdadigers, voorkoming van veesiektes e.d.m.

(vi) Hy moet alle nuwe wette en regulasies wat van toepassing is op sy stam onder hulle aandag bring.

(vii) Hy sal origens behulpsaam wees met die toepassing van alle

1. Soos neergelê in subseksie (7) van seksie 3 van die Naturelleadministrasie-wet van 1927.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verdere bepalinge vervat in die regulasies met betrekking tot stamhoofde.[1]

(viii) Vir sy amptelike pligte ontvang hy 'n maandelikse toelaag van £25 van die landsowerheid.[2]

Vir die uitvoering van bg. pligte word die hele stamorganisasie in werking gestel en die volgende prosedure word deur Makapan gevolg :

(i) Elke Maandag vergader die Lekgotla la Mosãte (Raad van die hoofstat) bestaande uit Afdelings- en wykshoofde, bakgômana ba dikgôrô le dikgôrwana.

(ii) By dié geleentheid word alle opdragte en nuwe regulasies deur die stamhoof aan die bakgomana bekend gemaak en doen lg. rapport oor enigiets uit hul onderskeie wyke wat die aandag van die stamhoof verdien.

(iii) Voorstelle wat mag voorgelê word, word bespreek en besluite word geneem. Daar word nooit oor 'n voorstel gestem nie; slegs die algemene gevoelens word waargeneem.

(iv) Enige vertoë tot die owerheid word aan die kaptein opgedra om aan die Naturellekommissaris oor te dra.

(v) Indien die Raad dit nodig vind, en veral wanneer belangrike sake op die spel is, neem die Raad 'n besluit dat 'n stamvergadering op die eersvolgende Woensdag gehou sal word met die doel om 'n stamresolusie te neem, verrykende opdragte en besluite bekend te maak of om die een of ander mandaat te verkry.

(b) Judisiële Magte van die Stamhoof en die Uitvoering daarvan:

(i) In terme van seksie 12 van die Naturelleadministrasiewet 1927 soos gewysig deur seksie 23 van Wet No. 36 van 1944, is aan Makapan (of sy verteenwoordiger) magtiging verleen om siviele sake waarby slegs Naturelle betrokke is en wat gegrond is op Naturellewette en gebruike te verhoor en te beslis.[3]

(ii) Boetes van hoogstens twee beeste, twee skape en twee bokke mag opgelê word. Boetes kan ook in kontant betaal word en word bereken teen £5 per bees, £1 per skaap en 10/- per bok.

---

1. Goewermentskennisgewings No. 2252, gedateer 21 Desember 1928, 1360 en 1774 van 1934, 1253 van 1944, 539 van 1946, 911 van 1947, en 395 van 1948.
2. Hierdie toelaag word betaal uit huurgeld wat deur die Nat. Kommissaris ingevorder word vir handelsterreine in die stamgebied. Sien ook Hfst. 14.
3. Informasie van die Naturellekommissaris, Hammanskraal.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(iii) Wykshoofde mag ook plaaslike geskille besleg maar boetes van hoogstens een skaap of een bok (of hul waarde in geld) mag opgelê word.

(iv) 'n Veroordeelde mag teen die beslissing van 'n Wykshoof na die stamhoof appelleer.

(v) Boetes word deur die stamhoof behou in trust vir die stam en mag op geleë tyd aangewend word vir 'n fees.

(vi) Indien 'n veroordeelde weier om 'n boete te betaal word hy deur die kaptein by die Naturellekommissaris aangekla waarop met hom gehandel sal word asof hy deur die hof van die kommissaris self beboet is.

(vii) 'n Veroordeelde mag teen die beslissing van die stamhoof appelleer na die Naturellekommissaris. Lg. sal dan die saak de novo verhoor.

(viii) Die stamhoof besit geen jurisdiksie oor kriminele oortreders nie.

Wanneer 'n saak deur die stamhoof verhoor word, word hy bygestaan deur enige van sy wyks- of afdelingshoofde wat teenwoordig mag wees. Hulle tree op as vervolgers, verdedigers of as assessore en sal vrywilliglik of op versoek van die hoofman hul sienswyses uitspreek. Na al die getuienis aangehoor is en gedagtes gewissel is word die saak opgesom deur die hoofman en 'n beslissing gegee.

Uit die voorafgaande uiteensetting van die posisie van die stamhoof, sy funksies en sy magte blyk duidelik dat daar in hierdie opsig geen wesenlike verandering ingetree het nie. Die soewereniteit wat die stamhoof onder vroeëre omstandighede gehad het, word weliswaar nie meer aangetref nie maar 'n onafhanklike staat binne 'n staat kan noodwendig nie bestaan nie. Die BagaMosêtlha vorm vandag 'n integrale deel van 'n groter landsorganisasie en kan, die behoud van hul identiteit ten spyt, nie as 'n geïsoleerde stam (volk) bestaan nie. Betrekkinge met ander groepe is noodsaaklik vir hul eie welvaart en vir die nodige koördinering van belange tot voordeel van alle groepe is onderworpenheid aan die Goewerneur-Generaal as opperhoof, die verpersoonliking van die hele land se eenheid, onontbeerlik.

---

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# DEEL II.

## DIE EKONOMIESE LEWE IN VROEËRE TYE.

## HOOFSTUK III.

## DIE HUISGESIN AS SELFONDERHOUDENDE EKONOMIESE EENHEID.

Aangesien die gesin in die ekonomiese struktuur van enige Bantoestam 'n besondere rol speel word die ekonomiese lewe behandel in nouste samehang met die gesinsverband en daarom word hier eers 'n oorsig gegee van die huisgesin as sosiale eenheid.

### A. DIE GESIN EN SY TOTSTANDKOMING.

#### (i) Samestelling en Verhoudings.

Soos reeds aangetoon was die huisgesin in vroeëre tye die kleinste sosiale en ekonomiese eenheid in die samestelling van die stam. Dit was 'n goedomskrewe groep bestaande uit 'n man, sy vrou en hulle afhanklike kinders. In die geval van 'n poligamis (dit was by die Kgatla van vroeër alle mans se strewe om meer as een vrou te hê), vind ons 'n gesinnegroep bestaande uit net soveel huishoudings (malapa) as wat daar vrouens is. Elke vrou het nl. haar aparte huishouding (lapa) en verteenwoordig met haar kinders en haar man wat sy met haar medevrouens deel, 'n afsonderlike gesin. Om ekonomiese redes kan by die gesin ook ingesluit wees ander verwante of nie-verwante afhanklikes soos afhanklike ouers, blindes, kroupeles e.d.m. wat as bona fide lede van die gesin by een of meer van die huishoudings opgemeem is. Lede van die gesin het intieme omgang met mekaar gehad. Hulle het saam gewoon en dus voortdurend in mekaar se geselskap verkeer by die ete, by die werk en ook by ontspanning. Hulle het mekaar geraadpleeg in geval van persoonlike moeilikhede, in mekaar se vreugde gedeel en mekaar simpatie betoon in tye van nood en verdriet.

By die Bakgatla en by die BagaMosêtlha in die besonder was die huisgesin patriliniêr. Die vrou het haar man se naam (van) aangeneem en by hom gaan woon in die omgewing van sy familie van vaderskant. Die vrou en haar kinders moes hulle volgens stamwet aan die gesag van die man onderwerp. Die vader was die hoof van die gesin en hy het gesag uitgeoefen oor al sy kinders solank hulle in sy „huis" was en

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tot 'n groot mate ook daarna. As gesinshoof het hy gesag uitgeoefen oor die gesin se landerye en vee en het tot 'n groot mate die lewenswyse van sy onderhoriges bepaal. Hy was verantwoordelik vir die doen en late van al die lede van sy huishouding; dit was van hom verwag om hulle te beskerm wanneer hulle in die moeilikheid was en om in te staan vir hulle oortredings. Die vader het sy gesin in die Kgotla verteenwoordig en was ook hulle godsdienstige leier. Die kinders het hulle vader met die meeste agting bejeën en selfs 'n mate van vrees openbaar in hulle gedrag teenoor hom. Die vrou se gedrag teenoor haar man was dikwels dieselfde as dié van die kinders. Tussen die moeder en die kinders het daar gewoonlik bande van die mees opregte liefde bestaan. Dit was van die kinders verwag om hulle moeder te gehoorsaam en te respekteer en in hierdie opsig het hulle haar ook gewoonlik nie teleurgestel nie. Onselfsugtige liefde het die moeder se optrede teenoor haar kinders gedomineer. Sy het hulle belange op die hart gedra en onder alle omstandighede vir hulle in die bresse getree.

Daar was ook bepaalde verhoudings wat deur die kinders onderling gehandhaaf is. Hierdie verhoudings was gebaseer op senioriteit, 'n faktor wat dwarsdeur die Kgatla samelewing 'n baie vername rol gespeel het by die vasstelling van die agting waarop 'n persoon geregtig was. Die ouer broer (mogolle) het voorrang onder die broers (bo-nnake) geniet, hulle het sy bevele gewilliglik uitgevoer en hulle deur hom laat lei wanneer daar twyfel bestaan het. Die senioriteit van 'n broer was slegs bepaal deur sy ouderdom en nie deur die status wat sy moeder beklee het nie.[1] Ook onder die susters is die oueres deur die jongeres met respek behandel. Net soos in die geval van die seuns het die ouere suster (mogolle) 'n groot invloed uitgeoefen oor haar susters (bo-nnake) wat jonger as sy was. By die seuns sowel as die dogters het die oueres ook 'n beskermende houding ingeneem teenoor hul jongere huisgenote. Die verhouding tussen broers en susters is deur ander faktore bepaal as wat die geval was by die twee afsonderlike groepe. Omdat persone van die manlike geslag onder alle om-

1. Vir amptelike doeleindes het die status van die moeder wel 'n rol gespeel. (Vgl. p. 78).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



standighede as die meerdere beskou is, was die posisie van susters ondergeskik aan dié van hul broers van min of meer gelyke ouderdom. Teenoor heel jonger broertjies het 'n ouer suster egter die rol van 'n moeder gespeel. Die aard van die verhouding tussen broer en suster is origens hoofsaaklik bepaal deur bande van liefde en toegeneentheid wat sonder uitsondering aangetref is. Hulle wedersydse optrede was dus deurgaans gekenmerk deur 'n gees van welwillendheid en hulpvaardigheid.

(ii) Die Huwelik.

In vroeëre tye was dit die ouers se verantwoordelikheid om vrouens vir hul seuns te vind. Daar was trouens geen geleentheid vir jong mans en jong meisies om saam te verkeer sodat elkeen sy eie keuse kon maak nie. Die verskillende aard van hulle werk het tot gevolg gehad dat seuns en dogters mekaar bedags byna nooit gesien het nie - die seuns in die veld by die vee en die meisies tuis. Saans was dit 'n vaste reël dat die seuns by die mans in die Kgôrô (vergaderplek vir die mans) sit, en die meisies by die vrouens in die seêma (kookplek). Dit was ook die geval in die môre vroeg voordat elkeen hom tot sy dagtaak wend. Omstandighede het dus meegebring dat die seun hom noodwendig op sy ouers moes verlaat om 'n vrou te bekom. Huweliksooreenkomste tussen die ouers van 'n seun en 'n dogter is heel dikwels getref terwyl die kinders nog baie jonk was hoewel dit nie 'n algemene gebruik was nie. In die meeste gevalle is onderhandelinge aangeknoop wanneer die jongmense reeds hubare ouderdom bereik het. Die ouers het 'n seun net aan sy eerste vrou gehelp, verdere vrouens moes hy op eie inisiatief bekom.

Daar was verskillende voorwaardes waaraan voldoen moes word voordat jong mense kon trou. Seuns sowel as meisies kon nie trou voordat hulle die inisiasie-skool deurloop het nie want dit was die instelling waardeur die jong mense kon kwalifiseer as volwassenes. Enigeen wat nog nie by 'n regiment (mophato) ingeskakel was nie, is beskou as 'n kind en kon om dié rede nog nie trou nie.

Daar is sekere familie-betrekkinge met wie 'n man nie toegelaat is om te trou nie, nl. sy suster of halwe suster, sy dogter, sy vader

© University of Pretoria   Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



se suster en sy moeder se suster. Origens was daar sover ons kon vasstel geen restriksies nie. Behalwe die familie-betrekkinge hierbo genoem kon 'n man met enigiemand trou en selfs met 'n vrou behorende tot 'n ander stam. Dit het wel voorgekom dat 'n man uit vrees vir publieke opinie nie met 'n vrou uit 'n minderwaardige stam of 'n stam wat die BagaMosêtlha se aartsvyande was, sou trou nie. Die beste huwelik wat 'n man kon aangaan was met die dogter van sy moeder se broer - ngwana wa malome. By die BagaMosêtlha was so 'n vrou ook 'n man se hoofvrou al was dit ook nie die vrou wat hy eerste getrou het nie. Treffend is die ooreenkoms in huweliksgebruike in die algemeen en die betekenis van die dogter van die malome in besonder, tussen die BagaMosêtlha en die Tswana-stamme[1] sowel as die Bakoni van die Soekoekoeni-reservaat.[2] In alle gevalle skyn die mees wenslike huwelik te wees tussen mans en hul niggies en die aller beste nog tussen 'n man en die dogter van sy malome. Dit word gesê dat die beeste wat vir 'n jongman se moeder betaal is, gebruik is om vir sy malome 'n vrou te verkry en as hy nou weer 'n vrou by sy malome kry word die beeste tot 'n mate vergoed.

By die keuse van 'n vrou is heelwat oorweging gegee aan haar karakter en ook dié van haar familie. Hardwerkendheid, gehoorsaamheid, reinheid en algemene wellewendheid was eienskappe waaraan baie waarde geheg is. Die afkoms van 'n meisie se ouers, hul karakter en lewensmaniere was ook belangrike oorwegings. Dit was veral ook van groot belang dat die familie nie verdink moes word van towery nie. Vir die ouers van 'n meisie was algemene bekwaanheid die vernaamste aanbeveling vir 'n aanstaande skoonseun en die status en vermoë van sy vader is ook beskou as van belang.

Na die keuse van 'n vrou gemaak is, het 'n hele reeks formaliteite gevolg wat die huwelik voorafgegaan het. Allereers het die seun se vader die saak op informele wyse bespreek met die vader van die gekose meisie. As hulle eenstemmigheid bereik het, het elkeen

1. Schapera, I. 1938. A Handbook of Tswana Law and Custom p. 300.
2. Coertze, P.J. 1942. Die Huwelik by die Bakoni in „Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse reg. No. 4 pp. 299 - 300.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die saak afsonderlik met sy naaste familie-betrekkinge bespreek. Dit was in die eerste plek 'n vergadering van mans behorende tot die jongmense se Lešika maar familie van moederskant het ook deelgeneem en by die bespreking was dit veral die ooms van moederskant (bomalome) van die betrokke jongmense wat 'n belangrike rol gespeel het. Indien die jongman se familie tevrede was, is 'n man gestuur om op formele wyse die meisie by haar mense te gaan vra - go kopa segô sa meetse - „om 'n kalbas met water te vra." Die meisie se vader het genoemde gesant (Mmaditsela) dan te kenne gegee dat hy die saak met sy familiebetrekkinge sou bespreek. Die gesant moes dan na 'n paar dae vir 'n tweede maal gaan om die verskuldigde antwoord te verneem. Indien die antwoord gunstig was, is die „gesant" gevra „om die vrouens te stuur" - go roma basadi. Hierna is 'n paar vrouegesante gestuur om die proses wat deur die manlike gesant uitgevoer is te herhaal - go hlatswa puô ya banna - „om die woorde van die mans te was". Wanneer ook die vrouens formeel die jawoord vir hul jongman gekry het, was die eerste stap afgehandel.

Die tweede stap was 'n bevestiging van die verlowing. Die jongman se mense het aan die meisie se ouers 'n slagdier (bok) of kledingstukke wat vir die meisie self bedoel was gestuur. Hierdie persente was bekend as maisiwa (wat gestuur word). Sodra hulle aanvaar was, is die verlowing beskou as 'n voldonge feit. Kort hierna is die jongman na die meisie geneem en formeel aan haar en haar ouers voorgestel as haar toekomstige man. Van nou af was hy vry om so dikwels as hy wou by haar huis besoek af te lê.

Na die bevestiging van die verlowing het nog 'n geruime tyd (minstens 'n jaar) verloop voor die troue plaasgevind het. Die twee families het hulle self egter reeds as skoonfamilie beskou. Hulle het mekaar gereeld besoek, oor en weer aan mekaar persente gegee - veral in die vorm van voedsel - en het op 'n baie goeie voet met mekaar verkeer. Die jongman se familie het ook hul aanstaande skoondogter met persente oorlaai en op dié wyse hul welwillendheid teenoor haar getoon. By die tuiste van sy aanstaande skoonfamilie is die jongman met die meeste agting behandel en het hy ook buitegewone gasvryheid

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geniet. Van sy kant af het hy vir hulle allerlei gunsies gedoen.

Vir die bepaling van die troudag is die proses van manlike en vroulike gesante wat betrekking het op die verlowing, herhaal. As die dag na wedersydse beraadslaging en boodskappe bepaal was, het die jongman se mense die bogadi (troubeeste) na die bruid se mense geneem. Volgens my informante was daar vroeër geen vasgestelde aantal beeste wat vir bogadi betaal moes word nie. As 'n persoon glad nie vee gehad het nie kon hy enigiets gee in die plek daarvan en dit kon selfs maar 'n skoffelpik (petlwana) of 'n els (hlabiso) wees. Daar moes net 'n tasbare bewys wees van die wedersydse ooreenkoms. In die meeste gevalle is egter voorsiening gemaak vir beeste en die jongman se ooms van vaderskant (borangwane) en ooms van moederskant (bomalome) het dikwels ook 'n bydrae van 'n bees gemaak. Die vader het egter hoofsaaklik ingestaan vir die bogadi.

Die huwelik was bevestig en gevier bywyse van twee feeste. Eerstens 'n kleiner fees by die bruid se huis – Mokete wa Marufô. Na 'n paar dae het 'n groter fees – Mokete wa Magadi (fees van die bogadi) gevolg by die tuiste van die bruidegom. Voorsiening is gemaak vir baie vleis en bier. Alle familie-betrekkinge is na die fees genooi en hulle het weer hulle aangetroude familie genooi met die gevolg dat daar altyd 'n groot aantal feesgangers was. Selfs verbygangers was welkom om aan te kom en iets te geniet. Die hoeveelheid voedsel en drank wat daar was het afgehang van die betrokke families se vermoë. Vermoënde vaders kon groot feeste gee en voorsiening maak vir 'n groot aantal gaste; dit het dan ook baie bygedra tot die sosiale aansien wat hulle geniet het. 'n Troufees het aangehou tot die kos klaar was en het soms tot drie dae geduur.

Behalwe genoemde troufeeste was daar geen huweliksceremonie nie, geen godsdienstige plegtigheid of optrede van die toordokter nie. Daar is egter persente (hoofsaaklik tuisgemaakte artikels) oorhandig aan die bruidspaar en baie gedans en gesing. Van die talle trouliedere was die volgende miskien die mees algemene :

„Ngwana o a ya – o a ya – Die kind gaan, sy gaan,
O ya Mabelebetsa – Sy gaan iewers heen.
Diatla pedi – Met twee hande

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Re a mo amogwa - Laat ons haar ontvang

Ke ba-rua-Kgomo" - Deur die eienaars van beeste.

(iii) Huwelik van die troonopvolger en die „Mmasetšhaba."

Daar dien gelet te word op die feit dat die seuns van die hoofman op dieselfde wyse as die burgerlikes getroud geraak het. In die geval van die troonopvolger of „kroonprins" is egter 'n spesiale prosedure gevolg. Sodra hierdie oudste seun van die hoofman se hoofvrou terugkom van die inisiasieskool (Bogwêra) word deur bemiddeling van sy vader vir hom 'n vrou gevind. Hierna mag hy op geleë tyd ook nog ander vrouens trou. Op die een of ander stadium sal hy egter 'n vrou moet trou wat deur die stam aan hom gegee word. Sy vader, sy ooms van vaderskant (borangwane) en sy ooms van moederskant (bomalome) sal beraadslaag en 'n dogter van een van sy malome vir hom bespreek. Wanneer so 'n dogter bespreek word mag sy selfs nog nie gebore wees nie. Hierdie bespreekte dogter sal die troonopvolger dan eendag trou. Sy sal sy hoofvrou wees en die moeder van die stam (mmasetšhaba); „Ke yêna yo a tlang go buša Setšhaba" - dit is sy wat die stam sal regeer. Elke Kgôrwana (stamwyk) dra ten minste een bees by vir haar bogadi. As sy tot vrou geneem word nadat haar man reeds „die troon bestyg het" word al die vure in die stam op die troudag doodgemaak (O timêlwa mollô - die vure word vir haar doodgemaak). Dan moet alle vrouens opnuut vuur maak met brandende kole wat hulle by die mmasetšhaba kom haal. As die huwelik plaasvind voor die man se troonbestyging word die vure nie gedoof nie. Die oudste seun van hierdie hoofvrou (mmasetšhaba) is weer die opvolger van sy vader.


Na die huwelik het die paartjie vir 'n tydlank by die man se ouers ingewoon. Onder leiding van haar skoonmoeder moes die jong vroutjie dan leer om vir haar man te sorg. Na sowat 'n jaar of nog langer het hulle hul eie aanleg gemaak in die onmiddelike nabyheid (indien moontlik) van die man se ouerhuis. Die man sowel as die vrou se ouers en van hul ooms en tantes het kom help met die oprigting van die nuwe hutte, ringmuur en ander toebehore. Die man het sy eie veestapel opgebou met enkele stuks vee wat hy van sy vader en ooms mag

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



persent gekry het. Dit was egter nie nodig om 'n eie kraal te maak nie want alle familie-betrekkinge wat in dieselfde stat (gemeenskap-Kgôrwana) gewoon het se vee is saam versorg en is in 'n paar gemeenskaplike krale gehou. Volgens ons informante het elke patriliniêre familie-groep (Lešika) gesamentlike veekrale gehad. Onderstaande skets toon die posisie van die ouere en nuwere huishoudings en krale van dieselfde gemeenskap aan :-




Soos ander getroude mans, het die jonggetroude onmiddelik na sy huwelik 'n eie stuk bougrond ontvang. Hy moes dit dan skoonmaak deur die ergste bosse te verwyder en verder was die verbouing van graan en die oes daarvan die taak van die vrou.[1]

(iv) Posisie van die vrouens van 'n poligamis.

Die hoofvrou (mosadi o mogolo) is die vrou wat eerste getrou is of die dogter van die man se malome. Die ander vrouens staan bekend as basadi ba ba-nyane (klein, of ondergeskikte vrouens). Die tweede een wat getrou is, volg gewoonlik die hoofvrou in senioriteit. Die laaste vrou wat getrou word staan bekend as mmamoratwo en hierdie benaming sinspeel op 'n besondere plek wat sy in die man se hart het. Die hoofvrou beklee 'n posisie van gesag oor haar medevrouens (bakgadikane). Sy neem die leiding by werk wat soms gesamentlik verrig word bv. die voorbereiding van 'n troufees, die pleister van hutte e.d.m. Die ondergeskikte vrouens kom ook na haar om raad en leiding bv. as hul verhouding met die man nie goed is nie, in tyd van siekte en allerlei ander huishoudelike probleme. Sy is ook die man se vernaamste vertroueling onder sy vrouens. Die hoofvrou hou ook toesig

1. Volle besonderhede oor die bewerking van lande en alles wat daarmee in verband staan is vervat in Hoofstuk 5.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oor die versorging van 'n afgestorwe medevrou se kinders. Indien die vader 'n gesagsposisie in die stam beklee, is dit die hoofvrou se oudste seun wat hom opvolg en hy is ook die erfgenaam van sy vader se persoonlike besittings bv. sy klere, wapens e.d.m. (vgl. verdere besonderhede p. 96).

Indien 'n afgestorwe vrou 'n nog ongetroude suster het, mag die man haar ouers versoek om sodanige suster in die plek van die afgestorwene aan hom te gee sodat sy die weeskinders kan versorg en verdere kinders vir hom te baar. So 'n plaasvervanger word genoem seantlo (Se-aga-ntlo, - bouer van die huis). Volgens my informante betaal die man nie bogadi vir so 'n suster nie maar „bedank" slegs die ouers met 'n geskenk van uiters twee beeste. Indien 'n vrou onvrugbaar is kan 'n seantlo op dieselfde wyse verkry word om saam met die onvrugbare in dieselfde lapa te woon en vir haar kinders te baar. Dit is egter nie noodsaaklik dat 'n seantlo juis 'n suster van 'n afgestorwe of onvrugbare vrou moet wees nie. Dit is slegs die geval indien dit moontlik is. Indien dit nie 'n suster is nie moet die man weer bogadi betaal.

Verdere aanvullende vrouens met spesiale funksies soos die ngwetši of hlatsi by die Bakoni [1] is volgens my informante nie by die BagaMosêtlha aangetref nie. Dit kan wees dat besonderhede in hierdie verband nie meer onthou word nie.

Na 'n man se dood verwek sy broer wat net jonger as hy is vir hom kinders by sy agtergeblewe vrou of vrouens, - dit is bekend as die go tsenêla gebruik.

Tot dusver het ons by wyse van inleiding en in breë trekke die huisgesin as sosiale eenheid, sy wese en totstandkoming met betrekking tot vroeëre tye geskets. Dit bring ons dan by die ander aspek nl.

## B. DIE HUISGESIN AS SELFONDERHOUDENDE EKONOMIESE EENHEID.

### I. WERK EN VERANTWOORDELIKHEDE.

In vroeëre tye was die huisgesin 'n outonome selfonderhoudende eenheid wat in al sy stoflike sowel as geestelike behoeftes self voorsien het. Behalwe vir beskerming en gesellige samesyn was die Kgatla-gesin geensins af-

1. Coertze, P.J. 1942. Die Huwelik By die Bakoni. (Vgl. p. 73). p. 173.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hanklik van die stam en van 'n allesomvattende nasionale ekonomiese stelsel nie. Die huisgesin was aan sy eie lot oorgelaat om as selfversorgende organisme deel uit te maak van die stam en die gesinseenhede het die basis gevorm van die stam-ekonomie. Elke lid van die gesin het sy bepaalde pligte gehad; hierdie pligte is getrou nagekom onder leiding en beheer van die vader as gesinshoof en niks het ontbreek nie. 'n Aanduiding van die spesifieke verantwoordelikhede van die verskillende lede van die gesin sal die beste beskrywing wees van die posisie soos dit was :

1. Die Pligte van die Vader (Mans.)

Behalwe sekere bepaalde werk wat die vader ten deel geval het, het die verantwoordelikheid vir die welsyn van die hele gesin op sy skouers gerus. Hy moes toesien dat elke lid van die huisgesin hom/haar gedra in ooreenstemming met tradisionele lewensreëls en gebruike. Hy het ook die reg gehad om tydelike of nuwe reëls neer te lê wat deur sy afhanklikes gehoorsaam moes word, hy moes huishoudelike geskille besleg en goeie verhoudings handhaaf.

In sy huis was die vader dus tergelykertyd die handhawer van wet en orde, wetgewer en ook regter. Benewens hierdie funksies was hy ook die enigste godsdienstige leier van die gesin.

Behalwe die geloof in 'n Almagtige Opperwese (Modimo) het die godsdiens van die BagaMosêtlha bestaan uit voorvaderaanbidding, d.w.s. aanbidding van die geeste van afgestorwenes (badimo). Die geloof was dat die gees van 'n afgestorwene verhuis na 'n geestewêreld (lehodimo) wat grotendeels 'n weerspieëling is van die menslike lewe op aarde. Vanuit die geestewêreld bestuur die voorvaders die stam baie soos die lewende kaptein en gesinshoofde dit self doen. Die kontakte van die geeste met die gewone mens is onregstreeks en geskied gewoonlik deur die gesinshoof of kaptein as lewende skakel. Die funksie en magte van die geeste stem ooreen met dié wat hulle lewend besit het. Vir die genade en seën van die voorvadergeeste moes elke huisgesin van tyd tot tyd offerandes aan hulle bring en slegs wanneer daar 'n algemene toestand van nood bestaan het, soos in tye van pestilensie, ongekende droogte ens. moes die stam as geheel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sig voor die geeste verootmoedig en ook offerandes bring.

Daar was in die vroeëre stamlewe geen georganiseerde godsdienstige bearbeiding nie. Daar was geen gewone persone wie se amptelike taak of roeping dit uitsluitlik was om as geestelike leiers van die stam op te tree nie. Daar was dus geen „predikante" nie. Die godsdiensoefeninge van die gesin is deur die vader waargeneem en in gevalle waar die hele stam meedoen het die hoofman (of sy malome of rangwane) as hoëpriester op min of meer dieselfde wyse as die vader in die geval van die gesin, opgetree. Die vader se pligte het dus leiding by die beoefening van die godsdiens ingesluit en ons kan hulle as volg saamvat:

(a) Leiding by die godsdiensoefening (go robatša dithota).

Van tyd tot tyd (nie met gereelde tussenposes nie) moes die hele gesin vergader om deel te neem aan 'n rituele plegtigheid bekend as go robatša dithota (om die geeste te laat rus/slaap). Vir dié geleentheid het almal saamgekom in die lapa van die hoofvrou om 'n fees te vier genaamd moletlho en die voedsel het bestaan uit pap, vleis en bier. Na die ete is die bene (waarvan die vleis afgeëet is) en 'n bietjie pap na die agterplaas (mafuri) geneem waar die vader dit in 'n gat geplaas het wat hy in die teenwoordigheid van almal grawe. Dan het hy bier daaroor gesprinkel en terwyl hy dit doen, gesê: „Ntoballeng badimo bešo" (slaap vir my ons geeste/gode). Die ander lede van die gesin het rondom die „altaar" gekniel en terwyl die vader bg. gebed uiter, het hulle instemmende geluide gemaak. Die gat is dan toegemaak en die godsdiensoefening was verby. Sover ons kon vasstel was dit die enigste godsdienstige gebruik wat die Baga-Mosêtlha van ouds gehandhaaf het. Dieselfde prosedure is gevolg wanneer die stam as geheel offerandes vir die geeste gebring het; by so 'n geleentheid het die hoofman of sy verteenwoordiger (sien terug) as priester opgetree en die plegtigheid het by die hoofstat plaasgevind.

(b) Tuisnywerhede.

Die gewone bedrywighede van die huisgesin het vroeg in die oggend, kort voor sonop begin. Opstaantyd was aangekondig deur die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



fluit van die kwikstertjie (napaila). Dan het elkeen begin met sy aangewese werkies. Die mans gaan sit en brei in die kgôrô (sitplek vir die mans) waar die seuns die vuur opmaak. Die vrouens en dogters begin dadelik met die voorbereiding van ontbyt. Gewoonlik moes nog gemaal word, vuur gemaak word en pap gekook word. Op hierdie tyd van die dag het ook die vader (die mans) se dagtaak begin.

Op enkele items na moes die huisgesin alle artikels, werktuie, persoonlike toerusding e.d.m. self vervaardig. Die vader was verantwoordelik vir die vervaardiging van die meeste van hierdie benodighede en sy vernaamste taak was om vir die gesin klere te maak. Uit velle moes hy verskillende kledingstukke[1] (sien verderaan) vir die manlike sowel as vroulike lede van die gesin maak. Die velle (matlalô), hoofsaaklik van beeste, skape, bokke en wildsbokke is goed gebrei (go šoga) en dan met senings (mešifa) aanmekaar gewerk volgens die vereiste patroon. Die enigste werktuie wat gebruik is, was 'n tuisgemaakte mes (thipa) en els (hlabiso). Die yster wat vir hierdie en ander voorwerpe van metaal benodig is, is teen betaling van graan of beeste verkry van enkeles wat die kuns verstaan het om dit uit die erts te smelt en dit is soms selfs van ander stamme verkry. Eenvoudige werktuie soos 'n mes en 'n els is na die verkryging van die nodige yster self vervaardig. Die maak van klere het ook ingesluit die vervaardiging van die slaapvel (phathe), die abbavel (thari) en die velkombers (Kobô).

Uit been, yster en koper het die mans ook krale (dipheta of dikgotlwane) gemaak en hiervan weer armbande (masêka), beenringe (masêka) en oorringe (mangêna). Hulle het ook dikwels arm- en beenringe gemaak van gras en beesstertare wat gevleg en gerol is. Houtborde (megopo), houtlepels (maso) en roerstokke (mafêhlô) vir gebruik deur die vrouens is ook deur die mans vervaardig. Die houtpik (kôkô) waarmee die vrouens geplant het is deur die mans vervaardig terwyl hulle ysterpikke, tlhofi (braakpik) en petlwana (skoffelpik) van stele moes

1. Op hierdie stadium word slegs die tipe artikel genoem. Besonderhede word aangebied waar die gebruik van die artikels ter sprake kom.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voorsien. Die ysterpik self moes van ystersmede teen betaling van graan of vee verkry word.

Die mans moes ook hulle eie wapens vervaardig of voltooi. Die ysterpunte van assegaaie en die ystergedeeltes van vegbyle is soos die pikke, van ystersmede teen betaling verkry. Die houtstele is egter deur elkeen self gemaak. Onder die vernaamste wapens het getel 'n gewone assegaai (lerumô) met 'n plat en puntige lem - en 'n ander met 'n skerppuntige lem wat ook voorsien is van hakies wat na agtertoe staan op die geaardheid van 'n harpoen of vishoek (lerumô la kobê). Die vegbyl (selêpê sa magagana) het 'n houtsteel gehad en die ysterlem was ovaalvormig voor aan die punt van die steel sodat dit veeleer gebruik is om mee te steek en te sny as om te kap. Dan was daar ook nog knopkieries (melamo) gemaak van harde houtsoorte en 'n skildvel (thêbê) gemaak van rou beesvel. Van die groot verskeidenheid mandjies, matte en ander vlegwerk moes die mans net een mandjie vervaardig nl. die groot graanmandjie (sešego). Dit was groot genoeg om van 5 tot 8 mud graan te hou.

(c) Ander Werk.

Behalwe hulle bydrae tot die tuisnywerhede, het die mans ook ander spesifieke take gehad om te verrig en die vernaamste hiervan was om met die seuns as handlangers die vee te versorg. Hulle moes die krale maak, die vee merk en dokter indien nodig (vgl. hst. 6), die koeie melk en die slagting waarneem. Dit was ook hulle verantwoordelikheid om toe te sien dat die vee nie in die lande kom nie.

Ook met die bou van hutte was die mans behulpsaam. Dit was die man se taak om die nodige pale in die veld te gaan kap en die hele hout-raamwerk van die hut te voltooi (vgl. hst. 4). By die bewerking van die landerye en die versorging van die graan het die man ook 'n aandeel gehad. Hy moes aansoek doen om bougrond by die hoofman en na verkryging daarvan moes hy die bosse uitkap en die grond braak. Soggens vroeg wanneer die vrouens nog tuis besig was met die bereiding van die voedsel moes hy gaan voëls jaag en by die oes was hy behulpsaam met die aandra van die graan na die dorsvloer tuis.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vrouens en die kinders was op die mans aangewese om beskerming teen gevare en veral teen strooptogte van vyandige stamme. Aangesien die stam so dikwels in skermutselinge met vyande gewikkel was en telkens ook die vee teen diewe moes beskerm, kan gesê word dat oorlogvoer van hulle belangrikste werk was. Die verowering van grond en die buit van vee bywyse van oorlogvoering het 'n vername ekonomiese betekenis gehad.

Met dieselfde wapens as waarmee teen vyande opgetree is moes die mans ook uitgaan om te jag en op dié wyse die voedselvoorrade aanvul of ongediertes uitroei. Die jag kon op eie inisiatief onderneem word of op georganiseerde wyse (letsolo) gewoonlik onderneem deur die hoofman. Dit word beweer dat daar in die stamgebied en omgewing groot troppe wild voorgekom het waarvan die volgende die vernaamste was, (vertaling van name in enkelvoud): Elande (phofu), koedoes (thôlô), hartebeeste (kgama), springbokke (tshêpê), rooibokke (phala), wildebeeste (kgokong), waterbokke (mohlôbô), duikers (phuti), steenbokke (phudufudu) en hase (mmutla). Daar was ook ongediertes (dibata) waarop dikwels jag gemaak is bv. leeus (tau), wolwe (phiri), tiers (nkwê) luiperds (lepôgô) en jakkalse (phukubye). 'n Groot verskeidenheid voëls is gejag maar die mees algemene was tarrentale (kgaka), fisante (lesogo) en patryse (kgwale).

Die wild is gewoonlik in vanggate (merêho) gejaag en dan met assegaaie doodgesteek. Voëls is hoofsaaklik in wippe gevang. By geleentheid van 'n jagparty is die vleis onder die jagters verdeel. Die borsstukke van alle wild het egter na die mošate gegaan. Ook alle velle is na die hoofman geneem. Velle van wildsbokke het hy dikwels uitgedeel aan verdienstelike jagters maar dié van ongediertes het hy sonder uitsondering vir homself gehou.

2. Pligte van Seuns.

(a) Tuisnywerhede.

Hoewel die seuns uitsluitlik artikels vir eie gebruik vervaardig het, het hulle van kleins af begin om die gebruiklike tuisnywerhede te beoefen. So het hulle van hulle ouer maats geleer om werktuie bv.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



messe, knopkieries, graafstokke ens. self te vervaardig. Onder die leiding van die mans in die kgôrô waar mans en seuns gereeld saam verkeer het, het die seuns soms ook vir hulle self sekere kledingstukke gemaak bv. 'n stertriempie (tsega), 'n hoed van gras (kuane) 'n halsband of „boordjie" van gras (legopô) en ander dergelyke artikels. Hulle moes ook dikwels in die kgôrô help brei aan 'n groot vel waarmee een van die mans besig was. Op dié manier is die seuns geleidelik ingelyf in die werk wat hulle as volwassenes sou moes doen.

(b) Ander Werk.

Die vernaamste werk waarmee die jong seuns belas was, was die versorging van die vee. Die kleintjies (sowat 7-10 jaar) moes die kleinvee (bokke en skape) oppas. Die groteres was beeswagters, moes help met die melk van die koeie en soms maande saam met die beeste by die veeposte (merakeng) deurbring. Hulle taak as veewagters het tot gevolg gehad dat die seuns bedags byna nooit tuis was nie en tydens hulle verblyf by die veeposte selfs ook nie saans en snags nie.

Wanneer hulle tuis was, was dit ook van die seuns verwag om saans hout saam te bring vir die vuur in die kgôrô en dit was ook hulle taak om soggens en saans die vuur in hierdie plek op te maak. Die seuns het ook gejag en wilde vrugte versamel gedurende hulle omwandelinge in die veld agter die vee. Hulle was verder baie gebruik om te stuur en minder belangrike boodskappe oor te dra. Die Kgatla spreekwoord sê: „Makhura a ngwana ke go rongwa" - die vet (die nut) van 'n kind is om gestuur te word.

3. Pligte van die Vrouens.

(a) Tuisnywerhede.

Ook die vrouens het hulle aandeel aan die vervaardiging van benodigde artikels gehad. Die belangrikste hiervan was miskien die vorm en bak van kleipotte vir huislike gebruik. Daar was 'n groot verskeidenheid wat later ter sprake kom en wat gebruik is as kookpotte, waterpotte en bierpotte. Dit was ook die vrouens se taak om van die kalbasvrug (Lagenaria of oucubita) houers vir verskillende doeleindes te maak. Hierdie kalbasse het hulle ook versier met pa-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



trone deur gedeeltes van die skil wat merendeels afgekrap word te laat agterbly of deur patrone daarop uit te brand. Behalwe die graanmandjie wat deur die mans gevleg is, was die vrouens verantwoordelik vir die vervaardiging van alle mandjies en matte t.w. die lesêlô (uitwanmandjie, tlatla (draagmandjie), motlotlo (biersif) sethêbê (maalmat) legogô (slaapmat) en die mosênê (sambreelmat).

Die kledingstukke wat deur die mans vir hulle gemaak is, het die vrouens versier met krale wat ook deur die mans aan hulle verskaf is. Patrone is ook soms uitgewerk met gevlegte beesstertharе. Hier kan ook genoem word dat die klein voorskootjie (legabe) wat deur die klein meidjies gedra is ook deur die vrouens gemaak was hoewel die mans nog die gebreide vel-materiaal verskaf het.

(b) Ander Werk.

Behalwe hulle aandeel aan die tuisnywerhede het die vrouens 'n groot verskeidenheid moeilike en verantwoordelike take gehad om te verrig. In die eerste instansie moes hulle die kinders versorg en dit het ingesluit die voeding, kleding en reiniging sowel as die vrywaring teen gevare van die kleiner onbeholpe kinders.

Seker een van die vernaamste take van die vrouens was die bewerking van die lande. Behalwe vir die enkele gevalle hierbo genoem, waar die mans hulle behulpsaam was, was dit uitsluitlik die vrouens se taak om die lande te bewerk, die saad te saai, te skoffel, voëls te jaag, te oes, te dors en te maal. (Vgl. hst. 5). Hulle moes ook die graanskuur of vat (sefala) bou. Hierby was die vrou verantwoordelik vir die bereiding van twee maaltye per dag - in die oggend en in die aand. Dit het ingesluit die maal van die koring, vuurmaak, kook, opskep en die was van haar eie en haar man se eetgereedskap. Die kinders het hulle eie „borde" gewas. Benewens die voorbereiding van die voedsel moes die vrou ook die bier brou.

Water was gewoonlik ver van die woonplek en hout moes in die veld versamel word. Dit was ook die vrou se plig om te sorg dat daar genoegsame hoeveelhede van hierdie twee items by die huis was. Die hout was in die veld gebreek en op die kop huis toe gedra; water is in waterpotte (metšega) ook op die kop aangedra.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vrouens was ook verantwoordelik vir die voltooiing en instandhouding van die hutte. Nadat die raamwerk van die hut deur die man gemaak was, moes die vrou die kleinmure voltooi, die gras versamel, die dak dek en die vloere maak. Vir die instandhouding moes die vloere eenmaal per week gesmeer word en die mure jaarliks gepleister word.

4. Pligte van die Dogters.

Die dogters se werk was hoofsaaklik dieselfde as die van vroue. Hulle het tuisgebly en was hulle moeders in alle opsigte behulpsaam. Aanvanklik het hulle slegs as handlangers opgetree maar namate hulle ouer geword het, het hulle self ook al die werk verrig wat deur volwasse vroue gedoen is. Met die toeneem van hul ouderdom het ook hul vaardigheid toegeneem en dit was 'n dood natuurlike ding dat 'n dogter van 17-18 jarige ouderdom net so bedrewe in die meeste vroulike pligte was as enige volwasse vrou.

Die enigste spesifieke werk wat aan die jong dogters opgedra was en nie altyd deur alle vroue gedoen is nie, was die oppas van die kleiner kinders wat nog nie aan hulle self oorgelaat kon word nie. Van hierdie werk het die dogters ook besonder baie gehou en moeders kon hulle kinders met die meeste gerustheid aan hulle sorg toevertrou. Deur die versorging van die kleintjies het ook die moederinstink met die verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan, ontwikkel.

## II. VERSORGING VAN DIE GESIN.

1. Bevalling.

In die vroeëre stamlewe was kraaminrigtinge en gehuurde mediese dienste by die bevalling onbekend. Voorsiening is egter gemaak vir goeie versorging van die moeder sowel as die pasgebore baba. Vir haar eersteling het 'n jong vrou teen die agste maand van haar swangerskap na haar moeder se tuiste gegaan om daar te bly vir die geboorte van haar kind. Wanneer die tyd vir die bevalling aangebreek het is die moeder in 'n spesiale hut wat vir haar afgesonder word, gehuisves. Haar eie moeder en veral haar grootmoeder (van moederskant) was haar by die geboorte behulpsaam. Die hulp van ander ou en ervare vrouens kon ook ingeroep word. Hierdie

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



helpers het die baba gevang, die naelstring afgebind, die moeder gereinig en omgesien na die verdere versorging van moeder en baba. Ander belangstellende vroulike familiebetrekkinge is ook gevra om te kom help. Van hulle is egter slegs verwag om behulpsaam te wees met die maal, voorbereiding van die voedsel vir die gesin en om ander huislike pligte waaraan die huisvrou onder die omstandighede nie haar aandag kan gee nie, waar te neem. Die kraamvrou het, sover ons kon vasstel geen buitegewone voedsel ontvang nie maar geregte waarvoor sy lus gehad het, is indien moontlik vir haar voorberei.

Van die toordokter is spesiale medisyne (sepheko) in die vorm van 'n swart poeier verkry waarmee die pasgeborene se lyfie ingesmeer (gepoeier) is en dit sou hom vrywaar teen siekte of onheil en normale groei bevorder. Hierna is die lyfie met vet ingesmeer en dan toegedraai in 'n sagte velkombersie (patšane) wat spesiaal vir hierdie doel voorberei is. Verder het die kleintjie geen klere gedra nie. Vir die eerste ses maande het die baba se voeding uitsluitlik uit moedersmelk bestaan maar as die moeder miskien te min melk gehad het, is dit aangevul met 'n sagte pap gemaak van baie fyn meel en gemeng met water. Hierdie pap is met die wysvinger by die kleintjie se mond ingewerk - Ba mo kgampea.

Indien alles goed verloop het en moeder en kind gesond was het die grootmoeder sewe dae na die bevalling aangekondig: „Kajeno ngwana o godile" (vandag is die kind groot). Die ander vrouens wat met die huishouding gehelp het kon dan vir die eerste maal ingaan om na die kind te kyk en die meeste van hulle kon daarna ook huis toe gaan omdat hulle dienste verder-aan nie meer nodig sou wees nie. Slegs een of twee tantes van die jong moeder het langer gebly om te help. Die moeder en kind moes tot 'n maand na die bevalling in hulle hut bly en wanneer hulle na hierdie tydperk te voorskyn kom het die vader vir die eerste maal sy kind gesien. 'n Familiefees is dan gehou en vir die geleentheid is ting (suurpap) van fyn meel, - dit was bekend as letsasa -, en 'n hoeveelheid bier gemaak. Na die fees by haar moeder se huis het die jong moeder teruggegaan na haar huis. In 'n draagmandjie (tlatla) het sy letsasa saamgeneem vir die vroue by haar tuiste en bier in 'n kalbas (nkgô) vir die ou vrouens en die mans. Hier is weer 'n bok geslag en die familiefees is ast'ware voort-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gesit. Na hierdie fees was die bevalling afgehandel. Vir die tweede en daaropvolgende bevallings het dievrou by haar eie huis gebly waar sy egter weer deur dieselfde helpers as in die eerste geval bygestaan is. Dit word beweer dat 'n baba dikwels by die bevalling of kort daarna gesterf het. Dit val maklik te begryp as in aanmerking geneem word dat die helpers by die bevalling, hoe ervare ook al, by gebrek aan wetenskaplike kennis magteloos sou wees indien enige komplikasies sou ingetree het.

2. Kleding.

(a) Mans: Die huisgemaakte klere van 'n man het bestaan uit 'n stertriem (mogašwa), 'n kalfvel wat soos 'n mantel oor die skouers gedra is (khaswana), 'n skaapvel-mantel (lethêbô) en skoene (slegs sole) gemaak van die voorkopvel van 'n bees (dipatlana of rampatšana). Benewens hierdie kledingstukke het 'n man ook nog 'n hoed of mus (kuane) gedra wat gemaak was van beesvel. Die meeste mans het ook nog 'n voorwerp gehad, gemaak van hout of been, omtrent vier duim lank en plat aan die een kant. Dit is genoem 'n lebekô en het diens gedoen as sakdoek. Met die plat kant van die lebekô is die een neusgat toegedruk wanneer die neus gesnuit word.

(b) Die Seuns: Alle kledingstukke wat die mans gehad het het die seuns ook gehad. Hulle stertriem was egter nie so groot soos die van die mans nie en was genoem tsega. Seuns het ook meestal strooihoede gedra en nie beesvel-hoede of musse soos die mans nie.

(c) Die Vrouens: Die vernaamste vroue-kledingstukke was 'n voorskoot (mosese) wat van voor en agter om die lende gedra is en 'n skaapvelmantel (morêpô) wat oor die skouers gedra is. Op koue dae of saans is die morêpô vervang of aangevul deur 'n velkombers wat om die lyf gewikkel is. Origens het die vrouens ook skoene (dipatlana) gehad soos die mans hoewel hul merendeels kaalvoet geloop het. Benewens genoemde kledingstukke het halssnoere van ysterkrale sowel as enkel- en armringe (masêka) belangrike dele van 'n vrou se uitrusting gevorm.

(d) Die Dogters: Hulle benodighede was dieselfde as dié van vroue behalwe dat hulle gewoonlik gladnie skoene gehad het nie. Die heel klein meidjies se voorskootjie (mosese) was heelwat smaller as dié van

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vroue en is genoem legabe. Hoewel die legabe gewoonlik ook van vel gemaak was, was dit dikwels gemaak van wilde katoen (bogokwe) wat gerol en geweef is.

Alle lede van die huisgesin het kaal geslaap op 'n slaapmat (legogô) of 'n slaapvel (phathe) en hul bedek met 'n velkombers of karos (kobô). Sommige mans en vrouens het van 'n houtkussing (mosamô) - sien ook Hoofstuk 4 - gebruik gemaak; andere en veral die kinders, het sonder kussing geslaap.

3. Voeding.

Vir die produksie van voedsel [1] is die landbou- en pastorale bedrywe beoefen; dit is aangevul met jag- en versamelbedrywe en die beskikbare voedsel het voorsien in die volgende:

(a) Stapelvoedsel.

Vir die hele gesin was daar slegs twee hoofmaaltye per dag, een teen 8-9 uur in die oggend en die ander in die aand kort na sononder. Die vernaamste voedsel vir almal was Ting. Hierdie ting was die stapelvoedsel en was kafferkoringpap met 'n suur smaak wat verkry was deur 'n bestandeel wat gisting veroorsaak het. Oorspronklik word 'n bietjie bier gebruik as „suurdeeg" maar daarna was dit slegs nodig om 'n bietjie van die een kooksel ting (mahlabegô) oor te hou en dit by die volgende kooksel te voeg; dit vervul dan die funksie van suurdeeg. By wyse van afwisseling is gewone stywe kafferkoringpap (mosôkô) gekook wat presies dieselfde was as ting behalwe dat dit nie suur was nie. Mosôkô of ting was dan die stapelvoedsel en 'n maaltyd sonder een van hierdie twee geregte was nie beskou as 'n goeie maaltyd nie.

(b) Bykos (Sešaba).

By gebrek aan enigiets om saam met mosôkô of ting te eet is slegs ting alleen sonder enige bykos genuttig. Sešaba moes smaak aan die pap gee en die suur smaak van ting het hierin ten dele voorsien. Dit was egter uiters onaangenaam om mosôkô sonder sešaba te eet. In alle gevalle was 'n bykos van een of ander soort uiters wenslik en

1. Voedselproduksie word volledig beskrywe in Hoofstukke 5 en 6.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die volgende was die mees algemene :

(i) Vleis. Bokke en skape is heel dikwels geslag vir gewone huishoudelike gebruik. Beeste is slegs by spesiale geleenthede geslag en hoewel die beesvleis soms na 'n slagtery lank uitgekom het (party vleis is gedroog), was beesvleis nie 'n alledaagse dis nie. Vee wat gevrek het, is ook geëet en op die wyse is die hoeveelheid beskikbare vleis aangevul. Vleis van slagvee is verder aangevul deur wild wat in vroeëre tye taamlik volop was. (Vgl. p.83). Hoewel vleis soms op die kole gebraai is, is dit meestal gekook sodat die gereg met sous en al genuttig kon word. Vleis is nooit sonder sout voorberei nie.[1]

(ii) Melk. Veral in die somermaande was melk taamlik volop en dit was altyd 'n baie gewilde sešaba. Beesmelk was die meeste gewild maar van bokmelk is ook vry algemeen gebruik gemaak. Soetmelk en suurmelk (dikmelk) was ewe gewild en het mekaar afgewissel by maaltye.

(iii) Droë Bone. Die enigste soort peulboon wat in vroeëre tye bekend was, is die soort wat vandag algemeen bekend is as kafferboontjies (dinawa). As bykos was dit baie gewild. Die mees algemene gereg hiervan was bekend as ditlhaku - die bone is gewoon met water gekook tot dit sag was met sout volgens smaak. Indien daar tyd was vir 'n bietjie meer moeite, is die bone op 'n maalklip gebreek en gekook om 'n bygereg bekend as Sekgailane te vorm. Soms is heel droë bone met mielies (nadat hierdie gewas bygekom het) gemeng en gekook en dit was dan bekend as dikgôbê. Dikgôbê het egter 'n volle maaltyd gevorm en is nie gereken as bygereg nie.

(iv) Groente: Gedurende die somermaande het groente 'n vername plek ingeneem as bykos. In die lande is die jong toppe van die kafferboontjie-plante versamel en gekook (monawa). Ook die jong toppe van pampoenranke is versamel en voorberei (mopotse). Benewens hierdie verboude groentes is ook 'n groot verskeidenheid wilde gewasse versamel en as groente-gereg voorberei. Die ver-

---

1. Die stam het sout van die teenswoordige „Soutpan" 20 myl wes van Hammanskraal gekry waar daar groot hoeveelhede was.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



naamste hiervan was thôêpê (misbredie - Amaranthus thunbergii mog.), Monyaku (cucumis africanus L.) Lerotho (cleome monophylla L.), Lehlanye (geigeria zeyheri Harv.), Foro (Crotalaria burkeana Benth.), Lefotetsane (Pentarrhinum insipidum E. Mey). Daar was nog verskeie ander. Alle groentes is op heel eenvoudige wyse in water opgekook maar aan groente sonder sout was nie te dink nie. Sout was altyd 'n belangrike bestanddeel van enige soort bykos.

(c) Geregte vir Afwisseling.

Ting en mosôkô en die bg. soorte bykos was die gereelde voedsel maar vir afwisseling en snoeperye tussen etensure het die moeders vir allerlei ander geregte gesorg waarvan die volgende enkele voorbeelde is:

Mosutlô - gestampte kafferkoring wat as volle maaltyd sonder enige sešaba genuttig is. Dit het wel sout bevat.

Lefata - Kaboekoring wat slegs tussen-in geëet is en nie as 'n volle maaltyd voorgesit is nie.

Ditloo. (Duco beans - Arachis hypogaea L.) wat soms in die plek van gewone droë bone as sešaba genuttig is en soms tussen-in as 'n snoepery geëet is.

Lehlodi. (China beans - Phaseolus aureus) is op die geaardheid van 'n lensie en het dieselfde funksie as boontjies vervul.

Patats (morepa), pampoene (mopotse), marankas (maraka), kafferwaatlemoene (marotse), tel almal onder geregte wat deel uitgemaak het van die Kgatla diëet hoewel eg. twee eers na die koms van die Blankes verbou is.

Wilde vrugte in seisoen - sien Hoofstuk 2 p. 35.

(d) Dranke:

Kafferkoringbier (bjalwa) gemaak van uitgeloopte graan was die BagaMosêtlha se nasionale drank. Dit was egter nie saam met maaltye gedrink nie. Alhoewel dit goeie voedende waarde het, is dit hoofsaaklik gedrink terwille van die bedwelmende uitwerking wat dit gehad het. Bjalwa is aangevul deur 'n ongegiste drank (mageu) berei van kafferkoringmeel. Manna (lebêlêbêlê) is soms ook gebruik vir die brou

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van bier. Daar was, sover ons kon vasstel geen ander noemenswaardige drank behalwe water nie. Water is o.a. net na maaltye gedrink.

Al die vrouens van 'n poligamis het vir die man voedsel gestuur na die lapa van die hoofvrou waar hy gewoonlik geëet het. Die voedsel was dan ook voldoende vir homself sowel as vir gaste wat hy ook al wou onthaal en die orige het na die kinders gegaan. Bier het die man meer dikwels in die lapas van die verskillende vrouens gaan drink.

Dit is opvallend dat die stapelvoedsel wat 'n styselgereg was altyd aangevul is met sešaba bestaande uit 'n groente of 'n proteïenbevattende gereg soos vleis, melk of droë bone. Op dié wyse het 'n primitiewe stam onwetend voorsiening gemaak vir 'n min of meer gebalanseerde dieet; dit wil voorkom of die menslike instink bepaal wat alles nodig is vir die instandhouding van 'n gesonde liggaam.

Soos ook die ander lewensbenodighede is voedsel selde gekoop of verhandel. Elke gesin moes ook in hierdie opsig in sy eie behoeftes voorsien. Dit kon wel gebeur dat 'n huishouding se voorrade uitgeput raak voordat die nuwe oes inkom maar selfs dan was daar nêrens 'n sentrale plek waar verdere voorrade gekoop kon word nie. As 'n huisvrou nie meer kos gehad het vir haar gesin nie dan moes sy haar wend tot die go sêla gebruik waarvolgens sy by ander vrouens „vir haar kinders" 'n bietjie koring gaan vra. Sy het haar eers tot lede van haar familiegroep gewend maar later ook tot ander vrouens. Dit was nie betaamlik om so 'n hulpbehoewende vrou met leë hande weg te stuur nie en sy kon altyd daarop reken dat sy vandag by die een en môre by die ander goeie vrou geholpe sou raak. Behoeftige vroue het soms hul dienste aangebied vir voedsel en die vernaamste dienste wat vir hierdie doel gelewer is, was die skoffel van lande. Dit het ook voorgekom dat die een gesin by 'n ander 'n bok, skaap of bees vir koring geruil het. As daar algemene gebrek was en lede van 'n gemeenskap mekaar nie kon help nie, het hulle hul tot die stamhoof gewend. In die meeste gevalle kon hy uit sy groter voorrade help[1] maar indien dit nie moontlik was nie moes die vee geslag

1. In hierdie verband is die letsweta of tšhemo ya Mošate (land van die hoofstat) soos beskryf in Hoofstuk 5 van besondere betekenis.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word sodat die gemeenskap van vleis kon lewe. Indien daar geen ander uitkoms was nie was strooptogte teen ander stamme die laaste toevlug. Dit het wel ook voorgekom dat voedsel van naburige stamme verkry is deur daarvoor met vee of artikels soos potte, assegaaie, velklere ens. te betaal.

4. Mediese versorging.

Die gesin was steeds onderhewig aan kwale wat in twee kategorieë verdeel kan word nl.

(a) Onbekende kwale wat slegs aan towery toegeskryf kon word. Hiertoenoor het die leek magteloos gestaan en kon hy alleen hoop op genesing indien hy die hulp van 'n toordokter ingeroep het.

(b) Algemene Kwale. Die mees algemene kwale wat bekend was, was hlôgô (hoofpyn), mala (maagpyn), mpsikêla (verkoue), go gôhlôla (hoes), nahlô of kubyana by kinders (seer oë), dišô (sere), mooko (masels) en hlôgwana (koorsigheid by die tande-kry van kinders).

As hierdie kwale kronies geword het, is die toordokter ook ingeroep om medisyne te gee. Indien hulle egter nie ernstig was nie, was daar altyd allerlei erkende en algemeen bekende middels wat deur iedereen self aangewend kon word. So is hoofpyn bv. gedokter deur 'n droë tambotie takkie (morekuro) te brand en die rook wat dit afgee in te adem. Vir maagpyn was die bas van die mosêtlha-boom (huilbos) gemaal, met water gemeng en gedrink. Dit het die pyn weggeneem. Purgeermiddels is van die „dokter" verkry. Om verkoue te genees moes die pasiënt homself stoom met skoon water. Die beste medisyne vir seeroë is verkry van die plek waar die dassies urineer (morotêlô wa dipela). 'n Hoeveelheid grond, deurweek met die urine van die dassies is uitgegrawe en huis toe geneem. Hierdie grond was bekend as moswa wa tšhwene (kleursel (?) van die bobbejaan).[1] As iemand seeroë gehad het, is 'n bietjie van hierdie grond met water gemeng en die mengsel is as oogdruppels gebruik. 'n Persoon met masels moes in die huis bly en moes water drink wat op bokmis getrek is. Sere is beskou as 'n teken van genesing van verskillende kwale en is selde gedokter. Vir tandekry by kinders is bloed wat uit 'n bokoor getap is beskou

1. Dit word beweer dat hierdie misleidende naam aan genoemde middel gegee is om die ware Jakob as geheim te bewaar.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as die beste middel om in te gee. Selfs die „dokter" het van hierdie bloed op sy spesiale medisyne vir tandekry gedrup. Waaruit die dokter se basiese medisyne bestaan het, het niemand geweet nie.

Medisynes wat vir mediese behandeling gebruik is het niks gekos nie en was trouens maklik bekombaar. Die toordokter was die enigste profesionele man vir wie se dienste moes betaal word. Sy fooi was gewoonlik 'n bok of 'n skaap of selfs gemaakte artikels soos pikke, velklere e.d.m. . As die hoof van 'n gesin wou, kon hy eenmaal aan 'n „dokter" 'n bees betaal en daardeur solank as wat die dokter „praktiseer" vrye behandeling kry vir sy hele gesin. Daar was ook 'n dokter wat aan die hoofstat verbonde was. Hierdie dokter was in die eerste plek die lyfarts van die stamhoof maar dit is ook van hom verwag om die behoeftiges wat nie 'n private dokter kon bekostig nie kosteloos te bedien. Hy kan dus beskou word as 'n soort van „distriksgeneesheer" wat deur die owerheid tot diens van die publiek gestel is.

Daar was in die primitiewe Kgatla-lewe geen hospitale nie en ook geen beroepsverpleegsters nie. Die moeder het opgetree as die verpleegster van haar huisgesin en as sy self siek en hulpeloos was, is sy deur haar mede-vrouens of naaste familie-betrekkinge versorg; hulle het haar nie alleen versorg nie maar ook haar huishoudelike pligte waargeneem. 'n Sieke was altyd met die meeste simpatie bejeën en is dan ook dienooreenkomstig versorg.

5. Opvoeding.

Behalwe die inisiasie-skole wat gepaard gegaan het met die samestelling van ouderdomsgroepe soos beskryf in hst. 2, was daar in die vroeëre stamlewe geen opvoedkundige instellings of georganiseerde onderwys nie. Wat die seuns moes leer om 'n nuttige bestaan te voer het hulle algaande van hul vaders geleer en so het die dogters van hulle moeders geleer. Die opvoeding verskaf deur die ouers is aangevul deur ouer kinders wat steeds as leermeesters van die jongeres opgetree het.

Die seuns, - en die dogters tot 'n mindere mate, - het 'n verbasende kennis van die natuur gehad. By sy volwasse stadium het 'n man al die name van bome, bosse, wilde vrugte, knolle en selfs grassoorte van

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die omgewing geken. Ook wilde diere en hul gewoontes was ingesluit by die skat van kennis wat die stam van die natuur gehad het.

### III. NALATENSKAP EN VERSORGING VAN WESE.

Die wyse waarop besittinge by die afsterwe van die vader, moeder of kind deur agtergeblewenes geërf word en die maatreëls wat getref word vir die versorging van weduwees en afhanklike wese, hang so nou saam met die samestelling en funksie van die gesin dat ons dit nie kan skei van die voorafgaande besonderhede omtrent die gesinseenheid nie. Dit is dus wenslik dat ons op hierdie stadium 'n uiteensetting gee van die prosedure wat in vroeëre tye gevolg is.

1. Eiendom en eiendomsbegrippe.

(a) Grond. Die stamgebied het aan die stam as geheel behoort en is vir die stam in trust gehou deur die hoofman wat dit ook administreer het deur sy onderhoofde wat die distribusie en gebruik daarvan gereguleer het in hulle onderskeie wyke. Weivelde, insluitende onbewerkte en afgeoeste lande, is op kommunale basis gebruik. 'n Man het egter vir elkeen van sy vrouens, d.w.s. vir elke huishouding, 'n boupersee1 en 'n landbouhoewe ontvang (vgl. hste. 4 en 5) wat hy kon beskou as sy eiendom solank as hy leef en in die stamgebied woon. Hierdie eiendom kon ook deur sy kinders geërf word.

(b) Die natuurlike hulpbronne van die stamgebied wat voorsien het in water, hout, dekgras, wild, wilde vrugte e.d.m. was gemeenskaplike eiendom en dit wat elkeen versamel het, was sy/haar private eiendom.

(c) Wooneenhede bestaande uit verskillende hutte was die gesin se private eiendom (vgl. hst. 4).

(d) Vee, bestaande uit beeste, skape en bokke was ook die private eiendom van die gesin. Die meerderheid van die beeste is deur die man aan verskillende huishoudings toegesê en vir praktiese doeleindes beskou as die eiendom van elke huishouding (lapa). Sekere beeste is egter nie toegesê nie en sodanige beeste, sowel as die kleinvee is beskou as die man se persoonlike eiendom (vgl. hst. 6).

(e) Die persoonlike besittings van die man bv. klere en komberse insluitende wapens is beskou as sy private eiendom.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(f) Die persoonlike besittings van die vrou insluitende alle huishoudelike artikels in haar lapa sowel as voedselvoorrade was haar private eiendom oftewel van die lapa wat sy as haar eie kon beskou. Die man het egter ook hieroor finale seggenskap gehad .

(g) Die persoonlike besittings van die kinders wat soms ook enkele stuks vee ingesluit het is beskou as hul private eiendom met dien verstande dat hulle nie geoorloof was om dit te verkwansel of weg te maak sonder die toestemming van die vader nie. Lg. kon sodanige besittings egter na goeddunke in belang van sy kinders beheer.

2. Prosedure by die afsterwe van die Vader.

(a) Indien die moeder(s) nog kan kinders baar moet die afgestorwene se broer wat net jonger (of net ouer indien geen jongere) is as hy vir eg. kinders verwek by die weduwee(s) - o a mo tsênêla (vgl. p.78 ); hy neem die oorledene se plek in en weduwees trou nie weer nie. As die afgestorwene se kinders nog jonk en onbeholpe is tree hierdie broer ook op as hulle vader oftewel klein vader (rangwane) en behartig hulle belange soos hulle eie vader dit sou doen.

(b) Die oudste seun (mogolle) van die hoofvrou erf al die persoonlike besittings soos klere, komberse, wapens en sekere vee. Die klere en ander besittings behalwe die wapens, mag hy onder sy eie en halwe broers verdeel; die wapens hou hy egter vir homself. As daar in die lapa van die hoofvrou geen seun is nie, is die oudste seun van die tweede vrou in senioriteit die erfgenaam van bg. besittings.

(c) Indien die oudste seun (mogolle) van 'n huishouding reeds 'n volwasse man is, aanvaar hy die verantwoordelikhede van sy afgestorwe vader t.o.v. sy moeder en jonger broers en susters d.w.s. die rangwane word dan ten dele onthef van sy pligte. Hy erf al die beeste wat tot die huishouding behoort maar hy moet die bogadi vir sy jonger broers voorsien, terwyl die troubeeste vir sy ongetroude susters na hom, oftewel die huishouding waarvoor hy verantwoordelik is, kom.

(d) As die mogolle getroud is of later trou kan hy sy eie aanleg hê maar hy bestuur nog die sake van sy moeder se lapa.

(e) As een van die jonger broers trou gee die mogolle hom gewoonlik 'n paar beeste om 'n begin te maak net soos sy vader dit sou doen. Op

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dié wyse kry die ander seuns ook 'n aandeel van die erfporsie.

(f) Die jongste broer (mofetšane) van 'n lapa erf die ouerlike aanleg en bougrond en sorg ook vir sy moeder wanneer dié nie meer vir haarself kan werk nie. So bly die landbouhoewe en bouperseel in besit van die gesin.

3. Prosedure by die afsterwe van die Moeder.

(a) Al die persoonlike besittings van die moeder insluitende huishoudelike artikels word onder beheer van die vader of mogolle en die hoofvrou onder die dogters van die lapa verdeel.

(b) Afhanklike moederlose weeskinders word deur die afgestorwe moeder se medevrouers onder toesig van die hoofvrou versorg. Indien nodig „trou" die vader 'n seantlo (vgl. p.78) om die kinders te versorg en die huishouding aan die gang te hou. Die oorledene se landbouhoewe word ook deur die medevrouens of seantlo vir die huishouding bewerk.

Al die vader se broers tree op as „klein" vaders (borangwane) van die afgestorwene se kinders en hou steeds wag oor al hul belange en hul gedrag. Hierdie „vaders" word ook ten alle tye deur genoemde kinders geraadpleeg en sake van belang rakende die hele gesin, word in die familie-kgotla (vergadering van die lešika) bespreek. Ook die ooms van moederskant (bomalome) neem 'n beskermende houding in teenoor hul susters se kinders en tree altyd vir sodanige weeskinders in die bresse. 'n Veronregte dogter neem byna sonder uitsondering haar toevlug tot haar malome

4. Die ouers handel na goeddunke met die persoonlike besittings van 'n kind wat te sterwe kom.

OPSOMMING.

Op grond van die voorafgaande besonderhede kan ons die posisie en funksie van die huisgesin onder vroeëre omstandighede soos volg opsom:

(a) Die huisgesin was patrilinieêr en het berus op poligamiese huwelike wat gesinsgroepe met een gesinshoof tot gevolg gehad het. Die gesin was die kleinste sosiale en ekonomiese eenheid. Die gesag van die vader of gesinshoof is deur alle lede van die gesin erken, daar was 'n gesindheid van onderlinge hulpvaardigheid tussen die medevrouens van 'n man en hulle senioriteit is deur verskillende faktore bepaal. Die kinders het onder mekaar en teenoor hulle moeder toegeneentheid openbaar en

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teenoor hul vader het hulle 'n houding van vrees en respek ingeneem. Teenoor haar kinders het 'n moeder steeds die mees opregte moederliefde openbaar.

(b) 'n Seun se ouers het vir hom 'n vrou gevind en die huwelik tussen die twee jongmense is gereel deur hul onderskeie familiegroepe (mašika). Bogadi is in alle gevalle betaal.

(c) Die huisgesin was 'n selfonderhoudende eenheid wat in al sy stoflike sowel as geestelike behoeftes self voorsien het. In hierdie verband het elke lid van die gesin bepaalde pligte gehad om na te kom.

(d) Die vader was die godsdienstige leier van die gesin. Hy was verder die versorger van die vee, die jagter en as krygsman ook die beskermer van die gesin. Die man het 'n aandeel gehad in die oprigting van die hutte en sy deelname aan die tuisnywerhede het bestaan uit die maak van klere (velwerk), landboukundige werktuie en sekere huishoudelike artikels (houtsneewerk), beenkrale en armbande (been- en metaalwerk), die vleg van sekere mandjies (vlegwerk) en die skoonmaak van nuwe lande. Die seuns was hul vaders behulpsaam; aanvanklik hoofsaaklik as veewagters maar hulle is geleidelik opgeneem in al die pligte wat die mans teen deel geval het.

(e) Die vrouens se taak was hoofsaaklik om hul kinders te versorg, hutte te bou, die landerye te bewerk en die voedsel voor te berei. Hulle aandeel aan die tuisnywerhede was om klere te versier, armbande te maak, kleipotte te maak, sekere mandjies te vleg en die kalbasvrug voor te berei vir huishoudelike gebruik. Soos die seuns was die dogters hul moeders behulpsaam, eers hoofsaaklik as kinderoppassers maar hulle is ook geleidelik opgelei in al die take van 'n vrou.

(f) Die versorging van die gesin was eenvoudig en het bestaan uit die noodsaaklikste kleding en voeding en primitiewe mediese behandeling wanneer nodig. Die informele opvoeding van die kinders het spontaan en ongemerk gekom.

(g) In baie gevalle het lede van 'n familiegroep (insluitende familie van die vrou se kant) mekaar behulpsaam gewees in die werk.

(h) Die stam-ekonomie het berus op die selfstandigheid van die huisgesin as ekonomiese eenheid en was daarvan afhanklik.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK IV.

## WOONWYSE EN HUISHOUDELIKE TOERUSTING.

### A. WOONWYSE.

Die BagaMosêtlha se woonhuis was soos dié van ander verwante stamme, 'n ronde hut met kegelvormige grasdak. Verskillende lede van die gesin het in verskillende hutte geslaap en 'n aanleg (huishouding) of lapa het dan ook uit twee of meer hutte bestaan. Die gesin was self verantwoordelik vir die oprigting van die hutte. Die man en die vrou het elk 'n spesifieke gedeelte van die bouwerk gehad om te verrig en hulle is byna sonder uitsondering bygestaan deur familiebetrekkinge van die gesin. Elke vrou van 'n poligamis het 'n aparte eenheid hutte vir haar afsonderlike huishouding gehad en was verantwoordelik vir alles wat daarmee in verband gestaan het. Niemand het die reg gehad om haar hutte wederregtelik te betree nie; dit was haar private woonplek waar sy haar kinders versorg en haar man ontvang het. Die man het egter die finale seggenskap oor die hutte en toebehore gehad en hy het ook te enigertyd die reg gehad om 'n hut binne te gaan. Hoewel die woon-eenheid vir praktiese doeleindes aan die vrou behoort het, was die man die wettige eienaar.

Besonderhede omtrent die vroeëre woonwyse kan ons beste behandel onder die volgende hoofde:

1. Samestelling van 'n tipiese Kgatla-stat (eenheid hutte).

In vroeëre tye was byna elke man 'n poligamis of 'n potensiële poligamis en voorsiening moes dus gemaak word vir meer as een vrou en haar kinders. Aangesien elke vrou 'n aparte huishouding (lapa) moes hê spreek dit vanself dat die stat (motse) uit meer as een eenheid moes bestaan. 'n Man het egter nooit twee vrouens gelyk getrou nie, trouens 'n hele aantal jare het gewoonlik verloop voor 'n tweede vrou geneem is. Aanvanklik was dit dus nie nodig dat 'n nuwe aanleg voorsiening moes maak vir meer as een huishouding nie. As 'n oud-getroude en gevestigde poligamis egter verhuis het, was dit 'n saak van 'n ander kleur want dan sou dit vanselfsprekend nodig wees om verskillende eenhede gelyktydig in te rig.

Nadat 'n jong-getroude man soos reeds in Hoofstuk 3 aangedui, volgens gebruik vir 'n jaar of langer met sy bruid en al by sy ouers ingewoon het, was dit wenslik dat hy sy eie aanleg maak. Hierdie aanleg was in die on-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



middelike nabyheid van sy vader se stat en moes uit minstens een volledige eenheid bestaan het. Soos reeds aangetoon het so 'n eenheid uit verskillende hutte bestaan maar wanneer die slaaphut of hoofhut voltooi was, was daar niks wat die egpaar verhoed het om dit te betrek nie; die resterende hutte en ander geriewe kon dan met die loop van tyd aangebring word. 'n Volledige eenheid het uit die volgende bestaan:-

(a) Die Slaap- of hoofhut (ntlô) wat deur die man en vrou as slaapvertrek gebruik is. Dit was die grootste van al die hutte wat tot die eenheid behoort het. Die grootte was egter nie vasgestel nie en volgens oorleweringe kon dit enigiets van 15 tot 20 voet in deursnee wees. Gaste het ook saam met die gasheer en gasvrou in die hoofhut geslaap indien daar nie ander beskikbare akkommodasie was nie.

(b) Die Kgotlwane, 'n kleiner hut waarin ook die vernaamste graanskuur (sefala) gebou is. Die sefala is in die middel van die hut gebou sodat daaromheen nóg genoeg ruimte was vir die meisiekinders om te slaap. Die Kgôtlwane was dus 'n hut met 'n tweeledige funksie nl. dié van slaapkamer vir die meisies en huisvesting van die graanskuur wat 'n aparte konstruksie was.

(c) 'n Klein hut, gewoonlik genoem ntlwana (klein hutjie) waar die seuns geslaap het. In hierdie „seunskamer" is ook op reëndae gekook.

(d) Die Seêma of kookplek. Dit was geen hut nie maar het 'n integrale deel van die „woning" gevorm en wel as kombuis. Die kookplek is op enige goed beskutte plek binne die ringmuur of heining rondom die hutte, ingerig. Daar was slegs 'n vuurmaakplek (sebešô) en dit het selfs nie eens 'n afdak oor gehad nie.

Bg. hutte was ingesluit deur 'n ringmuur of heining van regop houtpale. Die deure van die hutte wat in 'n sirkel gebou is, het na binne gefront. Die hutte was van 10-15 voet uitmekaar geplaas en die hele ruimte tussen-in (binne die ringmuur) is voorsien van 'n goeie grondvloer met mis gesmeer net soos die vloere van die hutte self.

Daar dien op gelet te word dat elke man nie 'n afsonderlike veekraal by sy aanleg gehad het nie. Die verskillende statte van 'n gemeenskap is sirkelvormig aangelê met 'n groot ruimte in die middel. In hierdie ruimte

© University of Pretoria   Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het elke familie-groep (lešika) gemeenskaplike veekrale gehad; een vir die beeste en een vir die kleinvee. (Sien ook hoofstuk 3). In vroeëre tye toe die stam te eniger tyd strooptogte van vyandelike stamme te wagte kon wees, was dit 'n belangrike maatreël om die vee te beskerm. Nuwe aanlegte is onmiddelik agter die ouere aanlegte gemaak en so het die woonplek van die gemeenskap na buite toe uitgebrei.

2. Keuse van 'n Bouplek.

Geen indiwidu het dit gewaag om afsonderlik met sy gesin te gaan woon nie. Die hele stam het in dieselfde omgewing in groot gemeenskappe gewoon en die rede hiervoor is voor die handliggend. Dit was dus 'n hele gemeenskap of wyk (kgôrwana) wat moes besluit oor 'n bouplek en nie die enkeling nie. Nuwe aanlegte vir huisgesinne is op die bou-terrein soos oorspronklik afgebaken, gemaak. 'n Bou-terrein moes voldoen aan die volgende kardinale vereistes :-

(a) Daar moes ten minste een groot skaduryke boom wees waar die mans vergadering kon hou (lekgotla la banna). Een van ons ywerige ou informante het die punt probeer verduidelik deur te sê, die boom moes daar wees want dit was die „offies"!

(b) Die grond moes geskik wees om mee te bou. 'n Kleiagtige grond is beskou as die beste vir bou-doeleindes. Op 'n sanderige plek kon 'n stat dus nie gebou word nie want waarvandaan sou die bougrond kom? Daar was geen vorm van transport nie en die grond kon dus nie van ver af karwei word nie.

(c) Die bouterrein moes naby water wees. Dit was wel nie nodig om vlak teen die water te bou nie maar binne redelike afstand daarvan sodat dit nie nodig moes wees vir die vrouens om te ver daaraan te dra nie.

(d) Indien moontlik moes die stat hoog lê op 'n plato of teen die hang van 'n bult. Dit wil voorkom of dit nie soseer om gesondheidsredes was nie maar wel om buite die gevaar van vloedwaters en periodieke moerasagtigheid te wees.

(e) Die raad van die ou ervare manne is altyd gesoek by die bepaling van 'n geskikte bouplek.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Behandeling van die bouterrein deur 'n toordokter (Go thea motse):

Soos reeds aangetoon was alle statte van 'n bepaalde gemeenskap op een plek gekonsentreer. Dit was dan slegs nodig dat die toordokter die hele terrein waarop die statte gebou moes word, sal behandel en as die hele terrein behandel was, was dit nie nodig om die perseel van elke huisgesin afsonderlik te behandel nie.

Sodra dan besluit is waar die gemeenskap sou bou is ook die omvang van die gemeenskaplike bouterrein bepaal - in europese terme sou dit neerkom op die vasstelling van die grense van die „munisipale gebied." Alvorens met enige bouery begin kon word, moes die toordokter deur die wykshoof ontbied word om die stat af te steek (go thea motse). Vir dié doel het die toordokter 'n aantal houtpenne gehad aan die punte waarvan hy sy medisyne (tšhitlhô) vir die spesiale doel gesmeer het. Hierdie penne het hy as bakens al langs die grense van die aangewese bouterrein ingeslaan (go êpêla dimêpê). Die penne het op so 'n afstand van mekaar gekom dat daar geen twyfel omtrent die afgebakende gebied kon bestaan nie. Enige van die mans wat dit wou doen kon die dokter op sy omgang vergesel. Na die bouterrein is ook die vergaderplek van die mans (lekgotla la banna) afsonderlik afgepen. Die veekrale is nie spesiaal afgepen nie. Ten laaste is ook reg in die middel van die terrein 'n pen ingeslaan. Hiermee was die terrein formeel afgesteek en „medies" behandel en kon iedereen wat tot die groep behoort het binne die grense daarvan met veiligheid bou. Die leier (mokgônana) van die gemeenskap het aan die „dokter" 'n bees betaal vir sy dienste. Daar dien op gelet te word dat indien die gemeenskap sodanig gegroei het dat 'n voorgenome bouer genoodsaak was om die oorspronklike grense te oorskry by die maak van 'n nuwe persoonlike aanleg, hy opnuut die dokter moes ontbied om sy bouperseel spesiaal te kom behandel. Volgens my informante was dit nie gebruiklik dat die grense van die hele gemeenskapsterrein uitgebrei is nie.

Die medisinale behandeling van die bouterrein was beskou as noodsaaklik om bose geeste, hongersnood, pestilensie onder mens en dier, vyandelike stamme en ander dergelike gevare uit die gemeenskap te weer. 'n Ontroue toordokter kon hom deur 'n vyandige gemeenskap binne die stam of selfs deur 'n vyandige vreemde stam laat omkoop om die „krag" van sy medisyne ongedaan te maak waardeur die deur dan oopgemaak word vir bg. gevare. Indien enige van

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



genoemde gevare sig sou voordoen in 'n gemeenskap dan was dit ook toegeskryf aan die feit dat die toordokter wat die terrein afgepen het se medisyne nie doeltreffend genoeg was nie of dat hy deur vyande van die gemeenskap omgekoop is. In so 'n geval moes die dienste van 'n ander hoogaangeskrewe „dokter" verkry word om die stat opnuut af te steek en heel dikwels teen betaling van meer as een bees aangesien hierdie behandeling spesiale medisyne vereis het.

Vir enige verdere dienste wat die toordokter aan die bepaalde gemeenskap as geheel gelewer het bv. vir die verwildering van bose geeste wat die gemeenskap bedreig het, is hy nie weer betaal nie. Hy het slegs persente ontvang in die vorm van bier, voedsel en klere van indiwiduele lede van die gemeenskap. Hierdeur is sy welwillendheid teenoor almal behou en het hy ook kostelose dienste gewy aan die gemeenskap as geheel.

## 4. Bou van die Stat.

Die leier (mokgômana) van die gemeenskap het aan elke gesinshoof (die vader) 'n bouperseel toegewys. Alvorens die bouery begin het, het lg. die grootte van die hutte en ander besonderhede met sy vrou(ens) bespreek. By die samesprekinge is o.a. ook besluit watter posisie die verskillende hutte moes inneem en in watter rigting hulle presies moes front. Na eenstemmigheid bereik is, is 'n begin gemaak met die oprigting van 'n tuiste vir die gesin wat hoegenaamd niks sou kos nie en wat ook geen spekulatiewe of handelswaarde sou hê nie. Geen materiaal is gekoop nie want dié moes die omgewing, die primitiewe mens se stoorkamer, voorsien. Geen bouer is gehuur nie want die boukuns het elkeen self verstaan en dit was so natuurlik dat elke gesin sy eie woning sou oprig as wat 'n voëlpaar hulle eie nes sou bou. Vriende en familie-betrekkinge het mekaar wel gehelp maar die meeste wat hulle vir gelewerde dienste kon verwag was wederdiens in dieselfde vorm of 'n vriendelike onthaal met bier (letšema la byalwa) of 'n goeie maaltyd van ting en vleis. Die hutte is soos meermale aangetoon gedeeltelik deur die mans en gedeeltelik deur die vrouens opgerig.

### (a) Bouwerk deur die man verrig:

Die man was verantwoordelik vir die raamwerk van die hutte d.w.s. vir al die houtwerk. Hiervoor het hy die volgende nodig gehad :-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Pale (maotwana, - bene) vir die raamwerk van die mure.

Pale (ditlhomeso) vir die kappe van die dak.

Latte (dipalêlô) vir voltooiing van die dak-timmerasie.

Tou (kgobata of lodi) [1] waarmee pale en latte aanmekaar geheg word.

Sparre (magokwe) om die ruimtes tussen muurpale te sluit.

Met 'n tuisgemaakte byl (sêlêpê) word die nodige pale, latte en sparre in die veld gekap. 'n Harde boomsoort waarvan duursame pale verkry kan word, word uitgesoek - pale wat veral teen rysmiere bestand is - tšo di ka palêlang moutlwa. Bome waaraan voorkeur gegee word is die sekeldoring (nosêsêle - Dichrostachys glommerata) en die haakdoring (moloto of mogaa - Acacia detinens) asook ander doringboomsoorte. Vir latte word die mogonno en mohlakola as die beste beskou.

Die hoofhut van 'n eenheid word eerste gebou en wanneer al die materiaal bymekaar is, word 'n pen ingeslaan op die plek wat die middelpunt van die hut sal wees. Hieraan word 'n paal, in lengte gelyk aan die straal van die hut vasgemaak en 'n sirkel getrek. Die sirkel word duidelik gemerk deur dit effens uit te grawe en al op hierdie aanduiding word die muurpale (maotwana) ontrent 6 duim diep in die grond geplant. Die pale kom teenmekaar maar aangesien hulle noodwendig nie altyd reguit is nie bly daar heelwat openinge tussen-in. Hierdie openinge word dan met die dunner sparre (magokwe) so goed moontlik toegemaak. Die sparre word ook in die grond geplant en boonop met tou (lodi) aan die muurpale vasgemaak. Twee of drie latte (onder, middel en bo) word dwars oor die pale vasgemaak om die muurkonstruksie te versterk.

Die dakkappe ontmoet mekaar in die nok van die dak en is sowat 2 - 3 voet van mekaar verwyder op die mure. Die kappe steek ongeveer 4 voet verby die mure om voorsiening te maak vir 'n veranda (mathudi) rondom die hut. In die nok en op die mure word die kappe met tou vasgeheg. Latte wat ongeveer 'n voet uitmekaar dwars oor die kappe gelê en met tou vasgemaak word, voltooi die hout-raamwerk van die hut en daarmee is die taak van die mans voorlopig afgehandel. Die hut kry geen vensters nie. 'n Opening van ongeveer 2 by 4 voet is gelaat vir 'n deur

---

1. Dit is verkry van die vesel net onder die bas van doringbome.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(monyako) en by voltooiing van die hut voorsien die man hierdie opening van 'n plankdeur (lemati) (sien verderaan).

(b) Bouwerk deur die vrouens verrig.

Die vrouens werk met grond en gras wat benewens die reedsgenoemde houtmateriaal die enigste ander materiaal is wat benodig word vir die bou van 'n hut, (behalwe mis).

Nadat die mans die hout-raamwerk aan die vrouens oorhandig het, voltooi lg. eers die muur. Goeie kleiagtige grond (miershoop indien verkrygbaar) word met 'n kleiner hoeveelheid vars beesmis [1] gemeng en die muurpale word daarmee sorgvuldig aan weerskante toegepleister. Alles word met die hand gedoen; vir die maak van die mure gebruik die vrouens geen werktuie nie. Die mure word uiteindelik netjies gelyk gestryk met die hand en vir 'n dag of twee gelaat om te droog. Die voltooide muur is ongeveer 5 duim dik; die dikte wissel egter al na gelang van die dikte van die pale. Dit word gesê die vrouens „vorm die muur" (ba bopa lebotana) of ba phara legokwe (hulle bedek die sparre).

Vir die dak gaan die vrouens self met tuisgemaakte messe die dekgras (morulêlô) in die veld sny. Behalwe die gras het die vrouens ook nog dektou nodig. Van biesies (modi) word 'n sterk tou gevleg. Die nok (setloga) van die hut word op die grond soos 'n mandjie gevleg en eerste opgesit, dan begin die dekkery. Die gras word met stamme na boontoe aan die latte geheg met die voorafvervaardigde dektou. Laag vir laag kom die gras van bo af ondertoe. Geen werktuig word by die dek gebruik nie. Die dekspaan en deknaald wat vandag deur dekkers gebruik word, was vroeër onbekend. Die sade van die heel onderste laag gras word afgesny en die rand van die dak word netjies afgewerk.

Die eerste laag van die grondvloer bestaan uit dieselfde grond wat gebruik is vir die pleistering van die mure maar word nie met mis gemeng nie. Die grond word natgemaak, oor die oppervlakte versprei en eers met die hande vasgeslaan (go phara mmu ka diatla). Daarna word dit verder vasgestamp (go kata) met 'n werktuig (katô) wat spesiaal vir die doel vervaardig is. Die katô is 'n swaar houtwerktuig omtrent twee voet lank; aan die eenkant het dit 'n ronde handvatsel en aan die ander ent is dit

1. Vrouens is nie in die beeskraal toegelaat nie. Selfs nie om mis te versamel nie. Gewoonlik is 'n seun gestuur om mis te haal.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plat aan twee kante. Met die plat kante word die grond vasgeslaan. As die grondlaag goed vas is kon 'n tweede laag van grond met mis gemeng daaroor. Hierdie laag word gelyk en glad gemaak (go dila) met 'n stryk-klip (thitêlô). Dit word vir 'n dag of wat gelaat om te droog en dan met mis gesmeer (go kgopa ka bolôkô). Die smeer word met die hand gedoen en deur die hand behendig heen en weer te trek word allerlei aantreklike patrone op die vloer met die mis uitgewerk (go tšhikitla). Die vloer van die lapa, d.w.s. die meergenoemde ruimte tussen die hutte word op dieselfde wyse gemaak.

'n „Plank" word deur die mans uit 'n dik maroela-stam gemaak om as deur te dien. Aan weerskante van die opening in die muur aan die binnekant word 'n paal geplant. Tussen die pale en die muur is 'n ruimte wyd genoeg sodat die deurplank daarin kan pas. Die plank word dan heen en weer geskuiwe wanneer die deur oop en toe gemaak word.

As een man en sy vrou alleen aan 'n hut moet werk neem dit sowat twee weke om te voltooi. Indien 'n werksparty daaraan werk neem dit slegs 3-4 dae. Sodra 'n hut voltooi is word dit sonder enige seremonie of verdere „mediese" behandeling in gebruik geneem. As die stat na 'n ander plek versit word, word die hutte afgebreek en alle pale en dekgras word saamgeneem om vir die nuwe woning gebruik te word.

Volgens my informante was hutte wat op bg. wyse opgerig is baie goed bestand teen wind en weer. Dit het nl. gebeur dat dieselfde hutte vir 2 tot 3 geslagte gebruik is. Afgesien van gereelde aandag kon 'n goeie hut vir 30 tot 40 jaar staan sonder dat grootskaalse opknapping nodig was. Indien die dak nie ongemerk deur rysmiere ingeneem is nie was dit eers na 'n tydperk van sowat 30 jaar nodig om dit oor te dek.

Instandhouding. Elke jaar na die oes- en dorstyd, d.w.s. net voor die planttyd en die reënseisoen, is die mure van die hutte oorgepleister. Hierdie versterking het die mure bestand gemaak teen die aanslae van die reën en veral teen die klamheid van die reëntyd. Aangesien die mure tot 'n groot mate deur die veranda beskerm was, was hulle taamlik buite gevaar van direkte aanslae van reën of hael. Alle vloere is eenmaal per week gesmeer om uittrapping te voorkom en om te verhoed dat daar stof ontstaan. Die hutte sowel as die lapa is elke dag gevee.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## B. HUISHOUDELIKE TOERUSTING IN VROEËRE TYE.

In teenstelling met die groot verskeidenheid huislike benodighede wat vereis word vir 'n lewenswyse volgens westerse patroon, vind ons by die BagaMosêtlha van vroeër slegs enkele allernoodsaaklikste items t.o.v. huishoudelike toerusting. Geen voorsiening is gemaak vir gerief of luukse van enige aard nie. Wat ook al benodig word, word soos meermale al aangedui, deur die gesin self vervaardig. Aan die gespesialiseerde en hoogstaande vaardigheid van die westerse beskawing het dit die stam ontbreek. 'n Artikel moes slegs aan sy beskeie doel beantwoord; 'n oormaat van doelmatigheid was nie beskou as noodsaaklik nie. Meer artikels as wat nodig was vir die mees primêre behoeftes sou in vroeëre tye deur die BagaMosêtlha beskou word as oordadig en selfs dwaas. Die huishoudelike toerusting wat aangetref is kan as volg saamgevat word:

(a) Meubels. Ameublement in die westerse sin van die woord was geheel-en-al onbekend. Die enigste wat ten minste die funksie van 'n meubelstuk (hangkas) vervul het was 'n riem wat aan die een kant van die hut aan 'n balk vasgemaak is en weer aan 'n balk aan die ander kant vas was sodat dit oor minder as helfte van die hutsirkel gespan het. Hierdie riem was bekend as mphôgôle (wisselvorm : mfôgôle) en alle klere en beddegoed is daaroor gehang as dit nie in gebruik was nie. Behalwe 'n matjie wat soms op die vloer gelê het was die slaaphut leeg. Ook in die ander hutte was geen meubels nie.

(b) Kombuis- en kookgereedskap.

1. Potte. 'n Groot verskeidenheid potte vir verskillende doeleindes is gebruik. Potte was almal van klei en is gebak.

(i) Die Kookpot (pitša). 'n gebakte kleipot met wye opening sodat die inhoud maklik geroer en uitgeskep kon word. Dit het 'n deksel van dieselfde materiaal en 'n ronde bodem gehad. Kookpotte wat vir die pap gebruik is, was taamlik groot en die kapasiteit het varieer van een tot drie gelling terwyl veel groter potte (tot 8 gelling) vir feesgeleenthede gebruik is.

(ii) Kookpotjie vir Bykos (Pitšana ya sešaba). Dit was 'n miniatuur kookpotjie spesiaal gemaak vir die kook van 'n bygereg bv. vleis,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



droë bone, groente e.d.m. Vir groot geleentheidsmaaltye is die gewone kookpot ook vir sešaba gebruik.

(iii) Die Waterpot (Nkgô). 'n Gebakte kleipot wat van die gewone kookpot slegs in twee opsigte verskil het nl. dat dit 'n kleiner opening (uiters 5 duim) gehad het en 'n plat bodem sodat dit sonder stutte kon staan. Die vernaamste rede waarom die waterpot 'n klein opening gehad het was om te verhoed dat die water uitstort wanneer die potte op die kop gedra is. Storting is verder verhoed deur die opening met takkies en blare toe te stop. Waterpotte het ook in grootte varieer maar moes nie te swaar wees om vol water te dra nie; dit wil voorkom of die grotere potte ongeveer 4 gelling kon hou.

(iv) Bierpot (motšega). Die bierpot het soos die waterpot 'n plat bodem gehad sodat dit alleen kon staan maar die opening was effens groter. Daar was wel kleiner bierpotte maar die mees algemene was geweldig groot met 'n kapasiteit van 20-25 gelling.

(v) Suurdeegpot (motšegana). 'n Klein potjie wat in alle opsigte ooreenkom met die bierpot en spesiaal gemaak vir die doel om suurdeeg vir ting in voor te berei. Soos reeds aangetoon is suurdeeg berei deur van elke dag se ting 'n bietjie in water te hou vir gebruik op die volgende dag.

(vi) Braaiskerf (Lengôtana). 'n Potskerf of 'n spesiaal gemaakte kleibakkie op die geaardheid van 'n potskerf wat gebruik is as pan om sekere geregte in te braai.

2. Kalbasse. (Segô-digô). Behalwe kleipotte was kalbasse feitlik die enigste ander noemenswaardige houers wat vroeër gebruik is. Die kalbas is saam met ander gewasse op die landerye gekweek. Die vrug is gelaat om goed ryp te word en dan gepluk om tuis verder droog te word. 'n Opening is in die droë vrug gemaak, die putte verwyder en dan het dit diens gedoen as houers. In die huishouding is kalbasse van verskillende vorms en funksies gebruik.

(i) Waterkalbas (phafa). 'n Groot (2-3 gelling) ronde kalbas waarvan die kop afgesny is om 'n klein opening (3-4 duim in deursny) daar-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan te verleen. Dit het dieselfde funksie as die waterpot vervul.

(ii) Bierkalbas (legapa). Dit is min of meer dieselfde as bg. kalbas; slegs die opening was effens kleiner omdat hierdie kalbas gebruik is om bier te vervoer. Origens is oorskietbier daarin gegooi en weggesteek om vir die man of ander gunsteling as verrassing aan te bied. Sulke bier is genoem phihlô (wegsteek-bier).

(iii) Modutwana is 'n klein kalbassie (inhoud sowat 'n ½ gelling) waarin drinkwater of bier saamgeneem is na die lande of op jagtogte. Dit het dus gedien as water- of bierbottel.

(iv) Drinkkalbas (phafana). 'n Kalbas met 'n groot wye opening en is veral gebruik vir bierdrink. Dit het gedien as gemeenskaplike „glas" en by 'n bierparty het die een persoon daaruit gedrink terwyl hy dit met albei hande hou en dit dan aan die volgende drinker aangee. Die phafana is nie so algemeen gebruik om water te drink nie.

(v) Skepkalbas vir bier (morutlwana). Hiervoor is 'n kalbas met 'n ovaal bol en lang nek gebruik. Bietjie minder as helfte van die bol is afgesny sodat die resterende gedeelte (wat omtrent 'n pint hou) 'n gerieflike skepding met 'n steel (die onbeskadigde nek) uitgemaak het. Met hierdie morutlwana is die bier uit die drinkkalbas geskep.

(vi) Skepkalbas vir water (mokgôpê). 'n Klein kalbassie sonder 'n „nek" is middeldeur gesny sodat die twee helftes elkeen 'n skepding gevorm het. Elke helfte het omtrent een pint gehou. Omdat die vrug wat hiervoor gebruik word geen nek het nie, het die mokgôpê dus ook geen handvatsel nie. Dit is gebruik om water te skep en ook om uit te drink.

(vii) Skepkalbas vir pap (Kefyana). Dit lyk net soos die mokgôpê maar is uitsluitlik gehou vir die opskep van pap.

3. Eetgerei.

By die ete is die hand gebruik en messe, vurke en lepels vir hierdie doel was onbekend. Hoewel 'n man soms die tuisgemaakte mes wat hy vir allerlei ander doeleindes gebruik het, ook gebruik het om sy

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vleis in kleiner stukkies te sny, was selfs dit nie 'n algemene gebruik nie. Die enigste eetgereedskap was die houers waarin die voedsel bedien was en die volgende was die mees algemene :

(i) Houtbord (mogopo). Ronde houtborde (hoewel dit meer die vorm van 'n bak gehad het) wat in grootte varieër van 5-10 duim deursnee, is gemaak van maroela-hout. Die kleinere kinders het egter meesal gesamentlik uit die kookpot geëet en dit was nie beskou as nodig dat hulle borde moes hê nie.

(ii) Eetkalbas (mokgôpê). 'n Kalbas van presies dieselfde vorm as die skepkalbas hierbo beskrywe, is ook as bord gebruik. Die eetkalbas was egter veel groter as genoemde skepkalbas.

(iii) Kleibakkie vir bygereg (lefiswana). Die bygereg was gewoonlik nie in die papbord bedien nie maar in 'n spesiale kleipotjie wat vir die doel gemaak is. Vermoedelik was dit die beste manier om sekere geregte, veral vleis, solank as moontlik warm te hou.

(iv) Lepels (Masô). Die enigste lepels wat gebruik is, was 'n houtroerlepel (leso) vir die roer van ting en 'n kleiner roerlepel (lefswana) vir die roer van 'n bygereg op die vuur. Die lepels is dikwels ook gebruik om die pap op te skep en om dit in die borde netjies en rond af te werk. Vir die roer van gewone pap (mosôkô) op die vuur is nie 'n lepel gebruik nie maar 'n roerstok (lefêhlô la mosôkô) wat aan die een punt twee dwars penne gehad het.

Dit is interessant om te let op die feit dat die houtlepels wat deur die primitiewe Kgatla gemaak is, in hooftrekke ooreenkom met die lepel uit die westerse beskawing.

4. Gereedskap vir die Maal van koring.

(i) Maalklippe. Vir die maal is twee klippe gebruik, 'n groot plat klip (lwala) van omtrent 18 x 12 duim wat aan die bokant effens hol geskuur is. Die koring word dan op hierdie klip gemaal deur 'n kleiner klip met 'n gladde oppervlak aan die een kant (tšhilô) heen en weer daarop te skuur. Die maalster staan op haar knieë

© University of Pretoria    Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en hanteer die tshilô met albei hande. Agter op die lwala kom 'n hoeveelheid koring wat op gesette tye met die een hand op behendige wyse bietjie vir bietjie onder die tšhilo ingedruk word sonder dat die maalproses onderbreek word.

(ii) Vysel en Stamper. Vir die breek van koring (want stampkoring was 'n algemene gereg) is 'n hol klip (lehudu) as vysel gebruik. As stamper is 'n langwerpige klip (motse) gebruik. Volgens my informante was 'n hout-stampblok soos by baie ander Bantoestamme aangetref, onbekend by die BagaMosêtlha.

(iii) Maalmatjie (sethêbê) - 'n Matjie van biesies gevleg op die spiraal-tegniek met hegte tussen-weefsels en is gebruik om onder die maalklip of vysel te sit sodat alle koringkorrels en meel wat oor die rante val nie op die vloer te lande kom nie.

5. Beddegoed.

'n Bed of katel in die westerse sin van die woord of enige konstruksie wat selfs maar daarna lyk was in die voreëre Kgatla-lewe onbekend. Almal het op die vloer geslaap en die volgende was die enigste beddegoed:

(i) Slaapvel (Phathe). 'n Gebreide bees- of wildsbokvel wat heel onder gegooi is.

(ii) Slaapmat (legogô). 'n Mat gevleg van biesies of gras op die kruis-tegniek wat op die phathe gegooi is en waarop dan ook geslaap is.

(iii) Velkomberse (dikobô). Dit was gebruik vir bedekking en is gemaak van enige gebreide vel. Hoe kleiner die velle was hoe meer moes aanmekaar gewerk word om die vereiste grootte te kry. Velle met wol, soos die van 'n skaap, of sagte hare soos dié van dassies of jakkalse was die mees gewilde. Bok- en beesvelle is egter ook vry algemeen gebruik. Die aantal komberse wat 'n persoon gehad het, het afgehang van die ywer wat die vervaardiger (die vader) aan die dag gelê het. 'n Lui vader se gesin het nie alleen skamel geklee gegaan nie maar ook koud geslaap. Hoewel toegegee moet word dat 'n persoon met baie vee makliker velle be-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kom het vir die vervaardiging van komberse, kon selfs die mees behoeftiges die nodige verkry deur jag te maak op wilde diere wat in vroeëre tye volop was.

(iv) Houtkussing (mosamô). Van enige geskikte stuk hout is 'n „kussing" gemaak wat kan beskryf word as 'n houtstander met voetstuk ongeveer 4-5 duim hoog met 'n dwarsstuk bo-aan wat 'n ronding het sodat die nek gerieflik daarop kan rus. Volgens europese opvatting kon dit bepaald nie 'n artikel wees wat bevorderlik was vir gerief of gemak nie. Dit word egter beweer dat 'n mens gou daaraan gewoond kon raak en dat dit 'n heel doelmatige kussing uitgemaak het.

6. Mandjies.

'n Verskeidenheid mandjies is gebruik maar meer bepaald i.v.m. die saaiboerdery en kom dan ook in daardie afdeling ter sprake. Daar was egter een mandjie wat 'n belangrike huishoudelike artikel was. Dit was 'n groot oop mandjie van biesies gevleg op die spiraaltegniek met hegte tussen-woefsels wat volgens beskrywing omtrent twee sakke graan kon hou. Hierdie mandjie is genoem motsa en was die erkende maat vir die hoeveelheid koring waarvoor 'n bees geruil kon word.

Die wyse waarop klere en beddegoed in die slaapvertrek gebêre is, is reeds beskrywe. Alle potte, kalbasse, mandjies ens. is onder die veranda gehou. Wanneer die vrouens as gevolg van reënweer nie buite in die seêma kon kook nie het dit wel gebeur dat potte en ander kook- en eetgereedskap in die kookhut (waar die seuns ook slaap) gehou is. Borde met oorskietkos sowel as ornamente e.d.m. is ten alle tye bo-op die mure van die hutte gebêre.

Slotopmerking.

Uit die voorafgaande blyk duidelik dat die BagaMosêtlha in vroeëre tye geen betaalmiddel nodig gehad het vir behuising en huishoudelike toerusting nie. Die materiaal vir die oprigting van die woning en vir die vervaardiging van toerusting was kosteloos en moes slegs versamel word. Geen vakmanne het die werk teen betaling gedoen nie. Elkeen het sy eie werk eie-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eiehandig verrig en „die werk van jou hande verg geen betaling nie." Die spreekwoord sê: „Matsôgô ga a lobe" - hande word nie (as huldeblyk) weggegee nie.

Die hutte was eenvoudige konstruksies wat slegs beskerming teen die elemente gebied het; dit het nie eens aan alle utiliteitsoorwegings voldoen nie. Die mure was laag, die deure was klein en geen voorsiening is gemaak vir ventilasie nie. Die huishoudelike toerusting was eenvoudig en beperk tot die allernoodsaaklikste items. Alles was gelyksoortig en variasie in vorm t.o.v. wonings en toerusting was daar nie. Niemand het kennis gedra van beter huise en doelmatiger toerusting as wat algemeen voorgekom het nie. Dieselfde beplanning en bou-metodes is deur almal toegepas ooreenkomstig die stam se tradisionele argitektuur. Die vaardigheid om te bou is altyd aangevul deur die magiese behandeling van die bou-perseel. Hierdie behandeling was net so belangrik as die bou-materiaal self.

Wat die huisvesting en toerusting betref was daar dus weinig wat die een man in sosiale status bo die ander kon verhef. In hierdie opsig was die „eiendom" gelykwaardig; die een het nie 'n duurder woning en kosbaarder uitrusting gehad as die ander nie. Daar was dan ook geen ambisie by die een om die ander te oortref nie hoewel dit toegegee moet word dat die vader en moeder innig trots gevoel het as daar tasbare bewyse was (in die vorm van netjiese hutte en uitrusting) dat die huisgesin goed versorg was. Dit het egter slegs innerlike tevredenheid gegee en sodanige bewyse het geen rykdom verteenwoordig nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK V.

## DIE LANDBOUBEDRYF

### INLEIDING.

Onder al die aktiwiteite vir die voorsiening van voedsel was die bewerking van grond die belangrikste in die vroeëre Kgatla-lewe. Dit was trouens ook die geval by alle ander Suid-Bantoestamme.[1] Aangesien veeboerdery sowel as jag- en versamelbedrywe ook vername voedselbronne was by die Baga-Mosêtlha, kan die stam egter nie beskou word as tipiese landbouers nie. Die landbou het nietemin voorsien in die grootste gedeelte van die voedsel en bowe-al in die stapelvoedsel wat, soos reeds aangetoon, bestaan het uit 'n pap gemaak van kafferkoringmeel. Ook 'n hele aantal bygeregte soos sekere groentes, bone, marankas e.d.m. wat 'n gereelde deel van die diëet uitgemaak het is verbou en het onder die landbou-produksie getel. Trouens die groot verskeidenheid produkte wat gekweek is, was een van die vernaamste kenmerke van die stam se landbou-aktiwiteite.

As ekonomiese bedryf was landboukundige werk meer gereeld en veel-eisend as enige ander vorm van voedselvoorsiening onder die Suid-Bantoe.[2] Hierdie stelling is ook van toepassing op die BagaMosêtlha. Daar was feitlik geen seisoen van die jaar dat die stam vry was van werk wat in verband gestaan het met die saaiboerdery nie. Met die eerste reëns in die lente begin die planttyd, dan volg die skoffeltyd gedurende die somermaande, voëlsjaag in die najaar en oes en dors gedurende die wintermaande. Voor die planttyd weer begin mag daar 'n verposing wees maar dit was gewoonlik van korte duur want veral met die dors, d.w.s. wanneer die oes veilig tuis op die dorsvloer was, het geen vrou haar gehaas nie. Bowendien is die graan dwars deur die jaar gemaal sodat daar streng gesproke nooit 'n einde gekom het aan die werk nie. Dit was egter nooit nodig om gebonde te wees aan gereelde en vaste werksure nie.

Die primitiewe gereedskap wat vir die bewerking van die grond gebruik is, die metode van plant, oes en dors het alles geweldig baie tyd geverg. Werk wat met moderne toerusting in 'n dag afgehandel kan word het die stam weke en selfs maande geneem. Pikbou-Kultuur kan beskou word as die vervelig-

1. Schapera, I en Goodwin, A.J.H. 1937. In, The Bantu Speaking Tribes of South Africa. p. 134.

2. Richards, Audrey I. 1932. Hunger and work in a Savage Tribe. p. 98.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ste vorm van grondbewerking denkbaar en die lang en oninteressante werk het veel geduld en uithoudingsvermoë vereis. Dit het ook soms gebeur dat wat deur maandelange arbeid tot stand gebring is ongedaan gemaak is deur die afwesigheid van reën of te veel reën.

Maar ten spyte van die onaangename en aanhoudende werk en ten spyte van moontlike terugslae het die stam jaar na jaar getrou die grond bewerk. Selfbehoud moet beskou word as die vernaamste aansporing tot volharding in hierdie moeilike taak. Hierdeur is die lewensbelangrike stapelvoedsel voorsien en by gebrek daaraan was die stam tot hongersnood en elende gedoem. Behalwe voedsel moes die landerye ook voorsien in die nasionale drank van die stam (bier) wat in belangrikheid nie ver agter die stapelvoedsel gestaan het nie. Vir opwinding in 'n eentonige lewe was die bedwelmende uitwerking van die graanbier onontbeerlik. Ook sekere godsdienstige gebruike kon sonder bier nie in stand gehou word nie. Vir die brou van bier was die graan noodsaaklik en die verbouing daarvan was dus ook van groot belang vir die sosiale en godsdienstige lewe van die stam.

Soos die geval ook was by ander Suid-Bantoestamme[1] was die metode van grondbewerking eenvoudig en swak. Daar is niks wat daarop dui dat daar gedurende etlike eeue enige ontwikkeling op hierdie gebied was nie. Die grond is steeds swak bewerk en geen bemesting is ooit doelbewus toegedien nie. Die enigste bemesting wat sonder dat dit die bedoeling was, in die grond gekom het was die as van struikgewas en gras wat op die lande gebrand is by die skoonmaak en skoffel; origens kan 'n geringe betekenis geheg word aan die mis wat noodwendig op die landerye gelaat is wanneer die vee na die oes in die stronke wei. Die afwesigheid van bemesting was toe te skryf aan die feit dat die stam onkundig was omtrent die waarde daarvan. Dit is wetenskaplike kennis i.v.m. die akkerbou wat selfs later onder meer verligte omstandighede met agterdog bejeën sou word en met 'n mate van huiwering aanvaar sou word. Jaar na jaar is dieselfde grond bewerk en benut sonder dat enigiets daarin teruggesit is. Wanneer die produktiwiteit tot so 'n mate afgeneem het dat die bewerking van 'n bepaalde stuk grond nie meer die moeite geloon het nie is 'n nuwe stuk van die hoofman verkry en wanneer die hele omgewing uitgeput was,

1. Marquard, L. and Standing, T.G. 1939. The Southern Bantu p. 31.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het die stam na 'n ander standplaas verhuis. Hierdie verskuiwingsbeleid was kenmerkend van alle primitiewe akkerbou dwarsdeur die wêreld[1] en dit moet grootliks toegeskryf word aan die onkunde t.o.v. bemesting en grondverryking aangesien die bougrond noodwendig na 'n aantal jare weens verarming nutteloos moes word.

Die saaiboerdery is soos reeds aangetoon deur die vrouens behartig. Een vrou kon beswaarlik meer grond as 'n ander behartig en die totale hoeveelheid bougrond wat aan 'n gesinshoof toegesê is, het afgehang van die aantal vrouens wat hy gehad het. Elke vrou het egter 'n aparte huishouding gehad met haar kinders wat gevoed moes word. Verhoogde produksie moes dus voorsien in ooreenkomstige behoeftes t.o.v. die versorging van die gesin en kon nie die verryking van die man tot gevolg hê nie. Geen man het tegnies gesproke private besitreg van grond gekry nie en die hoeveelheid grond wat dus deur sy vrouens bewerk is, was geen aanduiding van enige kapitale bate nie. Omdat elkeen van 'n poligamis se vroue egter vir hom van bier moes voorsien, spreek dit vanself dat 'n man met 'n hele aantal vroue groter hoeveelhede bier sou hê (as iemand met net een vrou) waarop hy sy vriende kon trakteer en dit kan beskou word as die enigste wyse waarop akkerbou aan 'n man sosiale status besorg het. Dit het egter meer op populariteit neergekom as iets anders; 'n man se ware rykdom en status is steeds bepaal deur sy beeste.

Waar een stuk grond slegs vir 'n tyd lank bewerk is en nadat dit in produktiwiteit afgeneem het, gelaat is terwille van 'n ander stuk, kan nie verwag word dat enige sentimentele waarde daaraan geheg is nie. 'n Liefde vir die grond soos onder so baie beskaafde volkere aangetref word, was onbekend. Nêrens in die Suid-Afrikaanse geskiedenis word melding gemaak van belangrike skermutselinge en oorloë tussen Bantoestamme om die besit van grond nie terwyl moeilikhede altyd ontstaan het as gevolg van diefstal of om die besit van beeste.[2] Die gehegdheid aan 'n bepaalde stuk bougrond soos aangetref onder die Maories, Hopi Indiane of die kleinboere van Europa was by die Bantoe[3] en by die BagaMosêtlha in besonder, onbekend.

---

1. Schapera, I, and Goodwin, A.J.H. In: The Bantu Speaking Tribes of South Africa p. 134.

2. Richards, Audrey I. 1932. Hunger and Work in a Savage Tribe, p. 99.

3. Richards, Audrey I. 1932. Op. cit.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoewel die akkerbou t.o.v. sosiale status van uiters geringe betekenis was en hoewel daar oënskynlik aan die hele landboukultus nie veel sentimentele waarde geheg is nie was dit tog in verskillende opsigte van besondere betekenis in die stamlewe. Dit is aan die akkerbou dat die jaar sy seisoene ontleen. So word verwys na ploegtyd as selemô, wanneer die lande voorsien in groenkos is dit lehlabula, wanneer die voëls begin pla, mosêganong (die tyd wanneer die aasvoël d.w.s. die voëls, lag) en kotullô (oestyd) of marega (winter). Dan word elke nuwe seisoen met bepaalde seremoniële gebruike ingelui. Aan die begin van ploegtyd die reënseremonie en die behandeling van die saad wat ook gepaard gaan met die seremoniële bewerking van die letsweta of thšemo ya mošate (land van die hoofstat). Die medisinale behandeling van die gesaaides teen wurms (go upa diboko) wanneer die koring in die are kom en nog later teen die voëls (go upa dinonyana). So word ook die lehlabula aangekondig deur by geleentheid van sekere formaliteite, amptelike toestemming van die hoofman te verkry om van die eerste vrugte op die landerye te begin eet (go loma lerotshe) - d.w.s. die fees van die eerste vrugte.

Die gehegtheid wat teenoor die bees aangetref is (vgl. hst. 6) is seer seker nie openbaar teenoor die graanland nie maar daar ly ook geen twyfel aan nie dat die geleidelike rypword van die graan met belangstellende emosies dopgehou is nie. Die verskillende gebruike wat met die landbou in verband gestaan het lewer ook genoegsaam bewys van die nasionale betekenis wat dit gehad het. Dit wil voorkom asof die moeilike en vervelige werk nie uitgevoer sou kon word sonder die periodieke seremoniële gebruike wat die werkers tot nuwe moed en volharding kon aanspoor nie. Dit blyk dus duidelik dat akkerbou nie slegs die primêre oogmerk van voedselvoorsiening gehad het nie. Hoewel niemand ook klaarblyklik die bevrediging van persoonlike ambisies daarmee beoog het nie, het dit tog vername sekondêre betekenis gehad vir die stamlewe in die algemeen.

Die volgende besonderhede verskaf 'n beeld van wat akkerbou in die vroeëre stamlewe was sover as wat dit moontlik was om dit te rekonstrueer. Seremoniële en rituele gebruike het so 'n integrale deel van die bedryf gevorm dat dit onafskeidbaar daaraan verbonde was en nie uit die beskrywing gelaat kan word nie. Waar dit vir die moderne boer onsinnig sou klink om die saad deur 'n toordokter te laat behandel was dit in die vroeëre Kgatla-lewe beskou

© University of Pretoria   Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as net so belangrik as die wetenskaplike behandeling van saad in moderne tye. Die primitiewe metodes vir die bestryding van plae mag in die lig van wetenskaplike bestrydingsmetodes van dieselfde plae belaglik voorkom maar by gebrek aan beter kennis was hulle beskou as on-ontbeerlik vir die suksesvolle beoefening van die bedryf. Alles wat in verband staan met die vroeëre landboubedryf by die BagaMosêtlha moet dus beskou word as van belang - van net soveel belang as wat die moderne landbouer sy bemesting, wisselbou, spuitmiddels, saadseleksie e.d.m. beskou.

## A. BOUGROND EN DIE LOKALITEIT VAN DIE LANDERYE.

Die landerye was so na as moontlik aan die woonplek van 'n gemeenskap. Die rede hiervoor was om dit te beskerm teen verplettering deur vyande sowel as teen wilde diere wat dit begryplikerwys nie te na aan die stat sou waag nie. Die distansie tussen die woonplek en die landerye was egter geensins vasgestel nie. Daar was verskillende faktore wat dit bepaal het. In die eerste instansie was dit in vroeëre tye reeds bekend dat turfgrond die beste was vir saailande en as dit nodig was om 'n bietjie verder te gaan ten einde hierdie gesogte grond te benut as wat dit vir sanderige grond sou wees, dan is dit gedoen. Verder moes nuwe bougrond afgepen word as die een stuk uitgeput raak en dit was dan dikwels nodig om al verder te gaan. Sommige lande moes ook noodwendig verder wees as andere aangesien almal tog nie op dieselfde plek kon wees nie. Turfgrond (selôkô) was gewild omdat die ondervinding geleer het dat dit die vrugbaarste was en selfs na baie jare van bewerking nog nie tekens getoon het van verarming nie. Die ondervinding het egter ook geleer dat die gesaaides gou kwyn in die turf as die reën wegbly en die son buitegewoon warm was. So ook het die stam geleer dat 'n sanderige grond koel is en die gesaaides in droogtetye beter te staan kom as turf. Dit word egter beweer dat dit selde of ooit so min gereën het dat die gesaaides in watter grond ook al droogte gely het. Die algemene mening onder die oudstes van die stam is dat dit vandag veel minder reën as vroeër.[1]

Verskillende lande het aan mekaar gegrens. Slegs smal stroke onbewerkte grond is tussen die hoewes gelaat om die grense aan te dui. Die af-

1. Weerkundiges van die Weerburo, Pretoria, beweer egter dat statistieke geen noemenswaardige daling in die gemiddelde reënval oor die afgelope 50 jaar toon nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bakening was nie reëlmatig nie en hoewel die lande min of meer reghoekig was, was die een selde in 'n ordelike posisie t.o.v. die ander. Van geen omheining is gebruik gemaak nie en die vee moes bedags deur oppassers uit die lande gehou word en het snags in die kraal geslaap. Origens was daar feitlik elke dag iemand op die land besig om 'n wakende oog daaroor te hou.

B. <u>TOEKENNING EN OPMETING VAN LANDBOUHOEWES.</u>

Bougrond is aan 'n man toegeken vir bewerking deur sy vrou of vrouens. Hoewel die perseel vir amptelike doeleindes die gesamentlike besitting van die stam gebly het, is dit vir praktiese doeleindes beskou as die eiendom van die man aan wie dit toegeken is. Hy kon dit egter nie vervreem nie en as hy dit nie meer wou hê nie of as hy die stam verlaat het, het dit na die stam teruggeval. Onbewerkte en afgeoeste lande is ook beskou as gemeenskaplike weiding. Die hoewe word deur die man toegesê aan een van sy vrouens wat dit moet bewerk ten behoewe van haar huishouding (lapa). Dit bly dan ook die „eiendom" van daardie huishouding en word deur die jongste seun van die lapa geërf wat dit dan besit op dieselfde voorwaardes as sy vader. Bougrond is slegs aan getroude mans toegeken - een hoewe vir elke vrou. Vir ongetroude mans en vroue moes voorsien word uit die hoewes wat toegesê is aan die huishoudings waartoe hulle behoort het. Dit geld ook vir oues van dae wat nie meer instaat was om hulle eie grond te bewerk nie. Weduwees het hul hoewes behou ten behoewe van hulself en hul minderjarige kinders. Wewenaars het ook die grond behou vir die lapa van die afgestorwe vrou en dit is deur die medevrouens van die oorledene en/of lg. se groter dogters bewerk vir die bepaalde huishouding. Indien die man 'n <u>Seantlo</u> (vgl. p. 78) trou het sy die hoewe bewerk.

Die hoofman of sy verteenwoordiger het die hoewes toegeken. Dit was die man en nie die vrou nie, wat aansoek moes doen om grond. As daar 'n aansoek gekom het vir bougrond het dit via die streekshoof na die Stamraad (lekgotla la mosate) gegaan. Indien die Lekgotla geen beswaar het nie word een van die sterkste manne aangewys om as afmeter of „landmeter" (moabi wa tšhemo) op te tree. Op 'n bepaalde dag neem die „landmeter" sy assegaai en gaan dan, vergesel van sommige raadslede (die hoofman kan self ook by wees) na die geweste waar die nuwe hoewe afgepen moet word. Die plek vir die hoewe

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word min of meer bepaal en vanaf 'n gegewe punt (die eerste baken) gooi die landmeter dan sy assegaai met alle mag in 'n sekere rigting. Waar die assegaai val, kom die tweede baken. Hiervandaan word die assegaai reghoekig met die eerste grens in 'n ander rigting gegooi. Op dié wyse word die vierkant voltooi en die hoewe is afgemeet. Die eienaar kap 'n sterk pen in elke hoek in sodat daar geen onsekerheid kan wees omtrent die afmetings nie. Hierdie opmeting word genoem go lekanya tšhemo (om die land af te baken). Volgens redelike betroubare informasie kon 'n hoewe op dié wyse afgepen, sowat $\frac{3}{4}$ morg en hoogstens een morg groot wees.

Uit die voorafgaande blyk dus duidelik dat die lande wat vroeër bewerk is, besonder klein was. Dit is te verstane as in gedagte gehou word dat alle bewerking met die hand gedoen moes word. Veel meer grond sou beswaarlik deur een vrou en moontlik met behulp van haar groter dogters behartig kon word. Die merkwaardigste van alles is egter dat so 'n betreklike klein stukkie grond ruim voorsien het in die behoeftes van die gesin.

C. BEHANDELING VAN DIE LAND DEUR DIE TOORDOKTER.

Net soos die gemeenskapsterrein of die individuele bouperseel moes ook die saailand deur die toordokter behandel word. Met hierdie behandeling is hoofsaaklik beoog om te verhoed dat die gesaaides deur vyandiggesinde persone getoor word sodat dit om geen natuurlike rede ophou groei en kwyn. Verder sou dit tot gevolg hê dat die graan goed skiet en goeie oeste lewer. Die aanvanklike medisinale behandeling was nie bedoel om die gewone plae soos wurms en voëls af te weer nie. Hiervoor was daar op gesette tye ander optrede nodig.

Die behandeling van die landbouhoewe het geskied op presies dieselfde wyse as in die geval van die bouperseel. Die toordokter bring houtpenne wat hy vooraf met sy medisyne behandel het en kap een in elke hoek van die land in; een ook in die middel. Daarmee is die behandeling verby. Die penne bly staan totdat hulle heel toevallig verwyder word of tot niet gaan. Indien die dokter reeds op 'n vorige geleentheid deur dieselfde man vir gelewerde dienste vergoed is, doen hy hierdie werk kosteloos met dien verstande dat sy welwillendheid van tyd tot tyd gestimuleer sal word met bier of ander dergelyke geskenke. Indien dit later voorkom of die land ten spyte van ge-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



noemde voorsorg tog getoor is, skryf die eienaar dit daaraan toe dat sy dokter deur sy vyande omgekoop is om die krag van sy medisyne te herroep. Hy was dan genoodsaak om die dienste van 'n ander dokter te verkry om opnuut sy lande te behandel.

## D. GEWASSE WAT VERBOU IS.

Die volgende is die enigste gewasse wat deur die BagaMosêtlha verbou is en die herkoms daarvan is onbekend.

1. Kafferkoring (mabele-thôrô). Dit was die vernaamste gewas, dit het voorsien in die stapelvoedsel en is op groter skaal as enige ander gewas verbou. Aangesien meeste van die ander gewasse tussen die kafferkoring geplant is, is die grootste gedeelte van die beskikbare grond hiervoor afgesonder.

2. Manna (lebêlêbêlê). Dit is op 'n klein gedeelte van die hoewe afsonderlik van kafferkoring gekweek. Van manna-meel is ook 'n pap gemaak wat slegs bywyse van afwisseling geëet is. Aangesien dit 'n voedselsoort is wat lank nie so gewild was as kafferkoringpap nie, is dit op 'n veel kleiner skaal as kafferkoring gekweek. Sommige het dit glad nie geplant nie. Manna is ook gebruik vir die brou van bier.

3. Lehlodi (China beans - phaseolus aureus). Dit gee 'n klein ronde saadjie op die geaardheid van 'n ertjie en word dikwels lensies genoem. Ook vir Lehlodi is 'n aparte stukkie grond afgesonder. Dit kon slegs as bygereg gebruik word, en is dus nie op groot skaal gekweek nie.

4. Kafferbone (Cow peas - dinawa). Dit was een van die vernaamste bygeregte en veral populêr omdat die groen toppe van die ranke as bredie voorberei kon word, die groen peule kon geëet word en daarby was die droë bone een van die mees gewilde bygeregte. Indien moontlik was 'n aparte stukkie grond vir die bone afgesonder maar dit het ook vry algemeen voorgekom dat dit tussen die kafferkoring geplant is.

5. Ditloo - Marapô (Duco beans - Arachis hypogaea L.) Dit is 'n ronde boontjie wat soos grondbone onder die grond dra. Elke boon is in 'n aparte doppie gehul. Dit kan nie rou geëet word nie en kan terwyl dit groen is met dop en al gekook word en wanneer dit droog is sonder die dop. Dit is

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebruik as bygereg om kafferbone af te wissel. Hierdie bone is op 'n kleiner skaal as kafferbone gekweek en wel tussen die kafferkoring. Di het soms ook op 'n aparte stukkie grond gekom.

6. Maraka (Marankas soos bekend in Afrikaans - Cucubita pepo). Dit is tussen die kafferkoring geplant en is op die geaardheid van 'n vroeë pampoentjie. Aangesien dit slegs as groen gereg gebruik kon word en nie gehou kon word nie is dit nie op 'n groot skaal gekweek nie.

7. Kafferwaatlemoene (Leuwane of lerotshe), is tussen kafferkoring geplant soos marankas. Taamlike hoeveelhede is gekweek want dit kon vir etlike maande gehou word.

8. Waatlemoen (legapu). Dit is tussen die kafferkoring geplant en was 'n klein minderwaardige soort wat ook 'n wit vleis gehad het hoewel dit soet en sappig was.

9. Soetriet (mpšhe). Dit is ook 'n soort sorghum wat moeilik van kafferkoring te onderskei is. Dit is slegs as 'n snoepery tussen die kafferkoring of manna geplant.

Bg. gewasse is vermoedelik reeds vir etlike eeue by die BagaMosêtlha bekend. Niemand kan vandag nog 'n verklaring gee waarvandaan die stam hulle gekry het nie. Die algemene mening is dat alles eers wild gegroei het en nadat die mens tot so 'n mate daaraan gewoond geraak het, het hy dit self begin kweek, eers op 'n klein skaal en later op 'n groter skaal. Ander gewasse soos mielies, patats, pampoene, suikerbone e.d.m. wat vandag vry algemeen verbou word was vroeër onbekend en daarvan word gesê dat die witmense dit gebring het - di tlisitšwe ke makgowa.

E. BEWERKING VAN DIE LANDE.

Hoewel dit veral die vrou was wat verantwoordelik was vir die bewerking van die lande het die man ook sy aandeel gehad. Dit was die werk van die mans om die lande skoon te maak en te braak. Nadat hy 'n land van die hoofman ontvang het kap die man alle struikgewasse uit, dra dit op 'n hoop en verbrand dit. Enkele groot bome sal hy laat staan vir koelte. Goeie wildevrugte-bome word ook gelaat. Na die bosse verwyder is „braak" hy ook die land deur dit met 'n groot ysterpik (tlhofi of tlhopi) diep om te kap. As

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die gras lank is sal hy dié ook bymekaar maak en verbrand. Waar die gras egter kort en nie te dig is nie word dit veronderstel dat hy dit by die braak onder die grond sal toekap. 'n Werkparty (letšema) is baie dikwels vir hierdie doel gereël.

Nadat die land op bg. wyse deur die man skoongemaak en gebraak is word dit deur die vrou oorgeneem om dit verder grootliks alleen te behartig. Vir die bewerking van die land gebruik die vrou twee handpikke wat albei deur die man voorsien word. Vir die plant het sy 'n houtpik (kôkô), gemaak uit 'n tak van die rooibos (mohwelere) wat aan die een end 'n geskikte mik het wat tot 'n goeie pik verwerk kan word. Hiermee kap sy gaatjies omtrent ses duim uitmekaar en plant 'n paar korrels saad in elkeen. Vir die skoffel gebruik sy 'n ysterpik (phetlwana) met 'n houtsteel. Die ysterpik moes in ruil vir graan of vee verkry word van spesiale persone wat die kuns verstaan het om yster uit die erts te haal en dit te smee.

Dit staan 'n vrou vry om 'n werkparty te reël om haar soms met die werk op haar land behulpsaam te wees. Dit word egter beweer dat dit nie verstandig was om bywyse van 'n werkparty die land te plant nie aangesien die hele land dan gelyk geplant word wat beteken dat dit ook gelyk geskoffel moet word. As dit egter stuk vir stuk geplant word kan die skoffelwerk ook met verdrag gedoen word.

Die lande is twee maal geskoffel. Vir die eerste maal 2 - 3 weke nadat die graan opgekom het. Hierdie eerste skoffel sluit ook in die losmaak van die hele land (go fatêla hlaka). Hiervoor is 'n werkparty nie gewens nie aangesien die gedrang en opgewondenheid die vertrapping van die klein plantjies tot gevolg kan hê. Vir die tweede maal word die land geskoffel wanneer die kafferkoring reeds ongeveer 'n voet hoog is en indien moontlik word 'n werkparty hiervoor gereël. Aangesien die graan dan reeds sterk is loop dit nie gevaar om deur onverskillige werkers beskadig te word nie. Na die tweede skoffel is die bewerking van die lande as sodanig afgehandel en word slegs 'n wakende oog oor die gesaaides gehou tot die tydperk van die groenkos (lehlabula) intree en nog later die oestyd.

### F. DIE REËNSEREMONIE (GO NEŠA PULA).

In die lente wanneer dit in omliggende streke reeds begin reën

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het of indien dit gedurende die winter miskien op 'n plek gereën het, vind die reënseremonie plaas. Die toordokter wat aan die hoofstat verbonde is, kry na aanleiding van 'n besluit deur die Lekgotla dat die tyd aangebreek het, van die hoofman opdrag om reën te maak. Op 'n bepaalde dag moet 'n groot aantal jongens en meidjies wat nog nie die puberteitsjare bereik het nie by die hoofstat saamkom. Hierdie kinders moet aan 'n prosessie, gelei deur die toordokter, deelneem. Elke meidjie het 'n nuwe kleipot wat die dokter voor die prosessie met sy medisyne behandel het. As alles gereed is gaan die kinders al singende na 'n geweste waar dit reeds gereën het. Daar aangekom besmeer die jongens hulleself met modder uit die reënwater-plasse. Die meidjies maak hulle potte vol water en dan keer die prosessie terug. Die openinge van die waterpotte word met takkies en blare van die huilbos (mosêtlha) toegestop.[1] Wanneer die prosessie in sig van die hoofstat kom breek die meidjies hulle waterpotte sodat die water op die grond uitloop. Op dieselfde plek krap die seuns die modder van hulle lywe af. Hiervandaan gaan almal al singende huis toe en iedereen glo dat dit sal reën.

Na die afhandeling van die reënseremonie drink die dokter nie water voor dit gereën het nie. Dit word beweer dat dokters soms van 2 tot 3 weke vir die reën moes wag voor hulle kon water drink. Bier kon hulle wel drink. Hierdie reënseremonie kom ooreen met 'n soortgelyke gebruik by die Bahurutshe[2] en is weer 'n bewys van die BagaMosêtlha se verwantskap met daardie stam.

### G. DIE VOORBEREIDING VAN DIE SAAD (GO NTŠHA PEU) EN DIE BEWERKING VAN DIE LAND VAN DIE HOOFMAN (LETSWETA).

Na die eerste reëns geval het kom die Lekgotla bymekaar om 'n dag te bepaal vir die voorbereiding van die saad. By die hoofstat het die stamhoof spesiale saad wat vir hierdie seremonie gehou word. Op die dag waarop die lekgotla vir die saad vergader gaan 'n paar manne 'n handjie vol van die stamhoof se saad haal om saam te neem na die vergadering - d.w.s. na die lekgotla. Met die graan in die hand vra hulle dan die stamhoof om daardie saad (wat hulle wys) aan hulle te gee. Dit is 'n teken dat die dag bepaal moet word

1. Uit die huilbos drup dikwels druppels water en dit word om dié rede beskou as die aangewese bos om 'n rol te speel by die reënseremonie.

2. Schapera, I. Mekgwa le Melao ya Batswana. p. 178.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarop die tšhemo ya mošate of letsweta (land van die hoofstat) bewerk en beplant moet word. 'n Dag word bepaal en al die raadslede kry opdrag om dit in hulle onderskeie wyke bekend te maak. Dit word ook besluit watter vroue opdrag sal kry om die saad vir die koninklike land by die hoofstat te gaan haal.

Na afloop van hierdie vergadering stap elke wykshoof deur sy eie gemeenskap en kondig hard aan (mogosi o a lla) dat die vroue op so-en-so 'n dag die hoofstat se land sal gaan plant. Intussen gee die hoofman sy toordokter opdrag om die saad wat geplant sal word met sy medisyne te behandel.

Op die bepaalde dag gaan die vroue reguit na die letsweta met hulle pikke. Enkeles wat aangesê is gaan haal die behandelde saad by die hoofstat en kom dan ook vergesel van die hoofman se vrouens na die land waar die ander reeds wag. Wanneer almal gereed is begin die plantery sonder verdere seremonie. Die hoofvrou van die stamhoof moet eerste plant (go kôbôla) en na haar, haar medevrouens in orde van senioriteit. Dan volg die vroue van die onderdane. Elkeen neem 'n hand vol graan uit die houer wat van die hoofstat kom (ba tabola). As die land klaar geplant is gaan almal huis toe wetende dat hulle nou verlof het om ook hulle eie lande te gaan plant. Elke huisgesin se saad moet ook afsonderlik deur 'n „dokter" behandel word.

Wanneer dit tyd is sal die Lekgotla la mošate ook besluit watter ouderdomsgroep (mophato) van vrouens die land van die hoofstat moet skoffel, oes en die graan dors. Hierdie land word ook genoem tšhemo ya setšhaba (die land van die stam) en wanneer enigiemand gebrek ly en hom/haar tot die hoofman wend, help hy deur van die opbrengs van die stamland uit te deel. Daar dien op gelet te word dat elke vrou van die stamhoof net soos ander vroue haar eie land gehad het wat sy moes bewerk.

H. FEES VAN DIE EERSTE VRUGTE (GO LOMA LEROTSHE).

Hoewel ons informante bewus is van die feit dat daar vroeër 'n fees van die eerste vrugte was kan hulle die besonderhede nie meer onthou nie. Dit moet dus etlike geslagte gelede reeds in onbruik geraak het. Wat wel tot vandag toe nog gedoen word is dat die stam amptelike toestemming van die hoofman via die Lekgotla moet kry alvorens hulle begin om die eerste bekwame

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vrugte van die landerye bv. groentes, waatlemoene e.d.m. te gebruik. Dit mag nie gedoen word alvorens die tšhimo ya mošate iets opgelewer het nie. Aangesien hierdie land egter eerste van almal bewerk word is sy produkte ook gewoonlik die eerste bekwaam en veroorsaak die gebruik geen vertraging nie. Dit wil voorkom of die seremonie vroeër bekend was as go loma lerotske.

I. DIE BEHANDELING VAN GRAAN TEEN PLAE.

Dit word beweer dat daar vroeër (en vandag nog) net twee wesenlike soorte plae was waardeur kafferkoring (en geen ander gewasse) bedreig is en waarvoor bonatuurlike bestrydingsmetodes nodig was nl.

(a) Wurms (diboko). 'n Vaal wurmpie (photonono) en 'n swart wurm (mohokonyane) val die are van die volgroeide plant aan. Vir die bestryding van hierdie wurms vat die eienaar van die land (dit kan die man of die vrou wees) 'n groen waatlemoentjie, sny die kop af en hol dit effens uit. 'n Wilde plantjie genoem mamadiladilane word in die holte gedruk en dan word tien wurms gesoek, met die tande stukkend gebyt en ook in die holte gesit. Hierna word die dop weer opgesit en die waatlemoentjie word met inhoud en al langs 'n kafferkoringstoel begrawe. Dan word 'n soetrietstoel met wortel en al uitgetrek en terwyl hy dit doen skreeu die persoon :-

„Peolwane wê! - tla o je photonono!"
„Swaweltjie! - kom eet die wurm (photonono)!"

Die soetriet word dan oor die skouer reguit huistoe gedra. Op pad huis toe mag die persoon nie eenmaal omkyk nie. Tuis word die riet weggegooi en die proses is voltooi. Nou, word geglo, sal die swaweltjies al die wurms in die land kom eet.

Van die toordokter kon ook medisyne verkry word om die wurms te vernietig. Hierdie medisyne (niemand weet waaruit dit bestaan het nie) moes die eienaar in die land in 'n vuur strooi sodat die „krag" daarvan in die rook dwarsoor die land gedra kon word. Die uitwerking sou ook wees dat die swaweltjies en die sprinkaanvoëls die wurms sal kom vang.

(b) Voëls. Die enigste voëls wat die byna ryp kafferkoring bedreig het was vinke (dithaga). Om voëls te bestry moes die eienaar medisyne van die

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dokter kry. Hierdie medisyne ('n swart poeier) moes dan met gemaalde valkvere gemeng word en in 'n vuur op die land gestrooi word sodat dit in die rook oor die land versprei kon word. Dit sou tot gevolg hê dat die valke op die vinke toesak en hulle verjaag. My informante beweer dat dit vroeër dae ook wesenlik so was! Presies dieselfde metode van voëlbestryding word ook by die BagaMoletši van Noord-Transvaal aangetref.[1]

Voëls was natuurlik ook verjaag deur voëlverskrikkers in die land op te stel of deur hulle met lawaai te verwilder. Dit is o.a. ook by die voëlsjaag dat die man ook 'n aandeel gehad het in die saaiboerdery. Soggens vroeg wanneer die vrouens nog allerlei huislike pligte gehad het om te verrig het die mans na die lande gegaan om die voëls te jaag totdat eg. in 'n posisie was om oor te neem.

### J. DIE OES (KOTULLÔ).

Van al die graan is die kafferbone (dinawa) eerste bekwaam om geoes te word. Dag na dag, namate die peule sommige voor die ander ryp word, word hulle versamel en met draagmandjies (tlatla)[2] huis toe gedra en op die dorsvloer (seoto) in die agterplaas - mo mafuring, - of in die lapa oopgegooi om goed uit te droog. Sodra die hele oes in is word die bone uitgeslaan (go fola) met dieselfde werktuig as waarmee die vloere vasgeslaan word (phatô). Daarna word dit met 'n uitwanmandjie (lesêlô)[3] uitgewan (go fêfêra). Die bone word dan in graanvate (difala) onder die veranda gebêre.

Lethodi (lensies) word gelyktydig met die bone geoes maar verg versigtiger handtering. As hulle droog is bars die peule maklik oop en skiet die saad uit. Om dié rede word die peule soggens vroeg solank dit nog klam is van die dou, gepluk en in 'n velsak gegooi. Dit word ook na die huis geneem maar in sakke gehou totdat dit op dieselfde wyse as bone geders en geberg word.

---

1. Van Zyl, H.J. 1944. Voedsel en Voedselvoorsiening by die BagaMoletši p. 39 (ongepubliseerde verhandeling, Univ. van Pretoria).

2. 'n Wye ronde draagmandjie 6" - 24" in deursnee, gevleg van biesies op die spiraal-tegniek met hegte tussenweefsels.

3. 'n Ronde mandjie van 18" - 24" deursnee, baie plat en gemaak van gesplete hout op die kruis-tegniek.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ditloo-marapo (duco beans) word ook voor die kafferkoring geoes. Die stoele word eers met pikke uitgekap en dan met vrug en al op 'n hoop gedra. Na die stoele byeengebring is, gaan die vrou die geoeste gedeelte weer na om seker te maak dat daar nie van die bone agtergebly het nie. Vir hierdie produk word 'n spesiale dorsvloer (seoto) in die land gemaak. Die los bone wat in 'n mandjie vergader is word direk op die dorsvloer gegooi. Die ander bone word op die vloer met 'n stok van die stoele afgeslaan en die kaal stoele weggegooi. Naby die dorsvloer word 'n gat ongeveer 2 vt. vierkant en 'n voet diep gemaak. Die bone word dan uitgewan sodat dit in die gat val. Vanweë hulle grootte sou die bone uitmekaar spat as dit op die harde dorsvloer uitgewan sou word. Na 'n dag of twee word die bone huis toe geneem, uitgeslaan (sodat die doppe afkom) en net soos in die land weer uitgewan en geberg.

Kafferkoring en manna word die laaste geoes. Die vrouens sny die are af met 'n mes en dra dit met draagmandjies op 'n hoop in die land. Rekening word gehou met die feit dat elke dag se oes huis toe geneem moet word en voor dit te laat word, word die are netjies en hoog in draagmandjies gepak en huis toe gedra. Hier is die man weer behulpsaam. Met 'n kalfvelsak help hy om die are na die dorsvloer tuis aan te dra. In die lapa of in die agterplaas word die are weer oopgegooi om goed droog te word. Dan word 'n lae stellasie gemaak van pale waarvan die dwarspale taamlik na aanmekaar gelê word. Die are word dan laag vir laag daarop geplaas op so 'n wyse dat die toppe altyd na buite lê. Daar dien op gelet te word dat enige soetriet-are wat by die oes nog oor was en tussen die koring te lande gekom het, by die pak van die mied geskei word. Teen die tyd wat die graan ryp is, is die meeste soetriet egter al af. Vir saad van hierdie gewas word die grootste are in 'n hut of onder die veranda opgehang en eers by die volgende planttyd uitgeslaan.

As die hele oes ingebring is dors die vrou op haar tyd. Elke dag 'n hoeveelheid tot sy klaar is. Vir die dôrs word 'n hoeveelheid koring-are op die dorsvloer oopgepak, omtrent twee lae dik en uitgeslaan (go fola) met 'n ligte paal (sefolô) sowat 4 vt. lank. Die leë are word verwyder en buite op 'n hoop gegooi vir die vee. Die korrels word van die kaf geskei deur dit uit te wan. Die kaf is nutteloos en word buite weggegooi. Die uitgewande

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



koring word voorlopig in oop grondvate (difala) gegooi om later wanneer alles gedors is behoorlik geberg te word. Manna word op presies dieselfde wyse as kafferkoring gooes en gedors.

Waatlemoene, soetriete en marankas word gedurende die somermaande opgeëet en is buitendien nie produkte wat bewaar kan word nie. Kafferwaatlemoene hou egter lank as dit goed ryp geword het en veral as dit aan die ranke gelaat word tot na die eerste ryp. Om dié rede word dit die laaste van alles ingebring en gewoonlik op 'n hoop in die agterplaas gebêre. Dit word beweer dat goeie kafferwaatlemoene al goed gehou het tot die volgende seisoen se groenkos weer beskikbaar was.

## K. BERGING EN PERSERVERING.

Graan (kafferkoring, bone, lensies en manna) moes so geberg word dat dit gevrywaar sou wees teen kalander en verrotting. Hiervoor is veral twee uiters doeltreffende houers vervaardig.

1. Grondvate (difala). Dit word gebou met 'n mengsel van grond en mis. Dit is ovaal-vormig met 'n gerieflike opening bo wat in wydte varieer na gelang van die grootte van die vat. 'n Paar duim van onder af het dit 'n opening omtrent twee duim wyd wat met 'n houtprop toegemaak word. As die vat vol graan gemaak is kom 'n deksel van dieselfde materiaal op en hierdie deksel word verseël deur die voeë met beesmis toe te smeer. Gewoonlik is een groot graanvat in een van die hutte gebou (sien hoofstuk 4) en ander kleineres onder die verandas van die hutte. Wanneer koring benodig word, word dit by die prop uitgetap en die deksel word nie verwyder voor die vat leeg is nie. Hierdie graanvate hou klammigheid sowel as kalander uit die graan.
2. Graanmandjie (sešego). Dit is 'n groot mandjie wat ongeveer 3 mud graan (in moderne mate) kan hou. Dit is gevleg van biesies op die spiraal-tegniek met hegte tussenweefsels en is ovaalvormig. Bo het dit 'n opening van ongeveer 2 vt. en is voorsien van 'n deksel wat nousluitend oor die opening pas. Vir die graanmandjie word 'n gat in die beeskraal gegrawe waarin dit geplaas word bevattende koring wat moontlik vir 'n geruime tyd nie benodig sal word nie. Soms word kaf rondom die maandjie in die gat

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gegooi wat verder daartoe help om klammigheid uit te hou deur dit te absorbeer. Met sy deksel op word die sešego toegegooi en die graan is veilig selfs teen diewe.

Die enigste somergroente uit die lande wat perserveer is, is die groen toppe van die kafferboonranke (monawa). Die gekookte monawa word in die son gedroog en ook in 'n graanvat (sefala) gebêre. Wanneer ander groente nie meer verkrygbaar is nie word die gedroogte (ontwaterde!) groente weer gekook vir sešaba. Van minder belang is die gedroogte soetriet. Die litte word afgebreek, skoongemaak, in die son gedroog en in 'n sefala gebêre as snoepery vir die kinders gedurende die winter.

## L. GROOTTE VAN DIE OES.

Die oes is gemeet in terme van soveel koedoevel-sakke (kgetsi ya thôlô) in die geval van die hoofgewasse en soveel draagmandjies (tlatla) in die geval van gewasse wat op kleiner skaal gekweek is. Dit is dus moeilik om in terme van die bekende moderne mate presies te sê hoe groot die oes was. Die meeste wat my informante kon sê is dat 'n koedoevel-sak 'n bietjie meer gehou het as 'n gewone mudsak. Na veel bespreking en oorlegpleging het ons tot die gevolgtrekking gekom dat wat in vroeëre tye beskou was as 'n redelike oes, uit die volgende bestaan het :

Kafferkoring ................ 5 mudsakke.
Kafferbone .................. 2 mudsakke.
Lehlodi ..................... 1 mudsak.
Manna ....................... 1 mudsak.
Ditloo ...................... 3 parafinblikke.

D.w.s. benewens ander bygewasse het die gewone hoewe normaalweg sowat 10 mudsakke graan opgelewer. Gedagtig aan die grootte van die land (soos beskryf) en die primitiewe wyse van bewerking is dit 'n aanneemlike opbrengs. Dit word beweer dat so 'n oes heeltemaal voldoende was om te voorsien in die jaarlikse behoeftes van 'n huishouding bestaande uit die Vader, moeder en 3 tot 5 kinders. Van hierdie graan is ook nog gehou vir saad en saadseleksie was onbekend.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



OPSOMMING.

Die besonderhede omtrent die landboubedryf soos in die voorafgaande beskryf is kan ons nou kortliks in die volgende punte saamvat:

(a) Ten opsigte van voedselvoorsiening was Landbou die vernaamste bedryf wat deur die vroeëre Kgatla beoefen is en die werk in verband hiermee was hoofsaaklik deur die vrouens gedoen op 'n gesinsbasis. Familiebetrekkinge en bure het mekaar soms gehelp.

(b) Slegs klein landbouhoewes is onwetenskaplik en met primitiewe gereedskap bewerk. Roofbou is toegepas en die grond het hoe langer hoe meer uitgeput geraak. Rituele gebruike en die towerkuns het by die beoefening van die landboubedryf 'n baie belangrike rol gespeel.

(c) 'n Verskeidenheid gewasse is gekweek waarvan kafferkoring die hoofgewas was en kafferbone die vernaamste bygewas.

(d) Die oes was klein en kon nie in veel meer voorsien as die gesin se jaarlikse behoeftes nie. Surplusse, indien enige was gering. Weens die prosedure wat gevolg is en die metodes wat aangewend is, was produksie op 'n aansienlike skaal nie moontlik nie. Hoewel primitief het bergingsmetodes voldoen aan die vernaamste wetenskaplike vereistes.

(e) Hoewel die landbouhoewe stam-eiendom gebly het, het die man aan wie dit toegeken is besitreg daarvan ontvang.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK VI.

## DIE PASTORALE BEDRYF.

### A. INLEIDING.

Soos reeds uiteengesit was die landboubedryf die vernaamste bron van voedselvoorsiening by die BagaMosêtlha en tog bestaan daar geen twyfel nie dat hulle veel meer waarde geheg het aan hulle vee en veral aan hulle beeste. Hoewel die veeboerdery nie so 'n vername en gereëlde bydrae tot die voeding van die stam gelewer het nie, het dit tog voorsien in sekere belangrike voedselsoorte bv. melk en vleis en behalwe dit, ook nog in ander materiële behoeftes. Velle is gebruik vir die maak van klere, komberse, skildvelle, sakke en ander bruikbare artikels. Die horings is soms gebruik as houers, trompette e.d.m. terwyl die mis 'n baie belangrike funksie vervul het by die pleistering van hutte en die smeer van vloere.

Kleinvee (bokke en skape) is wel ook aangehou maar beeste het verreweg die vernaamste plek ingeneem. Dit was dan ook beeste en nie soseer ander veesoorte nie wat so 'n belangrike rol in die ekonomiese, sosiale en godsdienstige lewe van die stam in vroeëre tye gespeel het. Soos ook by ander Suid-Bantoestamme [1] vind ons by die BagaMosêtlha 'n beeskultus wat beteken dat daar t.o.v. die bees 'n hele reeks opvattinge en rituele gebruike bestaan het en handelinge uitgevoer is wat verband gehou het met die sosiale, godsdienstige, politieke en selfs literêre aspekte van die stam se kultuurbesit. Hoewel die bees dus soos aangetoon 'n besliste funksie vervul het t.o.v. die voorsiening van voedsel en ander benodighede kan nie beweer word dat dit sy vernaamste funksie was nie. Die rol wat die bees in die geestelike lewe van die stam gespeel het, was van groter belang. Wat Audrey Richards [2] oor die Suid-Bantoe in hierdie verband skryf is ook van toepassing op die BagaMosêtlha : „Nothing has so struck the white traveller in South Africa as the fondness of the Native for his cattle and the part they play in his whole legal and religious life." So 'n liefde vir hul beeste het die BagaMosêtlha vroeër ook gehad en 'n verklaring vir hierdie verskynsel kan nie in die eerste plek gevind word in die voedselverskaffingsfunksie wat die bees vir die stam gehad het nie. Daar moet dieperliggende redes wees vir die merkwaardige gehegdheid wat die stam teenoor sy beeste openbaar het en 'n kort beskrywing van die res-

1. Herskovits, M.J. 1926. „The Cattle Complex in East Africa" in American Anthropologist Vol. XXXVIII. p. 254.
2. Richards, Audrey I. 1932. Hunger and Work in a Savage Tribe. - [illegible]

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



terende funksies van die bees in die vroeëre stamlewe kan miskien die nodige lig daarop werp.

In die primitiewe stamlewe kon persoonlike rykdom slegs in die vorm van vee en veral beeste, opgebou word. Daar was geen indiwiduele grondbesit nie, geen betaalmiddel nie en die beskeie wonings en huishoudelike toerusting kon uit die aard van die saak nie 'n man se vermoë bepaal nie aangesien die gelyksoortige aard daarvan nie die een bo die ander kon verhef nie. Beeste was 'n man se persoonlike besitting en die kuddes kon groot of klein wees. Hier was daar geleentheid vir die ambisieuse man om iets op te bou, wat sy neigings tot ywer en sorgsaamheid kon stimuleer en wat hom by die verwesenliking van die ideale wat hy ook al nagestreef het, innerlike tevredenheid kon laat ervaar. Junod[1] sê van die Tsonga, „the object of oxen-breeding (sic!) is not milk but the acquisition of wealth". Beeste was 'n vorm van kapitaal belegging, die enigste besitting wat aan die eienaar 'n mate van sekuriteit verleen het onder vroeëre onbestendige omstandighede.

Die besit van beeste was die vernaamste faktor wat deur die stam in aanmerking geneem is by die bepaling van 'n man se sosiale status. Die mees algemene en ook die waardigste vorm van bogadi was beeste en gevolglik moes 'n man beeste hê om die volwasse staat te bereik. Verder was beeste nie slegs as 'n vorm van kapitaal beskou nie maar ook as 'n betaalmiddel, hoewel nie in die gewone sin van die woord nie want beeste is selde gekoop en verkoop, maar vir die bevestiging van goeie sosiale verhoudings soos oorhandiging van bogadi by die huwelik, geskenke aan die hoofman vir sy guns, geskenke aan buurstamme om goeie gesindheid te bewaar, die betaling van boetes e.d.m. By alle belangrike geleenthede soos by die geboorte (soms), die huwelik, die dood van 'n vername persoon of die instelling van 'n nuwe hoofman is indien enigsins moontlik, een of meer beeste geslag om die besondere betekenis van die geleentheid te beklemtoon.

Die beeskraal het die middelpunt van die gemeenskapstat uitgemaak en dit kan gesê word dat dit letterlik en figuurlik so was. Die wonings is sirkelvormig rondom die beeskraal aangelê en dit was in die omgewing van die kraal waar die mans saans om die vuur in die kgôrô vergader het om die tyd gesellig te verdryf en bedags om belangrike samesprekings te hou, sake

1. Junod, Henri A. 1927. The Life of a South African Tribe. Vol. II. p. 48.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan te hoor en geskille te besleg. Soos by die Zulus het die gereelde kom en gaan van die vee en die melk van die koeie die roetine van die dag bepaal soos die opvolging van die landboukundige aktiwiteite die roetine van die jaar bepaal het. [1]

Vir vermaak het die stam hul beeste laat resies hardloop (mokato wa dikgomo) en dit het grootliks bygedra tot aangename opgewondenheid en blymoedigheid in 'n andersins betreklik prosaïse gemeenskapslewe.

Daar was by die stam 'n intieme verbintenis tussen 'n familiegroep (lešika) en die beeste wat dit besit het en beeste was die belangrikste medium vir alle rituele betrekkinge tussen die verskillende groepe. Die oorhandiging van beeste by die huwelik het 'n hegte band tussen die betrokke gesinne tot gevolg gehad.

Hoewel my segsmanne daar nie meer veel kennis van dra nie kan met sekerheid konstateer word dat die pastorale bedryf deurspek was van allerlei gebruike en taboos. Die vernaamste hiervan, wat vandag ook nog goed onthou word was dat vrouens nie toegelaat was om met beeste te werk nie en selfs nie eens om in die kraal te kom nie aangesien hulle aanwesigheid en inmenging op magiese wyse 'n nadelige uitwerking op die kudde sou hê. Dit word vaagweg onthou dat daar ook i.v.m. die gebruik van melk verskillende beperkinge en taboos was wat gehandhaaf moes word. Dit is dus goed te verstaan dat beeste wat so 'n belangrike rol in die gevoelslewe van die stam gespeel het ten alle tye hoog waardeer is en met rituele gebruike beskerm is. Aangesien die hele stam se welvaart ten nouste saamgehang het met die welsyn van die beeskuddes is alle hulpbronne van die godsdiens en die towerkuns vermoedelik aangewend vir hulle beskerming.

Van hongersnood is slegs gepraat as die oeste 'n mislukking was en nie wanneer die beeste deur die vyand gebuit is nie. Skape en bokke is veel meer gereeld geslag om die vleishonger te stil as beeste en as 'n bees ooit geslag is was dit nie net om sy vleis nie maar ook om die een of ander bykomstige funksie te vervul. Dit kan dus aanvaar word dat die beeskudde veeleerder 'n voorwerp van sosiale ambisies en emosies was as 'n bron van vleis, melk en velle. Beeste het status en leierskap bepaal, verhoudings

1. Jenkinson, T.B. 1882. The Zulus, their past history, manners, customs and language. p. 52.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aangedui en was ook die middelpunt van die godsdienstige lewe. By sy geboorte het 'n man lid geword van 'n groep wat intiem verbonde was aan die beeste wat dit besit het; dwarsdeur sy lewe is sy verpligtinge teenoor sy medemens veral nagekom deur die oorhandiging van beeste en by sy dood was dit die vernaamste erfenis wat hy nagelaat het.

B. VEEBOERDERY BY DIE BAGAMOSÊTLHA IN VROEËRE TYE SOVER AS WAT DIT MOONTLIK WAS OM DIT TE REKONSTRUEER.

1. Soorte Vee. Voor die koms van die witman was slegs beeste, skape en bokke bekend by die stam. Waar hierdie vee vandaan gekom het kan uit oorleweringe nie vasgestel word nie. Dit word as 'n natuurlike verskynsel aanvaar dat die stam hierdie soorte vee besit het. Sommige van die oudste manne beweer dat hoenders, varke en donkies wat vandag by byna elke huishouding aangetref word selfs in hulle kinderjare nog nie in die stamgebied bekend was nie. Volgens berekening is hoenders en varke ongeveer 60 jaar gelede (1890) vir die eerste maal ingevoer en donkies nog later. Kroll[1] het egter bevind dat die Bantoe van oudsher af hoenders besit het. Dit kan wees dat die BagaMosêtlha op hul swerftogte die hoender kwyt geraak het aangesien dit begryplikerwys moeilik sou wees om met pluimvee te trek. Bokke en skape was van weinig sosiale betekenis en het slegs primêre funksies vervul nl. dié van voedselvoorsiening en die verskaffing van velmateriaal. Skape is slegs terwille van hulle goeie vleis aangehou terwyl bokke benewens vleis, ook 'n bietjie melk gegee het in die somermaande. Dit word beweer dat hierdie kleinvee ook gebruik is om vir die vyand agter te laat as die stam voortvlugtend was; dit sou die vyand vertraag het en die stam geleentheid gee om met die beeste op veilige afstand te bly. Beeste was om hul primêre sowel as sekondêre funksies van die allergrootste belang en pastorale bedrywighede was feitlik sinoniem met beesboerdery.

2. Eienaars van Vee.

Beeste het in die eerste instansie aan 'n individuele man behoort en dit was sy private eiendom. Die beeste behorende aan al die mans van

1. Kröll, Hubert. 1928. Haustiere der Bantu in: Zeitschrift für Etnologie. No. 60 p. 200.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dieselfde lešika (patriliniêre familiegroep) in 'n bepaalde gemeenskap hèt egter in dieselfde kraal geslaap en enige lid van daardie lesika het na die beeste wat in die besondere kraal bymekaar kom verwys as „ons beeste" - dikgomo tša gešo - ongeag wie die individuele eienaars was. Dit sinspeel egter slegs op die samehorigheidsgevoel van so 'n groep en niemand sou hom sonder toestemming enige regte toe-eien t.o.v. die beeste wat aan 'n ander behoort het nie.

Hoewel die man die eienaar van die beeste was, het hy die meeste aan sy verskillende huishoudings toegesê. Sekere beeste vir sekere huishoudings. So het die vrou weer 'n mate van seggenskap oor haar man se beeste gekry hoewel sy nooit iets met hulle versorging te doene gehad het nie. Die melk van die beeste wat aan haar huishouding toegesê is kom na haar lapa en was vir die versorging van haar kinders en ander afhanklikes. Ook as 'n bees van 'n bepaalde huishouding geslag moes word, was dit van die man verwag om die saak eers met die „eienares" te bespreek. Sy het gewoonlik nie geweier nie maar dit was etiket. Die vleis het na haar lapa gegaan en sy het daarvan aan haar medevrouens en naasbestaandes gegee. So het bogadi-beeste ook aan die huishouding behoort waartoe die dogter behoort het t.o.v. wie die beeste ontvang is. Ewe-eens moes ook uit die huishouding se toegesegde beeste voorsiening gemaak word vir die bogadi van die seuns. By die sterwe van die vader het die oudste seun van die lapa ook die bepaalde huishouding se beeste geërf met dien verstande dat hulle steeds aangewend moes word tot voordeel van die minderjarige kinders van die huishouding. Hulle was dus eintlik die erfenis van die lapa.

Oor die bokke en skape het die man persoonlike beheer uitgeoefen. As een geslag is, is die vleis onder die verskillende huishoudings verdeel. Die bokwagters het die bokke gemelk, die melk gedeel en aan hulle moeders oorhandig vir gewone gebruik in die huishouding. Die kleinvee behorende aan dieselfde Lešika het net soos die beeste in dieselfde kraal (apart van die beeste) gekom.

Dit word beweer dat 'n vermoënde man vroeër van 100 - 200 beeste gehad het terwyl beginners of minder gegoede mans slegs 3 of 4 kon hê.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kleinvee is meer dikwels as beeste geslag en die kuddes (bokke en skape saam) het volgens ons informante selde uit meer as 50 stuks bestaan. Daar was verskillende maniere waarop 'n man vee bekom het. Hy het dit as geskenke van sy vader ontvang of van hom geërf. Vir sy dogters het hy beeste as bogadi ontvang. Na suksesvolle strooptogte op die beeste van ander stamme is die buit onder die krygsmanne verdeel hoewel die hoofman 'n groot deel van die verowerde beeste vir homself gehou het. Vee is soms ook geruil vir graan. Die hoofman se kuddes was altyd die grootste en die onderhoofde het ook meer beeste gehad as die gewone burgerlikes. Die hoofman sowel as onderhoofde het van hul beeste in bruikleen aan persone met min of geen beeste gegee - dikgomo tša mafiša.

3. Tipe Vee.

(a) Beeste. Die BagaMosêtlha het net een soort bees geken nl. die tipe wat later algemeen bekend sou wees as die kafferbees. Die herkoms van hierdie bees is onseker maar dit is 'n inheemse dier van Afrika wat die Bantoe van oudsher af besit het.[1] Kenmerkend van die kafferbees was sy betreklik klein liggaamsbou en lang horings. Dit is 'n geharde dier wat teen skaarste bestand was en wat vlugtig kon beweeg oor lang afstande, - die beeste was trouens daaraan gewoond om saam met hul eienaars of oppassers soms voor die vyand uit te vlug. Gedurende die somermaande wanneer die gras groen was en ook wanneer die afgeoeste lande weer in goeie weiding voorsien het, het die koeie goed melk gegee - van een tot twee gellings per dag. Gedurende die droë maande was daar egter baie min melk. Die koeie het ook nie lank in die melk gebly nie. Ongeveer nege maande na die kalf aangekom het, het die koei weer begin uier maak en is die kalf gespeen. Daar is nooit getrag om 'n kudde met voordelige eienskappe op te bou nie. Die mooiste kalf (afgesien van liggaamsbou) is gehou as bul of die moeder nou al 'n goeie melkbees of groot van liggaamsbou was, of nie. Ander bulkalwers is kort na hulle gespeen is, gekastreer (go fagola); enige man kon die operasie met 'n mes waarneem.

1. Kroll, Hubert. 1928. Op. cit. pp. 229 en 276.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) Kleinvee. 'n Geharde basterskaap van onsekere herkoms is aangehou. Die skaap het selfs onder baie ongunstige omstandighede vet gebly en verglyk nie sleg met die basterskaap wat vandag algemeen bekend is nie. 'n Taamlike minderwaardige bok, vandag nog bekend as 'n kafferbok is aangehou. Hierdie bok was klein van liggaamsbou maar seker die gehardste van die veesoorte wat die stam gehad het. Dit word beweer dat die bokke in tyd van skaarste soms in bome geklim het om die blare by te kom.

4. Kleure, horings en lofspreuke.

Aan die kleur van beeste is veel waarde geheg en in enige lofspreuk vir 'n bees is óf die kleur óf die tipe horings - soms albei - genoem. Dit is dus te begryp dat die taal ryk sal wees aan die benaminge van die groot verskeidenheid kleure wat by beeste aangetref is. Dieselfde kleurbenaming is gebruik vir die twee geslagte behalwe dat 'n kleur wat betrekking het op 'n koei of vers in die verkleinwoord-vorm uitgedruk is d.w.s. deur die byvoeging van die agtervoegsel -ana. Die volgende is van die mees algemene kleure :

(a) Skakerings van wit en rooi.

| Manlik. | Vroulik. | Afrikaans. |
|---|---|---|
| Khunou | Khunwana | rooi. |
| thamaga. | thamagana | rooibont. |
| nala | nalana | rooibont. |
| tsumu | tsungwana | rooi bles met wit pens. |
| pitswa | pitswana | donker-rooi. |
| hlaba | hlabana | donkerbruin. |
| mohlêhlô | mohlehlwana | rooi witrug. |

Skakerings van Wit en Swart.

| Manlik. | Vroulik. | Afrikaans. |
|---|---|---|
| tšhweu | tshwana | wit. |
| ntso | swana | swart. |
| Kgwadi | Kgwabana | swart witrug. |

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Manlik. | Vroulik. | Afrikaans. |
|---|---|---|
| phatswa | phaswána | swartbont. |
| tsumu | tsungwana | swart bles met wit pens. |
| kêbu | kôtswana | ligblou skimmel. |
| tsokotla | tsokotlana | donkerblou skimmel. |
| tilodi | tilotsana | swart met wit kolle. |
| thokwa | thokwana | donker vaal. |
| tshêtla | tshêtlana | vaal. |
| khwêrêrê | khwêrêtsana | swart met wit stippels. |

Daar is ook nog ander kleurskakerings wat minder algemeen gebruik is.

Aan die vorm van sy horings is 'n bees baie dikwels beskryf en ook hiervoor was daar verskillende benaminge waarvan die volgende as die mees algemene beskou kan word :

| | | |
|---|---|---|
| Dinaka tša maperepetla | - | langhorings wat agtertoe lê. |
| Dinaka tša marumô a kua godimo | - | regop horings. |
| Dinaka tša makôrôpô | - | soos dié van 'n friesbees. |
| Dinaka tšo dikhwatla | - | hanghorings (hangkop). |
| Dinaka tše di molêma | - | een horing op en die ander af. |

Beeste is dikwels deur die eienaar of deur die wagters op spontane wyse geprys in kleurryke lofspreuke en dit is nog 'n onweerlegbare bewys van die emosionele uitwerking wat die bees op die stam gehad het. Hoewel jong seuns soms spreuke wat hulle uit die mond van volwassenes gehoor het sou herhaal, was lofspreuke in baie gevalle oorspronklik en nuut. Dit was 'n spontane uiting van 'n innerlike gewaarwording by die aanskouing van 'n geliefde dier. Die volgende is slegs 'n paar tipiese voorbeelde :

E a tsêna, tšhweu molemana sə-êtella dingwê pele!

Hy kom in, die wit op-en-af horing wat ander vooruitloop!

Eatsêna tsumu a borapulana, e rôba tše masufu a magolo!

Hy kom in, die swart-bles van Rapulana, hy breek dies met die groot (sterk) spiere!

© University of Pretoria   Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kgotla-Kgotla dinaka di a kgotla.

Di etša ge di yo hlaba magale.

Skud-skud, die horings skud

Net asof hulle die helde gaan steek (stoot).

„Mogale le namane ke hlaba efe?

Ke hlaba e mmayo e pusang

Ya re a pusa a kgotle sesana

Sesana sa mosôhlô le mohwelere".

„Van die dappere en die kalf, watter een steek ek?

Ek steek die een waarvan die ma speen

En as sy speen maak sy 'n stokkie skerp

'n Stokkie van die „mosôhlô" en die rooibos".

Vir die oningeligte kom dit weliswaar voor asof hierdie en ook ander spreuke taamlik sinneloos is. Elke spreuk het egter 'n subtiele betekenis wat beslis nie met die eerste oogopslag waar te neem is nie.

Volgens my segsmanne het die gewone burgers nooit daarna gestrewe om 'n kudde van een kleur te hê nie. Dit was egter gebruiklik dat die kudde van die stamhoof van een kleur moes wees. So word beweer, was Nchaupe I se beeste almal ligblou skimmel (tse kêbu le tse kôtswana). Thipe het twee kleure gehad, rooi en donkerblou-skimmel. Nchaupe II se kudde was weer almal rooi. Hendrik Makapan streef ook daarna om 'n kudde rooi Afrikaners te hê. Op die oomblik is hulle reeds oorweënd rooi maar nog taamlik gemeng met ander kleure.

5. Merke (Maswaô).

Beeste van die verskillende Afdelings (dikgôrô) is verskillend gemerk aan die ore.[1] Elke kgôrô het sy eie merk gehad en wel soos volg:

(a) Kgôrô ya Mošate. Hlaku ya phala (kloutjie van die rooibok), - d.w.s. 'n swaelstert - in die punt van die linkeroor.

(b) Kgôrô ya Mmamarama. Hlaku ya phala in albei ore.

(c) Kgôrô ya Mmekwa. Letlatla ('n Flap). Omtrent twee duim van die regteroor word ingesny sodat dit 'n hangende flappie vorm.

(d) Kgôrô ya Masunyeng. Seripa ('n Stukkie). 'n Punt van omtrent een duim word van die linkeroor geheel afgesny.

1. Ons verstout ons om te sê dat die boere-gebruik om vee aan die ore te merk van die Bantoe oorgeneem is.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(e) Kgôrwana ya Khoka.[1] Noko (ystervark). 'n Paar kerfies word aan die onderkant van die linderoor gesny. Dit is veronderstel om na die penne van 'n ystervark te lyk.

Indiwiduele eienaars het hul beeste geken aan natuurlike kentekens en veral aan die kleur en horings.

6. Weiding.

Geen voer is ooit vir die vee geproduseer nie. Uit ondervinding het die stam geweet watter soort weiding die voordeligste was en die volgende was die vernaamste tipes weivelde:

(a) In die laagliggende dele (morokwa) waarby vleie ook ingesluit word. Dis hier waar die buffelsgras (mphafa) groei en die teenwoordigheid van hierdie goeie gras word altyd verraai deur haak-en-steek bosse. Hierdie doringbos en buffelsgras groei bymekaar. In die winter was hierdie weivelde die allerbeste.

(b) Die hoogliggende dele waar die Motshikiri (Eragrostis nebulos S.), mfetlwane (Digitaria eriantha Steud),[2] sefudufudu (Themeda triandra), morulêlô (Hyparrhenia hirta) gedurende die somermaande wanneer dit groen was goeie weiding verskaf het. Gedurende die wintermaande was hierdie hoogliggende gedeeltes egter minder geskik vir weiding aangesien die meeste van die gras dan hard en suur was en die vee dit nie wou vreet nie.

(c) Turfgedeeltes. Die beste soetgras, tlurungwa (Dichanthium annulatum Stapf) en namêlê (Eriochloa fouchei) het in hierdie gedeeltes gegroei en die vee het dan ook daarvoor 'n besondere liefde openbaar.

(d) Afgeoeste lande. Die kafferkoringstronke en die oorblyfsels van ander gewasse op die lande was gedurende die wintermaande uitmuntende weiding. Die vee het oor alle lande heen gewei. Aangesien die lande egter klein was het hierdie weiding nie lank gehou nie. Amptelike toestemming moes van die hoofman verkry word alvorens die vee

---

1. Die enigste wyk (kgorwana) wat ook 'n afsonderlike merk gehad het.
2. Is ook gebruik vir die maak van armbande.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die afgeoeste lande gejaag kon word. Dit is in die Stamraad bekend gemaak.

8. Versorging.

Soos reeds aangetoon (hst. 4) is die plek waar die beeskraal opgerig is net soos die woonterrein en die landbouhoewe deur die toordokter behandel om die kudde teen gevare te vrywaar. Die kraal is van pale gemaak en nie van takke soos vandag dikwels die geval is nie. Die seuns was veral verantwoordelik vir die versorging van die vee hoewel die mans die werk baie noukeurig beheer het en steeds 'n wakende oog oor die kuddes gehou het. Daar was twee plekke waar die vee versorg moes word:

(a) Tuis. Die kleinvee is altyd in die omgewing van die woonplek deur die kleinere seuntjies saam met die kalwers opgepas. As die weiding in die nabyheid van die stat dit toegelaat het, is die beeste ook hier gehou. Snags het al die vee in die kraal gekom. Beeste en kleinvee in aparte krale en die kalwers in 'n kalwerhok. Soggens vroeg voor sonop is die beeste uitgelaat om in die onmiddelike nabyheid van die kraal te wei - dikgomo di ya magobyane. Teen nege uur is hulle weer aangekeer kraal toe sodat die koeie gemelk kon word. Na die wagters hul oggendmaal teen 10 uur genuttig het word die beeste na verder weiding geneem - dikgomo di ya mafulong en dan kom die kleinvee ook vir die eerste maal uit die kraal om met hulle jeugdige wagters 'n ander rigting as die beeste in te slaan veld toe. In die vroeë namiddag word die vee na die water geneem en wei daarna stadig huis se kant toe om teen sononder weer in die kraal te wees. Die beeste en die kleinvee kom gelyktydig by die krale aan.

As die weiding in die nabyheid van die stat swak was en veral in die wintermaande, is die meerderheid van die beeste by die veeposte gehou. Tuis was dan slegs die nodige melkkoeie (indien enige), die ouer diere en enkele pakosse.

(b) Die Veepos (Morakeng). Vir die grootste gedeelte van die jaar het die beeste by die veepos verkeer. Dit was 'n sentrale plek in 'n omgewing waar die weiding goed was. Hier is takkrale opgeslaan waar-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die beeste snags toegemaak is en bedags is hulle deur die veewagters (seuns) opgepas. Die veepos was nie te ver van die stat nie. Volgens berekening kon die afstand ongeveer 10 myl wees. Aangesien die beeste steeds blootgestel was aan strooptogte kon hulle ook nie te ver van die „weermag" tuis gehou word nie. Die groter seuns (ook dié wat reeds na die inisiasie-skool was) het by die veeposte vertoef. Hulle het ook byna daagliks besoek ontvang van mans wat vir hulle die nodige voedselvoorrade saamneem. Die koeie is by die veepos gemelk vir die gebruik van die veewagters. Daar was gewoonlik net soveel melk as wat hulle kon baasraak en dit wil voorkom of die seuns gedurende hulle verblyf by die veeposte geleentheid gekry het om as gevolg van die goeie voeding sterk en gesonde liggame op te bou.

'n Hele gemeenskap (kgôrwana) se beeste is by dieselfde veepos gehou maar voorsiening is gemaak vir afsonderlike krale net soos tuis. By die veepos het die beeste teen 8 uur die oggend uitgegaan en nie weer voor laat die middag teruggekom nie. Elke Lešika het 'n aantal seuns by die veepos geplaas om na hul spesifieke beeste te kyk maar al die seuns van die verskillende groepe het gesellig saam gewoon in tydelike skerms wat opgerig is. Die oudste seuns van die verskillende mašika het opgetree as die leiers van die wagtergroep en was bekend as bo-nkôkhô.

8. Veesiektes en hulle Behandeling.

(a) Beeste.

Dit word beweer dat die sg. kafferbees met sy geharde konstitusie nie aan baie kwale onderhewig was nie. Vir party van die beessiektes wat wel voorgekom het, het die Bakgatla doeltreffende behandeling (volgens hul geloof) gehad; teenoor ander het hulle magteloos gestaan.

Die volgende is 'n paar van die vernaamste siektes wat onder beeste voorgekom het:

(i) Leotwana (Sponssiekte). Die simptome was bekend en sodra 'n dier aan die siekte vrek word een van sy kloutjies in die hek

© University of Pretoria    Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die kraal begrawe. Op dié manier word die siekte weggesteek - bolwetse bo fihletšwe - en daarmee is daar ook 'n einde aan die sponssiekte! Die vleis van 'n dier wat aan hierdie siekte gevrek het is alles geëet. Daar het geen vrees bestaan dat dit 'n nadelige uitwerking op die mens sou hê nie want, so is geglo, die vuur maak alle vleis weer gesond - mollô o alafa bolwetse.

(ii) Sebete (Lewer- of galsiekte). Aan die ongewone manier van loop, aan die knip van die oë en aan die vinnige asemhaling is vasgestel dat 'n bees galsiekte het.

Vir die behandeling is 'n skerppunt-assegaai (tsholo) rooiwarm verhit en die siek dier is daarmee op drie plekke gebrand, nl. dwars oor die agterbene onder die stert, op die bors en langs albei kakebene af - Kgomo e babelwa sebete. As een bees in die kraal die siekte gekry het is alle jong diere onder twee jaar op hierdie wyse behandel. Ons segsmanne meen dat die behandeling onveilbaar was. Die vleis van die gevrekte dier is geëet.

(iii) Lebêtê (Miltsiekte). Dit was steeds 'n skielike siekte en is nooit agtergekom voordat 'n dier reeds dood was nie. By die dooie dier is die siekte herken aan bloederigheid by die mondhoeke en in die anus. 'n Verdere teken was dat die bosluise aan die dier almal gevrek en afgeval het. Die diagnose is voltooi deur die milt te ondersoek; as dit geswel was het daar geen twyfel meer bestaan nie. Miltsiekte was beskou as gevaarlik ook vir die mens en na hantering van 'n besmette dier is die karkas met vel en al begrawe en die hande deeglik gewas in warm water. Slegs die toordokter het medisyne (sepheku) gehad waarmee miltsiekte bestry kon word. Of dit gehelp het, het afgehang van die sterkte van die medisyne en die dokter se bekwaamheid!

(iv) Mafahla (tering). Dit is herken as die bees gehoes het. Daar was geen behandeling voor nie en die siek dier is doodgemaak en geëet. Dit word beweer dat tering slegs sporadies voorgekom het en nooit veel las gegee het nie.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) Kleinvee. Volgens ons segsmanne was bokke net aan een siekte nl. galsiekte (se-mê) onderhewig. Anders as in die geval van beeste was daar egter geen raad voor nie. Skape het slegs miltsiekte (mo-dikwano) gekry en dan is opgetree soos in die geval van beeste. Daar dien gelet te word op die feit dat dieselfde siektes verskillende name by die beeste en kleinvee gehad het.

9. Beesslag.

Soos meermale reeds aangetoon is 'n bees feitlik uitsluitlik geslag by geleentheid van een of ander sosiale funksie of rituele gebruik. Dit was natuurlik nie noodsaaklik dat dit 'n groot en belangrike funksie hoef te gewees het nie. As 'n man besluit het dat dit vir sy gesin nodig was om die geeste van sy voorvaders op spesiale wyse te vereer (go robatša dithota) - sien Hoofstuk 3 - deur 'n offerhande van vleis, was dit genoegsaam rede om 'n bees te slag. Die lus vir vleis en die godsdiensoefening het miskien gepaard gegaan! Dit spreek dan vanself dat die slagdier nie uitsluitlik vir die offerfees aangewend is nie maar ook nog 'n geruime tyd daarna vir smaaklike bygereg sou sorg. Indien enigsins moontlik is 'n bees in die winter geslag.

Nadat 'n man met sy vrou ooreengekom het watter bees geslag moes word het hy rondgegaan onder sy familiegroep (eie en die van sy vrou) en bekend gemaak dat hy op so-en-so 'n dag 'n bees gaan slag,

„Kgomo e a fofotšwa - le tle le ntshwarišo".

„'n Bees word uit die weggeruim - julle moet my kom help vashou".

Niemand sal indien enigsins moontlik, die uitnodiging verontagsaam nie en op die bepaalde dag kom die genooide helpers reeds vroeg die oggend by die betrokke kraal (by 'n vuur) saam. Die slagdier word in die kraal agtergehou waar dit op gesette tyd deur die slagter (mohlabi) met 'n assegaai doodgesteek word. Die dier word gesteek op 'n plek in lyn met die hart.

Die bees word in die kraal geslag. Die kop word eerste net agter die kake afgesny. As die hele karkas afgeslag is word eers die regterblad afgesny en dan die regterboud. Dieselfde proses word aan die linkerkant herhaal. Hierdie vleis word reguit na die lapa van die betrokke

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vrou genoem en daar aan 'n boom of stellasie opgehang. Na die blaaie en die boude verwyder is word die ribbes aan weerskante in die middel afgekap sodat die boonste helfte van die ribbes saam met die borskas verwyder kan word. (N.B. die bees word nie op die gewone wyse oopgesny nie). Na genoemde dop af is word die maag dadelik verwyder en dan lê die res van die binnegoed duidelik in die „kom" wat nog oor is. Die slagters braai en eet die grootste gedeelte van die lewer en al die ander binnegoed behalwe die derms. Die res van die karkas sowel as die derms en die maag (nadat die mis uitgedop is) gaan ook na die lapa. Die pote word vir die seuns in die kgôrô gekook en hulle nuttig dit saam met hul pap by die eerste aandete.

Terwyl die bees geslag word, word telkens sekere minderwaardige vleis bv. in die lies en onder die blaaie afgesny en op die vel neergesit. Dit word na die slagtery onder die helpers verdeel en word genoem makgôpêlô.

Indien die bees vir 'n groot fees geslag is word byna al die vleis opgesny om in die groot feespotte gekook te word vir die gaste. Indien dit egter slegs vir 'n gesinsgodsdiensoefening bedoel is, gaan die vleis na die „eienares" en sy mag daarmee handel na goeddunke maar die volgende verpligtinge moet nagekom word :

(a) Die kop gaan na die malome van die man.

(b) Die susters van die man moet ook vleis kry - die hoeveelheid hang af van die vrou se vrygewigheid.

(c) Dit word van die vrou verwag om van die vleis aan haar medevrouens te gee sodat hulle op hulle beurt ook weer aan haar kan gee.

Die beenvleis (ribbes e.d.m.) is eerste gekook terwyl die sagte vleis in repe (mehwapa - biltong) gesny en winddroog gemaak is om later gebruik te word.

Vir groot geleenthede soos vir 'n huweliksfees is gewoonlik goeie vet slagbeeste gebruik maar vir minder belangrike doeleindes soos bv. vir die huislike godsdiensoefening is die ouere beeste wat begin agteruitgaan geslag. Indien 'n bees se been gebreek het, is die dier ook sonder meer geslag.

© University of Pretoria    Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



10. Bokke en Skape is sonder veel seremonie geslag. Geen helpers word genooi nie hoewel die een en ander altyd hul opwagting maak. Dit is gewoonlik wanneer die mans lus het vir vleis of wanneer die vrouens kla dat daar niks is vir bygereg nie, dat van die kleinvee geslag word en op geen vasgestelde tye nie. Die vleis word verdeel onder die huishoudings (malapa).

11. Behandeling van Velle: Velle word oopgespalk en geskraap (go fala) met 'n mes of metaalskraper spesiaal vir die doel vervaardig (phalô). Die stukkies vleis en nerwe (dihlono) wat so afkom word gekook en as sešaba genuttig. Die vel is nie gesout nie maar slegs gedroog. Later is dit weer natgemaak en gebrei om in klere verwerk te word.

12. Opsomming.

Besonderhede omtrent die pastorale bedryf in vroeëre tye kan ons nou na aanleiding van die voorafgaande soos volg opsom:

(a) Beeste, skape en bokke is aangehou maar dit was beeste wat verreweg die vernaamste rol gespeel het in die bedryf. Hoewel hierdie veesoorte geharde diere was, was hulle van 'n minderwaardige ras en geen poging is aangewend om dit te verbeter nie.

(b) Kleinvee is hoofsaaklik aangehou vir hul primêre funksies van voedselvoorsiening in die vorm van vleis en melk, en vir die voorsiening van velmateriaal vir die vervaardiging van klere en beddegoed.

(c) Beeste is ook vir die verskaffing van voedsel, velmateriaal ens. aangehou maar hierdie primêre funksie is oorskadu deur die sosiale en rituele betekenis van beeste. Dit was die vernaamste private eiendom van 'n man en ook die belangrikste vorm van rykdom. Dit het sosiale status bepaal en goeie verhoudings gehandhaaf. In die godsdienstige lewe van die stam het beeste 'n belangrike rol gespeel.

(d) Die vee, en veral beeste is met die meeste getrouheid versorg en beskerm. Die versorging het berus op 'n mate van tegniese kennis van die bedryf maar ook die towerkuns het 'n belangrike rol gespeel in hierdie opsig. Slegs die mans was belas met die versorging van die vee en vir die vrouens was dit verbode om enigiets daarmee te doen te hê.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(e) In die beperkte ruilhandel wat voorgekom het was dit veral vee wat as ruilmiddel gebruik is. Vee is egter nie op groot skaal verhandel nie en dit was hoofsaaklik om graan (voedsel) te bekom in tye van nood.

(f) Beeste is wel gebruik as pakosse maar nie as trekdiere nie.

(g) Die besit van beeste het ook die samehorigheid van familiegroepe soos uiteengesit, aangedui en dit is o.a. een van die faktore wat die intieme verbintenis bepaal het wat daar bestaan het tussen die lede van 'n bepaalde groep (lešika).

(h) Die verdediging en verowering van beeste was die vernaamste redes vir oorlogvoering met vyandelike stamme.

---

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK VII.

## SAMEVATTING, BESPREKING EN TIPERING VAN DIE VROEËRE KGATLA EKONOMIESE STELSEL.

Ter afsluiting van die vroeëre ekonomiese lewe van die BagaMosêtlha wil ons hierdie hoofstuk wy aan die volgende punte :

(a) 'n Analise en tipering van die ekonomiese stelsel van die onderhawige Kgatla na aanleiding van die besonderhede vervat in die voorafgaande hoofstukke.

(b) Die behandeling van die oorspronklike ekonomiese stelsel van die Suid-Afrikaanse Bantoe volgens algemene tipering van verskillende skrywers met slegs verwysing na monografieë bevattende besonderhede t.o.v. individuele stamme.

(c) Tipering van die ekonomiese stelsel van die BagaMosêtlha sowel as ander Bantoe-stamme.

Hiermee word in die eerste plek beoog die koördinering van besonderhede t.o.v. die BagaMosêtlha en die vasstelling van die kardinale kenmerke van die stam se vroeëre ekonomiese lewe. In die tweede plek sal daar geleentheid wees om waar te neem in hoeverre die Kgatla-stelsel aansluit by die algemene Bantoe-ekonomie. Lg. verband is veral belangrik met die oog op die uitwerking wat die verloop van die geskiedenis soos later behandel sal word, bygedra het tot die veranderde lewensomstandighede van die Bantoe in die algemeen en die BagaMosêtlha in die besonder.

## I. ANALISE EN TIPERING VAN DIE EKONOMIESE STELSEL VAN DIE BAGAMOSÊTLHA.

### 1. Aard van die Stelsel.

Uit die beskikbare gegewens kan ons aflei dat die BagaMosêtlha in vroeëre tye 'n eenvoudige bestaans- en trekekonomie beoefen het. Elke gesin was selfonderhoudend en het in nagenoeg al sy behoeftes self voorsien. Die geringe behoeftes van die gesin was hoofsaaklik beperk tot die lewensnoodsaaklike voedsel, skamele en eenvoudige kleding en primitiewe huisvesting bestaande uit hutte wat beswaarlik voldoen het aan selfs die eenvoudigste utiliteitsoorwegings. Daar was geen betaalmiddel soos geld

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie en niemand kon daarna strewe om rykdom in hierdie vorm op te bou nie. Aangesien elke gesin vir eie gebruik produseer het was daar geen beroepsprodusente nie en gevolglik ook geen onderlinge konkurrensie nie. Vriende en familiebetrekkinge het dikwels bywyse van werkpartye en andersins saamgewerk en sodoende aan mekaar hulp verleen in die voorsiening van lewensbenodighede en dit dui daarop dat die stelsel inderdaad ook koöperatief van aard was. Die winsmotief het geen rol gespeel nie en niemand het daarna gestreef om 'n hoër lewensstandaard as andere te handhaaf nie. Die enigste rykdom wat opgebou kon word was in die vorm van beeste maar die besit van beeste het aan die eienaar slegs status verleen en die strewe na rykdom in hierdie verband was 'n strewe na verbetering van sosiale status en nie so seer na 'n bate wat winste moes afwerp nie.

Dit was 'n trek-ekonomie omdat die stam hul woongebied sodanig benut het dat hulle nie permanent op een plek kon woon nie. Hulle was weliswaar nie nomade wat elke seisoen van die een plek na die ander verskuif het nie en hulle sou moontlik ook nie hul woonstede om ekonomiese redes verlaat het nie indien die bodem weens die wyse waarop dit benut is, nie onderhewig was aan uitputting en verswakking nie. Die saailande is, soos aangetoon in hst. 5 swak en op primitiewe wyse met ondoelmatige gereedskap bewerk. Van bemesting is nie gebruik gemaak nie en wisselbou is nooit toegepas nie. As die een hoewe uitgeput was is 'n ander afgepen totdat al die beskikbare bougrond weens roofbou min of meer waardeloos was. Daar is steeds gestrewe na die besit van meer vee en veral beeste. Geen perke is gestel vir die grootte van die kuddes nie, daar is nie rekening gehou met die draagkrag van die weivelde nie en weinig beheer is daaroor uitgeoefen. So het ook die weiding verswak en uiteindelik ontoereikend geword. Die natuurlike hulpbronne vir die voorsiening van boumateriaal, vuurmaakhout, grondstowwe vir beoefening van tuisnywerhede ens. het na 'n tydperk van onbeheerde gebruik skaarser geword, die wild is tot 'n meerdere of mindere mate uitgeroei of verwilder en dergelyke meer. Dit spreek dus vanself dat die stam van tyd tot tyd om ekonomiese redes van die een plek na die ander moes verskuif. Voorbeelde van volksverhuisings is aangehaal in hst. 1. Die stam het dus produseer

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir 'n lewensbestaan sonder dat winste of surplusse beoog is (bestaans-ekonomie). Die produksie was afhanklik van die bodem en omdat roofbou toegepas is kon die bodem nie vir 'n onbepaalde tyd in die behoeftes voorsien nie en derhalwe moes die stam soms van woongebied verander (trek-ekonomie).

2. Die Stam en onderafdelings as ekonomiese eenhede.

By die beoefening van genoemde bestaansekonomie het die indiwidu geen afsonderlike rol gespeel nie. Individualisme soos dit voorkom in 'n kapitalistiese stelsel was onbekend. Alle produksie is gesamentlik onderneem deur verskillende eenhede en die vernaamste produserende eenheid was die huisgesin (vgl. hst. 3). Die man, vrou en kinders het elk bepaalde take gehad om te verrig en pligte gehad om na te kom. Benewens sy spesifieke aandeel aan die produksie het die vader ook opgetree as godsdienstige leier en organiseerder van die gesin se werksaamhede. Met behulp van sy seuns het die vader die vee versorg. Hy was die klieremaker van die gesin, die vervaardiger van die landbougereedskap sowel as verskeie artikels vir huishoudelike gebruik. Hy het verder 'n aandeel gehad in die oprigting van die hutte en t.o.v. die versamelbedryf was dit sy werk om te jag. As krygsman het die man grondgebied verower of verdedig en beeste gebuit en dit het 'n belangrike ekonomiese betekenis gehad. Hoewel die seuns hoofsaaklik behulpsaam was met die versorging van die vee het hulle namate hulle ouer word meer en meer ook gehelp met die ander werk wat deur mans verrig is. Behalwe 'n geringe mate van bystand wat hulle van die mans ontvang het, het die landboubedrywighede uitsluitlik die vrouens ten deel geval. (Vgl. hst. 5). Hulle moes ook die voedsel voorberei en die kinders versorg. Die vrouens was ook veral verantwoordelik vir die bou en instandhouding van die hutte (hst. 4) en het verder 'n vername aandeel gehad in die vervaardiging van huishoudelike artikels (hst. 3). In al hul werk is die vrouens bygestaan deur hul dogters en lg. is geleidelik geskool in die werksaamhede van 'n volwasse vrou. Hoewel die verskillende vrouens van 'n poligamis elk moes omsien na 'n eie huishouding het die vrouens in tyd van siekte, van buitgewone drukte e.d.m. mekaar behulpsaam gewees.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoewel nie so duidelik omskrewe nie, was familiegroepe ook van besondere betekenis as ekonomiese eenhede. Die lešika of patriliniêre familiegroep praat bv. van alle vee behorende aan verskillende lede van die groep as die gemeenskaplike eiendom van die groep (vgl. p.136). Dit was gebruiklik dat lede van so 'n groep mekaar in verskillende opsigte help. So het 'n jongman dikwels van sy ooms van vaderskant (borangwane) bydraes in die vorm van beeste ontvang vir sy bogadi. In geval van siekte en veral by bevalling is 'n vrou deur haar moeder, tantes en ander bloedverwante bygestaan. By die oprigting van hutte, by die skoonmaak en bewerking van lande en soortgelyke ondernemings het lede van 'n familiegroep mekaar gehelp sonder om vergoeding daarvoor te eis. 'n Kind se ooms van vaderskant (borangwane) en van moederskant (bomalome) was almal sy/haar vaders; so was ook die tantes sy/haar moeders. Weeskinders in die westerse sin van die woord was dus onbekend en versorging van hulpelose agtergeblewenes het geen moeilikheid gebaar nie. As 'n huisgesin 'n tekort aan voedsel gehad het was dit nie nodig om gebrek te ly solank ander gesinne van die familiegroep nog voorrade gehad het nie want dan kon hulle altyd gehelpe raak (vgl. go sêla gebruik p. 92). Selfs vriende wat nie tot 'n bepaalde groep behoort het nie, het hulpbehoewendes tegemoet gekom.

Die grootste ekonomiese eenheid was die stam en die ekonomiese funksies van hierdie eenheid was verpersoonlik in die hoofman (vgl. p. 51). Die hoofman kon van enige lid van die stam of enige groep verwag om aan hom dienste te lewer of bydraes te maak in sy persoonlike belang of in belang van die stam as geheel. Die ouderdomsgroepe of regimente (vgl. p. 54) het nie slegs die weermag uitgemaak nie maar kon in vredestyd ter enigertyd deur die hoofman opgeroep word om verskillende take te verrig bv. die opspoor van afgedwaalde beeste, om roofdiere uit te rooi, om vir hom te jag, die landerye van sy vrouens skoon te maak ens. So ook kon die hoofman vroue-regimente oproep om vir hom werk te verrig bv. die dek en pleister van hutte, om vloere te smeer, water en hout te haal vir sy eie vrouens ens. Anders as die gewone burgers het die hoofman ook manlike en vroulike bediendes gehad wat permanent by die hoofstat vertoef het en

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat belas was met die versorging van sy vee en met huishoudelike pligte. Vir hulle dienste het sodanige bediendes slegs onderhoud van die hoofman ontvang.

Die stamhoof was ook geregtig op verskillende gereelde bydraes van die stam. So was daar die lande van die hoofstat (matsweta) wat deur die verskillende afdelings (dikgôrô) van die stam vir hom bewerk moes word en die opbrengste by hom moes aflewer (vgl. p.124). Die voorkwarte van grootwild wat gedood is moes na die hoofman gaan asook alle velle van wild wat gedood is op jagtogte deur hom georganiseer. Hiervan het hy die velle van roofdiere behou en die ander aan die jagters uitgedeel (vgl. p. 83).

Die vernaamste rykdom van die hoofman was egter beeste en hy het die grootste kudde van almal gehad. Na suksesvolle strooptogte op ander stamme is sommige van die beeste wat gebuit is aan die krygsmanne uitgedeel maar 'n groot aantal is deur die hoofman behou. Afgedwaalde beeste is na hom geneem en indien die eienaar hulle nie opgeëis het nie, is hulle tot sy kuddes gevoeg. Verder het hy beeste ontvang as geskenke (terwille van sy guns) en as bogadi vir sy dogters. Terwyl boetes wat in die vorm van beeste betaal is, dikwels geslag en deur raadslede geëet is, het 'n aansienlike gedeelte van die boetes na die hoofman gegaan. So het hy rykdom opgebou.

Die hoofman kon die voorgenoemde dienste en rykdom nie slegs in sy persoonlike belang gebruik nie. Hy moes dit ook gebruik tot voordeel van die stam as geheel. Die stam het hom beskou as hulle hoofman, die verpersoonliking van die stam en sy rykdom was in 'n sekere sin die rykdom van die stam as geheel. Die hoofman moes vrygewig wees. Hy moes sy gaste en ander persone wat amptelik besoek by die hoofstat aflê op liberale wyse onthaal. As blyk van waardering vir besondere dienste moes hy dikwels geskenke gee aan sy krygsmanne of raadslede. Baie van sy beeste het hy aan sy onderdane uitgeleen vir gebruik (dikgomo tša mafiša). In tye van hongersnood moes hy noodlydendes voorsien van graan uit sy eie voorrade - opbrengs van die matsweta. Verwaarloosdes kon hul toevlug tot hom neem. So het die hoofman dan opgetree as die vader van die hele stam.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soos die vader van die huisgesin die werk van sy gesin beheer het, so het ook die hoofman die werksaamhede van die stam organiseer deur die inisiatief te neem by die behandeling van die saad (p.124) die reënseremonie (p.123), die oopstelling van die planttyd (p.125), die gebruik van die eerste vrugte (p.125), deur jagpartye te organiseer, publieke werke deur ouderdomsgroepe te laat doen en deur op te tree as opperbevelhebber in tyd van oorlog.

3. Waaruit die Ekonomiese stelsel bestaan het.

(a) Betekenis van die Bodem.

Die belangrikheid van die bodem in die ekonomiese lewe van die stam kan nie oorbeklemtoon word nie want die stelsel was in alle opsigte daarvan afhanklik. Die vrugbaarheid van die grond was noodsaaklik vir die suksesvolle beoefening van die landboubedryf en die pastorale bedryf was afhanklik van goeie weiding. So moes die woongebied ook geleentheid bied vir die jag- en versamelbedryf en moes voorsien in boumateriaal (pale, dekgras, grond e.d.m.), vuurmaakhout, sout en water sowel as alle materiaal wat by tuisnywerhede gebruik is vir die vervaardiging van verskillende artikels. Yster is soms van ander stamme verkry maar verder moes die stamgebied in alle benodighede voorsien. Die grond was dus die spil waarom die hele ekonomiese lewe gedraai het.

(b) Aard van Produksie.

(i) Bedryfsvorme.

Die vernaamste vorm van produksie was die beoefening van die landbou- en pastorale bedrywe terwyl die jag- en versamelbedryf 'n ongereelde maar beslis noemenswaardige bydrae gemaak het tot die produksie van die stam.

Die landbou of pikboubedryf het bestaan uit die onwetenskaplike en oppervlakkige bewerking van klein landbouhoewes deur die vrouens. Dieselfde gewasse (hoofsaaklik kafferkoring en kafferbone) is jaar na jaar verbou. Wisselbou en besproeiing was onbekend. Geen bemesting is toegedien nie en wanneer 'n hoewe so-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



danig verswak het dat dit weinig of niks meer opgelewer het nie, is dit gelaat en 'n nuwe is bewerk. Om ekonomiese redes was hierdie bedryf nietemin die belangrikste want dit het voorsien in die lewensbelangrike stapelvoedsel waarsonder die stam in die grootste ellende sou verkeer. Dit was dus 'n lewegewende bedryf.

Die pastorale bedryf het bestaan uit die aanhou van beeste, skape en bokke. Aan beeste is die meeste waarde geheg maar hulle was van groter sosiale as ekonomiese betekenis. Die veeboerdery was egter 'n vername bron van voedsel in die vorm van melk en hoewel ongereeld, ook vleis. Die velle het voorsien in die nodige materiaal vir die maak van klere, komberse, skildvelle, graansakke e.d.m. Die vernaamste funksie van beeste was egter vir die handhawing van goeie sosiale verhoudinge en vir die bevestiging van goeie trou soos in die geval van bogadi by die huwelik.

Die jag- en versamelbedrywe het daarin bestaan dat jag gemaak is op wildsbokke, voëls en ongediertes wat in die woongebied aangetref is (vgl. p. 82). Vroeër, toe wild nog volop was, was hierdie bedryf ook van besondere ekonomiese betekenis aangesien dit ruim bygedra het tot die vleisvoorrade en die velle ook gebruik is vir die vervaardiging van klere ens. Jag was egter nie 'n gereelde okkupasie nie. Wilde vrugte en groente is ook versamel om die voedselvoorrade aan te vul.

(ii) Nywerhede.

Slegs tuisnywerhede is beoefen en dit het 'n baie belangrike ekonomiese betekenis gehad. Hierdie tuisnywerhede het bestaan uit velwerk, houtsneewerk, kleiwerk, vlegwerk, bouwerk en in uitsonderlike gevalle ook koper- en ysterwerk. Soos aangetoon is genoemde nywerhede deur elke huisgesin beoefen en die verskillende lede van die gesin het verskillende aandele daaraan gehad. Die mans was die kleremakers, het houtsneewerk gedoen, 'n gedeelte van die vlegwerk behartig, soms metaalwerk gedoen en ook hul aandeel gehad in die oprigting van die hutte. Die vroue was veral belas met die kleiwerk en sekere vlegwerk. Hulle het verder kleding-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stukke versier en was ook verantwoordelik vir die vernaamste deel van die bouwerk.

(iii) Beroepe.

Daar is weinig beroepe wat beoefen is en die enigste beroepspersone wat genoem kan word is enkele ystersmede en toordokters. Die kuns van die ystersmid en die kennis van die toordokter was geheime en die beoefenaars van hierdie beroepe was dan ook die enigste mense wat hul dienste teen betaling aangebied het. Die betaling was nie buitesporig nie en het bestaan uit tuisgemaakte artikels, voedsel of vee.

(iv) Handel.

Georganiseerde handel in die westerse sin van die woord het nie bestaan nie. „Besigheid" was onbekend. Ruilhandel het wel voorgekom en vee of tuisgemaakte artikels is dikwels verruil vir voedsel; dit was hoofsaaklik ook slegs wanneer 'n gesin gebrek aan voedsel gehad het. Genoemde vorm van ruilhandel was nie gedryf met die oog op spekulasie of verryking nie.

(c) Tegniek van Produksie.

Die tegniek van produksie het gedeeltelik berus op die vaardigheid en kennis van die werkers maar was tot 'n groot mate ook afhanklik van die towerkuns en rituele gebruike. So was dit bekend dat niks aangewend kon word vir 'n bees wat aan miltsiekte ly nie en die verstandigste ding wat gedoen kon word, nl. om die karkas te vernietig en verspreiding te voorkom, is gedoen maar vir die voorkoming van sponssiekte is die kloutjies van 'n dier wat aan die siekte gevrek het in die kraalhek begrawe met die vaste geloof dat die siekte daarmee begrawe en onskadelik gestel is (vgl. p. 143). Met betrekking tot die landboubedryf het die stam kennis gedra van die feit dat die grond omgepik moes word vir die saad, dat vogtigheid (van die reëntyd) en warmte (van die somer) nodig was vir die ontkieming van die saad en dat die onkruid uitgeroei moes word. Hierteenoor was die reënseremonie, die magiese behandeling van die landbouhoewe en van die saad (vgl. p.124) ewe belangrik vir die beoefening van die bedryf

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



omdat geglo is dat hierdie gebruike die reën sou bring, bonatuurlike gevare sou afweer en die groei van die graan sou bevorder. Met behulp van die toordokter is ook plae in die landerye bekamp. Die boukuns het die stam verstaan maar geen struktuur is veilig gewaan sonder dat die bouperseel vooraf deur die toordokter behandel is nie. In tye van droogte of pestilensie is die hulp van die voorvadergeeste ingeroep bywyse van die gebruiklike religieuse plegtighede (vgl. p.80).

(d) Dryfvere tot produksie.

Die feit dat geen surplusse beoog is by die beoefening van die verskillende bedrywe nie toon aan dat verryking nie 'n faktor was wat die omvang van produksie bepaal het nie. Ons moet dus aanneem dat die vernaamste dryfveer tot produksie was om te voorsien in die noodsaaklikste persoonlike behoeftes en die van die gesin. Tweede in belangrikheid kom die status wat produksie aan 'n man en sy huisgesin verleen het. Dit was veral 'n groot kudde en genoegsaam bier (d.w.s. voldoende graan) wat 'n man se sosiale aansien bepaal het en terwille van hierdie aansien is die produksie met ywer aangepak deur ambisieuse persone. Daar was ook estetiese oorwegings want netjiese hutte, aanskoulike kleredrag, huishoudelike artikels ens. is in die meeste gevalle beoog. Die enigste oorweging by die maak van krale, armbande, patrone op kleipotte en misvloere was inderdaad die estetiese. Gevoelsoorwegings het beslis ook 'n rol gespeel in die verskillende aktiwiteite van die stam. 'n Goedversorgte saailand, 'n gesonde kudde, genoegsaam klere en ander benodighede vir die gesin het 'n gevoel van trots en innerlike tevredenheid laat ontstaan by persone wat daarvoor verantwoordelik was. Terwyl die jag- en versamelbedryf tot 'n groot mate om ekonomiese redes beoefen is het die sensasie wat daarmee gepaard gegaan het geen geringe rol gespeel nie.

4. Eiendomsbegrippe.

Die woongebied was gemeenskaplike eiendom. Indiwiduele grondbesit was onbekend. Die stamgronde wat soos reeds aangetoon so 'n belang-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rike rol gespeel het in die ekonomiese lewe van die stam is deur die hoofman in trust gehou vir die stam. 'n Man het egter namens sy vrou/ens besitreg gekry van die bouperseel en die landbouhoewe wat aan hom toegestaan is. Dit was beskou as sy eiendom solank as wat hy in die stamgebied woon en na sy dood het dit in besit van sy gesin gebly. Hy kon dit egter nie vervreem nie. As hy dit nie langer wou hê nie het dit teruggeval na die stam en kon aan 'n ander gegee word. Geen ongetroude man het egter hierdie besitreg van grond gekry nie; dit was slegs die voorreg van 'n gesin. T.o.v. grondbesit was die stelsel dus familiaal - en stam-sosialisties.

Die weivelde, insluitende onbewerkte en afgeoeste lande en die natuurlike hulpbronne wat voorsien het in water, hout, wild, grondstowwe o.d.m. is op 'n kommunale basis gebruik. Alles wat 'n indiwidu egter versamel en verwerk het, is beskou as sy private eiendom met dien verstande dat die vader die reg gehad het om beheer uit te oefen oor die persoonlike besittinge van die lede van sy gesin.

Hutte, vee, huishoudelike toerusting en persoonlike besittings was dus die private eiendom van die gesin. Die man het meeste van sy beeste aan sy verskillende huishoudings as hulle spesifieke eiendom toegesê met behoud van die finale seggenskap daaroor. Ander beeste en kleinvee het onder sy persoonlike besittings getel (vgl. die erfstelsel p. 95).

In die volgende afdeling wil ons probeer vasstel in hoeverre die bevindinge van skrywers wat die Suid-Afrikaanse Bantoe in die algemeen onder behandeling neem ooreenkom met ons bevindinge t.o.v. die ekonomiese stelsel van die onderhawige Kgatla. Op besonderhede wat betrekking het op indiwiduele stamme kan hier nie ingegaan word nie maar benewens die werke wat die onderwerp in die algemeen behandel en wat telkens aangehaal word, is verskeie monografieë[1] egter ook nagegaan vir leiding en bevestiging van die algemene tipering.

1. (a) Krige, Eileen J.1950. The Social System of the Zulus pp. 184 - 216.
(b) Hunter, Monica 1936. Reaction to Conquest pp. 65 - 133 (Pondo).
(c) Soga, J.H. 1931. The Ama-Xosa, Life and Customs. pp. 379 - 414.
(d) Junod, H.A. 1927. The life of a South African Tribe Vol. I and II (Tsonga).
(e) Krige, E.J. & J.D. 1943. The Realm of a Rain-queen. pp. 34 - 70 (Lobedu).
(f) Stayt, H.A. 1931. The Bavenda. pp. 20 - 81.
(g) Ashton Hugh, 1952. The Basuto. pp. 120 - 166.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## II. STAM-EKONOMIE VAN DIE BANTOE IN DIE ALGEMEEN.

Die volgende aanhaling[1] wat ons as uitgangspunt kan gebruik verskaf 'n samevattende beeld van waaruit die vroeëre Bantoe-ekonomie bestaan het.

> „In vroeëre tye was elke Bantoe-stam of miskien 'n groep verwante stamme 'n afsonderlike ekonomiese eenheid. Inter-stam-verkeer was tot 'n minimum beperk en elke stam was binne sy eie gebied selfversorgend. So het elke stam 'n bodem gehad waaruit hy 'n bestaan gemaak het en wat hy hardnekkig teen ander stamme verdedig het. Ons het dus soveel stamme met soveel vaderlande gehad en hierdie vaderlande was die bron van hulle bestaan. Hierdie grondgebied was volgens Naturelle-reg stameiendom. Individuele eiendomsreg t.o.v. grond is in die Bantoereg onbekend: grond as sodanig vorm dus nie 'n deel van 'n persoon se kapitale bates nie.... Die ekonomie van die verskillende Bantoestamme was 'n eenvoudige bestaansekonomie. Elke gesin het vir sy eie onderhoud gesorg. Geld was vroeër totaal onbekend en die grondtoon van die Bantoe-ekonomie was koöperatief en nie onderling konkurrerend nie. As sodanig is dit eerder familiaal-sosialisties en nie individualisties-kapitalisties nie. Die winsmotief speel in die suiwer Bantoe-ekonomie geen rol nie. Die strewe na rykdom by die Bantoe is eerder 'n strewe na verbetering van sosiale status as 'n strewe na groter winste. Die lewe was vroeër baie eenvoudig en die geringe behoeftes is maklik bevredig."

In dieselfde artikel word verder aangetoon dat die „geringe behoeftes" bevredig is deur die beoefening van landbou, veeteelt en huisnywerhede en in hierdie produksie het elke gesin 'n afsonderlike produktiewe eenheid uitgemaak. Bure en familiebetrekkinge het mekaar egter dikwels gehelp in die werk. Die produksie het nie alleen berus op die kennis en vaardigheid van die produsente nie maar ook op die uitvoering van rituele en seremoniële handelinge en dit was verder ook afhanklik van die medewerking van die geeste van afgestorwenes en van die Opperwese. Die beoefening van beroepe was beperk tot dié van die toordokter en van die ystersmid. Behalwe hierdie twee tipes beroepspersone is arbeid nie deur die een teen betaling vir 'n ander aangebied nie. Handel is op 'n klein skaal beoefen en het hoofsaaklik uit ruilhandel bestaan. Dit was veral vee en tuisgemaakte artikels wat vir graan verruil is. Die skrywer wys verder daarop dat roofbou toegepas is by die landbou, dat weivelde sonder inagneming van die draagkrag benut is en dat die

---

1. Coertze, P.J. 1950. Ekonomiese Aspekte van die Naturelle-vraagstuk. In : Referate van die Kerklike kongres i/s die Naturelle-vraagstuk. pp. 82 - 83.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stam, wanneer dit weens die verswakking van die bodem nodig geword het, verhuis het na 'n ander gebied. Op grond hiervan kan die Bantoe-ekonomie uit 'n tegniese oogpunt beskou word as 'n trek-ekonomie.

Na aanleiding van bg. samevatting kan ons nou tot die gevolgtrekking kom dat die Bantoe-ekonomie berus het op die volgende kardinale faktore:

(a) Die grond het 'n uiters belangrike rol gespeel en dit is beskou as die gesamentlike besitting van die stam as geheel. As gevolg van oorbeweiding en roofbou moes die stam van tyd tot tyd na 'n ander gebied verhuis.

(b) Elke huisgesin het vir sy eie onderhoud gesorg en daar was op enkele uitsonderinge na geen beroepsprodusente nie.

(c) Die winsmotief het geen rol gespeel nie en daar was geen strewe na rykdom in die westerse sin van die woord nie. Slegs ruilhandel het in 'n geringe mate in die Bantoe-ekonomie voorgekom.

(d) Produksie het hoofsaaklik bestaan uit die beoefening van landbou, veeteelt en huisnywerhede en dit was afhanklik van vakkundige kennis sowel as die towerkuns en die godsdiens.

(e) Beroepe was beperk tot dié van die toordokter en ystersmid.

Verskeie ander werke onderskryf die belangrikheid van bg. faktore in die vroeëre stam-ekonomie. Met betrekking tot die bodem word in 'n verslag van die Native Economic Commission [1] aangevoer dat die belangrikheid van grond as lewe-gewende faktor in die stam-ekonomie nie oordryf kan word nie. Dit was die basis van die hele ekonomiese stelsel. Houghton [2] behandel hierdie faktor breedvoerig en toon aan dat die woongebied groot genoeg moes wees om elke huishouding van voldoende bougrond en weiveld te voorsien. Dit was noodsaaklik vir die voortbestaan van 'n georganiseerde stamlewe wat afhanklik was van 'n ekonomiese stelsel waarin elke huishouding as 'n eenheid selfonderhoudend was. Met betrekking tot grondbesit wys hy daarop dat niemand private

1. Native Economic Commission. 1932. par. 65.

2. Houghton, D.H. 1938. Some Economic Problems of the Bantu in South Africa. pp. 3 - 4.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



grond besit het nie. Die hoofman het aan alle huishoudings grond toegeken na gelang van hul behoeftes maar dit het die eiendom van die stam gebly. Die gedagte om grond onafhanklik van die stam te besit was onbekend. Wat betref weiveld was die gesamentlike besit van grond nog meer duidelik want alle vee kon vry beweeg oor die stamweivelde.

Houghton wys verder daarop dat hoewel die bewerking van grond 'n belangrike rol gespeel het t.o.v. voedselvoorsiening was die landbou-metodes uiters primitief. Die grond is swak en onproduktief bewerk en geen poging tot intensiewe bewerking van die landbouhoewes is aangewend nie; besproeiing was onbekend. Sodra die een stuk land uitgeput was, is 'n nuwe aangelê vir bewerking. Weivelde is ewe onekonomies en onplanmatig benut. Onder eertydse omstandighede het genoemde verkwisting egter nie veel saak gemaak nie want sodra die weivelde en bougrond nie meer kon voorsien in die behoeftes nie, het die stam dit verlaat en hulle in 'n ander ongeskonde gebied gaan vestig.

Schapera[1] beklemtoon ook die belangrikheid van grond. Hy skryf, „the livelihood of the Bantu is intimately bound up with their system of land tenure" en wys daarop dat dit voorsien in bougrond, weivelde en geleentheid vir die beoefening van die jag- en versamelbedryf. Dit verskaf die grondstowwe vir diebeoefening van tuisnywerhede, die materiaal vir die bou van hutte en selfs medisyne (kruie en wortels) vir die behandeling van siektes. Ook die gemeenskaplike besit van grond deur die stam en die administrasie daarvan deur die hoofman word deur hom bevestig. Die stelsel van roofbou en die daarmee gepaardgaande trekgewoonte word deur Schapera onderskryf.

Genoemde begrippe omtrent die besit van grond en die belangrike ekonomiese betekenis daarvan word ook aangehaal deur Richards[2] en die primitiewe metodes van landbou en veeteelt deur haar beskrywe bevestig weereens die verswakking en agteruitgang van die bodem wat dit tot gevolg gehad het. Die belangrike rol wat die grond gespeel het by die voedselproduksie word nietemin ook ontoenseglik bewys deur hierdie skryfster.

Die funksie van die huisgesin as selfonderhoudende ekonomiese eenheid word, sover ons kon vasstel deur alle skrywers, hetsy van monografieë

1. Schapera, I and Goodwin, A.J.H. 1937 „Work and Wealth" in The Bantu-speaking tribes of South Africa pp. 156 en 134.
2. Richards, Audrey I. 1932. Hunger and Work in a Savage Tribe p. 145.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(vgl. p.158) of van studies oor die Bantoe-ekonomie in die algemeen, beklemtoon. Waar Houghton soos hierbo aangehaal, die betekenis van grond behandel kan hy nie nalaat om in verband daarmee die belangrikheid van die huisgesin in die stam-ekonomie te noem nie. Lestrade [1] wys daarop dat die ekonomiese eenheid waarop die stam-ekonomie berus het nie die stam was nie maar die huisgesin of gesinne-groep. Hierdie eenheid, sê hy verder, was so to sê 'n selfonderhoudende entiteit wat instaat was om in byna al sy behoeftes te voorsien uit sy eie bronne. Die gesin het slegs produseer om te voorsien in sy eie behoeftes en nie om te verhandel nie; hoewel daar dus samewerking was, was daar geen konkurrensie nie. Alle lede van die gesin het saamgewerk om te voorsien in die gesamentlike behoeftes en solank daar voedsel was, sou geen lid van die gesin gebrek ly nie. Die selfgenoegsaamheid van die huisgesin word ook deur Schapera [2] beskryf waar hy handel met die verskillende aktiwiteite van die stam. Hy toon aan dat alle werk deur elke huisgesin afsonderlik vir sigself gedoen word. Elke gesin het sy eie bougrond wat deur sy vrouens bewerk word en gewoonlik ook sy eie vee wat deur sy mans en seuns versorg word. Elke man jag en elke vrou versamel eetbare wilde vrugte en plante. Elke huisgesin bou sy eie hutte en vervaardig sy eie klere en ander benodighede.

Dat die produksie hoofsaaklik bestaan het uit die beoefening van die landbou en pastorale bedrywe sowel as tuisnywerhede word ewe-eens deur alle studies oor die ekonomiese lewe van die Suid-Bantoe bevestig. In sy algemene oorsig wy Schapera [3] veral die aandag aan hierdie bedryfsvorme. In haar beskrywing van voedselproduksie by die Suid-Bantoe behandel Richards [4] die landbou en veeteelt as van die vernaamste bedrywe wat aangetref word. Genoemde bedryfsvorme is ook die vernaamste punte van bespreking in 'n tipering van Lestrade.[5] Benewens hierdie skrywers sowel as Coertze wat ons aan die begin aangehaal het, wy elkeen van die monografieë genoem op p.158 uitvoerige aandag

---

1. Lestrade, G.P. 1934. Some Aspects of the Economic life of the South African Bantu. S.A. Journal of Science Vo. 2 p. 426.
2. Schapera, I & Goodwin A.J.H. 1937. Op cit. p. 151.
3. Schapera, I and Goodwin, A.J.H. 1937. Op cit. pp. 131 - 144.
4. Richards, Audrey I. 1932. Op cit. pp. 91 - 97.
5. Lestrade, G.P. 1934. Some Aspects of the Economic life of the S. African Bantu.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan die landbou, veeteelt en tuisnywerhede as die vernaamste aktiwiteite in die ekonomiese lewe van die verskillende stamme deur hulle beskryf.

Dit spreek vanself dat die Bantoe 'n sekere mate van tegniese kennis vir die beoefening van bg. bedrywe moes gehad het hoe gebrekkig en primitief dit ook al mag gewees het. Die tegniese kennis is egter aangevul met sekere godsdienstige gebruike en die towerkuns en die algemene opvatting was dat hierdie faktore net so belangrik was vir die suksesvolle beoefening van die tradisionele bedrywe as wat die reën, die graaf van die saailand, die skoffel, die goeie weivelde ens. was. In hierdie verband skryf Schapera[1]: „An essential element of agricultural technique is the employment of magic, held to be indispensable to the success of every enterprize." Hy wys verder op die reënseremonie wat uitgevoer word by gebrek aan wetenskaplike kennis omtrent metodes van watervoorsiening vir die landbou, die magiese behandeling van die saad en die seremonies met betrekking tot die gebruik van die eerste produkte van die landerye. Coertze[2] wys ook daarop dat die produksie nie alleen berus het op arbeid ooreenkomstig 'n gebrekkige empiriese kennis nie, maar ook op die uitvoering van mago-rituele en -seremoniële handelinge.

By die produksie is geen surplusse beoog nie en die winsmotief of verryking het geen rol gespeel nie. In hierdie verband kan net daarop gewys word dat aangesien elke huisgesin vir eie gebruik produseer het, dit selde nodig was vir die een gesin om gebruik te maak van die surplusse van 'n ander. Schapera[3] stel dit soos volg : „The general self-sufficiency of the household in regard to food, shelter and many other products, the fact that everybody is a herdsman or cultivator, builder or housewife, and the relatively slight developement of specialization in other occupations, are reflected in the marked absence of systematic trade.". Artikels wat vervaardig is het dus weinig kommersiële betekenis gehad. Ook Lestrade[4] wys daarop dat daar geen sentrale

1. Schapera, I and Goodwin A.J.H. 1937. Op cit. p. 136.

2. Coertze, P.J. 1950. Op. cit. p. 83.

3. Schapera I & Goodwin A.J.H. 1937. Op cit. p. 153.

4. Lestrade G.P. 1934. Op cit. p. 440.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plekke was waar enige artikels gereeld bekom kon word nie. Daar was geen marke waar hulle te koop aangebied is nie en geen handelaars wat hulle opgekoop en weer van die hand gesit het nie. Waar daar dus geen handel was nie kon ook geen winste beoog word nie.

Met betrekking tot die handel skryf Houghton[1] dat 'n vername kenmerk van die Bantoe-ekonomie was dat daar geen georganiseerde ruilstelsel was nie, geen produksie vir bemarking nie of die gebruik van geld of soortgelyke betaalmiddel nie. Die naaste wat die Bantoe hieraan gekom het is die seldsame verhandeling van enkele vervaardigde artikels vir voedsel en die gebruik van beeste as ruilmiddel maar wat vir die Europeaan mag voorkom as 'n eenvoudige besigheidstransaksie, het vir die Bantoe belangrike rituele en sosiale betekenis gehad. Die subtiele betekenis van „besigheid" en die ingewikkelde besonderhede omtrent 'n ope mark was lesse wat hulle nog sou moes leer by blanke handelaars en werkgewers. Beeste het wel 'n belangrike rol gespeel in die stamlewe maar die opbouing van rykdom in hierdie vorm was meer terwille van die sosiale status wat hulle aan die eienaar gegee het as om ekonomiese redes.

Dit was slegs die toordokter en die ystersmid wat in die stamekonomie beroepe beoefen het en hulle dienste teen betaling aangebied het. In hierdie verband skryf Coertze[2]: „Die opleiding vir besondere beroepe is in die Bantoe-samelewing baie skaars. Die enigste wat in hierdie verband genoem kan word, is opleiding vir die toordokterberoep, met moontlike insluiting van smidswerk". Die beoefening van hierdie beroepe deur enkele persone word ook deur Hoernle[3] en Schapera[4] gemeld. Dit word geredelik toegegee dat daar by sekere stamme sekere persone kon wees wat hulle spesiaal toegelê het op die vervaardiging van sekere artikels bv. karosse, kleipotte, e.d.m. om vir vee en voedsel te ruil. Hierdie produksie het hulle egter nie monopoleer nie en dit moet aanvaar word dat daar nie altyd 'n geredelike mark vir sodanige ware sou wees nie.

Houghton[5] wys ook daarop dat daar geen seksie van die gemeenskap was wat 'n afsonderlike eiesoortige bestaan gevoer het nie en dus ook nooit

---

1. Houghton D.H. 1938. Op cit. p. 5.
2. Coertze P.J. 1952. Die Opvoeding en Onderwys van die Bantoe in Sabra No. 2. Jaargang 3. p. 16.
3. Hoernle, A.W. 1937. Magic and Medicine in, The Bantu-speaking Tribes of South Africa p. 226.
4. Schapera I, and Goodwin A.J.H. 1937. Op cit. p. 152.
5. Houghton, D.H. 1938 Op. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n werkersklas wat afhanklik was van dienste gelewer aan ander nie. Daar was dus geen beroepsprodusente nie.

III. GEVOLGTREKKING:

Na aanleiding van die samevatting van die Kgatla-ekonomie wat ons aan die begin van hierdie hoofstuk gegee het en die oorsig van die Bantoe-ekonomie in die algemeen, kom ons tot die gevolgtrekking dat die bevindinge van ander persone oor die algemene ekonomiese stelsel wat by die Suid-Afrikaanse Bantoe aangetref is, geskraag word deur die fundamentele beginsels van die oorspronklike Kgatla-ekonomie. Dit is vanselfsprekend dat daar besonderhede is wat van stam tot stam verskil maar in breë trekke is daar 'n treffende ooreenkoms.

Aansluitend by Coertze[1] kan ons dan die vroeëre ekonomiese lewe van die BagaMosêtlha sowel as van die Bantoe in die algemeen soos volg opsom:

Elke stam het sy eie grondgebied (vaderland) gehad waaruit hy 'n bestaan gemaak het. Hierdie gebied was gemeenskaplike eiendom; individuele grondbesit was onbekend.

'n Bestaans- en trekekonomie is beoefen en die lede van 'n stam was koöperatief op 'n gesins-, familie en stambasis. Die stelsel was familiaal en stam-sosialisties. Die strewe na rykdom was eerder 'n strewe na verbetering van sosiale posisie as na 'n opeenhoping van kapitaal en 'n verhoging van diwidende.

Hulle het 'n bestaan gemaak deur die beoefening van primitiewe landbou, veeteelt en huisnywerhede (hout-, vel-, vleg- en kleiwerk). Alleen die smid en die toordokter het 'n beroep beoefen, anders is kennis en arbeid nie verkoop nie.

Elke gesin het as 'n eenheid sy eie kos en ander benodighede produseer en hierin het man, vrou en kinders elk 'n bepaalde taak te verrig gehad. Bure en familielede het mekaar egter onderling gehelp. Produksie het nie alleen berus by die beoefening van arbeid ooreenkomstig empiriese kennis nie maar ook op die uitvoering van mago-rituele en -seremoniële handelinge en op die medewerking van voorvadergeeste en die Opperwese.

1. Coertze, P.J. Ms. Memorandum p. 7.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Handel is op 'n klein skaal beoefen en wel bywyse van ruiling. Goedere het egter dikwels van een persoon na 'n ander oorgegaan, maar meer met die oog op die daarstelling van beter sosiale verhoudinge. Ruilverkeer het 'n veel sterker sosiale as ekonomiese karakter gehad.

Aangesien ons nou die vroeëre ekonomiese posisie van die Baga-Mosêtlha in verband gebring het met die posisie van die Bantoe in die algemeen, sal 'n geskiedkundige oorsig met betrekking tot die veranderde lewensomstandighede wat vir alle Suid-Afrikaanse Bantoe ingetree het in breë trekke ook van toepassing wees op hierdie Bakgatla. Besonderhede wat meer bepaald op hierdie stam betrekking het sal egter sover moontlik ook aangestip word.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# DEEL III

## HOOFSTUK VIII.

### VERANDERING VAN DIE LEWENSOMSTANDIGHEDE VAN DIE BANTOE IN SUID-AFRIKA. 'N GESKIEDKUNDIGE OORSIG.

Kort na 1840 het Blankes die gebied wat later die noordelike provinsies van die Unie van Suid-Afrika sou uitmaak, begin instroom op soek na 'n nuwe en vaste tuiste. Die geskiedenis wou dit dan ook so hê dat daar binne 'n betreklike kort tyd 'n gevestigde blanke bevolking ontstaan het in hierdie gebiede wat voorheen slegs deur verskillende Bantoe-stamme bewoon is. Die blanke inkomelinge het ook die Westerse beskawing meegebring. Kenmerkend van hierdie beskawing was sy progressiwiteit en daar sou spoedig grootskaalse industriële en nywerheidsondernemings ontstaan wat rewolusionêre omwentelinge in die tot-nog-toe onontgonne binneland tot stand sou bring. Die primitiewe lewenswyse van die Bantoe-stamme sou deur hierdie omwentelinge ter-doë geraak word.

Wat die Bantoe in die eerste instansie getref het was die Westerse opvatting van grondbesit wat o.a. tot gevolg sou hê dat hulle voormalige vryheid van beweging aan bande gelê sou word. Omdat die Bantoe-ekonomie berus het op 'n verskuiwingsekonomie, kan goed begryp word dat hierdie, vir hulle onbekende opvatting en die beperkinge wat daarmee gepaard gegaan het 'n radikale wysiging van hulle ekonomiese stelsel tot gevolg sou hê. Tensy die bevolking voortdurend beperk kon word deur oorlog, epidemie of hongersnood sou die stam weens sy groot getalle verplig wees om die grond op meer intensiewe wyse te bewerk en hul veestapel tot 'n groter mate aan te wend vir voedselvoorsiening as wat vroeër die geval was. 'n Gedeelte van die bevolking sou ook genoodsaak wees om hul toevlug te neem tot ander verdienstes soos die beoefening van ambagte, die handel of om as werknemers by andere die nodige te verdien.

Wat betref die ontwikkeling van hul ekonomiese stelsel kan die BagaMosêtlha nie van ander stamme geskei word nie. Die geskiedkundige faktore wat die ontwikkeling van die een stam tot gevolg gehad het is fundamenteel dieselfde as dié wat betrekking het op ander stamme. 'n Oorsig van die aanleidende oorsake van veranderinge t.o.v. die lewensomstandighede van die Bantoe in die algemeen, sal dan ook 'n duidelike beeld gee van die wyse waarop

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



veranderinge met betrekking tot die BagaMosêtlha ingetree het. Die uitwerking wat die veranderde omstandighede meer bepaald op hierdie stam gehad het word egter later volledig behandel.

Benewens ander werke waarna ons algaande verwys, het ons vir hierdie geskiedkundige oorsig veral gebruik gemaak van beskrywings deur De Kiewiet[1] en Houghton[2] waar hulle dieselfde onderwerp behandel en ons vat die besonderhede kortliks saam onder die volgende hoofde :

1. Die Koms van die Blanke en die Stryd om grond.

Met die verskyning van die Blankes uit die suide en sy konflikte met die Bantoe-stamme van Suid-Afrika, het verskillende faktore ingetree wat die vroeëre ekonomiese stelsel van die Bantoe geheel-en-al van gedaante sou laat verander. Hierdie faktore kan ons soos volg opsom :

(a) Die Blanke was op soek na grondgebied wat hy as sy wettige en permanente eiendom wou okkupeer. Sodanige gebied moes bepaalde grense hê wat deur almal erken en gehandhaaf moes word. Hierdie opvatting van permanente woongebied was lynreg in stryd met die tradisionele opvatting t.o.v. grond wat deur die Bantoe gehuldig is. Hulle wou die vryheid hê om na willekeur te okkupeer en te verlaat al na gelang hulle behoeftes dit vereis het. Hierdie twee teenstrydige opvattinge het botsinge meegebring wat vanaf die eerste kafferoorlog in 1779 'n langdurige stryd om die besit van grond tussen blank en swart tot gevolg gehad het.

(b) Die vyandelikhede wat op hierdie wyse ontstaan het, het later sulke afmetings aangeneem dat die stryd nie net terwille van grond gevoer is nie maar ook terwille van persoonlike veiligheid en sekuriteit. Dit het in intensiteit toegeneem en uiteindelik, na 'n lang worsteling van byna 'n eeu is die Bantoe se militêre mag gebreek deur die meer doeltreffende wapens en organisasie van die witman. Op hierdie stadium vind ons dat die Bantoe teruggedryf is na bepaalde goedomskrewe woongebiede, vandag nog bekend as reservate.

1. De Kiewiet, C.W. 1940. The History of South Africa, Social and Economic pp. 56 - 87.

2. Houghton, D.H. 1938. Some Economic Problems of the Bantu.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(c) Met die woongebied afgebaken en beperk en met die tradisionele vryheid van beweging hulle ontneem, kom die Bantoe vir die eerste maal in hul geskiedenis voor 'n probleem van nasionale belang te staan. Hul ekonomiese stelsel was nie aangepas by die nuwe omstandighede waarin hulle verkeer het nie. Hul lewensbestaan was nog nooit tevore afhanklik van beperkte woongebied sonder die moontlikheid van uitbreiding nie. Hierdie beperkte grond kon nie voorsien in hul behoeftes sonder wetenskaplike bewerking daarvan en oordeelkundige beweiding nie. Dat hulle van hierdie vereistes niks verstaan het nie, behoef geen betoog nie.

(d) Die stryd het ook tot gevolg gehad dat die Bantoe as oorwonnenes hulle moes onderwerp aan die gesag en beheer van die oorwinnaars en hierdie gesag sou die oorwinnaars, weliswaar sonder uitbuiting, tot hul eie voordeel gebruik. Hierdie toestand dui daarop dat kontak tussen blank en swart met die beëindiging van die stryd geensins afgeknip is nie. Daar sou inteendeel, voortaan kontak van groter betekenis wees; kontak wat inderdaad ekonomiese integrasie sou meebring.

(e) Die gedagte het ontstaan dat die Bantoe wat voorheen 'n bedreiging was benut kon word as 'n waardevolle bate. Die Blanke het self, as gevolg van die baie grond tot sy beskikking, nie gepoog om sy grond op klein skaal intensief en wetenskaplik te bewerk nie. Vir die groot stukke grond wat bewerk is, was dan veral buitengewoon baie ongeskoolde arbeid nodig. Die naturellereservate, waar dit begin moeilik word het om 'n bestaan te maak kon in hierdie behoefte voorsien. Dis dan ook hier waar die Bantoe 'n rol begin speel het in die ekonomiese lewe van die Blanke en waar 'n wysiging in sy eie ekonomiese stelsel ingetree het.

(f) Hoewel die Bantoe geleidelik opgeneem is in die ekonomiese lewe van die Blanke, het hy sy voormalige woongebied behou en op dié wyse is gewaak teen huishoudelike en sosiale integrasie.

(g) Daar dien op gelet te word dat die Bantoe na die finale beëindiging van die stryd teen die Blanke nie noodwendig minder grond bewoon het as voorheen nie. Al verskil is dat hul nomadiese neigings en voorreg

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om van die hele land gebruik te maak, ingekort is.

2. Samewerking tussen Blanke en Bantoe.

Dit val maklik te begryp dat daar in Suid-Afrika onmiddelik na die bestendiging van vrede tussen swart en swart aan die een kant, en tussen blank en swart aan die ander kant, geen noemenswaardige samewerking was nie. Die Bantoe het probeer om binne die grense van hul afgebakende woongebiede die lewe waaraan hulle gewoond was voort te sit. Die Blanke was op sy betreklik uitgebreide woonplase net op die boerderybedryf aangewese om 'n bestaan te maak. Dit was slegs in die ouere dele van die Kaap Provinsie waar hierdie bedryf op enigsins intensiewe wyse beoefen kon word. Elders was dit nie die geval nie. Die gebrek aan transport en die algehele afwesigheid van marke vir hul produkte het die boere genoodsaak om uit die grond slegs voldoende vir eie gebruik te produseer en origens kuddes groot- en kleinvee daarop na te hou.[1] Die lewe op boereplase het dus grootliks ooreengekom met dié waaraan die Bantoe dwarsdeur hul geskiedenis gewoond was.

Soos reeds aangetoon het baie naturelle as gevolg van hul onvermoë om 'n bestaan te maak onder hulle nuwe gebonde omstandighede, hul stamgronde verlaat en op boereplase gaan woon. Die boere kon hulle vir die harde ongeskoolde arbeid op hulle plase gebruik en het hulle om dié rede verwelkom. In ruil vir hul dienste het sulke naturelle woonplek gekry waarby ingesluit was die nodige bougrond en weiding vir hul vee. Onder spesiale omstandighede is gereelde werkers ook met vee vergoed vir hul dienste. Soos te verstane is, het die naturelle-arbeiders geen besitreg gehad van die grond wat hulle bewoon het nie; die boer had ook geen kontraktuele ooreenkoms met hulle nie en het dus geen sekuriteit vir sy arbeid gehad nie. Die twee groepe het egter mekaar nodig gehad en 'n wederkerige afhanklikheid van mekaar het ontstaan. So is die Bantoe geleidelik opgeneem in die blanke gemeenskap waar hy wel 'n ondergeskikte posisie ingeneem het maar dit het nietemin toenemende samewerking tussen Blank en Swart tot gevolg gehad. Hierdie samewerking sou later van veel groter be-

1. Fouche Leo - 1909. Die Evolutie van die Trekboer p. 9.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tekenis wees as wat aanvanklik ooit vermoed kon word.

3. Vermeerdering van Bantoe onder Vreedsame kondisies:

In die primitiewe bantoe-lewe was daar verskillende faktore wat verantwoordelik was vir die beperking van die getalsterkte van die verskillende stamme wat hul in Suid-Afrika bevind het. Die volgende kan beskou word as die vernaamste van hierdie faktore :-

(a) Gereelde oorloë tussen stamme wat die uitroeiing van groot getalle mans sowel as vrouens en kinders tot gevolg gehad het.

(b) Hongersnood wat van tyd tot tyd voorgekom het as gevolg van die feit dat voorrade nooit opgebou is om te gebruik in tye van onvoorsiene droogtes en gevolglik skrale opbrengste van die lande nie.

(c) 'n Hoë persentasie kindersterfgevalle as gevolg van onkundigheid by bevalling en by gebrek aan wetenskaplike kennis van moederkunde en kindersorg.

(d) Siektes en epidemies waarteen die primitiewe Bantoe magteloos gestaan het by gebrek aan wetenskaplike kennis vir die bestryding daarvan.

Die eerste twee faktore hierbo genoem is feitlik onmiddelik na die witman hom in die Suid-Afrikaanse binneland kom vestig het, uitgeskakel. Met die koms van die Blanke en die beheer wat hy oor die oorwonne Bantoe uitgeoefen het is lg. se oorlogsugtigheid aan bande gelê met die gevolg dat die periodieke slagtings wat die vermeerdering van die bevolking enigsins in toom gehou het, nie langer hul rol gespeel het nie. Hoewel daar seerseker nog veel ondervoeding voorgekom het, het die blanke regering, sowel as indiwiduele blanke boere ingegryp en hulp verleen wanneer die naturellebevolking in hongersnood verkeer het. Later sou mediese dienste en algemene voorligting met betrekking tot kindersorg en gesondheid in die algemeen, ook die geweld van lg. twee faktore aansienlik verminder.

Die uitskakeling van hierdie beperkingsfaktore moes noodwendig 'n gestadige toename in die getalsterkte van die naturelle-bevolking tot gevolg hê. Daar bestaan ongelukkig geen syfers wat hierdie toename oor die hele tydperk sedert blanke besetting aantoon nie. Uit die bevolkingsensus-syfers van 1921 en 1936 blyk egter dat die totale toename van die Naturelle-bevolking in

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Unie in die 15 jaar tussen daardie jaartalle met 2.3% aangegroei het [1] en tussen 1936 en 1946 met 3.5%. [2] Hierdie syfers toon 'n progressiewe aanwas en dit kan met 'n taamlike mate van sekerheid konstateer word dat die getalle onder primitiewe toestande soms verminder het of vir lang tye min of meer konstant gebly het.

4. Implikasies van die nuwe Toestand wat geskep is:

Uit die voorafgaande oorsig blyk nou duidelik dat 'n toestand ontstaan het wat vroeër of later vir die landsregering 'n probleem sou word en wat op die een of ander manier opgelos sou moes word. 'n Naturelle-bevolking wat in getalle toeneem moet 'n bestaan maak in 'n afgebakende woongebied wat selfs toe die getalle kleiner was ontoereikend was en nie in die behoeftes kon voorsien tensy daar vryheid vir gereelde volksverhuisings was nie. Dit was ook nie net die toename in bevolking en die beperkte grondgebied wat die omvang van die probleem sou bepaal nie. As gevolg van kontak met die westerse beskawing wat sig oor die land versprei het, het 'n geleidelike en onvermydelike proses van akkulturasie ingetree. Nuwe behoeftes het stadig maar seker ontstaan, die lewe het gaandeweg hoër eise gestel en dit was duidelik dat die lewensomstandighede van die Bantoe aangepas sou moes word by die nuwe lewenseise. Soos reeds aangetoon het baie hul toevlug tot blanke boereplase geneem. Dit kon en wou die oorgrote meerderheid egter nie doen nie. Daar sou moes gedink word aan aanmerklike uitbreiding en ontwikkeling van die naturelle-gebiede, aan intensiewe bewerking van die grond, aan verbetering van die veestapel en desnoods aan die industrialisering van die reservate.

Voor die probleem egter te aktueel geword het, het daar tydelike verligting gekom as gevolg van die geweldige vraag na arbeid deur die ontstaan van die mynbedryf en ander Suid-Afrikaanse nywerhede. Hierdie verposing het die owerheid geleentheid gegee om tydsaam en met oorleg die meergenoemde probleem aan te pak.

5. Die Opkoms van Industrieë en Nywerhede.[3]

Tot ongeveer 1870 was boerdery feitlik die enigste noemenswaardige bedryf wat in Suid-Afrika beoefen is hoewel daar feitlik geen binnelandse mark

1. Sosiale en Ekonomiese Beplanneraad. 1946. Verslag No. 9. p. 10.
2. Informasie van die Kantoor vir Sensus en Statistiek, Pretoria.
3. Vgl. Van der Horst, Sheila T. 1941. Native Labour in South Africa pp. 66-153.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir boerderyprodukte was nie. So 'n mark ontstaan alleen wanneer daar 'n industriële bevolking is wat afhanklik is van die omliggende landelike bevolking vir die voorsiening van sy voedsel.[1] By gebrek aan transport en bemarkingsmoontlikhede was daar dus geen aansporing tot vooruitgang nie.

Met die ontdekking van die eerste diamant aan die Oranjerivier in 1867 het 'n industriële rewolusie in Suid-Afrika begin wat verrykende repurkussies sou hê. Die boerdery en die blanke sowel as die naturellebevolking sou hul self moes aanpas by geheel nuwe kondisies. Voorsiening sou gemaak moes word vir nuwe behoeftes van algemene sowel as persoonlike belang.

Teen 1870 was die ontginning van die waardevolle aluwiale diamantvelde van Barkley-Wes in volle swang. In dieselfde jaar is ook die Jagersfontein en Kimberleyse diamantmyne geopen. Binne afsienbare tyd was daar te Kimberley 'n bevolking van 50,000 mense wat die eerste nie-boerende groep mense van Suid-Afrika uitgemaak het.[2] Kort na die ontdekking van diamante is ook goud ontdek op die Witwatersrand in 1885. Die groot stad van Johannesburg het feitlik oornag tot stand gekom en die bestaan van industriële bevolkingsgroepe in stedelike gebiede was 'n voldonge feit.

Die ontdekking van minerale en die ontwikkeling van die mynbedryf het blank en nie-blank by hul duisende na die mynsentra getrek. Die mynbedryf het ook ander industriële ontwikkeling tot gevolg gehad bv. die ontginning van steenkool-neerslae, die ontwikkeling van transport (spoorweë) en nywerhede ondergeskik aan die mynbedryf.

Die industriële ontwikkeling het weer tot gevolg gehad die ontstaan van sekondêre nywerhede wat veral sedert 1914 (gestimuleer deur die 1ste Wêreld-oorlog) tot stand gekom het in die vorm van 'n groot aantal fabriserende ondernemings om te voorsien in die toenemende behoeftes van die industriële bevolking.

Die groei van die stedelike gebiede en die daarmee gepaardgaande behoeftes t.o.v. voedsel het verder 'n rewolusie op die gebied van die boerdery tot gevolg gehad. Die boer moes nou nie slegs in sy eie behoeftes voorsien nie maar hy moes produseer vir 'n voorheen ongekende stedelike bevolking. Met

---

1. Houghton, D.H. 1938. Some Economic Problems of the Bantu p. 9.

2. De Kock M.H. 1924. Economic History of South Africa. p. 257.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die toename van die bevolking het die plase ook kleiner geword en afgesien van verhoogde produksie was die boere ook genoodsaak om die beskikbare grond op meer intensiewe wyse te benut.

6. Die Vraag na Arbeid:

Die mynbedryf het 'n byna onversadelike vraag na arbeid gehad en 'n groot heterogene arbeidsmag het ontstaan. Teen 1904 het hierdie arbeidsmag o.a. bestaan uit werktuigkundiges, prospekteerders en fortuinsoekers van verskillende volkere in Europa, 10,000 Indiërs, 40,000 Sjinese en duisende naturelle van byna elke moontlike stam suid van die Zambesie.[1]

Dit was egter nie net die mynbedryf self wat die vraag na arbeid en in die besonder na naturellearbeid bepaal het nie. Die ander ontwikkelinge wat daarmee gepaard gegaan het was ook verantwoordelik vir die indiensneming van groot getalle Bantoe en die volgende kan beskou word as die vernaamste sfere waarin die Bantoe as ongeskoolde arbeiders opgeneem is:[2]

(a) Die mynbedryf wat die oorgrote meerderheid naturellearbeiders, veral uit verafgeleë reservate in diens neem.

(b) Fabrieke, wat soos reeds aangetoon in die groot nywerheidsentra tot stand gekom het.

(c) Munisipaliteite van die groot stede sowel as van die landelike dorpe.

(d) Die Handel, - as handlangers in winkels en store asook by afleweringsdienste.

(e) Die Spoorweë wat steeds 'n groot aantal ongeskoolde naturelle-arbeiders nodig het.

(f) Die Boerdery-bedryf wat onder nuwe omstandighede werkers op 'n streng besigheidsbasis in diens neem. Kontantlone vervang in toenemende mate die ou vergoeding in die vorm van woonplek, bougrond en weiding.

---

1. Transvaal Sensus, 1904.

2. (i) Schapera, I 1947. Migrant Labour and Tribal Life p. 49.
 (ii) Skrywer se eie waarnemings en ondersoek.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(g) Huishoudelike dienste waaronder gereken word werk in private wonings, hotelle, woonstel- en kantoorgeboue.

(h) Die Algemene sake-wêreld as kantoorjongens en bodes.

7. Verwelkoming van hierdie geleenthede deur die Bantoe:

Soos meermale aangetoon kon die Bantoe selfs voor die ontstaan van industrieë beswaarlik as boere 'n bestaan maak in die nuwe gebiede waarop hulle met die nuwe bedeling aangewese was en moes hulle hul toevlug neem tot blanke boereplase. As gevolg van hul kontak met die westerse beskawing op boereplase, by bearbeiding deur sendelinge, die invloed van handelaars en nog ander faktore het hul lewensbehoeftes ook toegeneem.[1] Hierby kom ook die gebruik van geld en nuwe verpligtinge soos belastings e.d.m. waarvoor kontant nodig is. Dit val dus maklik te begryp dat die Bantoe die geleentheid om geld te gaan verdien verwelkom het. Reeds van die eerste geleenthede by Kimberley het naturelle uit byna alle stamme gebruik gemaak om die nuwe veelgesogte betaalmiddel te bekom. Dit het geblyk uit navrae wat skrywer by 8 verskillende Transvaalse stamme gedoen het.

Die redes vir die verwelkoming van hierdie geleenthede is vry algemeen en dit is taamlik seker dat die beweegredes versamel deur Schapera[2] by 'n studie van trekarbeid onder die Tswana-stamme van toepassing sal wees op die meeste ander stamme. Hy het gevind dat die verdien van geld om te voorsien in verskillende behoeftes die vernaamste dryfveer is wanneer besluit word om uit te gaan om te werk. Ondergeskik hieraan word die drang na avontuur, die aantreklikhede van die stedelike lewe en die teësin vir die eentonige stamlewe ook as redes genoem.

8. Tipe Arbeiders in Blanke Stede.

Dit spreek vanself dat die groot getalle werkers wat weens die snelle ontwikkeling van industrieë en nywerhede benodig word, nie almal in die onmiddelike omgewing van hierdie bedrywe gewerf kan word nie. Die meeste moet getrek word uit verafgeleë reservate en ander gebiede van waar die arbeidsveld nie daagliks bereik kan word nie. Dit is ook nie moontlik om hierdie arbeiders

1. Besonderhede i.v.m. hierdie behoeftes sal onder verskillende hoofde in verskillende hoofstukke behandel word.

2. Schapera I. 1947. Migrant Labour and Tribal Life. pp. 115-152.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



by hulle tuistes te ontwortel en na 'n nuwe permanente tuiste in die omgewing van die nywerheidsentra te laat verhuis nie. Die implikasies van so 'n skema is voor die handliggend. Die enigste wyse waarop die beskikbare arbeid benut kan word is dat werkers hul bestaande tuistes behou en met tussenposes as tydelike arbeiders gaan werk. Dit is as gevolg van hierdie stelsel van tydelike arbeid dat die sg. trekarbeiders ontstaan het. 'n Trekarbeider[1] in die ware sin van die woord is dan 'n arbeider wat as gevolg van die lang afstand tussen sy tuiste en die arbeidsveld, genoodsaak is om huis en haard vir 'n geruime tyd - gewoonlik vir 6-9 maande, - te verlaat om te gaan werk. Na hierdie tyd verstreke is gaan hy weer huis toe waar hy vir 'n onbepaalde tyd vertoef om op geleë tyd weer tydelik terug te gaan werk toe. Die tydperk wat 'n trekarbeider tuis deurbring alvorens hy terugkeer na die werk kan nie beskou word as verlof nie. Sy dienste word telkens wanneer hy sy werk onderbreek formeel beëindig en wanneer hy toevallig besluit om weer te gaan werk moet hy gewoonlik opnuut gewerf word om as arbeider in diens geneem te word. Hy kan hom natuurlik self gaan aanmeld by die rekruteerders.

Naas die trekarbeiders vind ons arbeiders wat betreklik na aan die arbeidsveld woon maar nie so naby dat hulle daagliks heen en weer werk toe kan gaan nie. Hulle is nietemin in 'n posisie om gedurende naweke hul tuistes te besoek en om hul jaarlikse verlof daar deur te bring. Aangesien hulle dus al werkende instaat is om hulle belange tuis te behartig is hulle nie genoodsaak om hulle werk na 'n aantal maande te onderbreek ten einde weer 'n tydlank tuis deur te bring nie. Hierdie tipe stam-naturel wat deur blanke ondernemings in diens geneem word, moet beskou word as 'n permanente werknemer wat, hoewel hy nie sy werk daagliks van die huis af kan bereik nie, geensins sy familie verlaat om vir 'n geruime tyd onafgebroke elders te gaan woon nie. Hy is dus nie 'n trekarbeider nie. In welke kategorie die BagaMosêtlha val sal later duidelik word.

Of hul nou ook al trekarbeiders of permanente arbeiders is met behoud van woonplek en stamverband, die feit bly dat groot getalle naturelle, komende van reservate en behorende tot verskillende stamme, hulself aanbied op die arbeidsmark van die blanke nywerheidsentra. Dit bring mee dat die Bantoe

---

1. Eie definisie op grond van samesprekings met beamptes van die N.R.C. (Native Recruiting Corporation).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat vroeër hoofsaaklik op 'n pastorale- en landboubedryf, aangevul deur 'n versamelbedryf aangewese was om 'n bestaan, nou uitgaan om ander bykomstige lewensmiddele te gaan verdien. Dit moet dan herhaal word dat hierdie nuwe wending 'n wesenlike verandering tot stand gebring het in die sosiale en ekonomiese lewe van byna alle Bantoe-stamme.

9. Uitwerking van die verwikkelinge en nuwe omstandighede op die Bakgatla bagaMosêtlha.

Die BagaMosêtlha is een van die Suid-Afrikaanse Bantoe-stamme wat weens die geografiese ligging van hulle woongebied meer as die meeste ander stamme blootgestel was aan die nuwe lewensomstandighede wat met die koms van die witman en die westerse beskawing meegebring is. Die Voortrekkers het hierdie stam in die sentrale gedeelte van Transvaal, waar hulle vandag nog woon aangetref. Dit is ook in die omgewing van die sentrale gedeelte van hierdie provinsie waar binne afsienbare tyd die digste blanke bevolking sou wees. Dit is hier waar die nuwe lot van veral die Transvaalse Bantoe-stamme beslis sou word en waar die mynbedryf en die nywerhede 'n vraag na arbeid sou skep. In die onmiddelike omgewing van hierdie bedrywighede het die BagaMosêtlha hulle 'n eeu gelede bevind en woon hulle vandag nog. Dit val maklik te begryp dat die besonderhede tot dusver beskryf, veral op die BagaMosêtlha van toepassing sal wees.

Die posisie van hierdie spesifieke stam kan verder soos volg saamgevat word.

(a) <u>Woongebied:</u> Soos reeds in Hoofstuk II aangetoon, het die BagaMosêtlha met die aankoms van die eerste Blankes in Transvaal die gebied bewoon wat vandag bekend is as die plaas Goedgewaagd 465 in die distrik van Pretoria. Aanvanklik het hulle uit vrees vir die Blankes op die vlug geslaan maar na heelwat rondswerwery het hulle hul weer kom vestig waar hulle oorspronklik aangetref is.

Nog voor die Transvaalse gebied behoorlik opgemeet is, is die beginsel van naturelle-reserwes op kroongronde vir bewoning deur naturelle deur die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek ingestel. In 1853 is 'n kommissie bestaande uit Pres. M.W. Pretorius, Kom. Gen. P.J. Potgieter en Kom. Jacobs aangestel wat die grense van die woongebiede van

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verskillende stamme moes bepaal. Hierdie kommissie het van tyd tot tyd verslag gedoen en in dieselfde jaar het die Volksraad besluit dat naturelle-stamme hul aangewese grondgebied kon bewoon op voorwaarde dat hulle die grond „oppas" en dat hulle hul „gehoorsaam sal gedra." Die grond bly dus 'n „leningplaats" wat kan verval indien die voorgeskrewe voorwaardes nie nagekom word nie. Die volgende woorde vervat in die besluit stel die hele aangeleentheid duidelik: „de voorwaarden of huurprys zoude kunnen bestaan in de woorden: goed oppassen en gehoorzaamheid."[1]

Die Republiek het geen gronde van naturelle-stamme onteien nie. Die grenslyne was behoorlik deur middel van bakens, rivierlope, bergkettings en ander merktekens bepaal.[2] Later, na die opmeting van alle gronde gedoen is kon die grense duideliker omskrywe word.

Op dié wyse het die BagaMosêtlha ook hul woongebied behou. Dit was in die omgewing van Goedgewaagd 465 en dit kan nie met sekerheid gesê word hoeveel morg die grond oorspronklik beslaan het nie. Hierdie gebied was slegs sowat 45 myl van die Republikeinse hoofstad, Pretoria, geleë. Van tyd tot tyd is die woongebied soos in Hoofstuk II uiteengesit, vergroot.

(b) Bestaansmoontlikhede op die afgebakende gebied.

Vir 'n tyd lank sou die BagaMosêtlha instaat wees om op tradisionele wyse 'n lewensbestaan te maak op die grond wat hulle voortaan, onderhewig aan genoemde voorwaardes, as hulle eie kon beskou en wat hulle nie weer deur vyandelike stamme sou kon ontneem word nie. Die tradisionele wyse van bestaan was egter nie daarop bereken dat dieselfde grond vir altyd moes voorsien in die nodige nie. Dit is slegs benut en nie verbeter nie; wat dit kon lewer is daaruit geneem en niks is daarin teruggesit nie. Dit het geword soos 'n myn wat hoe langer hoe minder delfstowwe opgelewer het. Geleentheid om 'n ander „kleim af te steek" was daar nie.

Intussen het die draers van die westerse beskawing ook na die stamgebied gekom en hul invloed geleidelik laat geld. Die vernaamste

---

1. Van Biljon, P. 1947. Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika pp. 328-329.
2. Van Biljon, P. 1947. Op cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hiervan was die volgende:

(i) Die administrasie van die blanke regering het bywyse van indirekte bestuur begin met die daarstelling van die eerste grondwet van die „Zuid Afrikaansche Republiek" in 1844.[1] Aanvanklik het die beheer wat deur blanke owerhede uitgeoefen is begryplikerwys nie ingrypende veranderinge in die lewensomstandighede van die stam tot gevolg gehad nie. Met verloop van tyd het dit egter in toenemende mate 'n invloed uitgeoefen wat wesenlike wysigings in die stamlewe tot stand gebring het.

(ii) Die Christelike Sending en die daarmee gepaardgaande kerkskool het reeds byna 'n eeu gelede na die stam gekom. Die Hermanusburgse sending het hul werk onder die BagaMosêtlha in 1867 begin toe Eerw. Chr. Backeberg die eerste sendingstasie in die omgewing van die huidige hoofstat aangelê het (vgl. p. 19). Gelyktydig hiermee is die eerste kerkskool ook geopen waar bekeerlinge aanvanklik hoofsaaklik sou leer om die Bybel te lees. Die radikale verandering wat die Christelike leer in die godsdienstige en maatskaplike lewe van die stam tot gevolg sou hê val maklik te begryp en word bevestig deur die feit dat daar vandag, soos by ondersoek geblyk het, haas geen lid van die stam is wat nie aan die een of ander Christelike kerk behoort nie. Dit is veral die Metodiste Kerk wat in latere tye ook met sendingwerk begin het in die stamgebied. Daar bestaan vandag ook verskeie sekte-kerke wat elk 'n aantal aanhangers het.

(iii) Handelaars met hul ware van Europese fabrikaat het kort op die hakke van die eerste sendelinge gevolg. Daar bestaan 'n mate van onsekerheid omtrent die juiste tydstip toe die eerste winkel geopen is maar volgens die gebrekkige informasie tot ons beskikking wil dit voorkom of dit teen ongeveer 1880 was. Daar is vandag 9 winkels waarvan die eienaars almal blankes is, versprei oor die stamgebied. Die handel het klere, huishoudelike artikels, landbougereedskap, boumateriaal en talle ander artikels van die westerse beskawing te koop aangebied en van die geleentheid om dit te be-

1. Van Biljon, P. 1947. Grensbakens tussen Blank en Swart in S.A. p. 324.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kom het die stam gretiglik gebruik gemaak. Aanvanklik was dit hoofsaaklik ruilhandel en landbouprodukte en vee is verkwansel vir die aangebode ware. Later, namate die stam onder die blankes meer kontant verdien het, het die ruilhandelstelsel geleidelik afgeneem. Met die koms van die blanke handelaar is die tradisionele tuisnywerhede bedreig en het dit weliswaar ook tot so 'n mate verval dat dit, soos later sal blyk vandag 'n niksbeduidende rol speel in die stamekonomie. Die kleredrag het verander en so ook die woonwyse, die landboumetodes en tot 'n mindere mate ook die diëet van die stam.

(iv) Arbeiders onder blankes in die stede en op boereplase het ook veel bygedra tot die veranderinge wat ingetree het. Soos reeds gemeld, het die eerste arbeiders reeds kort na die ontdekking van diamante in 1867, na Kimberley gegaan om te werk. Dit was veral met die oog op verkryging van gewere (meegedeel) maar die intieme aanraking met die blanke en die westerse lewenswyse en werkmetodes moes die werkers noodwendig europees oriënteer en met hierdie oriëntering het hulle na die stamgebied teruggegaan om hul bydrae te lewer tot die verandering van die tradisionele lewenspatroon. Na die ontdekking van goud in 1885 en die ontstaan van die nywerheidsentra in die nabyheid van die stamgebied het hierdie faktor nog meer radikaal geword.

Hierdie agente van die westerse beskawing het stadig maar seker hul stempel op die BagaMosêtlha afgedruk en het ongekende materiële eise begin stel. Europese klere, komberse, werktuie, huisuitrusting, boeke, voedsel en talryke ander ware waarvoor daar voorheen geen behoefte was nie is geleidelik aanvaar as lewensnoodsaaklikhede en moes bekom word.

As die opbrengs van die bodem nog sou kon voorsien in die behoeftes voor akkulturasie ingetree het, kon dit sonder verbetering van boerderymetodes geensins oplewer wat deur die nuwe omstandighede vereis word nie. Leiding in die wetenskaplike benadering van die boerdery met die oog op verhoogde produksie kon die stam in die begin om voor die handliggende redes nie verkry nie. Afgesien van die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



feit dat die Blanke owerheid dit aanvanklik nie as sy plig beskou het om sodanige leiding en hulp te gee nie, het eie belange en die ontwikkeling van die land in die algemeen, soveel tyd, werk en fondse geëis dat dit prakties onmoontlik sou wees om ook nog die verantwoordelikheid vir die ekonomiese ontwikkeling van die naturelle-gebiede by te haal. Later toe dit wel moontlik geword het om aandag aan hierdie aangeleenthede te gee sou ook nog ondervind word met hoeveel teëkanting en onwilligheid die regering te kampe sou hê aan die kant van die Bantoe. In die pogings om opheffingswerk te doen sou geduld en vasberadenheid 'n baie vername rol speel.

Die feit bly egter staan dat die BagaMosêtlha uit hul stamgrond nie meer alles kon haal wat hulle nodig gehad het nie. Hulle was dus soos die meeste ander stamme genoodsaak om hulle te wend tot boereplase, dorpe en die arbeidsvelde van die industriële gebiede vir bykomstige verdienstes. Van hierdie geleenthede het hulle soos later sal blyk, ruim gebruik gemaak.

(c) Posisie van die Woongebied t.o.v. die Arbeidsveld.

Die BagaMosêtlha was in die gunstige posisie dat die groot stede waar die vraag na arbeid ontstaan het betreklik naby hul stamgebied ontstaan het. Soos reeds aangetoon, is hul hoofkwartier slegs 45 myl van Pretoria en ongeveer 80 myl van die Randse goudvelde geleë. In moderne tye met vinnige en gereelde vervoer is hierdie afstande byna niksbeduidend en moet aanvaar word dat die onderhawige Bakgatla binne gerieflike afstand van die arbeidsvelde is. Soos later sal blyk, het hierdie faktor dan ook 'n besondere uitwerking gehad op die arbeidsgebruike van die BagaMosêtlha. Hierdie voorreg deel hulle met enkele ander stamme van die sentrale gedeelte van Transvaal.[1] As gevolg van hul geografiese posisie is hul dan ook baie bevoorreg bo stamme van die verre Wes-, Noord- en Oos-Transvaal om nie te praat van stamme in ander Provinsies en in die

1. (a) Die Bahwaduba van Zwartbooistat - 42 myl van Pretoria.
(b) Die Ndebele van Kekana (Hammanskraal) - 32 myl van Pretoria.
(c) Die Bakwêna ba Mogôpa van Hebron. - 23 myl van Pretoria.
(d) Die Bakgatla ba Mmakau van De Wildt - 30 myl van Pretoria.
(e) Die Bakgatla ba Motšha van Schildpadfontein - 60 myl van Pretoria.
(f) Die Bekwêna van Mamogalieskraal - 50 myl van Pretoria

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



protektorate nie.

Benewens die stedelike gebiede wat so gerieflik binne hulle bereik is, is die BagaMosêtlha ook in die onmiddelike nabyheid van talle boereplase waarheen hulle kan gaan om te werk as hulle dit verkies. Dit is 'n algemene gebruik dat jong seuns - wat eintlik nog te jonk is om na die stede te gaan - op boereplase gaan „jaar". Volgens hierdie gebruik gaan die jongman vir 'n jaar lank op 'n plaas werk vir 'n vers.[1] Dit gebeur egter selde of ooit dat 'n seun van die plaaswerk 'n lewenstaak maak en hulle verlaat die plaas so spoedig moontlik om in die stede ander verdienste te gaan soek. Voor die industriële ontwikkeling in Transvaal het enkele mans van die stam reeds na Kimberley gestap om in die diamantmyne te gaan werk.[2] Vandag gebeur dit glad nie meer nie.

Aangesien Pretoria en Johannesburg dan so gerieflik geleë is vir die BagaMosêtlha maak hulle feitlik uitsluitlik gebruik van die geleenthede wat hierdie stede aanbied,[3] en dis hier waar die meeste werkers uit die stam aangetref word.

---

1. Vandag word in die meeste gevalle vir kontant gewerk.
2. Meegedeel deur die kaptein en andere.
3. Meegedeel deur die kaptein en raadslede.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK IX.

## STEDELIKE ARBEIDERS EN HUL VERDIENSTES.

### 1. Arbeiders en behoud van Stamverband.

In die Transvaalse groot stede en veral in Pretoria, word heelwat Kgatla-gesinne afkomstig van Mosêtlha aangetref. Hierdie gesinne het die stamgebied vir goed verlaat en hulle permanent in die stad gaan vestig. Hulle moet egter klassifiseer word as ontstamdes en kan slegs op hulle Kgatla-afkoms roem. Hulle erken nie meer die gesag van die hoofman nie, geniet niks van die voorregte in die stamgebied bv. t.o.v. bougrond en weiveld nie en dra ook nie by wanneer die stam as geheel iets onderneem nie. Die meeste van hierdie gesinne het die stam reeds baie lank gelede verlaat. Gedurende die bewind van die huidige hoofman - 'n tydperk van 25 jaar - het nie meer as tien gesinne die stamgebied met huis en haard verlaat om hulle elders te gaan vestig nie.[1]

Die oorgrote meerderheid van arbeiders uit hierdie stam wat in stedelike gebiede aangetref word behou hulle tuistes met alles wat daarmee in verband staan bv. hul gesinne, vee en ander besittings, in die stamgebied. Hulle kan ook nie beskou word as trekarbeiders nie want hulle werk permanent en sal hulle dienste slegs onderbreek weens siekte of ander ernstige oorwegings. Hulle besoek hulle gesinne of ouers gereeld al na gelang dit vir hulle deur hulle werkgewers moontlik gemaak word. Die meeste bring alle lang naweke, benewens hulle jaarlikse verlof van 14 dae tuis deur. Andere, wat dit kan bekostig gaan eenmaal per maand vir 'n naweek, sommige elke twee weke en andere selfs weekliks. Behalwe sy gereelde besoeke gaan 'n arbeider telkens huis toe as daar iets is wat sy persoonlike aandag nodig het en waarvoor hy deur sy gesin ontbied word.[2]

Daar is 'n daaglikse treindiens tussen Pretoria en Hammanskraal, die naaste spoorwegstasie aan die gebied, en van die stasie verderaan, is daar 'n daaglikse spoorwegbusdiens - heen en terug. 'n Derde klas naweek-ekskursie kaartjie vir die heen en weer reis (trein en bus) kos 12/8 en by ondersoek het geblyk dat 'n arbeider hierdie bedrag geredelik spandeer om tuis be-

1. Volgens rekords gehou deur die kaptein.
2. Vasgestel by ondersoek.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



soek af te lê as hy 'n Saterdag of Maandag kan afkry ter verlenging van die naweek.

Elke getroude arbeider[1] uit die stamgebied het gevestigde belange tuis. Die feit dat hy afwesig is beteken geensins dat sy voorreg om 'n boerdery daarop na die hou hom ontneem word nie. Net soos diegene wat agterbly ontvang hy sy regmatige deel bougrond en mag hy 'n tot dusver onbeperkte aantal klein- en grootvee aanhou. Dit is veral sy vrou wat 'n man se belange tuis behartig. Met behulp van die kinders of ander familiebetrekkinge versorg sy die vee en waak oor die landerye. Sy laat die lande deur haar seuns ploeg en saai of indien haar man miskien self nie die nodige trekgoed het nie sal die man die nodige voorsien om die arbeid te huur. Daar is dus vir elke Mokgatla van Mosêtlha geleentheid om kontant te verdien en bowendien 'n inkomste uit sy boerdery te hê.[2]

Die feit dat die Mokgatla in die stad werk is hoofsaaklik om kontant te verdien en geensins omdat hy van die stadslewe hou nie. Van 100 arbeiders in Pretoria wat oor hierdie punt ondervra is, was daar slegs een jong man wat gesê het dis vir hom aangenamer in die stad omdat die lewe in die reservaat te eentonig is. Die ander het sonder om te aarsel en onomwonde verklaar dat hulle die stamlewe bo die stadslewe verkies. Die getroude mans het almal verklaar dat hulle nooit daaraan sal dink om hul gesinne na die stad te bring en hul hier te vestig nie. Die mees algemene redes vir hierdie houding kan in die volgende punte saamgevat word:

(i) Die geleentheid om die kontantverdienste met die opbrengs van 'n boerdery aan te vul.

(ii) Die sentimentele waarde wat aan die stamgebied geheg word en elkeen se indiwiduele bydrae tot sy uitbreiding en ontwikkeling.

(iii) Die goedkoop lewe in die reservaat in teenstelling met die hoë lewenskoste in die stad.

(iv) Die gevaar waaraan stadsbewoners voortdurend blootgestel is as gevolg van die aktiwiteite van boewe e.d.m.

(v) Die ongewenste toestande waaronder die kinders moet groot word.

---

1. 'n Ongetroude man mag wel vee besit wat deurgaan as behorende tot sy vader of oom maar hy kry geen bougrond nie.

2. Besonderhede oor die inkomstes uit boerdery word in Hoofstukke 12 & 13 aangedui.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(vi) Die gedrang en beknopheid in naturelle-woonbuurtes (en ander dergelyke redes).

(vii) Die gejaagdheid en rumoer.

My informante is almal van mening dat dit vir hulle kinders beter is om tuis sonder vaderlike beheer en tug groot te word as in die stede waar hulle wel onder toesig van die vader kan wees, - dit is ook 'n argument wat nie sonder grond aangevoer word nie. Een van die vernaamste redes waarom niemand tot die stadslewe aangetrokke voel nie is egter omdat vir elke kleinigheid moet betaal word; nie die geringste behoefte kan bevredig word sonder geld nie. Een proefpersoon het op die vraag waarom hy nie sy gesin na die stad bring nie sonder nadenke en heel naïef geantwoord: „Moet jy dan nie in die stad elke maand huurgeld vir jou woonplek betaal nie? - Waar sal die huurgeld vandaan kom as ek vir een of twee maande siek is?"

Aanvanklik was daar seerseker Bakgatla wat om verstaanbare redes gemeen het dat dit vir 'n man die beste is om huis en haard naby sy werk te hê sodat hy elke aand tuis kan wees en wat om dié rede die stamgebied vir goed verlaat het en hul kontakte verbreek het. Die nadelige gevolge van so 'n stap kon hul begryplikerwys nie vooruitsien nie. Skynbaar het andere in die lig van hul voorgangers se ervaring tot die gevolgtrekking gekom dat verbreking van hulle konneksies met die stam nie die voordeligste gedragslyn sou wees nie. Gedurende die afgelope 3 dekades of langer het daar beslis 'n neiging ontstaan om die meeste waarde aan die stamgebied te heg en dit in ere te hou ten spyte van enige ongerief wat die man moet ondervind deurdat hy nie elke aand tuis kan wees nie. Samevattend kan die besondere waarde wat die BagaMosêtlha aan hul stamverband heg aan die volgende toegeskryf word:

(i) Die onaantreklikheid van die stadslewe vir redes reeds genoem.

(ii) Die betreklike kort afstand van die stamgebied na die werksplek, die goeie vervoerfasiliteite na die woongebied en die geringe koste verbonde aan die reis.

(iii) Die liefde vir die geboortegrond as toevlugsoord en die vrye lewe wat dit vir elke Mokgatla verseker.

(iv) Die geleentheid om in die reservaat veilige beleggings te maak in die vorm van 'n woonhuis, landbougereedskap, vee ens. vir die oudag soos sal blyk in die hoofstukke wat volg.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is dus duidelik dat Mosêtlha beskou kan word as 'n landelike woongebied vir 'n groot aantal stedelike arbeiders, 'n sg. lokasie waar werkers onder gunstige omstandighede hulle tuistes het - net 'n bietjie te ver om elke aand tuis te wees. Met verdere ontwikkeling van vervoer kan dit in die toekoms selfs moontlik wees om werkers daagliks heen en weer te neem. Alle werkers wat deur my ondervra is, is vasberade om op geleë tyd (wanneer hul dit kan bekostig) die stad vir goed te verlaat om permanent in die stamgebied te gaan woon.

2. Die Huidige Omvang van Kgatla-arbeid in Blanke gebiede:

Geen noukeurige rekord word deur enige kantoor gehou van die aantal BagaMosêtlha wat in blanke gebiede as werkers verkeer nie en om die presiese aantal vas te stel is 'n onbegonne taak. Munisipaliteite se registrasiekantore teken wel aan aan watter stam 'n werknemer behoort en onder welke hoofman hy ressorteer maar die identifikasie-kaarte word deurmekaar gehou met honderd duisende ander wat aan verskillende stamme behoort.

Met syfers tot ons beskikking kan egter by benadering vasgestel word hoeveel manlike persone, d.w.s. belastingbetalers in die stamgebied afwesig is en elders werk. In die geval van die BagaMosêtlha is dit 'n baie hoë persentasie. Indien 'n man wat liggaamlik geskik is vir werk, nie werk nie, is dit 'n uitsondering. Slegs enkele vermoëndes kan dit bekostig om tuis te bly. Dan is daar ook diegene wat weens swak gesondheid of hoë ouderdom genoodsaak is om tuis te bly. Vir die deurslag man is dit byna net so 'n natuurlike ding om 'n vaste verdienste te hê as vir enige blanke persoon.

Volgens 'n verslag van die Sosiale en Ekonomiese Planneraad is daar 69% van die belastingbetalers van die naturelle bevolking van Sentraal-Transvaal gereeld afwesig uit die stamgebiede.[1] Die BagaMosêtlha is maar een van die stamme in die sentrale gedeelte van Transvaal maar ons kan geredelik aanvaar dat genoemde persentasie ook van toepassing is op hierdie stam alleen. Die kantoor van die naturelle-kommissaris te Hammanskraal stel die syfer vir die BagaMosêtlha alleen op 70%.[2] Hierdie persentasie is by benadering maar is

1. Verslag No. 9 1946. Die Naturelle reserwes en hulle plek in die volkshuishouding van die Unie van Suid-Afrika p. 47.

2. Vasgestel volgens aantal manspersone wat belasting elders betaal vir oordrag aan Hammanskraal.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verstrek sonder kennis van die syfer wat in bg. verslag aangedui word. Dit kan dus met 'n groot mate van sekerheid aanvaar word dat ongeveer 70% van die belastingbetalers buite die stamgebied en hoofsaaklik in Blanke stede 'n vaste verdienste het.

Volgens gegewens vervat in Hoofstuk II is daar in die hele stamge bied ongeveer 5,000 belastingbetalers. Die aantal manlike arbeiders kan dus by benadering gestel word op 3,500.

Geen amptelike rekords hoegenaamd word gehou van die aantal vroue wat die stamgebied verlaat om te gaan werk nie. Dit is dus nie moontlik om 'n baie betroubare syfer te bereken nie, maar dit is algemeen bekend dat 'n groot aantal vroue, - veral jong ongetroude vroue - uitgaan om te werk en hulle speel beslis 'n belangrike rol in die ekonomiese lewe van die stam. Dit is dus noodsaaklik om op grond van die skrale gegewens tot ons beskikking tog 'n syfer te bereken wat aanvaarbaar is, hoe arbitrêr dit ook al mag wees.

Volgens sensus-opnames skyn dit asof naturellestamme uit ongeveer gelyke getalle volwasse mans en vroue bestaan.[1] In die lig hiervan kan dan aanvaar word dat die volwasse vroue-bevolking van die BagaMosêtlha, soos die mans, ongeveer 5,000 tel. Schapera het 'n opname gemaak van vroue onder die Bakgatla bagaKgafêla (Mochudi) wat werk en tot die gevolgtrekking gekom dat 12.7% van die vroue uitgaan om te werk.[2] Volgens gegewens vervat in 'n verslag van die Sosiale en Ekonomiese planneraad[3] was die aantal naturelle van die reservate in die sentrale gedeelte van Transvaal wat in 1936 uit was om te werk soos volg :

| | |
|---|---|
| Volwasse manspersone .......... | 22,258 - 69% |
| Volwasse vroulike persone...... | 9,860 |

Die verhouding van vroue tot mans was dus 4 tot 9. Volgens hierdie verhouding moet ongeveer 30% van die vroue werk. Hierdie persentasie is egter van toepassing op die gehele Sentraal-Transvaal en sluit stamme in wat veel nader aan die stede woon as die BagaMosêtlha en wat ook meer afhanklik is van kontant-verdienstes as gevolg van hul kleiner woongebiede. Dit kan dus met se-

1. Schapera, I. 1947. Migrant Labour and Tribal Life. p. 12.
2. Schapera, I. 1947. Op cit. p. 65.
3. Verslag No. 9. 1946. Die Naturelle reserwes en hul plek in die volkshuishouding van die Unie van Suid-Afrika. p. 47.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kerhoid aanvaar word dat die persentasie vroue-werkers in hierdie gebiede genoemde syfer van 30% aansienlik opstoot. Die BagaMosêtlha se bydrae is beslis kleiner en in 'n meer konserwatiewe syfer van 20%, d.w.s. 7.3% hoër as die verwante Bakgatla van Mochudi, sal 'n juister weergawe wees van die aantal vroue uit hierdie stam wat werk.

As dit dan aanvaar word dat die stam ongeveer 5,000 vroue (bokant die ouderdom van 18 jaar het) sal die aantal werkendes gestel kan word op die betreklik aanneemlike getal van 1,000.

By ondersoek het geblyk dat dit meesal jong ongetroude vroue en weduwees is wat uitgaan om te werk. Enkele getroude vrouens laat hul kinders aan die sorg van hul grootmoeder oor en gaan dan self ook werk. Dit is egter die uitsondering en dit is veral as gevolg van die feit dat die man (in die stad) sy huis en gesin verwaarloos dat die vrou moet uitspring om self te voorsien. Verreweg die meeste mans dring egter daarop aan dat hul vrouens tuisbly om die kinders te versorg, die boerdery behartig en hul besittings oppas.

3. Redes waarom Stamlede uitgaan om te Werk:

Die fundamentele oorsake vir die grootskaalse aanbieding van die BagaMosêtlha op die arbeidsmark is reeds behandel en word in breë trekke toegeskryf aan die veranderde lewensomstandighede en die gevolge van akkulturasie. Dit spreek vanself dat daar egter ook indiwiduele oorwegings sal wees en by die ondervraging van 200 persone in hierdie verband is tot die gevolgtrekking gekom dat daar hoofsaaklik vier groepe persone is wat elk om sekere bepaalde redes uitgaan om te werk:

(a) Getroude Mans: Die meeste aanvaar dit as iets heel natuurliks dat hulle 'n vaste verdienste sal hê en wel om die volgende redes:

(i) Om te voorsien in die veelvuldige behoeftes van hul gesinne.

(ii) Om 'n goeie huis te bou in die stamgebied waar hul hul besittings bv. meubels, wat hul van tyd tot tyd aankoop in bewaring kan laat hou.[1]

1. Goeie meubels word gewoonlik in sekere vertrekke van die woonhuis gehou waar die kinders nie mag kom nie en wat ook net by spesiale geleenthede bv. wanneer die man sy vriende tuis ontvang betree mag word.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(iii) Om vee en landbougereedskap te koop wat hul op geleë tyd in staat sal stel om 'n onafhanklike lewe tuis te voer.

(iv) Om indien moontlik geld in die spaarbank weg te bêre vir geval van siekte of vir die oudag.

(v) Om kontant te hê vir belastings en stamheffings wat van tyd tot tyd opgelê mag word.

(b) Jong ongetroude Mans: Aangesien dit 'n vaste gebruik is dat mans uitgaan om te werk aanvaar elke jong man dit as 'n kwessie van prosedure dat hy sal gaan werk sodra hy oud genoeg is; dit is gewoonlik wanneer hy moet begin belasting betaal, d.w.s. teen ongeveer die 18de jaar. Die jong mans se onmiddelike oorwegings kan as volg saamgevat word :

(i) Om lewenservaring op te doen en indien moontlik die een of ander vaardigheid te leer wat hom tuis ook van nut sal wees.

(ii) Om allerlei vir sy persoonlike behoeftes in die vorm van klere ens. te bekom.

(iii) Om sy ouers te help indien hulle oud is en self nie meer kan werk nie.

(iv) Om geld te spaar vir „bogadi" wat hy vroeër of later nodig sal hê.

(v) Om indien moontlik stadigaan vee en ander besittings aan te skaf wat hy voorlopig aan die sorg van sy ouerhuis oorlaat.

(vi) Om kontant te verkry vir belastings.

(c) Ongetroude jong Vroue: Dit spreek nie vanself dat hulle sal gaan werk nie en kan dit slegs met die toestemming van hul ouers doen. Hul vernaamste beweegredes is die volgende:

(i) Om ervaring op te doen en vertroud te raak met die lewensmaniere en huishouding van die Blankes in wie se huise hulle meesal as bediendes opgeneem word.

(ii) Om te voorsien in persoonlike behoeftes, hoofsaaklik klere.

(iii) Om hul ouers geldelik te steun.

(iv) Later, om te voorsien in die onderhoud van hul onegte kinders wat hul van tyd tot tyd aan die sorg van hul ouers oorlaat.[1]

1. Sien Hoofstuk IV oor die „Huisgesin."

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(d) Weduwees en Verwaarloosde Vroue: Hierdie groep het heel dikwels reeds as jong meisies gewerk en neem nou om voor die handliggende redes weer hul toevlug tot hul voormalige okkupasies.

Jong kinders gaan skool en is hul ouers tuis behulpsaam. Indien 'n kind van skoolgaande ouderdom (tot ongeveer 15 jaar) uitgaan om te werk, is dit 'n hoë uitsondering.

4. Tipe van Werk (Okkupasie).

(a) Mans: Naturelle uit verafgeleë reservate wat op georganiseerde wyse gerekruteer word vir werk in stedelike gebiede gaan hoofsaaklik na die Randse goudmyne en tans ook na die goudvelde van Wes-Transvaal en die Vrystaat.[1] Die BagaMosêtlha word nie gerekruteer nie en elkeen vind vir homself werk. In die soektog na 'n verdienste word hul bygestaan deur hul stamgenote wat alreeds in die stede verkeer. Dit is veral om hierdie rede dat hulle in die meeste gevalle dieselfde werk doen. Omstandighede het meegebring dat daar byna geen enkele persoon uit hierdie stam in die myne werk nie.[2] Onder die mans word slegs 'n klein aantal beginners as gewone huisbediendes in private wonings aangetref. Hierdie tipe van werk is egter nie so lonend as ander verwante werk wat in die stad gevind kan word nie en mettertyd vloei die BagaMosêtlha byna almal na die tipe okkupasie wat in hulle geval blykbaar tradisie geword het. By ondersoek het geblyk dat verreweg die meeste BagaMosêtlha in die stede aangetref word as hotelbediendes, bediendes in woonstelgeboue (skoonmakers) en kantoorbediendes. 'n Kleiner aantal werk by verskillende sakeondernemings en munisipaliteite as handlangers, bodes en afleweringsjongens. Nog 'n kleiner aantal is in diens van bou-ondernemings, nywerhede en munisipaliteite as arbeiders.

By ondersoek is die volgende besonderhede i.v.m. die okkupasie van 100 Bakgatla bagaMosêtlha wat in Pretoria en Johannesburg werksaam is verkry :

1. Meegedeel deur beampte van die Native Recruiting Corporation (N.R.C.)

2. Meegedeel deur Kaptein en talle stamlede.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Werkgewer. | Tipe van Werk. | Aantal Kgatla Werknemers. | |
|---|---|---|---|
| Lewis Buildings. | Skoonmakers. | 8. | |
| Edward Mansions. | do. | 8. | |
| Sher Court. | do. | 3. | |
| A. & E. Mansions. | do. | 5. | |
| Van Riebeeck-Gebou. | do. | 6. | |
| Turkstra se Koffiehuis. | do. | 3. | |
| Edward Hotel. | Kamerjongens. | 2. | |
| Carlton Hotel (Jhb.) | do. | 20 | Totaal 55. |
| Kuter's Apteek. | Aflewering. | 2. | |
| Fisher's Bottle Store. | do. | 2. | |
| Dippenaar & Reyneke. | do. | 2. | |
| O.K. Bazaars. | Handlangers. | 8. | |
| Pretoria Glassware Co. | do. | 1. | |
| Pretoria Munisipaliteit. | Bode. | 2. | |
| Pretoria Munisipaliteit. | Kantoorjong. | 2. | |
| Pretoria Munisipaliteit. | Gesondheidshulp. | 1. | |
| S. Life Insurance Assn. | Kantoorjong. | 1. | |
| Standard Bank. | do. | 1. | |
| Engineering Store Depot. | do. | 1. | Totaal 23. |
| Pretoria Munisipaliteit. | Arbeiders. | 6. | |
| Yskor (Staalfabriek). | do. | 8. | |
| Departement van Publieke Werke. | do. | 1. | |
| Pretoria Mark. | do. | 3. | |
| Bou-Onderneming. | do. | 2. | Totaal 20. |
| Private Woning. | Huisbediende. | 1. | |
| Sommersex Wholesale Druggists. | Motorbestuurder. | 1. | Totaal 2. |

Alleen wanneer besonderhede omtrent alle werkers uit die onderhawige stam aangeteken word, kan bereken word watter persentasie in die verskillende okkupasies aangetref word. Bg. kan nie sonder meer aanvaar word as 'n korrekte aanduiding van die verspreiding van stamlede in die arbeids-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



veld nie maar aangesien die werkers by blote toeval opgespoor is op soek na BagaMosêtlha, is die resultaat tog van betekenis en verdien die volgende verspreiding wat deur die opname aan die lig gebring is, die aandag:

| | |
|---|---|
| Hotel- en Woonstelbediendes ................. | 55% |
| Bediendes in Sake-Ondernemings .............. | 23% |
| Arbeiders in Verskillende hoedanighede....... | 20% |
| Ander .................................... | 2% |

Hoewel aangevoer mag word dat meer werkers van die eerste groep opgespoor is, bly die feit staan dat daar in byna elke hotel en woonstelgebou in Pretoria BagaMosêtlha aangetref word. 'n Veel groter aantal van hierdie tipe werker kon aangeteken word terwyl werkers van die ander groepe slegs met taamlik veel moeite gevind kan word.

(b) Vroue: By ondersoek het geblyk dat slegs enkele vroue as skoonmakers in woonstelgeboue diens doen. Die oorgrote meerderheid werk in private wonings as huisbediendes.

5. Ouderdomsgroepe en Duur van Werk:

Soos reeds aangetoon is werk in die stede vir die BagaMosêtlha 'n permanente onderneming. Manspersone begin gewoonlik werk op twintig-jarige leeftyd en hou aan tot hul daarin geslaag het om genoeg te versamel om as onafhanklike kleinboer in die reservaat te gaan woon. Dit is gewoonlik slegs moontlik as 'n man mede-eienaar van 'n sindikaatplaas word waar daar weiding is vir groter kuddes en meer bougrond as op stamgronde. Die meerderheid word egter so gewoond aan hul kontantverdienste dat hul aanhou werk tot hul kragte of gesondheidstoestand hulle genoodsaak om „af te tree." Persone van alle ouderdomme tussen 20 en 70 jaar word dus aangetref. Aangesien 'n man dan ook gewoonlik werk solank sy kragte hom toelaat en dus as permanente werker beskou moet word, word die lengte van sy dienstyd deur sy ouderdom bepaal.

Van 100 werkers in Pretoria is die volgende besonderhede in hierdie verband verkry :

14% tussen 20-25 jaar met gemiddeld 3½ diensjare.
18% tussen 26-30 jaar met gemiddeld 9 diensjare.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



10% tussen 30-35 jaar met gemiddeld 14 diensjare.

18% tussen 36-40 jaar met gemiddeld 18 diensjare.

14% tussen 40-45 jaar met gemiddeld 21 diensjare.

4% tussen 46-50 jaar met gemiddeld 27 diensjare.

4% tussen 50-55 jaar met gemiddeld 32 diensjare.

12% tussen 56-60 jaar met gemiddeld 39 diensjare.

6% tussen 60-75 jaar met gemiddeld 44 diensjare.

Bg. tabel toon duidelik aan hoedat die aantal diensjare reëlmatig toeneem ooreenkomstig die ouderdomsgroepe. Vir elke 5 jaar wat tot die ouderdom gevoeg word, neem die gemiddelde aantal diensjare in die meeste gevalle ook met 5 toe. Die gegewens lewer onomstootlike bewys van die bestendigheid van die BagaMosêtlha-arbeid.

Vroue werk op minder bestendige wyse. Hulle dienstyd word telkens met bevallings onderbreek. Die onderbroke diens gaan vir 'n aantal jare aan tot die vrou trou en haar dan óf in die stad óf in die reservaat as huisvrou wat deur haar man onderhou word, vestig.

6. Huwelikstaat:

Die werkers trou op 'n betreklike laat leeftyd. Hierdie verskynsel is vry algemeen onder naturelle wat onder westerse omstandighede woon en wat afhanklik is van 'n kontantverdienste. Die vertraging kan hoofsaaklik aan die volgende faktore toegeskryf word :

(i) Die vroeëre stamgebruik was dat die vader die nodige beeste voorsien vir die bogadi van sy seuns. Vandag is die kuddes aanmerklik uitgedun en vee speel nie meer so 'n belangrike rol by die verkryging van 'n vrou nie. Bogadi word in kontant betaal.[1] Omdat die vader gewoonlik nie oor die kontant beskik nie het dit gebruik geword dat die jong man self moet voorsien. Aangesien die meeste jong mans uit hul verdienste hul ouers en ander familie-lede finansiëel steun, kan die bogadi slegs met klein maandelikse besparings opgegaar word. Dit neem dus dikwels 'n hele aantal jare voordat die vereiste bedrag beskikbaar is.

1. Gewoonlik 'n bedrag van £50. Meegedeel.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(ii) Die toerusting vir 'n troue wat ook die bruidsgewaad insluit, kos die bruidegom 'n aansienlike bedrag. Die koste van die huweliksfees word gedeeltelik ook deur die bruidegom gedra en tesaam kom die koste vir die huweliksgeleentheid op enigiets van £60 tot £100 te staan.[1] Om hierdie bedrag, benewens die bogadi bymekaar te kry, moet die jongman taamlik lank ongetroud bly.

(iii) Gewoonlik bly die jong vrou vir die eerste paar jare van haar getroude lewe by haar skoonouers. Die strewe om so spoedig moontlik 'n eie afsonderlike huishouding te hê neem egter van geslag tot geslag toe. Hierdie ambisie bring verdere onkoste i.v.m. die oprigting van 'n woonhuis en ameublement (van europese fabrikaat) mee. Ook vir hierdie doel is dit wenslik dat die bruidegom ten tye van sy troue iets in gereedheid moet hê.

(iv) In baie gevalle is die jongman geoorloof om na die betaling van 'n gedeelte van die bogadi saam met sy aanstaande te leef en kinders te verwek. So het ons by die ondervraging van verskillende werkers gevind dat 'n jong man op die vraag of hy getroud is, ontkennend antwoord en op 'n verdere vraag hoeveel kinders hy het, geredelik antwoord dat hy een, twee of drie het. Bg. verklaring van hierdie anomalie word dan verskaf. Die verskynsel het meer bepaald betrekking op persone wat nog nie ingeskrewe lidmate van erkende kerke is nie of wat aan sekte-kerke behoort waar die kerklike tug nie so streng toegepas word nie. Hierdie vergunning, hoe min dit ook al toelaatbaar skyn te wees in die lig van beskaafde lewensnorme, bring mee dat daar by jongman, sowel as jongvrou geen besondere haas is om die huwelik met al die formaliteite en onkoste daaraan verbonde, finaal af te handel nie.

By ondersoek het egter geblyk dat die meeste manlike werkers van 30 jaar en ouer getroud is met 'n gesin en gevestigde belange in die reservaat. Baie min onder 30 jaar is getroud hoewel enkeles reeds begin het met die betaling van bogadi en gevolglik as „verloofdes" deurgaan. Die ongetroude jong manne spreek almal hul begeerte uit om te trou sodra hulle die nodige middele opgespaar het.

---

1. Meegedeel deur verskillende informante.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die volgende tabel toon besonderhede t.o.v. die huwelikstaat en aantal kinders van die 100 werkers wat op p.192 in ouderdomsgroepe verdeel is.

| Ouderdomsgroep. | Aantal Persone. | Getroud. | Kinders (Gemid.) |
|---|---|---|---|
| 20-25 jaar. | 14 | 0 | 0 |
| 26-30 jaar. | 18 | 0 | 0 |
| 30-35 jaar. | 10 | 4 | 1 |
| 36-40 jaar. | 18 | 16 | 3 |
| 40-45 jaar. | 14 | 14 | 4 |
| 46-50 jaar. | 4 | 4 | 5 |
| 50-55 jaar. | 4 | 4 | 6 |
| 56-60 jaar. | 12 | 10 | 5 |
| 60-75 jaar. | 6 | 6 | 5 |
| Totaal : | 100 | 58 | 4 |

Opsommend kry ons dan die volgende :

| | |
|---|---|
| Ongetroude persone | : 42% |
| Getroude persone | : 58% (Insluitende 6% verloofdes met kinders) |
| Verloofde persone met kinders | : 6% |
| Kleinste aantal Kinders | : 1. Verloofdes : 1. |
| Grootste aantal kinders | : 9. Verloofdes : 3. |
| Gemiddeld | : 5. Gemiddeld : 2. |

Bg. besonderhede toon aan dat werkende mans teen ongeveer 30 jarige leeftyd in die huwelik tree en dat 'n baie klein persentasie bokant 35 jaar nog ongetroud is. Die aantal kinders neem reëlmatig toe namate die ouderdom van die vader klim. Toevallig is die persentasie „verloofdes" met kinders uit die proefpersone betreklik klein. Die ongetroude mans is egter almal potensiële „verloofde" vaders.[1] Nie een van die ongetroude persone kon ons die versekering gee dat hulle reeds 'n „meisie" het nie en dit wil voorkom of niemand dit die moeite werd ag om op 'n „meisie" aanspraak te maak en

1. Aangesien 'n groot aantal jong ongetroude vroue onegte kinders het waarvan die vaders „verdwyn" het, kan aanvaar word dat daar ook 'n groot aantal ongetroude mans vaders is van onegte kinders

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ernstig aan trou te dink alvorens hy nie begin het met die betaal van bogadi en in hierdie vaste verhouding ten minste een kind by haar het nie.

7. Sosiale status en geletterdheid van Werkers:

Dit word dikwels aanvaar dat die mans wat uitgaan om te werk tot die armer en vervalle klasse van die stam behoort. Schapera [1] het gevind dat hierdie stelling tot 'n sekere mate van toepassing is op die stamme van Bechuanaland maar het tot die gevolgtrekking gekom dat dit geensins as 'n konsekwente en algemene verskynsel voorkom nie. Dit gebeur dikwels dat diegene wat taamlik bemiddeld is uitgaan om te werk terwyl andere wat sukkel om 'n bestaan te maak tuisbly. Dit kan vry algemeen aangeneem word dat dit nie 'n man se vermoë is wat bepaal of hy gaan werk nie.

Onder die BagaMosêtlha is dit beslis nie die armer klasse wat werk nie en ook nie noodwendig die rykes wat tuisbly nie. Alle werkers wat ondervra is oor die redes waarom hulle uitgaan om te werk noem wel armoede en swaarkry as die vernaamste redes en voeg daaraan toe dat hulle nie sou werk indien dit nie nodig was om te voorsien in noodsaaklike lewensbehoeftes nie. Dit wil egter nie sê dat hulle armer is en 'n laer sosiale status het as diegene wat agterbly nie. Die feit dat mans uitgaan om te werk kan veel eerder toegeskryf word aan 'n groter mate van ambisie en ondernemingsgees. Dit spreek wel van self dat die werkendes weens hul afwesigheid nie hul landerye met eweveel sukses kan bewerk en die nodige aandag aan groot kuddes vee kan gee nie. Hulle belê egter hulle verdienstes in verskillende dinge wat die agtergeblewenes nooit die voorreg sal hê om te besit nie en waardeur hul sosiale status eerder verhoog as verlaag word. Onder die vernaamste van hierdie beleggings kan die volgende gereken word :

(a) Ruim, goedgeboude woonhuise met sinkdak wat deftig vertoon in vergelyking met die ouderwetse wonings van hul nie-werkende stamgenote (vgl. hst. 11).

(b) Uitrusting in die vorm van meubels en ander benodighede wat van tyd tot tyd aangekoop word. (hst. 11).

1. Schapera, I. 1947. Migrant Labour and Tribal Life. p. 42.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(c) Hoër opvoeding aan hul kinders en wel deur sommige na kosskole te stuur waar hulle veral kwalifiseer as onderwysers, ambagsmanne, in die vooropleiding vir verpleging e.d.m. Hierdie opleiding beteken vir die kinders 'n goeie inkomste. Die persoon sonder kontant-verdienste kan selde hierdie geleenthede aan hulle kinders verskaf.

(d) Besparing deur aansienlike bedrae in die een of ander spaarbank op te hou wat hulle op hul oudag instaat stel om 'n meer lonende boerdery in die reservaat te finansiëer.

(e) Aandele in sindikaatgronde wat vandag beslis die beste bestaansmoontlikhede bied.

Hoewel dit te oordeel aan die grootte van die veetroppe soms mag voorkom asof diegene wat tuisbly ryker is as die werkendes en om dié rede nie nodig het om te gaan werk nie, is dit in werklikheid nie die geval nie. Die werker is in die meeste gevalle in 'n posisie om ewe groot kuddes aan te skaf en besit toevallig rykdom in 'n ander vorm. Almal is ewe afhanklik van die grond en die reënval vir produksie en dit is goed moontlik dat die niewerkende persoon van tyd tot tyd as gevolg van teenslae genoodsaak is om tydelik uit te spring en te gaan werk ten einde die vernaamste lewensmiddele te bekom. By ondersoek het ook geblyk dat 'n baie hoë persentasie werkers van wie die gesinne in die stamgebied woon, beeseienaars[1] is sowel as grond het wat hulle laat bewerk. Die posisie van 100 getroude werkers wat nagegaan is, het die volgende aan die lig gebring:

| | | |
|---|---|---|
| Aantal beeseienaars | : | 83. |
| Aantal met bougrond | : | 100. |

Indien 'n man se status dus o.a. bepaal word deur die feit dat hy 'n besitter is van beeste en landerye het wat hy bewerk, skyn dit nie asof die werkendes weens die feit dat hulle werk, noodwendig in aansien daal nie.

Uiterlike vertoon tel baie in 'n naturelle-gemeenskap en die werker se deftige klere, volop rookgoed en kontant wat veral by geleentheid van 'n besoek aan die reservaat waar te neem is dwing bewondering af en dra grootliks by tot die agting wat hy geniet en die status wat aan hom toegesê word.

1. Dit word toegegee dat sommige nie baie beeste besit nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierby kom nog die mate van vrymoedigheid wat hy verkry het as gevolg van die wye en vreemde kringe waarin hy beweeg en wat hom in staat stel om met veel meer selfvertroue deel te neem aan besprekinge in stamvergaderings of dergelike geleenthede.

Slegs 'n enkele werker in die stad is geheel ongeletterd. Die ouere garde het vroeër in die kerkskool ten minste geleer om Sekgatla (eintlik Setswana) te leer lees en skrywe en hierdeur is hulle instaat om gereeld met die familie tuis te korrespondeer en aldus op hoogte te bly met sake van persoonlike en algemene belang in die reservaat. Die jonger geslag het reeds die voorreg gehad om gebruik te maak van die uitgebreide onderwysfasiliteite wat in meer resente jare in die stamgebied tot stand gekom het en die meeste het dit sover gebring as die een of ander standerd van die Laerskool en in enkele gevalle selfs verder.

Die volgende tabel toon die skolastiese peil bereik deur 100 werkers in Pretoria waarvan besonderhede in hierdie verband aangeteken is:

| | | |
|---|---|---|
| Aantal wat totaal ongeletterd is | : | 12% |
| Aantal wat Tswana lees en skryf | : | 26% |
| Aantal wat sover gekom het as Std. I | : | 8% |
| " " " " " " Std. II | : | 6% |
| " " " " " " Std. III | : | 16% |
| " " " " " " Std. IV | : | 12% |
| " " " " " " Std. V | : | 12% |
| " " " " " " Std. VI | : | 6% |
| " " " " " " Std. VIII | : | 2% |

Die volgende groter groeperinge gee 'n duidelike beeld van die posisie:

| | | |
|---|---|---|
| Ongeletterd | : | 12% |
| Lees en Skryf | : | 26% |
| Std. I - Std. III | : | 30% |
| Std IV - Std. VI | : | 30% |
| Sek. Onderw. | : | 2% |

Benewens hul skoolopleiding kan alle werkers hulle in die omgang behelp met Engels en Afrikaans. Sommige praat die amptelike tale swak maar hoe langer

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle in die stad werk hoe meer bedrewe raak hulle in hierdie tale. Enkele van die ou volk praat Afrikaans vlot en met die meeste gemak. Hulle kennis van Engels laat egter in alle gevalle heelwat te wense oor.

3. Verdienstes en die Aanwending hiervan :

Aangesien alle BagaMosêtlha wat hul stamverband behou, geheel verbonde is aan die stamgebied en al hul huidige en potensiële belange daar het, moet van die standpunt uitgegaan word dat alle verdienstes in belang van die werkers self en hul afhanklikes in die stamgebied gebruik word. By ondersoek het geblyk dat verdienstes vir drie hoofdoeleindes aangewend word:

(i) Persoonlike versorging en behoeftes in die Stad.
(ii) Vir die behoeftes van afhanklikes tuis.
(iii) Vir belegging in die stamgebied of toekomstige gebruik aldaar.

Die persoonlike behoeftes van 'n werker in die stad is weliswaar meer as wat die geval sou wees in die stamgebied. Die verskil moet egter aanvaar word as sy bedryfskoste en as sodanig word dit ook gebruik in eie belang en aldus in belang van die stam in die algemeen. Besonderhede i.v.m. verdienstes en aanwending daarvan is afgeneem van 50 manlike werkers (benewens die vroue) in Pretoria. Hierdie besonderhede kan onder die volgende hoofde saamgevat word:

(a) Lone: Een van die vernaamste algemene kenmerke van die verdienstes van werkers in Pretoria en van die BagaMosêtlha in die besonder, is dat dit nie 'n groot variasie toon nie. Hierdie verskynsel word hoofsaaklik deur twee faktore bepaal nl.

(i) Die Loonwet[1] wat minimum lone neerlê vir verskillende bedrywe sowel as ander diensvoorwaardes t.o.v. verlof ens.

(ii) Werkgewers is genoodsaak om aan hul ongeskoolde werkers ten minste dieselfde lone te betaal as wat ander werkgewers betaal. Indien hulle dit nie doen nie spreek dit vanself dat werkers die beter besoldigde geleenthede sal najaag.

1. Volgens Loonvasstelling No. 70 (vir kommersiële distrubisie-handel) van die Loonwet is 'n minimum loon van £1.12.6. per week vir naturelle-arbeiders in stedelike gebiede vasgestel. Dit geld nie vir woonstel en hotelbediendes nie. Op grond van Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942 en Regeringskennisgewing No. 1680 van 9 Augustus 1946 was werkgewers verplig om in 1951 'n lewenskostetoelaag van 13/9 per week aan stedelik arbeiders te betaal. Informasie van die Departement van Arbeid, Pretoria.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ongeveer 'n verdere 50 werkers is uitgevra omtrent hul verdienstes (hoewel besonderhede nie aangeteken is nie), op soek na variasie in lone maar alle informasie onderskryf slegs die bevinding dat lone 'n merkwaardige eenvormigheid toon. 'n Enkele werknemer wat min of meer geskoolde werk verrig soos vragmotorbestuurders of diegene wat reeds baie jare van ononderbroke diens by 'n welvarende saak het, se besoldiging mag bo die gemiddelde uitstyg. Dit is egter slegs uitsonderlike gevalle.

Sommige werkgewers, veral besighede wat oor geen akkommodasie vir hul werkers beskik nie, betaal slegs 'n kontantloon en die werkers moet self voorsiening maak vir verblyf en voedsel. Ander werkgewers bv. eienaars van woonstelgeboue en hoteleienaars is in 'n posisie om hul werknemers te huisves en reken dan sodanige huisvesting as deel van die besoldiging met die gevolg dat die kontantlone laer is as andersins. Hotel eienaars verskaf huisvesting sowel as voedsel, dan word ook die voedsel in berekening gebring. Enkele woonstel eienaars verskaf 'n deel van die voedsel (bv. mieliemeel) wat ook beskou word as gedeelte van die loon. By die vasstelling van o.s. syfers is die verskeie maniere van vergoeding in aanmerking geneem sodat die volle besoldiging in kontant aangedui word. Jaarlikse verdienstes word tot die naaste bereken.

A. Mans:

| | Aantal Werkers. | Maandelikse loon. £. | s. | d. | Per jaar. £ | Totaal. £ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Groep 1. | 1 | 6. | 15. | 6. | 81 | 81 |
| Groep 2. | 2 | 7. | 0. | 0. | 84 | 168 |
| Groep 3. | 7 | 7. | 10. | 0. | 90 | 630 |
| Groep 4. | 4 | 8. | 0. | 0. | 96 | 384 |
| Groep 5. | 7 | 8. | 10. | 0. | 102 | 714 |
| Groep 6. | 5 | 8. | 17. | 6. | 106 | 530 |
| Groep 7. | 4 | 9. | 0. | 0. | 108 | 432 |
| Groep 8. | 6 | 9. | 5. | 0. | 111 | 666 |
| Groep 9. | 3 | 9. | 10. | 0. | 114 | 342 |
| Groep 10. | 1 | 10. | 0. | 0. | 120 | 120 |

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | Aantal Werkers. | Maandelikse loon. | | | Per jaar. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | £. | s. | d. | £. | £ |
| Groep 11. | 3 | 10. | 10. | 0. | 126 | 378 |
| Groep 12. | 1 | 11. | 0. | 0. | 132 | 132 |
| Groep 13. | 4 | 12. | 0. | 0. | 144 | 576 |
| Groep 14. | 1 | 14. | 0. | 0. | 168 | 168 |
| Groep 15. | 1 | 16. | 0. | 0. | 192 | 192. |
| | | | | | Totaal : | £5,513. |

Samevattend vind ons die volgende:

28% verdien £6 - £8 p.m.

48% verdien £8 - £10 p.m.

16% verdien £10 - £12 p.m.

4% verdien meer as £12 p.m.

Gemiddelde maandelikse verdienste van 50 werkers : £9. 4. 0.

Gemiddelde jaarlikse verdienste van 50 werkers : £110. 6. 0.

Totale jaarlikse verdienste van 3,500 werkers [1] : £386,050.

B. Vroue:

Vroue werk merendeels in private wonings as huisbediendes. Die enigste werklik geskoolde werk wat hulle in hierdie kapasiteit kan verrig is kook. 'n Enkele wat dan ook 'n vaardige kok is kry 'n redelike goeie loon terwyl alle ander 'n loon ontvang wat aanmerklik laer is as dié van manspersone ten spyte van die feit dat mans en vroue heel dikwels dieselfde soort werk doen. In teenstelling met mans kry vrouens byna almal vrye inwoning en voedsel bo en behalwe hul kontantloon. Blanke huisvrouens is dit eens dat losies wat aan bediendes verskaf word nie onder £4 per maand gereken kan word nie. Aangesien by ondersoek egter geblyk het dat mans instaat is om hul eie losies te voorsien teen 'n bedrag van hoogstens £2.10.0. per maand, sou dit misleidend wees om 'n hoër bedrag as hierdie in berekening te bring by die vasstelling van die totale verdienste van vroue. Die volgende tabel toon die maandelikse verdienstes van 50 vroue waarvan besonderhede verkry is en met £2.10.0. per maand bygereken t.o.v. losies en inwoning:

---

1. Sien berekeninge op p. 187.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | Aantal. | Kontantloon. | | | Plus Losies. | | | Per jaar. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | £. | s. | d. | £. | s. | d. | £ | £ |
| Groep 1. | 2 | 2. | 0. | 0. | 4. | 10. | 0. | 54 | 108 |
| Groep 2. | 3 | 2. | 10. | 0. | 5. | 0. | 0. | 60 | 180 |
| Groep 3. | 5 | 2. | 15. | 0. | 5. | 5. | 0. | 63 | 315 |
| Groep 4. | 8 | 3. | 0. | 0. | 5. | 10. | 0. | 66 | 528 |
| Groep 5. | 7 | 3. | 10. | 0. | 6. | 0. | 0. | 72 | 504 |
| Groep 6. | 7 | 3. | 15. | 0. | 6. | 5. | 0. | 75 | 525 |
| Groep 7. | 6 | 4. | 0. | 0. | 6. | 10. | 0. | 78 | 468 |
| Groep 8. | 5 | 4. | 10. | 0. | 7. | 0. | 0. | 84 | 420 |
| Groep 9. | 2 | 5. | 0. | 0. | 7. | 10. | 0. | 90 | 180 |
| Groep 10. | 1 | 5. | 10. | 0. | 8. | 0. | 0. | 96 | 96 |
| Groep 11. | 3 | 6. | 0. | 0. | 8. | 10. | 0. | 102 | 306 |
| Groep 12. | 1 | 7. | 0. | 0. | 9. | 10. | 0. | 114 | 114 |
| Gemiddeld vir 50 | | 3. | 18. | 9. | 6. | 8. | 9. | £74.17.6. | Tot: £3,744. |

Opsommend vind ons die volgende:

50% verdien £4 - £6 p.m.

42% verdien £6 - £8 p.m.

8% verdien £8 - £10 p.m.

Gemiddelde maandelikse kontantloon van 50 vroue : £3. 18. 9.

Gemiddelde maandelikse totale verdienste van 50 vroue : £6. 8. 9.

Gemiddelde jaarlikse totale verdienste van 50 vroue : £74. 17. 6.

Totale jaarlikse verdienste van 1,000 vroue (sien p.188) : £74,875.

Die gesamentlike jaarlikse totale verdienstes van alle werkende mans en vrouens uit die onderhawige stam kan dus by benadering gestel word op:

Mans ................ £386,050.

Vroue ............... £ 74,875.

Totaal: £460,925

9. Persoonlike Behoeftes by Werk:

Behalwe hul losies en klere het vroue weinig of geen materiële behoeftes waarvoor by die werk voorsiening gemaak moet word nie. Selfs 'n groot gedeelte van hul klere kry hul van hul werkgewers persent. Origens rook

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle nie en drink in die reël ook nie bier nie. Losies kry hul as deel van hul besoldiging en dié is reeds bereken.

Benewens hulle onderhoud het alle mans aansienlike onkoste aan rookgoed en bier. Aangesien die meeste pyp rook is tabak ver nie so 'n groot item as bier nie. Bier kan by die munisipale biersale in enige hoeveelhede verkry word en daar die biersaal ook 'n gesellige samekomsplek is gebeur dit maklik dat 30/- of meer per maand hier spandeer word. Die meeste bierdrinkers besoek die biersaal elke middag en maak daar 'n gewoonte van om óf 'n sjieling óf 'n sikspens se maatbeker uit te drink. Sommige drink selfs meer as 'n sjieling maatbeker per dag. Die maat staan algemeen bekend as Sekala (skaal) - asof die inhoud geweeg word!

Die volgende tabelle toon die vernaamste items in die persoonlike behoeftes (klere uitgesluit) van 50 mans t.o.v. wie besonderhede aangeteken is:

(a) Huisvesting:

| | Aantal. | | Teen p. maand. | | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|
| Groep 1. | 3 | | 4/- | | £ 0. 12. 0. |
| Groep 2. | 6 | | 6/- | | £ 1. 16. 0. |
| Groep 3. | 13 | | 12/6 | | £ 8. 2. 6. |
| Groep 4. | 21 | | 15/- | | £14. 5. 0. |
| Groep 5. | 2 | | 20/- | | £ 2. 0. 0. |
| Groep 6. | 5 | | 30/- | | £ 7. 10. 0. |
| | 50 | Gemid. | 13/9 | Tot: | £34. 5. 6. |

Gemiddelde koste vir huisvesting per maand : 13/9.

(b) Voedsel:

| | Aantal. | | Teen p. maand. £. | s. | d. | | Totaal. £. | s. | d. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Groep 1. | 8 | | 1. | 5. | 0. | | 10. | 0. | 0. |
| Groep 2. | 16 | | 1. | 10. | 0. | | 24. | 0. | 0. |
| Groep 3. | 8 | | 1. | 15. | 0. | | 14. | 0. | 0. |
| Groep 4. | 14 | | 2. | 0. | 0. | | 28. | 0. | 0. |
| Groep 5. | 4 | | 2. | 5. | 0. | | 9. | 0. | 0. |
| | 50 | Gemid. | 1. | 15. | 0. | Tot: | 85. | 0. | 0. |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gemiddelde koste vir voedsel per maand : £1. 15. 0.[1]

Die gemiddelde noodsaaklike maandelikse koste bestaan dus uit :

| | | |
|---|---|---|
| Huisvesting | : | 13. 9. |
| Voedsel | : | £1. 15. 0. |
| Totaal | : | £2. 8. 9. |

(c) Bier:

| | Aantal. | Teen p. maand. | Totaal. |
|---|---|---|---|
| Groep 1. | 17 | Geen bier | - |
| Groep 2. | 5 | 5/- | £ 1. 5. 0. |
| Groep 3. | 7 | 10/- | £ 3. 10. 0. |
| Groep 4. | 8 | 15/- | £ 6. 0. 0. |
| Groep 5. | 5 | 20/- | £ 5. 0. 0. |
| Groep 6. | 7 | 30/- | £10. 10. 0. |
| Groep 7. | 1 | 40/- | £ 2. 0. 0. |
| Drinkers | 33 | 11/2 | Totaal: £28. 5. 0. |

Gemiddelde koste vir bier (50 werkers) p. maand : 11/2.

(d) Tabak:

| | Aantal. | Teen p. maand. | Totaal. |
|---|---|---|---|
| Groep 1. | 12 | Geen rokers. | - |
| Groep 2. | 6 | 3/- (snuif) | £ 0. 18. 0. |
| Groep 3. | 18 | 5/- (pyp) | £ 4. 10. 0. |
| Groep 4. | 2 | 7/6 | £ 0. 15. 0. |
| Groep 5. | 5 | 10/- | £ 2. 10. 0. |
| Groep 6. | 5 | 15/- | £ 3. 15. 0. |
| Groep 7. | 2 | 30/- | £ 3. 0. 0. |
| | 50 | 6/3 | £15. 8. 0. |

Gemiddelde koste vir tabak per maand : 6/3.

Die vernaamste gemiddelde persoonlike maandelikse onkostes wat 'n man het bestaan dus uit die volgende :

1. Hierdie syfer is baie konserwatief en word veral afgebring deur Yskor-werkers wat weens die groot getalle in die kampong baie goedkoop gevoed word.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | |
|---|---|---|
| (i) | Huisvesting en Voedsel ............ | £ 2. 8. 9. |
| (ii) | Bier ............................ | 11. 2. |
| (iii) | Tabak .......................... | 6. 3. |
| | Totaal: | £ 3. 6. 2. |

Klere sou alle werkers gekoop het al sou hulle ook daagliks van hul tuistes na die werk gekom het. Wat hieraan spandeer word, hoef dus nie apart bereken te word nie. Die gemiddelde gedeeltes van die maandelikse verdienstes wat dus in belang van die stam en stamgebied aangewend kan word, is dan by benadering soos volg:

Mans : £9. 4. 0. - £3. 6. 2. = £5. 17. 10. d.w.s. £70. 14. 0. p. jaar.
Vroue : £6. 8. 9. - £2.10. 0. = £3. 18. 9. d.w.s. £47. 5. 0. p. jaar.

En,

| | |
|---|---|
| Alle werkende mans per jaar : £70. 14. 0. x 3,500 = | £247,450. |
| Alle werkende vroue per jaar: £47. 5. 0. x 1,000 = | £ 47,250 |
| Totaal: | £294,700 |

Persentasie van Totale verdienstes .............. 73.5%

10. Besparing in Bank:

'n Groot aantal manlike werkers hou 'n spaarbankboekie daarop na en spaar gereelde maandelikse bedrae of bedrae wat hul van tyd tot tyd nie hoef te gebruik nie. Van die Posspaarbank word die meeste gebruik gemaak en die vernaamste rede wat hiervoor aangegee word is omdat geld wat in die poskantoor belê word op enige plek waar 'n poskantoor is weer getrek kan word terwyl ander banke dikwels moeilikheid oplewer wanneer geld benodig word. Die „Colonial Bank" skyn 'n ander gewilde instelling te wees waar werkers hul geld bewaar. Die volgende tabel wat besparings aandui is opgestel na aanleiding van besonderhede wat van 50 werkers verkry is. Waar 'n werker nie gereelde maandelikse inlaes maak nie is die maandelikse bedrag bereken volgens 'n hele jaar se totale besparings :

| | Aantal. | Besparing p. maand. | Totaal. |
|---|---|---|---|
| Groep 1. | 23 | Geen besparing. | - |
| Groep 2. | 5 | 10/- | £ 2. 10. 0. |
| Groep 3. | 7 | 20/- | £ 7. 0. 0. |

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | Aantal. | Besparing p. maand. | Totaal. |
|---|---|---|---|
| Groep 4. | 3 | £1. 10. 0. | £ 4. 10. 0. |
| Groep 5. | 4 | £2. 0. 0. | £ 8. 0. 0. |
| Groep 6. | 2 | £2. 10. 0. | £ 5. 0. 0. |
| Groep 7. | 6 | £3. 0. 0. | £18. 0. 0. |
| | 50 | Gemid. 18/- | Tot: £45. 0. 0. |

Gemiddelde maandelikse besparing van 50 werkers : 18/-

Gemiddelde jaarlikse besparing van 50 werkers : £10. 16. 0.

Besparing deur 3,500 werkers per jaar (by benadering) : £37,800.

Die volgende is die vernaamste redes wat aangegee word vir besparing:

(i) Jong mans spaar vir bogadi en hul huwelik.

(ii) Mans met gevestigde gesinne spaar vir tye wanneer hul siek mag wees en hulle miskien nie instaat sal wees om te werk nie.

(iii) Spaargeld word soms gebruik vir die koop van boumateriaal, meubels, vee, implimente e.d.m.

Daar is seer seker enkele vroue wat ook 'n spaarbank-boekie hou maar ons proefpersone het toevallig verkies om hul geldjies te spandeer of dit in huisraad en ander huishoudelike benodighede te belê.

11. Beleggings van Verskillende Aard:

Alle getroude manlike werkers strewe daarna om allerlei besittings te hê wat tuis veilig gestoor kan word. Dit skyn asof hierdie neiging toegeskryf moet word aan die algemeen menslike begeerte vir lewensekuriteit. Namate 'n man se besittings toeneem, neem ook sy selfvertroue toe en geniet hy 'n aangename gevoel van veiligheid. Dit bevredig ook sy versamelaarsdrang en tegelykertyd bou hy 'n gewisse sosiale status op. Die vernaamste items waarin belê word is die volgende :

(i) Gefabriseerde boumateriaal en die oprigting van 'n stewige woonhuis daarmee, aangevul deur materiaal wat plaaslik verkrygbaar is en nie gekoop hoef te word nie.

(ii) Huisraad en ander toerusting vir 'n westers-georiënteerde huishouding.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(iii) Landbougereedskap en trekgoed.

(iv) Vee, hoewel hierin nie veel belê word nie en wel omrede dit nie moontlik is om persoonlike aandag aan die diere te gee nie en hulle dus voortdurend gevaar loop om te vrek of gesteel te word.

(v) Grond.

Dit was nie moontlik om vas te stel hoeveel 'n werker presies binne die bestek van 'n bepaalde tydperk in bg. items belê nie. Aankope geskied uiters sporadies en dit gebeur dikwels dat 'n persoon slegs eenmaal in 3 jaar iets aankoop. Vyftig manlike werkers wat in hierdie verband ondervra is kon egter in herinnering roep (vermoedelik taamlik onjuis) wat hulle deur die jare uit hul kontantverdienstes bestee het aan besittings wat hul tuis in bewaring hou en die besonderhede vervat in die volgende tabel kan uiters 'n vae begrip gee van wat in hierdie verband gedoen word.[1] Syfers tot die naaste £10.

Beleggings.

Aantal manlike werkers : 50. Gemiddelde aantal diensjare : 20.

| | Aantal. | Beleggings in Versk. items. | Totaal. |
|---|---|---|---|
| | | £. | £. |
| Groep 1. | 12 | Nil | - |
| Groep 2. | 10 | 40 | 400 |
| Groep 3. | 4 | 50 | 200 |
| Groep 4. | 4 | 60 | 240 |
| Groep 5. | 2 | 70 | 140 |
| Groep 6. | 5 | 80 | 400 |
| Groep 7. | 4 | 90 | 360 |
| Groep 8. | 2 | 100 | 200 |
| Groep 9. | 2 | 120 | 240 |
| Groep 10. | 2 | 140 | 280 |
| Groep 11. | 1 | 180 | 180 |
| Groep 12. | 2 | 200 | 400 |
| Totaal | 50 | Gemid. £60. 16. 0. | Totaal: £3,040. |

1. Noukeuriger besonderhede omtrent alles wat wel versamel word en by huise in stamgebied gevind is, word in latere hoofstukke aangegee.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | |
|---|---|
| Gemiddelde individuele belegging per jaar oor 20 jaar | : £3. 4. 0. |
| Gemiddelde totale belegging per jaar oor 20 jaar | : £160. |
| Totale belegging van 3,500 werkers per jaar | : £11,200. |

Geen opnames is gemaak van beleggings deur vroue nie. Vroue help wel soms met die afbetaling van huisraad ens. maar die man beskou dit nog as synde deur hom gekoop. Kleiner items wat onafhanklik van die mans deur vroue vir die huis aangeskaf word, soos kookgereedskap, breekgoed ens., kom later ter sprake.

12. Ambisie van Werkers t.o.v. verskillende Tipes van Werk:

By ondersoek het geblyk dat die meeste werkers tevrede is met die werk wat hulle het en weinig begeerte toon om 'n verandering te maak. Verskillende redes vir hierdie tevredenheid is aangevoer en kan as volg saamgevat word :

(a) Tevredenheid met die werkgewer as gevolg van ervare redelikheid.
(b) Die feit dat die werk nie te veeleisend is nie.
(c) Genoegsame vrye tyd en gerieflike werksure.
(d) Omdat hulle vertroud is met die werk en nie begerig is om belas te wees met werk waarin hulle nie bedrewe is nie.
(e) Getroue diens by dieselfde werkgewer word gewoonlik na 'n aantal jare beloon met hoër besoldiging.
(f) Die wete dat die besoldiging orals min of meer eenvormig is.
(g) Die permanente aard van die werk.

'n Enkele werker toon tog 'n mate van ambisie en bly steeds op die uitkyk na iets beters. Die redes wat deur sodanige ambisieuse persone opgegee is, was hoofsaaklik die volgende :

(a) Die werk wat hul doen bied geen geleentheid om die een of ander nuttige vaardigheid aan te leer nie. 'n Arbeider in diens van 'n timmerman in die boubedryf leer bv. veel meer as iemand wat vloere vryf.
(b) Dat dit eentonig is om te lank aan te hou met dieselfde werk. Afleweringsjongens kla bv. dat hulle moeg en teë word vir die voortdurende fietsry.
(c) Die strewe na beter besoldiging al sou dit dan ook slegs 'n paar sjielings per maand beteken.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(d) Jong werkers hou veral van afwisselende werk bv. dié van handlangers op vragmotors of by elektrisiëns of dergelyke ambagsmanne wat op verskillende plekke moet werk. Hul streef dan ook na sulke geleenthede.

13. Die Betekenis van die Arbeider vir die Stam en Stam-ekonomie.

Behalwe in die geval van onderwysers is daar vandag in die stamgebied geen ander manier om 'n bestaan te maak as uit boerdery nie. Slegs die mees primitiewe volkere kan op hierdie wyse 'n bestaan voer en dan ook slegs onder gunstige klimaatstoestande. Beskaafde lewensgewoontes, bring groter behoeftes mee as waarin slegs die grond en die veestapel kan voorsien, veral as die woongebied beperk is. Selfs al sou 'n volk maar ten dele 'n beskaafde lewenswyse voer kan hy nie uitsluitlik op die boerdery aangewese wees vir sy onderhoud nie. Die boerdery mag wel in die voedsel voorsien maar 'n beskaafde of halfbeskaafde bestaan kan met voedsel alleen nie gevoer word nie. Daar moet ook ander bronne van inkomste wees en daar moet werk wees vir almal. Daar is min lande in die wêreld waar die boerdery-bedryf aan elke lid van die bevolking voltydse werk kan verskaf. Sommige moet boer en andere moet ander bedrywe beoefen. Elke land moet ook sy industrieë, sekondêre nywerhede, en handel hê anders is sy bedrywighede ongebalanseerd en loop die hele volk gevaar om in ellende te verval.

Bg. stelling is ook van toepassing op die BagaMosêtlha. Hoewel hierdie stam nog lank nie 'n beskaafde lewenspeil bereik het nie, is hy reeds vir 'n eeu lank besig om in daardie rigting te ontwikkel en val dit maklik te begryp dat hy soos enige beskaafde volk meer nodig het as wat deur sy boerdery-bedryf voorsien kan word.

Eie georganiseerde industrieë en nywerhede het die BagaMosêtlha nie. Die stam kan vir sy manne wat by die boerdery oorbodig is nie ander werk verskaf nie. Daar is dus net een uitweg om die gebied van ekonomiese ondergang te red en dit is om van die nywerheidsgebiede van hul blanke bure gebruik te maak deur hul arbeid aldaar aan te bied. Soos uit die voorafgaande blyk benut die BagaMosêtlha hierdie geleentheid dan ook ten volle. Die groot ekonomiese bate wat die stedelike arbeiders vir die stam is word weerspieël deur die syfers wat aangehaal is. Dit is hoofsaaklik aan hierdie ekonomiese bate, soos o.a. later sal blyk, te danke dat die stam in staat is om,

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(a) Hul stamgebied uit te brei deur die aankoop van vrygestelde gebiede deur sindikate of die stam as geheel.

(b) In vennootskap met die blanke owerheid voorsiening te maak vir die opvoeding van hul kinders.

(c) Te voorsien in goeie en duursame behuising vir sy lede en wel op indiwiduele inisiatief.

(d) Die status van hul hoofman met alles wat hy vir die stam beteken te handhaaf.

(e) Tred te hou met die ontwikkeling in die rigting van beskawing.

(f) Hul verpligtinge teenoor die blanke regering in die vorm van belastings na te kom en in ruil daarvoor weer te ontvang :

   (i) Die maak en instandhouding van paaie.
   (ii) Vervoer in die gebied in die vorm van Spoorwegbusse.
   (iii) Die gebruik van alle publieke fasiliteite soos spoorweë, posdienste, paaie ens. in enige deel van die Unie van Suid-Afrika.
   (iv) Vrye mediese dienste en hospitalisasie.
   (v) Opvoedingsfasiliteite vir hul kinders.
   (vi) Boorgate en pompinstallasies vir watervoorsiening.
   (vii) Voorligting en leiding in die landbou en Veeteelt.
   (viii) Ander ongespesifiseerde dienste.

Die stam trek egter nie slegs materiële voordeel uit die stedelike arbeiders nie. Deur hul aanraking met die blanke gemeenskappe en werkgewers leer hierdie lede van die stam ontsaglik veel. Benewens die geleentheid wat hulle het om die Blankes se werksmetodes en doeltreffende organisasie van naby te beskou en daarmee vertroud te raak, leer hulle ook sekere vaardighede aan wat hulle andersins nooit sou hê nie. Hierdie kennis en vaardighede verhef nie slegs die indiwidu tot 'n hoër beskawingspeil nie maar ook die hele stam. Die arbeiders is vakleerlinge in die groot arbeidsveld van hul blanke landgenote en deur hulle ondergaan die stam 'n nasionale vakleerlingskap, die betekenis waarvan op geleë tyd miskien beter verstaan sal word as vandag. Hierdie geleentheid om te leer regverdig tot 'n groot mate dan ook die betreklik lae loon wat die arbeiders kry presies soos dit die geval is met enige ingeskrewe vakleerling.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alle BagaMosêtlha wat vandag in die stede 'n verdienste het verklaar hulle bereid en sien trouens daarna uit om hulle permanent in hul eie woongebied te gaan vestig as daar dieselfde werksgeleenthede sou wees as wat hulle tans weg van hulle tuistes moet agtervolg. Die skepping van sodanige geleenthede is beslis nie buite die kwessie nie en in Hst. 15 kom ons weer daarop terug.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK X.

## DIE HUIDIGE POSISIE VAN DIE HUISGESIN EN SY VERSORGING.

### I. INLEIDING:

In die twee voorafgaande hoofstukke het ons die veranderde lewensomstandighede wat vir die BagaMosêtlha ingetree het geskets en ook aangetoon tot hoe 'n mate die stam reeds gebruik maak van die geleenthede om in die groot industriële sentra van Transvaal te gaan werk. Die omvang van die verdienstes en die feit dat nagenoeg 70% van alle volwasse mans, verteenwoordigend van byna alle huisgesinne in die stamgebied (vgl. p.245), permanente werk het in die groot stede en dit om verskeie redes as noodsaaklik beskou dat hulle sal werk, is in sigself al genoegsaam bewys dat daar 'n fenomenale verandering gekom het in die ekonomiese lewe van die stam. Dit spreek dan ook vanself dat hierdie verandering 'n wesenlike wysiging van die huisgesin as sosiale en ekonomiese eenheid tot gevolg gehad het.

Nuwe behoeftes het ontstaan en die omvang van hierdie nuwe behoeftes en die wyse waarop daarin voorsien word sal algaande deur hierdie studie weerspieël word. Op grond van die kontantverdienstes waartoe so 'n groot persentasie van die stam hul toevlug neem kan ons egter op hierdie stadium reeds tot die gevolgtrekking kom dat die beoefening van die tradisionele bedrywe waaraan elke lid van die huisgesin 'n deel gehad het, geblyk het ontoereikend te wees vir die nuwe eise wat onder die huidige veranderde omstandighede gestel word.

Alvorens ons oorgaan tot die ekonomiese aspekte wat betrekking het op die huisgesin wil ons enkele besonderhede t.o.v. die gesin as sosiale eenheid onder huidige omstandighede kortliks nagaan.

### II. DIE HUIDIGE POSISIE VAN DIE GESIN AS SOSIALE EENHEID.

#### (a) Sy wese en Verhoudings.

Soos reeds aangetoon in hst. 2 (p. 59) is die huisgesin nog soos vroeër 'n belangrike eenheid in die samestelling van die stam. Hierdie eenheid berus vandag egter uitsluitlik op monogamiese huwelike (vgl. bevindinge p.217). Poligamie kom as gevolg van die invloed van die Christelike leer glad nie meer voor nie. Die vader tree nog op as gesinshoof en word met agting be-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



handel deur sy vrou sowel as sy kinders. Die kinders behandel hul moeder met respek en liefde; sy bly inderdaad nog die vernaamste objek van hul toegeneendheid. Teenoor haar kinders openbaar die moeder steeds ware moederliefde wat veral gekenmerk word deur simpatie, hulpvaardigheid, vreugde in hul welsyn en hartseer by hul leed. Die kinders toon onderling 'n merkwaardige gehegdheid aan mekaar. Hulle tree onder alle omstandighede vir mekaar in die bresse en deel in mekaar se vreugde en droefheid. Vir die dogters is hul oudste broer 'n ware held en beskermer. Wanneer hulle in die nood verkeer sal hulle hul in die eerste instansie veel eerder tot hul oudste broer (mogolle - nou dikwels ook genoem au-oetie)[1] wend as tot hul vader. Dit is dan ook die broer se trots om op te tree in belang van sy hulpbehoewende suster. Die kinders se ouderdom bepaal hul senioriteit onder mekaar. Hoewel alle seuns, ongeag hul ouderdom, getrou aan die tradisie 'n hoër status beklee as hulle susters, kom dit algemeen voor dat van die jonger seuns hul ouer susters, en veral die heel oudste, met die meeste agting bejeën. Die dogters is dan ook nie meer so beskeie in hul optrede teenoor hul jonger broers as vroeër nie.

Ten spyte van die bande van liefde wat die verskillende lede van die huisgesin bind is die samehorigheid van hierdie eenheid nie meer so sterk soos vroeër nie. Dit moet veral gewyt word aan die feit dat die vader en soms ook die moeder sowel as die groot seuns en dogters uitgaan om te werk en in verskillende kringe, geskei van mekaar, beland. Hierdie skeiding bring weliswaar nie verbrokkeling van die gesin mee nie maar het tot gevolg 'n mate van individuele onafhanklikheid wat onder vroeëre omstandighede onbekend was. Weens sy afwesigheid kan die vader dan ook nie meer sy vroeëre funksie as gesaghebbende gesinshoof ten volle vervul nie. Die kinders is dikwels aan die sorg van hul moeder oorgelaat en in baie gevalle aan dié van hul grootouers. 'n Neiging tot losbandigheid en onverskilligheid veral onder die groter kinders is reeds duidelik merkbaar. Seuns en dogters tuis het nog gereelde pligte om na te kom maar verslapping het ingetree by die uitvoering daarvan. Die ou vaste lewensmaniere het plek gemaak vir wisselende gedrag en optrede al na gelang van die indiwidu se persoonlike keuse.

Die ooms van vaderskant (borangwane) sowel as die ooms van moederskant (bomalome) word nog almal beskou as 'n kind se vaders met alle regte van

1. Van Ouboetie in Afrikaans.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanmaning e.d.m. aan die benaming verbonde. So is ook die tantes van vaderskant (borakgadi) en van moederskant (bommamogolo) 'n kind se moeders. Al is daar dan ook geen medevrouens soos in die geval van poligamiese huwelike om om te sien na die wese nie, bestaan daar vandag nog nie soiets soos onversorgte weeskinders in Mosêtlha nie. Dit is in die eerste instansie 'n weeskind se rangwane wat volgens ooreenkoms van die vader en familiegroep die verantwoordelikheid aanvaar. Hoewel onder die sorg van 'n rangwane sal die dogters hulle egter altyd tot hul malome wend met hul probleme of in geval van veronregting. Dit gebeur ook dikwels al leef die vader nog.

(b) Die Huwelik.

Die BagaMosêtlha bestaan nog soos vroeër uit patrilinière gesinne. Die lešika (stamboom) word bepaal deur die man en die vrou verlaat haar ouerhuis om saam met haar man by sy ouers of in die omgewing van sy ouers en sy familie van vaderskant te gaan woon. Met die huwelik neem sy ook die familie-naam van haar man aan.

Die tradisionele trouseremonies is vervang deur Christelike gebruike. Anders as vroeër is daar vandag geleentheid vir jong mense om vrylik met mekaar om te gaan en dit, saam met die opkoms van indiwidualisme het tot gevolg gehad dat ouerkeuse van 'n lewensmaat en kinderverlowing onbekende verskynsels is. 'n Jongman trou met 'n vrou van sy eie keuse hoewel onderhandelinge deur die onderskeie families hoofsaaklik nog op die tradisionele wyse plaasvind. Huwelike tussen familie-betrekkinge (veral met die malome se dogter) kom nog dikwels voor maar vroue word nou meer dikwels uit vreemde gesinne en selfs uit vreemde stamme geneem. As gevolg van die nuwe ekonomiese omstandighede trou mans aansienlik later in die lewe (sien statistiek p. 195). Hierdie verskynsel is ook verantwoordelik vir die toenemende buite-egtelike omgang en groot getalle onegte kinders. Bogadi word nog betaal maar gewoonlik in kontant (£40 - £60) en selde in die vorm van beeste.

As 'n jongman 'n gedeelte van die bogadi betaal het is „die deur vir hom oopgemaak" en mag hy geslagtelike omgang met sy aanstaande vrou hê. Kinders wat as gevolg van sodanige omgang gebore word, word nie as buite-egtelik beskou nie en dit is geen ongewone verskynsel as 'n man se finale huwe-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



liksbevestiging plaasvind nadat sy bruid hom reeds twee of meer kinders gebaar het nie. Wanneer die bogadi ten volle betaal is, is die jongman gewoonlik ook nog nie gereed vir die huwelik nie aangesien die geleentheid vandag in die meeste gevalle 'n groter bedrag geld vereis as die bogadi self. 'n Moderne Kgatla-huwelik word net soos in die verlede met twee feeste gevier; die eerste by die tuiste van die bruid en 'n tweede by die tuiste van die bruidegom. Indien moontlik staan die ouers van die bruidspaar in vir die feeste by hulle onderskeie tuistes maar in die meeste gevalle moet die bruidegom self voorsiening maak vir die fees by sy ouerhuis omdat die ouers dit nie kan bybring nie. Die vernaamste feesgeregte is nog groot hoeveelhede pap en vleis (heel dikwels by 'n slaghuis gekoop) en bier. Koeldranke, tee en koek word ook aan die mees geëerde gaste voorgesit.

Dit is egter nie die huweliksfees wat die bruidegom se vernaamste kwelling is nie. 'n Huwelik sonder 'n deftig-geklede bruid en bruidegom met 'n gevolg van twee strooimeisies en twee strooijonkers is haas nie meer denkbaar nie. Vir die bruid se uitrusting, kompleet met skoene, kouse, trourok en sluier sowel as vir sy eie troupak en die uitrusting van die strooimeisies, moet die bruidegom instaan. Strooijonkers, wat gewoonlik familiebetrekkinge of vriende van die bruidegom is, sorg vir hulle eie uitrusting. By geleentheid van 'n huweliksfees wat ons bygewoon het, het die bruidegom ons meegedeel dat die uitrusting waarvoor hy verantwoordelik was, £92 gekos het. Dit is dus te verstaan dat die jongman benewens die bogadi (wat voor die huwelik ten volle betaal moet wees) ook nog 'n aansienlike bedrag moet bymekaar maak voor die huwelik amptelik voltrek en plegtig gevier kan word.

Die hoofman Hendrik Makapan het sy vrou self gekies en sy voorneme om met 'n dogter van Pilane van die BagaKgafêla van Saulspoort te trou (vgl. p. 21) slegs aan die stamraad bekend gemaak. Vir die bogadi het die stam gesamentlik bygedra. Hy het net een vrou en sy is dan ook die <u>mmasetšhaba</u> (vgl. p. 76). Met betrekking tot die huwelik van die hoofman is daar dus weinig van die ou gebruike wat oorgebly het. Die stamhoof se huweliksfees was egter geweldig groot en die hele stam kon daaraan deelneem.

Huwelike in Mosêtlha word, na ons kon vasstel vandag op enkele uitsonderings na, almal amptelik deur die Naturelle-kommissaris voltrek en 'n

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



baie groot persentasie „trou" die dag daarna ook nog in die kerk[1] en dan begin die feestelikhede.

Na al die onkoste van die bogádi en die huwelik self, is daar baie min jong getroude manne wat dit vandag kan bekostig om dadelik 'n eie aanleg met huis en toebehore te maak. Die aangewese weg is dan om op tradisionele wyse intrek te neem by die jongman se ouerhuis. Waar hierdie verblyf in die ouerhuis vroeër dae van betreklik koste duur was is dit vandag egter vir 'n onbepaalde tyd en gebeur dit soms ook dat die jong mense nooit 'n eie aanleg maak nie. Aangesien die jongman byna sonder uitsondering in die stad werk is dit ook nie wenslik dat die bruid met of sonder kinders 'n eie aparte huis in eensaamheid sal bewoon nie. Terwyl die seun(s) se gesin dan onderdak vind by sy vader se huis gaan die vader dan deur as die gesinshoof na wie sy inwonende seun en sy hele gesin opsien as hul hoof en leier met dien verstande dat die jonger vader op sy beurt ook gesag uitoefen oor die lede van sy eie gesin. Soos vroeër is die jongste seun die erfgenaam van die ouerlike aanleg en indien die ouers reeds van gevorderde leeftyd is, sal so 'n seun nie daarna streef om 'n eie huis te bou nie. Dit bly egter steeds die ander seuns se ideaal om op geleë tyd 'n eie woning op te rig waar hul 'n onafhanklike bestaan daarop kan nahou.

Intussen vergader 'n jonggetroude man ameublement - gewoonlik tweedehandse meubels wat hy van tyd tot tyd koop - en vind 'n tydelike stoorplek daarvoor deur sy ouerhuis daarmee te meubileer. Waar ons ook al teenoor ouer persone 'n opmerking gemaak het oor die goeie meubels in die huis, was die antwoord byna sonder uitsondering, „ke tša bana" - dit behoort aan die kinders. Hierdie huisraad sal dan verwyder word sodra die jongman sy eie huis gebou het. 'n Huis word gewoonlik nie gebou alvorens 'n taamlike hoeveelheid ameublement reeds vergader is nie. Op ons vraag aan verskeie getroude mans van die jonger geslag waarom hulle nog nie hulle eie huis gebou het nie, was die antwoord heel dikwels omdat hulle nog nie die nodige huisraad het nie. In sy strewe na 'n onafhanklike bestaan moet 'n jongman dus deur die volgende finansiële laste worstel:

1. Sendingleeraars van buitelandse sendinggenootskappe is nie amptelike huweliksbevestigers nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | |
|---|---|---|---|
| Bogadi | - lenyalo | - diphahlô | - ngwako. |
| Troubeeste | - troufees | - huisraad | - woning. |

Die go tsenêla gebruik waarvolgens 'n afgestorwe man se broer as die man van die agtergeblewe weduwee optree, bestaan nie meer nie. Uit eie produksie en verdienstes sowel as met behulp van haar familiebetrekkinge en volwasse kinders hou 'n weduwee haar huishouding aan die gang en net soos in die geval van Blankes kan sy weer trou. Indien 'n wewenaar nie groot dogters het wat die huishouding kan behartig nie, word hy bygestaan deur sy eie vroulike familie-betrekkinge of dié van sy vrou. As hy wil mag hy weer trou en dit kan wees met 'n jong meisie of met 'n weduwee.[1] Die posisie van wewenaars en weduwees is dus hoofsaaklik soos die geval is onder Blankes.

(c) Samestelling van die Gesin.

Soos reeds aangetoon kom poligamie onder die BagaMosêtlha nie meer voor nie. Uit besonderhede verkry t.o.v. 100 huisgesinne en ook by verdere navraag het geblyk dat alle mans slegs een vrou het. Na aanleiding van ons voorafgaande beskrywing moet onderskei word tussen wat genoem kan word 'n enkelvoudige gesin en 'n samegestelde gesin. Met 'n enkelvoudige gesin word in hierdie verband bedoel 'n gesin waar 'n jong of middeljarige vader sy eie aanleg het, verwyderd van sy ouers en dus as die enigste gesinshoof erken word. 'n Samegestelde gesin darenteë, sal wees 'n gesin waar die jong getroude seun(s) met sy vrou en kinders by sy vader inwoon d.w.s. op die geaardheid van 'n patriargale gesinne-stelsel.

Tipiese huisgesinne in Mosêtlha bestaan dus uit,

(i) Die vader (gesinshoof) die moeder en die kinders,

of

(ii) Die Grootvader (gesinshoof), 'n Grootmoeder met of sonder afhanklike kinders, 'n getroude seun, sy vrou en kinders (soms ook meer as een getroude seun).

Die feit dat die grootvader so dikwels die hoof van 'n gesin is, bring mee dat die afwesigheid van baie vaders ten spyt, baie huisgesinne in werklikheid nie sonder 'n gesinshoof is nie. Uit besonderhede in hierdie verband verkry t.o.v. 100 gesinne het die volgende aan die lig gekom:

---

1. Vir 'n weduwee betaal 'n man nie bogadi nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Samegestelde gesinne waar die Grootvader gesinshoof is ........54%

Enkelvoudige gesinne waar die Vader gesinshoof is ............46%

Gevalle waar die gesinshoof tuis is ..........................67%

Gevalle waar geen gesinshoof tuis is nie ....................33%

Daar dien op gelet te word dat die hoë persentasie gevalle waar daar wel 'n gesinshoof tuis is, toegeskryf moet word aan die meergenoemde verskynsel dat die grootvader aanvaar word as hoof. Mens moet jou hieroor egter geen illusies maak en dit as 'n verblydende verskynsel beskou nie. In die meeste gevalle is die grootvaders vanweë hulle hoë ouderdom en daarmee gepaardgaande verminderde strengheid nie instaat om die pligte van 'n aktiewe gesinshoof na te kom nie. Die feit dat daar tog 'n verantwoordelike man is wat 'n mate van beheer kan uitoefen, is wel vertroostend.

Soos in vroeëre tye is daar heel dikwels ook ander volwasse afhanklikes wat tot 'n huisgesin behoort bv. ou mense wat hulpeloos is en versorg moet word, 'n weduwee of ongetroude suster van die vrou of man, 'n ongetroude manlike familiebetrekking, weeskinders, aangenome kinders e.d.m. Aangenome kinders (wees of andersins) word egter as eie kinders beskou.

'n Nuwe toevoeging tot middeljarige of ouere egpare is die onegte kinders van hul volwasse dogters.[1] Soos meermale al aangetoon gaan baie dogters uit om in blanke stede te werk en asof dit 'n heel natuurlike verskynsel is, kom die oorgrote meerderheid op gesette tye terug na hul ouerhuis om geboorte te gee aan buite-egtelike kinders. Hulle vertoef dan tuis tot die kinders sterk genoeg is om aan die sorg van hul ouma oorgelaat te word en gaan dan terug werk toe. Tensy hulle intussen met die vader van hul eerste kind trou of 'n ander huwelik aangaan, is dit goed moontlik dat hulle 'n tweede en derde kindjie by hul ouers gaan agterlaat. Sommige het 'n hele aantal buite-egtelike kinders en trou nooit nie. Solank hierdie ongehude moeders werk dra hulle egter getrou by tot die onderhoud van die huis waar hul kind (ers) versorg word.

By 100 huisgesinne is die volgende besonderhede t.o.v. die verskillende tipes kinders en afhanklikes aangetref. Daar dien op gelet te word

1. Kinders van verloofde dogters word nie as buite-egtelike beskou nie en gaan in die huisgesin voorlopig deur as die kinders van hul grootvader (van moederskant).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat volwasse mans en vroue (sommige waarvan werk) bygereken is indien hulle „kinders" van die gesinshoof is en dat skoondogters nie ingesluit is nie.

| | | |
|---|---|---|
| Totale aantal eie kinders van 100 gesinshoofde | : | 529 - Gemid. 5.3. |
| Totale aantal kleinkinders van 100 gesinshoofde | : | 128 - Gemid. 1.3. |
| Totale aantal buite-egtelike kinders in huise | : | 180 - Gemid. 1.8. |
| Totale aantal ander afhanklikes | : | 26 - Gemid. .3. |

Aangesien die kleinkinders apart aangetoon word sou die totale aantal kinders behorende aan 100 enkelvoudige gesinne 529 wees en volgens hierdie gegewens kom die gemiddelde aantal kinders per egpaar dus te staan op 5.3. As enkelvoudige en samegestelde gesinne egter saamgevat word en die buite-egtelike kinders ook bygereken word, kom die totale gemiddelde aantal kinders per huisgesin te staan op 8.4. Daar dien op gelet te word dat die buite-egtelike kinders ook kleinkinders is. Hoewel dit skyn of die getal buite-egtelike kleinkinders die ander oortref, moet in gedagte gehou word dat alle kleinkinders nie in die grootouers se huis is nie. Later, indien die ongehude moeders trou gaan hul buite-egtelike kinders nie meer as sodanig deur nie.

Om die totale aantal persone per huisgesin te bereken moet by die aantal kinders ook nog gevoeg word die vaders, moeders, skoondogters en ander afhanklikes. Besonderhede vir genoemde 100 gesinne is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Aantal vaders ................ | 100 | |
| Aantal moeders ............... | 100 | |
| Aantal skoondogters .......... | 64 | |
| Totale aantal kinders ........ | 837 | (insluitende getroude seuns). |
| Aantal afhanklikes ........... | 26 | |
| Totaal: | 1,127 | persone. |

Van bg. kan dus afgelei word dat die gemiddelde aantal persone wat verbonde is aan een en dieselfde gesin te staan kom op 11.3 en vir praktiese doeleindes 12. As in aanmerking geneem word dat die hele stam uit nagenoeg 20,000 siele bestaan (vgl. hst. 2) kom die aantal huisgesinne te staan op 1,666. Ten einde vas te stel of hierdie berekening nie 'n totale verkeerde weergawe van die werklikheid is nie, het ons met behulp van die onderwysers werksaam by die

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verskillende plaaslike gemeenskappe die huisgesinne, d.w.s. eenhede wat in dieselfde aanleg (woning) woon, getel. Volgens hierdie telling is die syfer 1,725. Die berekening is dus heeltemaal bevredigend. Ons bepaal ons egter by die syfer volgens ons berekening d.w.s. 1,666. Aangesien hierdie syfer nog dikwels sal gebruik word by berekeninge in die hoofstukke wat volg en aangesien ons liewer konserwatief as liberaal wil wees in enige berekening wil ons vir verdere doeleindes die aantal huisgesinne stel op die ronde syfer van 1,600. Daar dien egter op gelet te word dat indien alle samegestelde gesinne opgesplits word in enkelvoudige gesinne, die gemiddelde aantal persone per gesin veel laer sal wees maar dan sal daar ook veel meer gesinne wees. Soos aangetoon is die gemiddelde aantal kinders per egpaar 5.3 d.w.s. enkelvoudige gesinne sal bestaan uit 7.3 persone en vir praktiese doeleindes 8. Met hierdie syfer per gesin sou die totale aantal gesinne te staan kom op 2,500.

Die volgende tabel toon die verskillende groottes van gesinne insluitende vader en moeder :

| | |
|---|---|
| 2 - 3 persone | 3% |
| 4 - 6 persone | 20% |
| 7 - 9 persone | 36% |
| 10 -12 persone | 27% |
| 13 -15 persone | 8% |
| 16 -18 persone | 6% |

Dit blyk dus dat die meeste gesinne bestaan uit tussen 7-12 persone d.w.s. gemiddeld 10 persone. Hiervan is gewoonlik 2-4 weg om te werk en besoek die huis slegs sporadies soos in hst. 9 uiteengesit.

## III. VERSORGING VAN DIE GESIN.

Soos reeds aangetoon in Deel II van die studie was die versorging van die gesin in vroeëre tye nie 'n verantwoordelikheid wat veel probleme opgelewer het nie. Elke lid van 'n gesin het bepaalde pligte gehad wat skynbaar op heel natuurlike wyse nagekom is. Die verwaarlosing van sodanige pligte was 'n uitsonderlike en tewens ook onnatuurlike verskynsel. Die huisgesin het as 'n organiese eenheid vir sy eie onderhoud produseer. Met die bydrae van die vader, moeder, seuns en dogters was die gesin van goeie versorging

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verseker en indien die elemente die gewone gang van sake nie in die war gestuur het nie, was die gesin ook steeds gevrywaar teen gebrek. Die kleding en voedsel was min of meer eensoortig. Daar was nie duur en goedkoop klere nie, daar was nie rykmanskos teenoor die skamele dis van die arme nie en die primitiewe huislike geriewe het weinig van huis tot huis verskil. Die versorging van die gesin het nie afgehang van die middele wat die broodwinner tot sy beskikking gehad het nie; dit was nie nodig om te koop nie. Al wat miskien van gesin tot gesin verskil het was hoeveelhede maar dit was slegs bepaal deur die ywer van die betrokke persone en die behae wat hulle geskep het in die vervaardiging van benodigde artikels en die produksie van voedsel. In die algemeen was daar skynbaar egter geen ambisie om meer klere en voedsel te hê as wat nodig was nie. Bekommernis in die strewe na sekuriteit was onbekend. Oorvloed in gunstige tye het beteken oorvloed om te verorber en geensins om vir 'n volgende moontlik swakke seisoen op te gaar nie. Die ambisie om groot kuddes beeste te hê was, soos aangetoon nie van besondere materiële betekenis nie.

Die versorging van die kinders het slegs daaruit bestaan dat hulle goed gevoed moes word, skamel gekleed, en origens buite gevaar gehou moes word. Die opvoeding het spontaan en ongemerk gekom. Goeie klere vir die kerk en skool was nie nodig nie, fooie vir die skool en alles wat daarmee in verband staan is laste waarmee die ouers eers later sou kennis maak. Mediese dienste en geneesmiddels wat vandag voortdurend gesoek word en teen betaling verkry word, was in vroeëre tye veel goedkoper en indien nodig ook kosteloos. Die versorging van die huisgesin was dus 'n taamlike eenvoudige taak. Vandag is dit egter 'n las wat met oorleg en inspanning aangepak moet word. Alle moderne benodighede kan nie self produseer word nie. Veel moet gekoop word en die omvang van die versorging kan anders as vroeër in terme van ponde, sjielings en pennies bereken word. Hierdie betaalmiddels word hoofsaaklik verkry deur kontantverdienstes en die beoefening van die tradisionele landbou- en pastorale bedrywe. Besonderhede omtrent hierdie bronne van inkomste op 'n gesinsbasis en in hoeverre die verskillende lede van 'n gesin nog soos vroeër as 'n eenheid bydra in die vorm van werk of kontant word in hierdie en latere hoofstukke bespreek. As uitgangspunt gee ons hier eers 'n uiteensetting van die wese en omvang van die versorging onder huidige omstandighede.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die versorging van die huisgesin kan onder die volgende hoofpunte saamgevat word :

(a) Behuising en huishoudelike toerusting.[1]

(b) Bevalling en ander tuisverpleging.

(c) Kleding.

(d) Voeding.

(e) Diverse onkoste insluitende formele opvoeding.

(f) Verpligtinge teenoor die owerheid.

(a) Bevalling en ander tuisverpleging:

Die omvang van mediese dienste soos deur die landsowerheid tot beskikking van die stam gestel, word in hst. 14 volledig behandel. Hier kan net kortliks aangestip word in hoeverre die stam van sodanige dienste sowel as private dienste gebruik maak.

Hoewel daar nog 'n enkele toordokter onder die BagaMosêtlha aangetref word, het ons vasgestel dat hierdie gevreesde en gewaardeerde praktisyns vandag heeltemaal op die agtergrond getree het en beslis 'n ondergeskikte posisie inneem. Die stam is baie van sy bygeloof kwyt en heg die meeste waarde aan wetenskaplike mediese behandeling. Slegs in die geval van enkele naamlose siektes wat die geneesheer nie met sukses kan behandel nie, word die toevlug in radeloosheid tot die toordokter geneem. Sulke siektes word beskou as egte „Kgatla siektes" - malwetsi a Sesotho - waarvan die Blankes klaarblyklik nie kennis dra nie en dus op erkende Kgatla-wyse behandel moet word. Daar is ook sekere tradisionele geneesmiddels of rate wat selfs vandag nog nie versmaai word nie. Hierdie rate word onder alle volkere aangetref en die aanwending daarvan het heel dikwels die gewenste uitwerking.

Waar kwale in vroeëre tye hoofsaaklik beperk was tot maagpyn, „bloed" (d.w.s. hoofpyn en ander neurotiese pyne), verkoue en betowering is dit vandag gebruiklik om 'n gevoel van siekte toe te skrywe aan die gebrekkige funksie van een of ander orgaan. Alvorens 'n dokter geraadpleeg word maak die pasiënt of sy versorgers dan gewoonlik eers self 'n diagnose en wend een of ander van die groot verskeidenheid patente medisynes aan wat by die plaaslike algemene handelaar te koop is. Sommige middels is beproef en word son-

1. Hierdie aspek word apart en volledig in hst. 11 behandel.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



der raad gekoop en gedrink. Dit gebeur egter dikwels dat die pasiënt by die winkelier medisyne vra vir die lewer, vir die niere, vir griep e.d.m. So tree die handelaar dan op as apteker wat volgens die opskrif van sy bottels 'n middel het vir byna enige denkbare kwaal.

Van die mees algemene medisynes wat by plaaslike handelaars aangetref word en vrylik gebruik word is die volgende: Vir hartkloppings die ou bekende Hollandse middels soos rooi laventel, wit dulsies en Hoffmannsdruppels. Balsem kampifa vir maagpyn en om as ontsmettingsmiddel soos jodium aan oop wonde te smeer. Vir algemene swakheid en veral swak senuwees is Heinz se senuwee-versterker 'n beproefde en gewilde middel. Vir verkoue en griep word Chamberlain's hoesmiddel, inflamasie-olie, borsdruppels, bloekomolie en Vicks op uitgebreide skaal gebruik. Purgeermiddels soos kasterolie, Engelse sout en vrugtesout is algemeen bekend maar dit skyn of Brooklax met sy aangename smaak hierdie middels in toenemende mate vervang. Vaseline is 'n uiters gewilde preparaat wat vir allerlei doeleindes, o.a. sere, aangewend word maar skynbaar die meeste om die vel mee in te smeer. Vir die verwagtende moeders word patente kraamdruppels en die hieraan verwante krampdruppels vry algemeen gebruik om haar krampe en ander ongesteldhede te stil. Vir die baba se magie word olyfolie gebruik, vir winde die alombekende gripewater en vir stuipe entrance drops. Verdowingsmiddels soos aspro en aspirin word op onverskillige wyse gebruik om 'n hoofpyn te stil. In die meeste gevalle is die Bakgatla slegs bewus van die bevredigende uitwerking van hierdie pille sonder die vaagste benul van die nadelige uitwerking wat die oormatige gebruik daarvan op die maag, die hart en gevolglik die hele sisteem kan hê. 'n Geval is ons bekend van 'n onderwyser wat byna daagliks gepla was met hoofpyn en ook geweldig gely het aan hardlywigheid. Met die hardlywigheid het hy na geneeshere gegaan maar geen behandeling het die gewenste uitwerking gehad nie. Wat die dokters egter nie geweet het nie was dat die pasiënt met enkele uitsonderinge daagliks 2, 3 of 4 aspro-pille gedrink het vir sy hoofpyn. In 'n inspeksie-kring met sowat 500 onderwysers het daar gedurende die afgelope 3 jaar gemiddeld 3 onderwysers per jaar gesterf aan hartverlamming. Hoewel ons geen afdoende bewys daarvoor het nie, kan met 'n taamlike mate van sekerheid aangeneem word dat die oorsaak hiervoor gevind kan word in die onoordeelkundige gebruik van pyndoders.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die stamgebied is benewens 'n enkele toordokter geen kruiedokter nie en sover ons kon vasstel word van kruie as geneesmiddel nog nie op groot skaal gebruik gemaak nie. In Pretoria en Johannesburg is egter kruiedokters met florerende praktyke en dit kom tog dikwels voor dat van die werkers uit die stamgebied vir hul eie kwale of dié van familie-betrekkinge deur die kruiedokter van die nodige voorsien word. Om 'n volledige lys van alle patente medisynes, kruie en die kwale waarvoor dit gebruik word te maak sou 'n aparte studie vereis. Wat egter van belang is, is die feit dat die versorging van die gesin vandag mediese dienste insluit wat 'n nie te geringe item op die begroting is nie. Ons het probeer vasstel hoeveel presies deur deur elke huisgesin gespandeer word aan geneesmiddels. Dit was 'n baie moeilike taak maar gemiddeld 22/- per jaar per gesin skyn by benadering 'n aanduiding te wees. Daar dien op gelet te word dat aandag van die distriksgeneesheer en geneesmiddels van die kliniek kosteloos verkry word.

Die gebruike met bevalling kom grootliks nog ooreen met wat dit was in vroeëre tye. In die hele stamgebied is daar geen hospitaal of kraaminrigting nie; slegs in die nabyheid van die hoofstat is daar 'n kliniek met een gekwalifiseerde naturelle verpleegster.[1] Die naaste georganiseerde fasiliteite vir bevallings is in Pretoria. Hoewel enkele moeders dan ook 'n kraaminrigting in Pretoria besoek, word verreweg die meeste babas tuis sonder professionele bystand gebore. Die plaaslike verpleegster wat ook 'n gekwalifiseerde vroedvrou is, se hulp word soms ingeroep maar in die meeste gevalle word dit nie as noodsaaklik beskou nie.

Vir haar eerste bevalling gaan 'n jong vrou net soos vroeër na haar ouerhuis waar sy al die nodige hulp van haar moeder en ander ouer vrouens ontvang. Onder haar familiebetrekkinge is daar altyd een of meer vroedvroue wat op grond van hul jarelange ervaring en erkende vaardigheid die meeste vertroue geniet en dan ook as die vernaamste helpers by die bevalling optree. Hierdie vorm van plaaslike hulp kom ooreen met wat die geval vroeër was en skakel al dadelik die moderne hospitaalkoste uit al sou hierdie koste dan ook deur die staat gedra word.

Die verwagtende jong moeder doen vandag egter veel meer aan voorbereiding as vroeër. Verskeie dinge moet vir die baba in gereedheid gebring

---

1. Sien Hoofstuk 14 vir verdere informasie in hierdie verband.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word. 'n Uitrusting bestaande uit doekies, nagrokkies, onderhempies, 'n tjalie, een of twee kombersies en 'n handdoek benewens poeier, toiletseep, olyfolie, pypkan (voedingsbottel) met speen en ander kleinighede, moet aangeskaf word. By ondersoek is vasgestel dat 'n moeder gemiddeld die volgende uitrusting in gereedheid bring teen die koste wat aangedui word :

| | £. | s. | d. |
|---|---|---|---|
| 12 Doekies teen 3/- elk ........................ | 1. | 16. | 0. |
| 3 Nagrokkies teen 8/- elk .................... | 1. | 4. | 0. |
| 3 Onderhempies teen 2/6 elk .................. | 0. | 7. | 6. |
| 1 Handdoek teen 10/- ......................... | 0. | 10. | 0. |
| 2 Kombersies teen 15/- elk ................... | 1. | 10. | 0. |
| 1 Tjalie teen £2.10.0. ....................... | 2. | 10. | 0. |
| 1 Botteltjie olyfolie teen 2/- ............... | 0. | 2. | 0. |
| 1 Blikkie Johnson's babapoeier ............... | 0. | 2. | 6. |
| 1 Koekie toiletseep .......................... | 0. | 0. | 6. |
| 1 Pypkan met speen ........................... | 0. | 2. | 6. |
| Diverse ...................................... | 0. | 5. | 0. |
| Totaal: | 8. | 10. | 0. |

In enkele gevalle word ook voorsiening gemaak vir 'n wiegie en kinderbedjie maar dit word beskou as vaste uitrusting.

Soms kry die moeder vir haar self ook spesiale uitrusting vir die bevalling maar dit gebeur nie dikwels nie. Haar gewone klere, beddegoed e.d.m. doen ook diens vir die geleentheid. Haar voeding tydens die bevalling is doodgewoon hoewel haar helpers probeer om dit smaaklik voor te berei en van haar verneem waarvoor sy op verskillende tye lus voel.

Vir die bevalling word die moeder in 'n aparte kamer afgesonder. Onmiddelik na geboorte word die naelstring omtrent 'n duim lank afgebind met 'n garedraad. Die kindjie word met lou water en toiletseep gewas, soms ook met vaseline ingesmeer en aangetrek. Vir die was van die moeder word 'n ontsmettingsmiddel (meesal dettol) by die waswater gevoeg. Na alles afgehandel is mag die vader en ander lede van die gesin na die baba kom kyk maar nie een van die twee mag die kamer verlaat nie. Persone wat nie tot die huisgesin behoort nie mag die moeder nie sien voordat sy na tien dae na vore kom nie. Die baba mag uitgebring word en aan belangstellendes getoon word nadat die naelstring afgeval het en dit is gewoonlik na 3-4 dae.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Indien die baba nie dadelik aan die moeder kan drink nie kry dit 'n bietjie lou water met die pypkan en kunsmatige speen. In sommige gevalle word 'n speen gemaak van dun linne; dit word geweek en dan suig die kleintjie die water uit. In gevalle waar die moeder nie die kind self kan voed nie word 'n dun mieliepap met verdunde melk (1 deel melk, 2 dele water) in die linnespeen gestop sodat die baba deur daaraan te suig al die vloeistof uitsuig. Gewone kunsmatige voeding van verdunde beesmelk met 'n gewone gekoopte pypkan skyn egter die mees algemene metode te wees.

Na die tien dae kom die moeder te voorskyn en rus dan gewoonlik nog vir 2 of 3 weke voor sy na haar eie huishouding teruggaan om haar gewone pligte te hervat en die baba alleen te versorg. Feesvierings by die geboorte van kinders kom skynbaar nie meer voor nie.

Vir die tweede en daaropvolgende bevallings bly 'n vrou by haar eie huis en kom haar moeder, skoonmoeder en ander naasbestaandes oor om haar te help en ook om haar huishouding vir haar waar te neem, solank sy onbekwaam is om dit te doen.

(b) Kleding.

Die meeste klere van die gesin word klaar gekoop. Daar word wel nog klere tuis gemaak maar anders as vroeër is dit nou die vrouens se taak om tekstielstowwe van Europese fabrikaat te omskep in kledingstukke. Van sendingwerksters, van huisvrouens waar hulle werk en vir die afgelope 30 jaar veral ook in die skool, leer die vrouens om naaldwerk te doen en om die naaimasjien te gebruik. Byna alle groot dogters en volwasse vrouens kan netjies met die naald werk. 'n Kleiner aantal kan ook 'n naaimasjien hanteer. Ons het vasgestel dat ongeveer 75% van alle huishoudings ten minste een naaimasjien het en dit word op toenemende wyse aangeskaf. Van die een wat die masjien aanvanklik kan hanteer leer ook die ander hoe om daarmee te werk. Om 'n rok of ander kledingstuk aanmekaar te werk met die hand of masjien lewer geen moeilikheid op nie. Die uitsny van die kledingstuk is egter 'n kuns wat slegs enkeles verstaan. Diegene wat die vaardigheid ken verleen egter gereedelik hulp aan die onbeholpenes. Enkeles wat hierdie werk besonder goed verstaan kommersialiseer hulle vaardigheid en vra 'n klein fooi van een sjieling vir die uitsny van 'n kledingstuk. Ingewikkelde kledingstukke soos baadjie-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



pakke en mansklere word selde gemaak en die naaisters durf hoofsaaklik rokke, bloeses, onderklere, kleinkinderklere e.d.m. aan. Breiwerk word op groot skaal gedoen en reeds op baie jeugdige leeftyd begin die meidjies musse en ander eenvoudige artikels brei en dit is verbasend om te sien watter goeie truie en selfs rokke deur die meer gevorderdes gebrei word. So het die tradisionele tuisnywerhede plek gemaak vir die tuisnywerhede van die witman.

Die vader sien self toe dat hy gekleed gaan en koop sy eie klere - baie dikwels tweedehandse klere. Die moeder kleed haarself en haar afhanklike kinders; in die meeste gevalle moet die vader egter die middele voorsien. Met die geld tot haar beskikking koop die moeder klaargemaakte klere indien nodig maar in die meeste gevalle word materiaal gekoop en in kledingstukke verwerk. Vir die dogters word selde klaargemaakte klere gekoop, vir die kleiner seuntjies word dikwels ook eenvoudige hempies en broekies gemaak maar vir die groter seuns word die klere meestal klaar gekoop.

Soos reeds aangetoon word baie klere tweedehands gekoop, vroueklere word meesal self gemaak, baie items is geskenke en weens die wisselende bronne en pryse is dit 'n onbegonne taak om te probeer vasstel wat 'n persoon se toerusting gekos het. Dit was wel moontlik om die verskillende kledingstukke wat 'n persoon het aan te teken en hoewel die gehalte en waarde geweldig wissel het ons getrag om by benadering vas te stel wat die gemiddelde kontantwaarde van verskillende persone se uitrustings eintlik is. Dit word geredelik toegegee dat hierdie waardeskatting uiters arbitrêr is maar aangesien die bepaling op eenvormige wyse geskied, het dit tenminste 'n relatiewe betekenis.

Teneinde die syfers so verteenwoordigend moontlik te maak is besonderhede aangestip ten opsigte van vier tipes persone t.w.

1. 'n Volwasse man.
2. 'n Skoolgaande seun.
3. 'n Volwasse vrou.
4. 'n Skoolgaande dogter.

1. <u>'n Volwasse man.</u> Die vernaamste kledingstukke van 'n man is broeke, hemde en baadjies. Van hierdie items het elke man een of meer terwyl 'n groot persentasie ook nog benewens skoene en sokkies, truie, hoede en

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onderhemde het. Die meeste besit ook 'n jas.

Vir die bepaling van die kontantwaarde het ons die volgende aanneemlike pryse t.o.v. die verskillende items gebruik :

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Broek | £2. | Hemp | £1. | Trui | £1.10.0. | Pr. Skoene | £1.10.. | Hoed | 15/- |
| Baadjie | £3. | O. Hemp | 4/-. | Pr. Sokkies | 4/-. | Jas | £5.0.0. | Kombers | - £2.0.0. |

Onderstaande tabel toon besonderhede t.o.v. 100 verteenwoordigende volwasse mans:

Kledingstukke (Mans).

| Item. | Totale Aantal per 100. | Kleinste aantal per persoon. | Hoogste Aantal per persoon. | Gemiddeld per persoon. | Waarde per persoon. £. | s. | d. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Broeke | 406 | 2 | 9 | 4.6 | 9. | 4. | 0. |
| Hemde | 407 | 1 | 12 | 4.7 | 4. | 14. | 0. |
| Baadjies | 306 | 1 | 7 | 3.1 | 9. | 6. | 0. |
| O. Hemde | 189 | 0 | 6 | 1.9 | 0. | 7. | 7. |
| Truie | 95 | 0 | 3 | 1.0 | 1. | 10. | 0. |
| Jasse | 88 | 0 | 2 | .9 | 4. | 10. | 0. |
| Pr. Skoene | 197 | 0 | 6 | 2.0 | 3. | 0. | 0. |
| Pr. Sokkies | 239 | 0 | 18 | 2.4 | 0. | 9. | 7. |
| Hoede | 100 | 1 | 1 | 1.0 | | 15. | 0. |
| Komberse | 352 | 2 | 7 | 3.5 | 7. | 0. | 0. |
| Totaal: | - | - | - | - | 40. | 16. | 2. |

Volgens konserwatiewe berekening soos hierbo uiteengesit kom die waarde van die gemiddelde man se persoonlike uitrusting (die belangrikste items) dus te staan op ongeveer £40.

Die volgende tabel toon die verspreiding van bg. uitrusting onder 100 mans.

Persentasie besitters van Verskillende aantal items.

| Aantal. | 0. | 1-2. | 3-4. | 5-6. | 7-8. | 9-10. | Meer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Broeke | - | 16% | 55% | 22% | 5% | 2% | - |

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Aantal. | 0. | 1-2. | 3-4. | 5-6. | 7-8. | 9-10. | Meer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hemde | - | 26 | 47 | 11 | 12 | 2 | 2 |
| Baadjies | - | 44 | 45 | 8 | 3 | - | - |
| O. Hemde | 20% | 53 | 24 | 3 | - | - | - |
| Truie | 27 | 70 | 3 | - | - | - | - |
| Jasse | 12 | 85 | 3 | - | - | - | - |
| Pr. Skoene | 5 | 71 | 21 | 3 | - | - | - |
| Pr. Sokkies | 24 | 44 | 19 | 9 | 1 | - | - |
| Hoede | - | 100 | - | - | - | - | - |
| Komberse | - | 20 | 69 | 8 | 3 | - | - |
| Totaal : | - | - | - | - | - | - | - |

2. Skoolgaande Seun. Seuns het aanmerklik minder klere as mans. Almal het egter ten minste 'n hemp en 'n broek en die grootste persentasie twee van elk. Die meeste het ook een of meer baadjie, trui en onderhemp. Die meerderheid het ook 'n paar skoene maar 'n groot persentasie besit geen sokkies nie. Skoene word inderdaad ook net Sondae (kerk toe) en by spesiale geleenthede gedra met die gevolg dat hulle dikwels vir die besitter te klein word voordat hulle opgedra is en dus aan 'n jonger broer oorgemaak kan word. Ons het opgemerk dat baie min seuns ná skool verklee om sodoende die goeie skoolklere uit te spaar. Die rede wat hiervoor gegee word is omdat die seuns nie meer as twee uitrustings het nie en terwyl die een gedra word moet die ander gewas en herstel word.

Vir die waardeskatting van seunsuitrusting word die volgende as basis geneem :

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Kort broekie | 15/- | Baadjie | £2.0.0. | Pr. Skoene | £1.0.0. |
| Hemp | 15/- | Trui | £1.0.0. | Pr. Sokkies | 3.0. |
| O. Hemp | 3/6 | Jas | £3.0.0. | Hoed | 15.0. |
| Kombers | £1.10.0. | | | | |

Kledingstukke (Seuns).

| Item. | Totale aantal per 100. | Kleinste aantal per persoon. | Hoogste aantal per persoon. | Gemiddeld per persoon. | Waarde per persoon. £. | s. | d. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Broeke | 298 | 1 | 8 | 3 | 2. | 5. | 0. |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Item. | Totale aantal per 100. | Kleinste aantal per persoon. | Hoogste aantal per persoon. | Gemiddeld per persoon. | Waarde per persoon. £. | s. | d. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hemde | 277 | 1 | 8 | 2.8 | 2. | 2. | 0. |
| Baadjies | 132 | 0 | 5 | 1.3 | 2. | 12. | 0. |
| O. Hemde | 98 | 0 | 4 | 1.0 | | 3. | 6. |
| Truie | 81 | 0 | 3 | 1.0 | 1. | 0. | 0. |
| Jasse | 52 | 0 | 1 | .5 | 1. | 10. | 0. |
| Pr. Skoene | 90 | 0 | 3 | 1.0 | 1. | 0. | 0. |
| Pr. Sokkies | 64 | 0 | 3 | .6 | | 1. | 9. |
| Hoede | 82 | 0 | 1 | .8 | | 12. | 0. |
| Komberse | 257 | 1 | 4 | 2.6 | 3. | 18. | 0. |
| Totaal: | - | - | - | - | 15. | 4. | 3. |

Die persoonlike uitrusting van 'n skoolgaande seun kom dus te staan op nagenoeg £15 gemiddeld. Dit is dus aansienlik minder as dié van 'n volwasse man maar is nietemin 'n goeie aanduiding dat die seuns nie te skamel gekleed gaan nie. Die verspreiding van die verskillende items word deur die volgende tabel weerspieël:

Persentasie besitters van verskillende aantal items.

| Aantal. | 0 | 1-2. | 3-4. | 5-6. | 7-8. | 9-10. | Meer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Broeke | - | 49% | 41% | 9% | 1% | - | - |
| Hemde | - | 55 | 39 | 4 | 2 | - | - |
| Baadjies | 9% | 83 | 7 | 1 | - | - | - |
| O. Hemde | 33 | 63 | 4 | - | - | - | - |
| Truie | 26 | 72 | 2 | - | - | - | - |
| Jasse | 48 | 52 | - | - | - | - | - |
| Pr. Skoene | 28 | 70 | 2 | - | - | - | - |
| Pr. Sokkies | 59 | 36 | 5 | - | - | - | - |
| Hoede | 18 | 82 | - | - | - | - | - |
| Komberse | - | 55 | 44 | 1 | - | - | - |

3. Volwasse vroue. Die vroue gaan hoofsaaklik net soos blanke vroue ge-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kleed en die grootste persentasie besit die gewone kledingstukke soos onderklere, rokke, baadjies, truie, kouse en skoene. Die ouer vroue se mode is hulle eie en bestaan gewoonlik uit lang Duitse sis-rokke wat tot by die enkels kom. Die jonger en ongehude vroue se drag is meer in ooreenstemming met die heersende mode soos dit in blanke gemeenskappe aangetref word. Die meeste lê hulle daarop toe om netjies en smaakvol geklеed te gaan en sien daar selfs besonder deftig uit op Sondae by die kerk of by spesiale geleenthede. Goeie baadjiepakke met bypassende hoed en skoene volgens voorskrif van die nuutste mode is by geleenthede geen sonderlinge verskynsel nie. Soos die besonderhede wat volg aandui besit sommige vroue 'n groot aantal rokke wat dan ook spreek van 'n groot verskeidenheid. Een van die vernaamste ambisies van 'n jong vrou wat in die stad werk is om op geleë tyd terug te gaan huis toe met 'n groot reistas vol klere en veral rokke. Hierdie klere versamel hulle deur van tyd tot tyd nuwe of tweedehandse stukke te koop, met behulp van hul werkgeefster te maak en veral ook deur dit as geskenke te ontvang. Dit verskaf so 'n jong vrou louter genot om haar versameling tuis uit te pak, aan haar mense te toon en om party stukke aan haar moeder of tuisgeblewe susters te gee as geskenke. By die terugkeur van 'n ouer suster is die jonger susters dan ook altyd vol verwagting vir wat hulle gaan aanskou en veral vir wat hulle gaan ontvang. Die jong vroue het meer klere as die ouer vroue en soos in die geval van blanke vrouens, is die vernaamste waarde van kleredrag vertoon en nie soseer bedekking en ander utiliteitsoorwegings nie. Hierdie neiging by vroue kan egter nie beskou word as nuwe oriëntering nie aangesien die beskeie kledingstukke van vel in vroeëre tye ook so goed moontlik versier is met krale en aangevul is met allerlei ornamente wat bedoel is om die vrou se voorkoms aantreklik te maak.

Hoewel die meeste vrouens een of meer pare skoene het, loop die ouere vrouens gedurende die week byna sonder uitsondering kaalvoet. Dit is deels om die skoene nie onnodig te verniel nie maar hoofsaaklik omdat hulle dit veel gemakliker vind. Indien skoene nog buitenstyd gedra word, word kouse selde of ooit anders as by spesiale geleenthede en Sondae gedra.

Baie min van die ouer vroue het hoede en slegs sommige van die jongeres besit soiets. 'n Kopdoek van mooi effe kleure of geblomde materiaal

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skyn die mees gewilde koptooisel te wees. Ongehude jong vroue dra soms 'n mussie (berót) maar dit word meer bepaald deur skooldogters gedra.

Almal streef daarna om 'n warm jas te hê hoewel daar nog 'n hele aantal skyn te wees wat dit nie het nie. By die ouer vroue vervul 'n goeie tjalie wat om die skouers gewikkel word nog dikwels die funksie van 'n jas.

Onderstaande gegewens toon die vernaamste persoonlike uitrusting van 100 vroue (van verskillende ouderdomme) soos by ondersoek aangeteken is. Die waardeberekening is op die volgende enigsins konserwatiewe pryse gebaseer.[1]

| | | |
|---|---|---|
| Rokke - £2.0.0. | Stelle onderklere 15/- | Truie £1.10.0. |
| Baadjie - £2.0.0. | Jasse £4.0.0. | Kouse 6/-. |
| Skoene - £1.5.0. | Koptooisel 5/-. | Komberse £2.0.0. |

<u>Persoonlike Uitrusting</u> (Vroue).

| Item. | Totale Aantal per 100. | Kleinste aantal per persoon. | Hoogste Aantal per persoon. | Gemiddeld per persoon. | Waarde per persoon. £. | s. | d. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Rokke | 592 | 2 | 18 | 6 | 12. | 0. | 0. |
| St. onderklere | 404 | 2 | 12 | 4 | 3. | 0. | 0. |
| Baadjies | 114 | 0 | 8 | 1.1 | 2. | 4. | 0. |
| Jasse | 80 | 0 | 4 | .8 | 3. | 4. | 0. |
| Truie | 123 | 0 | 4 | 1.2 | 1. | 16. | 0. |
| Pr. Kouse. | 191 | 0 | 15 | 1.9 | | 10. | 5. |
| Pr. skoene | 204 | 0 | 5 | 2.0 | 2. | 10. | 0. |
| Koptooisel | 308 | 2 | 6 | 3.0 | | 15. | 0. |
| Komberse | 379 | 2 | 8 | 3.8 | 7. | 12. | 0. |
| Totaal: | - | - | - | - | 33. | 11. | 5. |

Die gemiddelde waarde van die vrou se uitrusting kan dus gestel word op nagenoeg £33. Dit moet beskou word as 'n konserwatiewe syfer want afgesien van die laagste pryse wat vir die verskillende items vasgestel is, is daar ook nog allerlei ander besittings soos oorbelle, serpe, halssnoere, arm-

1. Hierdie pryse is na veel ondervraging vasgestel. Kopdoeke kos gemiddeld 5/-. Hoede is ook teen 5/- gereken want 'n nuwe hoed word selde gekoop en die prys van 'n tweedehandse is sover ons kon vasstel nie veel hoër nie. Buitendien bestaan die koptooisel merendeels uit kopdoeke en beróts wat ook 5/- kos.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bande e.d.m. wat nie bygereken is nie.

Die volgende tabel toon die verspreiding van bg. besittings onder genoemde 100 vroue:

Persentasie besitters van verskillende aantal items.

| Aantal. | 0. | 1-2. | 3-4. | 5-6. | 7-8. | 9-10. | 11-15. | Meer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Rokke | - | 7% | 28% | 34% | 17% | 8% | 5% | 1% |
| St. Onderklere | - | 19% | 51% | 24 | 4 | 1 | 1 | - |
| Baadjies | 31% | 61 | 5 | 2 | 1 | - | - | - |
| Jasse | 34 | 65 | 1 | - | - | - | - | - |
| Truie | 12 | 85 | 3 | - | - | - | - | - |
| Pr. kouse | 25 | 46 | 21 | 6 | 1 | - | 1 | - |
| Pr. Skoene | 3 | 68 | 28 | 1 | - | - | - | - |
| Koptooisel | 0 | 41 | 47 | 12 | - | - | - | - |
| Komberse | - | 14 | 63 | 19 | 4 | - | - | - |

4. <u>Skoolgaande dogters:</u> Dogters het oor die algemeen veel meer klere as seuns. Dit moet hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat hulle klere goedkoper is en omdat dit in die meeste gevalle tuis gemaak word. Die rokkies is baie eenvoudig maar pas gewoonlik mooi. Die spoggerige klere wat deur sommige volwasse vroue gedra word besit die kinders nie. Goed 90% van die meisiekinders besit springjurke en wit hemde wat skool-toe gedra word. Dit is eenvormige skooldrag waarop die onderwysers in toe-nemende mate aandring. Hoewel byna elke skoolgaande dogter een of meer pare skoene besit loop hulle byna altyd kaalvoet en word die skoene slegs kerk toe en by spesiale geleenthede gedra. Hoede besit hulle nie maar byna almal het gebreide mussies of gekoopte berêts. Dit is opvallend hoe skoon, netjies en heel die klere van die meisies (in die skool) ge-woonlik is.

Onderstaande gegewens is aangeteken t.o.v. 100 skoolgaande dog-ters se persoonlike besittings. Die kosteberekening is op die volgende pryse gebaseer:

Rokke £1.5.0. Baadjie £1.10.0. Trui £1.0.0. Pr. Skoene £1.0.0.
St. Onderklere 10/-. Jas £2.10.0. Kouse 2/6. Mussies 5/-. Komberse £1.10.0.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Persoonlike uitrusting (Dogters).

| Item. | Totale aantal per 100. | Kleinste aantal per persoon. | Hoogste aantal per persoon. | Gemiddeld per persoon. | Waarde per persoon. £. | s. | d. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Rokke | 407 | 2 | 9 | 4 | 5. | 0. | 0. |
| St. Onderklere | 284 | 1 | 6 | 2.8 | 1. | 8. | 0. |
| Baadjies | 66 | 0 | 4 | .7 | 1. | 1. | 0. |
| Jasse | 47 | 0 | 2 | .5 | 1. | 5. | 0. |
| Truie | 108 | 0 | 4 | 1 | 1. | 0. | 0. |
| Pr. Kouse | 106 | 0 | 3 | 1 | | 2. | 6. |
| Pr. Skoene | 110 | 0 | 4 | 1 | 1. | 0. | 0. |
| Mussies | 160 | 1 | 3 | 1.6 | | 8. | 0. |
| Komberse | 266 | 1 | 5 | 2.7 | 4. | 0. | 0. |
| Totaal: | - | - | - | - | 15. | 4. | 6. |

Dit blyk dus dat die gemiddelde skoolgaande dogter persoonlike besittings het van ongeveer £15. Hierby is kleinighede in die vorm van ornamente e.d.m. nie gereken nie en dit kan met 'n taamlike mate van sekerheid konstateer word dat die presiese bedrag eerder heelwat hoër as laer dan £15 sal wees. Ons stel ons egter steeds ten doel om te waak teen 'n te liberale berekening.

Persentasie besitters van verskillende aantal items.

| Aantal | 0. | 1-2. | 3-4. | 5-6. | 7-8. | 9-10. | 11.15. | Meer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Rokke | - | 15% | 49% | 31% | 4% | 1 | - | - |
| St. Onderklere | - | 48 | 45 | 7 | - | - | - | - |
| Baadjies | 44% | 54 | 2 | - | - | - | - | - |
| Jasse | 58 | 42 | - | - | - | - | - | - |
| Truie | 13 | 83 | 4 | - | - | - | - | - |
| Pr. kouse | 37 | 55 | 8 | - | - | - | - | - |
| Pr. skoene | 9 | 90 | 1 | - | - | - | - | - |
| Mussies | - | 85 | 10 | 5 | - | - | - | - |
| Komberse | - | 38 | 60 | 2 | - | - | - | - |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



By ondersoek het geblyk dat voorskoolse kinders oor die algemeen baie min persoonlike besittings het. Die kleertjies wat hierdie kleintjies het, het gewoonlik so 'n geringe waarde dat ons dit nie nodig geag het om aparte besonderhede daaromtrent aan te teken nie. Sodra 'n kind skool toe gaan word vir hom/haar spesiale voorsiening gemaak t.o.v. klere en daarmee styg die waarde van so 'n kind se persoonlike uitrusting aanmerklik. Die voorskoolse kind word slegs van die allernoodsaaklikste kledingstukkies voorsien; hy slaap by sy ouer broers of susters en het dus ook nie aparte komberse nie. By ondersoek het ons tot die gevolgtrekking gekom dat die paar stukkies klere wat die klein kinders het nie op meer as £2.10.0. gestel kan word nie.

Noudat ons vasgestel het wat die gemiddelde waarde van die persoonlike uitrusting van verskillende persone blyk te wees, is dit interessant om te bereken wat die gesamentlike waarde van 'n deurslag huisgesin se persoonlike besittings sal wees. Argumentshalwe word 'n gesin geneem wat bestaan uit vader, moeder, 2 voorskoolse kinders, 2 skoolgaande dogters en een skoolgaande seun. Ons vind dan die volgende :

| | | | |
|---|---|---|---|
| Persoonlike besittings van die vader .................... | £ 40. | 16. | 2. |
| " " " " moeder .................... | £ 33. | 11. | 5. |
| " " " 2 skooldogters ................ | £ 30. | 9. | 0. |
| " " " 1 skoolseun .................... | £ 15. | 4. | 3. |
| " " " 2 voorskoolse kinders ......... | £ 5. | 0. | 0. |
| Totaal : | £125. | 0. | 10. |

Hoewel ons nou nie kan vasstel hoeveel jaarliks spandeer word aan die gesin se klere nie, dui bg. berekening aan dat uitrusting ter waarde van nagenoeg £125 per gesin in stand gehou moet word. As depresiasie op 25% gestel word[1] kom die koste-item op ± £30 per jaar te staan.

(c) Voeding.

Die tradisionele dieëet van die BagaMosêtlha bly vandag nog op halstarige wyse voortbestaan. Waar die kleding van vroeër feitlik totaal gewyk het voor die westerse kleredrag en ten volle daardeur vervang is het die

1. Mening van die Firma Hock, Wiehahn & Cross. Rekenmeesters, Pretoria.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voedsel van vroeër nog geensins van die toneel verdwyn nie. Kafferkoringpap en veral die suur vorm daarvan (ting), afgewissel met mieliepap, vorm onder die Bakgatla nog steeds die stapelvoedsel soos voorheen. Bygeregte van vleis, droë bone, veldgroente e.d.m. saam met genoemde stapelvoedsel wat gewilde disse van die voorvaders was, is vandag nog net so gewild en ons kan sonder twyfel beweer dat as daar te kies sou wees tussen hierdie geregte en die westerse geregte waarmee dit aangevul word, die BagaMosêtlha sonder die minste aarseling sal hou by hul tradisionele voedsel. Sover ons kon vasstel het daar selfs by die voorbereiding van hierdie voedsel nog geen verandering ingetree nie. Al verskille wat genoem kan word is die meganiese wyse waarop die graan gemaal word en die westerse kookgereedskap wat in die meerderheid van huishoudings aangetref word.

Die vernaamste voedselbenodighede waarmee die tradisionele voedsel aangevul word is tee en suiker. Dit is trouens die enigste twee items wat by ondersoek in alle huishoudings aangetref is en dit wil voorkom of dit by die stam feitlik onontbeerlik geword het. Hoewel brood nie op die gereelde spyskaart van alle gesinne is nie, is dit 'n baie gewilde voedselsoort en word dit taamlik gereeld deur die grootste persentasie gesinne gebruik. Sommige bak hul eie brood, ander koop bakkersbrood by die plaaslike handelaars. By ondersoek het geblyk dat 86% gesinne, indien nie daagliks nie, dan ten minste weekliks brood op tafel het. Konfyt is baie gewild maar word beskou as 'n luukse item en hoewel dit vry algemeen gebruik word, word die brood waarby dit gaan meesal droog saam met tee genuttig. Botter, met grondboontjiebotter as plaasvervanger, word baie selde gebruik vir die eenvoudige rede dat dit te duur is. Van alle europese groentes word vry algemeen gebruik gemaak van aartappels en tot 'n mindere mate ook van tamaties. Dit skyn asof ander groentesoorte nie te gewild is nie. Alle vrugtesoorte is baie gewild maar baie min word vir huislike gebruik gekoop. Die enigste vrugte waarvan 'n noemenswaardige hoeveelheid ooit geëet word, is lemoene en die voorliefde vir hierdie vrug is merkwaardig. Dit bly egter soos ander vrugte vir die stam slegs 'n lekkerny waaraan nie veel gespandeer kan word nie. Koffie word slegs deur 'n baie geringe persentasie gedrink.

Die voorbereiding van die voedsel word nog soos in vroeëre tye deur die moeder en haar dogters behartig hoewel alle volwasse mans en selfs

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ook opgeskote seuns goeie koks is. Dat die mans kan kook is egter ook nie 'n nuwe verskynsel nie aangesien alle mans vroeër op een of ander tydstip in hulle lewe self hul voedsel by die veeposte moes voorberei. Die huidige metodes van voorbereiding is soos reeds aangetoon, dieselfde as wat dit vroeër was.

Waar dit voorheen die gewoonte was om slegs twee maaltye per dag te nuttig word daar vandag in ooreenstemming met die westerse gebruik drie maal per dag geëet nl. 'n ligte maal in die oggend en in die middag en 'n groter maaltyd saans. Wat alles by elk van hierdie maaltye voorgesit word, wissel na gelang van omstandighede en wat alles beskikbaar is. Geen maaltyd is egter volledig sonder kafferkoring- of mieliepap nie; dit is die essensiële en vorm die basis van die maaltyd. Genoemde drie maaltye bestaan dan gewoonlik uit die volgende:

1. Ontbyt (tussen 7-8 vm.) Sagte pap (mofokotso) met rou sout. Baie keer is dit die enigste ontbyt maar in die somer of wanneer daar ook al koeie in die melk is word die sagte pap met melk geëet. Diegene wat dit kan bybring gebruik ook tee (swart is byna net so gewild as met melk) met suiker vir ontbyt. Die pap word aangevul met 'n stukkie brood indien beskikbaar.

2. Middagmaal (1 uur). Dit bestaan byna deurgaans uit die oorgeblewe sagte pap wat vir ontbyt voorberei is. By die kook in die oggend word dan ook rekening gehou met die middagmaal. Hierdie koue sagte pap word ook merendeels sonder enige bygereg geëet. As daar is word tee met suiker daarby genuttig, anders niks nie. Dit word soms ook aangevul met brood.

3. Die Aandmaal. (7 nm.) Dit is 'n warm maaltyd bestaande uit stywe pap met 'n bygereg van vleis, droë bone, groen groente of melk. Tee met suiker word gewoonlik ook by hierdie maaltyd gebruik. Ons het onder die indruk gekom dat die aandmaal die enigste is waar alle lede van die gesin hul werklik versadig eet.

Die jare wanneer die oeste 'n sukses is, is daar betreklike oorvloed onder die BagaMosêtlha; dan hoef geen gesinshoof hom te bekommer oor die stapelvoedsel vir sy gesin nie en die beskikbare kontantgeldjies kan aan-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewend word vir aanvullende voedsel soos brood, konfyt, tee, suiker en gereelde vleis.[1] Wanneer die oeste egter weens droogte nie die nodige oplewer nie is daar beslis skaarste en dit is vir die meeste huisgesinne 'n voortdurende probleem hoe om die pot aan die kook te hou. Die enkele meelsak staan gewoonlik op 'n paar klippe in die stoorkamer en as dit tot onderkant helfte gesak het, moet in baie gevalle allerlei planne beraam word hoe om dit deur 'n volle te vervang. Wanneer daar oorvloed is, is daar ook gereeld van die tradisionele graanbier om tussen die maaltye te nuttig andersins bestaan hierdie voorreg net vir die mees gegoedes. Andere kan slegs 'n sporadiese drankie maak teen betaling by 'n vrou wat daarvan (op heel klein en onbenullige skaal) 'n besigheid maak. Bier bly egter steeds 'n baie gewilde drank en as dit maar enigsins moontlik is brou elke huisvrou 'n hoeveelheid vir eie gebruik. Die meel van uitgeloopte graan (mohlaba) vir die maak van bier word soms self voorberei maar dikwels by die handelaar gekoop.

Verreweg die meeste wonings het 'n eetvertrek met tafel en stoele. In baie gevalle word van die eetkamer slegs by spesiale geleenthede gebruik gemaak en verder glad nie. Die manlike en vroulike lede van die gesin geniet hulle ete apart van mekaar op enige plek in die lapa of die kombuis waar hulle gemaklik op die grond plaasneem. Alle lede van die gesin mag gelyktydig eet maar hulle verdeel in groepe. Die mans eet nie saam met die vrouens of enige van die kinders nie; die dogters mag saam met die vrouens eet maar indien daar 'n aantal van elk is eet hulle ook apart van mekaar. Hierdie groepering vir die ete is 'n tradisionele Kgatla-gebruik en dit is miskien hoofsaaklik hieraan toe te skrywe dat die gemeenskaplike westerse eettafel nie ingang kan vind nie. By goeie Christelike gesinne is dit die gebruik dat die voedsel by die tafel bedien (uitgedeel) word en net voor dit gedoen word moet almal om die tafel vergader sodat die vader of sy plaasvervanger die seën kan vra.

Die houtborde van vroeër is vervang deur porselein- of emaljeborde of bakkies. Elke huishouding het ook alle europese eetgerei maar alles word nie gereeld gebruik nie. Tafelmesse en vurke kom selde na vore. Lepels word vry algemeen gebruik maar dit wil ons voorkom of die meeste dit veel aangenamer vind om veral harde pap op eg tradisionele wyse met die hand te eet.

---

1. Daar is tans drie slaghuise in die stamgebied.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op feesdae en enige ander geleenthede van „groot maaltye" word die tafel behoorlik gedek en word die maaltyd (hoofsaaklik deur volwassenes) met mes en vurk aangedurf. Die hantering van hierdie gereedskap geskied deurgaans nog op baie onverfynde wyse en die eters vind die gebruik daarvan klaarblyklik nog baie ongemaklik.

Skoonheid by die bereiding, bediening en gebruik van voedsel word deur die BagaMosêtlha as 'n vereiste gestel en daar word dan ook getrag om dit te handhaaf. Kook- en eetgereedskap word onmiddelik na die maaltyd gewas terwyl die hande (soms ook die gesig) voor, sowel as na ete gewas word. Ons het egter opgemerk dat skottelgoed en hande heel dikwels in baie vuil water gewas word en dan ook met 'n smerige handdoek of vadoek afgedroog word. Hoewel vuilgoed dus verafsku word, word blykbaar nie rekening gehou met die reinheid van die reinigingsmiddels nie. Die gebruik van 'n vuil handdoek of vadoek kan toegeskryf word aan die feit dat dit nuwe toevoegings is tot die stam se huishoudelike toerusting en dat dit uit die europese lewenswyse oorneem is sonder afdoende afrigting in die gebruik daarvan. Ook die gladde oppervlakte van porselein en emaljeware vereis nie die sorgvuldige reinigingsproses wat nodig was vir houtborde en kalbasse nie met die gevolg dat die Kgatla huisvrou dikwels onder die illusie verkeer dat haar swakgewaste eetgerei silwerskoon is.

Dit bring ons dan by die tipe voeding wat aangetref word en die gemiddelde kontant-waarde daarvan per maand. Dit spreek vanself dat alles wat geëet word nie gekoop word nie. Die bedrae wat by ons statistiek aangetoon word is bereken teen die heersende pryse van voedselware, of dit nou gekoop is of self geproduseer is. Slegs enkele huisgesinne vind dit moeilik om van dag tot dag die pot aan die kook te hou, 'n taamlike groot persentasie voer 'n gemiddelde lewe maar niemand het dit ten alle tye baie breed nie.

Kafferkoring- of mieliepap, tee en suiker word gereeld deur alle huisgesinne gebruik. Ander voedselware soos vleis, melk, droë bone ens. word deur sommige gereeld gebruik en deur andere nie. Daar dien egter op gelet te word dat selfs dié gesinne wat sekere voedsel nie gereeld het nie, dit wel soms het. Die afwesigheid daarvan moet slegs toegeskryf word aan die feit dat 'n verskeidenheid nie gereeld bekostig kan word nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Onderstaande syfers is gebaseer op besonderhede verkry van 100 verteenwoordigende huisgesinne versprei oor die stamgebied en kan beskou word as 'n baie getroue weergawe van wat die posisie werklik is. Die ongespesifiseerde items sluit in sout, peper, suurdeeg, biermeel (Mohlaba), tabak, medisyne ens.

Voedselkoste per Maand (Mei 1951).[1]

| Item. | Persentasie wat gebruik. | Totaal vir 100 gesinne. | Laagste uit 100 gesinne. | Hoogste uit 100 gesinne. | Gemiddeld vir 100 gesinne. |
|---|---|---|---|---|---|
| | | £. s. d. | £. s. d. | £. s. d. | £. s. d. |
| Meel | 100 | 195. 4. 0. | 10. 0. | 5. 0. 0. | 1. 19. 0. |
| Bone | 34 | 10.17. 0. | - | 13. 6. | 2. 2. |
| Groente | 38 | 17. 5. 0. | - | 1. 5. 0. | 3. 3. |
| Brood | 86 | 33.10. 6. | - | 1.10. 0. | 6. 8. |
| Konfyt | 49 | 7. 9. 0. | - | 8. 0. | 1. 6. |
| Botter | 7 | 2. 2. 6. | - | 11. 0. | 0. 5. |
| Vleis | 90 | 39.15. 0. | - | 1.10. 0. | 8. 0. |
| Vet | 55 | 8. 6. 0. | - | 10. 0. | 1.10. |
| Melk | 38 | 36. 3. 6. | - | 4. 0. 0. | 7. 3. |
| Vrugte | 19 | 4.19. 0. | - | 15. 0. | 1. 0. |
| Tee | 100 | 36. 4. 0. | 2. 0. | 1. 2. 6. | 7. 3. |
| Koffie | 13 | 2.11. 6. | - | 9. 0. | 0. 6. |
| Suiker | 100 | 49.17. 6. | 2. 6. | 1.10. 0. | 10. 0. |
| Ander | 100 | 65.16. 0. | 2. 6. | 2.10. 0. | 13. 2. |
| Totaal: | 100 | 510. 0. 0. | - | - | 5. 2. 0. |

Persentasie gesinne t.o.v. verskillende bedrae van voedselkoste.

Voedselkoste per maand.

| £1 - 2. | £2 - 3. | £3 - 4. | £4 - 5. | £5 - 6. | £6 - 7. | £7 - 8. | £8 - 9 | Meer |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3% | 20% | 23% | 12% | 14% | 8% | 6% | 11% | 3% |

Uit bg. ontleding blyk dat ongeveer 30% huisgesinne as lewenskoste bokant die gemiddelde uitstyg wat voeding betref. Dit kan ge-

doeltelik

1. Dit is 'n wintermaand en daar was dus geen groentes ens. uit die landerye nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toegeskryf word aan ruimer maaltye maar moet hoofsaaklik gewyt word aan groter gesinne. Daar is ook bemiddelde persone wat 'n taamlike oop huis daarop nabou en gaste vrylik ontvang en trakteer.

Elke huisgesin besit sy eie woning wat gewoonlik by voltooiing ook ten volle betaald is en by die lewenskoste hoef dus geen huurgeld vir behuising in berekening gebring te word nie.

(d) Ander Kontant Onkoste.

Onder vroeëre omstandighede sou die lewenskoste met die versorging van die gesin afgehandel wees. Vir enige gemeenskapsdienste wat daar was is geen fooi of ander betaalmiddel bygedra nie. Dit was slegs van elkeen verwag om sy/haar dienste te lewer vir wat ook al in die gemeenskaplike belang gedoen moes word. Onder die huidige omstandighede word veel meer gedoen in die algemene belang maar die arbeid van die stam as sulks of aangewese groepe, word selde hiervoor sonder vergoeding ingespan. Net soos in 'n westerse gemeenskap word 'n bydrae gemaak in die vorm van 'n fooi wat betaal word om dan vir bepaalde gemeenskapsdienste aangewend te word. Vir owerheidsdienste soos in hoofstuk 14 uiteengesit word, word deur elke volwasse man 'n hoofbelasting van £1 per jaar betaal.[1] 'n Verdere belasting van 10/- per jaar vir aanwending deur die Plaaslike Raad (Local Council) moet ook betaal word. Hoewel onderwys vry is, is die regering nie instaat om tred te hou met die snelle toename in behoefte vir hierdie dienste nie en kan slegs 'n beperkte aantal onderwysers vir die verskillende gemeenskappe beskikbaar gestel word. Dit het tot gevolg dat daar by byna elke skool 'n sg. „privaat klas" is wat onderrig word deur 'n onderwyser wie se salaris deur die ouers self bygebring word. Leesboeke en ander klasboeke word ten dele deur die Onderwysdepartement voorsien maar alle skryfbehoeftes moet die leerlinge self verskaf. T.o.v. die opvoeding moet dus voorsiening gemaak word vir skoolfooie (betaling van privaat onderwyser) en skoolboeke.

'n Enkele huisgesin het iemand op kosskool vir wie se losies ens. voorsiening gemaak moet word. 'n Groot persentasie behoort aan 'n begrafnisgenootskap waarvoor ook gereelde bydraes gemaak moet word. Dan is daar

1. Mans oor 65 jaar kry vrystelling van hoofbelasting.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ook bydraes wat gereeld vir die kerk betaal word. Benewens die genoemde items is daar ook nog ander diverse uitgawes bv. private mediese dienste, reisgelde, herstelwerk aan voertuie en implemente, toegangsgelde vir skoolkonserte e.d.m.

Aangesien hierdie bykomstige onkoste oor die algemeen taamlik laag is, is dit nie moontlik om die verskillende items op 'n maandelikse basis te bereken nie hoewel 'n gemiddelde maandelikse syfer afgelei kan word van die totale jaarlikse uitgawes.

Daar dien op gelet te word dat daar van tyd tot tyd heffings op die stam gelê word vir die aankoop van grond, die oprigting van 'n skoolgebou of ander stamonderneming. Sulke heffings moet as aparte onkoste beskou word (soms as 'n belegging) en kan nie beskou word as gereelde onkoste wat deel moet uitmaak van enige statistiese gegewens wat hier aangegee word nie.

Besonderhede omtrent bykomstige, min of meer gereelde uitgawes is by dieselfde 100 huisgesinne ten opsigte waarvan ander gegewens verkry is, gemaak en die volgende het aan die lig gekom.

Ander kontant-onkoste per jaar.

| Item. | Persentasie betrokke. | Totaal vir 100 gesinne. | Laagste uit 100 gesinne. | Hoogste uit 100 gesinne. | Gemiddeld vir 100 gesinne. |
|---|---|---|---|---|---|
| | | £. s. d. | £. s. d. | £. s. d. | £. s. d. |
| Hoofbelasting | 78 | 78. 0. 0. | - | 1. 0. 0. | 15. 5. |
| Pl. belasting | 92 | 46. 0. 0. | - | 10. 0. | 9. 3. |
| Skoolfooie | 45 | 16. 19. 0. | - | 1. 0. 0. | 3. 5. |
| Skoolboeke | 73 | 70. 15. 0. | - | 4. 0. 0. | 14. 6. |
| Losiesfooie. | 5 | 115. 9. 0. | - | 45. 0. 0. | 1. 3. 0. |
| Kerkfooie | 93 | 73. 15. 0. | - | 5. 0. 0. | 14. 9. |
| Begrafnis | 80 | 20. 13. 0. | - | 15. 0. | 4. 2. |
| Dienste gehuur | 11 | 19. 15. 0. | - | 6.10. 0. | 4. 0. |
| Ander | 98 | 163. 18. 0. | - | 8.18. 6. | 1.12. 9. |
| Totaal: | - | 605. 4. 0. | - | - | 6. 1. 3. |
| Per maand: | - | 50. 8. 8. | - | - | 10. 1. |

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Persentasie t.o.v. verskillende bedrae per jaar.

| £1-5. | £6-10. | £10-15. | £15-20. | £20-25. | Meer. |
|---|---|---|---|---|---|
| 66% | 24% | 5% | 1% | 3% | 1%. |

Met die gegewens dusver tot ons beskikking kan ons nou tot die gevolgtrekking kom dat die gemiddelde totale maandelikse lewenskoste per huisgesin op die volgende te staan kom :

| | |
|---|---|
| Aan klere soos bereken (25% van £125 p.j.) ........... | £ 2. 10. 0. + |
| Aan gereelde maandelikse voedselkoste ................ | £ 5. 2. 0. |
| Aan ander onkoste soos uiteengesit .................. | £ 0. 10. 1. |
| Totaal : | £ 8. 2. 1. |

(e) Voorsiening vir Versorging uit kontantverdienstes.

Die landbou en veeboerdery as bronne van inkomste word volledig behandel in hoofstukke 12 en 13 respektiewelik. Aansluitend by die voorafgaande besonderhede omtrent die huisgesin en sy versorging wil ons hier egter ook die aandag wy aan die kontantverdienstes van die gesin en die bydraes wat daaruit gemaak word vir sy onderhoud. Hierdie verdienstes kan ons soos volg indeel :

(i) Kontantverdienstes van die gesinshoof waarop die gesin tot 'n groot mate kan reken.

(ii) Kontantverdienstes van ander gesinslede met eie afhanklikes en daarmee gepaardgaande verantwoordelikhede wat min of meer gereelde bydraes maak.

(iii) Bydraes van gesinslede wat gemaak word op vertoë aan hulle gerig of bywyse van sporadiese geskenke veral in die vorm van klere en voedsel.

In nagenoeg elke huisgesin is daar een of meer persone wat 'n kontantverdienste het. Vroeër sou sodanige verdienstes alles vir die onderhoud van die hele gesin aangewend word. Hoewel daar vandag nog spore van hierdie vroeëre stelsel van samewerking is, is dit lank nie meer so radikaal nie. Die nuwe bedeling het vir byna elke lid van die gesin persoonlike behoeftes meegebring waarin voorsien moet word. Hy moet bv. sy eie klere koop,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voorsiening maak vir sy onderhoud by die werk, sy reisgelde betaal, sy belastings betaal, sy bogadi self bymekaar maak en so meer. Dit het tot gevolg dat 'n jong arbeider sonder vrou en kinders slegs maar ten dele kan bydra tot die benodighede van die gesin waartoe hy/sy behoort. Terwyl ouers die meeste van hul verdienstes tot beskikking van hul gesin stel, openbaar ongetroude werkende seuns en dogters in 'n toenemende mate 'n individualistiese neiging en is om redes reeds genoem, soms genoodsaak om hul verdienstes grootliks vir persoonlike behoeftes aan te wend. Hul bydrae tot die behoeftes van die gesin is uiters gering en in baie gevalle beperk tot geleenthede wanneer die nood druk en 'n beroep op hulle gedoen word om te help. Die hoof van 'n gesin (of die vader van 'n ondergeskikte gesin) kan dus nie meer reken op spanwerk in belang van sy gesin as geheel nie en moet steeds in gedagte hou dat hy sy kinders grootmaak om op betreklik jeugdige leeftyd onafhanklik te word sonder die versekering dat hulle dan enige verdere belang in die res van hul huisgenote se versorging sal hê. Die kleinste ekonomiese eenheid neig dus vandag om nie meer die huisgesin te wees nie maar die individu.

Dit moet toegegee word dat daar enkele gevalle is waar werkende jongmense op prysenswaardige wyse bydra tot die onderhoud van hul afgeleefde ouers of jonger broers en susters. Hierdie bydrae geskied nie altyd in die vorm van kontant nie maar dikwels bywyse van geskenke in die vorm van klere en sekere voedselware soos tee, suiker en mieliemeel. Om dié rede was dit dan ook nie moontlik om enige syfers t.o.v. sodanige hulp te versamel nie. Ons het ook onder die indruk gekom van die feit dat dit slegs 'n uitsonderlike geval is waar 'n werkende seun of dogter so onverskillig sal wees om hulp te weier wanneer hulle mense tuis in nood verkeer. Mens kan dan redelikerwys aanneem dat die gesamentlike verdienstes van die lede van 'n gesin ten minste 'n waarborg is vir die lewensnoodsaaklikhede van die gesin as geheel. Dit is dan ook in hierdie opsig dat daar nog spore is van die vroeëre selfonderhoudende kenmerk van hierdie eenheid.

In sommige gevalle verdien die gesinshoof alleen kontant, in ander gevalle is dit slegs volwasse kinders wat werk en dan word gevalle ook aangetref waar die gesinshoof sowel as sekere kinders 'n kontantverdienste het. Uit 'n totaal van 100 gesinne is die volgende besonderhede aangeteken:

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

| | |
|---|---|
| Gesinshoofde met kontantverdienste elders .............. | 33% |
| Gesinshoofde met kontantverdienste tuis ................ | 2% |
| Gesinshoofde wat pensioen ontvang ...................... | 5% |
| Totaal met kontant-inkomste ..................... | 40% |

In bg. gevalle is verder vasgestel dat die volgende aantal kinders in blanke stede 'n kontantverdienste het :

| | |
|---|---|
| Aantal groot seuns wat werk ................. | 99 |
| Aantal groot dogters wat werk ............... | 47 |
| Totale aantal (getroud en ongetroud).. | 146 |

Die gemiddelde aantal werkende kinders per huisgesin kom dus te staan op 1.5. Uit die 100 gevalle is daar 61% gesinne met een of meer werkende kinders en 39% met slegs kleiner kinders wat nog nie kan werk nie.

Die volgende verdere afleidings is gemaak :

| | |
|---|---|
| Gesinne met werkende gesinshoofde (en/of moeders)......... | 15% |
| Gesinne met werkende gesinshoofe <u>en</u> kinders .............. | 20% |
| Gesinne met slegs werkende kinders ...................... | 54% |
| Gesinne met afhanklikes wat pensioen kry ................ | 7% |
| Gesinne met <u>geen</u> kontant verdienste ..................... | 4% |

Uit bg. blyk dus duidelik dat 'n baie geringe persentasie van die BagaMosêtlha-huisgesinne uitsluitlik van die tradisionele bedrywe afhanklik is vir 'n lewensbestaan. Weliswaar word die meeste kontant deur die kinders verdien. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat 54% gesinne samegestelde gesinne is (sien p. 218) waar 'n getroude seun ook gesinshoof is van 'n ondergeskikte gesin waarvoor hy die volle verantwoordelikheid moet dra. By elke gesin is daar gemiddeld 1.8 buite-egtelike kinders (p.219) waarvoor die moeders indien hul 'n kontantverdienste het ook 'n gereelde bydrae sal maak. Daar is dus 'n groot aantal werkende kinders wat as gevolg van selfopgelegde verantwoordelikhede gereeld bydra tot die versorging van die hele gesin. Soos aangetoon kan ook die verdienstes van diegene wat geen verantwoordelikhede het nie beskou word as 'n soort reserwe wat in tyd van nood uitkoms kan gee.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(i) Maandelikse verdienstes van gesinshoofde.

| | | Totaal. £. | s. | d. | Gemiddeld. £. | s. | d. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen kontantverdienste | 60% | | - | | | - | |
| £0 - 5 per maand | 7% | 13. | 10. | 0. | 1. | 18. | 7. |
| £5 - 8 per maand | 11% | 85. | 5. | 0. | 7. | 15. | 0. |
| £8 - 10 per maand | 14% | 131. | 10. | 0. | 9. | 7. | 10. |
| £10 - 12 per maand | 5% | 49. | 10. | 0. | 9. | 18. | 0. |
| £12 - 14 per maand | 3% | 39. | 0. | 0. | 13. | 0. | 0. |
| Totaal : | 100% | 318. | 15. | 0. | 3. | 3. | 9. |

(ii) Maandelikse verdienstes van ander lede wat gereeld bydra.

| | | Totaal. £. | s. | d. | Gemiddeld. £. | s. | d. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen kontantverdienste | 19% | | - | | | | |
| £0 - 5 per maand. | 18% | 54. | 13. | 4. | 3. | 0. | 9. |
| £5 - 10 per maand | 15% | 119. | 10. | 0. | 7. | 6. | 0. |
| £10 - 15 per maand | 15% | 204. | 15. | 0. | 13. | 13. | 0. |
| £15 - 20 per maand | 13% | 220. | 0. | 0. | 17. | 0. | 0. |
| £20 - 25 per maand | 9% | 210. | 0. | 0. | 23. | 6. | 8. |
| £25 - 30 per maand | 9% | 235. | 0. | 0. | 26. | 2. | 2. |
| £30 - 35 per maand | 2% | 70. | 0. | 0. | 35. | 0. | 0. |
| Totaal : | 100% | 1,113. | 18. | 4. | 11. | 2. | 9. |

(iii) Totale maandelikse verdienstes per gesin.

| | | Totaal. £. | s. | d. | Gemiddeld. £. | s. | d. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen kontantverdienste | 4% | | - | | | - | |
| £0 - 5 per maand | 20% | 59. | 19. | 6. | 3. | 0. | 0. |
| £5 - 10 per maand | 16% | 140. | 15. | 0. | 8. | 9. | 4. |
| £10 - 15 per maand | 23% | 320. | 15. | 0. | 13. | 18. | 10. |
| £15 - 20 per maand | 10% | 183. | 5. | 0. | 18. | 6. | 6. |
| £20 - 25 per maand | 13% | 299. | 10. | 0. | 23. | 0. | 9. |
| £25 - 30 per maand | 11% | 313. | 10. | 0. | 28. | 10. | 0. |
| £30 - 45 per maand | 3% | 120. | 10. | 0. | 40. | 3. | 4. |
| Totaal : | 100% | 1,438. | 4. | 6. | 14. | 7 | 8. |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As in aanmerking geneem word dat die gemiddelde maandelikse totale lewenskoste per gesin op £8. 2. 1. te staan kom (p.243) is daar volgens die voorafgaande gegewens slegs 22% gesinshoofde (sien (i) hierbo) wat uit hul kontantverdienstes enigsins instaat is om in die nodige te voorsien. Die 60% gesinshoofde met geen kontantverdienste en 'n verdere 14% met 'n verdienste onderkant £8 per maand is van hul boerdery en veral die verdienstes van ander lede van hul gesinne afhanklik om 'n bestaan. Soos reeds uiteengesit het verskeie kinders 'n verpligte aandeel in die versorging van die gesinne waartoe hulle behoort. In die meeste gevalle is daar dan 'n verdere gemiddeld van £11. 2. 9. per maand (sien (ii) hierbo) waaruit geput kan word. Dit bring dan die gemiddelde beskikbare kontant te staan op £14. 6. 6. per maand. As hierdie bedrag ten volle aangewend kan word vir die onderhoud van die gesin dan sal ruimskoots voorsien word in die behoeftes. Dit is egter nie in alle gevalle moontlik nie en baie gesinne se kontantverdienstes moet aangevul word deur die boerdery.

Soos later sal blyk dra die boerdery 'n aansienlike deel by tot die versorging van die gesin onder gunstige omstandighede. Daar kom egter jare van droogtes en mislukte oeste wanneer die stam en die huisgesin in die besonder geheel-en-al van kontantverdienstes afhanklik is. Onder sulke omstandighede is daar altyd geleentheid vir diegene wat gewoonweg nie oor toereikende kontantverdienstes beskik nie om in die naby-geleë arbeidsveld kontant te verdien tot tyd en wyl tye meer gunstig word vir die boerdery.

(f) Ambagte, handel en ander bedrywe.

Ons het in die hele stamgebied nie een huisgesin teëgekom wat onderhou word uit verdienstes van 'n gesinshoof wat die een of ander ambag beoefen, handeldryf, transportry of iets dergelyks onderneem nie. Klaarblyklik het geeneen nog sover gevorder dat hy sodanige ondernemings op sy eie kan aandurf nie. Slegs een jong man (alleenlopend) het 'n winkeltjie opgerig waar hy fietse herstel, soldeerwerk doen, skoene versool ens. Hy noem homself op 'n uithangbordjie "Jack of all trades" en ons verneem dat hy tot £25 per maand maak uit sy onderneming. Dit is egter die enigste van sy soort. Die handel is alles in die hande van Blankes en herstelwerk aan landbougereedskap ens. word deur grofsmede op afgeleë plekke buitekant die stamgebied gedoen tensy die eienaar dit self kan doen.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## IV. GEVOLGTREKKING.

Die voorafgaande besonderhede omtrent die huidige posisie van die huisgesin bring ons tot die volgende gevolgtrekkinge :

(a) Die gesin berus vandag slegs op monogamiese huwelike maar anders as vroeër vind ons 'n patriargale gesinnestelsel waarby die vader en sy gesin sowel as die gesinne van sommige van sy seuns in dieselfde huis bly.

(b) Die verhouding tussen ouers en kinders, en kinders onder mekaar kom in hooftrekke nog ooreen met wat dit vroeër was maar weens die afwesigheid van die vader laat die beheer en dissipline wat oor die kinders uitgeoefen word veel te wense oor en dit het 'n nadelige uitwerking op hulle gedrag.

(c) Die ooms en tantes van 'n kind word nog algemeen beskou as sy „vaders" en „moeders". Daar is dus verskeie persone wat oor 'n kind se gedrag en welsyn waak. 'n Weeskind is steeds verseker van versorging deur die broers of ander familiebetrekkinge van sy vader, en weeskinders in die westerse sin van die woord is onbekend.

(d) Huweliksgebruike stem nog in sekere opsigte ooreen met die tradisionele gewoontes maar wysiginge van die gebruike en nuwe toevoegings het ingetree. 'n Jongman kies vandag self sy vrou en nie meer die ouers nie; kinderverlowing bestaan nie meer nie. Onderhandelinge tussen die familiebetrekkinge van die jongmense vind nog hoofsaaklik soos vroeër plaas. Bogadi word nog betaal maar word meesal deur die jongman self voorsien en dit bestaan nie uit beeste nie maar uit kontant. Die materiële betekenis van bogadi oorskadu die vroeëre sosiale betekenis wat dit gehad het. Die verlof om kinders te verwek na betaling van 'n gedeelte van die bogadi is 'n nuwe konsessie wat gemaak word. Huwelike word amptelik voltrek deur 'n huwelikskommissaris en in meeste gevalle ook bevestig in die kerk. Net soos vroeër word die huwelik met twee feeste gevier. Die hoë koste van die fees by sy ouerhuis sowel as die trou-uitrusting word hoofsaaklik deur die bruidegom self gedra. Die hu-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



welik gaan vandag gepaard met swaar finansiële laste.

(e) Buite-egtelike kinders was vroeër onbekend en die onrusbarende onverantwoordelikheid in hierdie verband behoort tot die nuwe bedeling.

(f) Die gebruik om na die troue vir 'n tydlank by die man se ouers in te woon bestaan nog maar hierdie inwoning is vandag vir 'n veel langer tydperk en dikwels permanent - vandaar die ontstaan van 'n patriargale gesinnestelsel.

(g) Die gesin tree nog tot 'n mate op as 'n ekonomiese eenheid en wel in dié sin dat almal sover as moontlik saamwerk, gereelde bydraes maak uit hulle kontantverdienstes of ten minste gunstig reageer op versoeke om bydraes. 'n Groot mate van indiwidualisme het nietemin ingetree en dit is nie meer vanselfsprekend dat die verpligtinge teenoor die eenheid nagekom moet word nie.

(h) Die tradisionele tuisnywerhede word byna nie meer beoefen nie. Die vernaamste wat oorgebly het is die maak van klere en waar die mans vroeër die kleremakers was, is dit vandag eg westers die taak van die vrou. Klere word ook nie meer van vel nie maar van gekoopte tekstiel-stowwe op die tegniek van die Blanke gemaak.

(i) Die mees radikale verandering het ingetree t.o.v. die versorging van die gesin. Nuwe behoeftes bestaande uit westerse klere, mediese benodighede, nuwe voedselsoorte, formele opvoeding e.d.m. het ontstaan en om hierin te voorsien word veel meer inspanning as vroeër en min of meer gereelde werk vereis. Oorleg en die verstandige aanwending van verdienstes speel 'n vername rol.

Samevattend kan ons aanvoer dat veel van die tradisionele kenmerke vandag nog die Kgatla-gesin ten grondsalg lê maar dat verwestersing tot 'n baie groot mate ingetree het en steeds toeneem.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK XI

## BEHUISING EN HUISHOUDELIKE TOERUSTING.

### I. BEHUISING.

(a) Inleiding.

Ook op die gebied van behuising en woonwyse het onder die BagaMosêtlha algehele verandering ingetree. In die hele stamgebied kon ons nie 'n enkele woonplek vind wat ooreenstem met wat dit vroeër was nie. Kenmerkend van elke woonplek is 'n vierkantige hoofopstal met twee, drie of meer vertrekke onder dieselfde dak. Hierdie hoofgeboue wissel van swakgeboude huise met kleimure en grasdak tot netjiese wonings gebou van baksteen met staandak van sink en sementvloere. Benewens die hoofgebou is daar ook sonder uitsondering een of meer buitegeboue. Die buitegebou is in die meeste gevalle ook vierkantig met 'n plat sinkdak of grasdak en word gebruik as kombuis en/of slaapkamer vir die seuns. In enkele gevalle bestaan die buitegeboue uit rondawels wat dan ook die enigste is wat in verband gebring kan word met die Kgatla-woonwyse van vroeër. Maar selfs hierdie rondawels verskil aanmerklik van die primitiewe hut en veral in soverre dat die hoër mure nie meer 'n struktuur van pale en klei is nie en dat dit vensters het. Die mure word vandag met ongebakte stene gebou. Verder is die deur heelwat groter (omtrent 2' x 5½') as die van vroeër en die dak is veel netjieser gedek met die stamme van die dekgras na onder. Daar is ook geen hut of kamer waarin die graanvat (sefala) van vroeër gebou word nie.

Ons het dus die volste reg om te beweer dat die vroeëre hut en samestelling van hutte met hul verskillende funksies wat die woning van die Kgatla-gesin uitgemaak het, totaal verdwyn het en plek gemaak het vir wonings van europese tipe. Ons het opgemerk dat hierdie verskynsel kenmerkend is van alle Bantoestamme wat in die omgewing van die sentrale gedeelte van Transvaal woon, d.w.s. in die nabyheid van die groot nywerheidsentra. Dit kan dus sonder twyfel toegeskryf word aan die noue kontak wat hierdie stamme met die Blankes het.

Soos tevore reeds aangetoon woon die BagaMosêtlha in verskillende lokale gemeenskappe (vgl. hst. 2). Vroeër was daar ook gemeenskappe maar

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toe het hulle in onmiddelike nabyheid van mekaar gewoon. Ook die verskillende gesins-eenhede wat 'n gemeenskap uitgemaak het was feitlik teenmekaar aangelê (Hoofstuk 5). Hierdie digte groepering was noodsaaklik omdat die stam telkens bymekaar moes wees om 'n aanvallende vyand af te weer. Vandag is die gevaar om deur 'n vyandelike stam aangeval te word uitgeskakel en die noodsaaklikheid om bymekaar te woon bestaan dus nie meer nie. Ons vind dan dat die gemeenskappe oor die hele stamgebied versprei is soos ook in Hoofstuk 2 uiteengesit. Dit is egter nie net die gemeenskappe wat ver uitmekaar woon nie; ook die verskillende aanlegte (woonplekke) van een en dieselfde gemeenskap is yl versprei oor die „dorpsgebied". Daar is geen ordelike beplanning nie, geen strate nie en die wonings staan baie yler versprei as wat die geval bv. is in 'n gewone Suid-Afrikaanse dorp. Dit is beslis baie skadelik want die hele area wat bewoon word is nutteloos vir enige ander doel en word tewens ook verniel deur die talryke voetpaadjies vir mens en dier wat die verbindingslyne vorm tussen die verskillende wonings.

Enige getroude man wat sy eie aanleg wil maak kan van die Lekgotla 'n bouperseel kry. Hy mag self die perseel uitsoek en spesiaal daarvoor aansoek doen. Tensy daar iemand is wat beswaar maak en grondige rede daarvoor kan aanvoer, word die perseel sonder meer aan die applikant toegesê. Die bouperseel sluit gewoonlik ook 'n redelike stuk tuingrond van ongeveer $\frac{3}{4}$ morg groot in. Niks word amptelik afgemeet nie maar as 'n man sy tuingrond ongewoon groot afpen en toemaak mag daar beswaar teen gemaak word. Die bouperseel, insluitende die tuingrond word gewoonlik met takheinings (haak-en-steek) ingesluit; enkeles omhein hul persele ook met draad.

Die hoof van 'n gesin kry besitreg van sy bouperseel op dieselfde voorwaardes as vroeër, d.w.s. alhoewel die hele stamgebied aan die stam as geheel behoort en private eiendomsreg nie bestaan nie, word die perseel vir praktiese doeleindes beskou as behorende aan die man aan wie dit toegesê is. Die perseel sowel as verbeteringe daarop aangebring word ook deur die vader se jongste seun (mofetsane) geërf wat dit op dieselfde voorwaarde as sy vader besit. 'n Woning mag aan 'n ander lid van die stam verkoop word met dien verstande dat hy slegs die huis en ander verbeteringe koop en nie die <u>bouperseel</u> nie want dié is nie verhandelbaar nie.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Man probeer gewoonlik 'n bouperseel kry in die onmiddelike nabyheid van sy vader se opstal of tenminste in die nabyheid van sy ooms van vaderskant (borangwane). Die samehorigheid van die patriliniêre familiegroep word dus sover moontlik bewaar. Gewoonlik doen 'n voornemende bouer aansoek om 'n perseel wanneer hy reeds al die gekoopte materiaal vir sy woning versamel het. Sink, hout, deure en vensters is dikwels moeilik bekombaar en veral sink het gedurende die afgelope dekade 'n baie skaars artikel geword. By gebrek aan die nodige middele om alles tegelyk te koop word die materiaal dan ook meesal bietjie vir bietjie gekoop en weggepak in die agterplaas van die man se ouerhuis. Vir huise wat sowat 12 tot 20 jaar gelede opgerig is, is meesal nuwe materiaal gebruik. Vandag gebeur dit meer en meer dat bouers tweedehandse materiaal gebruik; dit kan toegeskryf word aan die heersende skaarste aan boumateriaal sowel as die verhoogde pryse daarvan. Die meeste wat vandag bou beoog 'n goeie woonhuis met tenminste vier vertrekke (benewens gange) met 'n goeie staandak van sink. Dit is die mode en om 'n minderwaardige gebou op te rig word beskou as geldmors.

Omdat die oprigting van 'n woonhuis vandag soveel kontant vereis, is dit ook meesal werkers in die stad wat bg. tipe gebou onderneem. Diegene wat nie toereikende kontantverdienstes het nie bou met materiaal wat hoofsaaklik plaaslik gevind kan word : kleimure, plaaslike houtpale vir die timmerasie, grasdak en grondvloere - ook die deure en vensters word tuis gemaak met kasplanke verkry van die plaaslike handelaar teen 'n geringe betaling.

Hoewel 'n man wat 'n huis van gekoopte materiaal oprig weet dat hy die woning vir 'n lang tyd nie self sal kan bewoon nie, bou hy tog so goed as moontlik. Dit is 'n belegging en 'n tuiste vir die oudag. Vir die mense van die gemeenskap moet dit ook 'n aanduiding wees van sy welvaart in die stad en dit verleen aan hom sosiale status. In hierdie verband neem die woning tot 'n groot mate die plek in van beeste in vroeëre tye. Die vrou (gewoonlik) en die kinders bly tuis om die eiendom en alle toerusting wat van tyd tot tyd daarin geplaas mag word op te pas. Indien die vrou ook uitwerk woon die man se ouers in die huis of meer dikwels, in die buitegeboue by die huis. Daar is ook enkele gevalle waar 'n woonhuis nie gebruik word nie en

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toegesluit staan terwyl naasbestaandes of vriende wat naby woon gevra word om 'n oog daaroor te hou. Huise staan egter alleen leeg indien die vrou ook werk en indien die eienaar se ouers self goed gehuisves is en nie nodig het om hul seun se eiendom te betrek nie. In so 'n geval woon sy kinders ook by hul grootouers.

Behalwe die gekoopte materiaal is stene nodig. Stene word altyd plaaslik gevorm. Indien moontlik word die stene gebak anders word rou stene gebruik. Stene word gewoonlik op die bouperseel gevorm en indien so besluit, ook daar in 'n oond gepak en gebak. Hierdie gebruik verklaar die teenwoordigheid van 'n groot vuilgoedgat in die nabyheid van byna elke huis. Bakstene is altyd van die gewone grootte terwyl die rou stene wat gebruik word soms ook baksteen-grootte is maar meer dikwels groter (6" x 9") gemaak word sodat die mure met enkelstene gebou kan word. Die bou van 'n huis sluit dus die maak van stene in.

Al kan 'n arbeider ook self bou is sy verloftyd nooit lank genoeg dat hy die bouery persoonlik kan onderneem nie. Hy is dan genoodsaak om sy werk tydelik te onderbreek (dikwels onder die voorwendsel dat sy gesondheid veel te wense oorlaat), of om andere te huur om die werk vir hom te doen. Indien hy nie kan bou nie moet hy in elkgeval lg. weg volg. Bywyse van werksparty kan hy wel die stene of altans in groot gedeelte daarvan gedurende sy verlof vorm en dit word gewoonlik ook gedoen. Indien 'n gehuurde bouer die oprigting van die huis onderneem kom die eienaar so dikwels moontlik oor naweke huis toe om hom op hoogte te hou met die vordering van die werk. Soos later sal blyk het die mans sowel as die vrouens net soos vroeër 'n aandeel in die bou van 'n huis.

(b) Die Bouplan en ander spesifikasies.

Die dienste van 'n argitek word nooit verkry nie. Indien 'n woning wat deur 'n argitek ontwerp is wel opgerig word, is dit wanneer 'n bouer die plan iewers in die hande gekry het [1] maar selfs dan word so 'n plan slegs in breë trekke uitgevoer. 'n Ingangsportaal, badkamer, spens en inge-

1. Die Kaptein se pasvoltooide nuwe woning is deur 'n argitek ontwerp vir 'n Blanke te Irene. 'n Kopie van hierdie plan is verkry deur kontakte wat die kaptein aldaar gehad het.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



boude kaste is bv. items wat deurgaans uitgeskakel word. In die meeste gevalle trek die bouer self 'n rowwe skets van wat hy beoog en daarvolgens word gebou. Waar 'n naturelle-bouheer in diens geneem word om te bou, word die plan gewoonlik met sy medewerking afgehandel. In baie gevalle word die plan ontwerp voor die dakmateriaal gekoop word maar net so dikwels word die materiaal aangeskaf sonder inagneming van die struktuur waarvoor dit uiteindelik benodig sal word. In sulke gevalle bepaal die beskikbare materiaal tot 'n groot mate die afmetings van die huis. Wanneer tweedehandse materiaal gekoop word kan dit ook nie anders nie.

By gebrek aan argitektoniese advies is ongemotiveerde en onekonomiese beplanning dan ook kenmerkend van die meeste wonings in Mosêtlha. Weinig oorweging word gegee aan die voordeligste wyse om vloeroppervlakke te benut, aan beligting en aan ventilasie. Dit het tot gevolg dat 'n woning wat oënskynlik aan alle vereistes voldoen in werklikheid bestaan uit 'n paar klein, donker en bedompige vertrekkies.

Onderstaande skets verteenwoordig 'n tipiese voorbeeld van onoordeelkundige beplanning :




Soos die skets aandui het die huis twee gange, een gaan van voor na agter met 'n voor- en agterdeur. Die dwarsgang loop dood teen die symure. Die linker gedeelte van die dwarsgang het hoegenaamd geen funksie nie terwyl een slaapkamer uit die regterkantse gedeelte bereik kan word. Aangesien al die kamers op hoeke is, was daar gulde geleentheid vir kruisventilasie maar daarvan is nie gebruik gemaak nie. Verdere tekortkominge spreek vir sigself.

Geeneen van die huise deur ons besigtig het plafon nie. Toegang tot die verskillende vertrekke word verleen deur deuropeninge sonder deure en in meeste gevalle is hierdie openinge selfs sonder kosyne. In byna alle ge-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



valle word gordyne voor die binnedeur-openinge gehang. Die openinge na buite is voorsien van goeie tuisgemaakte plankdeure of gekoopte paneeldeure komplect met deurslotte. Slegs enkele huise het sementvloere verder is almal grondvloere wat egter so glad afgewerk word met 'n klip (soos vroeër) en dan rooi gemaak word met gekoopte vloerpolitoer dat dit maklik as sementvloere kan deurgaan. Plankvloere word nêrens aangetref nie. Enkele huise het moderne staalvensters van verskillende groottes maar verreweg die meeste wonings het dubbele houtvensters, die twee dele waarvan na buite oopgaan. Wie dit kan bekostig sit geute aan die dak maar die meeste beskou dit nie as noodsaaklik nie en spaar hulself liewer die onkoste.

(c) Die oprigting en verdere besonderhede.

Na aanleiding van bg. uiteensetting is dit dus duidelik dat 'n voornemende bouer hoofsaaklik voorsiening moet maak vir die volgende :

(a) 'n Bouperseel wat kosteloos aan hom toegeken word.
(b) 'n Sketsplan wat hy self met behulp van andere optrek.
(c) Sement en pleisterkalk - soms ook boukalk.
(d) Stene. Rou- of bakstene.
(e) Timmerasie en sink vir die dak.
(f) Die nodige skroewe, spykers, boute ens.
(g) Kosyne en deure met toebehore vir die buitedeure.
(h) Vensters en geute (indien so besluit).

As hierdie materiaal bymekaar is kan die bouery begin. Indien die ondernemer self kan bou onderbreek hy gewoonlik sy werk en doen die geskoolde werk self. Vir die timmerasie en dak word egter byna sonder uitsondering die dienste van 'n bekwame naturelle-vakman verkry. Handlangers word gehuur teen £5 tot £10 elk vir die hele gebou; die uitdrukking is „ke mo huretše stôkô" - ek het hom vir stukwerk gehuur. Gewoonlik word helfte van die fooi aan die begin betaal (depôsiti) en die ander helfte wanneer die werk voltooi is. Vir die bou is 'n werksparty onprakties want die vakman het nie meer as een of twee helpers nodig nie. Indien 'n ondernemer nie self kan bou nie huur hy vir hom 'n vakman. As so 'n vakman die dakwerk ook kan doen kwoteer hy 'n prys vir die mure en die dak kompleet met die insit van ruite en die hang van deure. Pleisterwerk met kalk en sementvloere word ook ingesluit.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Grondvloere en grondpleistering word nie ingesluit nie (sien verderaan). 'n Vakman se prys varieer baie maar dit wil voorkom of gewoonlik sowat £20-30 betaal word vir die muurwerk en omtrent £15-20 vir die dak van 'n middelmatige 4 of 5 vertrek-huis.[1] Vir groter huise kos dit meer en daar is gevalle waar 'n ondernemer tot £100 aan 'n geskoolde bouer (naturel) betaal het vir die hele gebou. Soos die handlangers ontvang die vakman helfte van sy loon aan die begin.

Die mure word gebou op 'n gewone fondament van beton. Waar bakstene gebruik word, word gewoonlik ook ingesuurde boukalk gebruik vir die messelwerk, anders word met klei gemessel. Diegene wat dit kan bekostig pleister die mure met pleisterkalk aan die buitekant. Die binnekant word egter meesal deur die vrouens met grond gepleister. Die vrouens maak ook net soos vroeër die grondvloere. Vir die pleistering en die maak van vloere word baie dikwels 'n werksparty van vroue gereël. Daar dien op gelet te word dat hoewel die vloere nog op dieselfde wyse as vroeër gemaak word, word die hoofopstal se vloere nie meer met mis gesmeer nie maar instede daarvan gereeld met rooi politoer poleer. In die meeste gevalle word die mure ook gewit en die hout- en ysterwerk geverf.

Die sinkdakke (ook grasdakke) is oor die algemeen netjies maar origens is die huise sonder uitsondering swak afgewerk. Die mure is dikwels skeef en het 'n ongelyk oppervlakte, die gladde vloere is in meeste gevalle ongelyk en hol na die middel van die vertrek, die deure is skeef en gaan soms moeilik oop en toe. Dit is egter opvallend dat baie min barse voorkom in die mure en hoewel die afwerking van 'n woning getuig van halfgeskoolde arbeid kan aangeneem word dat die huise oor die algemeen stewig en sterk gebou is. Ons voel geneig om hierdie verskynsel toe te skrywe aan die feit dat die bouers tydsaam werk en dat brouwerk as gevolg van oorhaastigheid dus grootliks uitgeskakel word. Daar lei ook geen twyfel aan nie dat die bouers aanleg het vir die werk en as in aanmerking geneem word dat hul slegs weinig of geen opleiding in die bepaalde ambag het nie is hul pogings beslis prysenswaardig. Sover ons kon vasstel is daar geen huise in Mosêtlha wat deur blankes opgerig is nie.

---

1. Besonderhede omtrent die totale kontant-onkoste by die oprigting van wonings verskyn verderaan in ons statistiese gegewens.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die binneplaas of lapa van vroeër word ten spyte van die europese woning, behou. Waar die lapa egter in vroeëre tye 'n voorplaas was, is dit vandag 'n agterplaas. Daar moet nl. niks wees wat die imponerende voorkoms van 'n goeie woonhuis versper nie gevolglik word geen ringmuur wat 'n lapa insluit aan die voorkant aangebring nie. Daar is wel dikwels 'n draadheining met 'n netjiese hekkie aan die voorkant, en 'n blomtuintjie en 'n paar struike aan die binnekant van die heining is geen ongewone verskynsel nie. Sierbome word byvoorkeur aan die sykante of agter die wonings geplant. Sommige persele is geheel omhein met draad maar in baie gevalle sluit die draadheining voor die huis aan by 'n takheining aan die agterkant. Agter die huis is egter een of meer buitegeboue en die ruimte tussen hierdie buitegeboue en die hoofgebou se agterkant word met 'n ringmuur ingesluit en voorsien van 'n netjiese grondvloer. Die lapa van vroeër wat gedeeltelik ook gebruik word as dorsvloer is dus behoue gebly.

Die lapa of binneplaas word altyd pynlik netjies gehou. Op mooiweerdae vergader die gaste hier en nie in die huis nie. Dis ook hier waar die gesin die meeste verkeer en gewoonlik ook hul maaltye geniet. Die eet- en woonkamer in die huis word inderdaad baie selde gebruik en byna nooit as die eienaar van die huis nie tuis is nie - dit word vir sy gebruik gereserveer en as hy tuis is, is dit sy trots om gaste van aansien hier te ontvang. Die ander vertrekke word gereeld as slaapkamers gebruik en gewoonlik word een vertrek as stoorkamer (vir voedselvoorrade) gebruik. In die hoofgebou word nooit gekook nie - die kombuis is altyd 'n buitegebou. Hoewel nog dikwels net soos vroeër buite gekook word, is 'n kombuis waar al die kookwerk gedoen word, nou meer algemeen,

Vir die instandhouding van die woning is dit die vrou se taak om die vloere en grondgepleisterde mure te herstel of te hernu as dit nodig is. As die mure oorgewit moet word, word dit deur die man of die vrou na gelang van omstandighede gedoen. Herstelwerk aan houtwerk of aan die dak word deur die man gedoen.

(d) Statistiese besonderhede omtrent tipe en grootte van wonings.

Uit besonderhede wat aangeteken is i.v.m. die woonwyse van 100 verteenwoordigende gesinne het die volgende t.o.v. die wonings aan die lig gekom:

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(i) Tipe van Woning.

| Prim Kgatla-tipe. | Europese tipe. | Grasdak. | Sinkdak. | Grond-vloere. | Sement-vloere. |
|---|---|---|---|---|---|
| 0% | 100% | 43% | 57% | 95% | 5% |

(ii) Tipe Vensters en deure.

| Totaal. | Deure gekoop. | Deure Tuis-gemaak. | Vensters ge-koop. | Vensters Tuisgemaak. |
|---|---|---|---|---|
| 100 | 68% | 32% | 53% | 47% |

(iii) Aantal Vertrekke t.o.v. 100 wonings.

| | Totaal. | Kleinste aantal. | Hoogste aantal. | Gemiddeld. |
|---|---|---|---|---|
| Aantal vertrekke. | 436 | 2 | 10 | 4.4 |
| Aantal slaapkamers. | 311 | 1 | 8 | 3.1 |
| Aantal buite-vertrk-ke. | 133 | 0 | 3 | 1.3 |
| Totaal : | - | - | - | 5.7 |

(iv) Verspreiding.

| Aantal Vertrekke | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vertrekke % | 0 | 4 | 25 | 31 | 25 | 7 | 6 | 1 | 0 | 1 |
| Slaapkamers % | 1 | 27 | 49 | 19 | 3 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 |
| Buite vertrekke % | 73 | 20 | 7 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |

Die voorafgaande gegewens bevestig ons vorige bewering dat die primitiewe Kgatla-woonwyse nie meer in Mosêtlha bestaan nie en dat die tradisionele eenheid van hutte in alle gevalle vervang is deur 'n woning van europese tipe al sou dit dan ook in baie gevalle 'n minderwaardige gebou wees. Hoewel sommige van hierdie wonings nog 'n grasdak soos vroeër het, toon die syfers dat ook hierdie aspek van die vroeëre argitektuur sy laaste stuiptrekkings gee en vervang word deur die meer duursame sinkdak. Die syfers toon egter dat voorkeur nog gegee word aan die ou grondvloer. Die koste van sement is in hierdie geval beslis nie die deurslaggewende faktor nie en die be-

© University of Pretoria    Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



houd van die grondvloer moet toegeskryf word aan die feit dat dit warmer is as sement en ook nie so onaangenaam hard nie. Plankvloere word weens die hoë kostè daarvan as alternatief uitgeskakel. Soos reeds aangetoon word 'n sementvloer op meesterlike wyse nagemaak deur die gladde oppervlakte van die grondvloer rooi te poleer. In vroeëre tye is deure vir die primitiewe hut tuis gemaak. Aanvanklik het die Bakgatla van latere tye ook 'n poging aangewend om met gekoopte planke deure en vensters vir hul nuwe wonings self te maak maar ook in hierdie opsig is die neiging vandag om liewer die netjies gefabriseerde artikel klaar te koop.

Die aantal vertrekke in die woonhuise varieer soos die syfers aantoon van 2 tot 10 [1] terwyl verreweg die meeste wonings van 3-5 vertrekke het. Sowat 75% van die vertrekke word gebruik as slaapkamers, nagenoeg elke huis het 'n woon- en eetvertrek en in die meeste gevalle is daar een vertrek wat as stoorkamer gebruik word. Die meeste wonings het een buitevertrek (gewoonlik 'n kombuis) terwyl 'n kleiner aantal twee het en in enkele gevalle is daar selfs drie buitevertrekke. Die totale aantal vertrekke per huisgesin kom te staan op gemiddeld 5 tot 6. As in aggeneem word dat die gemiddelde huisgesin bestaan uit 12 persone, groot en klein, en dat sommige meeste van die tyd nie tuis is nie, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat daar in Mosêtlha hoegenaamd geen woningnood bestaan nie.

Alle huiseienaars en ook hulle vrouens onthou by benadering hoeveel kontantgeld spandeer is by die oprigting van hul woning. Die volgende besonderhede wat in hierdie verband t.o.v. die meergenoemde 100 woonhuise aangeteken is verskaf interessante data.

Kontant Spandeer aan oprigting van Wonings.

| | Totale bedrag spandeer aan 100 wonings. | Kleinste bedrag. | Hoogste bedrag. | Gemiddeld. |
|---|---|---|---|---|
| Hoofgeboue | £5,223 | £10 | £240 | £52. 4. 7. |
| Buitegeboue | £ 900 | Nil | £ 50 | £ 9. 0. 0. |
| Totaal : | £6,123 | £10.0.0. | £290.0.0. | £61. 4. 7. |

1. Dit is baie onwaarskynlik dat daar wonings is met meer as 10 vertrekke.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die waarde van enige gebou is egter nie wat spandeer is aan die oprigting daarvan nie en om te beweer dat die wonings in Mosêtlha £61 werd is, sou 'n uiters verkeerde weergawe wees van wat die posisie werklik is. Aangesien die bouer en sy vrou soms meeste van die werk self verrig of bywyse van werkspartye veel gedaan kry teen weinig koste en aangesien gehuurde arbeid baie goedkoop is, is die onkoste vir arbeid minimaal. Sekere materiaal soos grond vir die stene, klei vir messel en pleister, gruis, sand en klippe word kosteloos verkry en die meeste wat daarvoor betaal mag word is 'n paar pond vir karweiwerk indien die eienaar self of van sy familiebetrekkinge nie 'n wa het nie. Sommige huise wat uitsluitlik van plaaslike materiaal gebou word kos inderdaad slegs 'n paar sjielings of uiters 'n paar pond wat aan planke vir deure en vensters spandeer word. Weens die ekonomiese wyse waarop te werk gegaan word is die werklike waarde van die woonhuise dus aansienlik hoër as wat die oprigtingskoste weerspieël.[1]

Om 'n noukeurige weergawe van die waarde van geboue te gee, was ons genoodsaak om die verskillende huise wat by hierdie studie in aanmerking kom, se waarde te skat. Die skatting is uit die aard van die saak onderhewig aan spekulasie maar dit het ten minste 'n betreklike betekenis. Vir die leser sal die bedrae wat by die afbeeldings (in hierdie hoofstuk) van sekere huise aangetoon word 'n idee gee van ons waardeskatting. By die skatting is die volgende basis van berekening gebruik:

'n Baie goeie woning .................. £200 per vertrek.
'n Middelmatige woning ................ £150 per vertrek.
'n Swak woning ........................ £100 per vertrek.
'n Baie swak woning ................... £ 50 per vertrek.
Enige buitekamer of rondawel .......... £20-50 (na gehalte).

Met bg. basis van berekening is ons instaat om die volgende besonderhede i.v.m. die geskatte waarde van wonings te verstrek:

(i) Waarde van Wonings.

| | Totale waarde van 100 wonings. | Laagste waarde van een huis. | Hoogste waarde van een huis. | Gemiddelde waarde. |
|---|---|---|---|---|
| Hoofgeboue | £30,340. 0. 0. | £50 | £900 | £303. 8. 0. |
| Buitegeboue | £ 4,215. 0. 0. | £20 | £150 | £ 42. 3. 0. |
| Totaal : | £34,555. 0. 0. | £70 | £1,050 | £345.11. 0. |

1. Dit word geredelik toegegee dat die meeste wonings waarvan besonderhede hier verskaf word reeds 10 jaar of langer staan en dus in 'n veel goedkoper tyd as die huidige opgerig is.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(ii) Persentasie verspreiding van totale waarde.

| Waarde. | £70-200. | £200-400. | £400-600. | £600-800. | £800-1,000. |
|---|---|---|---|---|---|
| Persentasie. | 27 | 41 | 21 | 10 | 1. |

Bg. syfers toon dus dat diemeerderheid wonings se waarde gestel kán word op tussen £200-400 terwyl 62% van die wonings volgens ons metode van waardebepaling tussen £200 en £600 werd is.

Anders as vroeër het 'n woonhuis in die stamgebied vandag 'n handelswaarde (vgl. p. 251). Huise word weliswaar baie selde verkoop maar dit gebeur tog soms. Iemand wat graag 'n huis wil besit bou dit egter by voorkeur self omdat dit hom goedkoper uitkom as om 'n voltooide huis te koop. Die koopprys van 'n huis is altyd hoër as die oprigtingskoste daarvan. Die eienaar beskou sy woning nietemin as 'n belegging al sou dit sonder winsbejag wees. Sy spaargeld wat daarin belê word is gevrywaar teen verkwisting, dit het tegelykertyd vir hom praktiese waarde en verleen aan hom sekuriteit deurdat hy onder alle omstandighede 'n veilige toevlugsoord het vir homself sowel as vir sy afhanklikes. Indien 'n huiseienaar besluit om na 'n ander gedeelte van die stamgebied te trek en nie 'n koper vind vir sy huis nie, breek hy sy woning af en neem alle bruikbare materiaal soos sink, hout, deure, vensters en selfs bakstene saam om weer by die nuwe woonplek te gaan gebruik.


## II. AMEUBLEMENT.

### (a) Algemeen.


Soos reeds in Hst. 4 aangetoon het die BagaMosêtlha in vroeëre tye geen noemenswaardige ameublement in hul hutte gehad nie. In hierdie verband het 'n geweldige omwenteling plaasgevind want as daar een gebied is waarop die stam se versamelinstink in moderne tye na vore kom dan is dit by die versameling van meubels (in die geval van mans) en ander huishoudelike toerusting (in die geval van vrouens). Ons verstout ons om te sê dat die drang om te besit in hierdie opsig veel sterker geword het as om die besit van beeste wat in vroeëre tye die middelpunt van alle mans se gedagtes en ambisies was. By ondersoek het dit duidelik geword dat spaargeld veel eerder bestee word aan meubels en huishoudelike toerusting as aan vee. Die verlies

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

# BEHUISING, MEUBELS EN KGOTLA




*Woning van die hoofman.*




*Woonhuis: Makapanstat (£750).*




*Woonhuis: Tladistat (£600).*



*Woning: Van Heining (£200).*



*Voorkamer: Makapanstat.*



*Die stamraad (Kgotla).*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van vee gedurende droogte-tye skyn verantwoordelik te wees vir hierdie radikale wending in belangstelling en ambisie.

Die meeste wonings is goed gemeubileerd en hoe beter die meubels hoe minder word hulle gebruik. In 'n goed-gemeubileerde woonkamer word die kinders nie toegelaat nie en slegs gaste van aansien word daarin ontvang. Die meubels word voortdurend poleer en versorg en dit wil voorkom of die eienaars meer satisfaksie kry uit die blote besit daarvan as deur dit te benut. Hierdie gesteldheid op hul besittings en die sorgsaamheid wat in verband daarmee openbaar word is enigsins teenstrydig met die algemene ervaring van blanke werkgewers nl. dat naturelle onverskillig is en 'n roes op enige waardevolle artikel. Miskien is dit die gevoel van eienaarskap wat by die behandeling van hul eie besittings meer verantwoordelikheid na vore laat tree. Die swakste slaapkamermeubels kom in dié vertrekke wat gereeld deur lede van die gesin gebruik word en word ook nie met soveel sorg behandel nie. In die meeste wonings is daar een kamer wat met die beste slaapkamermeubels toegerus word. Hierdie kamer word in sommige gevalle gereserveer vir die gebruik van die eienaar as hy met geleentheid tuis is of vir gaste van hoë aansien ('n besoekende oom of tante, 'n onderwyser, naturellekonstabel e.d.m.) In ander gevalle word dit gedurende die afwesigheid van die man uitsluitlik deur die moeder gebruik. Dit mag ook tot beskikking van 'n groot dogter(s) gestel word as dié met verlof vir 'n tydlank tuis is. Kenmerkend van hierdie spesiale slaapkamer is dat dit ten alle tye pynlik netjies gehou word.

In enkele gevalle word nuwe meubels aangetref maar in die meeste gevalle is dit tweedehandse stukke wat egter nie totaal afgeleef is nie en nog goeie diens kan gee.

Dit skyn asof die woonkamer voorkeur geniet bo ander vertrekke by die meubilering. In baie gevalle bestaan die meubels in hierdie vertrek uit 'n eetkamerstel d.w.s. 'n goeie tafel met bypassende stoele en buffet en dikwels ook 'n bykomstige kas waarvan die boonste gedeelte op die geaardheid van 'n vertoonkas is met glasdeure terwyl die onderste gedeelte bestaan uit rakke met toe deure. Van die beste porselein en glasware word in die vertoonkas ter aanskouing uitgestal terwyl ander breekgoed en waardevolle eetgerei wat selde gebruik word agter die toe deure weggebêre word. Op die tafel is gewoonlik 'n geborduurde kleedjie met 'n blompot sonder blomme daarop. 'n

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aantal asbakkies is ook dikwels te sien. Voor die vensters is gordyne, soms van goedkoop gekleurde linne en soms van duursame gordynmateriaal. Op die vloer is sonder uitsondering een of meer klein gekoopte matjies en/of bokvelle.. Indien die vertrek groot genoeg is, is daar by die eetkamerstel ook nog 'n rusbank en twee gemakstoele (Chesterfield stel). Hoewel dit selde voorkom is daar tog gevalle waar die woonkamer uitsluitlik met rusbank en gemakstoele gemeubileerd is terwyl 'n aparte vertrek as eetkamer uitgerus is.

Die hoof- of spesiale slaapkamer is gewoonlik toegerus met 'n hangkas (met of sonder spieël), 'n laaikas en 'n driekwartbed. Die bed is bedags netjies opgemaak met 'n veelkleurige deken wat al die ander beddegoed bedek. Die beddegoed bestaan uit een of twee lakens, 'n aantal komberse wat almal oopgegooi word en een of twee kussings. In sommige gevalle is die beddegoed mooi skoon en sindelik en in ander gevalle weer nie.

Die slaapkamers wat gereeld gebruik word is veel kariger gemeubileerd en bevat heel dikwels net 'n bed terwyl trommels en koffers gebruik word as bêreplek vir die klere en ander persoonlike besittings. Kamers wat deur opgeskote dogters bewoon word is gewoonlik ook mooi aan die kant met die bed netjies en skoon opgemaak. Indien daar van die seuns in 'n binnevertrek slaap is hulle kamer gewoonlik uiters slordig. Hul slaap op die kaal matras en laat die komberse gewoonlik onaangeroer as hulle opstaan sodat die bed gedurende die dag 'n weersinwekkende toneel is. Die mure is gewoonlik ook vuil en op die vloer lê ou skoene, vuil kledingstukke, papier e.d.m. rond. 'n Enkele sorgsame moeder of ouer suster gee aan die seunskamer aandag maar dit gebeur nie in alle gevalle nie. Daar dien egter op gelet te word dat die seuns merendeels in 'n buitekamer slaap en wel op die vloer.

(b) Hoeveelheid en Waarde van Ameublement.

By 'n opname van die ameublement in 100 verteenwoordigende wonings het ons dit raadsaam geag om die verskillende meubelstukke bymekaar te hou. So word die stoele van 'n sitkamerstel of 'n eetkamerstel by alle ander stoele gereken, die tafel by alle ander tafels en die buffet by alle ander kaste. Dit gee 'n beter indruk van die samestelling van die ameublement. Slegs 'n paar mooi kamerstelle (bed uitgesluit) is apart aangeteken. Die waarde wat aangetoon word is die pryse wat die eienaars daarvoor betaal het soos

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nog deur hulle onthou word en kan beskou word as 'n taamlike getroue weergawe van wat die posisie werklik is. Ongespesifiseerde items sluit in beddens (sink) tafeldoeke, lakens, kussings, blompotte, muurprente, matte ens. Dit sal onthou word dat komberse as die verskillende huisgenote se persoonlike besittings deurgaan.

Meubels soos gevind in 100 wonings.

| Item. | Persentasie wonings betrokke. | Laagste per woning. | Hoogste per woning. | Gemiddelde aantal. | Totale waarde. | Gemiddelde waarde. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | £. s. d. | £. s. d. |
| Kamerstelle | 6 | 0 | 1 | - | 195. 0. 0. | 1. 19. 0. |
| Kaste | 77 | 0 | 8 | 1.3 | 706. 0. 0. | 7. 1. 3. |
| Tafels | 96 | 0 | 4 | 1.8 | 667. 0. 0. | 6. 13. 5. |
| Stoele | 97 | 0 | 20 | 6.6 | 966.17. 0. | 9. 13. 4. |
| Beddens | 93 | 0 | 5 | 2.2 | 1282.15. 0. | 12. 16. 6. |
| Rakke | 41 | 0 | 5 | .6 | 246.10. 0. | 2. 9. 3. |
| Stowe | 11 | 0 | 1 | .1 | 51.11. 0. | 0. 10. 4. |
| Ander | 100 | - | - | - | 394. 0. 0. | 3. 18. 9. |
| Totaal | - | - | - | - | 4509.13. 0. | 45. 1.10. |

Dit is interessant om van bg. gegewens af te lei dat die meeste geld belê word in beddens (om op te lê) en die tweede meeste in stoele (om op te sit). Dit blyk verder duidelik dat die westerse stoof geensins beskou word as 'n onontbeerlike artikel nie en by navraag het aan die lig gekom dat die ou Kgatla-vuurherd inderdaad verkies word bo 'n stoof. Ons kon egter nie oortuigende redes vind waarom voorkeur gegee word aan die vuurherd nie.

Die syfers toon ook aan dat daar etlike huisgesinne is wat ten spyte van die feit dat hulle sekere meubelstukke het, sekere baie algemene items nie het nie. So is daar bv. 3% wat geen stoele het nie en tevrede is met parafinkissies of ander dergelyke plaasvervangers. Ook is daar 7% wat die nodigheid van 'n bed nog nie ingesien het nie. Hier kan gemeld word dat ons gevalle teëgekom het waar wel beddens is maar wat slegs deur die groter kinders gebruik word terwyl die ouers verkies om op die vloer te slaap; dit wys hoe die westerse beskawing van geslag tot geslag 'n groter houvas op die stam kry. Hoewel tafels, soos in die vorige hoofstuk aangetoon selde vir die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ete gebruik word, is daar slegs 4% wat geen tafel het nie. Dit is ook duidelik dat daar wonings is wat ver beter gemeubileerd is as andere en die volgende besonderhede toon aan tot welke mate die totale waarde van ameublement van huis tot huis verskil :

Persentasie Verspreiding van totale Waarde.

| Waarde. | £—20. | £20-40. | £40-60. | £60-80. | £80-100. | £100 + |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentasie. | 20% | 30% | 24% | 15% | 9% | 2% |

'n Klein meerderheid het meubels ter waarde van tussen £20-40 d.w.s. tweedehandse meubels wat by ondersoek geblyk het gekoop te wees teen ongeveer 1/3 van die nuwe artikel se prys. 'n Volstrekte meerderheid besit tussen £20-60 se meubels. Slegs 'n enkele bevoorregte het meubels ter waarde van meer as £100 waarvan die oorspronklike waarde goed £300 kon wees. Daar is geen wonings waarin glad geen huisraad is nie.

## III. KOOKGEREEDSKAP EN EETGEREI.

(a) Algemeen:

By ondersoek het geblyk dat die tradisionele Kgatla kook- en eetgereedskap ook feitlik gehoel-en-al deur westerse artikels vervang is. Die enigste van die vroeëre artikels wat nog aangetref word is 'n paar kleipotte, houers en skepgoed van kalbas, roerstokke (mafêhlô) en 'n enkele houtbord en houtlepel. Kleipotte word byna uitsluitlik gebruik vir die brou van bier en as waterpotte waarin water vir huishoudelike gebruik gehou word. Die wye openinge van ysterpotte skyn nie bevorderlik te wees vir die goeie gisting van bier nie met die gevolg dat 'n kleipot met 'n kleiner opening nog die beste is om hiervoor te gebruik; 'n kleipot hou die bier ook koeler as 'n ysterpot. Hierby kom ook nog die feit dat 'n ysterpot wat groot genoeg is vir die gewone hoeveelhede bier (± 25 gelling) baie duurder is as 'n kleipot van dieselfde inhoudsmaat. Vir die aandra van water word hoofsaaklik gebruik gemaak van parafinblikke en soms ook emmers. Hierdie houers word dan in 'n kleipot geledig maar die pot self word selde of ooit soos vroeër gebruik vir waterdra. Die rede waarom blikke en emmers gebruik word is omdat hulle veel ligter is as 'n kleipot en aangesien die vrouens nog soos vroeër die water op

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die kop dra is die gewig van die houer self 'n belangrike faktor. Die vernaamste rede waarom die water tuis in 'n kleipot gehou word is omdat dit daarin koel bly. Die feit dat die kleiner opening van die pot maklik bedek kan word om die vlieë ens. uit te hou kan ook 'n ander rede wees.

Van kalbasse as bakkies, skepgoed en groter houers word nog taamlik baie gebruik gemaak. Aangesien kalbasse baie handig is en dit met gemak saam met ander gewasse gekweek kan word is dit dan ook geen wonder dat hulle nog in die mode is nie. Omdat pap nog die stapelvoedsel van die stam is net soos vroeër, kan verwag word dat daar nog spore sal wees van die tradisionele papkook-kompleks. Vroeër was die vysel, maalklip, kleipot, meelbakke (van klei) en die roerstok sowel as 'n houtlepel vir die opskep, onafskeidbaar aanmekaar verbonde. Hierdie kompleks het egter nie ongeskonde gebly nie. Die meganiese meule het die vysel en maalklip uitgeskakel, die drievoet ysterpot het die klei-kookpot vervang, die meelbakkie van klei of kalbas moes wyk voor die bekende emaljebord. 'n Houtlepel word nog deur baie gebruik maar in die meeste gevalle is dit reeds vervang deur die europese artikel. Wat die witman egter nog nie kon vervang nie is die spesiaal vervaardigde roerstok. Hierdie artikel word nog in feitlik alle huishoudings aangetref en dit skyn of die stam nie van plan is om daarvan afstand te doen nie.

Soos reeds gemeld het die drievoet ysterpot 'n baie gewilde artikel geword en is een van die items wat in elke huis aangetref word. Dit word gebruik vir die kook van pap en heel dikwels ook vir ander bygeregte. Kastrolle van emalje en aluminium is egter ook nie ongewone kookgereedskap nie en word op die vuurherd gebruik deur dit met klippe te stut. Die voedsel word gewoonlik eers in emalje-skottels van verskillende groottes uitgeskep alvorens dit aan die eters voorgesit word in emalje-, blik- of porseleinborde. Ons het dikwels waargeneem dat die verskillende lede van die gesin en veral die kinders op die grond plaasneem vir die ete en dat daar 'n voorliefde skyn te bestaan om met die hand i.p.v. met die beskikbare eetgerei te eet. Onder gewone omstandighede word slegs met 'n lepel geëet en in enkele gevalle gebruik mans 'n tafelmes om die vleis mee te sny indien nodig. Vir die tee by die ete word meesal emalje bekers gebruik maar die gebruik van porseleinkoppies en pierings is ook taamlik algemeen.

© University of Pretoria    Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) Hoeveelhede en Waarde van Kook- en eetgereedskap.

Hoewel tafelgereedskap nie op uitgebreide skaal gebruik word nie is dit verbasend om te sien watter groot getalle porseleinborde (van verskillende groottes) koppies en pierings, tafelmesse, vurke en lepels in sommige huise aangetref word. Die meeste van hierdie gereedskap is so te sê splinternuut en word net by spesiale geleenthede soos troufeeste ens. gebruik. Waar die manspersone gewoonlik aanspraak maak op eienaarskap van die meubels is die vrouens die besitters van die kookgereedskap, breekware en eetgerei. Die versamelinstink speel hier ook 'n belangrike rol en die drang om steeds meer en meer van hierdie dinge te besit is geweldig sterk. Dit skyn asof die vrouens nooit tevrede sal wees met wat hulle het nie. Toe 'n vrou wat o.a. 48 porseleinborde en 50 koppies en pierings het gevra is of sy nou genoeg het, het sy op besliste wyse haar begeerte om meer te hê, te kenne gegee. Dit is miskien 'n eeue-oue drang om iets van waarde te besit wat nou, dat daar 'n nuwe bedeling is vir die vrou, so sterk na vore tree. In vroeëre tye was dit slegs vee wat versamel is en waaraan besondere waarde geheg is en daaraan het die vrou nie deel gehad nie met die gevolg dat dit nou vir die eerste maal in die geskiedenis is dat sy iets waardevols van haar eie kan besit behalwe die noodsaaklikste klere, kook- en eetgereedskap. Dit is ook opvallend dat juis sodanige artikels opgegaar word, wat indien dit veilig weggebêre word nie verniel of verouder nie. So bou die vrou dan met haar spaargeld en geskenke vir haarself „rykdom" op en ook aansien in die oë van haar vriendinne.

Behalwe genoemde artikels word in die meeste huise ook nog glase, blompotte, glas- erde en porseleinbakke aangetref. Indien daar 'n geskikte vertoonkas is word die beste artikels ten toon gestel. Hoewel die man erken dat genoemde kook- en eetgereedskap sowel as die ander huishoudelike ware aan die vrou behoort, stel hy 'n lewende belang daarin. Dit is sy trots as hy en sy vriende by spesiale geleenthede deftig bedien kan word en dit is dus tot 'n mate ook in sy eie belang dat sy vrou goed voorsien is van die nodige. Om dié rede maak hy haar dan ook soms 'n geskenk van die artikels wat sy so graag wil hê. Die meeste artikels koop vrouens egter uit hul eie kontantverdienstes en hul begin versamel as hul nog jong meisies is.

Daar is 'n klein aantal gesinne wat bloedweinig of niks van ge-

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



noemde begeerlike artikels besit nie maar dit is enkel by gebrek aan die nodige middele om dit aan te skaf en geensins weens die afwesigheid van belangstelling nie. Om 'n goeie gemiddelde syfer te kry t.o.v. die aantal artikels van elke soort wat in die huise aangetref word, is besonderhede verteenwoordigende minder bevoorregte sowel as bemiddelde huisgesinne aangeteken. Slegs sodanige artikels wat in betreklike groot getalle aangetref word, is afsonderlik aangeteken. Die ongespesifiseerde artikels wat vervat is in die gegewens wat volg sluit in drinkglase, teelepels, verskillende bakke, teepotte e.d.m. Die volgende is dan 'n uiteensetting van besonderhede verkry van 'n 100 verteenwoordige huisgesinne. Die waarde is weer gebaseer op die pryse wat volgens die eienaars daarvoor betaal is. Hierdie ware word meesal nuut gekoop:

Kook- en Eetgereedskap.

| Item. | Persentasie gesinne betrokke. | Laagste per gesin. | Hoogste per gesin. | Gemiddel per gesin. | Totale waarde. £. s. d. | Gemiddelde waarde. £. s. d. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Driebeenpot. | 100 | 2 | 9 | 4.4 | 462. 3.0. | 4.12.6. |
| Kastrolle | 51 | 0 | 7 | 1.0 | 48.10.9. | 0. 9.9. |
| Skottels | 95 | 0 | 36 | 6.4 | 142.10.0. | 1. 8.6. |
| Borde (Pors). | 86 | 0 | 48 | 12.1 | 154. 7.3. | 1.10.10. |
| Borde (E. of T.) | 96 | 0 | 20 | 5.6 | 57. 8.6. | 0.11.6. |
| Koppies en pierings. | 98 | 0 | 50 | 14.5 | 152.15.4. | 1.10.6. |
| Bekers | 87 | 0 | 12 | 3.1 | 26. 6.4. | 5.3. |
| Tafelmesse | 92 | 0 | 24 | 9.1 | 93.11.6. | 18.9. |
| Tafelvurke | 91 | 0 | 24 | 10.0 | 94.10.0. | 18.10. |
| Lepels | 100 | 2 | 24 | 11.4 | 89. 6.6. | 17.10. |
| Emmers | 82 | 0 | 4 | 1.5 | 52.16.0. | 10.6. |
| Ander | 100 | - | - | - | 312. 3.6. | 3. 2.6. |
| Totaal : | - | - | - | - | 1686. 8.8. | 16.17.3. |

Die tweede kolom hierbo wil die indruk skep dat daar sekere huisgesinne is wat geen uitrusting het nie. Dit is egter nie die geval nie en daar dien op gelet te word dat daar bv. gesinne is wat koppies enpierings het

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maar geen drinkbekers nie en andersom. Dieselfde geld ook vir porselein en emalje of vertinde borde. Daar is wel gesinne wat geen tafelvurke het nie en een of twee messe vir die huishouding het wat eenmaal tafelmesse was maar vir ons doel nie as sodanig aangeteken is nie. Almal het egter twee of meer drievoet-potte en lepels. Dit is opvallend hoe gewild porseleinborde en koppies en pierings is en dit is ook hoofsaaklik van hierdie artikels wat in groot getalle weggebêre word en selde gebruik word.

Hoewel die gemiddelde waarde van die onderhawige uitrusting te staan kom op ongeveer £17 is daar 'n aansienlike persentasie huisgesinne wat goedere ter waarde van veel meer het en die volgende tabel dui die verspreiding van die totale waarde oor 'n 100 gesinne aan :

Persentasie verspreiding van Totale Waarde.

| Waarde | £1-10. | £10-20. | £20-30. | £30-40. | £40-50. |
|---|---|---|---|---|---|
| Persentasie | 18% | 62% | 14% | 5% | 1%. |

Uit bg. blyk dus dat die oorgrote meerderheid van die genoemde huishoudelike toerusting besit ter waarde van £10-20 en dat 76% besittings het ter waarde van tussen £10 en £30 terwyl 6% meer besit en 18% onderkant die gemiddelde val.

## IV. TUISGEMAAKTE ARTIKELS NOG IN GEBRUIK.

### (a) Algemeen.

Soos reeds aangetoon is daar nog enkele tradisionele tuisgemaakte artikels wat in byna alle huise aangetref word. Hieronder tel veral kleipotte, artikels van hout (soos roerstok en lepels), kalbasse, mandjies en matte. Die houtartikels word byna sonder uitsondering deur die mans self gemaak gedurende hulle ledige ure. Ook mandjies en matte word nog deur menige self gevleg maar kleipotte het die werk geword van spesialiste van wie dit dan ook gekoop word. Die pottebakster (nog steeds vrouens soos vroeër) is afhanklik van geskikte klei vir die beoefening van haar kuns en aangesien hierdie klei nie oor die hele stamgebied gevind word nie, word die pottebakkers dan ook net op bepaalde plekke aangetref. Weens die skaarste aan die regte soort klei word potte nie op groot skaal gemaak in Mosêtlha nie en word

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie artikel hoofsaaklik verkry van naburige stamme en veral by die Bakgatla bagaMmakau van De Wildt wat alombekend is vir hul vaardigheid in die pottebakkerskuns. Kalbasse word nog soos vroeër deur elkeen self voorberei vir gebruik en dit verg geen besondere vaardigheid nie.

(b) Hoeveelheid en Waarde.

Hoewel die enkele tuisgemaakte artikels wat aangetref word beslis 'n ondergeskikte funksie vervul in die huishouding, het hulle tog 'n kontantwaarde, die weglating waarvan 'n enigsins misleidende totale syfer tot gevolg sou hê. Aangesien die kleipotte merendeels gekoop word kon taamlike akkurate gegewens met betrekking tot hul kontantwaarde verkry word. Die waarde van die ander artikels wat self vervaardig is het die eienaars self vasgestel en die prys genoem waarvoor hulle dit sou verkoop. Hierdie pryse is volgens ons mening enigsins konserwatief maar ons laat dit so deurgaan.

By dieselfde 100 huisgesinne waar besonderhede t.o.v. gekoopte toerusting aangeteken is, is ook die volgende besonderhede verkry t.o.v. tuisgemaakte artikels. Die ongespesifiseerde items sluit in stampblokke, vloervelle, biersiwwe en dergelyke meer.

Tuisgemaakte huishoudelike Toerusting.
(Insluitende gekoopte kleipotte).

| Item. | Persentasie gesinne betrokke. | Laagste per gesin. | Hoogste per gesin. | Gemiddelde per gesin. | Totale Waarde. £. s. d. | Gemiddelde waarde. £. s. d. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kleipotte | 100 | 2 | 20 | 7.0 | 350.16. 0. | 3.10. 2. |
| Mandjies | 53 | 0 | 3 | .9 | 21.14. 9. | 4. 4. |
| Houtartikels | 100 | 2 | 9 | 3.0 | 32.14. 0. | 6. 6. |
| Matte | 57 | 0 | 5 | 1.4 | 64. 8. 6. | 12.10. |
| Kalbasse | 80 | 0 | 8 | 3.2 | 33.15. 0. | 6.9. |
| Ander | 100 | - | - | - | 113.10. 0. | 1. 2.8. |
| Totaal : | - | - | - | - | 616.18. 3. | 6. 3.3. |

Die houtartikels hierbo genoem is hoofsaaklik roerstokke en die feit dat in die geval van kleipotte en artikels van hout alle huisgesinne daarvan besit, onderskryf die stelling dat hierdie twee artikels uit die vroeë-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



re kultuur behoue gebly het en vandag nog baie nuttig gebruik word. Die slaapmatte van vroeër is hoofsaaklik vervang deur die europese bed en matras of tweedehandse matte van europese of oosterse fabrikaat. Die funksie van voormalige draagmandjies (tlatla) en uitwanmandjies (lesêlô) e.d.m. word vandag tot 'n groot mate vervul deur skottels, blikke en emmers.

Persentasie verspreiding van totale waarde.

| Waarde. | £1-5. | £5-10. | £10-15. | £15-20. | £20-25. |
|---|---|---|---|---|---|
| Persentasie. | 50 | 41 | 4 | 3 | 2 |

Die hoë waarde van hierdie tipe besitting by sommige huisgesinne moet veral toegeskryf word aan 'n groot aantal geweldige groot (20-25 gelling) klei-bierpotte.

## V. NALATENSKAP T.O.V. WONING EN TOEBEHORE.

Aangesien 'n man vandag net een vrou het, is die bemaking van besittings veel eenvoudiger as vroeër. Met betrekking tot die woning en huishoudelike toerusting gebeur die volgende :

(a) By die dood van die vader erf die jongste seun (mofetsane) die woning en alle ameublement met dien verstande dat hy sy moeder sal versorg tot sy weer trou of indien sy nie weer trou nie, tot haar dood toe. Die kook- en eetgereedskap wat soos aangetoon, die moeder se besittings is, bly haar eiendom tot sy sterf.

(b) Indien die erfgenaam nog minderjarig is, hou sy moeder sy erfporsie vir hom in trust.

(c) In gevalle waar daar geen seuns is nie bly die weduwee in besit van die woning en meubels. Na haar dood besluit die man se broers en ooms van vaderskant wat van die boedel word. Die algemene gebruik is dat die besittings onder die afgestorwene se broers of ander familie van vaderskant verdeel word. Dit gebeur vandag ook dikwels dat die besittings onder die dogters (indien enige) verdeel word.

(d) By die sterwe van die moeder word al haar persoonlike besittings sowel as die kook- en eetgereedskap onder haar dogters gelykop verdeel. Indien

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar geen dogters is nie, gaan dit na haar seuns en as daar ook geen seuns is nie, gaan dit na haar man of as hy ook reeds dood is, na sy broers of ander familie-betrekkinge van vaderskant "na dié wat haar getrou het" d.w.s. die wat haar bogadi betaal het.

(e) Dit gebeur teenswoordig ook dikwels dat testamente wettiglik gemaak word met behulp van 'n prokureur. Die bemakings geskied egter hoofsaaklik in ooreenstemming met die prosedure hierbo omskryf.

VI. OPSOMMING.

In die lig van die voorafgaande uiteensetting en gegewens t.o.v. behuising en huishoudelike toerusting kan ons opsommend die volgende gevolgtrekkinge maak :

(a) Waar die stam in vroeëre tye gekonsentreerd gewoon het in groepe van lokale gemeenskappe wat samehorige wyke (dikgorwana) uitgemaak het, word plaaslike gemeenskappe vandag dwarsoor die stamgebied aangetref en die lede van hierdie gemeenskappe behoort ook nie almal tot dieselfde konstitusionele eenhede nie. Die orderlike posisie van wooneenhede soos vroeër aangetref bestaan nie meer nie. Die woonplekke van 'n gemeenskap word aangelê sonder enige vaste patroon of beplanning.

(b) Die grond bly nog stameiendom maar net soos vroeër ontvang 'n getroude man op aansoek 'n bouperseel wat vir praktiese doeleindes beskou word as sy eie, wat oorgaan na sy erfgename maar nie vervreem mag word nie.

(c) Die vroeëre Kgatla-hut of eenheid hutte is vervang deur 'n woonhuis van europese tipe met behoud van 'n enkele gewysigde hut (rondawel), die binneplaas of lapa en sekere ondergeskikte metodes van bou bv. die pleistering van mure met grond en die maak en smeer van grondvloere. Die bodem voorsien ook nog in sekere boumateriaal hoewel 'n groot gedeelte hiervan gekoop moet word. Hoewel die man en die vrou net soos vroeër elk 'n aandeel het in die bouwerk, word die werk in 'n toenemende mate opgedra aan vakmanne wat betaal word vir hul dienste.

(d) Anders as vroeër het die woonhuis en ander verbeteringe vandag 'n handelswaarde en kan verkoop word met dien verstande dat die bouperseel nie by

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die eiendom ingesluit is nie.

(e) Die wonings is oor die algemeen goed gemeubileerd met ameublement van westerse fabrikaat.

(f) Westerse huishoudelike artikels het op slegs enkele uitsonderinge na, ook die plek ingeneem van die tradisionele kook- en eetgereedskap.

(g) Die bou van 'n huis en die meubilering daarvan is vir die man 'n vorm van belegging sonder winsbejag net soos die versameling van ander huishoudelike toerusting vir die vrou 'n belegging is. Hierdie belegging bepaal ook tot 'n groot mate die eienaars se status.

(h) Die wyse waarop woning en toebehore vererf word verskil weinig of niks van die vroeëre gebruik in hierdie verband nie.

(i) Die totale gemiddelde kontantwaarde van wonings en toerusting kom op die volgende neer :

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gemiddelde kontantwaarde van wonings .............. | £345. | 11. | 0. |
| Gemiddelde kontantwaarde van meubels .............. | £ 45. | 2. | 10. |
| Gemiddelde waarde van ander huishoudelik toerusting. | £ 16. | 17. | 3. |
| Waarde van tuisgemaakte artikels .................. | £ 6. | 3. | 3. |
| Totaal: | £413. | 14. | 4. |

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK XII.

## DIE LANDBOUBEDRYF ONDER HUIDIGE OMSTANDIGHEDE.

### 1. Inleiding.

Ten spyte van die kontantverdienste in die geval van meeste gesinne soos in Hoofstuk 10 uiteengesit, word die landboubedryf in Mosêtlha nog beskou as die vernaamste bron van voedselvoorsiening. Op die opbrengste van die landerye word in die eerste instansie gereken om die honger uit die huis te hou. Volgens Schapera[1] is dit ook die geval by alle ander Suid-Sentrale Bantoestamme. As gevolg van die feit dat die opbrengste in sommige jare baie skraal is en dat die landerye dikwels ook hoegenaamd niks oplewer nie, is die stam egter vir tye lank geheel-en-al afhanklik van ander inkomstes en veral die kontantverdienstes van verskillende lede van die gesin. Dit word egter algemeen beskou as 'n ongelukkige afwyking van wat die posisie behoort te wees en geeneen sal daaraan dink om ten spyte van ongunstige kondisies voedselproduksie te laat vaar en uitsluitlik kontantverdienstes vir voedsel aan te wend nie. Kontant word beskou as 'n middel om sodanige goedere (insluitende sekere voedsels soos tee, suiker, sout e.d.m.) wat die landerye nie kan oplewer nie te koop. As dit vir kafferkoring, mielies of ander landbouprodukte aangewend moet word heers daar 'n noodtoestand.

As gevolg van die stam se kontak met die blanke beskawing en veranderde omstandighede wat veral verantwoordelik is vir die gewysigde pligte van die man, is die bewerking van die landerye aanmerklik vergemaklik. Waar dit vroeër byna uitsluitlik die taak van die vrou was om met die mees primitiewe werktuie die lande te bewerk, word die werk vandag verrig deur die vrou sowel as die man en het die man trouens ook 'n groter aandeel daaraan as die vrou. Die arbeidskrag van die man is dus vandag ook tot beskikking van die landboubedryf. Dit in sigself het die taak aansienlik vergemaklik maar 'n nog vernamer faktor wat vergemakliking tot gevolg gehad het is die gebruik van europese werktuie en veral die ploeg. Die oppervlakkige bewerking van die grond in vroeëre tye met 'n primitiewe houtpik, wat weke van harde en eentonige arbeid geverg het, word vandag veel beter en veel gouer met be-

1. Schapera I, 1933. Economic Conditions in a Bechuanaland Native Reserve. S.A. Journal of Science. Vol. XXX. p. 636.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulp van die ploeg en trekdiere verrig. Met die bykomstige arbeid van die man en die gebruik van beter werktuie is dit dan ook moontlik om groter lande te bewerk as vroeër.

Soos reeds in 'n vorige hoofstuk aangetoon, het die landboubedryf in vroeëre tye, die klein persele en swak metodes van bewerking ten spyt, ruim voorsien in die behoeftes van die stam. 'n Mens sou dan verwag dat onder die huidige gunstiger omstandighede veel meer geproduseer kon word en dat daar 'n surplus van graan behoort te wees. In goeie jare word daar ook (soos later sal blyk) baie meer produseer as vroeër maar dit is nie altyd die geval nie en omdat die surplus-produksie van goeie jare sonder uitsondering verkoop word voorsien dit nie in die tekorte van swak jare nie. Behalwe droogte en onbestendige reënval is daar verskillende ander oorsake vir die ongelyke produksie van jaar tot jaar. Die volgende aanhaling uit 'n rapport van die Sosiale en Ekonomiese Plannerraad,[1] waar dit gaan oor die onproduktiwiteit van naturelle-landbou in die algemeen, werp 'n mate van lig op die probleem :

„Waarskynlik die belangrikste kenmerk van naturelle-landbou, is die versuim om vroeëre metodes by moderne toestande aan te pas. Hoewel die praktyk enigermate van gebied tot gebied verskil na gelang van faktore soos die mate van aanraking met die blanke beskawing, stamtradisies, reënval, temperatuur, verdamping, topografie ens., is dit oor die algemeen van soortgelyke aard wat betref die verbouing van een gewas nl. mielies of kafferkoring en die versuim om die vrugbaarheid van die grond te bewaar. Dit blyk dat die Suid-Afrikaanse naturelle, ofskoon hulle in die eerste plek mense was wat die grond bewerk en beeste aangehou het, nooit werklike boere was nie."

Die rapport gaan verder om in hierdie verband daarop te wys dat gebrek aan visie of konsiderasie vir die nageslag, gebrek aan opvoeding, bygeloof, vooroordeel, diepgewortelde vrees dat verbeteringe daartoe mag lei dat die blankes hulle grond begeer en louter traagheid, van die vernaamste hindernisse is in die weg van vooruitgang.

---

1. Die Naturellereserwes en hulle plek in die volkshuishouding van die Unie van Suid-Afrika. 1946. Verslag No. 9 van die Sosiale en Ekonomiese Plannerraad p. 13.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die algemene kenmerk en hindernisse hierbo uiteengesit word tot 'n groot mate ook in Mosêtlha aangetref. Hoewel daar in 'n toenemende mate getrag word om in ooreenstemming met wetenskaplike vereistes die akkerbou te beoefen, het die stam vir 'n geruime tyd slegs in een opsig gebruik gemaak van die leiding wat die blanke beskawing op hierdie gebied aanbied en dit is deur die gebruik van die ploeg. 'n Groot meerderheid het inderdaad ook nog nie verder gevorder nie. Behalwe in hierdie een opsig beoefen die meerderheid die landboubedryf nog hoofsaaklik soos vroeër en hiermee word bedoel dat minder belangrike wysiginge wel ingetree het, maar dat geen radikale veranderinge gekom het wat hoër en veral bestendige produksie tot gevolg het nie. Ten spyte van weerkundiges se bewering dat die gemiddelde reënval in Suid-Afrika geen daling toon nie (vgl. p. 188) voel ons tog dat die onbestendige reënval in die stamgebied heelwat te doen het met herhaaldelike mislukte oeste. Op grond van ons eie waarneming en op grond van samesprekinge met landbouers in die gebied kan ons aanvoer dat dit dikwels gedurende die vroeë somer voldoende reën om die landerye te bewerk en die saad aan die groei te kry en dat die reën dan gedurende die warmste somermaande wanneer die jong graan dit die nodigste het, te lank wegbly. Op dié wyse kry die gesaaides 'n knak as gevolg waarvan dit moeilik herstel al sou daar dan ook later weer 'n paar goeie maande volg. Teen son en droogte is jong gesaaides nie bestand nie en selfs die voortreflikste bewerking van die grond en bemesting kan die posisie soms nie red nie. Dit word egter geredelik toegegee dat hoe beter die grond bewerk is, hoe groter sal die weerstandsvermoë van die gesaaides wees teen droogte. In hoeverre die BagaMosêtlha 'n poging aanwend om bywyse van intensiewe grondbewerking die wisselvallige reënval die hoof te bied, sal later in hierdie hoofstuk blyk.

2. Grondbesit en Landbouhoewes.

Net soos vroeër behoort die woongebied nog aan die stam as geheel met dien verstande dat daar vandag ook groepe van die stam is (sindikate) wat gedeeltes van die gebied gesamentlik besit (vgl. hst. 2). Of dit nou stamgronde is of sindikaatgronde binne die stamgebied, indiwiduele eiendomsreg bestaan nie. Die hele stamgebied behoort aan die hoofman in sy hoedanigheid as verpersoonliking van die stam. 'n Landbouhoewe word deur die Stam-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



raad aan elke getroude man van die stam toegesê en vir praktiese doeleindes word dit beskou as sy eie. Hy het daar geen dokumentêre bewys voor nie maar dit is deur 'n verantwoordelike liggaam (die Stamraad) aan hom toegesê en dit in sigself maak sy besitreg onbesproke. Hoewel die grond uiteindelik nog aan die stam behoort, het die man aan wie dit toegesê is sekere permanente en uitsluitlike regte ten opsigte daarvan. Hy kan dit bewerk of onbewerk laat soos hy verkies maar niemand anders het die reg om dit te bewerk sonder sy toestemming nie. By sy dood bly dit in besit van sy weduwee wat dit indien nodig, in trust hou vir die jongste seun van die gesin wat getrou aan die tradisie, nog steeds die erfgenaam van die bougrond is. Hierdie seun neem dit in besit sodra hy trou. So bly die hoewe dan ook die erfgrond van die gesin. 'n Man mag die grond wat aan hom toegestaan is nie vervreem nie en as hy sy woonbuurt of die stamgebied verlaat val die grond weer terug na die hoofman en kan opnuut uitgegee word. Op die sindikaatplase geskied die toekenning van bougrond op dieselfde basis en die enigste verskil is dat 'n man sy aandeel in die plaas kan verkoop aan 'n ander en op dié wyse dan ook sy landbouhoewe mag vervreem.

In soverre as wat 'n man by die Lekgotla aansoek moet doen om grond en die wyse waarop daaroor besluit word is die posisie nog dieselfde as vroeër (vgl. p. 119). Die woonperseel kan hy self kies en daarvoor aansoek doen maar hy moet tevrede wees met die bougrond wat beskikbaar is. Die ou metode van opmeting deur die bakens te bepaal met die gooi van 'n assegaai (vgl. p. 120) het egter geheel-en-al in onbruik geraak. Dit is goed te verstaan omdat veel groter hoewes bewerk kan word met die bykomstige arbeid van die manspersone van 'n gesin en die gebruik van die ploeg. Die metode van die witman om gronde op te meet deur dit af te tree, is deur die stam oorgeneem. Die grootte van lande word bereken in eenhede van „akkers". Dit is egter net die benaming wat oorgeneem is en nie die gewone afmetings nie. 'n Akker (of êkêr, soos dit in die volksmond bekend is) is ongeveer 12 x 250 tree. Die aantal akkers wat aan 'n man toegesê word hang af van sy vermoë om hulle te kan bewerk. By die eerste aansoek sal hy miskien nie meer as 10 „akkers" (ongeveer 3 morge) kry nie maar namate dit bekend word dat hy meer kan behartig, sal indien hy aansoek doen, meer bougrond geredelik aan hom

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toegestaan word. Landerye word nie meer soos vroeër deur die toordokter behandel nie (vgl. p. 120).

Die landerye in Mosêtlha is gelokaliseer en wel op verskillende plekke in die stamgebied in die omgewing van die plaaslike gemeenskappe. Waar die beste bougrond is, is 'n groot aantal hoewes behorende aan verskillende persone bymekaar geleë. Slegs 'n smal strokie onbewerkte grond dui die grense tussen die hoewes aan. Van omheining word gebruik gemaak in dié sin dat die hele lokaliteit waar die landerye is afgekamp word insluitende gronde wat eers in die toekoms bewerk sal word. Geen indiwiduele hoewe is omhein nie. Aangesien 'n groep lande dan omhein is, is die gesaaides betreklik veilig teen skade deur vee. Wanneer die oeste af is, dien die landerye (met stronke) sowel as die onbewerkte gedeeltes wat daarby ingesluit is, as goeie spaarweiding.

Sommige landerye is geleë in turfgedeeltes en ander waar daar 'n koeler, sanderige leemgrond is. Die turflande is vandag nog, ten spyte van weinig of geen bemesting, baie vrugbaar en indien dit 'n goeie reënjaar is lewer hulle goeie oeste. 'n Beginner wat gewoonlik net een land het verkies dan ook om 'n turfland te hê. Sommige probeer ook om namate hulle meer grond nodig het, hul turfland te vergroot of om 'n tweede perseel in die turfgebied te verkry. Ondervinding het egter geleer dat 'n sandland in droë jare darem nog 'n oes lewer terwyl die gesaaides onder soortgelyke omstandighede op 'n turfland 'n totale mislukking is. Om dié rede verkies die meerderheid om 'n hoewe in die turf sowel as in die „sand" te hê. As 'n man dus reeds 'n turfland het probeer hy dikwels om by sy tweede aansoek 'n sandland te verkry.

Uit besonderhede verkry van 'n 100 verskillende saaiboere het die volgende t.o.v. die aantal hoewes, tipe en grootte van bougrond aan die lig gekom:[1]

| | |
|---|---|
| Persone met net een landbouperseel .................... | 19% |
| Persone met twee persele ............................ | 81% |
| Turflande wat bewerk word ........................... | 73% |
| Sandlande wat bewerk word ........................... | 27% |

1. „Akkers" is verwerk na morge.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kleinste hoeveelheid grond bewerk deur 'n gesin .............. 2 morge.

Grootste hoeveelheid grond bewerk deur 'n gesin ..............10 morge.

Gemiddelde hoeveelheid grond wat bewerk word ................. 4.5 morge.

Uit bg. blyk dus dat die oorgrote meerderheid boere twee landboupersele het en verder dat die grootste gedeelte van hierdie bougrond turflande is. Hoewel daar enkeles is wat slegs 'n klein hoewe het van sowat 2 morge (6 akkers) is daar ander wat tot 10 morge (30-40 akkers) bewerk. Dit is veral op die sindikaatplase waar die bougronde veel groter is.

Aangesien elke gemeenskap sy eie landerye het, is die lande binne loopafstand van die woonplek en dit is nie nodig vir die eienaars om vir 'n paar maande elke jaar hulle huise te verlaat en by die lande te vertoef soos die geval in Bechuanaland is nie.[1] Die landbouers, d.w.s. man, vrou en kinders (wat help) gaan soggens lande toe en kom in die laat agtermiddag terug. Gereedskap soos ploeë, jukke, tuie ens. word egter by die land langs 'n bos of in 'n skerm agtergelaat tot die gebruik daarvan nie meer nodig is nie. Dit word beweer dat die gereedskap wat so by die lande gelaat word nooit gestel word nie. Dit is 'n bewys van die hoë moraal wat nog in die reservaat aangetref word.

Waar daar vroeër net een lepaša of letsweta of tšhemo ya mošate (land van die hoofstat) was, is daar tans vier verskillendes nl. een by elk van die volgende plaaslike gemeenskappe :

Ngobi (Vogelstruispan).

Tladi (Leeukraal).

Kgomo-Kgomo (Buffelsdrift).

Mosôtlha (Goedgewaagd 465).

Die grootte van elk van hierdie kapteinslande is soos algemeen bekend 12 „akkers" by 16 „akkers" d.w.s. 12 x 12 tree by 12 x 16 tree en dit is 144 x 192 tree. 'n Stuk land dus van ongeveer 3 morge. Hierdie matsweta word bewerk deur die mense wat in die geweste van genoemde gemeenskappe woon. Hulle word nie noodwendig eerste van alle lande geploeg soos vroeër nie. Dit hang daarvan af wanneer die plaaslike mokgômana besluit om die manne op te roep vir die werk en dit gebeur dikwels nadat alle ander lande klaar geploeg

1. Schapera, I. 1933. Economic Conditions in a Bechuanaland Native Reserve. S. African Journal of Science Vo. XXX p. 637.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is. 'n Mophatô (ouderdomsgroep)van mans word opgeroep om te kom ploeg, 'n mophatô van vrouens skoffel die land, 'n mophatô van mans oes die land (gewoonlik in een dag) en 'n mophatô van vrouens dors die graan. Sekere mans word aangewys om die opbrengste met 'n wa na die hoofstat te karwei. Dit word beweer dat elkeen van hierdie vier lande van 25-30 sakke oplewer in 'n gemiddelde jaar d.w.s. van die vier lande ontvang die hoofman dan gewoonlik van 100-120 mud graan. In goeie jare was die opbrengs ook al oor die 200 sak maar dan was die letsweta ook groter.

Teenswoordig verkoop die hoofman gewoonlik die graan en gebruik die kontant al na gelang dit nodig is. Dit word ook van hom verwag om uit hierdie bydrae tot sy huishouding besoekers te onthaal en stamlede wat in die uiterste ellende verkeer te hulp te kom. Aangesien hongersnood in die eerste instansie met kontantverdienstes die hoof gebied word, gebeur dit teenswoordig nie meer te dikwels dat die hoofman lg. verpligting hoef na te kom nie en gevalle wat voorkom is beperk tot baie ou mense of weduwees wie se naasbestaandes oorlede is of hul andersins in die steek gelaat het.

3. Landbougereedskap.

Alvorens ons oorgaan tot die metodes van grondbewerking en die verskillende gewasse wat verbou word, is dit wenslik om eers aandag te gee aan die landbougereedskap en ander toerusting wat vandag in die landboubedryf gebruik word. Items soos waens, karre ens. wat nie uitsluitlik vir hierdie bedryfsgebruik word nie, kom ook hier ter sprake omdat hulle nêrens anders beter tuishoort nie.

Van die primitiewe werktuie bly daar vandag feitlik net die skoffelpik oor en die artikel wat vroeër self vervaardig is, is ook vervang deur 'n pik wat deur die europese handel aangebied word. Die ploeg is die vernaamste toevoegsel tot die werktuie maar ook ander alombekende landbougereedskap word aangetref. Trekgoed is natuurlik ook saam met die ploeg van die witman oorgeneem.

Besonderhede in hierdie verband is aangeteken by 100 verteenwoordigende huisgesinne, versprei oor die hele stamgebied. Die pryse wat teenoor die verskillende items in o.s. tabel aangetoon word, is die bedrae wat die eienaars daarvoor betaal het en hoewel party goedere miskien reeds in waarde

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verminder het is dit 'n getroue weergawe van wat in die gereedskap belê is. In die meeste gevalle maak onkoste t.o.v. spaardele en herstelwerk sedert die aankoop van die artikels op vir waardevermindering. Die pryse van jukke, rieme, stroppe en swingels wissel baie, aangesien dit artikels is wat dikwels tuis vervaardig word en gevolglik baie goedkoper verkry word as wanneer dit gekoop word. Die eienaars het egter nie geaarsel om te sê wat die artikels werd is nie en die syfer wat hulle genoem het is aangeteken. Onder ongespesifiseerde items tel goedkoper artikels soos skoffelpikke, swepe, sakke, byle, enkele uitwanmandjies en ook 'n paar fietse.

Opsomming en Waarde van Landbougereedskap.

| Item. | Persentasie besitters. | Kleinste aantal. | Hoogste aantal. | Gemid. per gesin. | Totale waarde. £. s. d. | Gemid. waarde per gesin. £. s. d. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eenvoorploeë | 82 | 0 | 2 | .8 | 513. 15. 0. | 5. 2. 9. |
| Tweevoorploeë | 21 | 0 | 1 | .2 | 354. 10. 0. | 3. 10. 0. |
| Egge | 29 | 0 | 1 | .3 | 153. 5. 0. | 1. 10. 8. |
| Skoffelploeë | 2 | 0 | 1 | .02 | 14. 0. 0. | 2. 9. |
| Planters | 2 | 0 | 1 | .02 | 22. 10. 0. | 4. 5. |
| Jukke | 81 | 0 | 10 | 4.3 | 186. 12. 6. | 1. 17. 3. |
| Swingels | 20 | 0 | 8 | .8 | 31. 4. 0. | 6. 3. |
| Tuie | 25 | 0 | 24 | 1.5 | 64. 1. 0. | 12. 9. |
| Rieme | 86 | 0 | 60 | 8.2 | 64. 11. 6. | 12. 11. |
| Stroppe | 81 | 0 | 21 | 7.9 | 69. 1. 0. | 13. 9. |
| Kettings | 88 | 0 | 20 | 4.1 | 209. 9. 6. | 2. 6. 0. |
| Waens | 20 | 0 | 1 | .2 | 730. 0. 0. | 7. 6. 0. |
| Karre | 18 | 0 | 1 | .2 | 334. 0. 0. | 3. 7. 0. |
| Ander | 100 | - | - | - | 558. 0. 0. | 5. 11. 7. |
| Totaal | - | - | - | - | 3304. 19. 6. | 33. 4. 1. |

Hierdie syfers werp lig op verskeie interessante feite. 'n Huisgesin sonder 'n ploeg is 'n rare uitsondering. Die syfers wat t.o.v. ploeë

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aangegee word mag wel die indruk skep dat almal óf 'n enkelvoor- óf 'n tweevoorploeg besit. Dit is egter nie so nie want sommige wat 'n tweevoorploeg het, het ook 'n eenvoorploeg. Ons bevinding was dat 5% glad geen ploeg besit nie en hulle lande geploeg kry met behulp van ander. 'n Noemenswaardige persentasie (21%) het al so ver gevorder dat hulle 'n tweevoorploeg het. Die feit dat daar 29% besitters is van êe toon dat die waarde van die eg al taamlik sterk posgevat het. By die plant was die tradisionele gebruik om gate te kap met 'n pik en dan in elkeen 'n paar korrels saad te plant. Toe met die ploeg van lande begin is, is die saad oor die land gesaai en onmiddelik daarna ingeploeg. Die feit dat daar vandag nog slegs 2% landbouers is wat planters het en net so 'n klein persentasie met skoffelploeë, bewys dat die ongewenste metode van die saad op onreëlmatige wyse te saai, nog steeds in swang is. Die aantal planters bepaal tot 'n groot mate die aantal skoffelploeë want 'n gesaaide land kan nie met 'n skoffelploeg bewerk word nie. Dit word toegegee dat mielies soms in rye agter die ploeg aan geplant word; kafferkoring wat die meeste verbou word, word egter deurgaans gesaai.

Die feit dat 81% boere besitters is van jukke en slegs 20% swingels het, bewys tot hoe 'n mate osse bo donkies verkies word as trekdiere. Hierdie verskynsel kan tot 'n groot mate ook toegeskryf word aan die propaganda wat van owerheidsweë teen die besit van donkies gemaak word. Verdere besonderhede i.v.m. die besit van donkies word verstrek in die volgende hoofstuk. Die rede waarom daar meer besitters is van tuie as besitters van swingels is omdat donkies sonder los swingels gebruik word voor die kar.

Met betrekking tot die vernaamste landbougereedskap is die verhouding van die aantal artikels tot gesinne soos volg :

| | |
|---|---|
| 1.03 | Ploeg per gesin. |
| 1 | Eg per 3.04 gesinne. |
| 1 | Planter per 50 gesinne. |
| 1 | Skoffelploeg per 50 gesinne. |
| 1 | Voertuig met wiele per 2.6 gesinne. |

Dit is interessant om hierdie besonderhede te vergelyk met wat die posisie in 1937 in die Ciskei[1] was naamlik:

1. Die Naturelle Reserwes en hul plek in die Volkshuishouding van die Unie van Suid-Afrika. 1946. Verslag No. 9 van die Sosiale en Ekonomiese Beplanningsraad. p. 17.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1 Ploeg per 2.6 gesinne.

1 Eg per 13 gesinne.

1 Planter per 81.4 gesinne.

1 Skoffelploeg per 31.5 gesinne.

1 Voertuig met wiele per 27.2 gesinne.

Ten opsigte van ploeë en voertuie (ander items word nie gegee nie) was die syfers vir die hele Transvaal in 1937 soos volg:[1]

1 Ploeg per 2.6 gesinne.

1 Voertuig per 16 gesinne.

Hoewel die posisie van die BagaMosêtlha met betrekking tot bg. vandag beter is as wat die gemiddelde syfers vir ander streke aantoon in 1937, kan nie beweer word dat hulle in daardie jaar beter daaraan toe was nie. Dit is nietemin interessant om die stam se huidige posisie te vergelyk met wat die algemene toestande 14 jaar gelede was.

Die volgende tabel toon die verspreiding van landbougereedskap:

Verspreiding van gereedskap (waarde).

| Uit. | Weinig of geen. | £1-25. | £26-50. | £51-75. | £76-100. | £101-125. | £126-150. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 100 | 5% | 52% | 18% | 9% | 8% | 5% | 3% |

Die 16% wat gereedskap ter waarde van meer as £75 het kan beskou word as taamlik welvarende en progressiewe boere.

4. Gewasse wat verbou word.

In hierdie verband het weinig verandering ingetree. Die gewasse wat vroeër verbou is word vandag nog getrou jaar na jaar gekweek. Kafferkoring is nog die hoofgewas hoewel dit aangevul word met mielies wat vroeër onbekend was. Die ander bykomstige gewasse wat vroeër gekweek is soos kafferbone, manna, „china beans" (lehlodi) „duco beans" (ditloo) marankas, kafferwaatlemoene, waatlemoene en soetriet word nog sonder uitsondering aangetref. Hierdie bykomstige gewasse word in 'n toenemende mate aangevul met patats, suikerbone en pampoene - almal gewasse wat net soos mielies met die blanke be-

1. Verslag No. 9 van die Sosiale en Ekonomiese Planneraad. Op cit. p. 17.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skawing gekom het. Melding kan gemaak word van die feit dat manna afneem. Kafferkoring, mielies en kafferbone kan beskou word as die vernaamste gewasse wat verbou word in dieselfde orde van voorkeur. Syfers wat die grootte van die oes t.o.v. hierdie gewasse aandui volg later in hierdie hoofstuk.

Alle ander gewasse word op 'n veel kleiner skaal gekweek as eers-genoemdes en hoofsaaklik ook net vir eie gebruik en nie vir die mark nie. Die moontlikheid van 'n surplus van die bykomstige gewasse in 'n goeie jaar is egter nie uitgesluit nie en in sulke gevalle sal klein hoeveelhede wel as ruilmiddel by die plaaslike handelaar verhandel word. Hoewel die oes geen-sins konstant is nie, is daar sommige jare taamlik baie pampoene wat via die plaaslike handelaar op die stedelike marke beland. Dit spreek vanself dat die produsente lank nie die marksprys van 12/- tot 20/- per mudsak kry nie en by navraag het geblyk dat hulle hoogstens 5-6 sjielings per mudsak vir pampoene kry. Grondbone word ook op 'n toenemende mate gekweek maar op die oomblik is die produksie van hierdie gewas nog niksbeduidend.

Ander gewasse soos boerkoring, gars, hawer, aardappels en enige groentesoort word nêrens in Mosêtlha verbou nie. By gebrek aan besproeiings-fasiliteite is dit ook goed te verstaan maar soos later sal blyk is die moontlikheid om groente te kweek vir huislike gebruik nie uitgesluit nie. Die feit dat geen gedetermineerde poging aangewend word om groente te verbou nie moet toegeskryf word aan die opvatting dat groente of vrugte nie nood-saaklike kos is nie. Die lus daarvoor bestaan wel maar die vername plek daarvan in 'n goed gebalanseerde dieët word nog nie besef nie.

5. Grondbewerking en Metode van Verbouing.

Soos reeds aangetoon is dit vandag nie meer hoofsaaklik die vrou se plig om die lande te bewerk nie. Hoewel die vrou (en dogters) nog 'n baie belangrike rol speel in die landboubedryf het die mans (en seuns) beslis 'n groter aandeel daaraan. Alle lande word met 'n een- of tweevoorploeg omgeploeg en die vroeëre metode om die bougrond met 'n houtpik (hlofi) in gereedheid te bring vir die saad bestaan nêrens meer nie. Nuwe lande word gedurende die wintermaande skoongemaak deur die bosse (hoofsaaklik haak-en-steek) uit te kap. In die meeste gevalle word hierdie lastige struik egter nie met wortel en tak uitgeroei nie met die gevolg dat dit telkens weer sy verskyning maak. Dit is

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



veral om dié rede dat selfs die meeste ou lande ook voor die ploegtyd nagegaan word om struike te verwyder. 'n Eenvoorploeg gaan maklik om 'n stomp met die gevolg dat dit nie dikwels daardeur beskadig word nie en dit dus nie as noodsaaklik beskou word om die stompe te verwyder nie. Daar is in Mosêtlha baie min klippe en die landbouers het daarvan dan ook byna geen las nie. 'n Paar groot bome bly staan vir koelte en enige wildevrugte-boom word net soos vroeër selfs in die land bewaar; daar is egter nie veel van lg. nie.

Behalwe die skoonmaak van lande word baie hoewes indien moontlik ook een keer in die winter geploeg. Dit word gesê die lande word „gebraak", al is dit dan ook 'n ou land wat net geploeg word. Die „braak" van lande is afhanklik van die beskikbaarheid van trekdiere. In Mosêtlha word baie min van donkies gebruik gemaak as trekvee en osse wat deur die meerderheid gebruik word is gedurende die wintermaande dikwels in so 'n swak kondisie dat dit nie beskou word as wenslik om hulle te laat werk nie. Die wenslikheid van winterploeg word nietemin besef.

As die reëntyd nader word die trekgoed nagesien, nuwe skare gekoop en alles in gereedheid gebring vir die ploeg. Die ou seremoniële gebruike wat in verband gestaan het met die landboubedryf bv. die reënseremonie (go neša pula), die amptelike oopstelling van die saaiseisoen (go ntšha peu) en die fees van die eerste vrugte (go loma lerotse) het grootliks verdwyn. Geen poging word aangewend om die koms van die reën te bespoedig nie en die kerstening van die stam is hiervoor verantwoordelik. Die tradisionele gebruike i.v.m. die eerste vrugte word selfs deur die oudstes van die stam net vaagweg onthou. Al wat nog in gewysigde vorm voorkom is die oopstel van die saaiseisoen. Daar is egter nie meer veel formaliteite aan verbonde nie. Daar is geen medisinale behandeling van die saad nie. As die ploegtyd kom word die hoofman slegs in die Lekgotla (wat weekliks vergader) daaraan herinner dat die saad vrygestel moet word (Re fe peu - gee vir ons die saad) en sonder seremonie kondig hy dan aan dat die stam maar kan begin. Die hoofmansland (letsweta) word nie noodwendig eerste geploeg nie en die plegtighede wat vroeër ook hieraan verbonde was (vgl. p. 125) bestaan nie meer nie. Geen spesiale saad word vir die letsweta gebruik nie en die vrouens wat vroeër so 'n belangrike rol in hierdie verband gespeel het, het geen deel aan die ploeg van die land nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sodra die eerste reëns geval het gaan die mans uit om te ploeg. Slegs in enkele gevalle is die vrou behulpsaam by die ploeg wanneer dit dan ook gewoonlik haar taak is om te help by die in- en uitspan en om die ploegstert te hou. Hier sien ons terloops dat die verbod wat die vrou belet hèt om met beeste te werk opgehef is. In die meeste gevalle word die ploeëry egter net deur die vader en van sy groter seuns waargeneem. Vriende of familiebetrekkinge help mekaar ook dikwels deur saam te werk en mekaar se lande een na die ander om te ploeg. Aan 'n werksparty val nie te dink in die ploegtyd nie aangesien almal besig is om na hul eie belange om te sien.

Die wenslikheid vir diep ploeg is algemeen bekend en word ook ingesien. Diegene wat 'n goeie swaar eenvoorploeg of 'n tweevoorploeg met genoegsaam trekdiere het, trag dan ook om die grond so diep moontlik om te dolwe. Die meerderheid moet egter tevrede wees met 'n swak ploegie en slegs twee of vier trekosse (koeie en verse word baie dikwels ook ingespan) met die gevolg dat die lande nie baie goed geploeg word nie. Van 'n eg word in toenemende mate gebruik gemaak en in baie gevalle word die grond onmiddelik na dit geploeg is ook gelyk geëg. Aangesien die landerye in Mosêtlha hoofsaaklik gelyk is, kom dit nie daarop aan in watter rigting geploeg word nie. Waar daar wel skuins lande is en op-en-af ploeg erosie kan bevorder, word gewoonlik op advies van die landboubeampte (sien hst. 14) geredelik dwars geploeg.

Die onskatbare waarde van bemesting word in Mosêtlha soos by soveel ander Bantoestamme nog nie besef nie. By ondersoek het geblyk dat slegs 18% landbouers tot 'n mate gebruik maak van die groot hoeveelhede kraalmis wat in die stamgebied aangetref word. Dit is ook slegs op die sandlande waar van mis gebruik gemaak word. Die algemene opvatting is dat turfgrond vrugbaar is en nie sy vrugbaarheid verloor nie ongeag die aantal jare wat dit gebruik word. Om dié rede word die turflande in Mosêtlha dan ook nie bemes nie. Die beswaar word ook teen mis ingebring dat dit miswurms op die lande bring wat die jong gesaaides by die wortel aanval. Verder is daar geen noemenswaardige beswaar nie en die versuim om bemesting toe te dien moet hoofsaaklik toegeskryf word aan traagheid. Die voordele daarvan is bekend en die feit dat blanke groentekwekers jaarliks 'n paar honderd ton mis van die stam koop behoort vir elkeen genoegsaam bewys te wees van die waarde van bemesting.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die sandlande word eerste geploeg; die turflande moet om verstaanbare redes eers bietjie afdroog voor dit bewerk kan word. Aparte gedeeltes van die beskikbare bougrond word gereserveer vir elk van die drie hoofgewasse nl. kafferkoring, mielies en kafferbone en indien so besluit ook 'n aparte stuk grond vir elk van manna en lehlodi (china beans). Vir lg. twee gewasse word egter nie meer as 'n halwe „akker" (soos beskryf) elk afgesonder nie. Een of twee „akkers" word vir kafferbone gebruik. Soveel as moontlik van die turflande word vir kafferkoring gebruik en die sandlande hoofsaaklik vir mielies.

Enkele gevalle mag aangetref word waar die beste saad d.w.s. die mooiste are of mieliekoppe opsy gesit word vir saad maar in die meeste gevalle is daar geen saadseleksie nie. Trouens as die ploegtyd begin is die meeste se groot probleem om saad in die hande te kry en die eerste die beste wat verkry kan word word gesaai. 'n Hoeveelheid saad van die kafferwaatlemoen, waatlemoen, pampoen, ditloo (duco beans), soetriet en dikwels ook suiker- of kafferbone word met kafferkoring- sowel as mieliesaad gemeng om saam gesaai te word.

Met twee of drie persent uitsonderinge word die saad yl versprei met die hand gesaai net nadat 'n akker aangevoor is. Dit word dan ingeploeg en daarmee is die saaiery afgehandel. Sommige eg ook nog die land gelyk, andere nie. 'n Groot persentasie landbouers eg die lande nadat die kafferkoring of mielies reeds 5 of 6 duim hoog staan. Baie wat self nie ëe het nie leen dit van 'n buurman want almal het al geleer om die waarde van hierdie behandeling in te sien. Deur die jong graan te eg word nie alleen die grond losgemaak nie maar 'n groot hoeveelheid onkruid word op 'n vroeë stadium uitgeroei en die bekamping van onkruid is die landbouer se vernaamste werk by die versorging van sy land tot oestyd aanbreek. Daar word dus naarstiglik gegryp na alle metodes waarmee onkruid die hoof gebied kan word.

Sodra die onkruid ná die eg weer die land begin inneem word dit geskoffel. Die man en die vrou doen dit saam met gekoopte handpikke. Vir die skoffel word dikwels 'n werkparty gereël. Na die land eenmaal geëg is en eenmaal goed geskoffel is word slegs 'n ogie gehou oor die onkruid en word dit uitgepik waar dit ook al verskyn. Solank die graan op die lande is kan die man of die vrou of albei byna daagliks daar aangetref word. Eers is dit

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om die onkruid in toom te hou en later om die voëls te jaag. Die primitiewe gebruike om voëls en wurms met die towerkuns die hoof te bied (go upa dinonyana, diboko) bestaan nie meer nie. In die najaar is dit veral aangenaam om die landerye te besoek want dan is daar reeds allerlei groente wat saans saamgedra kan word huis toe, sowel as snoeperye soos waatlemoene en soetriet.

Stedelike arbeiders sorg altyd dat hulle lande geploeg en gesaai word en die volgende is die vernaamste maniere waarop hulle dit gedaan kry.

(i) Die jaarlikse verlof (en soms verlenging daarvan) word met ploegtyd geneem en die ploeëry word deur die man self onderneem.

(ii) Sy ploeëry word deur sy vader en/of seuns gedoen terwyl sy vrou die nodige hulp verleen.

(iii) Iemand anders word gehuur om die grond te bewerk teen 5/- per „akker".

Die versorging van die lande en die oes daarvan word hoofsaaklik aan die vrou en kinders sowel as ander familiebetrekkinge oorgelaat. Dit is selde dat 'n arbeider sy bougrond in die stamgebied onbewerk laat lê.

6. Metode van Oes en Dors.

Groente soos marankas, die jong toppe van die kafferboon- en pampoenranke, groenboontjies en ditloo (duco beans) word namate dit beskikbaar word versamel en huis toe geneem om geëet te word. Surplus boontjie- en pampoentoppe word nog soos vroeër gekook, gedroog en in grondvate (difala) weggebêre om in die winter weer oorgekook te word vir bygereg (sešaba). Gebruike t.o.v. die versameling en berging van groenkosse in die saailande bly dus onveranderd en is nog dieselfde as in vroeëre tye (vgl. p. 127). Aangesien die blanke beskawing geen kulturele gebruik soortgelyk aan hierdie aangebied het nie is die onveranderde gebruike ook goed te verstaan.

Die peulgewasse word net soos vroeër, namate die peule ryp word met die hand versamel, uitgeslaan, uitgewan, verder in die son gedroog en anders as vroeër tydelik in sakke weggebêre. Die peulgewas-stoele wat deur blanke boere so hoog waardeer word as veevoer word op die lande gelaat waar die vee dit weliswaar op geleë tyd sal kan vreet.

Die graansoorte, sowel as kafferwaatlemoene en pampoene word by voorkeur op die lande gehou tot na die eerste ryp. Dan is daar geen twy-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



fel aan hul rypheid nie en kan dit met vrymoedigheid geoes word. As die ryp egter baie laat wegbly word die graan geoes as dit klaarblyklik goed ryp is. Pampoene en kafferwaatlemoene word egter nie ingehaal voor dit geryp het nie.

Die metode van oes en dors is met geringe wysiginge nog presies dieselfde as vroeër. Die enigste twee punte van verskil wat ons kon waarneem is dat kafferkoring wat vroeër altyd tuis gedors is vandag hoofsaaklik op 'n dorsvloer by die land gedors word, in sakke gegooi word en met 'n wa huis toe vervoer word. Die tradisionele draag- en uitwanmandjies is in die meeste gevalle vervang deur emmers en skottels wat dieselfde funksie vervul. Ditloo (duco beans) word ook nog soos vroeër op die land gedors (sien hst. 6). Die mieliekoppe word in die land skoongemaak en huis toe karwei waar dit in die agterplaas (sien hst. 11) op 'n stellasie geberg word om algaande met die hand afgemaak te word. Die dors van manna (indien verbou) geskied ook nog soos vroeër.

Die vernaamste rede waarom kafferkoring tans op die land gedors word lê daarin dat baie graankorrels met die nuwe karweimiddels (waens) verlore gaan op pad huis toe. In die geval van mielies is daar nie veel gevaar hiervoor nie.

## 7. Opbrengste en Berging.

Die tradisionele wyse vir die opberging van graan wat nie onmiddelik nodig is vir gebruik nie, het feitlik geheel-en-al van die toneel verdwyn. Nêrens word meer 'n graanmandjie (sešego) aangetref nie. Verseëlde grondvate (difala) word nog dikwels aangetref maar dié word hoofsaaklik gebruik vir die bewaring van opgekookte groente. Die graansoorte word uitsluitlik in sakke gehou. Die grootste gedeelte van die oes word verkoop met die bedoeling om die kontant te gebruik wanneer die voorraad vir 'n paar maande wat wel gehou word, op is. Sowat sewe of agt sakke graan (indien die oes goed is) word op klippe gestut, in 'n stoorkamer weggepak. Hierdie stoorkamer is gewoonlik een van die vertrekke in die hoofopstal al word die res van die huis ook nie gebruik nie. 'n Taamlike algemene gebruik is om as oor die sakke te strooi. Dit word beweer dat die kalander daardeur uit die graan gehou word. Van die gestoorde voorrade word al na gelang dit nodig is 'n sak na die plaaslike meule geneem om te maal. Meer as een sak word selde op 'n

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



keer gemaal. Party van die kafferkoring word gebruik vir die maak van bier; die hoeveelheid hang af van die man en vrou se voorliefde vir hierdie drank.

Soos alreeds aangetoon is kafferkoring, mielies en kafferbone die drie vernaamste gewasse wat in Mosêtlha verbou word. Met betrekking tot die hoeveelhede wat van elk van hierdie gewasse produseer word het ons besonderhede aangeteken wat verkry is van 100 verteenwoordigende landbouers. Omdat die produksie van jaar tot jaar aansienlik wissel al na gelang van die gunstigheid van die seisoen, sou besonderhede van een spesifieke jaar nie 'n juiste weergawe van die gemiddelde produksie in die stamgebied gee nie. Om dié rede word hier drie stelle gegewens aangegee nl. die produksie van 'n besondere goeie jaar (1944), produksie van 'n swak jaar (1951) en derdens, wat beskou kan word die opbrengste wanneer toestande middelmatig gunstig was en wat dan ook aandui wat gewoonlik produseer word. Middelmatige toestande kom meer dikwels voor as buitgewoon swak of goeie jare. Die kontantwaarde van die opbrengste is bereken teen £2 per sak in die geval van kafferkoring, £1.5.0. per sak vir mielies en £3 per sak vir kafferbone. Alhoewel die pryse van produkte van jaar tot jaar wissel, is genoemde pryse min of meer wat produsente in 1950 vir die onderhawige produkte gekry het en dit skyn ook die pryse te wees wat in Mosêtlha algemeen bekend is. Dit het verder geblyk dat die produsente goed onthou wat die opbrengste van hulle landerye in daardie voorspoedige jaar, 1944, was en kon die besonderhede gee sonder om te aarsel. Besonderhede omtrent ander gewasse is nie aangeteken nie aangesien dit byna onmoontlik is om die hoeveelhede (veral groentes) en die kontantwaarde vas te stel.

(i) <u>Goeie jaar.</u>

| Gewas. | Persentasie wat verbou. | Laagste opbrengs in sakke. | Hoogste opbrengs in sakke. | Gemiddelde opbrengs. | Waarde teen genoemde pryse. £. s. d. |
|---|---|---|---|---|---|
| Kafferkoring. | 100% | 5 | 80 | 23.8 | 47. 3. 0. |
| Mielies | 90% | 1 | 76 | 15.5 | 19. 7. 6. |
| Kafferbone | 88% | ½ | 12 | 1.9 | 5. 14. 0. |
| Totaal | - | 6½ | 168 | 41.2 | 72. 4. 6. |
| Per morg. | - | - | - | 9.2 | 16. 1. 0. |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(ii) Swak jaar.

| Gewas. | Persentasie wat verbou. | Laagste opbrengs in sakke. | Hoogste opbrengs in sakke. | Gemiddelde opbrengs. | Waarde teen genoemde pryse. £. s. d. |
|---|---|---|---|---|---|
| Kafferkoring | 80% | 1 | 26 | 4.7 | 9. 8. 0. |
| Mielies | 63% | 1 | 25 | 2.7 | 3. 7. 6. |
| Kafferbone | 56% | ¼ | 10 | .6 | 1. 16. 0. |
| Totaal | - | 2¼ | 61 | 8 | 14. 11. 6. |
| Per morg. | - | - | - | 1.8 | 3. 4. 9. |

(iii) Middelmatige (gewone) jaar.

| Gewas. | Persentasie wat verbou. | Laagste opbrengs in sakke. | Hoogste opbrengs in sakke. | Gemiddelde opbrengs. | Waarde teen genoemde pryse. £. s. d. |
|---|---|---|---|---|---|
| Kafferkoring | 100% | 2 | 50 | 11.8 | 23. 12. 0. |
| Mielies | 88% | 1 | 35 | 8.0 | 10. 0. 0. |
| Kafferbone | 90% | ¼ | 10 | 1.5 | 4. 10. 0. |
| Totaal | - | 3¼ | 95 | 21.3 | 38. 2. 0. |
| Per morg | - | - | - | 4.7 | 8. 18. 0. |

Uit bg. blyk weereens dat kafferkoring die vernaamste gewas is wat verbou word. As die reëns laat wegbly is dit nie moontlik om kafferkoring te saai nie terwyl 'n vinnige mielie tot aan die begin van Februarie nog ingesit kan word. Vandaar dan ook die verskynsel dat 'n sekere persentasie in 'n swak jaar geen kafferkoring produseer nie. Die laagste en hoogste produksie-syfers toon aan dat daar in Mosêtlha sukkelaars sowel as besonder progressiewe „boere" is. Die hoogste produsente is dan ook diegene wat moeite doen deur hul landerye in die winter diep om te ploeg, bemesting toedien, die graan in rye plant en die eg en skoffelploeg ten volle benut. Interessant is die feit dat die hoogste produksie in 'n swak jaar 61 sakke graan is teenoor 6½ sakke van sukkelaars onder die beste omstandighede.

Die sukses van sommige landbouers kan ten dele toegeskryf word aan goeie gereedskap, genoeg trekdiere en beter grond as wat ander minder sukses-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

volle persone het. Ywer en hardwerkendheid speel egter ook 'n baie vername rol en daar ly geen twyfel aan nie dat lae produsente met 'n bietjie meer inspanning en oorleg veel beter kan doen. Tydsaamheid en kommerloosheid is dikwels hindernisse in die weg van vooruitgang. Waar die progressiewe landbouer na die eerste reëns geen gras onder sy voete laat groei nie en alles in sy vermoë doen om sy saad so gou as moontlik in die grond te kry, dink die sukkelaar menigmaal aan môre wat nog 'n dag is met die gevolg dat die gunstigste geleenthede vir die graan soms verbygaan. Voorsorg ontbreek dikwels by die sukkelaars; die nodige reëlings om die werk te bespoedig of om vertragings uit te skakel word dikwels nie getref nie. Op 'n dag het ons 'n man om drie uur die middag teëgekom wat van die oggend af nog na sy trekdonkies soek. Dit het goed gereën en hy het die vorige dag begin ploeg. Op die tweede dag toe die werk nadat 'n begin gemaak is, vinnig moes aangaan is die donkies weg. Geen voorsorg is gemaak om te verhoed dat die trekdiere wegloop nie en so sou dit vermoedelik dag vir dag gaan sodat op sommige dae niks geploeg word nie en op ander dae hoogstens 'n paar vore getrek word.

Die feit dat die tradisionele onwetenskaplike metodes nog tot so 'n groot mate gevolg word spreek ook van gebrek aan inisiatief en ambisie by die lae produsente. Dit sou onregverdig wees om enigeen te beskuldig van gebrek aan sorgsaamheid in verband met die saailande self want soos reeds gemeld bring die eienaars byna al hulle tyd op die lande deur solank die graan daarop is en is steeds baie besorgd oor die veiligheid van die lande en die bedreiging daarvan deur onkruid.

Die lae produsente bring die gemiddelde produksie van alle landbouers baie af en dit werp 'n slegte refleksie op diegene wat ambisieus is en hul bes doen om produksie te verhoog. Die volgende uiteensetting werp verdere lig op die verspreiding van produksie in 'n gewone jaar.

<u>Verspreiding van Produksie (Alle hoofgewasse).</u>

| Sakke. | 1-10. | 11-20. | 21-30. | 31-40. | 41-50. | 51-60. | 61-70. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentasie. | 26% | 37% | 19% | 6% | 3% | 7% | 2% |

Iemand wat met die goeie bougrond van Mosêtlha minder as 10 sakke graan produseer kan bestempel word as 'n sukkelaar wat nie sy bes doen nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit bg. syfers blyk dus dat sowat 26% van die BagaMosêtlha „sukkelende" landbouers is. Die feit dat 'n groot aantal arbeiders „deeltyds" boer of laat boer en dus nie self hul aandag aan die werk kan gee nie het miskien ook baie te doen met hierdie hoë persentasie swak produsente en dit in sigself is al 'n bewys dat almal nie boere kan wees nie. Daar is egter 37% wat meer as die gemiddelde vir die hele stam produseer en dit is bemoedigend want dit beteken dat hierdie landbouers meer as 20 sakke graan produseer en dit is reeds meer as die gemiddelde hoeveelheid van die stapelvoedsel wat 'n gesin nodig het (sien hst. 10 p. 240). Die feit dat ruim 10% „boere" se produksie onder gewone omstandighede meer as 50 sakke per jaar is 'n nog meer verblydende teken want dit is 'n duidelike bewys dat die selftevredenheid van vroeëre tye toe die „nering na die tering" gestel is, plek gemaak het vir ambisie en gedetermineerde beoefening van die landboubedryf. Dit versterk ook die vooruitsigte dat 'n eksklusiewe „boere-gemeenskap" van die stam nog so ver kan vorder dat hulle met die grond tot hulle beskikking 'n onafhanklike bestaan sal kan voer.

Ter verdere aanduiding van wat met wetenskaplike en intensiewe bewerking van die grond bereik kan word, ag ons dit gerade om hier 'n uiteensetting te gee van die sukses wat 'n naturelleonderwyser jaar na jaar met 'n skooltuin behaal. Die Sehibidu skooltuin (Oskraal 437 distrik Pretoria) waarna verwys word is ongelukkig nie in die stamgebied van Mosêtlha nie maar in 'n aangrensende gebied, bewoon deur die Bakwêna ba Mogôpa. Die grond, klimaat, reënval e.d.m. verskil egter geensins van wat in Mosêtlha aangetref word nie en die tuin kon net sowel in hierdie gebied gewees het.

'n Stuk leemgrond, 150 by 50 tree, d.w.s. $\frac{3}{4}$ morg, is as skooltuin behoorlik omhein met varkdraad sodat geen skaap, bok, vark of ander ronddwalende dier daar kan inkom nie. Op 'n geskikte plek in die tuin het die skoolseuns 'n put, ongeveer 16 voet diep deur die sandsteen gegrawe. Gedurende die somer kry die put water en behou 'n hoeveelheid tot ongeveer die middel van Junie waarna dit droog is tot dit weer reën. Gedurende die warm somermaande is daar dus altyd water wat geskep en aangedra kan word om die fynere groentesoorte wat verbou word nat te gooi. Alle blare, stronke, lowwe en ander afvalprodukte van die tuin word met beesmis gemeng om groot hope

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kompos te maak. Sodra 'n stuk grond afgeoes is word die grond nie net omgespit nie maar met grawe diep omgedolwe, dan word kompos dik gestrooi en die grond word weereens omgedolwe alvorens dit gelyk gemaak word en in gereedheid gebring word vir die volgende gewas.

Volgens Departementele regulasies moet die produkte van skooltuine verkoop word teen 2d. per pond en die geld moet in die staatskas gestort word. Hierdie opdrag word stellig nie in alle gevalle konsekwent nagekom nie maar by wyse van eksperiment het ons gedurende die jaar 1950 die betrokke onderwyser se getroue samewerking verkry en is toegesien dat die hele opbrengs van die tuin in ooreenstemming met die regulasies teen die vasgestelde prys (of heersende pryse indien beter) verkoop word. Die grootste gedeelte van die opbrengs is aan die skoolvoedingskema verkoop. Gedurende genoemde jaar is die volgende gewasse gekweek: Grondbone, kafferbone, mielies, lehlodi, patats, aartappels en groente (wortels, tamaties, rape, uie en spinasie). Benewens hierdie gewasse is in die tuin vier goeie perskebome wat 'n groot hoeveelheid vrugte gedra het en hoewel hierdie vrugte aan die kinders uitgedeel is, kan die waarde daarvan op ruim £4 gestel word.

Die opbrengste van die tuin gedurende 1950 en die pryse wat daarvoor gekry is, was soos volg : (tot naaste 10/-).

| | £. | s. | d. |
|---|---|---|---|
| 3 Sakke grondbone teen £1.10.0. elk ................ | 4. | 10. | 0. |
| 1 Sak kafferbone teen £3.0.0. ...................... | 3. | 0. | 0. |
| 2 Sakke mielies teen £1.5.0. ....................... | 2. | 10. | 0. |
| 1 Blik lehlodi (china beans) teen £1.0.0. .......... | 1. | 0. | 0. |
| 2 Sakke patats teen £1.0.0. ........................ | 2. | 0. | 0. |
| 1 Sak aardappels teen £2.0.0. ...................... | 2. | 0. | 0. |
| Groente (soos hierbo gespesifiseer) ................ | 6. | 0. | 0. |
| Vrugte (nie verkoop nie)............................ | 4. | 0. | 0. |
| Totaal : | 25. | 0. | 0. |

'n Perseel van 5 morge wat dus op bg. wyse bewerk word kan nagenoeg 25 x 7, d.i. £175 per jaar oplewer. Dit is moontlikhede wat proefondervindelik bewys is en as die landboubedryf in Mosêtlha met mening aangepak word kan hierdie peil van produksie selfs oortref word.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



8. Vrugtebome.

In vroeëre tye is wilde vrugte op aansienlike skaal versamel (sien hst. 4) maar dit was steeds beskou as 'n bykomstige snoepery waaraan trouens ook die meeste waarde geheg is deur die kinders. Volgens ons informante het die kinders slegs die ergste hongergevoel tussen die maaltye daarmee gestil. Die grootmense het dit hoofsaaklik geëet vir 'n aangename smakie en nie met die bedoeling om die honger te verdryf nie. Hoewel meeste wildevrugre ryk is aan veral vitamin C en die gebruik daarvan dus van veel betekenis kon wees vir die opbou en instandhouding van 'n gesonde liggaam, het niemand ooit daaraan gedink dat hierdie vrugte van enige besondere betekenis vir die menslike liggaam kon wees nie. Aan geen voedsel waarvan die voedende waarde nie fisies ervaar kon word nie, is besondere betekenis geheg nie. Die beskikbare wilde vrugte is dus verwelkom maar dit is nooit beskou as 'n noodsaaklikheid nie.

Dit is moontlik as gevolg van die tradisionele onverskillige houding teenoor die waarde van vrugte dat die BagaMosêtlha in moderne tye ook nie veel gekultiveerde vrugtebome wat met die beskawing gekom het, aanplant nie. Dit is beslis nie by gebrek aan 'n voorliefde vir die smaaklike vrugte van die beskawing dat meer bome nie geplant word nie. By navraag en waarneming het geblyk dat die stam veral vir lemoene en perskes sowel as druiwe, 'n besondere voorliefde het en wanneer dit ook bekom word, word dit met die meeste gretigheid verslind. 'n Ou ingewortelde opvatting dat iets wat nie lewensnoodsaaklik is nie, nie die moeite loon om te verbou nie moet dus beskou word as die vernaamste rede waarom daar baie min vrugtebome in die stamgebied aangetref word. Gebrek aan water is geen verskoning nie want by nagenoeg 70% wonings word een of meer vrugtebome gevind en een geval is teëgekom waar nie minder as 30 vrugtebome grootgemaak is nie. As dit dus moontlik is om 'n paar bome en selfs 30 aan te plant, is dit vir almal moontlik om genoegsaam vrugte vir huislike gebruik te hê. As die bome eers goed wortelgeskiet het het dit blykbaar geen verdere versorging nodig nie, dit weerstaan die droogte van die winter en floreer in die reën-seisoen.

Vrugtebome word agter die huis geplant. Die soorte wat gesnoei moet word, word gewoonlik net eenmaal, wanneer hulle omtrent 2 jaar oud is reggesny en vorm gegee en daarna merendeels nie weer gesnoei nie. Perskes

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lemoene en vye word die meeste aangetref terwyl een of twee druiwe-stokke (op 'n stellasie gerank en word ook gereeld gesnoei), 'n enkele appelboom, appelkoos- en kweperboom ook voorkom. Besonderhede t.o.v. vrugtebome wat by 100 huisgesinne aangeteken is, het die volgende aan die lig gebring :

Vrugtebome soos by 100 gesinne aangetref.

| | Perskes. | Lemoene. | Vye. | Ander. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|
| Totaal | 197 | 50 | 59 | 84 | 390. |
| Gemiddeld | 2 | .5 | .6 | .8 | 3.9 d.w.s. 4. |

Verspreiding van Vrugtebome.

| Aantal bome. | Geen. | 1-2. | 3-4. | 5-6. | 7-8. | 9-10. | 11-12. | Meer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentasie gesinne. | 31% | 17 | 19 | 14 | 5 | 5 | 5 | 3. |

Dit blyk dus dat voorkeur gegee word aan perskes (in meeste gevalle 'n vroeë soort), dat ongeveer ewe-veel lemoen- en vyebome aangetref word en dat daar gemiddeld 4 bome per huisgesin in die stamgebied is. Die syfers dui verder aan dat 31% huisgesinne geen vrugtebome het nie en dat 36% die gemiddelde nie oorskry nie. Daar is nietemin altesaam 33% huishoudings wat meer as die gemiddelde aantal bome het en nagenoeg 10% wat selfs meer as tien bome het. Net soos in die geval van graanproduksie kan die hoop gekoester word dat die verbouing van vrugte sal toeneem en dat hierdie produk in die toekoms die diëet sal aanvul soos dit behoort te wees.

Dit was nie moontlik om die kontantwaarde van die vrugte-oes vas te stel nie. Argumentshalwe kan ons egter aanneem dat 4 vrugtebome ruim £3 se vrugte (bereken teen heersende pryse) per jaar kan oplewer.

9. Nalatenskap t.o.v. landbouhoewe en toerusting.

Soos aangetoon is die jongste seun van die gesin die erfgenaam van die landbouhoewe. Hy erf ook sy vader se landbougereedskap. Die moeder het egter die gebruik van die hoewe en die gereedskap solank die seun ongetroud is. Na sy huwelik word dit van hom verwag om vir sy moeder te sorg. Indien daar geen seun is nie en die moeder kan die grond ook nie gebruik nie, val dit weer terug na die stam en kan aan 'n ander toegeken word. Die toerusting gaan in so 'n geval na die man se broers of familiebetrekkinge van

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vaderskant. Die manne van die Lesika besluit wie die erfgename moet wees.

10. Opsomming.

In die lig van die voorafgaande besonderhede omtrent die landboubedryf soos dit vandag beoefen word kan ons samevattend die volgende gevolgtrekkinge maak :

(a) Hoewel die stam nie meer soos in vroeëre tye (vgl. hst. 5) uitsluitlik van die bedryf afhanklik is vir die voorsiening van veral die stapelvoedsel nie, speel die landbou nietemin nog 'n baie belangrike rol met betrekking tot voedselvoorsiening. Die bedryf word inderdaad nog deur alle huisgesinne beoefen ongeag hulle kontantverdienstes. Die belangrikheid ten spyt is daar egter ruim 60% huisgesinne wat in gewone jare nouliks genoeg van die hoofgewasse produseer vir huislike gebruik (vgl. pp.240 en 291). Die gemiddelde opbrengste van die landerye per huisgesin is dan ook nie veel groter as die gesamentlike produksie van 'n gesinnegroep in vroeëre tye nie (vgl. p. 130).

(b) Hoewel alle grond nog die stam se gesamentlike eiendom is, kry 'n man vir praktiese doeleindes besitreg van die hoewe aan hom toegeken. Dit is ook deel van die erfenis wat hy nalaat maar hy mag dit nie vervreem nie. Die jongste seun erf die landbouhoewe(s) en in hierdie verband is daar geen verskil tussen die huidige en vroeëre gebruike nie (vgl. p. 95).

(c) Alle werk i.v.m. die landboubedryf word vandag, anders as vroeër toe slegs die vrouens daarmee belas was, deur die mans sowel as die vrouens gedoen.

(d) Die hoewes wat bewerk word is aansienlik groter as wat die geval vroeër was (nagenoeg 5 maal so groot). Meer doelmatige gereedskap en trekdiere word gebruik hoewel die bewerking van die grond nog veel te wense oorlaat en roofbou nog deur die meeste toegepas word. Rituele gebruike en die towerkuns speel geen rol meer in die landboubedryf nie. Oes en dors vind nog met enkele wysiginge op die tradisionele wyse plaas.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aangesien surplusse verkoop word vind ons geen noemenswaardige bergingsmetodes nie.

(e) Met enkele toevoegings word dieselfde verskeidenheid gewasse wat vroeër verbou is, vandag nog verbou en kafferkoring is nog die vernaamste produk.

(f) Hoewel die oeste oor die algemeen klein is word daarna gestrewe om soveel as moontlik te produseer. Surplusse is welkom want dit kan in geld omgesit word en op dié wyse voorsien in ander behoeftes.


(g) Sekere lande word nog deur die stam vir die hoofman bewerk, versorg en geoes. Die prosedure wat gevolg word is egter nie meer dieselfde as vroeër nie.

(h) Vrugte word reeds op klein skaal gekweek en dit was vroeër onbekend.

(i) Die bedryf word aansienlik gekapitaliseer deur die koop van landbougereedskap, trekgoed en trekvee. Die gemiddelde opbrengste (£38 p.j. t.o.v. hoofgewasse - vgl. p. 291) regverdig beslis nog nie die kapitaal, tyd en arbeid wat aan die bedryf spandeer word nie maar met die nodige voorligting en organisasie van owerheidsweë sowel as die gewilligheid van die stam om harder, meer wetenskaplik en met oorleg te werk, is die moontlikhede veel groter as wat deur die huidige produksie weerspieël word. Die stamgebied is gelyk, klipvry en vrugbaar en die moontlikheid om alleen uit die landboubedryf 'n betreklike goeie bestaan te maak word reeds bewys deur die mees ondernemende en progressiewe lede van die stam.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

# BOERDERY




*Basterskape.*




*Beeste.*



*Kafferkoring op sandlande, 1951.*
*(Droë jaar).*



*Kafferkoring op turflande, 1951.*
*(Droë jaar).*



*Skooltuin: Kgomo-kgomo.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK XIII.

## VEEBOERDERY ONDER HUIDIGE OMSTANDIGHEDE.

### INLEIDING.

By ondersoek het geblyk dat die pastorale bedryf vandag nog soos vroeër 'n belangrike rol speel in die maatskaplike en ekonomiese lewe van die BagaMosêtlha. In sy geheel geneem is die vernaamste punt van verskil tussen die vroeëre en die huidige vorm van veeboerdery dat die ekonomiese betekenis van vee en veral van beeste, vandag die maatskaplike waarde wat vroeër so belangrik was grootliks oorskadu. Die beklemtoning van die ekonomiese aspek is goed te verstaan as in ag geneem word dat die stam se hele lewe in byna alle opsigte gewysig is deur die blanke beskawing. Hierdie westerse beskawing waarvoor die stamgebruike soos reeds in vorige hoofstukke geblyk het, tot 'n groot mate geswig het, heg weinig of geen maatskaplike of godsdienstige waarde aan vee nie en het bowendien ook ander maatskaplike waardes meegebring wat geredelik deur die BagaMosêtlha aanvaar is. Wat verlore gegaan het, is dus vervang en geen leemte is gelaat nie.

Ondergeskikte kenmerke van die vroeëre pastorale bedryf bv. die liefde vir die vee, die metodes van teling, versorging en dies meer, het nog nie geheel-en-al verdwyn nie. Mens kan egter verwag dat die meeste van hierdie oorgeblewe eienskappe binne afsienbare tyd ook nie meer waar te neem sal wees nie. Dit is nie net toevallige invloede wat op die ou gebruike inwerk nie maar ook die positiewe opvoedingswerk en leiding van owerheidsweë stel sig ten doel om alle onvoordelige primitiewe gebruike i.v.m. veeteelt uit te roei en te vervang deur meer winsgewende metodes waardeur die besit van vee geregverdig kan word. Met betrekking tot die pastorale aktiwiteite van Naturelle in die algemeen, word gesê dat daar klaarblyklik veel meer diere is as wat nodig is om die hele bevolking te voed, maar die diere verkeer in 'n posisie wat met die bewoners van die grond vergelyk kan word - hulle bestaan slegs en lewer weinig op.[1] So 'n toestand kan in 'n beskaafde land nie toegelaat word om voort te bestaan nie en dit kan verwag word dat in die toekoms nog meer doelbewuste pogings sal aangewend word om toestande te ver-

1. Die Naturelle-reserwes en hul plek in die volkshuishouding van die Unie van S.A. Sosiale en Ekonomiese Beplanningsraad Verslag No. 9. p. 2.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beter. Teen sulke aanslae sal veel wat in verband staan met die tradisionele veeboerdery van die BagaMosêtlha nie kan stand hou nie.

Soos reeds aangetoon (vgl. hst. 6) was beesboerdery in vroeëre tye feitlik sinoniem met die pastorale bedryf ten spyte van die feit dat kleinvee ook aangehou is. Die rede hiervoor was omdat lg. diere anders as beeste, geen noemenswaardige maatskaplike of godsdienstige funksies gehad het nie. Waar die ekonomiese betekenis van veeboerdery vandag na vore getree het speel beeste ongetwyfeld nog die belangrikste rol in die bedryf maar die belangrikheid van die skaap en die bok as ekonomiese bates word nie uit die oog verloor nie. Ook die vark en die hoender wat later bygekom het, het 'n belangrike plek en die bydrae wat dit maak tot die voeding van die stam is geensins gering nie. Hoewel die donkie ook bygekom het, het dit nie sterk ingang gevind nie en kan nie beskou word as van besondere betekenis nie.

Aangesien die verskillende veesoorte in vroeëre tye egter van verskillende betekenis was en aangesien hulle vandag ook nog begryplikerwys as aparte eenhede behandel moet word, moet ons hulle vir verdere bespreking ook apart hou. Alvorens ons oorgaan tot die behandeling van statistiese gegewens wat die huidige omvang en ekonomiese waarde van die verskillende veesoorte aandui wil ons in die geval van elke veesoort eers 'n uiteensetting gee van veranderinge wat ingetree het of gebruike wat aangepas is by moderne toestande en waarop die statistiese gegewens wat later volg nie lig werp nie.

## 1. Beeste.

Omdat beeste in die vroeëre stamlewe so 'n belangrike rol gespeel het en in werklikheid die spil was waarom die stamkultuur gedraai het is dit juis t.o.v. hierdie veesoort wat daar die mees radikale veranderinge ingetree het. Die plek wat beeste ingeneem het was egter so vernaam dat die beeskultus van vroeëre tye, nieteenstaande die veranderinge wat gekom het, nog nie met wortel en tak uitgeroei is nie en spore daarvan kom telkens voor veral met betrekking tot geregtelike en sosiale aangeleenthede.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoewel die bees in vroeëre tye beslis ook 'n vername ekonomiese funksie vervul het, was hy in die lig van feite genoem in hst. 6 van groter maatskaplike waarde. Vandag het die klem egter van die maatskaplike na die ekonomiese verskuif. Waar die stamkultuur algaande geswig het voor 'n westerse kultuur met 'n sterk materialistiese inslag kon dit dan ook te wagte wees. Die tradisionele opvatting was dat rykdom slegs in die vorm van beeste opgebou kon word. 'n Man se vermoë was dan ook bepaal deur die grootte van sy kudde en dit was ook die vernaamste erfenis wat hy nagelaat het. Sy kudde het egter geen handelswaarde gehad nie en dit het nie sy koopkrag of selfs sy lewenspeil bepaal nie. Aangesien beeste dan slegs aangewend kon word vir sosiale betrekkinge kon hulle hoofsaaklik die eienaar se maatskaplike status bepaal. Vandag is dit nie slegs, en tewens ook nie hoofsaaklik die kudde wat aan 'n man status verleen nie. Soos in hoofstuk 11 aangetoon, is die woning en toerusting daarin vandag 'n vername faktor vir die aanduiding van sosiale status en inderdaad ook veel belangriker as beeste. Aan die ander kant bepaal die kudde vandag ook 'n man se koopkrag want dit is 'n belegging wat in kontant omgesit kan word ten einde die so gesogte betaalmiddel van die nuwe bedeling te bekom. Met hierdie betaalmiddel kan die eienaar sy rol speel in die nuwe ekonomiese struktuur waarmee die stam sig noodgedwonge moes vereenselwig. As 'n man dus vandag baie beeste het, het hy rykdom wat van ekonomiese en nie so seer van maatskaplike betekenis is nie.

Die liefde wat die stam in vroeëre tye vir beeste gehad het bestaan vandag tot 'n mate nog. Dit kan egter nie gesê word dat dit nog so sterk is nie en beslis nie by die jongere geslag nie. Die voortdurende afwesigheid van die huis het tot gevolg dat die meerderheid mans nie meer geleentheid het om so intiem met die vee om te gaan soos vroeër nie en dit moes noodwendig 'n verminderende uitwerking hê op die gehegdheid wat voorheen teenoor hierdie dier gekoester is. In vroeëre tye het die seuns feitlik net een belangrike taak gehad en dit was die versorging van die vee. Hierdeur was al hulle tyd dag na dag en jaar na jaar in beslag geneem, hul hele belangstelling was daarop gekonsentreer en die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verhouding tussen bees en versorgers kon vergelyk word met die intieme verhouding wat daar bestaan tussen 'n getroue perd of hond en sy baas. Vandag sluit die seuns se aktiwiteite veel meer in. Hoewel hulle nog belas is met die oppas van die beeste, die melk van die koeie e.d.m., word dit in 'n toenemende mate beskou as 'n lastige plig wat inbreek maak op hul skoolwerk, georganiseerde spel, rondluier ens. Op geleë tyd verlaat die jongmans dan ook die stamgebied om vir die res van hulle lewe tot 'n groot mate afgesonderd van die bees te bly. En tog weet ons van gevalle waar 'n jong werker in die stad uit sy pad gegaan het om sekere broodnodige kontant vir sy vader in die hande te kry ten einde te verhoed dat lg. van die gesin se beeste verkoop. Die kiem van die tradisionele liefde moet dus nog bestaan maar ons voel geneig om te dink dat hierdie liefde in 'n toenemende mate sy bestaan aan oppervlakkige materialistiese oorwegings te danke het - daar word stellig meer waarde geheg aan die halsbandjie as aan die hondjie.

Die spontane lofspreuke waarmee beeste vroeër vereer is word selde meer gehoor en byna nooit van die jonger geslag nie. Toe 'n man van ongeveer 50 jaar gevra is of die beeste nog besing word soos vroeër was die antwoord sonder aarseling: „Wie sal hulle besing as ons altyd by die werk is? - die skoolseuns van vandag stel nie belang in sulke dinge nie." Dit is die huidige tendens - 'n bees is goed, nie omdat hy 'n geliefde dier is nie maar omdat hy soveel pond werd is. Dit is natuurlik 'n verblydende teken dat die bees se ekonomiese betekenis bo die maatskaplike waarde gestel word want dit is beslis skadelik om so 'n belangrike bedryf slegs om sosiale oorwegings te beoefen.

In vroeëre tye het beeste hoofsaaklik van eienaars gewissel om goeie sosiale verhoudings te bevestig of te herstel en om boete te doen vir 'n oortreding. Die slag van 'n bees het die belangrikheid van 'n geleentheid beklemtoon en die voedsel wat daardeur verkry is was ondergeskik aan hierdie primêre doel. Die bogadi wat in die vorm van beeste vir 'n vrou betaal is was nie 'n koopprys nie maar 'n gebaar van goeie trou. As 'n man 'n ernstige oortreding begaan het kon die Lekgotla hom nie 'n swaarder straf oplê as om hom te laat afstand doen van een of meer van sy geliefde diere nie wat boonop nog geslag moes word nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoewel hierdie gebruike stellig nie meer dieselfde subtiele bekenis het as wat dit vroeër gehad het nie en hoewel dit aansienlik gewysig is, is dit tog treffend hoe huidige gebruike daarby aangepas is. Bogadi in terme van soveel beeste word nog betaal maar 'n „bees" hoef nie meer 'n bees te wees nie maar 'n bedrag geld.[1] As 'n dogter gebore word praat die ouers van geluk want, sê hulle, ke dikgomo - „dit is beeste", hoewel hulle byvoorbaat weet dat die bogadi vir die kleintjie eendag in kontant betaal sal word. Dit wil voorkom of die gedagte dat geld betaal word vir goeie betrekkinge waar die diepste gevoelens op die spel is, vir die stam weersinwekkend is en daarom noem hulle dit liewer „beeste" want 'n bees is 'n tradisionele simbool wat werd is om in verband gebring te word met menslike gevoelens. Ook by die hofsitting noem die Lekgotla die boete „soveel beeste" wat in werklikheid beteken soveel pond geld. Daar dien op gelet te word dat dit enigiemand nog vry staan om vir bogadi of boete werklik met beeste te betaal maar aangesien 'n denkbeeldige bees gelykstaan aan £5 word dit selde gedoen want 'n bees is vandag veel meer werd.

Die posisie, sowel as die betekenis van die beeskraal bestaan vandag glad nie meer nie. Vroeër was die beeskraal letterlik en figuurlik die middelpunt van die stat. Die huishoudings is rondom die kraal aangelê sodat die beeste snags van alkante beskermd was. In dieselfde kraal het al die beeste van 'n Lešika gekom en die krale van die verskillende mašika was bymekaar (vgl. p. 133). Vandag is dit nie meer so nie. Die gekonsentreerde rangskikkings van huishoudings rondom die beeskraal het plek gemaak vir yl-verspreide aanlegte elk met sy eie veekraal (vir die beeste en vir die kleinvee). Die kraal, of 'n ingerigte plek naby die kraal, was die vergaderplek van die familie-kgotla, die wykskgotla of die stamkgotla. Hiervoor word die kraal lank nie meer gebruik nie en voorkeur word gegee aan die koelte van 'n boom as vergaderplek of indien dié nie beskikbaar is nie, dan 'n spesiaal ingerigte kgôrô.

Die tradisionele resies wat voorheen van tyd tot tyd vir beeste gereël is (mokato wa dikgomo) kom vandag glad nie meer voor in Mosêtlha

1. Gewoonlik £5.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie. Sommige opgeskote skoolseuns weet selfs nie meer wat dit was nie. Vroeër toe daar vir die stam in vredestyd min opwinding was, was hierdie resies groot pret en het voorsien in 'n behoefte. Vandag bied die lewe egter genoeg afwisseling en sensasie aan en die noodsaaklikheid om hiervoor spesiale voorsiening te maak bestaan nie meer nie.

Van die groot verskeidenheid taboos wat vroeër in verband gestaan het met beeste (vgl. p. 134) bestaan sover ons kon vasstel vandag niks meer nie. Die gedrag wat alle lede van 'n gesin openbaar teenoor die beeste, die kraal, die gebruik van melk e.d.m. verskil weinig indien enigsins met die wat by 'n gewone Suid-Afrikaanse boeregesin aangetref word. Die vernaamste verbod wat vroeër bestaan het, het betrekking gehad op die vrou wat nie toegelaat was om enigiets met die versorging van die vee te doene te hê nie. Sy was selfs nie toegelaat om in die kraal mis te versamel nie. Hoewel die vrou vandag geen verpligtinge het t.o.v. die versorging van die vee nie staan dit haar vry om daarmee behulpsaam te wees as sy wil of as dit nodig is. Niks belet haar om in die kraal te gaan nie; sy is dikwels genoodsaak om te help met die inspan van osse en met die ploeëry waar osse as trekdiere gebruik word. Daar is geen restriksies op die gebruik van melk nie en ook niks ongewoons i.v.m. die eet van vleis nie.

Uit bg. uiteensetting van die algemene gebruike wat die beesboerdery ten grondslag lê blyk dus dat ou instellings óf geheel-en-al verdwyn het óf aangepas is by moderne omstandighede. Daar bly nog ander veranderinge en spesifieke ontwikkelinge oor wat ons beste kan behandel deur dit te laat aansluit by besonderhede i.v.m. die huidige vorm van beesboerdery in Mosêtlha.

(a) Tipe bees wat aangehou word.

In Mosêtlha word op die oomblik nog geen besondere ras aangetref nie. As gevolg van vermenging met 'n beter klas bees wat deur blanke boere in die omgewing van die stamgebied aangehou word, het die tipe bees wat die stam in vroeëre tye gehad het aansienlik verbeter. Die diere is betreklik groot van liggaamsbou en maak onder gunstige omstandighede 'n baie goeie indruk. Ons weet van 'n hele paar gevalle waar eienaars gedurende die jaar 1950 tussen £20-25 vir

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



slagosse gekry het op 'n publieke veiling. Dit in sigself is al 'n aanduiding van die gehalte bees wat aangetref word. Besonder goeie melkkoeie kom egter heel selde voor en die meeste koeie is nog van die tipe wat benewens 'n hoeveelheid wat vir die kalf gelaat word gedurende die somermaande en as die kalf nog klein is, sowat 'n gelling melk in die oggend gee.[1] Sodra die weiding egter verswak verminder die melk skielik en gedurende die wintermaande droog die meeste koeie op. Dit gebeur dus dat 'n huisgesin van 'n paar koeie (2-4) gedurende die somermaande volop melk het maar in die winter baie min of niks.

Die Departement van Naturellesake wend, soos ook by ander stamme, pogings aan om die veestapel te verbeter deur die verskaffing van goeie bulle en deur toe te sien dat swak bulle buite aksie gestel word. Daar word gekonsentreer op Afrikaners en Rooi poenskoppe (Red poles). Die kaptein en die meeste lede van die stam is progressief genoeg om hierdie stappe van die Departement te verwelkom en daar heers in hierdie verband 'n goeie gees van samewerking. Van die mees vooruitstrewende „boere" koop self goedgekeurde Afrikanerbulle van blanke boere en die kaptein het aan die begin van 1951 drie Rooi poenskopbulle van die D.N.S. gekoop. Hierdie bulle beweeg vry onder verskillende kuddes en dit spreek vanself dat ander beeseienaars ook sal baat by die belegging van hulle hoofman. Dit kan dus aangeneem word dat die stam oor tien of twintig jaar kuddes sal hê wat oorweënd uit bg. rasse sal bestaan.

(b) Eienaars van beeste.

In vroeëre tye was daar wel indiwiduele eienaars (mans) van beeste maar alle beeste wat aan mans van dieselfde lešika (patriliniêre familiegroep) behoort het, het in dieselfde kraal geslaap en almal behorende tot 'n bepaalde Lešika het die reg gehad om van daardie samegestelde kudde te praat as „ons beeste" - dikgomo tša gešo. Verder het 'n man indien hy meer as een vrou gehad het, sy kudde onder die verskillende huishoudings verdeel en die betrokke

1. Koeie word nie saans gemelk nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vrouens het dan reg gehad op die melk van die koeie en die vleis van „haar beeste" (vgl. p. 135). Die beeste wat aan 'n bepaalde huishouding toegesê is moes voorsien in die bogadi van die seuns van die huishouding en is ook aangevul deur enige bogadi wat vir dogters van die huishouding ontvang is.

Aanraking met die blanke beskawing het egter die opkoms van 'n mate van indiwidualisme in die stam tot gevolg gehad en dit het weer daartoe aanleiding gegee dat elke man gaandeweg sy eie kudde afgesonder het in sy eie aparte kraal wat hy in die onmiddelike nabyheid van sy woning opgeslaan het. Die trots wat familie-lede dus in 'n gesamentlike kudde gehad het, het verdwyn. Met die verdwyning van poligamie is ook die administrasie van die kudde en sy produkte vergemaklik. Aangesien daar nou net een lapa of huishouding is, is onderverdeling van die beeskudde nie meer nodig nie. Die man oefen nou alleen beheer uit oor sy vee. Dit kom vandag anders as vroeër, dikwels voor dat jong ongetroude mans 'n paar beeste van hul eie het wat saam met die van hul vaders gehou word. Die oudste seun is die erfgenaam van sy vader se beeste.

(c) Kentekens en Merke.

Die kleur van die bees speel nog 'n vername rol en daaraan word die beeste nog soos vroeër uitgeken. Die verskillende skakerings soos dit reeds beskryf is (p. 140) is vandag nog algemeen bekend. Ook die beskrywing van verskillende tipe horings het onveranderd gebly en speel 'n belangrike rol by die uitken van 'n bees. Hierdie kenmerkende eienskappe van die vroeëre beesboerdery is in die taal vasgelê en solank die taal deur die stam in ere gehou word, sal dit seker ook voortbestaan mits daar ook altyd beeste is want daar is vir die BagaMosêtlha blykbaar niks kleurvollers as 'n beeskudde nie. Die kleurskakerings wat in verband met beeste gebruik word is nêrens anders nodig nie want alle ander dinge het vir die stam slegs die basiese kleure van groen, swart, blou, wit, rooi en vaal.

Treffend is die feit dat dieselfde uitkenningsmerke van vroeër vandag nog aan die beeste se ore gemaak word. Die „rooibok-kloutjie"

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die linkeroor dui nog die beeste aan wat tot die Kgôrô ya Mošate behoort, dieselfde kloutjie in albei ore dié van Mmamarama, 'n flap in die regteroor dié van Mmekwa, en die punt van die linkeroor nog dié van Masunyeng. So ook is die merk van die Kgôrwana van Khoka nog die „ystervark" (paar kerfies) aan die onderkant van die linker-oor. Diegene wat baie beeste het, het vandag egter nog 'n ekstra kerfie in enigeen van bg. merke om sy eie persoonlike beeste aan te dui. Vroeër het soiets nie bestaan nie en dit kan beskou word as 'n teken van indiwidualisme wat voorheen ook onbekend was. Die kleiner beeseienaars het egter nog geen eie merk nie en ken hul beeste uit aan hul liggaamsbou, kleur en horings.

(d) Versorging en Weiding.

T.o.v. die versorging van beeste het daar ook verandering ingetree. Die vernaamste verskil wat genoem kan word is die feit dat die beeste nie meer soos vroeër na die veeposte gestuur word nie. Die rede hiervoor is voor die handliggend. Waar die stam vroeër op een plek gekonsentreerd gewoon het, word die hele stamgebied vandag bewoon en deurdat die vee dan ook oor die hele gebied versprei is, word alle beskikbare weiding gelyktydig benut. Daar bestaan dus geen veepos-oorde nie. Die nuwere stam- en sindikaatsplase is egter nie so dig bevolk as die oorspronklike stamgebied of lokasie nie met die gevolg dat die weiding op hierdie plase nog taamlik goed is wanneer toestande in die ou gebiede reeds kritiek begin word. Dit gebeur dan ook dikwels dat iemand uit genoemde ou gebied sommige van sy beeste na 'n familiebetrekking in 'n buurt waar goeie weiding is stuur. Dit is dan ook die huidige vorm van dikgomo tša mafiša, die gebruik waarvolgens beeste in bruikleen aan andere gegee is om te versorg (vgl. p. 137). As toestande tuis verbeter kom die vee weer terug. Dit gebeur ook dikwels dat weiding van blanke boere gehuur word teen 'n sikspens tot 'n sjieling per bees per maand.

Origens bly die beeste tuis. Gedurende die somermaande wanneer daar graan op die lande is word hulle bedags opgepas en saans kraal toe gebring. Beeste word gewoonlik teen 9 uur in die oggend uit

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die kraal gelaat en kom saans om 6 uur weer in. Weens die feit dat die seuns skoolgaan lewer die oppas van die vee deesdae baie moeilikhede op. Tot sy skande (want vroeër sou hy sulke seunswerk nooit doen nie) is die vader soms verplig om self beeste op te pas tot die skool uitkom wanneer die kuddes deur die seuns oorgeneem word. 'n Hele paar huisgesinne span egter gewoonlik saam met die gevolg dat 'n man nie daagliks hoef beeste op te pas nie. In gevalle waar die vaders nie tuis is nie span 'n aantal huisgesinne ook saam en dan kry elke seun wat tot die betrokke gesinne behoort 'n beurt om uit die skool te bly en bees op te pas. Dit is dus selde nodig dat 'n seun meer as een dag per week uit die skool moet bly vir hierdie doel. So word die moeilikhede darem te bowe gekom.

Die koeie word net soggens gemelk en die kalwers wat afgehok word gaan nie saam met die groot vee veld-toe nie. Later in die oggend word die kalwers wel uitgelaat om in die nabyheid van die kraal te wei en moet telkens nader gekeer word - 'n taak wat aan die klein kinders wat nog nie veld toe gaan nie, opgedra word. Saans word die kalwers toegelaat om uit te suip alvorens hulle weer vir die nag afgehok word.

In die wintermaande wanneer die oeste af is wei die vee in die afgeoeste lande en die beeste kom saans ook nie kraal toe nie (kleinvee wel). In die reël en veral as daar koeie is wat gemelk moet word, word die beeste egter soggens bymekaargemaak en huis toe gebring om vir 'n uur of twee in die kraal te vertoef. Gedurende dié tyd word die koeie dan ook gemelk en die eienaar of sy verteenwoordiger het dan geleentheid om na te gaan of al die beeste daar is want as daar nie lande is wat verniel kan word nie, word die beeste nie opgepas nie, - hulle word slegs uitgejaag. Dit gebeur teenswoordig ook dikwels dat die beeste in die laat namiddag bymekaar gemaak word en nie soggens nie aangesien die seuns dan beskikbaar is om dit te doen. Of dit egter in die oggend geskied of in die middag, die beeste moet elke dag kraal toe kom vir die redes reeds genoem. Net soos in die somer bly die kalwers tuis al word die koeie nie gemelk nie. Daar

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skyn 'n vrees te bestaan dat die kalwers iets mag oorkom in die veld en om dié rede kan hulle nie veld toe gaan voordat hulle gespeen is nie. Deurdat die kalwers tuisbly kom die koeie gewoonlik self terug en word gevolg deur die res van die kudde sodat dit dikwels nie nodig is om die beeste bymekaar te maak nie. Ons weet ook van gevalle waar die beeste so gewoond geraak het aan die kortstondige besoek aan die kraal dat hulle gereeld en stiptelik self terugkom en vir ure in die kraal lê en herkou tot hulle self ook weer stadig-aan veld toe beweeg.

Behalwe die afgeoeste lande word geen voorsiening gemaak vir voer nie. 'n Landbouer word ook van selfsugtigheid beskuldig as hy enige stronke, boontjielowwe ens. van sy land verwyder om sy eie vee tuis te voer. Dit moet op die lande bly sodat almal se vee gesamentlik die nut daarvan kan hê. Die natuurlike weiveld bestaan nog soos vroeër gedeeltelik uit suurveld en gedeeltelik uit soetveld soos reeds beskrywe (vgl. p. 141). Groot gedeeltes van die beste buffelsgras-weiding is egter totaal ingeneem deur die haak-en-steek struik sodat dit as weiding geen waarde het nie. Die haak-en-steek was vroeër nie so 'n bedreiging nie en die huidige sorgwekkende toestand moet toegeskryf word aan die feit dat die bosse voortdurend afgekap is met die gevolg dat dit gestoel het en so die wêreld ingeneem het.

Suiping is in Mosêtlha nog nie 'n probleem nie. In die somer het die Pienaarsrivier wat deur die gebied vloei omtrent altyd lopende water en in die winter bly daar groot standhoudende kuile. Op sommige plase buite die bereik van die rivier, is onderaardse water taamlik vlak en word dit uit boorgate gepomp met hand- of windpompe. Op sekere plase bv. Van Heining en Haakdoornkraal is vleie met syferwater wat in die somer in genoeg water vir suiping voorsien.

Aan die hoeveelheid gras op sommige plekke en die swak kondisie van die vee gedurende die skraal maande van die jaar kan 'n mens die indruk kry dat die stamgebied oorbewei is en dat daar te veel vee is. Of dit werklik die geval is en of die toestand ook toegeskryf moet word aan onplanmatige beweiding sal ons later in hierdie hoofstuk kan vasstel wanneer ons beskikbare syfers in oënskou neem.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(e) Siektes.

Beessiektes wat in vroeëre tye in Mosêtlha bekend was kom vandag, danksy die wetenskaplike bestryding daarvan, tot 'n baie mindere mate voor. Sover ons kon vasstel word die ou metodes van behandeling soos in Hst. 6 uiteengesit nie meer toegepas nie. Slegs in die geval van miltsiekte waarvoor daar voorheen ook geen middel was nie, word op die tradisionele wyse opgetree. Hierdie gevreesde siekte is egter deur die optrede van die owerheid amper iets van die verlede. Alle beeste in gebiede waar miltsiekte ooit voorgekom het word jaarliks deur goewermentsveeartse en ander beamptes van die Departement van Landbou ingespuit daarteen.[1] Teen 'n betaling van een pennie per kop (slegs vir spuitstof) word dit vandag ook dwarsdeur Mosêtlha gedoen en dit kom dus baie selde of ooit voor dat 'n bees aan hierdie siekte vrek. Daar dien op gelet te word dat dit die enigste siekte is as gevolg waarvan 'n karkas nie geëet word nie.

Sponssiekte kom nog voor maar is nie baie straf nie. Blanke boere van die omgewing spuit die kalwers in teen hierdie siekte maar die naturelle nie. Die BagaMosêtlha maak nóg van 'n voorbehoedmiddel, nóg van 'n geneesmiddel gebruik. Aangesien die siekte egter nie dikwels voorkom nie het dit ook nog nie onrus gebaar nie. Galsiekte en „longsiekte" (tering) kom baie min voor en in Mosêtlha word, sover ons kon vasstel geen voorbehoed- of geneesmiddel vir hierdie siektes gebruik nie. Beeste wat van elders na die stamgebied gebring word is baie onderhewig aan rooiwater. Blanke boere spuit die siek diere met pirevan in waardeur omtrent 80% gevalle genees;[2] die naturelle maak egter van geen behandeling gebruik nie. Diere wat egter in die gebied geteel is, is immuun teen rooiwater en aangesien die stam selde of ooit beeste veraf gaan koop en inbring veroorsaak die siekte hulle weinig skade.

Soos in Hst. 6 aangetoon het ons van die oudstes verneem dat die gebied nooit gepla was met hartwater nie. By navraag het geblyk dat

---

1. Informasie van die Afdeling Veeartsenydienste, Pretoria.

2. Informasie van Mnr. M.J. Engelbrecht, beesboer op gedeelte van Leeukraal, aangrensend aan stamgebied.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit werklik vandag ook nog die geval is. Ten spyte van die feit dat hartwater onmiddelik noord van Pretoria voorkom, taamlik straf is in ander omliggende gebiede bv. die Springbokvlakte en in die omgewing van Warmbad, is Mosêtlha vry daarvan. Hoewel daar twee beesdippe in die hele gebied is word die beeste baie ongereeld gedip en was verpligte dip nog nooit van toepassing op die stamgebied en omliggende plase nie.

Uit bg. blyk dus dat Mosêtlha 'n gesonde beeswêreld is wat veral nie veel geteister word deur die algemeen bekende beessiektes nie. Hierby kom nog dat weinig beeste van elders ingevoer word met die gevolg dat die kuddes geaklamatiseer is en die gehardheid van hul voorgeslagte behou het.

(f) Beesslag.

Net soos vroeër, en miskien nog minder vandag, word 'n bees nie maklik geslag nie. Dit is slegs by spesiale geleenthede waarop 'n bees geslag word en die mees gereelde geleenthede is vandag feitlik beperk tot huweliksfeeste. Vir die beoefening van die Christelike godsdiens is beesslag nie meer nodig nie en die meeste ander rituele plegtighede waarmee dit gepaard gegaan het, het verdwyn. Selfs vir 'n troufees word 'n bees nie meer in alle gevalle geslag nie. Vanweë die bees se kontantwaarde moet spaarsaam gewerk word. Waar ou diere voorheen ook geslag is word hulle vandag betyds (voor dat hulle kondisie te swak is) ook verkoop. As 'n bees egter vrek van maerte of van 'n siekte wat nie skadelik is vir die menslike liggaam nie, is dit so goed asof dit geslag is want niks gaan verlore nie. Soos aangetoon word 'n dier wat van miltsiekte vrek glad nie geëet nie; 'n dier wat aan sponssiekte vrek word wel geëet maar met 'n mate van huiwering - dit word gesê dat die vleis onwelriekend is.

As 'n dier egter aan galsiekte, tering, rooiwater of enige ander kwaal vrek is daar geen verlies nie. Ook diere wat bv. 'n been breek word geslag. Alles in aanmerking geneem is daar dus tog heelwat geleentheid om beesvleis van eie produksie te eet. By ondersoek het geblyk dat daar gedurende die jaar 1950 sowat 2,400 beeste oor die hele stamgebied gevrek het (vgl. p.316).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die metode van slag is nog soos vroeër behalwe dat 'n man slegs twee of drie persone vra om te kom help en nie meer 'n groot aantal helpers na die slagtery nooi nie. Nog 'n punt van verskil is dat die dier ook nie meer in die kraal soos vroeër afgeslag word nie maar wel op 'n geskikte plek daarbuite - dikwels in die koelte van 'n boom. 'n Hoeveelheid vleis word vir eie gebruik gehou, die helpers kry elk 'n stukkie en die res word alles verkoop vir kontant of geruil vir graan. Vleis is 'n skaars artikel in die stamgebied en dit is dus nie nodig om veel moeite te doen om die beskikbaarheid van vleis wat te koop aangebied word bekend te maak nie. Aangesien die vleis vir graan sowel as kontant verkoop word is dit uiters moeilik om vas te stel waarvoor 'n gevrekte of geslagte bees van die hand gesit word. Van die naaste familiebetrekkinge kry natuurlik altyd 'n porsie (ongeveer 5 lbs.) sonder betaling. Geen skaal word gebruik nie en die pryse van porsies wissel van slagter tot slagter. Ons het onder die indruk gekom dat vleis ter waarde van uiters £4 verkoop word waar die dier „in die klou" miskien £10 of meer werd sou wees.

Die behandeling van die vel geniet nog noukeurige aandag. Vroeër was die regte behandeling nodig omdat die velle gebruik is vir die maak van klere; vandag is dit ewe belangrik omdat tot £2 vir 'n goedbewerkte vel verkry kan word. Die vel word op tradisionele wyse geskraap met 'n spesiale skraper (phatô) of met 'n mes en dan anders as voorheen, ingesout, opgerol en na 'n dag of wat oopgespalk om te droog. Waar die skraapsels (nerwe) vroeër geëet is (vgl. p. 147), word dit vandag nie meer gedoen nie - dit word vir die honde gegee. So verfyn ook die smaak namate die westerse beskawing sy rol speel.

(g) Hoeveelheid Beeste en Kontantwaarde.

Besonderhede t.o.v. die aantal beeste, die samestelling en waarde van kuddes is by 100 verteenwoordigende huisgesinne aangeteken. Vir die bepaling van die waarde van die kudde is enige volgroeide os bereken teen £16 en alle ander diere, groot of klein teen £10 elk.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na noukeurige oorweging het dit geblyk 'n goeie gemiddeld te wees teen heersende pryse. Die volgende het aan die lig gekom :

(i) Samestelling van kudde en waarde.

| Per 100 gesinne. | Bulle. | Koeie & Verse. | Osse. | Totaal. | Totale waarde. |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal | 23 | 514 | 454 | 991 | £12,330. 0. 0. |
| Gemiddeld | .2 | 5.1 | 4.5 | 9.9 | £ 123. 6. 0. |

(ii) Verspreiding van beeste.

| Aantal beeste. | 0. | 1-5. | 6-10. | 11-15. | 16-20. | 21-25. | 25-30. | 31-35. | Meer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| % Gesinne. | 10 | 31 | 20 | 13 | 14 | 4 | 5 | 2 | 1 |

(iii) Verspreiding van waarde.

| Waarde. | Geen | £1-100. | £100-200. | £200-300. | £300-400. | £400-500. | Meer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| % Gesinne. | 10 | 37 | 32 | 10 | 9 | 2 | - |

Uit bg. blyk dus dat daar nog 10% van die gesinseenhede in die stamgebied is wat nie beeste het nie of wat eenkeer gehad het maar nou nie meer nie. Die aantal aanteel-vee oortref die aantal trekdiere nie ver nie en dit is 'n bewys van die belangrikheid van die os as trekdier in Mosêtlha. Nagenoeg 40% gesinne het meer beeste as die gemiddelde aantal van 9.9 en 21% het meer as 20 beeste terwyl die hoogste aantal wat 'n enkele gesin besit 45 is. Die feit dat 23% beeste het ter waarde van meer as £100 wys dat die stam beslis nie in die grootste armoede verkeer nie.

Gebaseer op 1,600 gesinseenhede moet in die hele stamgebied nagenoeg 15,800 beeste wees.

(h) Melkproduksie.

Te oordeel aan die min moeite wat gedoen word om dwars deur die jaar melk te hê wil dit voorkom of die voedende waarde van melk in Mosêtlha nog nie besef word nie. Dit is wel gewilde kos en 'n gesogte bygereg maar geen gedagte word gegee aan die volmaaktheid daarvan as voedsel nie. Dit is dan ook om dié rede dat geen doelbewuste po-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ging aangewend word om die produksie van melk te verhoog nie. Ten opsigte hiervan is die stam se houding nog hoofsaaklik soos dit in vroeëre tye was: Solank die kalf suip kan 'n koei gemelk word en daardeur kan die voedselvoorraad aangevul word. 'n Koei se waarde word vandag nog nie bepaal deur die hoeveelheid melk wat sy gee nie. Die koei word veeleer waardeer as sy gereeld elke jaar haar kalf lewer. Om koeie te voer ten einde die melkproduksie te verhoog sy verre van die BagaMosêtlha. Die konserwatisme in hierdie verband is dan ook 'n verdere rede waarom so 'n groot persentasie huisgesinne baie min of geen melk van hulle eie het nie. Selfs die grootste beeseienaars is nog nie in staat om melk of room vir die mark te produseer nie. Hierdie aspek van die beesboerdery word eenvoudig nie ernstig opgeneem nie terwyl die moontlikhede bestaan om deur verhoogde melkproduksie ondervoeding, veral by die kinders, tot 'n groot mate die hoof te bied. Ter voorligting en propaganda in hierdie verband het die D.N.S. by Hammanskraal in 1950 'n goedingerigte melkery opgerig waar sowat 40 frieskoeie gemelk en versorg word. Hierdie melkery word deur lede van die stam besoek, die voordele daarvan word aan hulle verduidelik en die moontlikhede vir soortgelyke melkproduksie in die stamgebied word bespreek. Die skema is nog nie lank genoeg aan die gang om enige tekens van die gewensde uitwerking te toon nie maar die hoop word gekoester dat enkele progressiewe „boere" in die stamgebied hulle binne afsienbare tyd sal laat beïnvloed om iets dergelyks aan te pak.

Op die oomblik word die melkproduksie weerspieël deur die volgende syfers afgelei van besonderhede aangeteken by 100 verteenwoordigende huisgesinne. Die kontantwaarde van melk is bereken teen 4d per pint.

Melkproduksie en Kontantwaarde.

| | Persentasie gesinne wat melk. | Aantal Koeie. | Totale hoev. melk per dag. | Gemiddelde per koei per dag. | Kontant Waarde. £. s. d. |
|---|---|---|---|---|---|
| Winter | 31 | 73 | 124 pinte | 1.6 pt. | 2. 1. 4. |
| Somer | 65 | 222 | 585 " | 2.6 pt. | 9. 15. 0. |
| Gemiddeld | 48 | 148 | 355 | 2.1 pt. | 5. 18. 2. |

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ons kan vorder aflei dat,

Die totale waarde van beskikbare melk vir 100 gesinne per dag in die winter te staan kom op £2. 1. 4. d.w.s. 5d per dag per gesin en dit is volgens ons basis van berekening gemiddeld $1\frac{1}{4}$ pint per dag per gesin. In die somer is dit £9. 15. 0. d.w.s. 1/11 per gesin en dit beteken $5\frac{3}{4}$ pinte per gesin per dag.

Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die gemiddelde syfer verkry is deur gesinne wat 'n taamlike hoeveelheid melk het saam te vat met andere wat baie min produseer en 69% wat in die winter glad nie melk het nie.

Die gemiddelde waarde van melk wat dwarsdeur die jaar deur genoemde 100 gesinne produseer word kan naasteby gestel word op £6 (£5.18.2.) per dag d.w.s. £2,190 per jaar van 365 dae. Vroeër in hierdie hoofstuk is aangetoon dat die totale waarde van beeste behorende aan genoemde 100 gesinne gestel kan word op £12,330. Dit beteken dat hierdie kapitale belegging, die onverskilligheid t.o.v. melkproduksie ten spyt, in die vorm van melk alleen 'n wins afwerp (produksie-koste buite rekening gelaat) van 17.8%. Dit bewys weereens die feit dat melkproduksie een van die mees winsgewende aspekte van die beesboerdery kan word. Die gemiddelde waarde van melk per gesin per jaar kom dus te staan op £21. 18. 0.

(i) Verliese (vermindering).

Aangesien kontant wat deur verkopings verkry word meesal gedeeltelik weer aangewend word om die verkoopte dier(e) met jonger en goedkoper beeste te vervang, kan verkopings nie as vermindering gereken word nie. Vermindering van die aantal beeste kom hoofsaaklik deur vrekte aan siekte of droogte en deur 'n betreklike klein aantal wat geslag word. Aangesien die vleis van gevrekte of geslagte diere verbruik word en ook verkoop word kan dit ook nie beskou word as dooie verliese nie. Dit bring slegs 'n vermindering van die kudde mee wat gewoonlik verliese genoem word. Die verliese van beeste in Mosêtlha is betreklik gering as daar nie buitegewone droogte heers nie maar aansienlik gedurende 'n droë jaar soos 1950. Aan siektes word nie veel verloor nie. Daar word nie veel geslag nie. Uit besonderhede wat

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



t.o.v. die meergenoemde 100 gesinne in hierdie verband aangeteken is, het die volgende aan die lig gekom:

Verliese of Vermindering van Beeste.

(Gedurende die jaar 1950).

| | Persentasie gesinne betrokke. | Kleinste getal verminder. | Hoogste getal verminder. | Gemiddeld per gesin. | Waarde teen £12 stuk. £. s. d. |
|---|---|---|---|---|---|
| Vrek Droogte | 63% | 1 | 6 | 1.3 | 15. 12. 0. |
| Vrek Siekte | 10% | 1 | 8 | .2 | 2. 8. 0. |
| Geslag | 26% | 1 | 3 | .4 | 4. 16. 0. |
| Totaal | - | - | - | 1.9 | 22. 16. 0. |

Hierdie syfers het betrekking op die jaar 1950 toe die reënval swak was en die weiding geweldig baie daaronder gely het. Dit kan dus aangeneem word dat in beter jare veel minder skade gely sal word as gevolg van droogte. Gedurende die betrokke jaar het 100 gesinne egter gemiddeld 1.9 beeste verloor wat gelyk staan aan 'n kontantwaarde van £22. 16. 0. d.w.s. 18.5% van die gemiddelde waarde van kuddes (sien p.313). Gedurende dieselfde jaar was die gesamentlike aanteel by dieselfde 100 gesinne 280 d.w.s. 2.8 per huisgesin en die verliese word dus ruim deur die aanteel opgemaak en in beter jare sal die aanteel die verliese nog verder oortref. Verkopings uitgesluit, sal daar dus 'n gestadige toename in die aantal beeste wees.

Besonderhede wat aangeteken is toon dat beeste nog nie op 'n baie groot skaal verkoop word nie maar die verkopings wissel ook na gelang van die toestande. Dit spreek vanself dat vee in 'n baie swak kondisie nie verkoop sal word nie. Die volgende syfers toon besonderhede i.v.m. verkopings gedurende 1950. (Slegs in die klou).

Verkopings van beeste (1950).

| Aantal Gesinne. | Persentasie wat verkoop het. | Laagste aantal. | Hoogste aantal. | Totale aantal. | Gemid. aantal. | Gemid. prys stuk. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 100 | 29 | 0 | 15 | 72 | .7 | £12. 3. 7. |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(j) Kontant-inkomste.

Al kontantinkomste uit die beesboerdery verkry is deur verkopings soos hierbo aangetoon en die verkoop van velle. Melk word nooit verkoop nie (hoewel dit vir die verbruiker 'n kontantwaarde het). Die gemiddelde kontantinkomste wat die beesboerdery op die oomblik verdien is dan ook taamlik gering. Die volgende syfers t.o.v. die meergenoemde 100 gesinne weerspieël die posisie.

Kontantinkomste uit Beesboerdery (1950).

| 100 Gesinne. | Persentasie betrokke. | Aantal verkoop. | Laagste inkomste. | Hoogste inkomste. | Totale inkomste. | Gemiddelde inkomste. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Verkopings | 29% | 72 | £6. 0.0. | £142.0.0. | £89.0.0. | £8. 18.3. |
| Velle | 46% | ? | 18.6. | 25.0.0. | 198.0.0. | 1. 19.6. |
| Totaal | - | - | 6.18.6. | 167.0.0. | 1089.2.6. | 10. 17.9. |

Uit bg. blyk dus duidelik dat die beesboerdery in Mosêtlha aan kontant nie veel inbring nie. Die gemiddelde kontantverdienste van £10.17.9. is egter 8.8% van die gemiddelde kontantwaarde van die kuddes (£123.6.0. p. 313). As ons die gemiddelde kontantwaarde van melk (p.314) en van diere wat geslag is (p.316) hierby reken kom die totale kontantwaarde te staan op £37. 11. 9. en dit is 22.4% op die waarde van die kudde. Dit is egter slegs die verdienste sonder inagneming van enige koste-items. Hierdie koste-items wat by 'n goedgeorganiseerde boerdery sal bestaan uit waarde van die weiding, behandeling teen siektes, lone, ondernemersloon en rente op kapitaalbelegging word natuurlik in Mosêtlha nie aangeteken nie en dit is moeilik om dit te bepaal. In 'n poging om tog 'n gevolgtrekking te maak wil ons die volgende koste-berekeninge maak.

(i) Vir die weiding van een bees word 4 morge grond benodig (sien p. 333). Soos in Hst. 2 aangetoon kan die waarde van grond gestel word op £8 per morg, d.w.s. vir een bees is weiding ter waarde van £32 nodig. Vir die gemiddelde aantal beeste per huisgesin £32 x 9.9 en dit is, £316. 16. 0.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(ii) Die waarde van die kudde self word gestel op £123. 6. 0. (p 313).

(iii) Lone t.o.v. ten minste een seun wat behulpsaam is met die versorging van die vee, teen £2 per maand kom te staan op £24 per jaar.

(iv) Ondernemersloon gereken teen £5 per maand[1] gee 'n verdere £60 per jaar.

Geen voer word gekoop nie en koste van mediese behandeling is nietig. Die totale koste kom dus te staan op :

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Waarde van weiding ........................ | £ | 316. | 16. | 0. |
| Waarde van kudde .......................... | £ | 123. | 6. | 0. |
| Lone en ondernemersloon ................... | £ | 84. | 0. | 0. |
| Totaal : | £ | 524. | 4. | 0. |

Hierdie kapitaal bereken teen 5% rente is £26. 4. 3. per jaar werd.

As ons nou verliese deur vrekte buite rekening laat aangesien die vleis soos aangetoon nie verlore gaan nie en ons neem aan dat verkopings aangevul word deur aanteel is dit nie nodig om verdere items in berekening te bring nie. Die kontantwaarde van die inkomste uit die beesboerdery per jaar kan dan as volg saamgevat word (per gesin):

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Gemiddelde waarde van melk (p.315) ............ | £ | 21. | 18. | 0. |
| Gemiddelde kontantinkomste (p.317) ............ | £ | 10. | 17. | 6. |
| Gemiddelde waarde van geslagte diere (p.316)... | £ | 4. | 16. | 0. |
| Totaal : | £ | 37. | 11. | 6. |

Hierdie bedrag weerspieël dan 'n netto wins van 7.2% op die kapitaal. As ons in aanmerking neem dat geld op verskillende maniere teen 5% of meer kan belê word, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat beesboerdery in Mosêtlha op 'n skrale winsgrens gedryf word. As ons weens die feit dat gevrekte diere geëet word, van die veronderstelling wil uitgaan dat die waarde van sodanige diere ook bygereken

1. D.w.s. ongeveer die helfte van 'n arbeider se loon in die stad. Die "boer" het as ondernemer ook saaiery as 'n vertakking.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



moet word, dan kom die totale kontantwaarde te staan op £37.11.6. £18 (vgl. p.316) d.w.s. £55. 11. 6. en dan sal die netto wins 10.6% wees.

Deur hul dienste as trekdiere dra die osse nog 'n weinig by tot die kontantopbrengste van die beeskudde maar dit is so gering dat dit nie 'n wesenlike verskil in bg. berekening sal bring nie. Dit is bowendien 'n onmoontlike taak om die waarde van sodanige trekwerk in kontant te bepaal.

2. Skape.

Hoewel 'n skaap vanweë sy goeie vleis 'n baie gewilde dier is, is die kuddes in Mosêtlha besonder klein. Die tipe skaap wat aangetref word is 'n geharde basterskaap en volgens die beskrywing van die oudstes is dit maar dieselfde tipe wat van oudsher deur die stam aangehou is. Ons het egter hier en daar goedgeteelde swartkop persiese skape opgemerk. Dit wil voorkom of die klein getal skape toegeskryf moet word aan die feit dat kleinvee maklik gesteel kan word of kan wegraak en niemand wil homself graag blootstel aan sulke gevare nie.

Net soos vroeër is die skaap van geen sosiale betekenis by die stam nie. 'n Huisgesin wat skape het slag een of twee diere per jaar en hoewel dit meer en meer die plek van die bees as slagdier inneem by spesiale geleenthede, word dit ook bloot vir huishoudelike gebruik geslag. Skaapvleis word nie verkwansel nie en slegs familie-betrekkinge ontvang 'n stukkie as geskenk van die slagter met dien verstande dat die ontvanger diens met wederdiens sal vergoed. Slegs die bene en die kloutjies van 'n skaap gaan verlore verder word alles geëet en die vel word gebruik as slaapmat. Skape word ook hoofsaaklik in die winter geslag wanneer die vleis nie so maklik kan bederf nie. Vir 'n fees kan dit egter te enigertyd geslag word.

Skape kom saam met bokke in 'n kraal, apart van die beeste maar word bedags saam met die beeste opgepas. Vroeër was dit die kleiner kinders se taak om die kleinvee saam met die kalwers op te pas. Dit word beweer dat skape soms ook vrek aan miltsiekte en galsiekte. In die geval van lg. word opgetree soos in die geval van 'n bees. As die dier egter aan 'n ander kwaal vrek word dit sonder meer geëet. Volgens ons segsmanne vrek daar nogal heel-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



party skape aan siekte en aan droogte. Ons is geneig om lg. rede vir vrekte in twyfel te trek aangesien kuddes wat ons onder swak omstandighede besigtig het in 'n goeie kondisie was.

Baie min skape word verkoop en ook die velle word meesal vir eie gebruik gehou. Die skaapboerdery lewer dus weinig of geen kontant op nie.

Uit besonderhede verkry van 'n 100 gesinne t.o.v. skaapboerdery is die volgende aan die lig gebring.

(a) Besonderhede en waarde van kuddes.[1]

| Per 100 Gesinne. | Ooie. | Ander. | Totaal. | Totale Waarde. |
|---|---|---|---|---|
| Aantal. | 106 | 28 | 134 | £335. 0. 0. |
| Gemiddeld. | 1.1 | .3 | 1.3 | £ 3. 5. 0. |

(b) Verspreiding onder Eienaars.

| Aantal Skape. | 0. | 1-5. | 6-10. | 11-15. | 16-20. | 21-25. | 26-30. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| % Eienaars. | 78 | 14 | 7 | - | - | - | 1 |

(c) Verspreiding van Waarde.

| Bedrag. | Geen. | £1-£10. | £10-£20. | £20-£30. | Meer. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| % Eienaars. | 78 | 10 | 6 | 5 | 1 | |

(d) Verliese, Verkopings en Aanteel.

| % Gesinne Betrokke. | Vrek droogte. | Vrek siekte. | Slag. | Verkopings. | Aanteel. | Afname. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 22% | 24 | 22 | 21 | 4 | 59 | 12 |
| Gemid. vir 100 gesinne. | .24 | .22 | .21 | .04 | .71 | .12 |

Die totale aantal skape wat die betrokke gesinne besit het was soos aangetoon onder (a) hierbo, 134. Ons kan dus die volgende afleidings maak : Gedurende 1950 het 34.2% gevrek aan droogte of skaarste, 15% is ge-

1. Die kontantwaarde van enige skaap is vir hierdie statistiek gestel op £2.10.0. stuk d.w.s. min of meer die heersende prys in 1950.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



slag en 3% is verkoop terwyl daar 'n totale afname van 9% was nadat die aanteël bygereken is. Dit kan egter aanvaar word dat meeste van die gevrekte diere se vleis gebruik is en dus in werklikheid geen verlies is nie. Gebaseer op 1,600 huisgesinne moet daar in die hele stamgebied dus nagenoeg 2,080 skape wees.

3. Bokke.

Veel meer bokke as skape word in Mosêtlha aangehou. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat bokvleis net so gewild is as skaapvleis, dat die bok 'n uiters geharde dier is eh baie vinniger aanteel as skape weens die feit dat tweelinge baie dikwels aankom. Lg. feit laat die bok geweldig in populariteit styg. Die tipe bok wat aangehou word is nog dieselfde as vroeër, is betreklik klein van liggaamsbou en is besonder bestand teen skaarste aan weiding. Net soos skape het bokke geen maatskaplike betekenis nie en dit is ook nog in ooreenstemming met wat die posisie vroeër was. (Vgl. hst. 6).

Bokke word saam met skape (of op dieselfde wyse) opgepas en versorg. Volgens ons segsmanne vrek bokke soms aan galsiekte maar nie te dikwels nie. Geen behandeling word teen enige siekte gegee nie en aangesien 'n bok feitlik nooit aan die gevreesde miltsiekte vrek nie word byna alle gevrekte diere geëet.

Gedurende die somermaande word van die bokke gemelk maar die hoeveelheid melk is baie gering en word gewoonlik slegs deur die kinders by hul pap genuttig. Daar word gemiddeld van twee tot vier bokke per jaar deur gesinne wat het, geslag. Die slagtery en gebruik van die vleis kom in elke opsig ooreen met die slag van 'n skaap.

Uit besonderhede verkry van die meergenoemde 100 gesinne het ons die volgende afleidings gemaak:

(a) Besonderhede en Waarde van Kuddes.
(teen £2 per stuk).

| Per 100 gesinne. | Ooie. | Ander. | Totaal. | Totale Waarde. |
|---|---|---|---|---|
| Aantal | 411 | 139 | 550 | £1,100. 0. 0. |
| Gemiddeld | 4.1 | 1.4 | 5.5 | £ 11. 0. 0. |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) Verspreiding onder eienaars.

| Aantal Bokke. | 0. | 1-5. | 6-10. | 11-15. | 16-20. | 21-25. | 26-30. | Meer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| % Eienaars. | 42 | 17 | 22 | 9 | 6 | 1 | 3 | - |
| Waarde. | Geen | £2-10 | £12-20 | £22-30 | £32-40. | £42-50. | £52-60 | - |

(c) Verliese, Verkopings en Aanreel.

| % Gesinne Betrokke. | Vrek Droogte. | Vrek Siekte. | Slag. | Verkoop. | Aanteel. | Toename. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 58 | 28 | 16 | 142 | 48 | 242 | 56 |
| Gemid. p. 100 gesinne. | .28 | .16 | 1.42 | .48 | 2.42 | .56 |

Waar daar gedurende die betrokke jaar slegs 4 skape verkoop is, is 48 bokke verkoop en geneem teen £2 per stuk beteken dit 'n kontantinkomste per 100 gesinne van £96, nagenoeg £1 gemiddeld per gesin. Die syfers toon verder dat van die 550 bokke wat die gesamentlike besitting van genoemde 100 gesinne was, daar gedurende die jaar 8% aan droogte of siekte gevrek het, 27% geslag is, 8.7% verkoop is en dat daar met die aanteel bygereken, 'n toename van 10% was in die totale aantal. Aangesien gevrekte diere geëet word en dus nie 'n dooie verlies is nie toon hierdie deel van die boerdery bykans geen skade nie. Soos ook later sal blyk lewer bokke (en hoenders) die grootste bydrae tot vleis van eie produksie wat deur die stam gebruik word.

Gebaseer op 1600 gesinseenhede is daar nagenoeg 8,800 bokke in die hele stamgebied.

4. Hoenders.

Die hoender is 'n nuwe toevoeging tot die lewende hawe van die stam (vgl. p. 135) en vervang die tarrentaal, fisant en ander wilde voëls wat in vroeëre tye voorsien het in 'n veelgesogte soort vleis. Omdat die jagveld vandag beperk is, is dit goed te verstaan dat wilde voëls net soos alle ander wild feitlik uitgeroei is in die stamgebied. Die hoender is dus 'n baie gewilde en welkome plaasvervanger. Weens die feit dat dit betreklik goedkoop is en ook vinnig aanteel het nagenoeg elke huisgesin 'n paar hoenders.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die tipe hoender wat meesal aangetref word is van geen besondere ras nie en die nagaan van die oorsprong van die kuifkop met die groot verskeidenheid kleure sal in sigself 'n baie interessante studie wees. Die hoenders is oor die algemeen klein en lê ook 'n minderwaardige eier. Een van die vertakkinge van die model-boerdery onder beheer van die D.N.S. te Hammanskraal is juis 'n hoenderboerdery waar uitsluitlik Rhode Island Reds aangehou word. Broeisels eiers van hierdie hoenders word teen 'n billike prys (2/-) aan lede van die stam te koop aangebied. Ons het 'n enkele teëgekom wat reeds van hierdie geleentheid gebruik gemaak het en wat 'n klompie opregte hoenders het wat ook met die minderwaardige hoenders uitgebaster het sodat lg. aanmerklik verbeter het. Dit is 'n bemoedigende teken.

Hoenders ontvang weinig versorging. Hulle dwaal gewoonlik in die omgewing van die woning rond, altyd op die uitkyk vir iets te ase. As iemand buite gesit en eet het is dit nie nodig om krummels brood op pap te verwyder nie want onmiddelik na die ete kom die hoenders alles oppik. Waar daar nie 'n vark is nie word die skraapsels van die pappot en ander oorblyfsels van maaltye bymekaar gemaak vir die hoenders. Heel selde, en in tye van skaarste nooit, sal die hoenders 'n klein rantsoen kafferkoring of mielies ontvang. Die opvatting is dat hoenders maar moet klaarkom met oorblyfsels en verder moet hulle wei (sêla). Gedurende die somermaande wanneer daar altyd 'n groenigheid sowel as allerlei insekte is, is die pluimvee dan ook taamlik goed daaraan toe maar gedurende die winter voer hulle 'n moeilike bestaan. Dit is dan ook begryplik dat die hoenders by gebrek aan behoorlike voeding nie veel lê nie. Na ons verneem lê 'n hen gewoonlik ook net 'n broeisel eiers, word dan broeis, broei hulle uit en maak die kuikens groot. Ons het tot die gevolgtrekking gekom dat die oorgrote meerderheid hoendereienaars nie geïnteresseerd is in eierproduksie nie en verkies dat 'n hen haar eiers uitbroei. Dit word dan ook gesê, „'n hoender het nog nie kuikens gehad nie" - ga e a tswala, en nie, „'n hoender het nog nie begin lê nie." Hoendervleis word as voedsel ver bokant eiers gestel en lg. word tewens ook selde geëet.

Daar is wel enkele huisgesinne wat taamlik baie hoenders het en ook bereid is om hulle te voed. Sulke huisgesinne kry gedurende die lêseisoen baie eiers wat gewoonlik by die plaaslike handelaar vir kruideniersware soos suiker, tee, sout ens. verkwansel word. Die huidige pryse van

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



pluimvee is in die stamgebied bekend en 'n hoender word selde vir minder as 5/- verkoop. Eienaars herinner hulle ook 'n tyd toe hulle nie meer as 1/- vir 'n hoender kon kry nie. As gevolg van die aantreklike pryse word hoenders dan ook heel dikwels verkoop. Hulle word egter in die eerste plek vir eie gebruik aangehou en nie vir die mark nie. Hoenders word baie dikwels geslag en die vleis is baie gewild. Anders as in die geval van beeste, skape en bokke word 'n gevrekte hoender nie geëet nie. Geen rede word genoem nie.

Aangesien hoenders self moet kos soek val daar nie aan te dink om hulle in hokke te hou nie. By enkele huisgesinne is 'n swakgemaakte hok van ogiesdraad aangetref waarin die hoenders snags moet slaap vir beskerming teen katte en rondloperhonde. In die meeste gevalle slaap die hoenders egter op 'n soort stellasie, 'n boompie naby die huis of op rommel agter die huis en is steeds blootgestel aan baie gevare. Bedags is die pluimvee geheel-en-al onbeskermd en veral die kuikens moet dit ontgeld. Geweldig baie skade word gely as gevolg van kuikens wat deur valke en katte gevang word.

As gevolg van die natuurlike lewe wat die hoenders ly is hulle oor die algemeen baie gesond en tog vrek daar heel dikwels een. Ons is geneig om te dink dat hierdie geharde pluimvee meer dikwels van honger omkom as van siekte. Sover ons kon vasstel ontvang 'n siek hoender geen behandeling nie. Enkeles het al gehoor dat dit voordelig is om soms 'n bietjie Engelse-sout in die water te gooi en doen dit dan ook. Geen ander pluimvee behalwe hoenders word in Mosêtlha aangetref nie.

Met betrekking tot die hoenderboerdery (1950) is die volgende besonderhede aangeteken by 100 verteenwoordigende huisgesinne versprei oor die hele stamgebied. (Vir die waardebepaling is alle hoenders bereken teen 6/- stuk).

(a) Getalle en Waarde (kuikens uitgesluit).

| Per 100 Gesinne. | Henne. | Hane. | Totaal. | Totale Waarde. |
|---|---|---|---|---|
| Aantal | 788 | 177 | 965 | £289. 10. 0. |
| Gemiddeld | 7.9 | 1.8 | 9.7 | £ 2. 17. 10. |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b) Verspreiding onder eienaars.

| Getal Hoenders. | 0. | 1-10. | 11-20. | 21-30. | 31-40. | 41-50. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| % Gesinne. | 5% | 64% | 22% | 6% | 1% | 2% |

(c) Verliese, Verkopings en Vermindering.

| Gesinne. | Gevrek. | Geslag. | Verkoop. | Aanteel. | Afname. |
|---|---|---|---|---|---|
| 100. | 271 | 869 | 226 | 1296 | 130 |
| Gemiddeld | 2.7 | 8.7 | 2.3 | 13 | 1.3 |

(d) Kontantinkomste (per jaar, 1950).

| Verkoop. | % Gesinne betrokke. | Verkoop. | Laagste-Ink. | Hoogste Ink. | Totaal. | Gemiddeld. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | s. d. | £. s. d. | £. s. d. | s. d. |
| Hoenders | 32% | 226 | 3. 6. | 6.12. 0. | 56.10.0. | 11.4. |
| Eiers | 51% | ? | 5. 0. | 5. 0. 0. | 62. 0.0. | 12.5. |
| Totaal | - | - | 8. 6. | 11.12. 0. | 118.10.0. | 1. 3.9. |

Uit hierdie syfers kan ons in die eerste plek aflei dat 'n goeie verhouding van hane tot henne bewaar word. Vir die slag kom oortollige hane dus eerste aan die beurt. 'n Gemiddelde aantal van nagenoeg 10 hoenders per huisgesin is genoeg om te verseker dat daar jaarliks 'n aantal sal uitbroei en dat die gesin altyd 'n klompie hoenders sal hê. Dit blyk verder dat slegs 5% glad nie hoenders het nie en dat 31% gesinne meer as die gemiddelde aantal het. Terwyl die meeste gesinne net genoeg hoenders aanhou om van tyd tot tyd een te slag en te verhoed dat hulle nie van die werf verdwyn nie, is daar 'n klein persentasie wat klaarblyklik daarna streef om meer as genoeg te hê. Dit is 'n opflikkering van ambisie en 'n bemoedigende teken. Dit blyk dat nagenoeg 21% van die hoenders jaarliks 'n natuurlike dood sterf teenoor bykans 67% wat geslag word en sowat 18% wat verkoop word. Uit die lg. twee persentasies blyk duidelik dat hoenders hoofsaaklik vir die pot aangehou word en nie soseer vir bemarking nie. Hoewel hierdie syfers 'n afname van sowat 10% toon kan aanvaar word dat dit nie elke jaar so gaan nie, en dat daar sommige jare seerseker ook 'n toename is. Op die oomblik sal

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die toename egter nooit te groot wees nie want die gedagte om op enige tydstip meer te hê as voorheen het nog nie by almal posgevat nie.

Hoewel die hoenderboerdery in terme van kontant stellig by die meeste nog nie van enige ekonomiese betekenis is nie is daar, soos tabel (d) aantoon, enkeles wat reeds 'n aansienlike bedraggie uit hul pluimvee byeenbring. Daar is steeds 'n goeie mark en dit is te hope dat die stam met die nodige leiding en aanmoediging ook die moontlikhede wat in pluimvee steek ten volle sal uitbuit.

5. Varke.

Soos die hoender was die vark in die vroeëre stamlewe onbekend. Dit is egter geredelik van die blanke intrekkers oorgeneem en aanvanklik was dit om geen ander rede as vir sy vleis nie. Hoe vetter die bygereg, hoe smaakliker is die droë styselagtige stapelvoedsel van die stam. Vanweë sy sagte, vet vleis het die vark dan ook spoedig 'n baie gewilde slagdier geword en elke gesin wat dit gedurende die afgelope halfeeu enigsins moontlik gevind het om die noodsaaklikste voedsel by te bring, het 'n vark of twee aangehou. In baie gevalle loop die varke los op soek na allerlei varkenskos om die beperkte rantsoen van die eienaar aan te vul. Dit gebeur egter dikwels dat 'n vark 'n paar weke voor dit geslag moet word, op hok gehou word en dat 'n spesiale poging aangewend word om dit op te voer. Die metode van slag, is soos die dier self, van die Blankes oorgeneem. Die vark behoort aan die vrou en sy sorg daarvoor.

As gevolg van die feit dat spekulante vandag die gebied deurkruis op soek na varke om te koop en ook aantreklike pryse vir diere in 'n goeie kondisie betaal, word 'n vark tans dikwels vetgemaak met die doel om dit te verkoop.

As die oeste goed is en die graan betreklik volop hou enkele gesinne 'n hele paar varke aan wat dan ook gereeld gevoer word vir die mark. Voer word selde spesiaal vir die vark gekoop en dit is nie moontlik om voer as koste-item by die varkboerdery in berekening te bring nie. Slegs graan van eie produksie en potskraapsels mag as varkkos gebruik word en as die voer nie op hierdie wyse voorsien kan word nie, word varke eenvoudig nie aangehou nie. Een van die vertakkinge van die meergenoemde model-plaas te Ham-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



manskraal is ook 'n varkboerdery. Met „Large Blacks" word op wetenskaplike wyse geboer met die doel dat die Naturelle van die omgewing daardeur moet leer maar volgens die plaaslike landboubeamptes het dit nog geen vrugte afgewerp nie.

Volgens ons segsmanne vrek varke nie dikwels nie en word ook nie behandel vir of teen siekte nie. Gevrekte diere word ook nie geëet nie. Dit is opmerklik dat juis dié diere soos die vark en die hoender wat van die blankes oorgeneem is, nie geëet word as hulle vrek nie. Dit kan alleen toegeskryf word aan die feit dat die dier met alles wat daarmee in verband staan, oorgeneem is, m.a.w. as die Blankes die gevrekte dier nie eet nie is dit 'n teken dat hy nie geëet mag word nie. Die feit dat Blankes ook nie ander gevrekte diere eet nie bring die stam egter nie van stryk af nie aangesien hulle die diere self besit het en in hierdie verband geen leiding nodig het nie.

Aangesien die varke so dikwels rondloop en ook omdat die bosse moet diens doen as gemakshuisies, het hulle dikwels masels met die gevolg dat kopers hulle nie wil hê nie. In sulke gevalle word die besmette dier egter geslag en sonder meer geëet. Die opvatting is dat aangesien die dier klaarblyklik gesond is en nie self vrek nie, kan die siekte nie te gevaarlik wees nie en buitendien, mollô o tloša bolwetši - „die vuur verwyder die siekte."

In verband met varke is die volgende besonderhede by 100 verteenwoordigende gesinne afgeneem:[1]

(a) Aantal varke en Kontantwaarde.

| Per 100 Gesinne. | Sôe. | Ander. | Totaal. | Totale waarde. |
|---|---|---|---|---|
| Aantal | 80 | 72 | 152 | £528. 15. 0. |
| Gemiddeld. | .8 | .7 | 1.5 | £ 5. 5. 9. |

(b) Persentasie verspreiding van Eienaars.

| Aantal Varke. | 0. | 1. | 2. | 3. | 4. | 5. | Meer. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| % Gesinne. | 40 | 28 | 17 | 4 | 1 | 2 | 8. |

1. Die waarde van varke is bepaal deur pryse wat deur die eienaars self genoem is m.a.w. wat hulle gewoond is om daarvoor te kry.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(c) Verliese Verkopings en Aanteel.

| Aantal Gesinne. | Gevrek. | Geslag. | Verkoop. | Aanteel. | Vermindering. |
|---|---|---|---|---|---|
| 100 | 7 | 26 | 68 | 79 | 12 |
| Gemid. | .07 | .3 | .7 | .8 | .12 |

(d) Kontantinkomste.

| | Gesinne betrokke. | Aantal verkoop. | Laagste Ink. | Hoogste Ink. | Totaal. | Gemid. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Varke Verkoop. | 27% | 68 | 1.0. 0. | 32.0.0. | 195.0.0. | 1.19.0. |
| Vleis verkoop. | 8% | ? | 10.0. | 6.0.0. | 17.0.0. | 3.5. |
| Totaal | - | | | | 212.0.0. | 2. 2.5. |

Hoewel 40% gesinne ten tye van ons opname geen vark besit het nie, toon die syfers aan dat daar in sy geheel geneem, 1.5 vark per gesin in die hele stamgebied is teen 'n gemiddelde kontantwaarde van £5. 5. 6. Die hoë persentasie „varkloses" kan toegeskryf word aan die feit dat baie gesinne slegs een vark op 'n keer aanhou en wanneer dit geslag of verkoop word neem dit gewoonlik 'n tydjie voordat sodanige gesinne weer 'n varkie in die hande kry om groot te maak. Almal is nie telers nie. Die syfers moenie interpreteer word as sou 40% gesinne nooit varke aanhou nie.

Dit blyk verder dat nagenoeg 10% gesinne meer as vier varke het wat weereens 'n teken is dat enkeles reeds 'n poging aanwend om munt te slaan uit die ekonomiese voordele wat varkboerdery bied. 'n Mens sou egter van hierdie stam wat in so 'n noue aanraking met blanke progressiwiteit is, groter vordering op hierdie gebied verwag.

Die feit dat nagenoeg 75% (68 uit 91) varke verkoop word en slegs 29% (26 uit 91) vir eie gebruik geslag word bewys tot hoe 'n groot mate die vark reeds vir die mark aangehou word. Met 'n taamlike mate van sekerheid kan konstateer word dat 'n groot gedeelte van die restante 29% geslag is en nie verkoop kon word nie omdat hulle masels gehad het. As die hunkering na varkvleis dus by geleentheid groter is as die behoefte aan 'n bietjie kontant is die koper se bevinding dat 'n vark masels het beslis goeie nuus! Soos blyk uit tabel (d) word varkvleis net soos beesvleis aan buro verkoop en dit

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kan wees vir graan of vir kontant. Geen skaal word gebruik nie maar die grootte van die porsies vir 'n bepaalde prys of hoeveelheid graan is algemeen bekend.

Dit blyk verder dat die hoogste kontantinkomste uit die varkboerdery wat aangeteken is £32 per jaar is en dat die gemiddelde syfer vir 100 gesinne op £2.2.5. te staan kom. Soos reeds aangetoon is die moontlikhede veel groter - dit hang van die stam self af of hulle in die toekoms daarby gaan baat.

Indien aanvaar word dat die stam bestaan uit ongeveer 1600 gesinne word daar in die hele gebied dus sowat 2,400 varke aangetref.

6. Perde, Muile en Donkies.

Perde het ons nêrens in die stamgebied teëgekom nie en slegs 'n enkele paar muile. Daar word ook betreklik min donkies aangetref. Besonderhede omtrent hierdie diere word in die onderstaande samevatting van alle vee aangegee:[1]

Hoeveelheid vee soos ten opsigte van 'n 100 gesinne aangeteken.

| Item. | Persentasie besitters. | Kleinste aantal. | Hoogste aantal. | Gemiddeld per gesin. | Totale waarde. £. s. d. | Gemiddelde waarde. £. s. d. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Beeste | 90 | 0 | 45 | 9.9 | 12,330.0. 0. | 123. 6. 0. |
| Skape | 22 | 0 | 28 | 1.3 | 335.0. 0. | 3. 5. 0. |
| Bokke | 58 | 0 | 30 | 5.3 | 1,100.0. 0. | 11. 0. 0. |
| Varke | 66 | 0 | 9 | 1.5 | 528.15.0. | 5. 5. 9. |
| Hoenders | 95 | 0 | 44 | 9.7 | 291. 0.0. | 2.18. 0. |
| Donkies | 20 | 0 | 12 | 8 | 210. 0.0. | 2. 2. 0. |
| Muile | 3 | 0 | 2 | 06 | 90. 0.0. | 18. 0. |
| Perde | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | - | - | - | - | 14,884.15.0. | 148.14. 9. |

Van hierdie besonderhede kan ons aflei dat die gemiddelde kapitale waarde van alle vee dus te staan kom op £148. 14. 9. waarvan beeste na-

1. Waarde van donkies word bereken teen £2. 10. 0. elk en muile teen £15 elk.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



genoeg 83% verteenwoordig.

Die volgende opsomming van kontant-inkomstes verkry uit die pastorale bedryf per jaar werp verdere lig op die ekonomiese betekenis van hierdie bedryf in Mosêtlha.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gemiddelde waarde van melk per gesin (p.315) ........... | £ 21. | 18. | 0. |
| Gemiddelde kontantinkomste van beeste (p.317) .......... | £ 10. | 17. | 9. |
| Gemiddelde kontantinkomste van skape (p.320) ........... | £ 0. | 2. | 0. |
| Gemiddelde kontantinkomste van bokke (p.322) ........... | £ 0. | 18. | 0. |
| Gemiddelde kontantinkomste van hoenders (p.325) ........ | £ 1. | 3. | 9. |
| Gemiddelde kontantinkomste van varke (p.328) ........... | £ 2. | 2. | 5. |
| Totaal : | £ 37. | 1. | 11. |

Uit die ander gegewens vervat in hierdie hoofstuk kan ons opsommend ook aantoon waarop die waarde van geslagte of gevrekte diere wat geëet is te staan kom. Hierdie berekening kan uit die aard van die saak slegs uiters arbitrêr wees en ons neem dan ook argumentshalwe aan dat alle beeste, skape en bokke wat gevrek het geëet is. Die syfers toon die gemiddelde per gesin per jaar :

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.9 bees per gesin @ £12 elk (p.316) ................ | £22. | 16. | 0. |
| .7 skaap per gesin @ £2.10.0. elk (p.320) .......... | £ 1. | 15. | 0. |
| 1.9 Bok per gesin @ £2.0.0. elk (p.322) ............. | £ 3. | 16. | 0. |
| 8.7 hoenders per gesin @ 6/- elk (p.325) ............ | £ 2. | 12. | 3. |
| .3 vark per gesin @ £3. 10. 0. elk (p.328) .......... | £ 1. | 1. | 0. |
| Totaal : | £32. | 0. | 3. |

Die totale jaarlikse voordeel uit die pastorale bedryf per gesin, bereken in kontant kom dus te staan op £69. 2. 2. Op 'n kapitale belegging van £148. 14. 9. (p.329) is dit 'n rentekoers van nagenoeg 46%. Koste-items soos weiding, voer, lone, ondenemersloon e.d.m. is egter nie bygereken nie en die 46% wins moet dus beskou word as bruto-wins. Indien die berekeninge wat gemaak is t.o.v. beesboerdery alleen, in aanmerking geneem word moet ons tot die gevolgtrekking kom dat die netto-wins aansienlik laer sal wees. In daardie geval het ons gevind dat die verhouding van bruto-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wins tot netto wins 22.4% tot 7.2% is (sien p.317 en p.318) is, d.w.s. ongeveer 3 : 1. As ons hierdie verhouding van toepassing maak op die totale verdienstes van die pastorale bedryf staan die bruto-wins van 46% gelyk aan ongeveer 15% netto wins. Soos aangetoon kan hierdie syfer geensins as akkuraat aanvaar word nie maar dit is die beste gevolgtrekking waartoe ons kon geraak met die skrale gegewens tot ons beskikking. Toevallig word die netto winsgrens van 'n goedgeorganiseerde bees- of melkboerdery volgens die Afdeling Ekonomie en Markte, Pretoria, gestel op tussen 10-15%. Dat lg. tipe boerdery veel meer gekapitaliseer word as boerdery in Mosêtlha spreek vanself. Ons syfer is nietemin nie buite verhouding verkeerd nie.

7. Totale aantal Vee-eenhede in die stamgebied.

Op grond van die feit dat ons aanvaar het dat die totale aantal gesinseenhede in die stamgebied vir praktiese doeleindes gestel kan word op nagenoeg 1600 en aangesien ons die gemiddelde aantal vee per gesinseenheid bereken het, kan ons nou vasstel wat die totale aantal vee-eenhede in die stamgebied is. 'n "Vee-eenheid" beteken een stuks groot- of vyf stuks kleinvee.[1] Hoenders word nie in berekening gebring nie. Gelyktydig met die berekening van die aantal vee-eenhede wil ons ook die digtheid van die vee per vk. myl bereken sowel as die beskikbare grond in morge per vee-eenheid. In hierdie verband moet ons dan weer aanhaal dat die totale oppervlakte van die stamgebied 44,405 morge beslaan (vgl. p. 31) d.w.s. nagenoeg 147 vk. myl (bereken teen 302½ morg per vk. myl). Die paar muile wat aangetref is, word by donkies ingesluit. Besonderhede vervat in o.s. tabel is dan 'n aanduiding van wat die posisie is :

Vee-eenhede soos bereken t.o.v. 1600 gesinseenhede.

| Soort. | Stuks vee per gesin. | Totaal vir stamgebied. | Vee-eenhede. | Morge per eenheid. | Vee-eenhede per vk. myl. |
|---|---|---|---|---|---|
| Beeste | 9.9 | 15,840 | 15,840 | 2.8 | 107.8 |
| Skape | 1.3 | 2,080 | 416 | 106.0 | 2.8 |
| Bokke | 5.3 | 8,480 | 1,696 | 26.2 | 11.5 |
| Donkies | .8 | 1,280 | 1,280 | 34.7 | 8.8 |

1. Die Naturelle reserwes en hulle plek in die volkshuishouding van die Unie van S.A. Verslag No. 9 van die Sosiale en Ekonomiese Beplanningsraad p. 25.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Soort. | Stuks vee per gesin. | Totaal vir stamgebied. | Vee-een-hede. | Morge per eenheid. | Vee-eenhede per vk. myl. |
|---|---|---|---|---|---|
| Varke. | 1.5 | 2,400 | 480 | 92.5 | 3.3 |
| Totaal | 18.8 | 30,080 | 19,712 | - | 134.2 |

Dit blyk dus dat elke gesinseenheid gemiddeld nagenoeg 19 stuks lewende hawe het en dat daar in die hele stamgebied ongeveer 30,000 stuks lewende hawe is. Volgens die gebruiklike basis van berekening kon die totale aantal vee-eenhede (soms ook bees-eenhede genoem) te staan op 19,712.

Dit beteken dat die gebied 134.2 vee-eenhede per vk. myl dra en dat daar 2.2 morge per vee-eenheid beskikbaar is. Ons beskik nie oor amptelike syfers wat spesifiek betrekking het op die onderhawige woongebied nie maar dit is interessant om hierdie syfer te vergelyk met die aantal vee-eenhede wat betrekking het op Sentraal-Transvaalse Naturellegebiede t.o.v. verskillende jare soos aangegee deur die Sosiale en Ekonomiese Planneraad.[1]

Aantal Vee-eenhede per vk. myl vir Sentraal-Transvaalse Naturellegebiede.

| | Aantal 1926. | Aantal 1936. | Aantal 1939. | Mosêtlha 1950. |
|---|---|---|---|---|
| Vee-eenhede. | 105.1 | 105.9 | 131.5 | 134.2 |

Mosêtlha val in die sentrale gedeelte van Transvaal en aangesien die stamgebied uiters geskik is vir veeboerdery kan verwag word dat die aantal vee-eenhede effens bo die gemiddeld sal wees. Dit is egter ook goed moontlik dat die gemiddelde syfer vir die Naturelle-gebiede van Sentraal-Transvaal sedert 1939 aansienlik gestyg het en vandag hoër as 131.5 is. Ons moet dus tot die gevolgtrekking kom dat ons eie opname en berekening taamlik juis is.

Genoemde verslag toon by dieselfde verwysplaas aan dat die aantal vee-eenhede per vierkante myl op plase van Blankes in Sentraal-Transvaal in 1939, te staan gekom het op 33.5. In die Ciskei en Transkei naturellegebiede was dit 168, in die hooglande van Natal 144, in die middellande van hierdie provinsie 188.9 en die kusgebiede 177.8. Terwyl die naburige plase van Blankes dus veel minder vee dra is daar tog ander streke van die Unie

1. Verslag No. 9. Op. cit.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

waar die aantal vee-eenhede per vk. myl baie hoër is as in Mosêtlha.

8. Draagkrag van Veld en beweiding.

Om die draagkrag van die weivelde te bepaal het ons navraag gedoen by blanke boere wat in die omgewing groot en florerende beesboerderye het en wat dit ook op 'n wetenskaplike basis dryf. Volgens informasie verkry van een van die mees progressiewe beesboere in die geweste [1] is 4 morge weiding per bees voldoende in hierdie gebied met dien verstande dat ook nog sowat 100 stuks kleinvee en 'n span of twee donkies per 1000 morge aangehou kan word. Volgens hierdie bevinding sal 1000 morge weiding dan voldoende wees vir die volgende aantal vee-eenhede.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 250 | Beeste | d.w.s. | 250 | eenhede. |
| 100 | Kleinvee | d.w.s. | 20 | eenhede. |
| ±20 | Donkies | d.w.s. | 20 | eenhede. |
| | | Totaal | 290 | eenhede. |

'n Stuk weiding van 1000 morge staan gelyk aan 3.3 vk. myl. 'n Totaal van 290 vee-eenhede daarop gee ons dan 87.9 eenhede per vk. myl en 3.5 morge per eenheid. Die volgende tabel toon hierdie bevredigende mate van beweiding met wat die posisie in Mosêtlha is, vergelykend aan :

| | Morge per vee-eenheid. | Vee-eenhede per vk. myl. |
|---|---|---|
| Wat posisie behoort te wees. | 3.5 | 87.9 |
| Wat posisie in Mosêtlha is. | 2.2 | 134.2 |

Daar is dus 46.3 vee-eenhede per vk. myl te veel in Mosêtlha. Die gebied is dus oorbewei en om die posisie tot 'n normale toestand te herstel sal die vee met 34% verminder moet word. Die indruk wat 'n besoeker dan ook van die gebied kry, is een van oorbeweiding. Die gras is byna orals kort en gedurende die droogste tye van die jaar is daar dele wat bykans grasloos is. Die onvoldoende weiding word ook weerspieël deur die toestand van die grootvee in sekere dele gedurende die droë maande. Die toestand van die veld moet gedeeltelik ook toegeskryf word aan onplanmatige beweiding. Behalwe die landerye wat vir 'n gedeelte van die jaar uitgehou word, word die

1. Mnr. M.J. Engelbrecht met boerdery op Leeukraal 414.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hele gebied (met uitsondering van die trustplase) dwars deur die jaar bewei. Daar is geen spaarkampe nie en geen kontrole van die weiding nie. Onder sulke omstandighede kan agteruitgang van die veld dan ook te wagte wees. Die stam se opvatting t.o.v. die beperking van vee is egter geensins konserwatief nie en die meerderheid is reeds te vinde vir die omsetting van vee in geld hoewel dit in die praktyk, soos geblyk het, tog nie op groot skaal gedoen word nie. Van owerheidsweë word steeds propaganda gemaak vir die vermindering van vee maar tot nogtoe is geen dwang op die stam uitgeoefen in hierdie verband nie.

9. Samevatting en gevolgtrekkinge. (Vgl. p. 147 vir posisie vroeër).

Na aanleiding van die voorafgaande besonderhede kan ons nou tot die volgende gevolgtrekkinge kom :

(a) Die tradisionele pastorale bedryf word op enigsins gewysigde wyse deur die BagaMosêtlha voortgesit.

(b) Net soos vroeër is beeste, skape en bokke nog die vernaamste veesoorte wat aangehou word en van hierdie veesoorte speel beeste nog verreweg die vernaamste rol. Terwyl hoofsaaklik nog dieselfde tipe kleinvee aangehou word is die gehalte van die bees deur inteling van beter rasse aansienlik verbeter. 'n Vername toevoeging tot die veeboerdery is die hoender wat by nagenoeg alle huishoudings aangetref word en reeds 'n vername plek inneem. Ook die vark het bygekom en hoewel nie op groot skaal met varke geboer word nie, is daar duidelik tekens dat hierdie dier baie gewild is. 'n Klein aantal donkies (wat vroeër onbekend was), word aangehou maar dit skyn of hierdie trekdier nie geredelik ingang vind nie. Slegs enkele muile word aangetref en perde gladnie.

(c) Van die vroeëre maatskaplike betekenis van beeste bly slegs denkbeeldige opvattinge oor in dié sin dat kontant wat vir bogadi, boetes en bydraes vir stamondernemings betaal word, in terme van soveel beeste uitgedruk word. In die nuwe Christelike godsdiens van die stam speel die bees geen rol meer nie. Die bees word nie meer besing

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie en stimuleer dus ook nie meer die literêre kuns van die stam nie. Beeste is ook nie meer die vernaamste vorm van rykdom nie en is nie die enigste faktor wat sosiale status bepaal nie. Hoewel daar nog getuienis is van die vroeëre liefde en sentiment wat teenoor die bees openbaar is moes dit tot 'n groot mate wyk voor materialistiese opvattinge. Dit is die bees se ekonomiese betekenis wat vandag belangrik is ten spyte van die feit dat die aangehaalde syfers nog nie 'n hoë mate van voedselproduksie en kontantinkomste toon nie want dit kan alleen gewyt word aan ondoeltreffende boerderymetodes. Anders as vroeër word die os tans ook op uitgebreide skaal as trekdier gebruik.

(d) Kleinvee word hoofsaaklik nog soos vroeër aangehou vir voedselvoorsiening in die vorm van vleis maar verdien ook reeds kontant tot 'n geringe mate.

(e) Hoenders en varke maak 'n belangrike bydrae tot voedsel-voorsiening in die vorm van vleis en verdien tot 'n mindere mate ook kontant.

(f) Daar het veranderinge ingetree t.o.v. die versorging van vee. Beeste word nie meer na veeposte gestuur nie en kom gedurende sekere tye van die jaar (wanneer daar niks op die lande is nie) ook nie meer snags in die kraal nie. Die versorging en behandeling van vee berus tans uitsluitlik op tegniese kennis en die towerkuns en godsdiens speel in hierdie verband nie meer 'n rol soos vroeër nie. Dit is nie meer vir die vrou verbode om met beeste te werk nie en taboos wat vroeër bestaan het word nie meer gehandhaaf nie.

(g) Vee word nie meer gebruik as ruilmiddel nie maar word verkoop en die kontant op dié wyse verkry word vir verskillende doeleindes aangewend.

(h) Die besit van vee, en veral beeste, dui nie meer die samehorigheid van 'n familiegroep aan nie. Indiwidualisme tree in hierdie verband sterk op die voorgrond.

(i) Vee vorm nog 'n belangrike deel van 'n man se persoonlike eiendom wat

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hy ook as erfenis aan sy oudste seun nalaat. Dit is moeilik om vas te stel of die kuddes vandag groter is as vroeër.

(j) Daar is meer vee in die stamgebied as wat die weivelde kan dra en dit het oorbeweiding tot gevolg.

Ten slotte kan ons opmerk dat hoewel veel van die vroeëre primitiewe en onvoordelige gebruike i.v.m. veeboerdery nie meer bestaan nie, laat hierdie bedryf in Mosêtlha vandag nog veel te wense oor en het beslis nog nie die peil van produktiwiteit bereik wat die bestaan daarvan regverdig nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK XIV.

## OWERHEIDSDIENSTE.

### INLEIDING.

Alvorens ons oorgaan tot die vasstelling van die omvang van dienste en die waarde daarvan wat deur die landsowerheid aan die stam verskaf word, is dit wenslik om eers aan te toon tot watter mate vroeëre owerheidsdienste soos dit in die stamekonomie voorgekom het vandag nog bestaan. Ons het aangetoon dat die vernaamste ekonomiese eenheid in vroeëre tye die huisgesin was, dat hierdie eenheid in byna alle opsigte selfversorgend was en dat dit tot 'n groot mate onafhanklik van die stam as geheel 'n bestaan gevoer het (vgl. hst. 3). In sekere opsigte het die stam egter gesamentlik opgetree en dienste gelewer en bydraes gemaak aan die hoofman. Omdat die hoofman as vader van die hele stam ('n groot huisgesin) opgetree het en dikwels sy rykdom in belang van sy onderdane aangewend het was genoemde dienste en bydraes dan ook van algemene belang vir die stam (vgl. p. 153). Meer besonderhede in hierdie verband en veranderinge wat ingetree het kan ons soos volg opsom :

(a) Van die vernaamste dienste wat die stam in gesamentlike belang gelewer het was oorlogvoering onder aanvoering van die stamhoof as opperbevelhebber. Bywyse van oorlog teen ander stamme is beeste gebuit en grond verower of beskerm en dit het vir die stam as geheel belangrike ekonomiese betekenis gehad (vgl. p. 83). In hierdie verband het die stam dan dienste aan die owerheid (wat verpersoonlik is deur die hoofman) gelewer en in ruil hiervoor direkte of indirekte voordeel daaruit getrek. Met die bestendigde vrede en die beskerming wat die eiendom van indiwidue of groepe geniet bestaan hierdie vorm van bydraes en owerheidsdienste vandag nie meer nie.

(b) Nou verwant aan oorlogvoering is georganiseerde jagtogte wat vroeër deur die hoofman gereël is en waaraan groot getalle weerbare manne deelgeneem het. Die vleis en velle wat onder die jagters verdeel is (vgl. p. 83) was van belangrike ekonomiese betekenis en die wyse waarop dit verkry is moet ook beskou word as 'n vorm van owerheids-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dienste. Aangesien daar vandag baie min wild in die stamgebied voorkom is georganiseerde jagtogte ook iets van die verlede.

(c) Waar ouderdomsgroepe in vroeëre tye by geleentheid van hul samestelling en daarna van tyd tot tyd opgeroep is om publieke werke te vérrig (vgl. p. 54) vind ons dat daar vandag slegs terwille van die formaliteit 'n stuk werk verrig word wanneer 'n groep (mophato) saamgestel word. Indien groepe na die samestelling werk in algemene belang doen, doen hulle dit teen betaling. Ook hierdie vorm van publieke dienste bestaan dus nie meer nie.

(d) Die hoofman het vroeër bediendes gehad wat behulpsaam was met die versorging van sy vee, die bewerking van sy vrouens se lande en met huishoudelike pligte (vgl. p. 153). Vir hierdie diens het sodanige bediendes slegs onderhoud ontvang en geen verdere vergoeding nie. Hierdie verskynsel word vandag nie meer aangetref nie. Die hoofman het wel bediendes maar hy moet hulle betaal net soos enige ander werkgewer.

(e) Waar stamlede vroeër bywyse van geskenke dikwels beeste aan die hoofman gegee het, waardeur sy rykdom vergroot is en sy vermoë om sy onderdane te help versterk is, vind ons dit vandag nie meer nie (vgl. p. 153). Ook die vroeëre gewoonte van die hoofman en onderhoofde om beeste aan minder gegoedes uit te leen vir gebruik en versorging (dikgomo tša mafiša) kom nie meer voor nie. Beeste word vandag slegs in bruikleen uitgegee terwille van die weiding waaroor die versorger beskik en nie om daardeur dienste te lewer nie.

(f) Getrou aan die tradisie word die lande van die hoofstat (matsweta) vandag nog deur die stam bewerk, geoes en die opbrengste by die hoofman afgelewer (vgl. p. 279). In ruil hiervoor hou hy nog soos vroeër 'n ope huis en trakteer dikwels gaste (veral raadslede) maar dit word tans selde van hom verwag om noodleidendes tegemoet te kom en te versorg (vgl. p. 280).

(g) Boetes vir sekere oortredings wat deur die Stamraad opgelê word (vgl. p. 68) word nog betaal en in publieke belang o.a. bywyse van geleentheidsfeeste aangewend.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Na aanleiding van bg. samevatting moet ons dus tot die gevolgtrekking kom dat die ekonomiese betekenis van die hoofman en die stamowerheid wat hy verpersoonlik vandag baie gering is. In plek daarvan het die blanke regering egter 'n goedgeorganiseerde stelsel van belasting en owerheidsdienste wat bywyse van indirekte regering (vgl. hst. 2) op die stam van toepassing is. Die bydraes wat deur die stam gemaak word en veral die omvang van die dienste wat gelewer word, is geensins gering nie en dit sou 'n wanvoorstelling van die stam se ekonomiese bates wees indien hierdie owerheidsdienste nie in aanmerking geneem word nie.

'n Hoofbelasting van £1 en 'n plaaslike belasting van 10/- per jaar wat deur elk van die 5,000 belastingbetalers (vgl. p. 1) betaal word, is die enigste direkte kontantbydrae wat die stam maak vir 'n groot verskeidenheid dienste wat hulle ontvang. Besonderhede omtrent die dienste wat die stam vir sy direkte bydrae van ongeveer £7,500 per jaar ontvang, word vervolgens uiteengesit.

Op die oomblik is verskillende Departemente van die Sentrale regering en van die Transvaalse Provinsiale Administrasie belas met die uitvoering van verskillende soorte dienste in die stamgebied en die volgende Departemente is daarby betrokke :

(a) Die Sentrale Regering.

1. Die Departement van Naturellesake.
2. Die Departement van Openbare Gesondheid.
3. Die Departement van Poswese.
4. S.A.S. & Hawens.
5. Die Departement van Landbou.
6. Die Departement van Justisie.

(b) Die Provinsiale Administrasie.

1. Die Provinsiale Onderwysdepartement.
2. Die Provinsiale Weëdepartement.
3. Provinsiale Hospitaaldienste.

1. Die Departement van Naturellesake.

Dit is hoofsaaklik hierdie Departement wat belas is met die taak om uitvoering te gee aan 'n stelsel van indirekte regering deur die lands-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



owerheid. Dit is ook die enigste Departement (benewens die polisie) wat plaaslike verteenwoordigers het in die Naturellekommissaris en sy personeel te Hammanskraal. Hierdie plaaslike kantoor van die Departement van Naturellesake bedien weliswaar nie net die BagaMosêtlha nie. In die gebied wat onder dieselfde kommissaris val is daar 'n paar nedersettings van kosmopolitiese privaat grondeienaars soos op die vyf- en tienmorg plotte te Winterveld, Bosplaas en Buffelsdrift, asook verskeie gemengde sindikate wat vrygestelde gronde gekoop het en dit bewoon. By Hammanskraal is ook die Tembalokasie waar veral stedelike arbeiders hul tuistes het in sub-ekonomiese huise opgerig deur die Naturelle-Trustfonds. Maar behalwe hierdie groepe wat nie direk onder stambeheer val nie word ook die volgende stamme of gedeeltes van stamme in die gebied aangetref: [1]

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Die BagaMosêtlha ........................ | 5,000 | belastingbetalers. |
| 2. | Die Bahwaduba (Ndebele) ................. | 2,820 | " |
| 3. | Die Ndebele van Kekana .................. | 1,243 | " |
| 4. | Die Bakgatla ba Maubane [2] ................ | 623 | " |
| 5. | Die Bakwêna ba Mogôpa van Jericho [3] ...... | 1,597 | " |

Daar dien dus op gelet te word dat die administratiewe en ander dienste wat deur die Naturellekommissaris se kantoor gelewer word nie slegs ten behoewe van die BagaMosêtlha is nie. Ons moet egter van die standpunt uitgaan dat al die dienste tot beskikking van die stam is en dat hulle dus onderskraag word deur die volle staatskoste wat ten behoewe van al die bewoners van die gebied gemaak word. Polisiedienste bestaan bv. nie slegs vir die klein persentasie van 'n land se bevolking wat werklik daarvan gebruik maak nie maar vir almal. Alle besonderhede van owerheidsdienste wat nie t.o.v. die verskillende stamme gespesifiseer kan word nie, moet dus beskou word as synde tot die beskikking van indiwiduele stamme of groepe sowel as van almal tesaam. Vir sekere dienste soos opvoeding, paaie, watervoorsiening e.d.m. kan die BagaMosêtlha wel afgesonder word van die ander groepe.

---

1. Gegewens verkry van die Naturellekommissaris, Hammanskraal.
2. Gedeelte van die Bakgatla bagaMotšha van Schildpadfontein.
3. Gedeelte van die Bakwêna baMogôpa onder hoofman Mamogale.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Naturellekommissaris se kantoor is dan verantwoordelik vir die administrasie en algemene welsyn van die verskillende stamme en groepe in die algemeen en van die BagaMosêtlha in die besonder. Hierdie dienste sluit in :

(a) Amptenare vir Administratiewe en vakkundige dienste.
(b) Gesondheidsdienste en versorging van liggaamlik ongeskiktes, en oues van dae deur die betaling van pensioene.
(c) Watervoorsiening.
(d) Landboukundige voorligtingsdienste.
(e) Reklamasiewerke.

(a) Amptenare.

Alle dienste hierbo genoem word deur die Naturellekommissaris en sy personeel administreer. Vir hierdie administratiewe werk voorsien die staat die volgende personeel :

10 Blanke amptenare insluitende die kommissaris.
6 Naturelle-klerke.
12 Naturelle-polisie.
10 Naturelle-arbeiders.

Hierdie personeel ontvang 'n gesamentlike maandelikse salaris van £788 of £9,456 per jaar. Volgens die kommissaris kan hierby nog 'n verdere £250 per jaar gevoeg word t.o.v. skryfbehoeftes, vervoer ens. Die totale jaarlikse bedryfskoste vir administratiewe dienste kan dus gestel word op ongeveer £9,700.

Vakkundige amptenare soos werktuigkundiges, landboukundiges ens. is ook verbonde aan die kantoor van die Naturellekommissaris maar vorm 'n aparte eenheid wat onderhewig is aan sentrale vakkundige beheer. In hierdie verband word voorsiening gemaak vir die volgende personeel :

5 Blanke vakkundige beamptes.
3 Naturelle landbou-demonstrateurs.
1 Permanente Naturelle-veldwagter (ranger).
6 Tydelike Naturelle-veldwagters.
± 30 Naturelle Arbeiders.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie personeel ontvang 'n gesamentlike salaris van £505 per maand of £6,060 per jaar waarby 'n verdere £240 per jaar t.o.v. vervoer gevoeg kan word wat die totale koste met betrekking tot vakkundige amptenare en hul handlangers te staan bring op ongeveer £6,300 per jaar.

Vir die onderhawige gebied waarin ook die stamgebied van die BagaMosêtlha val, spandeer die staat dus aan personeel en fasiliteite deur hulle benodig jaarliks die volgende :

| | | |
|---|---|---|
| (i) | Administratiewe Amptenare ............. | £9,700. |
| (ii) | Vakkundige Amptenare .................. | £6,300. |
| | Totaal : | £16,000. |

Volgens die plaaslike kommissaris maak die BagaMosêtlha ongeveer 'n kwart van die totale bevolking onder sy beheer uit. Argumentshalwe kan ons dus aanvoer dat ook 'n kwart van lg. bedrag ten bate van hierdie stam aangewend word d.w.s. £4,000 per jaar.

(b) Gesondheidsdienste en hulp aan liggaamlik ongeskiktes.

Hierdie dienste kan onder die volgende hoofde saamgevat word :

(i) 'n Kliniek by die hoofstat,
(ii) 'n Voltydse gekwalifiseerde Naturelleverpleegster.
(iii) Weeklikse besoeke en behandeling deur distriksgeneesheer.
(iv) Verskaffing van medisyne. - Kosteloos of teen geringe betaling.
(v) Vry vervoer van pasiente met ambulans na hospitaal in Pretoria.
(vi) Besoeke deur distriksgeneesheer aan baie ernstige gevalle.
(vii) Betaling van ouderdomspensioene en toelaes aan liggaamlik ongeskiktes.

Op die oomblik is daar slegs een kliniek [1] en wel by die hoofstat. Hierdie kliniek is toegerus met die noodsaaklikste mediese apparaat en medisynes wat mees algemeen benodig word. Die stam het self die gebou opgerig maar die toerusting en geneesmiddels word deur die staat verskaf. 'n Ten

1. Dienste in 1952 tydelik opgeskort.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volle gekwalifiseerde Naturelleverpleegster is in bevel van die kliniek. Dit staan enigiemand vry om by die kliniek aan te klop om hulp. In baie gevalle ontvang pasiente behandeling van die verpleegster; sy reinig en verbind sere en wonde, reik medisyne uit vir bekende kwale en bedien elke pasient met die nodige advies. Die verpleegster ontvang 'n salaris van £198 per jaar (toelaes ingesluit) uit die staatskas en haar dienste aan pasiente is kosteloos. Diegene wat dit kan bekostig betaal 'n sikspens vir enige medisyne wat hulle ontvang en die ander betaal niks. Die verpleegster bepaal wie moet betaal en wie nie. In die praktyk kom dit daarop neer dat 'n baie klein persentasie genoemde nominale fooi betaal. Diegene wat bereid is om te betaal gaan gewoonlik na 'n privaat dokter in Pretoria en betaal ook die gewone prys vir medisyne by 'n apteker. Dit is 'n onbegonne taak om te probeer vasstel wat die waarde van die medisyne is wat uitgereik word; van die hoeveelhede word ook nie rekord gehou nie. Ernstige gevalle vir wie die verpleegster nie kan help nie word aangesê om na die kliniek te kom op die dag van die dokter se besoek.

Eenmaal per week word die kliniek besoek deur die distriksgeneesheer van Warmbad,[1] 62 myl ver. Vir die rit na Makapanstat ontvang die dokter die gewone vergoeding van 1/- per myl (spesiaal vir geneeshere) d.w.s. £6.4.0 per week en ongeveer £320 per jaar. Gemiddeld ongeveer 40 gevalle word by elke besoek deur die dokter ondersoek en van medisyne voorsien. Die dokter ontvang 'n salaris vir alle staatsdienste wat hy verrig en dit is nie moontlik om vas te stel watter gedeelte van hierdie vergoeding ten behoewe van die BagaMosêtlha betaal word nie. By 'n privaat dokter sal 'n ondersoek plus medisyne egter minstens 15/- kos. Teen hierdie tarief moet die waarde van die weeklikse 40 ondersoeke dus gestel word op £30 d.w.s. £1,560 per jaar. Baie ernstige gevalle word deur die dokter beveel om hulle by die Algemene Hospitaal in Pretoria te gaan aanmeld vir opname en verdere geneeskundige behandeling en hulle ontvang van hom 'n sertifikaat waardeur hulle toegang tot die hospitaal verleen word. Hierdie pasiente wat instaat was om na die kliniek te kom is gewoonlik ook instaat om sonder staatshulp na die hospitaal te gaan.

Wanneer 'n persoon ernstig siek en bedlêend is, word die geval

1. Vir geneeskundige dienste is die stamgebied in 1951 by Warmbad ingedeel.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rapporteer by die Naturellekommissaris wat op sy beurt weer die distriksgeneesheer daarvan in kennis stel. Lg. vergewis homself van die ernstigheid van die geval en indien nodig word 'n ambulans van Pretoria ontbied om die pasient kosteloos na die hospitaal te vervoer. Ongelukkig is daar geen rekords wat aandui hoeveel pasiente jaarliks per ambulans na die hospitaal vervoer word nie en ook nie hoeveel uit die stamgebied in die hospitaal opgeneem is nie. Die waarde van die vrye hospitaaldienste in die Transvaal word later in hierdie hoofstuk in kontant bereken.

Oues van dae (wat te swak is om te werk) en liggaamlik ongeskiktes (blindes, ernstige verminktes ens.) is vrygestel van belasting en kan by die Naturellekommissaris aansoek doen om 'n ouderdoms- of ongeskiktheidspensioen van 15/- per maand. Op die oomblik word onder hierdie hoof £5,400 per jaar aan die BagaMosêtlha betaal. [1]

Opsommend kom die kontantwaarde van genoemde gesondheidsdienste aan die stam per jaar dus te staan op die volgende :

| | |
|---|---|
| Salaris van verpleegster ...................... | £ 198. 0. 0. |
| Reiskoste van geneesheer ...................... | £ 320. 0. 0. |
| Waarde van Ondersoeke en medisyne ............ | £1,560. 0. 0. |
| Pensioene ..................................... | £5,400. 0. 0. |
| Totaal : | £7,478. 0. 0. |

(c) Watervoorsiening.

Vir suiping is daar in die Pienaarsrivier wat deur die stamgebied vloei gewoonlik voldoende water. Water vir huislike gebruik word egter in die meeste gevalle uit boorgate verkry. Sover ons kon vasstel is daar niemand wat naby sy woning 'n eie private boorgat of put het nie. Daar mag wel enkele gevalle wees. Feit bly egter dat dit geensins gebruiklik is vir indiwiduele persone om vir private watervoorsiening te sorg nie.

In die stamgebied van Mosêtlha is daar altesaam 6 boorgate wat deur die Departement van Naturellesake gesink is, van pomptoerusting voorsien is en in stand gehou word. Elk van die boorgate is voorsien van 'n goeie „Bezuidenhout-"pomphoof teen £220 stuk. Volgens die kantoor van die Naturellekommissaris kos dit ongeveer £20 per jaar om elk van hierdie pompe

1. Besonderhede verkry van die Naturellekommissaris, Hammanskraal.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in werkende orde te hou d.w.s. tesaam £120 per jaar.

Op elkeen van die sindikaat- en stamplase wat van tyd tot tyd aangekoop is, is gewoonlik 'n boorgat met windpomp of ander pompapparaat wat saam met die plaas as bestaande verbeteringe gekoop is. Vir die instandhouding hiervan is die betrokke sindikaat of die stam self verantwoordelik.

Die departementele boorgate en pompe kom voor by die verskillende gemeenskappe sodat water vir huishoudelike gebruik nie te ver hoef gedra te word nie. Die pompkonstruksie is van so 'n aard (sien foto) dat selfs klein kinders dit gesamentlik kan hanteer. Dit is stewig en bestand teen rowwe behandeling sodat skade aan die konstruksie nie te dikwels voorkom nie. Hoewel die water uitloop in sementkrippe word dit gewoonlik direk in waterkanne onderskep. Party van die vee suip ook dikwels by hierdie krippe.

(d) Landboukundige Voorligtingsdienste.

'n Gedeelte van die plaas Leeukraal 396 digby Hammanskraal is deur die Departement van Naturellesake ingerig as 'n demonstrasieplaas vir verskillende vertakkinge van veeboerdery. Hier word op eenvoudige dog wetenskaplike wyse geboer met varke en hoenders terwyl 'n goedingerigte melkery met 'n kudde van 30 hooggeteelde friese miskien die belangrikste gedeelte van die aktiwiteite op die demonstrasie-plaas uitmaak. By hierdie plaas mag lede van die stam die boerdery-metodes kom waarneem en aanteelvarke teen 'n nominale prys koop. Broeisels eiers van die beste Rhode Island Reds word ewe-eens teen 2/- per dosyn aan lede van die stam verkoop. By enkele huishoudings in die stamgebied kan aan die hoenders en varke wat daar aangetref word gemerk word dat daar reeds persone is wat van hierdie fasiliteite gebruik maak. Behalwe vir die feit dat melk van die melkery plaaslik (veral aan die bewoners van die Temba-lokasie) teen 3d. per bottel verkoop word, moet hierdie vertakking van die boerdery, vir die huidige altans, grootliks beskou word as synde in 'n eksperimentele stadium. Nêrens in die stamgebied word melkproduksie op hierdie wyse aangetref nie. Die hoop word egter gekoester dat die waarde van een goeie melkkoei teenoor dié van veel meer swakkere diere stadigaan by die stam sal posvat en die gewenste uitwerking sal hê.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens informasie verkry van die plaaslike Naturellekommissaris kom die totale waarde van verbeteringe en vee op genoemde demonstrasieplaas by benadering op die volgende te staan :

| | | | |
|---|---|---|---|
| Geboue (stalle, skure, hokke, wonings) ............. | £5,000. | 0. | 0. |
| 30 Frieskoeie teen £30 stuk ...................... | £ 900. | 0. | 0. |
| 1 Friesbul teen £100 ........................... | £ 100. | 0. | 0. |
| 750 Hoenders gewaardeer teen ..................... | £ 187. | 0. | 0. |
| 7 Aanteelvarke (uitgesonderd kleintjies) .......... | £ 70. | 0. | 0. |
| 46 Ander beeste .................................. | £1,380. | 0. | 0. |
| Uitrusting (melkery, karre, waens e.d.m.) ......... | £ 950. | 0. | 0. |
| Totaal : | £8,587. | 0. | 0. |

Aan voer en ander gereelde uitgawes (behalwe beamptes reeds gespesifiseer) bedra die bedryfskoste van die plaas ongeveer £50 per maand of £600 per jaar. As 'n rentekoers van 5% gereken word op bg. kapitale-uitgawe van £8,587, kom dit op nagenoeg £430 per jaar te staan. Ons kan dus aanvaar dat die demonstrasie-dienste op hierdie plaas die staat £600 + £430, d.w.s. £1,030 per jaar kos. Hoewel produkte soos aangetoon teen on-ekonomiese pryse verkoop word, is daar nietemin ook 'n inkomste. Volgens die plaaslike Naturellekommissaris kom die gemiddelde maandelikse inkomste te staan op naasteby £50 vir melk en £15 vir eiers en groente, d.w.s. £65 of £780 per jaar. Dit laat 'n verlies van £250 per jaar (amptenare en werkers is onder 'n aparte hoof p. 341, behandel). 'n Kwart van hierdie verlies of koste ten bate van die BagaMosêtlha kom dan te staan op £62.10.0. per jaar. Die geboue ens. word voortdurend deur die reeds genoemde personeel in goeie toestand gehou en depresiasie is derhalwe so gering dat ons dit buite rekening kan laat.

Aansluitend by hierdie boerdery word veevoer (mielies, boontjie-lowwe en hooi) volgens die beste boerdery-metodes produseer op die plaas Bultfontein 9. Op Waterval 58 word bulle geteel vir gebruik in die stamgebied. Hier word vee ook op goedbeheerde weiding vetgemaak vir die mark - alles vir die edifikasie van die BagaMosêtlha en ander naburige stamme. Aangesien hierdie vertakking volgens die Kommissaris lonend is, maak ons

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geen berekening van sy kontantwaarde vir die stam nie.

(g) Reklamasiewerke.

In die meeste Naturelle-gebiede in die Unie van Suid-Afrika het die Owerheid reeds groot bedrae aan reklamasiewerke bestee en word steeds baie in hierdie verband gedoen. Dit het tot nog toe hoofsaaklik bestaan uit die bestryding van erosie. Die gebied van die BagaMosêtlha word weens die oorweënd gelyke oppervlakte daarvan betreklik min deur erosie bedreig en dit is miskien om hierdie rede dat daar tot dusver nog weinig indien enige onkoste van owerheidsweë gemaak is vir reklamasiewerk.

Soos egter herhaaldelik reeds aangetoon is, is daar sekere dele van die gebied wat op onrusbarende wyse ingeneem word deur die haak-en-steek struik en wel tot so 'n mate dat etlike honderde morge grond daardeur nutteloos geword het as bougrond of weiding. Van die plaaslike Kommissaris verneem ons dat die uitroeiing van hierdie lastige struik tussen Makapanstat en Tladistat die eerste vorm van reklamasiewerk in die stamgebied gaan wees en dat dit gedurende 1952 onderneem sal word. Dit is moeilik om te bepaal hoeveel die onderneming gaan kos maar volgens tentatiewe berekening sal sowat £1,000 per jaar aan die skema spandeer word. Vir hoeveel jare hierdie onkoste ten behoewe van die stamgebied gemaak gaan word is ewe onseker. Vir ons doel is dit egter voldoende om te weet dat ten tye van die onderhawige ekonomiese opname nagenoeg £1,000 per jaar deur die owerheid in Mosêtlha spandeer sal word t.o.v. reklamasiewerke.

Hierdie werk word nie slegs om sigselfs ontwille gedoen nie maar 'n belangrike oogmerk is ook dat dit vir die stam 'n opvoeding moet wees. Deur gebiede wat as gevolg van verwaarlosing in onbruik verval het, te herwin en te herstel, word aan die stam getoon hoe noodsaaklik dit is om alle grond te bewaar en in eie belang te benut. Op die oomblik is selfs die mees progressiewe stamlede nog salig onbewus van die onberekenbare skade wat aan die grond gedoen kan word deur erosie of deur vervuiling van skadelike struikgewasse. Indien die owerheid in hierdie verband nie die inisiatief neem en 'n voorbeeld stel nie is dit twyfelagtig of die stam ooit (voor dit te laat is) die nodigheid sal insien om enige herwinningswerk in hul woongebied te doen. Op grond van ondervinding kan egter met 'n taam-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



like mate van sekerheid konstateer word dat tasbare bewyse van die voordele van sodanige werk die gewenste uitwerking sal hê en dat die stam algaande uit eie beweging hul woongebied sal beskerm teen agteruitgang.

2. Die Departement van Poswese.

Daar is hoofsaaklik twee poskantore waardeur die stamgebied direk bedien word nl. Makapanstat en Bedwang. Eg. poskantoor is by die hoofstat digby die woning van die hoofman terwyl lg. op 'n aangrensende plaas aan die noordelike grense van die stamgebied is. Aangesien die poskantoor Bedwang ook ander Naturellegemeenskappe en Blankes bedien, is dit moeilik om die koste of gedeelte daarvan tot die krediet van Mosêtlha te bereken. Die stam kan hierdie fasiliteite nietemin benut en die koste daaraan verbonde word uitsluitlik deur die landsowerheid gedra. Die kantoor by Makapanstat word, hoewel 'n publieke kantoor, byna uitsluitlik deur die BagaMosêtlha gebruik. Die stam verskaf weliswaar die gebou maar die salaris van die Naturelle-posbeampte van £5 per maand of £60 per jaar word deur die Owerheid voorsien. Volgens die posbeampte word egter £40-50 per maand geïn deur die verkoop van seëls, registrasie van briewe ens. Hoewel die poskantoor dus vir die stam 'n bate is word die Owerheid vergoed daarvoor deur die gebruik wat daarvan gemaak word. Terwyl ons dan hierdie fasiliteite as 'n bate noem kan ons dit nie in berekening bring by die bepaling van die totale finansiële steun wat die stam van die Owerheid ontvang nie.

3. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.

Die feit dat die stam oor die lengte en die breedte van die Unie van Suid-Afrika kan gebruik maak van die staat se vervoerdienste (teen betaling) word hier nie spesifiek in berekening gebring nie. Dit is egter noodsaaklik dat besonderhede gegee word omtrent vervoerdienste wat binne die grense van die stamgebied verskaf word.

Vanaf die naaste spoorwegstasie (Hammanskraal) is daar 'n daaglikse [1] spoorwegbusdiens na Makapanstat en voorsiening word gemaak vir goedere sowel as passasiers. 'n Paar honderd tree van die Zwartbooistat-halte beweeg die bus in Mosêtlha-gebied en tot by Makapanstat is dit 'n afstand van 4 myl [2] d.w.s. heen en weer is die distansie per dag dus 8 myl.

1. Ook Sondae en Vakansie-dae.
2. Suid-Afrikaanse Spoorweë. Tydtafels No. 147 van 26 Nov. 1951 p. 385.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens die stasiemeester te Hammanskraal kos dit gemiddeld ongeveer 4/- per myl om 'n spoorwegbus te laat loop (lone ens. bygereken). Die koste verbonde aan Mosêtlha se vervoerdienste beloop dus £1. 12. 0. per dag of £584 per jaar. Uit dieselfde bron verneem ons dat die gemiddelde inkomste van die roete Hammanskraal-Makapanstat ongeveer £500 per maand beloop d.w.s. vir die heen en weer reis van 40 myl geneem oor 30 dae is die inkomste 8/4 per myl. Die pro rata gedeelte vir die roete binne Mosêtlha-gebied is dus £3. 6. 8. per dag of £1,216. 13. 4. per jaar. Die jaarlikse koste verbonde aan lg. deel van die roete bereken teen 4/- per myl sal dus wees £584 m.a.w. die diens toon 'n jaarlikse wins van nagenoeg £632. In regverdigheid teenoor die stam sal ons hierdie bedrag by ons finale berekeninge aan die einde van die hoofstuk as 'n addisionele direkte bydrae tot die staatskas aantoon.

4. Die Departement van Landbou.

Die meeste landboukundige dienste word soos reeds aangetoon gelewer deur die tegniese afdeling van die Departement van Naturellesake. Wanneer daar egter 'n noodtoestand ontstaan soos in die geval van epidemies onder vee, onderneem die Departement van Landbou die behandeling van die vee of tref maatreëls vir die voorkoming van die verspreiding van sodanige siektes. Dit is te verstaan dat hierdie dienste slegs sporadies gelewer word maar die Landbou-departement onderneem gereeld elke jaar die inspuiting van alle beeste teen miltsiekte. Dit is moeilik om die kontantwaarde van hierdie dienste te bereken maar die ekonomiese betekenis wat dit vir die stam het mag nie uit die oog verloor word nie.

5. Die Departement van Justisie.

Behalwe die beskerming wat die stam ontvang van die Naturellepolisie verbonde aan die Departement van Naturelle-sake, geniet dit ook nog die beskerming van die polisie-stasie te Hammanskraal. Hierdie dienste het ewe-eens 'n ekonomiese waarde hoewel ons dit in kontant nie kan bereken nie.

B. DIE TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

1. Die Provinsiale Weë-departement.

Daar is baie paaie in die stamgebied wat nie deur die owerheid

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemaak is nie en ook nie onderhou word nie. Die geproklameerde pad tussen Hammanskraal en Leeuwpoort gaan egter vir 25 myl[1] oor die plase Goedgewaagd 465, Leeukraal, Wildebeeskuil en Flinksdrift deur die stamgebied.

Volgens die kantoor van die Transvaalse Provinsiale weëdepartement sou die Hammanskraal-Leeuwpoort pad ongeveer £200 per myl gekos het om te maak. Die gedeelte wat deur die stamgebied gaan sou dus nagenoeg £5,000 gekos het. Bereken teen 'n rentekoers van 5% is die kapitale waarde van hierdie pad vir die stam dus £250 per jaar. Die pad is die stam se eiendom afgesien van wie dit ook al gebruik. Uit dieselfde bron verneem ons dat dit ongeveer £50 per myl per jaar kos om 'n pad van hierdie tipe behoorlik te onderhou. Die onderhoudskoste van 25 myl pad kom dus te staan op £1,250 per jaar. Hierdie onderhoudskoste kan nie tot krediet van die stam gereken word nie aangesien alle gebruikers daarvan wielbelasting betaal en dit bowendien goed moontlik is dat die pad meer deur vreemdelinge gebruik word as deur die stam self. Die rente op die kapitale belegging hierbo genoem moet egter volgens ons mening in berekening gebring word.

2. Die Provinsiale Onderwysdepartement.

Verreweg die meeste geld word van owerheidsweë ex gratia aan die opvoeding van die stam bestee. Die onderwys word beheer deur 'n sub-departement van die Transvaalse onderwys-departement en voorsiening word gemaak vir die volgende bedryfskoste :

(a) Salarisse van onderwysers.

(b) 'n Jaarlikse boeketoelaag van 3/- per leerling, gebasseer op die gemiddelde skoolbywoning.

(c) Jaarlikse uitrustingstoelaag van 3/- per leerling gebaseer op die gemiddelde skoolbywoning.

Daar is altesaam 14 skole in die stamgebied. Hiervan is 13 suiwer primêre skole en een, die Nchaupe II Gedenkskool, is 'n primêre skool met sekondêre afdeling wat voorsiening maak vir klasse tot en met Std. 8. In die primêre klasse word die gewone skoolvakke geneem t.w. Afrikaans, Engels, Setswana, Rekenkunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, Natuurstudie, Gesondheidsleer en Bybelkennis. Verder doen die seuns Handewerk (tuinbou en kunsvlyt) en die meidjies Naaldwerk. Alhoewel die vereiste Standaard wat bereik moet word in hierdie vakke ongeveer gelykstaan aan die standaard

1. Deur die skrywer self afgemeet.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in Blanke skole, is voorsiening gemaak vir spesiale leerplanne wat sover moontlik aangepas is by die agtergrond en omgewing van die Naturelleleerling. Die leerplanne vir Junior Sertifikaat wat gevolg word is presies dieselfde as wat in Blanke skole onder die T.O.D. gevolg word en by die Nchaupe II Gedenkskool word die volgende vakke geneem vir J.S. :-

Afrikaans B., Engels B., Setswana A., Geskiedenis, Gesondheidsleer, Rekenkunde en Matesis.

Tot die jaar 1942 was al die skole in die Stamgebied staatsondersteunde sendingskole en veral onder beheer van die Hermannsburgse Sendingkerk. Sedertdien het genoemde Sendingkerk al sy skole oorhandig aan direkte Departementele beheer. Op die oomblik is slegs 4 uit die 14 skole nog sendingskole en wel onder beheer van die Methodiste kerk. Die ander 10 is sg. Gemeenskapskole (of Publieke skole) onder beheer van die Onderwysdepartement. Die bedryfskoste soos hierbo uiteengesit word egter t.o.v. albei tipe skole deur die staat gedra. Die skoolwerk in sendingskole moet ook, soos ander skole, voldoen aan Departementele vereistes en word beheer deur 'n stelsel van amptelike inspeksie.

In die 14 skole doen altesaam 61 onderwysers diens en hulle is sonder uitsondering ten volle gekwalifiseerd. Die volgende uiteensetting weerspieël hulle peil van ontwikkeling:

| | |
|---|---|
| 12 het Std. VII plus 2 jaar professionele opleiding ............. | 20% |
| 38 het J.S. plus 2 jaar " " ............. | 62% |
| 8 het Matriek plus 2 jaar " " ............. | 13% |
| 2 het B.A.I. plus 2 jaar " " ............. | 3% |
| 1 het B.Sc. plus 2 jaar " " ............. | 1½% |

Uit bg. blyk dus dat 80% van die onderwysers Junior Sertifikaat of hoër akademiese kwalifikasies het plus 'n tweejarige professionele opleiding. Meeste van die jongere onderwysers is voortdurend besig om bywyse van private studie hulle akademiese kwalifikasies te verbeter. Die hoofonderwyser van die Nchaupe II Gedenkskool (S. Moagi) is 'n B.Sc. van die S.A.N.K. Fort Hare met Matesis en Skeikunde as hoofvakke. Sy twee assistente wat in die sekondêre afdeling behulpsaam is het behalwe hulle profes-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sionele opleiding elk eerste jaar B.A. en is besig om die graad te voltooi.

Die volgende besonderhede t.o.v. inskrywing, aantal onderwysers by elke skool en hul totale salaris gee 'n begrip van die huidige omvang van onderwys in die stamgebied.[1]

| Naam van Skool. | Inskrywing. | Hoogste Klas. | Aantal Onderwysers. | Totale jaarlikse salarisse + toelaes. |
|---|---|---|---|---|
| 1. Nchaupe II Gedenkskool. | 280 | Std. VIII | 10 | £2,723. 0. 0. |
| 2. Mosêtlha Publieke. | 165 | Std. I | 3 | £ 715. 0. 0. |
| 3. Makapanstat Meth. | 165 | Std. II | 3 | £ 685. 0. 0. |
| 4. Kontant Pub. Sk. | 148 | Std. IV | 3 | £ 898. 0. 0. |
| 5. Tladistat Pub. Sk. | 206 | Std. V | 4 | £1,115. 0. 0. |
| 6. Kgomo-Kgomo Pub. | 250 | Std. V | 5 | £1,324. 0. 0. |
| 7. Matlwaela Pub. | 54 | Std. II | 1 | £ 319. 0. 0. |
| 8. Wildebeeskuil Pub. | 165 | Std. IV | 3 | £ 831. 0. 0. |
| 9. Van Heining Pub. | 275 | Std. VI | 5 | £1,388. 0. 0. |
| 10. Haakdoornkraal P. | 223 | Std. VI | 7 | £1,728. 0. 0. |
| 11. Flinksdrift Meth. | 295 | Std. V | 4 | £ 828. 0. 0. |
| 12. Transactie Meth. | 110 | Std. IV | 2 | £ 742. 0. 0. |
| 13. Vogelstruispan Meth. | 255 | Std. VI | 5 | £1,326. 0. 0. |
| 14. Haakdoornfontein Pub. | 329 | Std. VI | 6 | £1,585. 0. 0. |
| Totaal : | 2,920 | - | 61 | £16,207. 0. 0. |

Die gemiddelde skoolbesoek vir die betrokke kwartaal was 2,413 d.w.s. 83%. Van die totale aantal leerlinge is 48% seuns en 52% meisies. Daar is dus meer meisies as seuns op skool. By byna alle skole is een of twee privaatklasse waarvoor die ouers op eie koste 'n onderwyser (gewoonlik ongekwalifiseerd) in diens neem; dit kan dus nie by staatskoste gereken word nie.

Uit bg. uiteensetting blyk dus dat die staat voorsiening maak vir die opvoeding van nagenoeg 3,000 kinders. Hierdie werk word waargeneem deur

1. Besonderhede t.o.v. die vierde kwartaal 1951, verkry van die T.O.D. (Naturelleafdeling) Pretoria. Salarisse word gegee tot naaste £.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



61 gekwalifiseerde onderwysers teen 'n totale jaarlikse salaris van £16,207. 0. 0. d.w.s. gemiddeld £265. 14. 0. Met die salarisse van onderwysers is die koste egter nie afgehandel nie en as die meergenoemde gereelde toelaes bygereken word kom die totale jaarlikse koste op die volgende te staan :

| | | |
|---|---|---|
| (a) | Jaarlikse salarisse van 61 onderwysers ............ | £16,207. 0. 0. |
| (b) | Jaarlikse boeketoelaag van 3/- per kaput. ......... | £ 362. 0. 0. |
| (c) | Jaarlikse uitrustingtoelaag van 3/- per kaput. .... | £ 362. 0. 0. |
| | Totaal : | £16,931. 0. 0. |

Volgens berekeninge in oorleg met die betrokke Afdeling van die T.O.D. kom inspeksie en administratiewe koste vir een van die bestaande inspeksiekringe (Naturelleonderwys) met uitsondering van Hoofkantoorkontrole, te staan op ongeveer £5,000 per jaar. Hierdie bedrag sluit in die salarisse en toelaes van een skoolinspekteur, een Administratiewe Organiseerder, twee Naturelleopsieners van skole, twee Naturelleklerke en 'n bode asook kantoorhuur, vervoer en verblyfkoste van die reisende amptenare. Volgens gegewens verkry van die kantoor van die Pretoria-Wes inspeksiekring waarin die stamgebied val, is daar in hierdie omgang 140 skole met 'n totale inskrywing van 29,840 leerlinge. Hieruit kan afgelei word dat die skole en leerlinge van die onderhawige stamgebied een tiende van die totale omvang van die kring uitmaak. 'n Verdere £500 t.o.v. inspeksie en administrasie moet dus by bg. bedrag van £16,931 gereken word en dit bring die totale gereelde koste dan te staan op £17,431 per jaar. Ad hoc toelaes vir biblioteke, tuingereedskap en watervoorsiening wat van tyd tot tyd gemaak word kan uit die aard van die saak nie in berekening gebring word nie.

Hoewel die volgende gegewens t.o.v. die inskrywing nie in direkte verband staan met die ekonomiese posisie van die stam nie, is dit nietemin 'n interessante weergawe van die verspreiding van leerlinge in die verskillende Standerds:-

Verspreiding van leerlinge oor verskillende standerds.

| | Seuns. | Dogters. | Totaal. | Persentasie. |
|---|---|---|---|---|
| Sub. Std. A. | 305 | 320 | 625 | 21.4 |

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | Seuns. | Dogters. | Totaal. | Persentasie. |
|---|---|---|---|---|
| Sub. Std. B. | 277 | 242 | 519 | 17.8 |
| Std. I. | 289 | 243 | 532 | 18.2 |
| Std. II. | 212 | 190 | 402 | 13.7 |
| Std. III. | 120 | 170 | 290 | 9.9 |
| Std. IV. | 100 | 141 | 241 | 8.2 |
| Std. V. | 64 | 97 | 161 | 5.5 |
| Std. VI. | 54 | 54 | 108 | 3.7 |
| Std. VII (Vorm I. | 12 | 12 | 24 | .8 |
| Std. VII (Vorm II. | 8 | 4 | 12 | .4 |
| Vorm III | 1 | 5 | 6 | .2 |
| Totaal : | 1,442 | 1,478 | 2,920 | 100. |

Dit is opmerklik dat daar slegs 'n geringe verskil is tussen die totale aantal seuns en dogters maar dat in sommige klasse tot en met Std. V 'n aanmerklike aantal meer meisies as seuns op skool is. Vir hierdie verskynsel is daar een vername verklaring nl. dat die seuns weens die feit dat hulle dikwels afwesig is van die skool (veewagters) stadiger as die dogters vorder en alreeds 18 tot 20 jaar oud is voor hulle die hoër primêre klasse bereik het. Hulle verloor dan moed en gaan maar liewer werk. Die grootste gedeelte van die leerlinge nl. 71.1% is in die laer klasse tot en met Std. II terwyl in die hoër primêre klasse (IV - VI) 27.3% is en slegs 1.6% in die sekondêre klasse. Dit blyk dus duidelik dat die stam nie streef na hoë geleerdheid nie maar dat almal die ambisie het om 'n mate van geletterdheid te bekom. By ondersoek het geblyk dat nagenoeg alle kinders die skool vir 'n korter of 'n langer tydperk besoek.


Skoolgeboue. Die bestaande geboue is op een na nog almal geboue wat dateer uit die tydperk van Kerkbeheer. Hulle is deur die verskillende gemeenskappe met behulp van die betrokke sendinggenoodskappe opgerig en tot die koste wat daaraan verbonde was het die staat niks bygedra nie. Vir geboue deur kerk of gemeenskap opgerig en wat voldoen aan die voorgeskrewe vereistes van die Onderwysdepartement word 'n huurgeld bereken teen 5% van die oprigtingskoste deur die Departement betaal. Geeneen van die ouere gemeenskap-sendingskoolgeboue voldoen egter aan die vereistes nie met die ge-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.


# ONTWIKKELING




Hermannsburgse sendingkerk.



Ou kerkskool: Makapanstat.



Nuwe stamskool: Makapanstat.



Watervoorsiening.



Std. 8-klas: Makapanstat.



Skoolhoof: Makapanstat.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volg dat die stam geen huurgelde t.o.v. daardie geboue ontvang nie.

Die sentrale Nchaupe II Gedenkskool van 14 lokale is egter in ooreenstemming met Departementele vereistes opgerig en hoewel dit 'n groot sierlike gebou is (sien foto) is beraamde oprigtingskoste vasgestel op £5,000. Hierop ontvang die stam £250 huurgeld per jaar. Hierdie geld word deur die Naturellekommissaris te Hammanskraal in 'n Trust-fonds vir die stam gehou.

In beginsel het die stam onderneem om voortaan gebruik te maak van 'n £ vir £ skema van die onderwysdepartement om groter en beter geboue op te rig vir die bestaande skole in die stamgebied. Die huurgeld wat vir Nchaupe II ontvang word, word dan ook vir sodanige skemas gereserveer. Indien meer geld benodig word, word bywyse van 'n stamresolusie 'n heffing van 'n bepaalde bedrag opgelê wat betaalbaar is deur elke belastingbetaler. Tot dusver is egter nog geen skoolgebou op die £ vir £ stelsel opgerig nie. Daar dien op gelet te word dat geen huurgeld betaal word vir geboue wat op hierdie wyse opgerig word nie.

Indien bg. huurgeld van £250 p.j. ook by die reeds genoemde bedrag van £17,431 wat deur die staat vir opvoeding voorsien word, gereken word, kom die totale voorsiening in hierdie verband te staan op £17,681 per jaar.

3. Provinsiale Hospitaaldienste.

Die stelsel van vrye hospitalisasie in die provinsie van Transvaal is ook van toepassing op die BagaMosêtlha. Enige pasient wat deur die distriksgeneesheer vir opname aanbeveel word, word in enige provinsiale hospitaal of ondersteunde hospitaal kosteloos versorg en behandel. 'n Pro rata gedeelte van die totale hospitaalkoste van die provinsie moet dus by die nasionale bates van die stam gereken word.

Vir die finansiële jaar 1951-1952 is die volgende bedrae op die begrotingspos „hospitaaldienste" in die Provinsie van Transvaal.[1] (Mediese dienste ingesluit):

| | |
|---|---|
| Aan suiwer Provinsiale hospitale ............. | £7,719,110. |
| Aan hulptoelaes vir ondersteunde hospitale .... | £ 332,000. |
| Totaal : | £8,051,110. |

1. Begroting van Inkomstes en Uitgawes. Transvaalse Provinsiale Administrasie 1951-1952 pp. 53-56 Aanhangsels A en B.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ons moet nou van die standpunt uitgaan dat alle Blankes sowel as Naturelle geregtig is om gebruik te maak van die fasiliteite wat deur bg. bedrag verskaf word. Die dienste gelewer aan Blankes is egter duurder as dié vir Naturelle. Dit is dus nodig dat ons 'n basis vind om die verhouding van die hospitaalkoste t.o.v. hierdie twee groepe vas te stel. Vir hierdie doel wil ons die posisie by die Algemene Hospitaal te Pretoria (een van die grootste provinsiale hospitale) nagaan. Volgens informasie verkry van die sekretaris van hierdie hospitaal word die pasiente vir kosteberekening in twee groepe verdeel nl. Naturelle en Blankes. By lg. groep word ook ander gekleurde rasse soos Asiate en Kleurlinge gereken. Vir die diensjaar April 1951 - Maart 1952 is die besonderhede met betrekking tot die aantal pasiente en die koste vir hul behandeling en versorging soos volg :

(a) Blankes :

| | |
|---|---|
| Aantal pasiente opgeneem ................. | 16,000. |
| Aantal pasiente-dae ...................... | 240,000. |
| Koste per pasiente-dag ................... | 42/- |

(b) Naturelle :

| | |
|---|---|
| Aantal pasiente opgeneem ................. | 14,500. |
| Aantal pasiente-dae ...................... | 240,000.[1] |
| Koste per pasiente-dag ................... | 22/-. |

Behalwe bg. dienste is ook nog 'n groot aantal buite-pasiente (85,000 Blanke- en 73,000 Naturelle-bywonings) en die koste ten opsigte hiervan kom te staan op 2/- per bywoning ongeag ras of kleur. Aangesien daar dus geen verskil is nie kan ons hierdie dienste buite rekening laat by die bepaling van die verhouding.

Die kosteverhouding van Naturel tot Blanke is dus 22 : 42 of 11 : 21. Hoewel arbitrêr, kan ons aanvaar dat die besonderhede t.o.v. die Pretoria-hospitaal 'n aanneemlike weerspieëling is van die algemene posisie[2] en dit gee ons ten minste 'n basis om op te werk. Die BagaMosêtlha maak

1. Die rekords van die hospitaal toon dat Naturelle-pasiente veel langer bly as Blankes.

2. Die voorsiening van voorrade en toerusting vir Blankes en Naturelle is by alle provinsiale hospitale min of meer gelyksoortig.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



feitlik uitsluitlik van hierdie hospitaal gebruik want daar is geen ander provinsiale hospitaal wat vir hulle makliker bereikbaar is nie. As ons nou die totale aantal Naturelle wat van die Pretoria-hospitaal kan gebruik maak kon vasstel, kon ons ons vir verdere berekeninge slegs bepaal by fondse wat t.o.v. hierdie hospitaal bestee word. Dit het egter geblyk onmoontlik te wees. Ons moet ons dus wend tot die totale Naturelle-bevolking van die provinsie sowel as die totale bedrag wat gestem word vir hospitaaldienste.

Indien die verhouding dan 11 : 21 is, kan ons aflei dat die volgende bedrag die Naturelle-bevolking van die provinsie ten deel val :

$\frac{11}{32}$ van £8,051,110 d.w.s. £2,767,569.

Volgens die 1951 bevolkingsensus is die totale Naturelle-bevolking van die Transvaal 3,472,640 of 3,472,600 (tot naaste 100). Die 20,000 siele van die BagaMosêtlha (vgl. p. 1) vorm dus naasteby $\frac{1}{174}$ ste gedeelte van hierdie totaal. T.o.v. hospitaaldienste moet die stam dus krediteer word met :

$\frac{1}{174}$ van £2,767,569, d.w.s. £15,905 (tot naaste £).

4. Skoolvoeding.

Onder die Nasionale Skoolvoedingskema word voorsiening gemaak vir 1.2d per leerling per dag vir voeding wat by die skool verskaf word. Die toelae word bereken op die gemiddelde skoolbesoek en kinders bo 14 jaar word nie gevoed nie. Volgens die rekords van die Sentrale Voedingskomitee, Pretoria word tans 2,100 skoolgaande kinders in die stamgebied gevoed en die koste daaraan verbonde vir 200 skooldae kom te staan op £2,100 per jaar. Met hierdie bedrag moet die stam ook krediteer word.

5. Samevatting.

Soos aangetoon is daar sekere owerheidsdienste wat tot beskikking van die stam gestel word maar wat in werklikheid vir die landsregering winsgewende bedrywe is bv. die pos- en vervoerfasiliteite. By die bepaling van die totale waarde van owerheidsdienste kan sodanige dienste uit die aard van die saak nie bygereken word nie. Dit was nietemin belangrik om daarvan

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



melding te maak. Daar is ook ander dienste wat, weens die feit dat dit nie tot die uitsluitlike voordeel van die stam is nie en waarvoor ook 'n ad hoc belasting betaal word soos die instandhouding van die hoofpad, ook nie in berekening gebring kan word nie.

Daar is egter sekere dienste wat gelewer word sonder winsbejag en bedoel is vir die gerief en opheffing van die stam. Ten einde 'n syfer te verkry wat die omvang van hierdie ex gratia dienste aandui, wil ons hier 'n opsomming maak van die verskillende bedrae wat in hierdie verband jaarliks ten behoewe van die stam en die stamgebied bestee word :

| | | |
|---|---|---|
| 1. | 'n Kwart aandeel van die administratiewe personeel ...... | £ 2,425. 0. 0. |
| 2. | 'n Kwart aandeel van die Vakkundige personeel ........... | £ 1,575. 0. 0. |
| 3. | Plaaslike gesondheidsdienste (p.344) ................... | £ 2,078. 0. 0. |
| 4. | Pensioene aan oues en liggaamlik ongeskiktes (p.344) .... | £ 5,400. 0. 0. |
| 5. | Watervoorsiening (instandhouding van pompe) (p. 345) .... | £ 120. 0. 0. |
| 6. | 'n Kwart aandeel van Landboukundige dienste (p. 346) .... | £ 62.10. 0. |
| 7. | Reklamasiewerke (p. 347) ................................ | £ 1,000. 0. 0. |
| 8. | Rente op kapitale belegging in paaie ................... | £ 250. 0. 0. |
| 9. | Opvoeding ............................................... | £17,681. 0. 0. |
| 10. | Pro rata aandeel in vrye hospitalisasie (p. 357) ........ | £15,905. 0. 0. |
| 11. | Skoolvoeding (p. 357) ................................... | £ 2,100. 0. 0. |
| 12. | Toelae en bonus aan hoofman ............................. | £ 400. 0. 0. |
| | Totaal : | £48,996.10. 0. |

In ronde syfers beloop die owerheidsdienste in belang van die stam dus £49,000 per jaar. Die stam se bydrae in die vorm van belasting kom te staan op nagenoeg £7,500 (vgl. p. 339). As ons hierby voeg die winste op vervoerdienste binne die stamgebied soos besluit (vgl. p. 349), is die stam se totale direkte bydrae £7,500 + £632 d.w.s. £8,132. Hierdie bedrag verteenwoordig naasteby $\frac{1}{6}$-gedeelte van die totale kontantwaarde van gelewerde dienste m.a.w. vir elke £1 wat 'n belastingbetaler betaal word die stam vergoed met £6.

6. <u>Gevolgtrekking.</u>

Soos in Deel II van hierdie studie geblyk het was die BagaMosêtlha-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stam in vroeëre tye 'n selfstandige ekonomiese eenheid wat in al sy behoeftes op 'n gesins- familie- en stambasis kon voorsien. Indien die lewenspeil van die stam onveranderd gebly het sou genoemde selfstandigheid met die huidige hoër produktiwiteit van die landbou- en pastorale bedrywe, aangevul deur grootskaalse kontantverdienstes soos in vorige hoofstukke beskrywe, stellig gehandhaaf kon word. Gelyktydig met die verhoging van die stam se nasionale inkomste het egter ook die behoeftes toegeneem. Die invloed van die westerse beskawing was inderdaad so geweldig dat die toename in nuwe behoeftes wat daarmee in verband staan buite verhouding hoog was met die toename van die inkomste.

Hoewel die stam soos aangedui deur die gegewens in vorige hoofstukke nie gebrek ly nie het hulle dit geensins breed nie. Dit is ook algemeen bekend dat dit die belastingbetaler swaar val om afstand te doen van die beskeie jaarlikse bydrae van £1.10.0. wat as belasting betaal moet word. Soos aangetoon bedra die totale belasting slegs $\frac{1}{6}$ gedeelte van die voorsiening wat van owerheidsweë gemaak word vir die algemene welsyn en opheffing van die stam. Die bestaande dienste het 'n noodsaaklikheid geword in die lewe van die stam en indien dit hulle moes ontneem word sou dit vir hulle 'n nasionale ramp wees. Die administrasie, voorligtingsdienste, mediese dienste, opvoedkundige fasiliteite e.d.m. is vir die welsyn van die stam byna net so belangrik as voedsel en kleding en dit is behoeftes waarin noodwendig moet voorsien word. Indien die geringe bydrae van $\frac{1}{6}$ van die koste hieraan verbonde dan reeds met moeite bygebring word, is daar nie sprake van ekonomiese selfstandigheid op hierdie stadium nie. Hoewel die stam dus as homogene groep sy nasionale identiteit nog behou en binne die groter geheel ook 'n staatkundige eenheid kan wees ly daar geen twyfel aan sy ekonomiese afhanklikheid nie. Die moontlikhede vir onafhanklikheid in hierdie opsig word in die volgende hoofstuk bespreek.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK XV.

## GEVOLGTREKKINGE EN VOORGESTELDE SKEMA VIR EKONOMIESE ONTWIKKELING.

### I. VERANDERINGE IN DIE EKONOMIESE STELSEL.

Met die besonderhede en gegewens omtrent die vroeëre en huidige ekonomiese lewe van die BagaMosêtlha tot ons beskikking, kan ons nou daartoe oorgaan om aan te toon watter mate van verandering op ekonomiese gebied ingetree het en in hoeverre die stam sy identiteit as outonome eenheid behou het. Aansluitend hierby kan ons dan ook aandui tot hoe 'n mate die stam se maatskaplike lewe deur die veranderinge beïnvloed is en op geleë tyd sal ons trag om skemas aan die hand te doen waardeur die stam onder die huidige veranderde omstandighede ekonomies op 'n goeie voet geplaas kan word.

Die duidelikste beeld van die veranderinge wat ingetree het kan verkry word deur die huidige stelsel te vergelyk met die vroeëre soos dit saamgevat is onder verskillende hoofde in hst. 7 p. 149.

#### 1. Aard van die Stelsel.

Die huidige stelsel onderskei hom van die vroeëre dat dit nie meer uit 'n eenvoudige bestaans- en trekekonomie bestaan nie. Die nuwe lewensomstandighede het veel meer behoeftes meegebring as slegs die lewensnoodsaaklike dinge waarin die stam vroeër moes voorsien. Om te voorsien in hierdie behoeftes moet dus veel meer geproduseer en verdien word as wat die geval vroeër was. As gevolg van die vasstelling van die woongebied binne bepaalde grense deur die blanke owerheid en ook as gevolg van die uitbreiding van hulle getalle weens die beskerming deur die Blankes verleen, kan die stam ook nie meer volgens primitiewe trekekonomiese metodes 'n bestaan maak nie. Daar is vandag geen oop ruimtes waarop beslag gelê kan word as die bougrond en weivelde van die vasgestelde woongebied uitgeput raak nie.

Waar daar vroeër geen betaalmiddel soos geld was nie, speel geld vandag 'n baie belangrike rol en dit vorm die basis van die ekonomiese stelsel. Vandag word dan ook daarna gestrewe om soveel as moontlik van hierdie betaalmiddel te bekom of om besittinge te hê waarvan die waarde in terme van geld bereken kan word. Net soos vroeër vind ons vandag ook nog nie

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beroepsprodusente in die stamgebied nie maar die verdienste van die stam is ten nouste verbonde aan produserende ondernemings in blanke gebiede waar nie minder as 70% van die mans 'n kontantverdienste het nie (vgl. hst. 9). Waar beeste in vroeëre tye die vernaamste vorm van rykdom was, is daar vandag verskillende faktore soos vee, wonings, huisraad, beleggings in banke en in grond ens. wat 'n man se vermoë bepaal. Net soos vroeër verleen rykdom ook sosiale status.

2. Die Stam en Onderafdelings as Ekonomiese Eenhede.

Die vroeëre bestaans- en trekekonomie is koöperatief deur die lede van die stam op 'n gesins- familie- en stambasis beoefen (vgl. p. 165); van hierdie eenhede was die gesin die vernaamste produserende eenheid wat in byna al sy behoeftes self voorsien het. Tot 'n sekere mate tref ons hierdie verskynsel vandag nog aan. Dit kan uit die aard van die saak nie meer so radikaal wees soos vroeër nie. Die huisgesin kan nie meer alle nuwe benodighede self produseer of vervaardig nie en hulle is genoodsaak om met hul arbeid geld te verdien ten einde die nodige te bekom. Met betrekking tot die versorging van die gesin (vgl. hst. 10), kan die voedsel slegs gedeeltelik produseer word; vrouensklere word ten dele tuis vervaardig en waar dit vroeër die taak van die man was, word dit vandag deur die vrou onderneem. Enkele tradisionele huishoudelike artikels word nog tuis vervaardig (vgl. p. 270) en woonhuise word merendeels nog eiehandig opgerig en gedeeltelik met plaaslike materiaal (vgl. p. 253). Verder is die huisgesin byna geheel-en-al afhanklik van andere en veral die handel vir die verskaffing van lewensbenodighede.

Met betrekking tot die wyse waarop in die lewensbenodighede voorsien word is daar 'n groter ooreenkoms tussen die vroeëre en die huidige posisie en wel in soverre as wat verskillende lede van die gesin tot 'n mindere of meerdere mate (na gelang van hulle persoonlike verantwoordelikhede) bydra tot die versorging van die gesin (vgl. p. 243). Die vader en moeder werk net soos vroeër in belang van hulle gesin en huishouding. Ongetroude kinders maak gereelde of ongereelde bydraes (vgl. p. 244) uit eie beweging of staan ten minste nie onverskillig teenoor beroepe wat op hulle gemaak word om bydraes te maak nie. Hierdie vorm van samewerking is dan ook in ooreenstem-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ring met wat die posisie vroeër was. Alle lede van 'n gesin het nog spesiale pligte om na te kom; in die meeste gevalle het die vader 'n kontantverdienste en in sommige gevalle ook die moeder. Die minderjarige kinders is hul ouers in allerlei werkies behulpsaam en die groter kinders het in meeste gevalle ook 'n kontantverdienste. Vroeër sou almal in die gemeenskaplike belang van die gesin gewerk en verdien het; vandag het volwassenes egter persoonlike belange en behoeftes waarvoor verdienstes ten dele aangewend moet word (vgl. p. 244). Gesamentlike belange het dus plek gemaak vir indiwiduele belange en die ontstaan van 'n westerse indiwidualisme tot gevolg gehad. Die neiging is dan ook steeds meer en meer in hierdie rigting.

Die samewerking tussen familiegroepe word ook nog tot 'n mate aangetref. Indiwiduele lede van sodanige groepe kom mekaar dikwels tegemoet as die een of die ander in die moeilikheid verkeer. Lede van 'n lešika tree nog hoofsaaklik soos vroeër op waar die belange van 'n lid van 'n groep behartig moet word soos by die onderhandelinge tussen twee partye met betrekking tot die verlowing (p. 214), betaling van die bogadi (hoewel die jongman die middele self, voorsien) reëlings i.v.m. die huweliksfees, bereddering van boedels, die versorging van wese e.d.m. (vgl. hst. 10). Hoewel nie meer so gereeld nie help lede van 'n groep ook mekaar by die werk bv. die bou van 'n huis (p. 253), versorging van die vee ens. In hierdie verband het daar dus nie grootskaalse veranderinge ingetree nie en daar is afdoende bewys dat die samehorigheid van familiegroepe bewaar sal word hoewel dit eintlik meer van sosiale as van ekonomiese betekenis is.

Die samehorigheid van die stam bestaan nog grootliks soos vroeër. Ons vind ook dat die stam vandag nog as 'n ekonomiese eenheid fungeer maar die wyse waarop dit plaasvind en doeleindes wat nagestreef word verskil aanmerklik van wat dit vroeër was. Die vernaamste gesamentlike optrede van die stam in vroeëre tye was oorlogvoering vir die verdediging of verowering van vee en grondgebied. Ondergeskik hieraan was die bewerking van die lande van die hoofstat, deelname aan georganiseerde jagtogte en om publieke werke te verrig. Belangrik was ook die wyse waarop die hoofman die aktiwiteite van die stam bestuur het (vgl. p. 152) en sy optrede as beskermer en vader van veronregtes en noodlydendes (p. 153). Vandag doen die stam nog

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



steeds veel in gesamentlike belang. So dra almal by as bykomstige grond aangekoop word (p. 29) of 'n skool gebou moet word (p.355 ) ens. Wanneer die gesamentlike onderneming betrekking het op een of ander taak wat verrig moet word dra sommige in kontant by en ander met hul arbeid. Almal (ook stedelike arbeiders) is verplig om 'n bydrae in die een of ander vorm te maak; niemand word van sy verpligtinge vrygestel nie en die verpligtinge word ook geredelik nagekom. Die lande van die hoofstat word ook nog bewerk en behalwe 'n toelaag wat die hoofman van die landsowerheid ontvang (p.68) is dit dan ook die enigste bydrae wat hy van die stam ontvang. Vir sy private werk en bediendes moet hy self instaan. Die hoofman word nog beskou as die vader van die stam maar sy funksie is meer om toe te sien dat geregtigheid aan almal geskied as om aalmoese aan behoeftiges uit te deel. Behalwe vir die oopstelling van die saai-seisoen (p. 285) oefen die hoofman ook nie meer beheer uit oor die werksaamhede van die stam nie. Elkeen reël sy eie program onafhanklik van die ander. Alhoewel ons dus 'n groot mate van indiwiduele afhanklikheid vind is daar tog nog verneme vorms van gesamentlike optrede soos hierbo uiteengesit.

3. Waaruit die Ekonomiese Stelsel bestaan.

(a) Betekenis van die grond.

Hoewel die stam nie meer soos vroeër geheel-en-al afhanklik is van die bodem nie en hoewel dit nie meer die spil is waarom die ekonomiese lewe draai nie, het dit nog 'n belangrike funksie. Dit bied geleentheid vir die beoefening van die landbou- en pastorale bedrywe, (hst. 12 en 13), dit voorsien in sekere boumateriaal (hst. 11), brandhout en tot 'n mindere mate ook in die grondstowwe vir die vervaardiging van sekere huishoudelike artikels (vgl. p. 270) en landboukundige benodighede soos swingels, jukke ens.

(b) Die aard van produksie.

(i) Bedryfsvorme.

Die tradisionele landbou- en pastorale bedrywe word nog beoefen hoewel dit 'n sekere mate van verandering ondergaan het (vgl. hst. 12). In die landboubedryf word surplusse beoog

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en 'n aansienlike persentasie slaag ook daarin om dit te verkry (vgl. hst.12). Anders as vroeër kan hierdie bedryf nie in alle voedselsoorte bv. brood, tee en suiker voorsien nie en in hierdie verband is die stam dan ook afhanklik van die handel. Surplusproduksie word in kontant omgesit ten einde die betaalmiddel vir ander lewensbenodighede (vgl. p. 243) te bekom. Die pastorale bedryf is vandag slegs van ekonomiese betekenis en die sosiale funksie wat beeste vroeër gehad het, het verdwyn (vgl. p. 299). Die bedryf maak dan ook reeds 'n aansienlike bydrae tot die lewensbenodighede van die stam (vgl. p. 330). Bg. twee bedrywe wat die vernaamste vorms van produksie is het egter nog nie tot so 'n mate ontwikkel dat dit die stam ekonomies in 'n onafhanklike posisie plaas nie. Ons bevinding was dat die gemiddelde jaarlikse inkomste van die landboubedryf per gesin op £38. 2. 0. te staan kom (p. 291) en van veeboerdery £37. 1. 11 (p. 330) d.w.s. nagenoeg £75. Die gemiddelde maandelikse lewenskoste per gesin is £8. 2. 1. of ongeveer £97 per jaar (vgl. p. 243). Die lewenskoste alleen oortref dus die inkomste van genoemde bedrywe. Indien die owerheidsdienste soos beskryf in hst. 14 ook bygereken word sal die opbrengste van genoemde bedrywe nog veel meer ontoereikend wees. Ons kan egter geen voorbeeld aanhaal van 'n volk met 'n lewenswyse volgens vereistes van die westerse beskawing, waaraan slegs die boerdery ekonomiese onafhanklikheid verleen nie.

(ii) Nywerhede.

Die tuisnywerhede wat in vroeëre tye so 'n belangrike rol gespeel het is vandag van weinig of geen betekenis (p. 270). Kleipotte wat nog op aansienlike skaal gebruik word, word hoofsaaklik vervaardig deur spesialiste buite die stamgebied en word net soos enige handelsware teen betaling verkry. Hierdie tradisionele nywerhede is nie deur enige ander vorm van industrie vervang nie en die stam is afhanklik van ingevoerde artikels uit Blanke gebiede. Die ekonomiese afhanklikheid van die stam word deur die gebrek aan eie nywerhede meer beklemtoon

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as deur enige ander faktor.

(iii) Beroepe.

Van die tradisionele beroepspersone (vgl. p. 156) word nog slegs 'n enkele toordokter aangetref en dié kry weinig aftrek. Vir die ysterware wat vroeër van die ystersmid verkry is en vir wetenskaplike mediese behandeling wat vandag algemeen aanvaar word as die enigste doeltreffende behandeling is die stam geheel-en-al afhanklik van produsente en beroepspersone buite hulle eie gebied. Die onderwysers (vgl. p.351 ) is die enigste professionele werkers in die stamgebied en alhoewel almal nie van die stam self is nie, het dit by ondersoek geblyk dat daar voldoende leerkragte uit die BagaMosêtlha self is (maar wat elders werk) om die bestaande poste te vul. Met betrekking tot opvoedkundige werk is die stam dus tot 'n groot mate onafhanklik vir sover dit werkkragte betref maar dit is twyfelagtig of hy instaat sal wees om die bedrag van nagenoeg £17,000 per jaar (vgl. p. 355 ) wat aan onderwys spandeer word by te bring.

(iv) Die Handel.

Net soos vroeër dryf die stam vandag ook nog geen georganiseerde handel nie. Sporadiese transaksies soos die verkoop van huise, spekulasie met vee en die verkoop van surplusprodukte (vgl. p.289) kom wel voor maar voltydse handelaars word nêrens aangetref nie.

(v) Ambagte.

Uitgesonderd die aangehaalde geval van die „Jack of all trades" (p. 247) en enkele wat soms huise teen betaling bou, (p. 255) word sover ons kon vasstel vandag nog geen ambagte beoefen in die stamgebied nie. Ook in hierdie verband is die stam hoofsaaklik afhanklik van ambagsmanne buite hul woongebied.

(c) Tegniek van Produksie.

Alle produksie berus vandag op empiriese kennis en die rol wat towerkuns en die godsdiens in vroeëre tye gespeel het (p. 156) bestaan vir sover nagegaan kon word glad nie meer nie. Hoewel die produksie afhang van die vaardigheid van die ondernemers ontbreek dit hulle nog

© University of Pretoria   Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan wetenskaplike kennis en soms ook die gewilligheid om van wetenskaplike voorligting gebruik te maak. Daar is egter duidelike tekens dat sommige progressiewe persone wetenskaplike metodes aanwend in die beoefening van die landbou- en pastorale bedrywe.

(d) Kontantverdienstes.

Waar slegs beroepspersone in vroeëre tye werk teen betaling gelewer het vind ons dat die oorgrote meerderheid van die stam vandag 'n kontantverdienste het (vgl. hst. 9). Die meerderheid sou soos telkens aangetoon, nie sonder hierdie verdienste kon bestaan nie. Die feit dat kontant in bykans alle gevalle buite die stamgebied verdien word is weereens 'n bewys van die stam se afhanklikheid op ekonomiese gebied. Namate die getalle toeneem sal hierdie bron van inkomste 'n steeds belangriker rol speel in die ekonomiese lewe van die stam. Indien geen werksgeleenthede in die stamgebied verskaf word nie sal die afhanklikheid van die buitewêreld ook meer en meer toeneem.

(e) Dryfvere tot produksie en verdienstes.

Die dryfvere is hoofsaaklik nog dieselfde as vroeër (vgl. p. 157). Voorsiening in die lewensbehoeftes en die opbouing van lewensekuriteit skyn egter alle ander oorwegings te oorskadu. Waar toekomstige behoeftes in vroeëre tye geen kommer gebaar het nie vanweë die beskerming van familiebetrekkinge sowel as die stam as geheel wat iedereen geniet het moet vandag veel voorsorg getref word. Met die opkoms van individualisme is elkeen tot 'n baie groot mate genoodsaak om sy eie heil uit te werk en derhalwe ook te sorg vir 'n onsekere toekoms.

(f) Eiendomsbegrippe.

In hierdie verband het enkele veranderinge ingetree en dit word gekenmerk deur 'n beklemtoning van die individuele besit van goedere en lewende hawe. Die vader is die vernaamste besitter van vee hoewel van die seuns ook sekere vee kan hê wat spesifiek aan hulle behoort en wel omdat hulle dit uit eie verdienstes gekoop het. Die woning behoort aan die vader (gesinshoof) maar verskillende meubelstukke kan verskillende eienaars hê. So ook behoort huishoudelike artikels hoofsaaklik aan

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die moeder maar haar dogters het sekere items wat hul persoonlike eiendom is. Elke lid van die huisgesin het ook sy/haar tradisionele persoonlike besittinge bv. klere, komberse ens. T.o.v. grond vind ons nog die kommunale stelsel. Daar is binne die stamgebied geen private grondbesit nie; selfs die sindikaatsgronde word op 'n kommunale basis besit hoewel dit enigsins 'n verbreking is van die stambesit-beginsel. Landbouhoewes word aan elke getroude man toegesê en val terug na die stam as hy dit nie meer wil hê nie (p. 277). Ook die weivelde word gesamentlik gebruik. Met betrekking tot grondbesit is die kommunale beginsel dus nog net soos vroeër sterk in swang.

Ons kan die huidige posisie nou soos volg opsom :

(a) Die stam beoefen nie meer 'n trek- en bestaansekonomie nie maar trag om binne die grense van hul permanente woongebied soveel moontlik te produseer.

(b) Op ekonomiese gebied openbaar die gesin nog 'n treffende mate van samewerking en dit word tot 'n mindere mate ook by die familiegroep (lešika) aangetref. Hoewel die samehorigheid van die stam as geheel geensins verdwyn het nie is dit as ekonomiese eenheid van weinig betekenis.

(c) Die tradisionele landbou- en pastorale bedrywe word nog beoefen en hoewel op 'n veel groter skaal as vroeër kan dit nie voorsien in alle behoeftes nie.

(d) Behalwe in die geval van onderwysers word geen beroepe in die stamgebied beoefen nie en ook geen noemenswaardige nywerhede nie. Selfs die ou beroepe en nywerhede het grootliks verdwyn.

(e) Die stam dryf nie georganiseerde handel nie en beoefen ook byna geen ambagte nie.

(f) 'n Vername bron van inkomste is die kontantverdienstes en sonder dit is dit te betwyfel of die stam hul huidige lewenstandaard sal kan handhaaf. Die trek na blanke gebiede om geld te verdien kan beskou word as 'n ander soort trek wat in verband gebring kan word met die stam se vroeëre trekgewoontes.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(g) Daar bestaan reeds 'n groot mate van indiwidualisme.

(h) Ons moet tot die slotsom geraak dat die stam binne hul eie gebied hoegenaamd nie 'n onafhanklike ekonomiese bestaan kan voer nie en dus nie binne hulle eie gebied onder huidige omstandighede 'n selfversorgende eenheid kan uitmaak nie.

## II. DIE STAM AS ORGANIESE EENHEID OP ANDER KULTURELE TERREINE.

Alvorens ons oorgaan tot die bespreking van 'n voorgestelde skema vir die ekonomiese ontwikkeling van die stam is dit wenslik om ook kortliks aan te stip watter ander kulturele eienskappe van die stam behoue gebly het en wat ook grootliks sy volkskarakter in stand hou.

Uit die geskiedkundige agtergrond wat ons kortliks geskets het blyk duidelik dat ons hier te doen het met 'n stam wat vir ten minste twee eeue sy identiteit as homogene groep (hoewel saamgestel uit verskillende elemente) bewaar het. Hierdie identiteit is behoue gebly ten spyte van veelvuldige oorloë, skermutselinge, droogtes en omswerwelinge wat telkens die stryd om bestaan bemoeilik het. In latere tye, met die koms van die Blanke wat veral die verswakking van die tradisionele stamkontrole tot gevolg gehad het, is die indiwidualiteit van die stam nog meer bedreig. Maar selfs ten spyte van hierdie bedreiging maak die stam vandag nog 'n afsonderlike groep uit wat tot 'n groot mate sy volkskarakter behou het. Die BagaMosêtlha se kontak met die blanke beskawing was vanweë die geografiese posisie van hul woongebied, geleë in die onmiddelike nabyheid van die groot nywerheidsentra, baie meer aktueel as wat die geval is met die meeste ander Suid-Bantoestamme. Dit het nie net voortdurende toevallige aanraking met die Blanke tot gevolg gehad nie maar het lede van die stam ook instaat gestel om sonder veel opoffering hul dienste by genoemde nywerheidsentra te gaan aanbied. Ten gevolge hiervan het hulle van die vroegste tye af noue kontak gehad met die westerse beskawing. As dit in aanmerking geneem word is dit merkwaardig dat die proses van vereuropesing nie reeds baie groter afmetings aangeneem het nie.

Ewe belangrik is die feit dat die stam vir nagenoeg 90 jaar reeds deur sendelinge van die Christelike kerk bearbei word. Ten opsigte hiervan moenie uit die oog verloor word nie dat die BagaMosêtlha soos ander Bantoe-

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stamme hul eie godsdiens gehad het en hierdie godsdiens was gesetel in 'n raamwerk waarin ook die stam se individuele, huislike, maatskaplike en nasionale lewe gewortel was. Dit is 'n algemeen bekende feit dat die verspreiders van die Christelike evangelie hierdie feit grootliks verontagsaam het en saam met die nuwe godsdiens 'n nuwe raamwerk van sosiale instellings verskaf het. Om hierdie nuwe raamwerk te laat posvat en te stabiliseer is ook die sendingskool, geskoei op europese lees, aangewend. Vereuropesing het dus nie slegs toevallig en op informele wyse geskied nie maar is ook positief en formeel bevorder. Nadat hierdie proses vir bykans 'n eeu voortgeduur het, sou mens verwag dat die verandering in die innerlike lewe van die stam baie meer radikaal moes wees as wat die geval is. Terwyl dit nie so is nie moet ons tot die slotsom geraak dat hierdie stam kulturele en geestelike eienskappe besit wat diep gewortel is, wat vir die stam bestendige waarde het en wat bestand is teen oorweldiging deur selfs die mees beproefde westerse instellings.

Daar het in die stamlewe weliswaar baie veranderinge ingetree maar sekere fundamentele instellings en gebruike het ten goede of ten kwade bly voortbestaan en hieraan is die behoud van die stamidentiteit te danke.

Een van die mees uitstaande kulturele erfenisse van die stam is sy taal en hieraan is dan ook die innerlike samehorigheidsgevoel wat aangetref word hoofsaaklik toe te skryf. 'n Mens sou verwag dat Sekgatla (of te wel Setswana) wat soos alle ander Bantoetale geen plek het in die ingewikkelde ekonomiese struktuur van die Westerse beskawing nie, spoedig die wyk sou neem voor die gekultiveerde tale van die Blanke. Dit is egter geensins die geval nie. Hoewel die omgangstaal as gevolg van nuwe belange weliswaar veral onder die jongere geslag sy voormalige kleurrykheid grootliks verloor het, het dit andersins op wonderbaarlike wyse ongeskonde gebly. Dit is deur die stam behou as 'n middel vir die mees natuurlike en intieme omgang met mekaar. Waar die manne vandag nog vergader om gewigtige sake te bespreek is dit treffend hoe spontaan hulle eie taal nog gebruik word om uiting te gee aan hul diepste gevoelens en oortuigings en met hoeveel vaardigheid die subtiele betekenis van woorde en uitdrukkings benut word. Hoewel enkele soms die skyn wil gee dat hulle voorkeur gee aan veral die gebruik van Engels, of 'n

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



neiging toon om die suiwerheid van hulle eie taal te bedreig deur dit te meng met Engelse of Afrikaanse woorde, ly daar geen twyfel aan nie dat die deurslag Mokgatla 'n ywerige, hoewel miskien onbewuste liefde koester vir sy taal.

Danksy die sendelinge se bydrae van 'n Tswana bybel, gesangboek, kategismus en ander kerklike lektuur en hul pogings om hul eerste bekeerlinge self te leer lees en skrywe besit die taal vandag ook 'n groeiende letterkunde. Die plek wat die moedertaal in die vroeëre sendingskole ingeneem het, is later in die staatsondersteunde gemeenskapskole gehandhaaf en hierdeur het die studie en eksploitasie van Setswana 'n integrale deel geword van die stam se intellektuele ontwikkeling. Vir die huidige kan ons met sekerheid konstateer dat die stamtaal bestemd is om voort te bestaan en steeds 'n vername rol sal speel in die behoud van die stam se nasionale identiteit.

Net soos die taal is die tradisionele stamorganisasie hoofsaaklik ook behoue gebly. Dit is merkwaardig hoe selfs diegene wat merendeels by die werk, weg van die stamgebied is, die stamverband behou, die stamorganisasie hul laat welgeval en hulle onderwerp aan die kontrole wat daarmee in verband staan. Selfs die groepering van indiwidue in ouderdomsgroepe (mephato) vind nog, hoewel op gewysigde wyse, plaas (vgl. p. 60). Omdat die stamorganisasie en die kontrole wat daardeur uitgeoefen word so 'n vername rol speel in die bestaande stelsel van indirekte regering deur die blanke owerheid, word dit nie alleen beskerm nie maar ook versterk deur dit te benut. Dit kan dus met veiligheid aanvaar word dat ook die tradisionele stamorganisasie en kontrole bestendig is en bestemd is om steeds grootliks daartoe by te dra dat die volkskarakter behoue sal bly. Die tradisionele regstelsel en begrip van geregtigheid val hiermee saam. Die geleentheid wat die wykshoofde en hul raadslede aan die een kant en die Stamhoof en sy Raad (lekgotla) aan die ander kant, het om geskille van 'n siviele aard te besleg en beperkte strawwe op te lê is in ooreenstemming met die stam se tradisionele judisiële verantwoordelikhede. Ook in hierdie opsig bly dus veel belangriks behoue wat bydra tot die behoud van die stam as 'n spesifieke volksgroep.

Verskeie dinge waaraan die stam voor die koms van die witman ge-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kenmerk was, het weliswaar verdwyn of verander. Die nuttige tuisnywerhede wat voorsien het in kleding, kook- en eetgereedskap, beddegoed, wapens e.d.m. bestaan nie meer nie. Die tradisionele woonwyse het plek gemaak vir behuising volgens europese patroon. Daar is geen spoor meer van die tradisionele kleredrag nie. Die ou godsdiens en bygeloof wat deel daarvan was, is vervang deur die Christelike leer en lewenswyse wat daarmee gepaard gaan. Hierdie veranderinge is egter maklik te begryp en die feit dat hulle ingetree het hoef geensins beskou te word as 'n aanduiding dat die stam sy nasionale karakter kwyt geraak het nie. Dit sou tewens 'n dwase en onprogressiewe stam wees wat sou voortgaan om met veel moeite en omslagtigheid ondoelmatige klere van vel te maak terwyl die westerse plaasvervanger wat veel beter aan die doel beantwoord, wat meganies en op groot skaal vervaardig word en daarby maklik te bekom is, tot sy beskikking gestel word. Dit geld ook vir alle ander artikels. Selfs by die mees ontwikkelde volkere word ou artikels en werktuie van tyd tot tyd deur nuweres en meer doelmatiges vervang. Dit is soos die trekker wat die os vervang, die elektriese lamp wat die plek van die kers inneem e.d.m. Selfs die Christelike godsdiens met sy omvattende maatskaplike patroon het nog geen volk denasionaliseer nie en daar bestaan geen rede waarom dit hierdie uitwerking op die BagaMosêtlha sal hê nie.

Alhoewel daar dus baie uiterlike tekens van sg. vereuropesing mag waar te neem wees onder die BagaMosêtlha moet dit geensins interpreteer word as sou die stam sy individualiteit verloor het nie, as sou die stam geen eie trots en eie ambisies hê nie of as sou die stam daarop afstuur om homself op gelеë tyd geheel met die Blanke te vereenselwig en gemeenskaplike kulturele ambisies daarop na te hou nie. Die noodsaaklikste eienskappe om homself te wees besit die stam nog. Dat hy hom in sekere opsigte moet aanpas by veranderde omstandighede en moet inval met die eise wat die Westerse beskawing na sy omgewing gebring het is nie alleen wenslik nie maar ook noodsaaklik. Wat egter belangrik is, is dat die stam die kulturele ankers wat hy vandag nog besit, sal behou sodat hy nie as ontwortelde groep sal verbrokkel en uiteindelik in 'n heterogene bevolking sy eie persoonlikheid sal verloor nie. Onder sulke omstandighede sal hy daarna strewe om opgeneem te word in

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die blanke gedeelte van hierdie land se bevolking. Gedagtig aan die uitgesproke voorneme van die Blankes in Suid-Afrika om „apartheid" te handhaaf sal die BagaMosêtlha 'n ongelukkige stam wees as hulle genoodsaak sou wees om na sodanige opname te strewe.

Vir 'n gelukkige en aparte voortbestaan is dit noodsaaklik dat die BagaMosêtlha op ekonomiese gebied ten minste redelik goed daaraan toe sal wees. Op kultureel gebied in die breë sin van die woord, is die stam vanweë sy agtergrond, die beskerming wat sy taal en vernaamste instellinge geniet en die opvoeding wat hy kry, taamlik sterk. Van geestelike kultuur kan hy egter alleen nie leef nie en die belangrikheid van die ekonomiese aspek mag nie uit die oog verloor word nie.

Die ekonomiese lewe en posisie van die BagaMosêtlha soos in die voorafgaande hoofstukke uiteengesit is van so 'n aard dat die stam weliswaar nie gebrek ly nie en dat dit hulle aan elementêre geriewe selfs nie ontbreek nie. Die voorsiening in slegs sy lewensnoodsaaklike behoeftes het egter nog geen beskaafde indiwidu of volk bevredig nie. Daar moet geleentheid wees vir die bevrediging van geestelike sowel as materiële ambisies. Onder die huidige omstandighede is dit slegs baie beskeie stoflike ambisies wat bevredig kan word in Mosêtlha.

## III. OPSOMMING VAN HUIDIGE BATES.

Ter voorbereiding van 'n ontwikkelingskema vir die stam is dit wenslik dat ons hier weer 'n opsomming maak van wat die ekonomiese posisie vandag is soos onder verskillende hoofde reeds uiteengesit. Aangesien die lewenskoste reeds breedvoerig behandel is, wil ons ons hier slegs by die stam se bates bepaal. By die behandeling van hierdie bates moet onderskei word tussen :

(a) Kapitale bates in die vorm van eiendom en besittings.

(b) Inkomstes in die vorm van verdienstes en produksie.

Die duidelikste prentjie sal ook verkry word as ons die posisie van die gemiddelde gesinseenheid probeer bepaal.

(a) Onder kapitale bates moet die volgende items dan in berekening gebring word : (Bedrae word tot die naaste £ gegee).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1. Grond. Soos in hoofstuk 2 uiteengesit bestaan daar in die stamgebied nog geen private grondbesit nie. Daar is slegs gemeenskapsgronde in die vorm van stamgronde, trustgronde en sindikaatsgronde en hoewel eienaars van lg. tipe grond die reg voorbehou om hulle grond slegs ten behoewe van hulle self te gebruik, moet hierdie gronde net soos die ander beskou word as die nasionale eiendom van die stam as geheel. Die totale waarde van die hele stamgebied word gestel op £355,240 (vgl. p. 31). Ons het verder aangetoon (p. 220) dat die stam volgens berekening saamgestel is uit nagenoeg 1,600 gesinseenhede. As die waarde van die grond dus onder hierdie aantal gesinseenhede verdeel word sal elke eenheid grond hê ter waarde van £222.

2. Wonings. Die gemiddelde waarde van woonhuise in die stamgebied kom te staan op £346 (vgl. p. 260). Benewens sy aandeel aan die stamgrond besit elke gesinseenheid dan ook die bate van 'n deurslag woonhuis.

3. Huishoudelike toerusting. Die gemiddelde waarde van huishoudelike toerusting soos opgesom in hoofstuk 11 (vgl. p. 273) kom te staan op £68 per gesinseenheid.

4. Landbougereedskap en ander boerderybenodighede. Die waarde hiervan soos opgesom in hoofstuk 12 (p. 281) kom te staan op £33 per gesinseenheid.

5. Lewende hawe. Die gemiddelde waarde hiervan soos opgesom in hoofstuk 13 (p. 329) beloop £149 per gesinseenheid.

Persoonlike besittings. Volgens ons berekening en opsomming in hoofstuk 10 (p. 235) kom die gemiddelde waarde hiervan te staan op £125 per gesinseenheid.

Samevattend kom die kapitale bates van die gemiddelde gesinseenheid dus te staan op die volgende :

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aandeel van stamgronde ...................... | £222. | 0. | 0. |
| Waarde van woning ........................... | £346. | 0. | 0. |
| Waarde van huishoudelike toerusting ........ | £ 68. | 0. | 0. |
| Landbougereedskap en toebehore ............. | £ 33. | 0. | 0. |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | |
|---|---|
| Lewende hawe ........................... | £149. 0. 0. |
| Persoonlike besittings per gesin ....... | £125. 0. 0. |
| Totaal : | £943. 0. 0. |

(b) Onder inkomstes in die vorm van verdienstes, produksie en owerheidsdienste moet die volgende in berekening gebring word :

1. Kontantverdienstes op die Arbeidsveld. Soos bereken en opgesom in hoofstuk 9 (p. 202) kom die totale verdienstes van alle werkende mans en vroue te staan op nagenoeg £460,925 per jaar d.w.s. gemiddeld £237 per gesinseenheid.

2. Inkomstes uit Landboubedryf. Volgens ons berekening en opsomming in hoofstuk 12 (p. 291) is die gemiddelde opbrengste van die landerye (slegs hoofgewasse) per gesinseenheid £38 per jaar t.o.v. 'n gewone jaar.

3. Veeboerdery. Soos bereken en opgesom in hoofstuk 13 (p. 330) is die kontantwaarde van die veeboerdery se verdienste gemiddeld £37 per gesinseenheid per jaar.

4. Handel. Al nasionale voordeel wat die stam uit hierdie bedryf in die stamgebied trek is die huurgeld wat t.o.v. 6 winkels betaal word, 'n totale bedrag van £65[1] per maand, d.w.s. £780 per jaar. Die gelde word by die Naturellekommissaris inbetaal en in trust gehou vir die stam. Aangesien hierdie inkomste neerkom op slegs 'n paar sjielings per gesinseenheid word dit buite rekening gelaat.

5. Owerheidsdienste. Soos bereken en opgesom in hoofstuk 14 (p. 358) is die jaarlikse kontantwaarde van hierdie dienste £48,996 d.w.s. gemiddeld £30 per gesinseenheid.

Samevattend kom die jaarlikse inkomste per gesinseenheid dus op die volgende neer :

| | |
|---|---|
| Aan kontantverdienstes .................. | £330. 0. 0. |
| Uit die Landboubedryf ................... | £ 38. 0. 0. |
| Uit Veeboerdery ......................... | £ 37. 0. 0. |
| Aan Owerheidsdienste .................... | £ 30. 0. 0. |
| Totaal : | £435. 0. 0. |

1. Hieruit word ook die Hoofman se toelae betaal.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit die voorafgaande uiteensetting blyk dus dat die gemiddelde kapitale bates van 'n gesinseenheid te staan kom op £972 en dat dit onderskraag word deur verdere bates ten bedrae van £486 per jaar. Hoewel die gesinne dit, alles in aanmerking geneem, nie te ruim kan hê nie is daar geen rede om gebrek en ellende te vrees nie.

Op die huidige tydstip heers daar nog algemene tevredenheid t.o.v. die heersende lewenspeil. Dit kan egter stellig verwag word dat die stam met verloop van tyd meer ambisieus sal word en dat daarna gestrewe sal word om die huidige lewenstandaard te verbeter. Die vraag is nou watter moontlikhede is daar om 'n hoër lewenstandaard te verwesenlik. As hierdie vraag aan die leidende persone in die stamgebied gestel word het hulle hoofsaaklik een antwoord en dit is, „hoër lone aan die werkers". Alhoewel hoër lone namate die vaardigheid van die werkers toeneem en ander ekonomiese faktore ook daartoe meewerk, as 'n belangrike faktor moet aanvaar word, is dit nie die enigste wyse waardeur die lewenspeil van die stam verhoog kan word nie.

## IV. VOORGESTELDE SKEMA VIR VERDERE ONTWIKKELING.

By enige poging wat sig ten doel stel om die maatskaplike en ekonomiese posisie van die stam te verbeter mag die belangrikheid van die stam se eie bydrae nie uit die oog verloor word nie. Om die stam tot selfverheffing instaat te stel sal oneindig veel opvoeding, leiding en organisasie van owerheidsweë nodig wees. As meganiese uitvoerder van opdragte in diens van blanke werkgewers is die Mokgatla soos ook ander Suid-Bantoe tot veel meer instaat as wanneer hy in diens van homself staan. In 'n weldeurdagte artikel gegrond op uitgebreide reise en ondersoek in bykans alle dele van Afrika skryf W. van Heerden[1] oor die Afrikaanse inboorling o.a. die volgende : „Die beskawing maak nog nie werklik 'n vonk by die inboorlinge van Afrika nie. In dié opsig is hulle merendeels nog lewenlose materiaal. Hulle mis wat van binne ontspring, die inspirasie. By gevolg ontbreek dit hulle aan die wil tot inspanning. Hulle bly liggaamlik en geestelik letargies en hulle aanpassing by die meganisme van die westerse lewe is werktuiglik."

1. Van Heerden, W. 1951. „Kan die Naturel oorneem en self klaarkom?" in Dagbreek en Sondagsnuus. 16 September 1951 p. 2.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie gedagtes is tot 'n groot mate ook van toepassing op die BagaMosêtlha. Dit sal indiwidue en die stam as geheel nog baie jare aan die nodige organisasievernuf, inisiatief en verantwoordelikheid ontbreek om op eie houtjie hul posisie te verbeter met die middele en geleenthede tot hul beskikking. Enige skema wat dus die opheffing van die stam beoog sal moet gepaard gaan met strenge blanke leiding en beheer. Met teoretiese opvoeding, voorlesings en aansporing sal weinig vermag word.

Enige konstruktiewe maatreëls wat getref kan word om die stam maatskaplik en ekonomies op te hef moet volgens ons beskeie mening berus op sekere kardinale vereistes en oorwegings wat ons graag soos volg wil uiteensit :

1. Grondbesit.

Soos reeds aangetoon behou hierdie stam sy tradisionele opvatting van gesamentlike grondbesit. Indiwidualisme het in hierdie verband nog nie na vore getree nie. Ons sal vervolgens probeer aantoon of die behoud van die opvatting ten goede of ten kwade is.

In die sentrale gedeelte van Transvaal is daar verskeie plase wat in klein hoewes van 5 tot 10 morge opgesny en aan indiwiduele Bantoe ten duurste verkoop is. Voorbeelde hiervan wat deur ons besoek en besigtig is, is die kleinhoewes van Wolmansthal en Winterveld in die distrik Pretoria, Buffelsdrift in die distrik Brits en Kameelboom in die Rustenburgse distrik. Die meeste eienaars het op hul grondjie 'n minderwaardige huisie gebou, hul gesinne daarop geplaas en voortgegaan met hul werk in die stede. In baie gevalle word geen poging aangewend om die grond te benut nie en in ander gevalle word soveel moontlik daarvan vlakkies geploeg met die hoop dat dit 'n paar sakke graan sal oplewer. Origens wei minderwaardige vee volgens onderlinge ooreenkoms van die eienaars oor al die hoewes heen en dien byna geen ander doel dan om die veld uit te trap nie. Die swak bewerking van die grond en oorbeweiding het hierdie plase reeds tot 'n toestand wat grens aan 'n woestyn laat verval. Selde word gevind dat 'n hoewe omhein word, water gemaak word, groente gekweek word of bome aangeplant word. Die grond word inderdaad net besit om te verniel en geensins om te benut nie.

As kontras kan genoem word die 5 en 10 morg plotte van blanke

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eienaars te Derdepoort, oos van Pretoria, waar die meeste hoewes bestaande uit dieselfde gehalte grond en onder dieselfde klimaatstoestande omskep is in 'n paradys. Die posisie van 'n tipiese blanke plotbewoner op hierdie plaas wat as amptenaar slegs sy spaartyd aan die hoewe kan wei is nagegaan. Benewens die onmiddelike omgewing van die woning wat in 'n lushof omskep is, word die hoewe uiters voordelig benut. Op die helfte van die hoewe word dwars deur die jaar twee goeie melkkoeie gehou wat die gesin om die beurt van ten minste 3 gelling melk per dag voorsien. Behalwe aanvullende groenvoer vir die koeie is in die groentetuin dwarsdeur die jaar veel meer groente as wat nodig is vir die behoefte van die gesin. Van 300 jong vrugtebome het die eienaar in een seisoen vrugte ter waarde van meer as £100 verkoop. 'n Goedingerigte pluimveeboerdery wat ook daarop nagehou word, is nie minder lonend nie. Om grond op hierdie wyse uit eie beweging te benut sal die oorgrote meerderheid van die Suid-Afrikaanse Bantoe, en die BagaMosêtlha in besonder vandag nog nie regkry nie.

Die verwaarlosing van private grond en die onvermoë om dit voordelig te gebruik bring ons tot die slotsom dat indiwiduele grondbesit in die stamgebied van Mosêtlha op hierdie stadium niks goeds kan baar nie. Hoewel die streek onder die kommunale stelsel ook aan veel verwaarlosing blootgestel is en trouens ook deur oorbeweiding en uitgebreide swak bewerking agteruitgaan, is toestande aldaar nogtans veel beter as wat die geval is in die voorgenoemde kleinhoewe-streke. Geen verandering t.o.v. grondbesit word dus voorgestel nie. Die gesamentlike (nasionale) besit van die hele woongebied is in ooreenstemming met die stam se tradisionele opvatting van grondbesit en skep ook groter moontlikhede vir koöperatiewe ondernemings by die gebruik daarvan soos later in hierdie hoofstuk uiteengesit sal word.

## 2. Verdeling van Werk.

In enige goedgeorganiseerde gemeenskap met 'n groot verskeidenheid van belange en behoeftes is daar ook 'n groot verskeidenheid take wat moet verrig word en hierdie take word aan verskillende groepe mense opgedra. Die vernaamste hiervan is :

(a) Die boere of produseerders van voedsel.

(b) Tegnici en werktuigkundiges.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(c) Die nyweraars.

(d) Handelaars.

(e) Arbeiders.

(f) Ambagsmanne.

(g) Administratiewe staatsamptenare.

(h) Proffesionele mense.

In vroeëre tye was daar onder die BagaMosêtlha soos aangetoon, weinig of geen spesialisasie of verdeling van werk nie. Behalwe toordokters,[1] die enigste professionele persone, was elke man 'n boer, 'n nyweraar, 'n tegnikus e.d.m. om in sy persoonlike behoefte te voorsien. Onder die huidige veranderde omstandighede wat soveel nuwe behoeftes meegebring het kan elkeen hom nie meer op sigself verlaat nie. Die opbrengs van die landbou- en pastorale bedrywe kan nie meer die enigste bron van die stam se nasionale inkomste wees nie. Daar moet ook ander bronne wees; daar moet mense wees met verskillende vaardighede om te voorsien in die groot verskeidenheid behoeftes wat gekom het. Die tyd het ook aangebreek dat elkeen hom moet bepaal by die rigting wat hy ingeslaan het. Boere moet uitsluitlik boere wees, arbeiders moet hulle volle aandag by hulle werk bepaal, onderwysers moet hulle lewe uitsluitlik wei aan die opvoedingswerk wat hulle onderneem het om te doen ens.

Op die huidige tydstip is die BagaMosêtlha nog nie sover gevorder dat al die voorgenoemde okkupasies onder hulle aangetref word nie. Daar word bv. nog geen tegnici, nyweraars, handelaars, staatsamptenare e.d.m. aangetref nie. Al hierdie beroepe word egter vir die toekoms beoog en namate die stam ontwikkel sal daar uit die stam persone wees wat hulle volg.

Daar is egter drie groepe wat op die oomblik ter sake is nl. :

(a) 'n Klein professionele groep van 61 onderwysers en een verpleegster.

(b) 'n Groot groep landbouers en veeboere.

(c) 'n Groot groep arbeiders.

Die oorgrote meerderheid onderwysers bepaal hulle uitsluitlik by hulle professionele pligte en hou geen boerdery of ander bedryf daarop na nie. Dit is egter nie die geval met die arbeiders nie. Nagenoeg elke ge-

1. En ystersmede.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



troude stedelike arbeider is tegelyk ook boer. Hy besit gewoonlik ook beeste en net soos dié wat nie vir kontant werk nie ook 'n landbouperseel wat hy bewerk of laat bewerk. Sy afwesigheid van die huis is geensins bevorderlik vir die boerdery nie en dit verval dan ook gewoonlik tot 'n verwaarloosde betreklik onproduktiewe onderneming. Deur op nie-winsgewende wyse 'n paar beeste aan te hou en die grond merendeels met weinig sukses te bewerk help hy slegs daartoe mee om die stamgebied te verniel en dra met sy boerdery baie min by tot die nasionale verdienste van die stam.

Vir 'n goed gebalanseerde gemeenskap is dit gebiedend noodsaaklik dat arbeiders en alle toekomstige beoefenaars van beroepe en bedrywe anders as boerdery, hul van die boerdery sal onttrek. Daar behoort natuurlik niks in die weg te staan van diegene wat hulle kapitaal wil belê in 'n boerdery-onderneming wat behoorlik deur bv. 'n koöperatiewe onderneming behartig word nie. Die grond is nie voldoende om aan almal geleentheid te bied om te boer nie.

3. Beheer van Woonstede.

Op die oomblik gaan baie waardevolle grond verlore deurdat daar so 'n groot aantal groot gemeenskappe op verskillende plekke in die stamgebied woon en omdat die woonhuise in hierdie gemeenskappe op onplanmatige wyse wyd uitmekaar versprei staan. Ten einde soveel weiveld en bougrond moontlik uit te spaar is dit noodsaaklik dat woonplekke meer gekonsentreerd aangelê sal word. Aangesien alle arbeiders en ander persone met 'n kontantverdienste hulle van die boerdery behoort te onttrek, sal verwag word dat hulle sover moontlik sal konsentreer op een plek wat kan ontwikkel tot 'n groot dorp of stad in die stamgebied. Terwyl nagenoeg alle arbeiders vandag in die stede werk en in die toekoms hoofsaaklik ook nog daar sal werk kan hulle dan van hierdie sentrale plek na die werk vervoer word. Die aangewese plek vir hierdie dorp sal wees die huidige hoofstat waar die meeste arbeiders reeds woon. Die bewoners van kleiner dorpies in die buitewyke behoort sover moontlik beperk te wees tot bona fide boere; dit moet dus boeregemeenskappe wees.

4. Georganiseerde dienste vir die Voorgestelde Sentrale Stad.

Dit spreek vanself dat die aanlegte van hierdie stad gekonsen-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



treerd sal moet wees ten einde so min moontlik van die waardevolle grond te okkupeer. So 'n stad sal dan ook deur deskundiges uitgelê moet word en voorsiening sal moet gemaak word vir woonbuurtes, besigheidsgedeeltes en nywerheidsgebiede met die oog op die toekoms. Die noodsaaklikheid vir die voorsiening van water en elektriese krag vir so 'n stad behoef geen betoog nie. In die onmiddelike nabyheid van die voorgestelde omgewing vir die stad gaan die Pienaarsrivier (ook gevoed deur die Apiesrivier ) wat vir 'n groot gedeelte van normale jare 'n standhoudende stroom het en gulde geleenthede bied vir 'n groot waterskema. Die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (Escom) voorsien reeds Rustenburg (± 100 myl) en Thabazimbi (± 180 myl) van Vereeniging af met krag. Om krag 50 myl verder van Pretoria af te neem is in moderne tye geen onoorkomelike moeilikheid nie. Krag kan alternatieflik ook plaaslik vervaardig word. Sanitêre dienste, plaaslike vervoer e.d.m. kan deur 'n plaaslike liggaam (stadsraad) verskaf word teen betaling van die gebruiklike dorpsbelastings.

5. Vervoer na die Arbeidsveld in Blanke Stede.

Soos in hoofstuk 9 aangetoon is, werk nagenoeg 70% van die stam se belastingbetalers op die oomblik in blanke stede en hoofsaaklik in Pretoria. Ons het verder daarop gewys dat hoewel hierdie werkers permanente betrekkings beklee, gaan hulle alleen na die stad en bly hulle gesinne tuis. In die stad woon die mans alleen in bediendekamers, hostels of kamers wat hul spesiaal moet huur. Hulle moet vir hulle self sorg en is hierdeur nie alleen genoodsaak om ekstra onkoste te maak nie maar dra boonop daartoe by dat die woningnood in die stad vererger word. Terwyl die werkers in die stad die meeste ongerief t.o.v. huisvesting moet verduur besit hulle in die meeste gevalle 'n ruim ten volle gemeubileerde woning in die stamgebied wat dikwels glad nie of vir die grootste gedeelte nie bewoon word nie. Dit is verder ook ongewens vir die mans om so voortdurend weg te wees van hulle gesinne en huislike belange.

Dit is ons weloorwoë mening dat die arbeiders uit die stamgebied van Mosêtlha wat in Pretoria en omgewing werksaam is, met die nodige vervoerfasiliteite hul werk daagliks van die huis af kan bereik. Die naaste spoorwegstasie, Hammanskraal, is slegs 25 myl van Pretoria en sowat 20 myl

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Makapanstat. Indien die spoorlyn van Hammanskraal na Makapanstat verleng kan word beteken dit 'n reis van 45 myl na Pretoria en met 'n vinnige treindiens kan die werkers maklik daagliks heen en weer na hul werk geneem word. So 'n spoorlyn sal tegelyk die ander stamme op pad, nl. die Bahwaduba, die Bakgatla ba Motšha (gedeelte) en die Ndebele van Kekana kan bedien. Waar behuising op die oomblik dikwels moet subsidiëer word of voorsien word as 'n gedeelte van die loon kan die treindiens dan liewer subsidiëer word en die akkommodasie wat as gedeeltelike vergoeding vir dienste verskaf word in terme van kontant uitbetaal word aan die werkers. Dit sal beslis voordeliger wees vir die werkgewers sowel as die werknemers en die maatskaplike waarde wat sodanige reëlings vir die betrokke stamme sal hê kan moeilik oorskat word. Daar dien op gelet te word dat talle werksmense op die Rand en in die Kaapse skiereiland daagliks 40 myl en verder heen en weer per spoor werk toe vervoer word.

6. Die Handel.

Op die oomblik word daar nêrens in die stamgebied deur die Bakgatla self handel gedryf nie. Al die handel is in die hande van Blankes wat op verskillende plekke florerende besighede het. Volgens gegewens verkry van die Afdeling Sensus en Statistiek,[1] het die jaarlikse omset van die 8 vernaamste besighede in die stamgebied in 1950 gesamentlik £37,348 beloop en netto winste ten bedrae van £3,251 afgewerp. Al voordeel wat die stam as sodanig uit die besighede trek is 'n bedrag van £814 per jaar wat in die vorm van lone aan plaaslike werknemers betaal word en £780 per jaar wat as huurgeld vir handelspersele en geboue betaal word, tesaam dus £1,594. Ook die handel in die gebied behoort vir die stam self gereserveer te word.

7. Ontwikkeling van Hulpbronne.

Behalwe op die gebied van landbou is daar op die oomblik nog geen natuurlike hulpbronne in die stamgebied wat ontgin word nie. Daar is geen nywerheidsondernemings nie en afgesien van die arbeiders in Blanke gebiede voel elkeen homself aangewese op die landbou en veeteelt om 'n bestaan te maak. Dit het dan ook tot gevolg dat dikwels beweer word dat die gebied

1. Tot nog toe ongepubliseerde syfers van die 1951 Sensus spesiaal tot ons beskikking gestel deur die Afdeling Sensus en Statistiek, Pretoria.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oorbevolk is terwyl dit nie die geval is nie. Professor Fourie[1] voer aan dat die Naturellegebiede in Suid-Afrika as oorbevolk bestempel word alleen op die veronderstelling dat landbou hulle enigste bedryf is en sal bly. Dit is ook van toepassing op die stamgebied van Mosêtlha. Ten einde die stam volle geleentheid tot ontwikkeling te gee is die industrialisasie van die gebied ook nodig. Op dié wyse kan enige beskikbare hulpbronne aangewend word vir voorsiening van die menigvuldige behoeftes vir 'n hoë lewensstandaard. Daar moet differensiasie van die stam se ekonomie wees en sodra differensiasie plaasvind mag die woongebied selfs as onderbevolk voorkom.

Indien die voorgenoemde basiese vereistes vir die ontwikkeling van die stam in gedagte gehou word kan ons verdere aandag gee aan metodes wat aangewend kan word ten einde die beste resultate te behaal. Vir 'n deskundige antwoord op die vraag, op welke wyse die stam ekonomies opgehef kan word wil ons ons weereens wend tot die meergenoemde verslag van Prof. Fourie[2] aan die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne. Hy is van mening dat die armoede van die Bantoe in die algemeen te wyte is aan 'n algemene gebrek aan drie kardinale faktore nl. organisasie, kapitaal en geskoolde arbeid en dit is beslis ook die geval met die BagaMosêtlha. Die wyse waarop hierdie tekorte te bowe gekom kan word, soos deur Prof. Fourie aan die hand gedoen, beskou ons as 'n uitmuntende skema en wil dit hier met ons volle steun kortliks weergee en dieselfde ontwikkelingstegniek vir die BagaMosêtlha bepleit. Die bedoeling is dat hierdie skema 'n algemene ontwikkeling van die stamgebied sal beoog en deur die owerheid gefinansiëer en gedryf sal word en besonderhede daaromtrent kan kortliks as volg saamgevat word :-

1. <u>Organisasie van die Skema.</u> Dit sal die vorm aanneem van die ondernemingsvorm wat in die westerse beskawing die hoogste mate van doeltreffendheid gelewer het nl. die <u>beperkte maatskappy</u> of <u>korporasie</u>. Die gebrek aan organisasie wat dus tot dusver die ontwikkeling van die stam verhinder het, sal dan aangevul kan word deur die daarstelling van 'n ontwikkelingskorporasie waarin die nodige kapitaal en arbeid byeenge-

---

1. Fourie, F.C. van N. 1951. 'n Ontwikkelingstegniek vir die Naturellegebiede in „Sabra" No. 4 Jaargang 2 p. 13.
2. Fourie, F.C. van N. 1951. Op cit. pp. 4 - 16.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bring en aangewend kan word op die streekshulpbronne.

2. Finansiëering van die Korporasie. In normale tye is die verkryging van lenings vir ontwikkelingsdoeleindes teen heersende rentekoers nie moeilik nie. Op die oomblik besit die stam egter nog nie geskikte organisasies waardeur kapitaal byeengebring kan word nie en kan dit uit sy eie lae inkomste nie voorsien nie. Dit sal dus van die landsregering verwag word om as middelaar (wat ook die ontwikkeling gaan beheer) op te tree. Deur 'n regeringslening kan die owerheid dan die nodige kapitaalsom op die kapitaalmark kry en met hierdie kapitaal die beoogde ontwikkelingskorporasie stig. Indien die bedrywighede en optrede van die korporasie goed beplan is behoort die betaling van rentes geen probleem op te lewer nie. As die korporasie dan op hierdie wyse finansiëer word, word geen las vir die ontwikkeling van die stamgebied op die belastingbetaler gelê nie en as die enigste kapitaalverskaffer (as middelaar) het die regering dan ook die alleenreg om die hoogste kontrole oor die ontwikkelingskorporasie uit te oefen. Daar word verder aan die hand gedoen dat die korporasie enige surplusse of profyte bo en behalwe wat nodig is vir die betaling van sy vasgestelde rente moet aanwend vir die bestendiging en uitbreiding van sy aktiwiteite of vir die opheffing van die bewoners van die gebied by wyse van loonverhogings, behuisingskemas, welsynbedrywighede e.d.m.

3. Opleiding van Werkkragte. Net soos die geval is met enige hedendaagse progessiewe korporasie sal een van die hooffunksies van die ontwikkelingskorporasie wees die opleiding van sy personeel. Hierdie opleiding sal nie slegs beoog om werknemers vertroud te maak met die werk waarvoor hulle oorspronklik aangestel is nie maar ook om hulle te bekwaam vir bevordering tot hoër poste. Hierdie korporasie sal inderdaad die opleiding van sy werknemers nog meer beklemtoon as enige ander korporasie aangesien die ontwikkeling van die mense tot meer produktiewe werkers 'n voorvereiste is vir die ontwikkeling van hul hulpbronne en hul eie verdere ontwikkeling.

4. Direksie van die Korporasie. As stigter en enigste kapitaalverskaffer

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



besit die regering die volle beheerreg om die direkteure van die korporasie te benoem. 'n Klein en doeltreffende direksie word voorgestaan en op grond van ondervinding wat soortgelyke korporasies in Amerika gehad het,[1] skyn 'n direksie van 5 die aangewese grootte van die beherende liggaam te wees. Dit word aan die hand gedoen dat die Departement van Naturellesake en die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne elk een direkteur sal benoem. Minstens een direkteur moet die vertroue van die stam wegdra. Die hele samestelling van die direksie moet sodanig wees dat dit die beleid van die landsowerheid kan kontroleer.

5. Bestuur van die Korporasie. Met die oog op die gewigtigheid van die onderneming is dit noodsaaklik dat 'n baie hoë standaard van bekwaamheid gestel moet word vir die bestuur van die korporasie. Bekwame bestuur moet trouens ook deur die Bantoewerknemers aangeleer word om later in suiwer stamondernemings te benut.

6. Organisasie van die Korporasie. Dit word aan die hand gedoen dat die maatskappy een eenheid sal wees met die gewone verdeling in departemente of afdelings. Dit word verkies bo 'n ander moontlikheid dat die korporasie bloot 'n beherende maatskappy sal wees wat ondergeskikte maatskappye sal stig om die verskillende beoogde bedrywighede te onderneem. Die voordeel van die eersgenoemde organisasie-vorm is dat een sentrale beleid kan deurstraal tot elke vertakking van die organisasie.

7. Bedrywighede van die Korporasie. Dit is nie moontlik om op hierdie stadium afgeronde voorstelle te maak nie. Wat alles deur die maatskappy onderneem kan word sal eers deeglik deur deskundiges ondersoek moet word. Dit sal egter noodsaaklik wees dat die korporasie 'n omvattende verskeidenheid bedrywighede onderneem ten einde :

(i) Op soveel gebiede as moontlik te voorsien aan die behoeftes van die stamgebied.

(ii) 'n Saamgesnoerde ontwikkeling van die gebied te bepaal.

(iii) Aanvullende bedrywighede te kan onderneem bv. behuising deur middel van eie bou-ondernemings e.d.m.

---

1. Tennesee Valley Authority (T.V.A.) in Amerika.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die algemeen kan dus veronderstel word dat daar vier hoofgroepe van bedrywighede vir die Korporasie sal wees :

(a) Landbou-ondernemings. Die belangrikheid hiervan lê daarin dat die voedselopbrengs moet verhoog word om 'n bevredigende voedingstandaard vir die streek te verskaf, die vernietigende misbruik van die grond uit te skakel en die boerderybedryf in die gebied te verbeter deurdat die opleiding wat werkers in hierdie verband sal geniet aansienlik sak bydra tot die verbetering van landboumetodes. Daar dien verder op gelet te word dat die landbou sal moet voorsien in baie van die grondstowwe vir die korporasie se industriële ondernemings.

(b) Nywerheidsondernemings. Die doelstellings hiervan moet in die eerste instansie wees om aan die stam se eie behoeftes te voorsien. Verder kan dit produksie in Blanke gebiede aanvul en selfs ook vir uitvoer produseer. Die uitvoer is noodsaaklik vir die verkryging van die nodige middele vir invoer. Behalwe sekondêre nywerhede kan ook minerale ontgin word, maar die aanwesigheid van enige minerale sal eers na deeglike ondersoek bepaal kan word.

(c) Distribusie-ondernemings. Ter aanvulling van die ekonomiese ontwikkeling moet ook voorsiening gemaak word vir distribusie-ondernemings. Die korporasie kan aan die begin 'n doeltreffende groothandelsorganisasie daarstel wat kleinhandelsondernemings nie net van voorrade sal voorsien nie maar ook met leiding en tegniese hulp sal bedien. Die kleinhandelsondernemings moet in 'n stygende mate deur lede van die stam self besit word.

(d) Dienstevoorsiening. Hier het die korporasie ook 'n geweldige opbouings- en stimulerende rol om te speel en sal aanvanklik gedwonge wees om self verantwoordelikheid vir sekere dienste te aanvaar, soos bv. t.o.v. ontspannings- en vermaaklikheidsdienste, vervoerdienste ens.

VERDERE TOEPASSING VAN DIE VOORGESTELDE SKEMA.

Die bedoeling is nie dat die voorgestelde ontwikkelingskorporasie soos hierbo uiteengesit alle privaat inisiatief moet ondermyn nie. Veel

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eerder moet dit aanleiding gee tot die stigting van kleiner maatskappye wat gefinansiëer en besit sal word deur lede van die stam self. Dit moet 'n nucleus en standaard van ekonomiese bedrywigheid daarstel wat ander bedrywighede kan aanspoor en waaruit verdere bedrywighede gebore sal word sodat effektiewe privaat inisiatief geleidelik tot stand sal kom in die stamgebied.

Die huidige indiwiduele pogings tot landbouproduksie is voldoende bewys dat die stam op daardie wyse nog nie instaat is om gereeld genoegsaam voedsel vir eie gebruik te produseer nie. Daar ly egter geen twyfel aan nie dat veel meer sukses behaal sal word as groepe landbouers hul kragte en vermoëns saamsnoer in die vorm van boerdery-maatskappye wat onder leiding en kontrole van die sentrale ontwikkelingskorporasie die een of ander vertakking(e) van die boerdery met mening sou aanpak. Sodanige samesnoering van kragte en kapitaal, hoe beskeie ook al, sal die ondernemers instaat stel om gebruik te maak van moderne metodes, meer wetenskaplike gereedskap en om in verskillende ander opsigte te voldoen aan die vereistes wat sukses tot gevolg kan hê. Dit spreek ook vanself dat hierdie gesamentlike ondernemings aanvanklik op blanke organisasie en advies aangewese sal wees. Dit is ook belangrik dat 'n maatskappy in 'n bepaalde rigting sal spesialiseer sodat te veel belange nie miskien tot gevolg sal hê dat sekere aspekte van 'n onderneming verwaarloos weens onvoldoende aandag en onvermoë om dit te behartig nie. Niks behoort natuurlik te verhoed dat indiwidue met die nodige kapitaal, ondernemingsgees, ondervinding en bekwaamheid, ondernemings van hul eie sal hê en bestuur nie.

Namate die stamgebied ontwikkel en namate dit bekend word welke natuurlike hulpbronne almal ontgin behoort te word, sal die moontlikhede vir die stigting van maatskappye ook toeneem. Aanvanklik sal die moontlikhede enigsins beperk wees maar tog voldoende om aan iedereen wat belangstel die nodige geleenthede te gee. Die volgende terreine kan egter onmiddellik deur private maatskappye betree word :

1. <u>Landbouproduksie.</u> Hierdie bedryf behoort, indien nie geheel-en-al nie, dan grootliks georganiseer te word in ondernemings van maatskappye (bonewens die aktiwiteite van die Ontwikkelingskorporasie). Op die oomblik

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is geen aspek van die boerdery op 'n gesonde voet nie en veral omdat elkeen op sy eie sonder noemenswaardige kapitaal, toerusting en werkkragte probeer om iets uit te rig. Die onwetenskaplike benadering van die bedryf wat bg. tekorte dan ook tot gevolg het sal nooit van die boerdery 'n winsgewende bedryf maak nie. Goedgeorganiseerde maatskappye kan met die goeie mark wat daar vir alle boerderyprodukte is met sukses in die volgende aspekte van die bedryf spesialiseer :

(a) Graanproduksie met beklemtoning van die hoofgewasse mielies, kafferkoring, bone en grondbone.

(b) Vleisproduksie, beperk tot beeste, skape en bokke.

(c) Vleisproduksie, en meer bepaald varkboerdery wat kan aansluit by,

(d) Suiwelproduksie vir die verskaffing van melk, room en kaas.

(e) Pluimvee vir die verskaffing van vleis en eiers.

(f) Ander moontlikhede wat daar nog blyk te wees.

Dit spreek vanself dat in die eerste plek voorsien moet word in die behoeftes van die stam self maar 'n groot surplus produksie vir uitvoer moet beoog word. Met die verbeterde diensvoorwaardes van stedelike Bantoe het daar onder hulle 'n geweldige mark ontstaan vir al bg. produkte en op die oomblik is dit hoofsaaklik blanke produsente wat in die aanvraag moet voorsien.

2. Die Handel. Op hierdie gebied is daar ongetwyfeld baie geleentheid vir suksesvolle ondernemings deur georganiseerde maatskappye. Die handel behoort meer bepaald aangepak te word deur persone wat die skool in diens van die ontwikkelingskorporasie deurloop het. Die groot verskeidenheid rigtings wat op hierdie terrein ingeslaan kan word, behoef geen verdere uiteensetting nie.

3. Vervoer. Die beoogde ontwikkeling van die stamgebied sal noodwendig 'n groot behoefte aan plaaslike vervoer vir mense sowel as produkte meebring. Ook hierdie dienste kan ten dele deur privaat vervoermaatskappye onderneem word.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4. Werktuigkundige dienste. Werkswinkels vir die herstel van waens, karre, landbougereedskap, fietse, motors e.d.m. is vandag al 'n groot behoefte in die stamgebied en sal 'n steeds toenemende behoefte word namate die gebied ontwikkel. Verskeie pogings om sodanige dienste te onderneem is reeds deur enkelinge aangewend maar dit het telkens by gebrek aan kapitaal en gevolglik aan die nodige toerusting misluk. Goedgeorganiseerde maatskappye behoort meer sukses te hê.

5. Nywerhede. Na die geleenthede hiervoor sal nog veel ondersoek gedoen moet word maar selfs op die huidige tydstip is daar reeds moontlikhede. Die talle beskikbare velle kan bv. deur 'n goedingerigte looiery in leer omgesit word en dit kan weer aanleiding gee tot 'n sekondêre nywerheid nl. die maak van skoene, tuie, reistasse en ander artikels van leer. Indien die melkproduksie die gewenste resultate lewer behoort die daarstelling van 'n kaasfabriek moontlik te wees.

6. Bou-ondernemers. Op die oomblik is elkeen wat 'n huis wil bou sy eie kontrakteur; hy versamel die materiaal en huur dan 'n geskoolde bouer om die huis op te rig indien hy dit nie self kan doen nie. Hierdie omslagtigheid kan uitgeskakel word as ambagsmanne sou saamspan en hulle dienste op georganiseerde wyse aanbied.

Die vorafgaande is maar enkele voorbeelde van hoe die stam die middele en geleenthede tot sy beskikking kan gebruik om sy produksie te verhoog, homself te help om 'n betreklik onafhanklike bestaan te voer, sy nasionale inkomste te vermeerder en hom sodoende ekonomies op 'n goeie voet te plaas. Dit moet egter beklemtoon word dat die voorgestelde ontwikkelingskemas en die industrialisasie van die gebied nie 'n doel in sigselwe moet uitmaak nie maar alleenlik 'n instrument tot verhoffing van die stam se lewenspeil.

## S L O T.

Die tyd het aangebreek dat die BagaMosêtlha sowel as ander Bantoestamme in die Unie sover moontlik ekonomies onafhanklik moet wees. Deur die intensiewe beoefening van die landboubedryf, deur die daarstelling van primêre en sekondêre nywerhede en deur die verdienstes van sy professionele

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mense en sy werkers in Blanke gebiede moet die stam instaat wees om te voorsien in al sy behoeftes. Die huidige toestand waardeur die landsowerheid uit die staatskas en hoofsaaklik op rekening van die blanke belastingbetaler eenvoudig voorsien in alle maatskaplike behoeftes kan nie vir altyd voortduur nie. Dit het nie alleen 'n demoraliserende uitwerking op die stam nie maar spoor hom ook aan om op onverantwoordelike wyse en sonder die minste gedagte aan die toekoms probleme te skep vir die Blanke regering om op te los.

Sommige van hierdie probleme het al sulke afmetings aangeneem dat dit moeilik is om te bedink hoe dit ooit opgelos sal kan word. Daar word bv. jaar na jaar vertoë gerig tot die regering om meer en meer opvoedingsfasiliteite. In elkeen van die 14 skole in die stamgebied is daar te min onderwysers, te min akkommodasie en ontoereikende toerusting. Honderde kinders van skoolgaande ouderdom kan nie in die geregistreerde skole opgeneem word nie. Die regering word van allerweë blameer dat hy nie sy verantwoordelikhede teenoor sy beskermlinge (wards) nakom nie, dat die stam soos ook ander stamme afgeskeep word en tot agterlikheid gedoem is.

Intussen baar die verontrustende wyse waarop buiteegtelike kinders soos vee aankom, die stam weinig of geen sorg nie. In Hst. 10 (p. 219) het ons aangetoon hoe 'n groot aantal buite-egtelike kinders per gesinseenheid aangetref word. 'n Beskaafde maatskappy bestaan uit mense wat uit 'n amptelik bekragtigde huwelik gebore is en so 'n maatskappy is dan ook gewoonlik instaat om die nodige voorsiening te maak vir sy lede. 'n Volk wat egter vermeerder soos diere kan nie aanspraak maak op menslike instellings en voorregte nie. As die Bantoestamme, en die BagaMosêtlha in die besonder, dan verkies om hul getalle op 'n onbeskaafde wyse te vermeerder moet dit ook hul eie verantwoordelikheid wees om almal te voed, te kleed, op te voed, medies te laat behandel en in alle ander opsigte behoorlik te versorg. Dit sal alleen kan geskied as die stam gehelp word om ekonomies sodanig daaraan toe te wees om redelike voorsiening te maak vir sy stoflike behoeftes. As hierdie verantwoordelikheid ten volle op die stam se skouers rus sal dit stellig meebring dat hulle hul geestelike en maatskaplike welsyn ook as 'n verantwoordelikheid sal insien en sal trag om hul gedrag so in te rig dat dit bevorderlik sal wees vir 'n kerngesonde samelewing.

---

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# B I B L I O G R A F I E.


| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Ashton, Hugh. | 1952. | The Basuto. |
| 2. | Brown, J.T. | 1926. | Among the Bantu Nomads. |
| 3. | Coertze, P.J. | 1942. | Die Huwelik by die Bakoni. In: Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse reg. No. 4. |
| 4. | Coertze, P.J. | 1950. | Ekonomiese Aspekte van die Naturelle-vraagstuk. In: Referate van die Kerklike kongres i/s die Naturelle-vraagstuk. |
| 5. | Coertze, P.J. | 1952. | Die Opvoeding en Onderwys van die Bantoe. Sabra, No. 2. Jaargang 3. |
| 6. | De Kiewiet, C.W. | 1940. | The History of South Africa, Social and Economic. |
| 7. | De Kock, M.H. | 1924. | Economic History of South Africa. |
| 8. | Ellenberger, D.F. | 1912. | History of the Basuto. |
| 9. | Ellenberger, D.F. | 1928. | Histori ea Basotho. |
| 10. | Franzsen, D.G. | 1949. | Streeksontwikkeling en die Naturelle-gebiede. „Sabra", No. 1, Jaargang 1. |
| 11. | Fourie, F.C. van N. | 1951. | 'n Ontwikkelingstegniek vir die Naturelle gebiede. „Sabra" No. 4. Jaargang 2 p. 13. |
| 12. | Fouche, Leo. | 1909. | Die Evolutie van die Trekboer. |
| 13. | Goodfellow, D.M. | 1939. | Principles of Economic Sociology. |
| 14. | Grosskopf, J.F.W. | 1933. | Vestiging en trek van die Suid-Afrikaanse Naturelle-bevolking ondere nuwere ekonomiese voorwaardes. S. Afr. J. Economics. Vol. 1. |
| 15. | Harries, C.L. | 1929. | The Laws and Customs of the Bapedi and Cognate Tribes. |
| 16. | Herskovits, M.J. | 1938. | Acculturation. |
| 17. | Herskovits, M.J. | 1926. | The Cattle complex in East Africa. In: American Anthropologist Vol. XXXVIII. |
| 18. | Houghton, D.H. | 1938. | Some Economic Problems of the Bantu in South Africa. |
| 19. | Hunter, Monica. | 1936. | Reaction to Conquest. |
| 20. | Jenkinson, T.B. | 1882. | The Zulus, their past history, manners, customs and language. |
| 21. | Junod, Henri A. | 1927. | The Life of a South African Tribe. |
| 22. | Krige, Eileen J. | 1950. | The Social System of the Zulus. |
| 23. | Krige, E.J. & J.D. | 1943. | The Realm of the Rain-queen. |
| 24. | Kroll, Hubert. | 1928. | Haustiere der Bantu. In: Zeitschrift für Etnologie. No. 60. |


© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | | |
|---|---|---|---|
| 25. | Language, F.J. | 1943. | Stamregering by die Tlhaping. |
| 26. | Lestrade, G.P. | 1929. | In: Duggin-Cronin. Vol. II. Sec. I. |
| 27. | Lestrade, G.P. | 1934. | Some Aspects of the Economic life of the South African Bantu. S. Afr. Journ. of Science. Vol. 2. |
| 28. | MacMillan, W.M. | 1930. | Complex South Africa. |
| 29. | Mair, L.P. | 1934. | An African Tribe in the Twentieth Century. |
| 30. | Marquard, L. & Standing T.G. | 1939. | The Southern Bantu. |
| 31. | Molema, S.M. | 1920. | The Bantu, Past and Present. |
| 32. | Phillips, R.E. | 1938. | The Bantu in the City. |
| 33. | Richards, A.I. | 1932. | Hunger and Work in a Savage Tribe. |
| 34. | Richards, A.I. | 1939. | Land, Labour and Diet in Northern Rhodesia. |
| 35. | Rogers, H. | 1949. | Native Administration in the Union of South Africa (Revised 2nd Edition). |
| 36. | Schapera, I. | 1940. | Ditirafalô tša Merafe ya Batswana. |
| 37. | Schapera, I. | 1942. | A Short history of the Bakgatla baga-Kgafêla of the Bechuanaland Protectorate. School of African Studies (New Series No. 3). |
| 38. | Schapera, I. | 1939. | Married Life in an African Tribe. |
| 39. | Schapera, I. | | Mekgwa le Melao ya Batswana. |
| 40. | Schapera, I. | 1938. | A Handbook of Tswana Law and Custom. |
| 41. | Schapera, I. | 1937. | The Bantu-Speaking Tribes of South Africa. |
| 42. | Schapera, I. | 1947. | Migrant Labour and Tribal Life. |
| 43. | Schapera, I. | 1933. | Economic Conditions in a Bechuanaland Native Reserve. S. Afr. Journal of Science. Vol. XXX. |
| 44. | Schapera, I. | 1928. | Economic changes in South African Native life. Africa Vol. 1. 170 - 88. |
| 45. | Schapera, I. | 1941. | Select Bibliography of South African Native Life and Problems. |
| 46. | Shepherd R.H.W. & Paver, B.G. | 1947. | African Contrasts. |
| 47. | Soga, J.H. | 1931. | The Ama-Xosa, Life and Customs. |
| 48. | Stayt, H.A. | 1931. | The Bavenda. |
| 49. | Stow, G.W. | 1880. | The Native Races of South Africa. |
| 50. | Thurnwald, R. | 1932. | Economics in Primitive Communities. |


© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



51. Van Biljon, P. 1947. Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika.

52. Van der Horst, Sheila T. 1941. Native Labour in South Africa.

53. Van Warmelo, N.J. 1937. A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa.

54. Van Warmelo, N.J. 1944. Ethnological Publications.

55. Van Zyl, H. J. 1944. Voedsel en Voedselvoorsiening by die BagaMoletši.

56. South and East African Yearbook and Guide. 1949.

## Rapporte en ander Amptelike Publikasies.

1. Transvaal Native Affairs Department, 1905. A Short history of the Native Tribes of the Transvaal.

2. Hersiene Wette. 1913 - 1916.

3. Report of the Native Economic Commission 1932.

4. Rapport van die Sosiale en Ekonomiese Planneraad. No. 9. 1946.

5. Report of the Inter-Departmental Committee on the Labour Resources of the Union. 1930.

6. Bevolking-sensus 1946.

7. Transvaal census 1904.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.